NGKB

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# JEUG EN EVANGELIE

Dr. Malan Nel

*(Hierdie manuskrip is oorspronklik ingedien onder die titel JEUG-EVANGELISASIE DEUR DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, ter vervulling vir 'n deel van die vereiste vir die graad Doctor Divinitatis, in die Fakulteit Teologie, Afdeling B, Universiteit van Pretoria (1981), met as promotor prof. A. C. Barnard.)*

**NG KERKBOEKHANDEL TRANSVAAL**
**PRETORIA**

1982

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Kopiereg © 1982 NG Kerkboekhandel Transvaal

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie
publikasie mag gereproduseer word
in enige vorm, of oorgedra word hetsy elektronies,
meganies, fotostaties, of per bandopname,
sonder die nodige skriftelike toestemming nie.

ISBN 0 7987 0328 8

**Gesubsidieer deur die Teologiese Publikasiefonds van die NG Kerkboekhandel Transvaal**

Gedruk deur Trio-Rand/S.A. Litho, Old Millweg, N'dabeni, Kaap.
6328

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*AAN*
*My gesin*
*en*
*Die jeug van die Ned. Geref. Kerk*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

**HOOFSTUK 1**

INLEIDEND

**HOOFSTUK 2**

PRINSIPIËLE UITGANGSPUNTE
2.1 Kerk en gemeente
2.1.1 Verbondenheid met Christus
2.1.2 Heiligheid
2.1.3 Apostolisiteit
2.1.4 Verbondenheid met mekaar
2.1.5 Gemeente, Kerk en Koninkryk
2.2 Die ampte en ampsbediening
2.2.1 Christus regeer sy gemeente
2.2.2 Die ampte
2.2.3 Ampsbediening
2.3 Ampsbediening en die gemeente
2.3.1 Verhouding ampte/gemeente
2.3.2 Ampsbediening, gemeentebou en -groei
2.3.3 Die bediening van die ampte
2.3.4 Samevattende woord
2.4 Gemeente en diens
2.4.1 Dienskarakter van die gemeente
2.4.2 Karakter en inhoud van die diens
2.5 Gemeente en jeug 29
2.5.1 Gemeentejeug
2.5.2 Geskiedenis
2.5.3 Die jeug volgens die Skrif
2.5.4 Wesenlik deel van die gemeente?
2.5.5 Samevattend
2.6. Gemeente en evangelisasie
2.6.1 Die wese van evangelisasie
2.6.2 Wat is die motiewe vir evangelisasie?
2.6.3 Die doel van evangelisasie
2.6.4 Die rol van die gemeente in evangelisasie
2.6.5 Die rol van die leraar in evangelisasie as gemeentelike bediening
2.6.6 Die metode van evangelisasie
2.7 Jeugevangelisasie
2.7.1 Wat is jeugevangelisasie?
2.7.2 Die noodsaak van jeugevangelisasie
2.7.3 Die boodskap in jeugevangelisasie
2.7.4 Wie moet dit doen?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## HOOFSTUK 3

KERKLIKE JEUGARBEID
3.1 Kort historiese oorsig, omvang en huidige praktyk
3.1.1 Kort historiese oorsig oor kerklike jeugarbeid in Suid-Afrika
3.1.2 Huidige omvang en praktyk
3.2 Die wese van kerklike jeugarbeid
3.2.1 Tradisionele beskouing
3.2.2 'n Omvattende gemeentelike beskouing
3.2.3 'n Gedifferensieerde, toegespitste bediening
3.2.4 Samevattend: Kerklike jeugarbeid as gedifferensieerd-toegespitste, omvattende, gemeentelike bediening
3.3 Gemeentebou en gemeentebewaring ... in evangelisasieperspektief
3.3.1 Gemeentebou en gemeentebewaring as doel van kerklike jeugarbeid
3.3.2 Hoe dit 'n werklikheid word
3.3.3 Gemeentebouende jeugarbeid in evangelisasieperspektief
3.4 Kerkvervreemde en buitekerklike jeug
3.4.1 Wat is vervreemding en wie is vervreemd?
3.4.2 Die omvang van kerkvervreemding en buitekerklikheid by die jeug
3.4.3 Oorsake van kerkvervreemding en buitekerklikheid by die jeug
3.4.3.1 Samelewingsfaktore
3.4.3.2 Ouers en vriende
3.4.3.3 Die kerk
3.4.3.4 Die eietydse behoeftes van die jeug
3.4.3.5 Ongehoorsaamheid en sonde van die vervreemde
3.5 Die kerklike tug of dissipline

## HOOFSTUK 4

JEUGEVANGELISASIE
4.1 Gemeentelike bediening
4.1.1 Die erediens
4.1.2 Die prediking
4.1.3 Pastorale bemoeienis
4.1.4 Geprogrammeerde jeugwerk
4.1.5 Projekte
4.1.6 Nasorg as gemeentelike bediening
4.1.7 Groeiende gemeente
4.2 Jeugevangelisasie in kerkverband
4.2.1 Gemeente-evangelisasie en kerkverband
4.2.2 Vereistes vir evangelisasie in kerkverband
4.2.3 Projekte in kerkverband
4.3 Jeugevangelisasie in ekumeniese verband
4.3.1 Evangelisasie en ekumeniese samewerking
4.3.2 Terreine van samewerking
4.3.3 Riglyne vir ekumeniese projekte
4.3.4 Buitekerklike organisasies en jeugevangelisasie
5.3.5 Samevattend

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

4.4 Toerusting vir jeugevangelisasie
  4.4.1 Die noodsaak van toerusting
  4.4.2 Die doel van toerusting
  4.4.3 Wie moet vir jeugevangelisasie toegerus word?
  4.4.4 Waarin moet die gemeente toegerus word?
  4.4.5 Wyses van toerusting
  4.4.6 Samevattend
4.5 Skematiese voorstelling van 'n gemeentelike toerusting- en evangelisasiebediening
  4.5.1 Skema
  4.5.2 Verduideliking van skematiese voorstelling

OPSOMMING

SUMMARY

VERKORTE LEKTUURLYS

*NOTA*

*Omdat die teks lank is, is aangehaalde titels telkens weer wanneer dit vir die eerste keer in 'n nuwe hoofstuk aangehaal is, volledig weergegee. Daarna is na die betrokke aangehaalde werk met* op. cit. *verwys.*

*Omdat die desimale numerering later lank word en dan moeilik lees, is in plaas van 4.4.4.1 byvoorbeeld, die 4.4.4 weggelaat en slegs ★1 gebruik.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# JEUG EN EVANGELIE

## VOORWOORD

Die publikasie van dr. M. Nel se proefskrif: "Jeugevangelisasie deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk", vervul 'n dringende behoefte. 'n Studieveld wat nog haas onontgin is, word gedek. Daarby is dit 'n terrein wat in die brandpunt van belangstelling staan. Hierdie boek kan veel bydra tot die besinning oor en praktyk van jeugevangelisasie, juis nou waar die Ned. Geref. Kerk so intens daarby gemoeid is en besig is om dit uit te bou.

Tans is daar 'n geweldige belangstelling in "evangelisasie" en "jeugsorg". Daar verskyn 'n hele stroom van publikasies op hierdie terreine. Ook spring allerlei aksies vir en van die jeug en evangelisasie soos paddastoele op. In die verskillende publikasies en aksies sit 'n hele teologie en belydenis, bewus of onbewus. Daar kan veel geleer word, maar daar is ook veel wat nie so gebruik kan word nie. In hierdie werk wil die skrywer die boodskap van die Skrif, maar ook die leer en belydenis van die Ned. Geref. Kerk ten volle verdiskonteer.

Opvallend is die groot onduidelikheid wat tans heers oor wat met evangelisasie of "evangelism" bedoel word. Daar is eerstens die teenstelling tussen die siening van evangelisasie as toegespitste verkondiging wat wil bring tot bekering, en die ondersteunende hulp veral deur die diens en hulpbetoning. Dan is daar die siening van evangelisasie as 'n werksaamheid langs of buite die kerk en wat geskied op heel besondere wyse en met besondere middele. Veral populêr vandag is die siening dat alle werk van die kerk, dit wat geskied aan die lidmate, aan die kerkvervreemdes en aan die heidene, evangelisasie sou wees. Nog 'n benadering is dat juis die intensiewe arbeid aan lidmate evangelisasie sou wees. Dit is daarom verblydend dat dr. Nel trag om duidelik te maak wat evangelisasie is in onderskeiding van die kerklike bediening aan sy lidmate, en van sending as die arbeid aan heidene. Uit die aard van die saak word die grense tussen evangelisasie en sending vandag al vaer.

Ook oor die terrein van jeugsorg heers daar onduidelikheid. So dikwels word misgekyk dat die jeug wesenlik deel is van die kerk, en die sorg aan die jeug die taak van die kerk is en nie aan allerlei buitekerklike instansies oorgelaat moet word nie. Verder: dat die kerk 'n onvervreembare reg het om sy eie jeug te organiseer. Daar moet duidelik gestel word dat die kerk die roeping het om hom met die kerklos en buitekerklike jeug te bemoei en hulle te probeer terugwin vir Christus en vir sy kerk.

Huidiglik word jeugevangelisasie meestal behandel as 'n losstaande werksaamheid, wat dikwels langs of buite die kerk om geskied. Die groot verdienste van hierdie werk is dat jeugevangelisasie gesien word in sy verweefdheid met die totale arbeid en lewe van die kerk. Daar is die allernouste wisselwerking tussen die lewe en werk van die kerk en jeugevangelisasie. Hierdie totale benadering van jeugevangelisasie het geweldige implikasies vir die kerk.

Nog 'n kenmerk van baie publikasies oor evangelisasie en jeugsorg en oor jeugevangelisasie, is dat aan die een kant die beginsels gestel word, maar dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

word nie deurgetrek na die praktyk nie. Aan die ander kant is daar weer 'n uit-en uit op die praktyk afgestemde werk, maar wat die deeglike teologiese fundering mis. Hier het die skrywer die duidelike Skrifbeginsels uitgelig en deurgetrek na die praktyk.

Die skrywer is besonder goed toegerus vir hierdie studie. Behalwe die studie van die teologie, besit hy 'n deeglike kennis van die denke van die kerk oor evangelisasie en jeugsorg. Verder was hy op verskillende vlakke intens betrokke by die besinning oor evangelisasie en jeugsorg, maar ook by die praktiese uitvoering daarvan. Hy was ook onderleier van die landswye jeug-evangelisasieaksie in 1974: die Jeug-tot-jeug-aksie.

Mag hierdie boek bydra tot die beter besef van die heerlike roeping van die kerk tot jeugevangelisasie en tot die effektiewe toepassing daarvan in hierdie tyd van kerkvervreemding, sekularisasie en moderne ongeloof. Mag dit lei tot die vernuwing van die kerk sodat die proses van vervreemding gestuit sal word, maar meer nog, dat die vervreemde jeug teruggewin sal word vir Christus en sy kerk en dat die jeug sal lewe en werk as jeug met 'n boodskap, as kerkjeug, ja, as God se jeug.

A. C. Barnard

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## HOOFSTUK 1

# INLEIDEND

### 1.1 MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE

* Literatuur oor jeugevangelisasie is skaars. Behalwe vir verwysings hier en daar, bestaan daar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk self geen boek wat uitsluitlik aan hierdie saak gewy word nie. Die redes hiervoor is onder andere die feit dat die kerk vir baie jare nie met die probleem van vervreemde en buitekerklike jeug gekonfronteer is nie. Die intense verstedeliking- en industrialiseringsproses van die afgelope halfeeu het hierdie probleem met hom saamgebring.
* 'n Bediening wat sonder eie keuses of voorkeure, vir meer as 12 jaar intensiewe kennismaking met sowel die evangelisasie as jeugkommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ingehou het, het grootliks aanleiding gegee tot navorsing in hierdie verband. Die omvangryke jeug- en evangelisasieaksies van 1974 (die landswye Jeug-tot-jeugaksie) het hierdie behoefte tot studie oor hierdie onderwerp net verder gestimuleer. Die stroom van vervreemding by die jeug word sterker en die kerk van Christus, ook in die gestalte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het 'n onontwykbare roeping om voortdurend met jeugevangelisasie besig te wees.
* Hoewel daar baie studie- en werksmateriaal oor jeugevangelisasie in die buiteland bestaan, is daar min wat hier te lande net so gebruik kan word. Hierdie studie is daarom ook 'n poging om van ander te leer en om dit wat geleer is, in die eie situasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika diensbaar te maak.

### 1.2 DIE KEUSE VAN DIE TEMA

Tot 'n groot mate het die huidige jeug- en evangelisasiebeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk[1] as uitgangspunt by die formulering van die tema gedien. Vandaar byvoorbeeld die keuse vir die term "*deur* die Nederduitse Gereformeerde Kerk" en nie *in* die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie. Volgens beleid is evangelisasie die werk van die kerk aan diegene wat buite kerkverband staan. Die term *jeugevangelisasie* in die tema is dus grootliks gelaai met inhoude soos dié wat deur die betrokke beleid daaraan geheg word.

### 1.3 DIE VELD VAN DIE STUDIE

Dit gaan in hierdie studie in besonder om sake soos *evangelisasie*, die jeug, jeugarbeid en jeugevangelisasie — telkens met besondere verwysings na die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die volgende uitgangspunte het grootliks die veld en die aanpak van die studie bepaal.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

1.3.1 Evangelisasie is basies 'n taak vir die plaaslike gemeente. Wanneer 'n gemeente egter evangelisasie verwaarloos, is dit weens die feit dat só 'n gemeente sy eie wese, doel en funksie in hierdie wêreld nie meer verstaan nie. Om hierdie rede word in hierdie studie gepoog om aan te toon wat die wese van die kerk, die ampte en ampsbediening is en wat die verband is tussen ampsbediening en gemeente, gemeente en diens en gemeente en evangelisasie.[2] 'n Gemeente wat op 'n Bybelse wyse bestaan en deur die ampte opgebou word tot diens, is evangeliserend in en met hierdie wêreld besig.

1.3.2 'n Verdere uitgangspunt wat die veld van die studie medebepaal, is dat die jeug, volgens die wese van die verbond en van die gemeente, wesenlik deel van die gemeente is.[3] Omdat dit waar is, is die gemeente vanweë sy eie wese en aard, by die jeug, by jeugarbeid en uiteindelik ook by jeugevangelisasie betrokke. Net soos evangelisasie, is ook jeugwerk en jeugevangelisasie 'n gemeentelike verantwoordelikheid en bediening. Daarom word daar ingegaan op die verband tussen gemeente en jeug en op 'n prinsipiële uitgangspunt ten opsigte van jeugevangelisasie.[4]

1.3.3 Omdat evangelisasie arbeid aan die buitekerklike is, aan mense wat van Christus, sy Woord en sy kerk vervreemd geraak het,[5] het die evangelistiek altyd iets te sê aan die kerk ten opsigte van arbeid wat vervreemding voorkom. "Evangelisasie het te doen met verbonds- en kerkherstel. Dit is in baie gevalle die oordoen van dit wat nagelaat is, of wat swak gedoen is."[6] Die kerklike jeugarbeid moet dus noodwendig in hierdie studie aan die orde kom.[7] Hier moet die kerk dit só doen dat dit nie weer later in evangelisasie oorgedoen hoef te word nie. Hoe die gemeente sy jeugarbeid *as gemeente* aanpak en deurvoer, gaan tot 'n groot mate die groei of die verkleining van die jeugevangelisasieobjek bepaal.

1.3.4 Terselfdertyd behoort nougesette jeugarbeid, intensiewe sorg aan vervreemdes, *erns* met die eer van God, die suiwerheid van die gemeente en die redding van die enkele mens, ja, die bediening van die kerklike dissipline en tug, ook die objek van jeugevangelisasie te identifiseer. Jeugevangelisasie werk met diegene wat òf nie belydenis van geloof wil aflê nie, òf wie se lidmaatskap deur eie toedoen, of van die kant van die kerk, beëindig is.[8] 'n Bespreking van die kerklike tug is dus noodsaaklik.[9]

1.3.5 'n Vyfde uitgangspunt wat die veld van studie bepaal, is dat evangelisasie deeglike kennis van die objek vereis. Wie is die vervreemde kind en jongmens? Hoe dink hulle en hoeveel is hulle? Vrae soos hierdie het gelei tot navorsing oor kerkvervreemding by die jeug ten einde die objek van intensiewe jeugarbeid en evangelisasie te omskryf.[10]

1.3.6 'n Laaste uitgangspunt wat hier vermeld moet word, is die beklemtoning van die potensiaal van die kerkjeug om die vervreemde en buitekerklike terug te win. Die kerkjeug word as wesenlike deel van die gemeente ook beskou as 'n wesenlike deel van "the ministering Body of Christ, within which they are supported and equipped of the fulfilling for their common calling."[11] Daarom word daar breedvoerig ingegaan op die verskeie wyses waarop die kerkjeug as deel van die gemeente, in jeugevangelisasie as gemeentelike bediening kan meewerk en daarvoor toegerus word.[12]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## 1.4 DIE METODE VAN ONDERSOEK

1.4.1 Omdat evangelisasie so dikwels slegs as 'n program of 'n tydsgebonde aksie aangepak word en omdat jeugarbeid histories so dikwels aan 'n paar entoesiaste of Christelike verenigings oorgelaat is, is besluit om 'n studie aan te pak waarin die prinsipes wat agter evangelisasie, jeugarbeid en jeugevangelisasie lê, deskriptief nagegaan word. Dit gaan dan ook in hoofstuk 2 en 3 hoofsaaklik en byna uitsluitlik om 'n *beskrywing* van die beginsels rakende die kerk, die gemeente, die ampte, ampsbediening, diens, jeug, evangelisasie en jeugevangelisasie. In hoofstuk 3 word voorts vanuit die beskrywing van prinsipes, gekom tot 'n eie standpunt rakende kerklike jeugarbeid.

1.4.2 In hoofstuk 4 word enigsins preskriptief te werk gegaan, hoewel nie uitsluitlik nie. Ook hier is gepoog om die prinsipieel-beskrywende metode en lyn vas te hou, maar om tog op grond van die prinsipiële uitgangspunte enigsins duidend, leidinggewend te werk te gaan. Die hoofstuk is dus nie detaillerend-preskriptief nie, maar wel 'n poging tot 'n aanduiding van preskriptiewe prinsipes. Deurgaans is gepoog om die Skrifbeginsels na te speur en uit te lig sodat juis dit die voorskrif vir jeugevangelisasie as gemeentelike bediening mag wees.

1.4.3 In hierdie studie is veral getrag om 'n geheelbeeld te beskryf, om die verskillende komponente of aspekte van die gemeentelike bediening met mekaar in verband te bring. Juis die daarstelling van 'n geheelbeeld, is vir 'n verantwoorde jeugevangelisasiebediening só belangrik.

1 Vergelyk die *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, pp. 254, 536 en pp. 299 – 301, 548 onderskeidelik. Vergelyk vir die wysiging van punt 5 van die jeugbeleid die *Agenda van die Vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk.* 1974, p. 362 en *Handelinge,* pp. 362, 649.
2 Vergelyk paragrawe 2.1 – 2.4, 2.6.4.
3 Vergelyk punt 1 van die jeugbeleid. *Ibid.,* p. 254.
4 Vergelyk paragrawe 2.5, 2.7, 4 vir hierdie prinsipiële en Skriftuurlike fundering.
5 Vergelyk Beleid. *Ibid.,* p. 300.
6 De Klerk, J. J. *e.a., Evangelistiek,* p. 68.
7 Vergelyk 3.1 – 3.3.
8 Vergelyk die beleid in *Agenda van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, p. 300.
9 Vergelyk paragraaf 3.5.
10 Vergelyk paragraaf 3.4.
11 Little, S., *Youth, world and Church,* p. 11.
12 Vergelyk paragraaf 2.5, 2.7 en 4.1 – 4.4 vir die fundering in die Skrif en 'n skriftuurlike, gemeentelike bediening in die praktyk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

HOOFSTUK 2

# PRINSIPIËLE UITGANGSPUNTE

Dit gaan uiteraard in hierdie hoofstuk nie om 'n leer oor die kerk weer te gee nie. Dit is nie die doel van hierdie studie nie. Wat wel van belang is, is die verhouding van sake soos kerk, gemeente en die ampte tot evangelisasie. Dit is van die grootste belang vir die Bybelse beskouing van evangelisasie om te formuleer hoe die Bybel die kerk en gemeente, die ampte en ampsbediening, die gemeente en diens aan ons voorhou. Evangelisasie word nie kerkloos bedryf nie en die kerk bestaan nooit evangelisasieloos nie. Wat hier volg, is dus eerder 'n samevatting van die leer oor die kerk, gemeente, ampte en meer in besonder in hul besondere verhouding ten opsigte van jeugarbeid, evangelisasie en jeugevangelisasie.

## 2.1 KERK EN GEMEENTE

Die roeping en taak van die kerk of gemeente moet uit die wese van die kerk afgelei word. Soos A. P. van der Made dit stel: "Vanuit het wezen der Kerk wordt haar roeping bepaald en wordt de grens aangegeven van de directe taken, die tot deze roeping behoren"[1] Nou is dit egter ewe waar dat die Bybel ons geen geordende kerkleer verskaf nie. Daarmee word nie gesê dat die Bybel ons niks of min oor die kerk leer nie. In die Bybel word die *ekklesia* (die gemeente) dikwels by name genoem. Die term *kerk* soos dit tans gebruik word, word weliswaar nie in die Nuwe Testament gevind nie. Die *saak* is egter oral teenwoordig. Die Bybel praat dus dikwels oor die kerk sonder dat die woord gebruik word. Die verskillende beelde wat vir die kerk gebruik word, is hiervan 'n voorbeeld.[2] Dit word beweer dat daar vir die kerk meer as tagtig beelde onderskei kan word.[3]

In die opset van hierdie studie is dit van belang om kortliks op enkele Bybelse kentekens van die kerk — soos ons dit uit skrifuitsprake en uit die beelde vir die kerk leer ken, te let.

### 2.1.1 VERBONDENHEID MET CHRISTUS

2.1.1.1 Hierin lê die wese van die wesenlike van die kerk. Hieruit mag nie afgelei word dat die kerk uitsluitlik 'n Christussaak is nie — verbondenheid met die Vader (deur Christus) en met die Heilige Gees is eweneens konstituerend vir die ware kerk. Die Christusbelydenis is immers meteens ook 'n Vaderbelydenis, gegee deur die Heilige Gees.[4] Christus gee egter met sy arbeid van Profeet, Priester en Koning aan die kerk sy oorsprong.[5] Op sy duidelikste kom hierdie bestaansgrond van die kerk tot uitdrukking in die bekende beeld van die *liggaam* in 1 Kor. 12, Efesiërs en Kolossense. Hierdie beeld toon ten diepste die verbondenheid met Christus aan.

Verskeie teoloë het hulle hieroor, selfs eensydig, skerp uitgelaat. K. L. Schmidt skryf byvoorbeeld dat die ekklesiologie niks anders as Christologie is nie.[6]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

J. C. Hoekendijk skryf dat die ekklesiologie niks meer is as 'n enkele paragraaf in die Christologie nie.[7] J. de Zwaan en Emil Brunner redeneer in dieselfde trant. Vir beide en ook vir Hans Lietzmann staan die organisatoriese gestalte van die kerk enigsins op die agtergrond. Die kerk is nie 'n sosiologiese gegewenheid nie, maar 'n geheimenis, waarin almal wat enigsins Christus as Heiland ken, betrokke is.[8]

Bogenoemde en ander uitsprake is op die minste 'n waarskuwing teen 'n verabsolutering van 'n bepaalde georganiseerde kerk of van die kerk as organisasie of instituut. Dit kan nooit duidelik genoeg gesê word dat dit in die kerk, vir die kerk en in ware kerkwees om Christus Jesus die Here gaan nie.

Tereg sê Heyns dat Christus aan die kerk gegee het: sy oorsprong, sy belydenis, sy organisasie, sy Hoof, sy boodskap.[9] Om kerk te wees is om in Christus te wees. So word die gemeente in Rome daaraan herinner dat hulle deur die doop in sy dood begrawe is. Soos 'n goue draad loop dit as die konstituerende waarheid dwarsdeur die briewe.[10] I. J. du Plessis skryf dat Paulus met die term "in Christus" "die nouste verbondenheid tussen Christus en Sy volgelinge uitdruk; hulle behoort aan Hom".[11]

Dit maak die kerk Christelik, naamlik dat dit om Christus Jesus gaan. So antwoord die Heidelbergse Kategismus ook vraag 54 oor die betekenis van "die Heilige, Algemene, Christelike Kerk: Dat die Seun van God ... vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is ... vergader". En die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar in Artikel 27 dat die kerk "'n heilige vergadering is van die ware gelowiges in Christus, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag".

Ons sou dus kan sê dat die kerk die mense is vir wie Jesus Christus vanweë hul geloof in Hom, alles is. Hy is as Hoof aan die gemeente gegee en die gemeente is Sy volheid.[12] Hy vind in die gemeente sy besondere verheerliking. Christus is die Hoof en die vervulling van die gemeente. Hy maak die gemeente vol, maar terselfdertyd is Hy ook nooit sonder sy liggaam te bedink nie.[13]

### 2.1.1.2 Hoof/liggaam

Dat dit in en vir die kerk wesenlik om Christus gaan, word in besonder duidelik uit die gebruik van die Hoof-/ liggaam-beeld soos Paulus dit in die briewe aan die Efesiërs en Kolossense gebruik. Die Hoof-/liggaam-beeld verskil hier van dié in byvoorbeeld die eerste brief aan die Korinthiërs. Hier gaan dit meer en veral om die eenheid van die liggaam. In 1 Kor. 12 is die hoof byvoorbeeld deel van die liggaam — as 'n gewone "lid" van die een liggaam met sy baie lede.[14]

In Kolossense en Efesiërs is dit anders. Daar word Christus voorgestel as Hoof van die liggaam — met al sy lede. Daar is sprake van 'n sekere "teenoor" die liggaam. Ridderbos verklaar hiervan dat dit hier beslis om twee beelde gaan wat hoewel in noue verband met mekaar, tog elkeen selfstandige betekenis het.[15]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Wat bedoel Paulus nou met Christus se Hoofskap van die liggaam?

★1 Hoof dui op 'n "*aanvangsrelatie*" wat vir die hele voortbestaan bepalend is.[16] Christus is die oorsprong van alle dinge en in besonder van die gemeente. Die gemeente is *uit Hom* en *in Hom*.[17] En volgens Ef. 4:15 is ook die groei van die gemeente na Hom toe. Dit alles wys volgens Du Plessis op die "kernposisie van Christus. Hy is die *doel* en die bron van die groeikrag".[18] Ons kan dus konkludeer dat die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die kerk enkel en alleen om Christus wentel. Sonder Hom, is daar geen gemeente nie. Die gemeente vind sy "samesluiting en bestaansmoontlikheid in en uit Hom".[19]

★2 Die Hoofskap van Christus dui tweedens op "*heerskappy en lewenseenheid wat voortvloei uit die oorgawe van die self*".[20] (kursief MN) Hy bring nie alleen die gemeente *in Hom* saam en verskaf daardeur die bestaansgrond nie,[21] maar Hy het die finale seggenskap in en oor sy gemeente. Dit is juis die bedoeling van die tekening van Christus as Heerser oor "alle dinge wat in die hemele en op aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte".[22] Juis hierdie magtige Christus is die Hoof van die liggaam, die gemeente.[23] Dit is sonder twyfel Paulus se bedoeling om die mag, alomvattende mag van Christus tot uitdrukking te bring. Hy heers, Hy durf heers, Hy het mag om Hoof te wees — die Een met die regerende Woord.[24]

Du Plessis beklemtoon in hierdie verband tereg die waarheid dat hierdie hoofskap, heerskappy van Christus nie op koue heerskappy berus nie, maar die liefdevolle oorgawe van Christus vir sy gemeente is die wesenlike grond vir sy hoofskap. Hy is die Hoof van die gemeente omdat Hy sy Verlosser is. Daarom noem hy dit dan ook 'n "heerskappy en lewenseenheid wat voortvloei uit die oorgawe van die self".[25]

Volgens Du Plessis tref ons dieselfde gedagte (naamlik van Christus se hoofskap) reeds in Romeine 5 en 1 Korinthiërs 12 aan. Daar word die gedagte gedra deur die tipologiese parallel Adam/Christus. Die beslissende in albei gevalle (Rom. en 1 Kor., Ef. en Kol.) is die "beheersende invloed van Christus oor sy liggaam". Hierdeur kom sy hoofskap tot uitdrukking.[26]

Voordat 'n konklusie wat in die verband van hierdie studie belangrik is, gemaak word, is dit goed om Du Plessis se konklusie ten opsigte van Christus se hoofskap in Efesiërs en Kolossense hier weer te gee. "Ons konkludeer dus dat Paulus, deur die gebruikmaking van die gedagte van die representant wat korporatief verbonde is met diegene wat Hy representeer en in Homself sluit, uitdrukking gee aan sy gedagtes dat Christus as Hoof en Heer van sy gemeente haar bestaansgrond is, *van wie* sy afhanklik is, met wie sy korporatief verbonde is, in wie sy saamgesluit word, uit wie en na wie toe sy moet groei."[27]

★3 Die hoofskap van Christus beteken dus vir die wese van die kerk 'n *bestaans- en voortbestaansafhanklikheid*. Die kerk leef uit die mond en hand van sy Heer. Dit bring meteens die wesenskenmerk van *gehoorsaamheid* aan die Woord van Christus mee. Die kerk leef van dit wat hom deur die Hoof voorgesê word. Die Persoon en Woord van Christus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

het vir die kerk finale gesag. Dit is die Woord van sy enigste Hoof en Heer, 'n gesagswoord.

En tog is hierdie gehoorsaamheid nie koue diensplig nie. Dit is gehoorsame gewilligheid en gewillige gehoorsaamheid. 'n Teoloog gebruik onderstaande voorbeeld om die "van Binne uit" gehoorsaamheid en lewe teenoor die "van Buite-af" georganiseerde gehoorsaamheid en lewe te verduidelik. Die voorbeeld is die herdenking van die bevryding van die Tweede Wêreldoorlog.

'n Jaar na die bevryding was dit vanselfsprekend dat die bevryding gevier word. Dit kom spontaan, van binne uit. Almal was nog eg bly oor die verlossing. Spontaan het elkeen kreatief meegewerk aan die fees. Dit was as't ware 'n spontane volksbeweging. Nou egter, na soveel jare — wat gebeur nou? Nou is daar nog 'n herdenking, 'n soort fees wat georganiseer moet word. Die fees word nou deur 'n klompie verantwoordelike amptenare opgevoer. Van buite af gereël. B. Wilkens gebruik hierdie voorbeeld ook om die verskil aan te toon tussen die uiterste opvattinge van die kerk as georganiseerde instituut en die kerk as ongeorganiseerde beweging.[28] Die betekenis van die beeld spreek egter duidelik: In die kerk gaan dit om die Hoof wat Hoof is omdat Hy die verlosser van die Liggaam is.[29] En juis omdat hy op hierdie wyse Hoof van die liggaam is, is gehoorsaamheid vir die kerk wesenlik. Dit is nie 'n onbelangrike — "onder andere" nie. Dit kwalifiseer die gehalte van kerkwees. 'n Gebrek daaraan sou 'n totale gebrek aan begrip vir die hoofskap van Christus en die liggaamskap van die gemeente weerspieël. Anders kan dit nie. Tereg sê Du Plessis dat "die afhanklikheidsverhouding van die liggaam (gemeente) tot haar Hoof die kerngedagte van die verhouding (is)".[30]

### 2.1.2 HEILIGHEID

In die verband van hierdie studie is die heiligheid van die kerk van groot belang. Reeds die Fariseërs en Skrifgeleerdes het gemeen dat Jesus die heiligheid van God, die tempel, die Sabbat, die wet aantas deur gesindheid, woorde en werke.[31] Die heiligheid van die kerk is dwarsdeur die geskiedenis telkens misverstaan. Dit het telkens gelei tot 'n wêreldvreemdheid aan die een kant en wêreldgelykvormigheid aan die ander kant. Hierdeur het die kerk dikwels veel van sy betroubaarheid ingeboet.

#### 2.1.2.1 Ekklesia

Met die naam *ekklesia* word aan die Nuwe-Testamentiese gemeente dieselfde titel gegee as wat aan die Ou-Testamentiese volk van God met die naam *Kahal-Jahwe* gegee is. In die Septuaginta (Griekse vertaling van die Ou Testament) word Kahal ook met ekklesia weergegee.[32] Afgesien van die feit dat beide woorde (kahal en ekklesia) 'n sekulêre vergadering kan aandui, word beide gekwalifiseer deur die "van die Here" (kahal-Jahwe). Die term dui dus op die gelowiges as versamelde vergadering van die Here. In die sin is die gemeente byeengeroepte, uit-die-wêreld-uit-geroepte versamelde gelowiges.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Tereg sê H. Küng in hierdie verband dat die woord ekklesia wel *vergadering* beteken, maar meteens dui dit ook op die aktuele gebeure van die byeenbring van en as die vergaderde gemeente.[33] Emil Brunner se konklusie is dat die kerk nòg die somtotaal van gelowiges nòg 'n heilige instituut is, maar die liggaam van Christus wat uit niks anders as mense bestaan nie.[34] Dus gaan dit in die gemeente (ekklesia) om diegene wat deur Christus Jesus versamel word in 'n heilige vergadering. Hy roep sy gemeente byeen en Hy bepaal die toegangsreg tot hierdie vergadering. Volgens Van der Made het Luther juis hierdie waarheid duidelik raakgesien en het om hierdie rede afgesien van die "belaste woord Kirche" en ekklesia vertaal met woorde soos gemeente, Christenheid of Christelike vergadering of versameling.[35]

Om egter die woord *gemeente* teen die term *kerk* af te speel is onnodig. Die Nuwe Testament gebruik die term ekklesia in verskillende verbande — in betekenisse wat ons vandag aan vergadering, gemeente en kerk koppel.[36] Volgens Küng mag ons nie tussen die terme teenstellinge konstrueer nie. *Vergadering* dui op die altyd weer nuwe gebeure van die konkrete byeenkoms. *Gemeente* beklemtoon dat die ekklesia nooit 'n abstrakte en ver weg hiperorganisasie is nie — weg van die konkrete byeengekome gemeente nie. Gemeente dui op die gemeenskap wat op 'n bepaalde plek, bepaalde tyd vir 'n bepaalde handeling byeen is. *Kerk* aan die ander kant dui daarop dat die ekklesia nooit los naas mekaar staan nie, maar die gemeente is onderling in wedersydse diens verenig.[37] Samevattend sê hy dat elke ekklesia, hoe klein of hulpbehoewend ook al, ten volle *die ekklesia*, die vergadering, die gemeente, die kerk van God teenwoordig stel.[38]

2.1.2.2 Heiliges

As sinonieme uitdrukking[39] vir hierdie vergadering van die mense wat Christus byeengeroep het, gebruik Paulus die term "heiliges".[40]

Soos ook by Petrus[41] word hier teruggegryp op die benaming van die volk van God in die Ou Testament as heilig.[42]

★1 Dat die kerk of gemeente heilig is, is allereers 'n *toegesegde status*. Die gemeente is "heiliges in Christus Jesus". Christus is hul "heiliging".[43] Hierdie status beteken volgens Heyns dat God deur sy heiligende handelinge *mense aan Hom bind* en hulle met 'n bepaalde bestemming verbind.[44] Op grond van hierdie daad van God moet die gemeente leef soos mense wat aan Hom verbind is.[45] *Heilig* bedoel dus om die reserwelose *behoort aan die Here* uit te druk. Die kerk dra God se eienaarstempel. Dit is mense wat in Christus ingelyf is, deur die Heilige Gees verseël is om net God s'n te wees.[46]

★2 Heiligheid is vir die kerk voorts 'n *gehoorsaamheidseis*. Heyns sê tereg dat dit wesenlik te doen het met die "leef onder die heerskappy van die Woord".[47] Wie aan die Woord gehoorsaam is, leef heilig.

Dit beteken dat die heiligheid van die kerk terselfdertyd 'n oproep is tot groter Woord-gehoorsaamheid. Die heiligheid van die kerk kan dus nooit as dit reg verstaan word, lei tot wêreld-vreemheid en wêreld-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

onttrekking nie. 'n Woord-gehoorsame, heilige kerk word die wêreld ingestuur. Die gemeentes in Klein Asië aan wie Petrus skryf, word juis tot volharding in 'n nugtere, gehoorsame, heilige, nougesette, vrygekoopte lewenswandel opgeroep. Wie die brief (1 Petrus) in sy geheel lees, kan nie anders as om getref te word deur die *in die-wêreld-wees* van die kerk nie. Vanaf hoofstuk 1:13 tot 5:9 gaan dit om die hoe, die kwaliteit, die andersheid van die gemeente se lewe in hierdie wêreld. Volgens Barclay is die grondbedoeling van die woord hagios en kadosh naamlik: andersheid (difference). Hy stel dit as gevolg van die feit dat hierdie woord etiese kwaliteite behels wat juis die kerk in hierdie wêreld *anders* maak.[48] Heyns praat ook in die verband van die kerk se verhouding teenoor die wêreld van die anders-wees as die wêreld. Hierdie "ontiese karakter" van die kerk, hierdie "syn-in die wêreld" van die kerk vervul 'n spieëlfunksie ten opsigte van die wêreld: in die kerk sien die wêreld sy eie religieuse bestemming weerspieël. Want dit is tog die tipiese van die kerk dat hy die wêreld vooruit is: "hy is waar die wêreld (nog) nie is nie: in Christus; hy weet wat die wêreld (nog) nie weet nie: verlossing is in Christus alleen te vind; hy doen wat die wêreld (nog) nie doen nie: wandel in liefde en gehoorsaamheid; hy hoop wat die wêreld (nog) nie hoop nie: in God 'n versekerde toekoms".[49] Die kerk is egter nie net waar die wêreld nog nie is nie — die kerk *is* wat die wêreld nie is nie — in Christus.

Hierin lê die "difference" van die gemeente. Hierdie andersheid beteken egter nie onttrekking van die wêreld nie, maar om juis anders (namens God) al meer by hierdie wêreld betrokke te raak. Die andersheid waarmee die gemeente dan by die wêreld betrokke is, lê nie in 'n wêreldvreemde selfverheffing nie. Die andersheid is nie teen-die-wêreld-wees nie. Dit beteken wel teen-die-sonde-wees.[50]

In hierdie sin moet die afsondering, wat 'n belangrike element van heiligheid is, verstaan word. Dit is nie afgesonder in die sin van afgeskeie van nie, maar afgesonder in die sin van op-sy gesit vir God met die doel om Hom gehoorsaam te dien. Küng noem dit: in sy diens gestel wees.[51] Volgens Hebr. 13: 12, 13 bring die heiliging deur Christus juis dat sy geheiligde volk "uitgaan, buitekant die laer, en sy smaad dra". Dit beteken 'n gewillige dissipelskap van Christus wat ook vir die dissipel smaad bring. Grosheide noem dit "breken met de wereld" en verstaan dan daaronder die radikale verandering wat die heiliging deur Christus meebring.[52]

★3 *Samevattend* kan dus gesê word dat dit hier gaan om die feit dat die kerk soos 'n bruid aan die bruidegom behoort. Sy is net syne.[53]

Heiligheid is egter nie 'n kwalifikasie vanuit of vanweë die gemeente nie. Dit is 'n gegewe status. Maar juis dit word die motief om met alle krag te soek na wat Pop noem 'n "voor-God-zijn-en-leven".[54] Daarom eis die heiligheid van die kerk 'n gehoorsaamheid aan die Woord van die Hoof. En hierdie Woord-gehoorsaamheid bewaar die kerk daarvan om met sy heiligheid op kerkgrond te bly sit — dit roep die kerk tot 'n lewe wat bewys lewer dat die gemeente God s'n is, 'n andersoortige lewe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Anders in die wêreld, vir God, maar teen die sonde.

Vir die verstaan van die evangeliserende taak van die kerk is bogenoemde van die allergrootste belang. Deur sy heilige lewenswandel bewys die kerk wat Heyns noem "die kerk is die kerk van die geregverdigde sondaars".[55] Hiermee word die noue verband tussen regverdiging en heiligheid meteen gehandhaaf. Die heiligheid is tewens ook vrug van die regverdiging uit genade en deur die geloof.

2.1.3 APOSTOLISITEIT

2.1.3.1 Kenmerk of eienskap

Heyns merk tereg op dat dit 'n ernstige vraag is of apostolisiteit nie as 'n kenmerk van die ware kerk beskou moet word nie. Dan is dit meer as net 'n eienskap. Dan "behoort dit dus tot die voorwaarde van kerkwees en nie tot die gevolge daarvan nie".[56]

Ware kerkwees bring nie alleen apostolisiteit voort nie — die ware kerk is apostolies. Dit was veral Kraemer wat hierdie waarheid weer kom uitlig het. Tereg merk Margull op dat Kraemer "spiritedly stood within the tradition of Calvinism".[57]

Kraemer druk homself só uit: "the essential nature of the church is that it is an apostolic body. It is this, not because its authority is derived from the apostles, for the apostles belong to the church, but because in all its words and actions it ought to be a bearer of witness to God and His decisive creative and redeeming acts and purposes. To become conscious of its apostolic character is for the church the surest way to take hold of its real essence and substance".[58] Dit sou veiliger wees om te sê dat die kerk apostolies is, *nie net* omdat dit sy gesag van die apostels kry nie. Heyns dek al die aspekte wanneer hy skryf: "Met apostolisiteit word bedoel om die historiese kontinuïteit van die kerk met betrekking tot sy oorsprong, boodskap en taak aan te dui".[59] Margull haal 'n artikel oor die teologiese besinning oor evangelisasie aan wat dit so stel: "The church is apostolic. This means that it has been sent down through the ages in continuity. The evangelist stands in the great succession and participates in a mission which itself is also part of the continious action of God in history".[60]

2.1.3.2 Dit is onmiskenbaar duidelik dat met apostolisiteit bedoel word die teruggryp op die *gesagvolle optrede van die apostels.*[61] Maar dit is nie al nie. Heyns stel dit so: "Apostolies is die kerk dus alleen omdat en wanneer die kerk homself *'n gebonde* en 'n *gestuurde* kerk weet — onvoorwaardelik gebonde aan die Woord en daarmee gestuur na die wêreld".[62]

Om Apostolies te wees, beteken dus vir die kerk terselfdertyd sekuriteit (gebou op die fondament van die apostels) en blootstelling (in die gestuurwees na waar die kerk nog nie was nie of waar die Woord nog nie of nie meer geglo word nie.) Dit is nie alleen die kerk se taak nie, dit is sy lewe.[63] Kraemer noem in hierdie verband die kerk "a witness-bearing body".[64] Hoekendijk sê in hierdie verband: "Thus a church without missions is an absurdity".[65] Heyns noem hierdie getrouheid aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die gestuurdheid van die kerk "'n oop kerk". Dit is 'n ingaan van die kerk in nuwe wêrelde, nuwe kulture om daar 'n nuwe apostolêre kerk te wees. Hierdie nuwe vorm van die kerk, mag anders wees as dié van die "ouer kerk" — solank die nuwe vorm maar gebonde is aan die Woord en gestuur na die wêreld. Dan is ook die nuwe kerk weer 'n apostoliese kerk.[66]

### 2.1.4 VERBONDENHEID MET MEKAAR

#### 2.1.4.1 Belang vir evangelisasie

Die Heidelbergse kategismus noem dit "die gemeenskap van die heiliges" en verklaar dat dit beteken dat die gelowiges "almal saam en elkeen afsonderlik as lede aan die Here Christus en al sy skatte en gawes gemeenskap het. Ten tweede dat elkeen moet weet dat hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend".[67]

In die verband van hierdie studie is die gemeenskap van die gelowiges van die allergrootste belang.

Lidmate wat in die gemeenskap van die gelowiges opgebou word, waag dit om buite die direkte gemeenskap van die gelowiges getuies te wees en die wat terugkeer na Christus en sy kerk, word slegs blywend behou wanneer hulle in die gemeenskap van die gelowiges opgevang, behou en opgebou word. Die klagtes van talle lidmate, jonk en oud, oor die koudheid en onpersoonlikheid van eredienste en ander byeenkomste, maak die ontdekking van die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges ook opnuut belangrik. Oor die positiewe benutting van die gemeenskap van die gelowiges, in belang van jeugevangelisasie, word in hoofstuk 4 verder gehandel. Hier gaan dit om kort en samevattende opmerkings oor wat bedoel word met die kerk as gemeenskap van die heiliges.

Die Bybel verduidelik hierdie waarheid onder verskillende beelde vir die kerk. In sekere beelde tree dit sterker na vore as by ander: een gelowige maak nog nie 'n gemeente nie. Dink maar aan die beelde: gebou van God, liggaam van Christus, volk van God, huisgenote, ens.[68]

#### 2.1.4.2 Vertikaal en horisontaal

In bogenoemde beelde handel dit egter sentraal om twee waarhede te wete:

* 'n Aanduiding van die besondere verhouding tussen God en sy gemeente.[69]
* Die besondere verbondenheid van gelowiges met mekaar. 'n Mens sou met reg van 'n interafhanklikheid binne die gemeente kon spreek.

Die woord wat in die Bybel gebruik word vir die gemeenskap met Christus en met mekaar is *koinonia*. Volgens Pop word die woord in 1 Joh. gebruik vir die nuwe lewenswerklikheid waarin die Christen geplaas is.[70] Dit lyk of ons met reg kan sê dat die woord 'n bedoeling dra wat weergegee kan word met die uitdrukking: deel hê aan, deelgenoot wees aan of van.[71] Tereg merk Pop egter op dat hierdie gemeenskap met mekaar of deel hê aan mekaar se lewe en lot, nie vanuit die mens is nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dit kom van God. Gelowiges ontdek mekaar in die lig van die heilshandelinge van God. Die gemeenskap van gelowiges word beheers deur dit wat God gee, spreek en doen. Ons ontdek mekaar in Hom, en in Hom ontdek ons mekaar.[72] Christus is dus altyd weer die konstituerende waarborg vir die gemeenskap van die gelowiges.[73] Die kerk as gemeenskap van die gelowiges het deel aan mekaar in Christus en omdat hulle deel het aan Christus.

Maar terselfdertyd is dit ook onmoontlik om eg in Christus te deel sonder om mekaar te deel of om aan Hom verbonde te wees sonder om aan mekaar verbonde te wees. Bolkestein skryf in sy kommentaar op 1 Petr. 2:5: "Wie Christus zegt, zegt ook: kerk. Men kan niet geloven in Christus zonder tevens in de gemeenschap van de gemeente te staan. Geen mens kan als enkeling, dat wil zeggen geïsoleerd van anderen, Christen zijn".[74]

Wanneer Heyns oor die *eenheid* van die kerk skryf, sê hy in hierdie verband: "Gemeenskap met God beteken ook gemeenskap met almal wat Hom ken en liefhet en in wie Hy woon. Hulle wat in die kerk saam is, deel één geloof, één hoop, één liefde, luister na één Woord, deel één tafelgemeenskap met mekaar, het één belydenis, en onderwerp hulle aan één tug. Hulle wat deel het aan die heilshandelinge van die drie-enige God, sal ook hulle lewe in die verruklike avontuur van deelgenootskap, voortdurend met mekaar moet deel".[75] Hierdie gemeenskap kom volgens hom tot openbaring in die kultiese handelinge (eredienste), persoonlike kommunikasie en offervaardigheid.[76]

Die eenheid en gemeenskap van die gemeente vloei dus uit Christus voort. Ons is sy liggaam, nie omdat ons aan mekaar soveel het nie, maar omdat ons in Hom tot een liggaam, een volk, een huisgesin, een gebou saamgevoeg is. Küng noem hierdie gemeenskap wat veral deur die doop en nagmaal tot stand kom, 'n maaltydgemeenskap. Hy sê die kerk is wesenlik: "maaltijdsgemeenschap", "Christusgemeenschap en christengemeenschap".[77]

Juis omdat die gemeenskap van die gelowiges só in Christus gefundeer is, is dit 'n besondere lewensverbondenheid van lidmate met mekaar. Heyns praat hiervan as die "unieke andersheid van die kerk van Christus. Dit is 'n gemeenskap wat nie deur allerlei verskille versteur behoort te word nie — juis omdat dit nie voortvloei uit "die natuurlike gevoel van verwantskap nie".[78]

In hierdie gemeenskap behoort:

* 'n Gees van aanvaarding van mekaar in Christus te heers. 'n Atmosfeer waar mense so tuis is soos by Hom.
* Onderlinge liefde teenoor mekaar bewys te word. Uit opregte liefde moet verbonde gelowiges mekaar aanvaar en dien. Die gemeenskap van die gelowiges is inderdaad 'n liefdesgemeenskap.
* Gelowiges in opregtheid vir mekaar sorg te dra. Omdat lidmate vir mekaar omgee, mekaar se belange op die hart dra, moet hulle mekaar vermaan, bemoedig en ondersteun.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

* Gelowiges saam te aanbid, na die Woord te luister, te bid, te sing en te gee.[79]

2.1.4.3 *Samevattend* beteken die kerk as gemeenskap van die heiliges:

* Dat gelowiges vanweë Christus en in Christus saamverbind is tot huisgenote van God. In Hom is gelowiges ''die liggaam van Christus en lede afsonderlik''.[80]
* Dat gelowiges juis, omdat hul verbondenheid nie op natuurlike verwantskap berus nie, maar in Christus gegrond is, op 'n besondere wyse interafhanklik is.

  Hulle is aan mekaar verbonde soos stene in 'n muur, lede in 'n liggaam, huisgenote in 'n gesin, burgers in 'n volk. Van Niftrik noem dit 'n bewustheid van ons kleinheid in swakheid ''zodat wij de onderlinge dienst der broeders in hoge mate behoeven''.[81]
* Dat daar onder gelowiges 'n warme gees van onderlinge liefde, agting, diensbaarheid, besorgdheid en toewyding heers. B. Willems noem die kerk 'n gemeenskap van mense wat met blydskap hulle lewe daarna rig — nie soseer omdat dit *moet* nie, maar omdat hulle self ervaar dat dit goed is.[82]
* Dat die gemeenskap van die gelowiges op sigself 'n getuienis is. Dit is nie maar gemeenskap ter wille van die kerk self of ter wille van die gemeenskap self nie. Dit is ter wille van God en sy eer. En so ''zal er door de hoge vensters van de kerk licht in de duisternis dezer wereld stralen ... onopzetlijk zal de gemeenschap der heiligen deze heiligende en louterende invloed op het gemeenschapleven der wereld hebben''.[83]

### 2.1.5 GEMEENTE, KERK EN KONINKRYK

2.1.5.1 Sekere ander wesenseienskappe word verder in hierdie hoofstuk onder ander hoofde behandel. Die volledige prentjie van dit wat samevattend noodsaaklik is ten opsigte van die wese van die kerk vir sover dit hierdie studie raak, sal eers aan die einde van hierdie hoofstuk duidelik wees.

2.1.5.2 Ons het reeds onder paragraaf 2.1.2.1 gelet op die betekenis van die naam *ekklesia*. In hierdie verband moet nog bygevoeg word dat hierdie term in die Nuwe Testament vir die plaaslike sowel as die algemene kerk gebruik word.[84] Die term *kerk* se oorsprong is minder duidelik. Sommige lei dit af van die woord ''*kuriake*'' (van die Here.) Hierdie woord kom slegs twee maal in die Nuwe Testament voor en wel in verband met die ''nagmaal *van die Here*'' en die ''*dag van die Here*''.[85] Ander weer lei dit af van 'n woord met 'n Latynse stam en wat 'n begrensde ruimte aandui.[86]

Miskien kan ons met reg sê dat die term *kerk* redelik algemeen gebruik word vir die universele kerk of 'n spesifieke denominasie in 'n land byvoorbeeld die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gemeente is dan meer die term wat gebruik word vir die plaaslike gemeente, wat ook volledig kerk is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

2.1.5.3. Kerk: Koninkryk

Wat is nou die verhouding kerk: koninkryk? Hierdie verhouding word duideliker wanneer ons weet wat die koninkryk is. Terwyl die begrip "ekklesia" maar twee keer as komende van Jesus gebruik word,[87] word die woord *basiliea (*koninkryk, ryk of heerskappy) byna op elke bladsy van die Evangelies aangetref.[88] Tereg sê Küng dat hierdie begrip die dominerende, sentrale begrip van die verkondiging van Christus is.[89] Hy gaan dan voort om in die lig van wat die koninryk *nie* is nie te sê wat dit wel is. Hy noem dit:

* Die volledig verwerklike "eindtijdelijk-definitieve heerschappij van God."
* Die magtige soewereine daad van God self.
* Veeleer 'n suiwere godsdienstige heerskappy.
* 'n Heilsgebeure vir die sondaars.
* 'n Eis om 'n radikale beslissing vir God.[90]

Heyns sê tereg dat dit 'n term is "waarin die ganse inhoud van sy (Christus MN) prediking saamgevat kan word".[91] Hy gee dan die inhoud in die verskillende en belangrikste dimensies wat in die begrip onderskei kan word. Die dimensies wat hier van groot belang is, is wat Heyns noem die *trinitariese dimensie.*

Hierdie drie-enige God is die Koning wat heers en wat sy koninklike regte en beloftes in die geskiedenis realiseer.[92] In die koninkryk gaan dit dus om wat God, die Vader in Christus Jesus en deur die Heilige Gees eis, beloof en waargemaak het. Heyns onderskei dan ook later in sy werk tussen die koningskap van God en die koninkryk. "Die koninkryk is Gods heerskappy oor en die gehoorsame aanvaarding daarvan en onderworpenheid daaraan deur sy onderdane: engele, mense, diere, plante en stof of nog korter: die koninkryk is die triomf van Gods wil."[93] Dit sê hy nadat hy vooraf verduidelik het dat God se koningskap ruimer is as die koninkryk. God regeer oor hemel en aarde. "Hy regeer dus ook oor hulle wat sy koningskap nie erken nie en dit selfs positief verwerp."[94]

Die koninkryk het gekom in Christus Jesus. In hom het die Vader se eise en beloftes waar geword, 'n persoon geword.[95] Wie Christus Jesus aanvaar en bely, aanvaar die heerskappy van God, deel in die ryk en is geroep tot gehoorsame navolging van die eise van die drie-enige God.

Die ryk is dus in Christus teenwoordig en tog ook nog voorlopig. Dit kom steeds. In gehoorsaamheid moet daar gebid word vir die koms van die ryk en moet daar geywer word vir die uitbreiding van die koninkryk.[96]

2.1.5.4 Met hierdie ryk van God is die kerk nie gelyk te stel nie.[97] Aan die anderkant kan ook nie beweer word dat dit in die Bybel net om die koninkryk en nie ook om die kerk gaan nie. Küng haal in die verband (en hy noem dit 'n onheilspellende uitspraak) Alfred Loisy aan wat sou gesê het: "Jezus kondigde het godsrijk aan, en wat kwam was de



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kerk".[98] Laat ons daarom hierdie belangrike verhouding so probeer saamvat:

★1 Omdat die koninkryk gekom het, daarom is die kerk daar.[99] Die koninkryk se werklikheid roep as't ware die kerk in aansyn. Só moet die kerk die koninkryk weerspieël.

★2 Die kerk is 'n teken van die koninkryk.[100]

Terwyl die kerk nie — koninkryk is nie, is dit tog eweneens ook nie los te maak van die koninkryk nie. "Die teken is dus nie leeg nie, maar gevul".[101] Die kerk is deel van die ryk waarvan dit 'n teken is. Die kerk is immers mense wat die koninkryk bely, in die eise en beloftes van die ryk deel. Die boodskap, die belydenis, die doel van die kerk is en mag niks anders as die boodskap van die koninkryk wees nie, ja, niks anders as die koninkryk self nie.[102] 'n Mens sou met reg kon verwag dat die kerk die suiwerste teken van die koninkryk moet wees.[103] Die kerk moet in die nastreef van hierdie doel bewus bly van sy voorlopige gestalte, van die ongelykheid tussen die koninkryk en die kerk en aanhou bid: Laat u koninkryk kom.

★3 Die kerk bestaan ter wille van die koninkryk en so ook ter wille van die wêreld. Die kerk is 'n orgaan van die koninkryk. Die kerk is geroep om in gehoorsaamheid aan God en in vertroue op die koning se beloftes, Jesus in die wêreld te bely en te verkondig.[104] Die diens van die kerk is dus koninkryksdiens. Die kerk dien die koningsheerskappy van God, buig gewillig en gehoorsaam onder hierdie heerskappy, verkondig die eise en beloftes van hierdie koning, Vader in Christus Jesus deur die Heilige Gees. Juis daarom bid die kerk voortdurend dat die Regeerder, God, sy Ryk sal laat kom, deur sy Woord en Gees só dat "ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp" dat sy kerk bewaar en vermeerder mag word; dat die werke van die duiwel en alle mag wat hom teen God verhef en alle bose planne wat teen sy Heilige Woord bedink word, vernietig mag word — "totdat die volkomenheid van U ryk kom, waarin U alles sal wees in almal".[105]

## 2.2 DIE AMPTE EN AMPSBEDIENING

Soos in die vorige paragraaf gaan dit ook nie hier om 'n uitgebreide ampteleer nie. Hier is enkele prinsipiële uitgangspunte soos van belang vir gemeentebou en gemeentegroei ter sprake. Dit kan soos volg saamgevat word:

### 2.2.1 CHRISTUS REGEER SY GEMEENTE

Wanneer daar in die gereformeerde teologie oor die ampte gehandel word, gaan dit nooit om plaasvervanging nie. Ons bely die direkte regering van die verhoogde Christus in sy gemeente, deur sy Gees en Woord.[106] W. D. Jonker sê in hierdie verband tereg dat "as Christus oor sy kerk regeer, moet alle menseheerskappy uit die kerk geban word".[107] In paragraaf 2.1.1.2 van hierdie studie is reeds verduidelik wat die Skrif onder die Hoofskap van Christus verstaan. Hier gaan dit om die beklemtoning dat niks en niemand in sy plek regeer nie. Hy regeer, Hy dra die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gesag en Hy regeer deur sy Woord.[108] Van der Linde vat sy paragraaf oor die kerkreg so saam: "Christus is prinsipieël die enigste Wetgewer of Regsvormer en Regshandhawer in sy Kerk. Hy regeer die kerk, maar doen dit deur die diens van mense, ampsdraers".[109]

### 2.2.2 DIE AMPTE

#### 2.2.2.1 Wat is "amp"?

Volgens Lekkerkerker het Hoekendijk reeds in 1963 gesê dat die ampte 'n *genadige surplus* is, 'n *verklarende voetnoot* onderaan die evangelieteks, 'n teks wat ook sonder die voetnoot in sy geheel verstaan sou kon word.[110] So word daar vandag nog deur baie gedink dat die ampte oorbodig geword het, 'n lastigheid waarsonder die gemeente weer vaartbelynd sou kon beweeg. Lekkerkerker sê tereg dat die radikale vernuwingsteologie afskeid geneem het van elke uitspraak oor die transendente en probeer so die kommunikasiestoornis tussen die kerk en die wêreld te oorwin. Hul het geen belangstelling in die vraag na die "prediking, eredienst, gebed, ambt en sakramenten".[111]

Om die saak nog moeiliker te maak, is daar gesaghebbende teoloë soos onder andere Emil Brunner wat die amp as behorende tot die tweede geslag Christene beskou. Die eerste geslag sou dan 'n charismatiese gemeenskap gewees het, "'n mondige Christusgemeente" waar die amp nie nodig was nie.[112] Volgens Rudolph Sohm is die kerk 'n geestelike realiteit waar geen plek is vir 'n deur die gemeente ingestelde amp of regsorde nie. Volgens Ridderbos is Sohm se grondstelling dat enige vorm van kerkreg met die wese van die kerk in stryd is.[113]

Die Nuwe Testament ken nie die woord amp of 'n ekwivalente woord vir diegene wat in die gemeente leiding geneem het nie.[114] Die Nuwe Testament ken egter wel die saak naamlik persone wat in die gemeente leiding geneem het en bepaalde dienste vervul het.[115] Die huidige misverstand gaan meer dikwels oor die betekenis van oorbeklemtoonde outoriteit en gesag en posisie wat aan die term amp kleef. Volgens Lekkerkerker bedoel die woord volgens sy Nederlandse oorsprong die volgende: ambag, dienaar van 'n vors, bediening, beroep, 'n werk wat 'n mens moet doen, 'n openbare werkkring as gevolg van 'n benoeming deur 'n openbare gesag.[116] Die Nuwe-Testamentikus G. Sevenster meen dat die volgende momente in die betekenis van amp gesoek moet word:

* Die amp is bekleed met 'n sekere gesag
* Die amp ontleen sy gesag of bevoegdheid aan 'n hoër outoriteit
* Dit gaan in die amp om 'n funksie wat deel uitmaak van 'n meer omvattende geheel.[117]

Van Itterzon verklaar die ampte vanuit Christus en sê tereg dat elke amp wat in die gemeente geld, sy oorsprong, opdrag, volmag en gesag ontvang van Hom wat die Hoof van die gemeente is te wete Jesus Christus.[118] Tereg merk hy dan verder op dat "diens" die wesenlike van Christus se amp was.[119] Ampte is dan hoogs verantwoordelike dienste met die doel om die gemeente te vergader en te bewaar.[120] So noem Ridderbos dit ook wanneer hy sê dat die charismata (waaronder ook die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ampte) in die gemeente as *dienste* funksioneer en in hierdie dienskarakter alleen sy bestemming en sy norm vind.[121] Hierdie term dui volgens hom ook die *gemeentelike* karakter van die gawes van Christus en van die werksaamhede waartoe hierdie gawes in staat stel, aan.[122] Ridderbos beskou dus die ampte as 'n gawe en 'n diens en merk tereg op dat die Bybel geen teenstelling tussen laasgenoemde twee ken nie.[123]

Samevattend kan ons dus sê dat die ampte deur Christus aan sy kerk gegee is, hulle tree op in en met sy gesag, is in sy diens, is dienend in en met die gemeente besig ten behoewe van die bewaring en uitbreiding van die gemeente.[124]

2.2.2.2 Watter ampte?

Die Skrifbasis vir die drie besondere ampte van leraar, ouderling en diaken word in hierdie studie gehandhaaf.[125] Voorts word gehandhaaf dat hierdie ampte nie opgekom het uit die algemene priesterskap van die gelowiges nie, maar deur Christus aan sy gemeente gegee is as gawe en diens.[126] Hierdie dienste het Christus aan sy kerk gegee deur die apostels.[127]

2.2.3 AMPSBEDIENING

Vervolgens word 'n paar algemene kenmerke van die bediening van die ampte aangestip.

2.2.3.1 Niemand is uit eie beweging en volgens eie beskikking in die amp nie. 'n Hoër outoriteit "stel in die amp".[128]

2.2.3.2 Die mens word in die amp gestel om te dien. Dit is 'n dienswerk in die gemeente en in belang van die opbou van die gemeente. Hiervoor is die oorvloedige gebruik van die term "diakonia" (diens) 'n bewys. Hierin moet die amp uitdrukking gee aan die Groot Ampsdraer wat op gesag van die Vader onder ons was soos een wat dien.[129] By hierdie diens is elke gedagte aan heers uitgesluit. Hierdie diens geskied in 'n gemeenskap wat omskryf kan word as "'n gemeenskap van diensbetoning".[130] Die ampsdraers moet ook met hulle werk besig wees soos een wat dien. Hierin het die leiers 'n direkte voorbeeld en woord van Jesus Christus.[131]

2.2.3.3 Die amp wat in die gemeente wil dien, dra juis daarom ook 'n sekere gesag. Hierdie gesag is geen eie gesag omdat dit so 'n belangrike diens is nie. Dit is 'n gesag wat gefundeer is op die Woord van Christus. Die dienste in die kerk moet as't ware net ruimte skep, kanale skep vir die gesag en regering van Christus. Hy en sy Woord het in die kerk gesag. Tereg sê Jonker: "Alle gesag in die kerk is Woordgesag".[132] Selfs die sleutelmag van die ampte in die handhawing van die kerklike tug is nie soseer 'n mag nie, maar *'n diens in diens van die Koning*.[133] Die diens van die ampte is dus diens aan die Woord en die gesag van die amp is Woordgesag.

En juis dit maak die diens van die ampsdraer 'n gesagvolle bediening. Juis die feit dat die ampte draers is van die Woord, op gesag van die Koning, maak hulle bediening gewigtig en belangrik. Op grond hiervan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

mag die ampte op gehoorsaamheid aan hul bediening, wat Woordbediening is, aanspraak maak. Hulle diens voer uiteindelik egter nie tot gehoorsaamheid aan hulle gesag nie, maar aan die Koning van die kerk.[134]

2.2.3.4 Ampsbediening behels 'n duidelike opdrag van die Opdraggewer.[135] Ridderbos toon aan dat die dienste reeds by Paulus 'n vaste werksaamheid aangedui het.[136] By al die kleiner besonderhede van die opdrag wat tot elkeen van die ampte afsonderlik behoort, is dit duidelik dat die ampte 'n gemeenskaplike taak het tot die toerusting, leiding en versorging van die kudde. Deur voorbeeld en woord moet die gemeente tot Christusgelykvormigheid (volwassenheid), stewige standvastigheid in kennis van die waarheid en tot effektiewe funksievervulling gelei word.[137] Om die gemeente toe te rus, behoort tot die primêre taak van die leraar, om die gemeente geestelik te versorg tot die primêre van die ouderling en om die gemeente te lei tot blymoedige gewers en barmhartige ontfermers tot die primêre taak van die diaken.[138]

In die verband van hierdie studie is hierdie aspek van die ampte en hulle bediening van deurslaggewende belang. 'n Gemeente wat teenoor die jeug en teenoor die vervreemde onverskillig geraak het, lei aan ernstige funksieverlies. En 'n gemeente wat aan funksieverlies lei, in watter opsig ook, is dikwels 'n gemeente waar die ampte hulle primêre bediening verwaarloos. In so 'n gemeente vervaag die gestalte van die Koning, vervlak die kennis en groei die dwaling, raak lidmate oneffektief besig met allerlei sake, behalwe hulle primêre funksies as lede van die liggaam van Christus.

Jeugevangelisasie, net soos enige ander funksie van die gemeente, roep eerstens om effektiewe ampsbediening. Dit is die begin van enige langtermynoplossing. Die gemeente moet opgebou word deur die dienste wat Christus vir die opbou en groei van sy gemeente verorden het.

## 2.3 AMPSBEDIENING EN DIE GEMEENTE

Niemand sal betwyfel dat die ampte met die oog op die gemeente ingestel is nie. Hulle doel is om die eer van God te handhaaf en te dien, maar dit doen hulle juis deur in die gemeente te dien. Ampte wat hierin faal, verheerlik nie die God van die gemeente nie. Vervolgens word kortliks gelet op die verhouding ampte/gemeente en die besondere rol van ampsbediening in gemeentebou en gemeentegroei.

### 2.3.1 VERHOUDING AMPTE/GEMEENTE

2.3.1.1 Miskien is dit goed om in hierdie verband te begin met die samevattende opmerking van Sevenster in 'n paragraaf oor die plek en status van die amp in die Nuwe Testament. Hy merk tereg op dat in die Nuwe Testament geen sprake is van 'n onmondige gemeente teenoor 'n uit die hoogte heersende amp nie — en ewemin van 'n teenstelling "clerusleken".[139] Dit verkleineer nie die gesag van die ampte in die gemeente nie, maar stel 'n Bybelse waarheid helder — die gemeente is nie onmon-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dig en as sodanig onder die heerskappy van die ampte nie. Hoewel in ietwat ander verband (oor die plek van die gemeente in die kerkregering) stel Jonker hierdie waarheid ewe duidelik wanneer hy sê dat ook die reformatore sonder meer rekening hou "met die bevoegdheid van die gemeente om die Woord te beoordeel en die ware leer te ken".[140] Die gemeente is voortdurend daartoe geroepe om die maatstaf van die Woord van God by die regeerwerk van die ampsdraers aan te lê.[141] Juis omdat die gemeente ook die Woord hoor en ken, en omdat die Woord die enigste gesag van die ampte is, kan die gemeente in die lig van die Woord die gesag en bediening van die ampte beoordeel.

2.3.1.2 Hieruit mag nie afgelei word dat die gemeente oor die ampte gesag oefen asof die ampte uit die gemeente ontstaan het en om daardie rede aan die gemeente "onderdanig" is nie. Die ampte het hul oorsprong in die hart van God. Hoewel die gemeente op wettige wyse 'n aandeel neem en moet neem in die verkiesing tot die amp, moet die amp self as 'n Goddelike instelling gesien word. Die algemene "amp" van die gelowiges of algemene priesterskap van die gelowiges is nie die bron waaruit die besondere ampte opgekom het nie. Ons het in die besondere ampte met gawes in eie reg te doen.[142]

2.3.1.3 Lekkerkerker sê in hierdie verband, myns insiens tereg dat die gedagtegange Christus-amp-gemeente en Christus-gemeente-amp mekaar voortdurend moet korrigeer. Daar is 'n verhouding van afhanklikheid tussen amp en gemeente.[143] In hierdie verhouding moet aan die een kant die selfstandige opdrag (diens) van die besondere ampte in en teenoor die gemeente ten volle vasgehou word. Aan die ander kant moet die volwassenheid van die lidmate as mense met gawes in diens van die gemeente eweseer gehandhaaf word. Wanneer hierdie twee dele van die een liggaam elkeen volgens hul funksie funksioneer, groei die liggaam.[144] Die ampte is eweseer 'n gawe aan die gemeente soos wat al die ander gawes tot stigting van die gemeente gegee is. So konkludeer ook Ridderbos op grond van 1 Kor. 12:1 — 11 en Ef. 4:1 — 16.[145]

2.3.1.4 Hierdie interafhanklike verhouding beteken meteen dat die ampte nooit die gemeente mag beskou as onmondiges oor wie hulle heers of as onbekwame onvolwassenes namens wie en in wie se plek hulle godsdiens bedryf nie. Dit sou die konsekwensies van die hiërargie in die kerk wees.[146] Die gemeente aan die ander kant mag ook nooit die ampte beskou as hul plaasvervangers, werknemers nie. Van die leraar sê Conant en Fish dat hy nie die kerk se "hired man" of die kerk se luidspreker is nie. Die ampte is nie daar om die werk namens die gemeente te doen nie. Die leraar is juis besig om soos hulle dit stel: "out of the treasury of the Lord he gives his whole time to perfecting members in the art of witnessing and soulwinning".[147]

2.3.1.5. Terwyl ons dus onverswak die instelling en "gesag" van die ampte handhaaf, hulle onvervangbare diens in en teenoor die gemeente bely, sluit ons hierdie paragraaf met 'n samevattende woord van Sevenster in hierdie verband. Hy bespreek 'n hele reeks tekste wat op hierdie saak betrekking het,[148] en kom dan tot die volgende konklusie wat hier kur-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

sories weergegee word: Uit hierdie tekste blyk duidelik dat vanuit die gemeente allerlei medewerking aan die ampte gebied word. Daar is geen sprake dat die gemeente slegs 'n objek vir die aktiwiteite van die ampte sou wees nie. Inteendeel, die Bybel leer met nadruk dat alle gelowiges as lede van dieselfde liggaam 'n besondere plek inneem en dat nie een gemis kan word nie. Elkeen dra na die mate van sy gawe by tot die lewe en die groei van die liggaam.[149] As ons rekenskap probeer gee van die verhouding van amp en gemeente, dan is dit duidelik dat van onmondigheid van die gemeente geen sprake is nie.[150]

2.3.2 AMPSBEDIENING, GEMEENTEBOU EN -GROEI

2.3.2.1 Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar tussen die besondere ampte en die gemeente 'n verhouding van afhanklikheid en diensbetoon in die gees van Christus en volgens die reëling van die Hoof geld. Waar elkeen volgens sy bedoeling funksioneer in die diens waartoe hy/sy geroep is, daar word 'n gesonde gemeente gebou en gesonde groei beleef. Dit kan in hierdie verhouding nie ontken word nie dat die besondere ampte 'n heel spesifieke opdrag ten opsigte van die opbou van die gemeente, in belang van die groei van die gemeente, moet vervul. Genoeg Skrifbewyse is reeds hiervoor aangetoon. In die volgende paragrawe word kortliks meer breedvoerig op een van hierdie Skrifgedeeltes gelet.

2.3.2.2 Volgens Ef. 4:11, 12 het Jesus Christus die ampte as gawes aan die gemeente gegee om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus. Die feit dat herders en leraars hier saam genoem word, dui waarskynlik die gemeenskaplike in hulle diens aan naamlik as leiers in die versorging en opbou van die gemeente.[151]

In hierdie gemeenskaplike taak behoort die lering dan meer in besonder tot die diens van die leraar en die "algemene leiding" en versorging meer in besonder tot die diens van die herder. Ridderbos voeg hieraan toe dat herders die werk doen wat elders in die Nuwe Testament aan die ouderlinge opgedra word.[152]

2.3.2.3 Hier in Ef. 4 het herders en leraars tot gemeenskaplike taak die *toerusting* van die gelowiges. Ridderbos sê tereg dat alle gawes niks anders is nie as gawes wat die Gees gebruik en ten dienste stel van die opbou van die gemeente — ook die wat tot lering en vermaning, tot onderlinge diensbetoon of die doeltreffende bestuur en regering van die gemeente kan dien.[153] Die Griekse woord vir *toerusting* (katartismos) dui op die *bekwaammaking* van die gelowiges vir hul dienswerk. Die woord word net hier in die Nuwe Testament gebruik. Die werkwoord word wel in Matt. 4:21 gebruik vir die *herstel* van die nette; in Hebr. 11:3 vir die "toeberei" van die wêreld deur die Woord van God. Hier in Ef. 4:12 dra dit die gedagte van gereed maak, tot volledige funksionering bring, toerus, "uitrusting", kompleet maak, help om te beantwoord aan jou roeping.[154] 'n Mens sou kon sê dat dit hier daarom gaan dat die besondere ampte tot taak het om die gemeente te help (toe te rus) om in staat te wees om te doen wat God van hulle verwag. Wanneer hierdie woord in Ef. 4 saam met gemeentebou (opbou) en dienswerk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

(diakonia) voorkom, beteken dit sonder twyfel dat laasgenoemde twee terme eintlik 'n verklaring van die inhoud en doel van die toerusting is. Grosheide sê dat dit só verstaan moet word: Die diakonia bewerk die katartismos (toerusting) en die opbou van die gemeente (oikodome) is die inhoud van die diakonia.[155] Die opdrag van die ampte en die dienswerk van die gelowiges word in die toerusting van die gelowiges tot 'n eenheid verbind. Simpson meen dat die betekenisskakering van die woord *katartismos* hier in Ef. 4 die beste met "co-ordination" weergegee kan word.[156] Van Roon skryf dat die werk van die verkondigers wat die gelowiges bekwaam vir hulle taak en die aktiwiteit van die gelowiges maak saam dat die liggaam gebou word — dit wil sê tot bestendige welsyn gebring word.[157]

Die ampte vind in 'n sekere sin hulle vervulling in die toerusting van die gemeente vir sy diens. Laasgenoemde vind die vervulling van sy dienswerk in die toerusting tot opbou van die liggaam. Aan die opbou van die gemeente werk die besondere ampte en die lidmate dus saam. Hieroor bestaan daar volgens Ef. 4:11 — 16 geen twyfel nie.

2.3.2.4 Die *doel van hierdie toerusting* is volgens Efesiërs 4 die volgende:

* Die eenheid van die geloof en die kennis van die Seun van God (vs. 13). Hiermee word terugverwys op die eerste verse van die hoofstuk waar die eenheid van die gemeente sterk beklemtoon is (vs. 1 — 6). Die toerusting van die gemeente en die dienswerk van die gemeente moet hierdie eenheid dien. Die eenheid word hier in 'n sekere sin as die einddoel van die geloofsgroei gesien.[158] Hierdie eenheid saam met die volwassenheid van die gelowiges, speel nie alleen in die opbou van die gemeente 'n doelrol nie, maar is ook voorvereiste vir suksesvolle doelvervulling van die gemeente in hierdie wêreld. Dit het in die verband van die brief ernstige konsekwensies vir die lewenswandel van die gemeente. En die lewenswandel van die gelowiges het onmiddellik ernstige konsekwensies vir evangelisasie.[159]
* As tweede doel word hier die stewige standvastigheid in kennis wat reg en veilig is, genoem (vs. 14, 15). Die gemeente moet kom tot sodanige kennis van die Seun van God, tot sodanige volwassenheid, tot 'n lewe waar hulle optree met die volwassenheid van Christus (vs. 13c) dat hulle nie meer deur dwaalleer en leuens rondgeslinger word nie.[160]
* Derdens moet die toerusting die gelowiges lei om in die gemeente elkeen afsonderlik en tegelyk almal saam hulle funksie te vervul — só word die liggaam dan opgebou en só groei die liggaam "in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus".

'n Mens kan nie anders as om hier getref te word deur die wisselwerking en interafhanklikheid binne die gemeente nie. Ook die doelwitte vloei inmekaar. Terwyl die gemeente groei in Hom, word dit opgebou en terwyl die gemeente opgebou word, groei dit in Hom. Die koepelwaarheid is dat dit hier gaan om die gesonde verhouding tussen ampte, ampsbediening en gemeente. Waar hierdie verhouding gesond is en waar elkeen in sy amp getrou is, word Christus verheerlik as Hoof van sy liggaam en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

groei die gemeente in Hom tot 'n eenheid; word dit opgebou deur die ondersteuning wat elke lid gee; vervul die gemeente sy roeping in hierdie wêreld.[161]

Die bespreking van hierdie aspek word afgesluit met twee besondere en sinvolle opmerkings van die Rooms-Katolieke teoloog Edward Schillebeeckx.[162] Hiervolgens het die amp in die nuwe Testament ontwikkel rondom en vanuit die apostolisiteit — dit is vanuit die noodsaaklikheid van die "verkondiging, gemeenteleiding en gemeente-opbouw". Volgens hom is dit dan ook opvallend dat alle gemeentes van die meer charismatiese tipe in die loop van die tweede eeu volkome verdwyn het of tot Christelik-gnostiese sektes verval het. Hieruit blyk histories dat 'n gemeente sonder 'n goeie, nugter pastorale institusionalisering van sy ampte (en uitbreiding daarvan in gewysigde omstandighede), die gevaar in hom omdra om sy apostolisiteit, uiteindelik die Christelikheid van sy oorsprong, inspirasie en oriëntering vergoed te verspeel — en ten slotte sy eie identiteit.

### 2.3.3 DIE BEDIENING VAN DIE AMPTE

Om hierdie paragraaf oor ampsbediening en die gemeente af te sluit, word hier gehandel oor dit wat wesenlik tot die diens van elke afsonderlike amp behoort.

#### 2.3.3.1 Die leraar en die gemeente

Al sê baie lidmate dit nie in woorde nie, beskou baie die leraar as 'n werknemer van die gemeente, 'n betaalde amptenaar wat in die gemeente en namens die gemeente God se werk doen. Hierdie wanopvatting wortel in drie dinge:

* Lidmate het met die jare verleer wie en wat die gemeente en sy roeping is.
* Lidmate het 'n leraarsbeeld opgebou wat onbybels is.
* Lidmate is deur leraars gesterk in hul wanopvattings deurdat hulle (die leraars) die gemeente se werk begin oorneem en probeer doen het.

Wie egter die ampte Bybels wil sien funksioneer, kan nooit só, soos hierbo genoem, dink en doen nie. Die kerk kan nie slaag as beide leraar en gemeente buite hulle deur God bedoelde ruimte funksioneer of nie funksioneer nie. Hoe gouer daar in elke gemeente en in elke amp volgens die bedoeling van God gefunksioneer word, hoe gouer kan die gemeente weer in hierdie wêreld God verheerlik en sy roeping in en teenoor die wêreld vervul.

★ 1 Die leraar is nie 'n gehuurde werknemer van die gemeente nie — net so min as wat die gemeente onbetaalde werknemers of gunsdoeners van die leraar is. Die Hoof van die Kerk het leraars gegee as gawes aan die gemeente wat sy liggaam is.[163] Wat hulle taak in onderskeiding van die profete se taak was, is moeilik om te sê. Volgens Ridderbos was hulle taak die onderrig en oordra van die apostoliese tradisie, die heilshistoriese inhoud daarvan en die daaruit voortvloeiende paranese. Hulle taak



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

het daarom die hele inhoud van die verkondiging ingesluit.[164] Volgens hom sou in besonder die onderrig (kategese) van diegene wat gedoop wou word tot hul taak behoort het.[165] Terwyl die profete meer die aktuele (onmiddellike) gebring het, het die leraars die tradisionele evangelieprediking gedra — van beide se taak was egter die wesenlike — "de opbouw, de vertroosting, de geestelijke leiding van de gemeente".[166]

★2 'n Ander aanduiding van hulle taak in die gemeente vind ons in 1 Tim. 5:17 waar sprake is van ouderlinge wat goed regeer en (ander) wat arbei in *woord* en *leer*. Hier kom ook die beginsel ter sprake dat die wat arbei in woord en leer en hulle lewe totaal daaraan wy (en daarom nie self op 'n ander wyse lewensonderhoud kan verdien nie), deur die gemeente versorg moet word. Die noodsaak vir hierdie soort ouderlinge en hulle opleiding is waarskynlik genoodsaak deur die groeiende opkoms van dwaalleer.[167] Die nadruk lê dus hier swaar op die taak tot prediking. Sy werk is 'n Woordwerk. Die bediening van die Woord hoort tot sy primêre roeping. Dit wil nie sê dat die regerende ouderlinge nie ook die Woord moet hanteer (sê) nie, maar by hulle lê die klem meer op die toesig.

Die leraar skuld daarom die gemeente die Woord. Deur die Woord getrou te bedien, vervul die leraar sy roeping in die gemeente.

★3 Voeg hierby die saak wat reeds in die vorige paragraaf breedvoerig beredeneer is, naamlik die toerusting van die gemeente deur die Woord. Die gemeente het 'n roeping tot dienswerk en hiervoor mag hul toerusting van die leraar verwag.

★4 Hoewel dit nie hier die plek is om dit te fundeer nie, word hier volledigheidshalwe vermeld dat volgens die bevestigingsformulier ook die bediening van die sakramente en die gebede; die doen van huisbesoek; die hou van goeie tug en orde ook tot die roeping van die leraar ten opsigte van die gemeente behoort.[168]

★5 Genoeg is gesê om saam te vat dat dit in die roeping van die leraar teenoor die gemeente, gaan om Woordbediening, toerusting en versorging van die kudde, leiding en begeleiding sodat die gemeente opgebou kan word soos wat God dit bedoel het.

2.3.3.2 Die ouderling en die gemeente

★1 Daar is in die Nuwe Testament 'n duidelike koppeling tussen die herder en die leraar. In Ef. 4:11 word beide as't ware in een asem genoem. Volgens Ridderbos dui dit juis op die noue verwantskap tussen die werk van die herders en die leraars en lê die gemeenskaplike in die leiding en versorging van die gemeente.[169] Volgens Ridderbos doen die herders die werk wat later aan die amp van die presbiter verbind word. Terwyl die leraars dus spesiaal die "onderwijs" behartig, gaan dit in die werk van die herders meer om die algemene leiding van die gemeente.[170]

★2 Volgens Ridderbos behoort dit volgens die pastorale briewe in besonder tot die amp van die ouderling om leiding te gee en sorg te dra vir die goeie gang van sake in die gemeente.[171] Volgens die woorde in die ver-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

skeie tekste wat na hulle taak verwys,[172] is dit duidelik dat die ouderling verantwoordelik is vir die toesig, die regering en die leiding van die gemeente.

★3 In die verband van hierdie studie is dit van uiterste belang om hierdie verantwoordelikheid van die ouderling te beklemtoon. Wanneer "die sorg wat suiwer hou" in die gemeente verwaarloos word, dan word die kerk 'n deel van hierdie wêreld en die wêreld word deel van die kerk. Só kweek die kerk sy eie kerkvervreemdes, so huisves die kerk later "buitekerklike lidmate", so verlam die kerk homself en verloor die kerk sy roeping in hierdie wêreld.[173] Die herstel van die ouderling volgens sy Bybelse bedoeling is dus vir die wese van die gemeente van die allergrootste belang. Ouderlinge moet versorgend, herderlik, leidend, beskermend, helpend, vermanend, bemoedigend met die opbou van die gemeente besig wees — en dit terwyl hulle met 'n priesterlike hart die eer van God, die suiwerheid van die gemeente en die redding van die sondaar soek. Ook vir hulle, soos vir die leraars, moet dit daarom gaan dat dit 'n gemeente van die Woord sal wees wat in gehoorsaamheid aan die Woordeise van sy Hoof sy roeping vervul.

2.3.3.3 Die diaken en die gemeente

★1 Hier hoef nie volledig oor die eise van die diens van barmhartigheid gehandel te word nie. Wat wel ter sake is, is die taak van die diaken ten opsigte van die opbou van die gemeente. Hulle amp in die Nuwe Testament dui in besonder op die onderlinge hulpbetoon, uitdeel van gawes, bediening van die tafels en die beoefening van barmhartigheid.[174] Hierdie amp is, soos die ander twee, nie bedoel om die gemeentediens te vervang nie, maar juis om die gemeente te help om sy roeping ten opsigte van die diens van barmhartigheid te vervul. In die verband van hierdie studie is hierdie waarheid van groot belang. Evangelisasie vereis 'n groot stuk barmhartigheid. Karres sê in hierdie verband tereg dat die diaken wat ontdek dat sy amp nie maar "'n individuele onderonsie tussen die Here God en homself is nie" (vry vertaal MN), alles sal doen om die gemeentediakonaat te bevorder en alles sal nalaat wat dit in die weg staan. Hy is daar om die diens van die gemeente te bevorder.[175] Hy moet die gemeente voorgaan in die regte lewe; hy moet die "stof" vir die voorbidding aandra na die erediens en bidure; hy moet voorligting en inligting verskaf; die gemeente egte offervaardigheid leer en die gemeente met geld leer werk.[176] Tereg sê die formulier vir die bevestiging van die diaken in sy amp dat hy ook die evangelie saam met die barmhartigheidsbewyse moet uitdeel.[177]

★2 Die diakens het saam met die leraar en ouderling 'n toerustingsfunksie teenoor die gemeente. Ook hy moet die gemeente help om te kan doen wat van die gemeente in hierdie wêreld verwag word. Die amp het 'n selfstandige plek en kom net soos die ander ampte uit die amp van die Gesalfde en uit die amp van die apostels.[178] Ridderbos meen ook dat die amp van die diaken net soos die van die ouderling in sy eie bestaansdoel onderskei moet word. Dit is naamlik "een middel om in de geordende weg de gemeente in het rechte beheer van de haar van Christus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

geschonkén gaven en krachten de leiding te geven, die zij voor haar blijvende en regelmatige opbouw nodig had''.[179]

### 2.3.4 SAMEVATTENDE WOORD

Dit gaan in die ampte om diens op gesag van die Gewer van die ampte in die gemeente. Dit gaan egter eweneens om die diens van die gemeente. Oor laasgenoemde word in die volgende paragraaf gehandel. Wat die diens van die ampsdraers betref kan besluit word met 'n woord van Klaus Vollmer. Volgens hom vind die uitdeling van die ''gawes'' in die nouste verbondenheid met die gekruisigde en opgestane Here plaas. Hier, by die kruis, word teoloë gebore. Hiervandaan kom die herders met 'n belydenis en met 'n hart. Hier word predikers gebore, hier word diakens (dienaars) toegerus; by die kruis, in die versoening — en as dit hier nie gebeur nie, dan nêrens anders nie.[180]

## 2.4 GEMEENTE EN DIENS

### 2.4.1 DIENSKARAKTER VAN DIE GEMEENTE

In die verband van hierdie studie is die regte uitgangspunt ten opsigte van die dienskarakter en -taak van die gemeente van groot belang. Hierdie waarheid naamlik dat die kerk dienend sy Here in hierdie wêreld verkondig en verteenwoordig is immers uitdruklik Bybels. Heyns sê in verband met die eenheid as eienskap van die kerk tereg dat dit ook 'n eenheid van diens is en ''omdat die diens van die kerk bepaal word deur die diens van Christus (Matt. 20:28), kan die kerk omskryf word as 'n gemeenskap van diensbetoning (2 Kor. 9:1; 1 Pet. 4:10)''.[181]

Die Evangelies verkondig Jesus Christus as die groot Dienskneg van God. Hy is die lydende kneg van die HERE. Hy is die Een wat gekom het om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Hy het aan sy dissipels 'n tafelkneg-voorbeeld gestel en hulle voete gewas. Hy was onder hulle soos Een wat dien.[182] ''Sy lewe het ingehou die vervanging van die egoïsme deur die diensgedagte. En die hoogste uiting van die diensgedagte is die lewensoffer vir die behoud van die naaste. Almal wat aan Hom toebehoort, moet dieselfde gesindheid openbaar. ... Ons dien, nie om Christene genoem te word nie, maar omdat ons Christene is ... Die diensmotief vind sy fundering in die optrede van die Seun van die mens.''[183]

Op grond van bogenoemde duidelike Bybelse uitgangspunte word deur vele gekonkludeer: Die kerk is diens of die kerk is diens doen. Só byvoorbeeld stel De Vries dit ''omdat Christus zijn werk in en door de ekklesia voortzet en deze er is terwille van het Rijk Gods en zo terwille van de wereld''.[184] De Klerk sê dat die ''lewenstruktuur van die 'ekklesia', die volk van God, gekarakteriseer word deur diens. Die volk van die algemene priesterskap van die gelowiges is die diensgemeenskap''.[185] Havlik sien ook die beklemtoning van die diakonia in verband met die volk van God wanneer hy sê: ''the focus of this word is on the laity'' en ''the men who enrolled in the Master's school took lessons in diakonia''.[186]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Volgens De Vries word hierdie diakonia van die gemeente gevoed en gestimuleer deur en vanuit die liturgie. Terselfdertyd moet diens vanuit die liturgie ook weer lei tot die liturgie. Hierdie twee behoort bymekaar. Tereg sê hy dat liturgie sonder diakonia slegs neerkom op 'n koestering van die siel "die wel vroom lijkt, maar het gebod en de betekenis van de eredienst totaal niet blijkt te verstaan, want de dienst van Christus aan de gemeente mondt toch uit in de opdracht desgelijks te doen en de naaste voor de ander te zijn".[187]

So staan ook die diakonia en die getuienis (marturia) van die kerk in die nouste verband met mekaar. Die diakonia is nie waarlik evangelies sonder die getuienis van Hom wat die kerk tot diens roep en uitstuur nie. En tog gaan die diakonia nie in die getuienis op nie. Diakonia is op sigself ook getuienis. Die kerk moet verkondig, maar ook dien. Die kerk moet dien, maar ook verkondig. Prediking is daarom 'n bepaalde vorm van diakonia.[188]

In hierdie verband skryf Verkuyl dat 'n kerk wat nie 'n diakonale kerk, 'n dienende kerk is nie — geen kerk is nie. Op grond van onder andere Mark. 10:45 skryf hy dat die diens van Christus wys op "de diepste bevrijding van mensen en samenlevingen en op de aankomst van het Messiaanse Rijk, terwijl diakonein tevens slaat op het verlichten en zo mogelijk opheffen van sociale, lichamelijke en psychische noden. Diakonia heeft in het Nieuwe Testament altijd en overal een *kerugmatisch* of getuigend karakter, het heeft altijd en overal te maken met *de aankondiging en de komst van het Messiaanse Rijk*".[189] Volgens hom is diakonia 'n struktuurprinsipe van die kerk — ewe wesenlik as die sending.[190]

Sonder om dus enigsins die verskeie aspekte van die diakonia van die kerk soos die prediking, kategese, pastoraat te verkleineer, kan dit tog met vrymoedigheid gesê word dat die kerk geroep is om priesterlik dienend in hierdie wêreld teenwoordig te wees. Selfs terwyl daar verkondig word, is dit 'n koninklike priesterdom, wat geestelike offers bring, wat geroep is om te verkondig.[191] Congar skryf in verband met hierdie offergedagte by die algemene priesterskap van die gelowiges tereg dat in hierdie sin alles in hierdie wêreld *amp* is, naamlik dat ons niks net vir onsself besit nie, maar alles is gelyktydig vir die onthalwe van almal en vir onsself.[192]

Om die gemeente op te voed tot diens en in te lei in sy dienskneggestalte, is dus vir die bediening van die versoening van groot belang.[193] Hierdie voorbereiding en toerusting tot diens is dikwels 'n jarelange proses. Klaus Vollmer in sy reeds aangehaalde artikel vra tereg of die kerk nie meermale met sy gawes (ook die ampte) in bogenoemde sin die gemeente *gedien* het en of dit nie maar 'n voortsetting van die bestaande toestand is naamlik dat die gemeente *bedien* word nie. Dit sê hy is tog 'n hoofsaak by die apostels dat die ampte die gemeente op so 'n wyse moet dien dat die lidmate op hul beurt in staat is, bekwaam is om te dien [194] (vryvertaal MN).

### 2.4.2 KARAKTER EN INHOUD VAN DIE DIENS

Die vraag is nou wat die *karakter* en die *inhoud* van hierdie diens is. Hier-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die vraag word deur sommige radikaal beantwoord. Dat hierdie diens die kerk tot volle betrokkenheid by en in die konkrete nood van mense lei, word deur baie min, indien enigiemand, betwyfel. Sommige wil egter die diens laat opgaan in sosiale betrokkenheid.[195] Ook Symanowski wil alles aan die diakonaat ondergeskik maak.[196] So teken ook Winter die beeld van die "dienskneg-kerk". Die taak van hierdie kerk is daar "waar de strijd moet worden gevoerd tegen de machten en structuren die de weg versperren naar een menselijker samenleving, naar het Rijk en de gerechtigheid".[197]

Winter skryf ook insiggewende dinge oor die dienende kerk, waarmee saamgestem kan word. Tog trek hy die waarheid skeef wanneer hy die taak van die dienende kerk laat opgaan in die "anamnesis", die herinnering of bewusmaking van die egte sake waarom dit gaan ten einde mense vry te maak om hul eie toekoms met wysheid te bou. Die gemeentelewe is dan slegs 'n basis van waaruit die gelowiges hul vernaamste werkterrein vind in die openbare sosiale, ekonomiese, edukatiewe en politieke lewe.[198] 'n Dienende kerk is volgens hom die "vereniging van hen die zich bewust zijn van hun vrÿheid als mens om de toekomst gestalte te geven".[199]

Winter se beklemtoning van die diens van die "leke" (soos hy dit noem) is noemenswaardig. Hy sien hierdie loskom van die gelowiges uit die hiërargie van ampte en strukture as 'n gesonde sekularisering van die kerk — en in die sin 'n stuk voortsetting (selfs verbetering) op die Hervorming. Hierdie vrygemaakte volwasse gelowiges, is in hierdie wêreld die kerk. Daarom is die eerste plek waarheen die kerk gestuur word, na homself ten einde die kerk te herinner (anamnesis) aan dit waarom dit in die evangelie gaan naamlik die stryd om geregtigheid en 'n beter, "leefmilieu".[200] Die normale geestelike aktiwiteite, waar die geestelikes deur enkele leke bygestaan word, moet daarom in 'n dienende kerk omgedraai word tot 'n bediening van die leke in die wêreld, bygestaan deur "theologische specialisten".[201]

Al verskil 'n mens ook op baie punte met Winter, is hierdie laaste opmerking tog wel Bybels goed verantwoord. Die kerk is as liggaam van Christus in hierdie wêreld dienend teenwoordig. En in hierdie dienende teenwoordigheid voer die kerk sy getuienistaak uit. Anders kan dit nie. Die kerk is nie groter of anders as sy Hoof nie. Hoe die kerk in navolging van sy Hoof leef (werk en dien) het missionêre betekenis. "Hierdie daadgetuienis word beskou as 'n kragtige middel wat lei 1) tot verheerliking van God 2) bekering van mense 3) die ontwapening van kritiek en 4) respek vir die gemeente van Jesus Christus."[202]

Die karakter van die diens is van groot belang vir die evangelisasietaak van die gemeente in hierdie wêreld. Deur sy diens, die kwaliteit en inhoud daarvan, *is* die gemeente reeds 'n getuienis wat roep tot dissipelskap van Jesus Christus. Havlik merk in hierdie verband op wat die gelowige met sy diens is: "The layman is in the front of the battle, on the cutting edge of the faith. He is there to serve in the name of the servant ... He is an illustration to them of what they ought to be to the world ... He is loving, compassionate, forgiving and self-effacing to teach them what



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

they ought to be in the world".[203] En, sê Syrdal tereg: "Evangelism is not a perfunctory act, but a ministry. It means taking time to manifest loving concern in hopes that the person confronted may find Christ as Saviour and be fully established in the fellowship of the church".[204] "In selfgiving ministry, the sanctity of the church is tested."[205]

Die karakter en inhoud van die diens sou myns insiens saam met De Vries tipeer kan word as:

* Christusdiens — 'n diens *aan* en 'n diens *van* Christus
* Koninkryksdiens
* Antwoordende liefde in persoonlike en gemeenskaplike verantwoordelikheid
* Antwoord op vrae gebore uit die nood van die wêreld
* 'n Teken van die helende krag van die koninkryk
* Die diens het 'n interim-karakter, dit is eskatologies van aard
* Dit is kerugmatiese en koinoniale diens.[206]

Wanneer bogenoemde karakter van die diens en die dienskneggestalte van die kerk vasgehou word, hoef daar seker nie gevrees te word dat die kerk sal verval tot 'n sosiale rehabilitasiesentrum of vereniging nie. Maar aan die ander kant sal die kerk dan ewemin kan verword tot 'n bestaan in homself en ter wille van homself. 'n Gemeente wat Bybels opgebou word, word opgebou om soos sy Here dienend in en vir hierdie wêreld te leef. Tereg sê Verkuyl dat in hierdie woord (diakonia) 'n sleutelbegrip lê vir die "verstaan van de persoon en het werk en Evangelie van Jezus Christus en daarom ook voor het verstaan van de taak van de christelijke kerk".[207] Vir die kerk kom dit meermale neer op 'n verlossing uit selfsug en 'n bekering tot evangeliese en evangeliserende diensbaarheid. Dis diens waar daad en getuienis hand aan hand gaan.[208] Küng sê myns insiens in hierdie verband tereg dat "een kerk die in deze eindtijd vergeet dat zij er is voor onzelfzuchtig dienen van de mens, van de vijanden, van de wereld, verliest haar waardigheid, haar gelding, haar bestaansrechtvaardiging, omdat zij de ware navolging van Christus loslaat".[209]

Armstrong gebruik in hierdie verband ook die term "servant church", maar anders as byvoorbeeld Winter. Vir hom beteken dit dat die kerk 'n tweeledige taak het ten opsigte van die dien van mekaar (onderlinge sorg en opbou) en die dra van die goeie nuus na die wêreld. Hierdie dienende kerk het dan 'n drieledige funksie in die wêreld te wete 'n profetiese funksie, 'n priesterlike funksie en 'n kommunale funksie. Onder die priesterlike funksie verstaan hy die ingaan in die nood van persone en die funksionering van die kerk as versoenende gemeenskap, versorgende gemeenskap, 'n gemeenskap vir en van geregtigheid .... [210]

Hierby kan met vrymoedigheid aangesluit word. Wanneer die gemeente só sy heer in hierdie wêreld verteenwoordig, is die gemeente evangeliserend teenwoordig en is die diens van die gemeente opsigself al 'n getuienis tot eer van God en redding (totalitêr) van mense. Hiertoe moet die gemeente begelei en opgevoed word. Wanneer Ridderbos skryf oor die funksie van die amp van die diaken in die gemeente, noem hy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

bogenoemde taak van die diaken die "revalidatie van het lichaam van Christus als dienende gemeenschap — dat is de grote en grootse taak van de diaken".[211] Hiervoor moet ook die ouderling en die leraar hulle toerustingskragte inspan sodat 'n eenheid tussen diens en getuienis gehandhaaf word. Sodoende is die gemeente 'n getuigende diensgemeenskap en dienende getuies — sonder dat die een teenoor die ander afgespeel word.[212]

## 2.5 GEMEENTE EN JEUG

2.5.1 Die opskrif van hierdie paragraaf is op sigself aanvegbaar. Die vraag is of 'n mens moet praat van gemeente *en* jeug? Moet dit nie liewer gemeente-jeug wees nie? En tog moet die opskrif so gehandhaaf word omdat dit juis die doel is om hier die verband van die gemeente en die jeug prinsipieel te begrond. Dit gaan dus hier oor die wyse waarop die gemeente die jeug beskou en behoort te beskou. "Gemeente" verteenwoordig dus hier die meer volwasse en ouer lidmate sowel as die besondere ampte. Oor wie die jeug presies is en wat kerklike jeugarbeid is, word later in hoofstuk 3 gehandel. Vir die doel van hierdie deel van die studie is dit genoeg om onder jeug te verstaan dié wat jonk in jare is — op pad na volwassenheid. In baie breë terme is dit diegene tussen 0 en ± 25/26 (met 'n sekere oorloop tot ± 29/30).

2.5.2 In die geskiedenis van die Gereformeerde kerke is jeugwerk dikwels aan vrye verenigings oorgelaat.[213] Kategese is as direkte gemeente- of kerkwerk beskou. Sterk Christelike verenigings is opgebou met of sonder direkte steun van die kerk. Selfs sterk denominasionele jeuggroepe is opgebou só dat daar dikwels meer lojaliteit opgebou en betoon is teenoor sodanige organisasies as teenoor Christus en sy kerk. En dit omdat die kerk meermale denkfoute gemaak het oor die plek van die jeug in die gemeente (of as die gemeente). Sekere skrywers praat van die "dwaling" van die kerk op hierdie punt. Hulle noem dit onder andere die "future-church" dwaling waar die jeug beskou word as die kerk van môre.[214] Dit is beskouinge soos hierdie wat daartoe gelei het dat daar aan jeug en kerk as twee teenoormekaarstaande partye gedink word en jeugwerk word dan byna 'n poging om 'n versoening tussen die twee tot stand te bring.[215] Dit is natuurlik waar dat daar op menige plek so 'n "teenoor" verhouding bestaan. En daar is baie redes voor, sowel van die kant van die jeug as van die kant van die instituut.

### 2.5.3 DIE JEUG VOLGENS DIE SKRIF

Wat is nou die verhouding gemeente: jeug volgens die Skrif? Volgens die Jeugbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou die Skrif die jeug as 'n wesenlike deel van die gemeente.[216] Die verslag op grond waarvan die jeugbeleid geformuleer is, bespreek breedvoerig die plek van die kind en die jongmens in die Skrif en konkludeer soos volg:

★1 "Die Ou Testament ken aan die kind 'n besondere plek toe. Die kind is gesien as 'n gawe van God aan die ouer en God se besorgdheid oor die kind blyk duidelik uit die Ou Testament.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★2 Die besondere betekenis van die kind in die Ou Testament blyk enersyds uit die feit dat die voortbrenging van kinders 'n goddelike skeppings-ordonansie is, en andersyds uit God se verbond met Abraham en met die kinders wat vir hom gebore sou word.[217]

★3 Die Here Jesus self bring die kind sterk na vore terwyl Hy enersyds die kind stel as voorbeeld van wat die mens moet wees om die koninkryk van die hemele te beërwe, en terwyl Hy andersyds 'n wee uitspreek oor almal wat 'n kind laat struikel of verag. Kinders is deel van die koninkryk van God en het deel aan sy weldade.[218]

★4 Kinders is van die begin af aanvaar *as deel van die gemeente* (kursief MN), hulle is gedoop en onderrig as kinders van die verbond, hulle is betrek by en het 'n aandeel gehad aan die amptelike godsdiensoefeninge.

★5 Net soos die kind, neem ook die jongmens 'n besondere plek in die Skrif in. Daar is besondere waardering vir die jongmens en jongmense word telkens by die naam of as groep vermeld.[219]

★6 Die verbondsperspektief ten opsigte van die jongmens moet steeds in die oog gehou word; die jongmens is 'n integrale deel van die verbondsvolk en na mate hy opgroei tot volwassenheid, leer hy om op verantwoordelike wyse verbondsverpligtinge te aanvaar.

★7 Die kerk moet vir die jongmens met sy bruisende vitaliteit, ruimte skep om die besondere moontlikhede wat in hom skuil, in diens van die kerk te verwesenlik.

★8 Die Nuwe-Testamentiese briewe met hul besondere verwysing na jongmense, gaan uit van die veronderstelling dat die jongmense, as 'n integrale deel van die gemeente, in die erediens teenwoordig is wanneer die briewe daar gelees word.[220]

As praktiese implikasie van bogenoemde stellinge (op grond van die Skrif en die jeug) stel die verslag onder andere dat "die jeug moet gesien en benader word *as 'n integrale en onafskeidbare deel van die kerk en die plaaslike gemeente* (kursief MN) en moet ten volle geken, aanvaar en betrek word by alle kerklike en gemeentelike werksaamhede, in die huisbesoek en in die erediens; hulle mag nie geïgnoreer, verbygegaan of afsonderlik behandel word nie".[221]

Dit gaan in hierdie paragraaf veral om die bevestiging van die waarheid naamlik dat die jeug 'n integrale, wesenlike deel van die gemeente is. Volgens die Skrif is dit immers duidelik dat die kind en jongmens nie eers op 'n sekere (volwasse) ouderdom deel van Gods volk en sy bemoeienis word nie. God sluit die kind in sy verbondsvolk in.[222] S. Little haal Robert C. Johnson aan waar hy sê "everyone who is baptized shares fully, and should share equally, in their priesthood of the body".[223] So gaan Kenneth D. Gangel ook van hierdie beginsel uit wanneer hy skryf oor die Bybelse fundering van jeugwerk: "The christian young person needs to realize that because *he is a part of the church* (kursief MN), *the body of Christ*, he has obligations and responsibilities to his local church".[224]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Sonder om hier in te gaan op die omskrywing van *jeugbediening*, blyk bogenoemde waarheid ook telkens wanneer die kerk of skrywers laasgenoemde formuleer. So skryf J. M. Corbett en C. E. Johnson byvoorbeeld: "Youth ministry is more than 'preparing youth to become a part of the church'. It is *youth, who are a part of the church now* (kursief MN), becoming involved in mission in their world".[225] Die hele tesis waarop S. Little se genoemde boek berus, is ook dat: "Youth who are members of the church are called to Christian discipleship *now*, as people of God placed in the world for ministry; they are a part of the ministering body of Christ, within which they are supported and equipped for the fulfilling of their common calling".[226] Hierdie standpunt handhaaf sy regdeur — ook wanneer dit kom by die moontlike afsonderlike begroting van die jeugorganisasie.[227]

Met reg kan dus gesê word dat wat van en vir die gemeente as liggaam van Christus geld, geld vir die gemeentejeug as integrale en wesenlike deel van die gemeente. Die jeug is as deel van die liggaam 'n gemeenskap van gelowiges onder die Heerskap van die Hoof van die liggaam. Hulle is deel van die dienende gemeenskap as gestalte van die kerk in hierdie wêreld. Minstens die volgende konsekwensies is hier van belang:

.1 Die jeug is nie 'n losstaande groep mense in die gemeente nie. Hoewel eiesoortig, is hulle nie apart nie.[228] Die verbond en die wese van die gemeente maak dit onmoontlik. Hoewel die jeug vanweë hul eiesoortige lewensbehoeftes spesifieke aandag nodig het en moet kry, moet hulle steeds as 'n wesenlike deel van die gemeente benader word.[229]

.2 Die jeug mag nêrens in die gemeente oor die hoof gesien of geïgnoreer word nie. Die gemeente is nie (slegs) die volwassenes nie — net so min as wat dit (slegs) die jeug is. Die jeug moet in elke faset van die gemeentebediening bygedink word en daar moet met hulle rekening gehou word as wesenlike deel van die gemeente — in die eredienste, pastoraat en watter afdeling van die bediening ook al.

.3 Die jeug is as deel van die gemeente gemeenteverantwoordelikheid. Die kind en die jongmens is nie maar die verantwoordelikheid van 'n paar jeugliefhebbers nie. Hulle is gemeente- en kerkverantwoordelikheid. Hulle is die verantwoordelikheid van die verbondsouers, kategete, ouderlinge, diakens en lidmate onderling — en hulle is mekaar se verantwoordelikheid (as mede-jeug).

Om die gemeentejeug bou die gemeente 'n "muur" van liefdevolle versorging, ondersteuning, onderlinge vermaning tot vorming as Skrifgetroue volgelinge van Christus en verantwoordelike lidmate van die gemeente — waarvan hulle wesenlik deel is.

### 2.5.4 WESENLIK DEEL VAN DIE GEMEENTE?

Bogenoemde waarheid en die konsekwensies daarvan is van groot belang. Nie alleen lê hier die basiese antwoord teen jeugvervreemding van die kerk nie, maar ook die antwoord van die gemeente (jeug ingesluit) ten opsigte van jeugevangelisasie. Met 'n kerkbegrip waar jeug en gemeente teenoor mekaar gestel word (al is dit soms nie bewustelik nie), loop dit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

noodwendig daarop uit dat die jeug die kerk (grootmense, ampte, instituut) gaan sien as versperring op die pad van Christenwees; lei dit tot teleurgesteldheid in die kerk en godsdiens en word die kerk een van die grootste oorsake van kerkvervreemding by die jeug.[230] Ongelukkig bestaan hierdie soort denkrigting selfs vandag nog in Gereformeerde kringe — al is dit dan nie eksplisiet nie. So byvoorbeeld sê selfs die titel van Heitink en Hogenhuis se boek iets daarvan: Kerk en Jongeren. Die inhoud van die mooi en lesenswaardige boek stuit ook telkens op die historiese opvatting dat jeugwerk as't ware 'n arbeidsplek naas die gesin, skool en kerk gegun word. Dit is die ou gereformeerde benadering dat jeugwerk 'n vrywillige saak is en deur vrywilligers vir vrywilligers onderneem word. Jeugpastoraat hoort egter wesenlik tot die verantwoordelikheid van die kerk. Jeugwerk word deur selfstandige institute in noue samewerking met die kerk onderneem: "Kerk en jeugwerk (georganiseerd) zijn beide outonoom".[231] Prediking en kategese behoort tot die taak van die kerk en hoewel die res (clubwerk ens.) ook in die gemeente begin, is dit tog nie die direkte taak van die gemeente nie.[232]

Daar word ook besware teen hierdie benadering vanuit die kerke wat so 'n beskouing handhaaf, gehoor. Die Presbiteriaanse Kerk waarvan S. Little lidmaat is, is hier 'n mooi uitsondering. Maar ook vanuit Lutherse kring maak Leonard Sibley byvoorbeeld beswaar teen die term "identifikasie" in die definisie van konfirmasie in die bekende rapport van die "Joint Commission on the Theology and Practice of Confirmation" (1967). Hy sê: "This phrase then seems to imply a form of polarization — there is an adult community and there is a community of Christian children or young people and these two communities are different. Such a viewpoint, of course, has no validity in terms of Lutheran theology which assumes that children become members of the Christian community upon their Baptism. As one looks at the empirical church, however, it does seem to be a fact that the adult community is set off from the community of children and young people".[233] Ook hier blyk dit dus dat hoewel 'n kerk soms teologies handhaaf dat die jeug vanweë die verbond en die doop deel van die gemeente is, dit in die werklike praktyk van kerkwees dikwels op allerlei wyses en in terme van spreke nie gehandhaaf word nie.

### 2.5.5 SAMEVATTEND

Die uitgangspunt word hier gehandhaaf dat alles wat vir die gemeente geld, (vergelyk 2.1.2.4) vir die jeug geld, want kinders en jongmense is wesenlik deel van die gemeente as liggaam van Christus. Kragtens die verbond, die doop en die openbare belydenis van geloof *is* hulle gemeente van Jesus Christus. Weliswaar is hulle doop- en belydende lidmate in verskillende stadia van groei en ontwikkeling, met eiesoortige behoeftes en probleme, maar om geeneen van hierdie of ander redes minder lidmaat as enigiemand van hoër ouderdom nie. Die jeug deel in die wese, die voorregte, maar ook in die diens en taak van die gemeente.

## 2.6 GEMEENTE EN EVANGELISASIE

Evangelisasie word meermale in kerklike kommissies en ander



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kerkvergaderings die "*stiefkind*" in die gemeentelike bediening genoem. Daarmee word dan gewoonlik bedoel dat evangelisasie min aandag geniet, min entoesiasme daarvoor is of dat daar selfs antagonisme teenoor die evangelisasietaak geopenbaar word. En dit is helaas meermale waar: Barnard skryf tereg: "Ons kerke en kerkrade en gemeentes is so min gegryp deur die saak en nood van die vervreemding en die roeping tot evangelisasie".[234]

Die redes vir bogenoemde is verseker meervoudig en gekompliseerd. Een daarvan is egter onkunde en misverstand oor en ongehoorsaamheid aan die ware betekenis van evangelisasie in die verband gemeente — evangelisasie. Daar sal nou gepoog word om enigsins in te gaan op die betekenis van evangelisasie, die motiewe daartoe, die doel daarvan, die verband tussen gemeente en evangelisasie, die taak van die leraar daarin ten einde tot sekere beginseluitgangspunte te raak waarbinne jeugevangelisasie nie alleen *kan* nie, maar ook *sal* verwesenlik word. Elke gemeente wat op 'n Bybelse wyse met evangelisasie omgaan, sal immers die vrug daarvan op alle terreine pluk.

## 2.6.1 DIE WESE VAN EVANGELISASIE

### 2.6.1.1 Evangelisasie volgens die Bybel

★1 Die Nuwe-Testamentiese werkwoord hou ten nouste verband met die naamwoord: Evangelie.[235] Dat hierdie woord "goeie nuus" of "blye boodskap" beteken, is reeds bekende nuus. Dit was hierdie goeie nuus wat Palestina rondom die jaar 30 n.C. getref het. Green sê tereg dat dit nie net die nuus van 'n skrynwerker-meester was wat onder Romeinse wet gesterf het nie, maar "it was nothing less than the joyful announcement of the long awaiten Messianic salvation, when God had come to the rescue of a world in need. Small surprise, then, that the content of their message became known as *to euangelion, the good* news".[236] Hierdie verkondigde goeie nuus het later die geskrewe goeie nuus geword. Die werkwoord vir die bekend maak van hierdie goeie nuus, word nie minder as 54 keer in die Nuwe Testament gebruik nie: Een keer deur Mattheüs, 10 keer deur Lukas, 21 keer deur Paulus, 2 keer in Hebreërs, drie keer in 1 Petrus en 2 keer in die Openbaring aan Johannes.[237]

★2 Hierdie werkwoord het diep Ou-Testamentiese wortels. Die Hebreeuse werkwoord bāsâr beteken om nuus oor te dra, maar word meesal gebruik om die oordra van goeie, blye nuus aan te dui. Die goeie boodskap wat oorgedra word (die bésôrāh), word soms versterk deur die byvoeging van "goed" (tōb), maar dit is om intensie daaraan te verleen of om te beklemtoon dat die een aan wie die nuus gebring word, goeie nuus verwag of hoor.[238]

Die naamwoord (bésôrāh) word nie in die bekende Jes. 61:1 gebruik nie. Die feit dat Jesus Jes. 61:1 in Luk. 4:18 aanhaal en op Homself van toepassing maak (sowel as die gebruik van euangelidzesthai vir bissar in die Septuaginta) is genoeg bewys dat ons hier wel te doen het met die Ou-Testamentiese weergawe van dit wat in die Nuwe Testament deur euangelizomai weergegee word.[239] Volgens Schilling is daar reeds in Jes.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

61 sprake daarvan dat die profeet in die aankondiging van die goeie boodskap "begins to realize that Yahweh himself is present and active in his word".[240] Volgens hom beteken hierdie Ou-Testamentiese woord dus *om goeie nuus te bring* (soos ook blyk uit die sekulêre gebruik van die woord) en dit ontwikkel in die betekenis van: "to proclaim a message of salvation".[241]

★3 In die Nuwe Testament word hierdie woord uiteraard nou verbind aan die persoon, lewe, werk, sterwe en opstanding van Jesus Christus. Die vervulling van Jes. 61:1 gebeur in Hom. So gee Hy ook self antwoord aan die dissipels van Johannes die Doper op laasgenoemde se vraag.[242] Sy lewe en werk is tekens van die Messiaanse ryk, 'n verkondiging van die koninkryk van God.[243] En "the presence of the kingdom of God means joy".[244] Verkuyl sien hierdie dimensie as 'n dieptedimensie en verbreding van die horison in die gebruik van hierdie werkwoord. Met die koms van Jesus word "het Koninkrijk Gods als "euangelion" verkondigt".[245]

Op grond van onder andere Luk. 8:1 word gesê dat hierdie verkondiging van 'n goeie boodskap gelyk is aan kerussein (verkondig). Die gesamentlike gebruik in bogenoemde teks "gives us a comprehensive picture of the whole activity of Jesus. His whole life was proclamation of the Gospel . . . His manifestation, not merely His preaching, but His whole work, is described in terms of euangelidzesthai".[246]

★4 Volgens die res van die Nuwe Testament is hierdie boodskap aan die Jode verkondig, maar ook aan die Grieke (die heidene).[247] Paulus gebruik hierdie werkwoord om sy hele bediening as apostel te beskryf.[248] In die Nuwe Testament, sê Friedrich tereg, is euangelidzomai meer as 'n blote gepraat — dit is proklamasie met outoriteit en krag. Die Woord wat verkondig word en wat hierdie goeie nuus dra, het krag.[249] "It is not a word of man, but the living, eternal Word of God. The Holy Spirit, who was sought for the day of salvation, attests Himself now in the time of fulfillment when the glad tidings are proclaimed . . . it is the powerful proclamation of the good news, the impartation of soteria".[250]

★5 Dit gaan dus in hierdie woord om die gesagvolle aankondiging van die goeie boodskap van Jesus Christus; die aankondiging van die Messiaanse ryk en die aanbreek van die Messiaanse tyd; om die kommunikasie van die goeie nuus met woord en daad;[251] om die bring van die goeie boodskap aan alle mense, Jode, heidene, almal — ook die gelowiges binne in die kerk.[252] Die normale gebruik van die woord staan in direkte verhouding tot die goeie nuus. Dit is die oordra en verspreiding hiervan wat in die hart van hierdie woord lê.[253] Die woord staan in die allernouste verband met die kerugma, marturia en diakonia van die kerk. Die inhoud van al vier is immers dieselfde goeie boodskap aangaande Jesus Christus, die Here.[254]

★6 Bybels gesproke is daar dus geen ander afleiding om te maak nie as die verklaring dat euangelizomai die ganse verkondigingsbediening van die kerk "omvat".[255] Om die goeie nuus te verkondig, is dus 'n koepelterm



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

of -taak van die kerk. Toespitsinge mag en moet ter wille van effektiewe gerigtheid gemaak word, maar ook dan moet geput word uit die diepte van hierdie omvattende woord naamlik dat dit in hierdie toegespitste bedieninge gaan om die een Evangelie, dié goeie nuus aangaande Jesus Christus, die Here wat oorgedra, aangekondig en verkondig moet word. Wanneer Margull tereg sê dat "kerugma, marturia, koinonia and diakonia belong to the esse of the Church"[256] kan met reg bygevoeg word dat ook euangelizomai tot die wese van die kerk behoort of andersom: kerugma, marturia, koinonia en diakonia vind hul diepste wese in die euangelion en die oordra daarvan (euangelizomai). Bogenoemde is nie bedoel om te sê dat Margull nie hierdie dimensie na vore bring nie. Hy skryf juis sy aangehaalde sin in die verband van die sendingtaak van die kerk waar dit gaan om die proklamasie van die koninkryk van God. Hy haal in die verband vir Visser't Hooft aan wat skryf dat in al vier (kerugma, marturia, koinonia en diakonia) "Christ Himself is active".[257]

Evangelisasie in Bybelse sin beteken dat die totale evangelie oorgedra word aan alle mense.[258]

2.6.1.2 As toegespitste bediening

★ 1 Onderskeidende terminologie

Hoewel die evangelie en die oordra daarvan die konstituerende faktore van al die werk van die kerk is, is alles wat die kerk doen tog nie *evangelisasie* nie. Deur die loop van die Nuwe Testament is dit reeds duidelik dat ook ander terme met sekere beklemtoninge gebruik word om spesifieke aspekte van gemeentebediening te belig. So byvoorbeeld is daar die groot klem in die Nuwe Testament op die opbou van die gemeente.[259]

Dit is duidelik dat die Skrif die opbou van die gemeente as van sentrale belang ag vir die besondere ampte, maar ook en veral die amp van die gelowige. Bolkestein merk byvoorbeeld ten opsigte van 1 Thes. 5:11 op: "De leden van de gemeente zijn gekenmerkt door een grote mondigheid. Evenals in 4:18 (1 Thes. MN) blijkt hier, dat het vertroosten en het vermanen als een taak van de hele gemeente gezien wordt. Geen enkele instantie neemt het gemeentelid deze opdracht af".[260] In sy proefskrif het J. J. de Klerk ondubbelsinnig aangetoon dat dit op grond van 'n verskeidenheid van tekste en op grond van spesifieke gemeenteterminologie duidelik is dat daar reeds in die Nuwe Testament 'n onderskeidende wyse van spreke is wanneer dit die opbou van die gemeente raak. Die bediening *aan* en *in* die gemeente word ook deur die term evangelisasie aangetoon,[261] maar 'n verskeidenheid ander terme word ook gebruik om die gemeentebediening te onderskei van die bediening aan hulle wat nog buite die gemeente staan.[262] Daar is dus in die Nuwe Testament talle aanduidinge van 'n toegespitste bediening met die oog op die opbou van die gemeente. So het *evangelisasie* ook met die loop van tyd 'n term vir 'n toegespitste bediening geword in onderskeiding van 'n gemeentebouende dienswerk. In albei gaan dit nog basies om dieselfde een evangelie, maar die toespitsing van hierdie goeie boodskap verskil.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★2 Terminologiese verwarring

Daar is deur die loop van die afgelope twee eeue ook baie ander terme naas evangelisasie gebruik. In die gereformeerde lyn is die term al meer gebruik as aanduiding van die bediening van die kerk aan diegene wat van die evangelie en van die kerk van Christus vervreemd geraak het.[263] So rapporteer die deputate vir evangelisasie van die Sinode Haarlem-Noord in 1973/74 aan die Generale Sinode van die Geref. Kerk van Maastricht: "Onder Evangelisatie verstaan wij — binnen het geheel van de opdracht van de kerk in de wereld — de verkondiging van het Evangelie in woord, daad en levenswijze — zowel in het dagelijks leven van de gemeenteleden als in georganiseerd werk — aan degenen die buiten het evangelie leven, opdat zij geloven en — met ons — gelovende het leven hebben in Christus naam".[264] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1966 na jarelange studie en na die bekende evangelisasiekongres in 1959 besluit: "Evangelisasie (is) die amptelike arbeid aan diegene wat vervreemd van Christus en sy kerk en buite kerkverband geraak het". Later word die objek aangetoon as "diegene wat *buite* die kerk staan, dit wil sê diegene wat van Christus en sy kerk en daarom ook van sy Woord vervreemd is".[265] In dieselfde gees en met dieselfde agtergrond stel Brillenburg-Wurth dit ook dat die term in sy hedendaagse gebruik beperk word tot die werk van die kerk om in opdrag van Christus "zijn Evangelie bekend te maken aan de velen om haar heen die daarvan vervreemd zijn, en hen op te roepen tot geloof en bekering".[266]

En tog sê Te Winkel tereg dat daar tans ten opsigte van evangelisasie 'n "terminologiese verwarring" bestaan. 'n Verwarring wat saamhang met die "grensvervaging tussen zending en evangelisatie, tussen pastoraat, diaconaat en apostolaat en ook tussen geloofsgetuigenis en politieke stellingname".[267] Hierdie verwarring gaan egter verder terug as net die huidige grensvervaging. Dit gaan terug op ouere benaminge vir hierdie werk soos die "Innere Mission" van Wichern in Duitsland gedurende die vorige eeu.[268] Ook die gebruik van die term "evangelism" as allesomvattende term vir arbeid binne en buite die kerk verskerp hierdie verwarring. Selfs waar "mission" van "evangelism" as term onderskei word, word laasgenoemde dikwels nie gedefinieer as toegespitste bediening aan hulle buite die kerk nie. So byvoorbeeld onderskei Stott wel tussen hierdie twee begrippe en verwelkom hy ook die ontwikkeling van onderskeiding tussen die twee en tog definieer hy "evangelism" as: "part of God's mission through God's church in God's world. It is the spreading by any and every means of the good news of Jesus . . ."[269] In 'n definisie soos laasgenoemde, word geensins rekening gehou met die ontwikkeling in die geskiedenis van die kerk nie en word die Bybelse betekenis wel korrek weergegee, maar geen aandag gegee aan evangelisasie as toegespitste bediening nie.

Ten diepste gaan hierdie terminologiese verwarring terug op 'n onsuiwere gemeente- en verkeerde kerkbegrip. Waar die kerklike dissipline nie funksioneer nie en die wêreld in die kerk toegelaat word, word dit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

byna onmoontlik om evangelisasie te definieer as 'n toegespitste bediening gerig op diegene buite die kerk. In 'n volkskerk is die afgedwaalde nie *buite* die kerk nie, maar binne die gemeente. Geen wonder dat in die volkskerk van Duitsland en in die Hervormde kerk in Nederland evangelisasie as taak binne die kerk beskou word nie. Hier word die kerk gesien as bestaande uit twee dele — 'n kern van lewende gelowiges en 'n breë rand van nie-meelewende gedooptes (as objek van evangelisasie).[270] In 'n groot mate geld dit ook van baie ander kerke in die Engelse en Amerikaanse wêreld.

Daar is egter nog 'n faset van hierdie verwarring wat hier genoem moet word. Dit sluit aan by Te Winkel se opmerking in verband met die grensvervaging tussen sekere fasette van die bediening van die kerk. Hier gaan dit veral om die vervaging tussen *sending* en *evangelisasie*. Net soos wat evangelisasie as toegespitste bediening moeilik te handhaaf is as intensiewe ampsbediening, opsig en tug verwaarloos word, so word evangelisasie na die ander kant moeilik afbakenbaar in 'n wêreld waar vervreemding en ongeloof so radikaal toeneem en word dit moeilik om verbondsbrekers nog in verband met die verbond te bring. Verkuyl sê tereg dat die kerk daarmee moet rekening hou dat ook in die wêrelddele waar die Evangelie eeue lank reeds bekend is, daar al meer mense is wat "*totaal* (kursief MN) vreemd zijn aan het Evangelie ... Steeds meer behoort ook de westerse wereld tot het Missionêre front ... Langzaam beseffen ze dat wij in Europa niet alleen de taak hebben tot "revocare" (terugroepen van vervreemden), maar ook tot het "vocare" (het voor het eerst roepen van degenen die geheel vreemd zijn aan het Evangelie)".[271] Reeds in 1966 is aan die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gerapporteer dat "200,000 tot 250,000 belydende lidmate nooit meer die gemeenskap van die gelowiges beoefen nie en ongeveer dieselfde getal kom baie selde in die kerk".[272] Kan daar na soveel jare miskien van hierdie "lidmate" ook gepraat word as "totaal vreemd aan het Evangelie"?

Die grense tussen evangelisasie en sending vervaag. En tog mag die kerk nie in hierdie vervaging ook sy visie vir 'n toegespitste evangelisasiebediening verloor nie. Wanneer dit gebeur, sal beide skade lei. In die volgende paragraaf word weer hierna teruggekeer en sal gepoog word om hierdie verhouding verder te omlyn.

★3 'n Aantal omskrywings

Wat is evangelisasie nou as toegespitste bediening? 'n Aantal definisies uit die verskillende teologiese agtergronde mag hier verhelderend wees.

* In die *Amerikaanse teologie* word *evangelisasie* oor die algemeen net vanuit sy Bybelse raamwerk gedefinieer. Dit geld nie in alle kerke in dieselfe mate nie. Daar is duidelike verskille byvoorbeeld ten opsigte van die Presbiteriane en Gereformeerde kerke soos hieronder duidelik sal blyk. Evangelisasie-definisies is egter meesal breed en sonder enige besondere toespitsing.

  John F. Havlik definieer evangelisasie sterk in terme van die doel:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

"Evangelism is making Christ known in such a way that each person confronted is faced with a personal decision about Christ, a clear yes or no ... The broad view of the task of the church is mission, but the cutting edge of mission is evangelism".[273] In dieselfde breë terme definieer die Presbiteriaan Read: "evangelism is simply a sharing of what has been found in Christ. In the word of D. T. Niles it is one starving brother telling another where to get bread".[274] In alle billikheid moet gemeld word dat talle skrywers wat van sulke breë definisies uitgaan, tog in hulle werke (wat uiters lesenswaardig is) dikwels 'n sekere gerigtheid op diegene buite die kerk handhaaf. Ander egter sien inderdaad evangelisasie so breed dat ook die kerk geëvangeliseer moet word. So skryf Krass in 'n bespreking van die vraag wie geëvangeliseer moet word: "Only the people outside the church? ... The church must also be evangelized therefore". Selfs Krass gee egter toe dat laasgenoemde anders is as die evangelisering van die wêreld. Die evangelisering van die kerk is anders as die van wêreld. "The evangelization of the church is its recalling to its original calling, the calling it has experienced in its baptism ..."[275]

In die waardevolle omskrywing van Hendrick is ook geen verwysing na enige toespitsing in die bediening van die kerk nie. Hy omskryf evangelisasie in vier punte:

1. "Evangelism is a work of the Triune God — not *the only* work of God, but *a* work of God.
2. Evangelism aims at bringing *persons* (kursief MN) to faith in Christ: and not just *our kind of people* but *all people* are its concern.
3. Evangelism is a task in which God invites his people to be his co-workers — not a work God does by himself, but *with* and *through his church.*
4. *Evangelism is an undertaking of the church which is carried out in not one* but a great *variety* of ways and means."[276]

'n Sekere toespitsing is reeds merkbaar by 'n definisie soos dié van Macaulay en Belton: "Evangelism is the activity of the Church in telling the Gospel to sinners with intent to bring them to a saving knowledge of Christ".[277] 'n Andersoortige toespitsing is merkbaar by Hollis Green wanneer hy skryf: "When individuals, because of the maturing and equipping ministry of the church, are able to act independently in their world as adequate witnesses, this is basic evangelism".[278] Hier is reeds sterk onderskeidende klem op die *toerusting van die gemeente* en 'n taak van die gelowige in sy wêreld.

Dit is jammer dat die andersinds aangrypende "Lausanne covenant" ook geen toespitsing ten opsigte van die evangelisasie-bediening van die kerk behels nie. Ook hier word evangelisasie slegs volgens die betekenis van die Bybelse woord gedefinieer — sonder inagneming van die ander Bybelse begrippe vir gemeentebou, vermaning, ens. Die definisie lui gewoon: "Evangelism itself is the proclamation of the historical, biblical Christ as Savior and Lord, with a view of per-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

suading people to come to him personally and so be reconciled to God''.[279] Dit is natuurlik mooi en korrek, maar só gestel is daar geen onderskeid tussen 'n gemeentebouende bediening en 'n gemeentevermeerderende bediening nie. Die enigste teken in die ''covenant'' van 'n moontlike toespitsing is die feit dat sterk uitgegaan word van die waarheid dat God sy kerk in die wêreld gestuur het — ''the whole church to take the whole Gospel to the whole world''.[280] By 'n konferensie wat gehou is oor die ''Lausanne Covenant'' is op hierdie saak teruggekom. 'n *Suid-Afrikaner*, Michael Cassidy haal in sy refleksie op die ''nature of evangelism'' vir Douglas Webster aan en stel laasgenoemde se uitgangspunt naamlik dat: 'mission' ''is a comprehensive word with a large meaning, while 'evangelism' is a more restricted word with a sharply defined meaning''. Hierdie betekenis is volgens Webster: ''Evangelism is the proclaiming of the Gospel, particularly to those who have not heard it, or who have not understood it, or who have not responded to it, or who have forgotten it''.[281]

Tog is daar binne die Amerikaanse teologiese wêreld ook diegene wat evangelisasie as 'n toegespitste bediening definieer en handhaaf. By 'n konferensie wat gehou is rondom die gedagte van ''saturation Evangelism'' is evangelisasie soos volg omskryf: ''Evangelism is a conscientious attempt to mobilize all the christians and their resources in a given area; to evangelize all the non-christians in a given area, reaching them as individual persons . . .''[282] Wel is waar dat hier weer nie onderskei word in wat genoem word *evangelisasie* en *sending* nie, maar hier is minstens 'n duidelike onderskeiding tussen gemeentebou en evangelisasie (sending). Peters onderskei in sy boek oor bogenoemde tipe evangelisasie nog duideliker. Hy skryf: ''It is essential to distinguish *evangelism* both from making disciples and the Christianization of the Church, and from the work of civilization''.[283] Tog is ''evangelism'' by Peters ook sending in sy breedste sin naamlik as verkondiging van die evangelie aan hulle wat nog nooit tevore die evangelie gehoor het nie. Die hele res van sy boek bevestig hierdie afleiding.

Nog twee persone uit die Amerikaanse teologie ('n Baptis en 'n Presbiteriaan onderskeidelik) se definisies is hier van belang. Drummond definieer so: ''Evangelism is a concerted effort to confront *the unbeliever* (kursief MN) with the truth about and claims of Jesus Christ so as to challenge and lead him into repentance toward and faith in our Lord Jesus Christ and thus into the fellowship of the Church''.[284] Hier is die toespitsing duidelik die *ongelowige* — iemand wat per definisie buite die kerk (die gemeenskap van die *gelowiges*) is.

George Sweazey ('n Presbiteriaan) skryf duidelik oor wat evangelisasie *nie* is nie en sê onder andere dat dit nie is om kerklidmate te evangeliseer nie. So 'n standpunt ignoreer die onderskeiding wat die Nuwe Testament reeds maak tussen gemeentebou en die oproep tot die ongeredde mens.[285] In sy opvolgboek ''The Church as



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Evangelist" gee hy die volgende definisie waarin hy evangelisasie onderskei as bediening aan diegene *buite* die kerk: "Evangelism is *every possible* way of reaching *outside* the church:

To make *contacts* with definite persons

To *cultivate* their knowledge of christian faith and living

To lead them to *confess* Christ as their Lord and Saviour

To bring them into *Church* membership, and

To help them *commence* Christian habits and Church participation".[286]

By Armstrong (ook 'n Presbiteriaan) is hierdie gerigtheid op diegene buite die kerk weer meer vaag wanneer hy skryf: "By evangelism I mean reaching out *to others* ..." (kursivering MN).[287]

Die onderskeiding en toespitsing word skerper by kerke van meer direk Gereformeerde (Reformed) belydenis soos die Christian Reformed Church. Die Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches stel dit so: "Reformed Evangelism proceeds on the assumption that the objects of evangelism are those who have forsaken God's covenant. They are called in the language of our Netherlands brethren 'afgedoolden' i.e. the strayed ..."[288]

* In die *Europese teologie* word evangelisasie meer dikwels, maar tog ook nie uitsluitlik nie as toegespitste bediening gedefinieer. Hoewel dit moeilik is om 'n omvattende definisie by Margull te vind, is dit tog duidelik genoeg dat hy nie die term wil beperk tot 'n bediening aan die buitekerklike afgedwaalde bondeling nie. Vanuit die byna noodlottige volkskerk-situasie in Duitsland skryf hy dat die doel van evangelisasie inderdaad was "to realize baptism in so-called childlike faith through conversion or, somewhat more cautiously, through bringing men to turn, viz to return, to the church and to its worship services. ... It was a call from the churched to the unchurched".[289] In vervolg vermeld hy dan hoe hierdie benadering tot ontnugtering gelei het. Daar was te min by die "gedoopte" om op te bou: "There was nothing left to build on, to make contact with, or to recollect. It was either never there, or it perished amid variety or in any case amid a system of secularism".[290] Die *roep* word hier dus veel meer 'n missionêre daad: "This call is not a call to hear anew, but to hear for the first time, also of baptism and its seal. In other words if the fact of secularized baptism exists, then *missionary* proclamation (evangelism) is called for inasmuch as the Word, which is still about, is called for".[291] Hy onderskei tog hierdie soort "mission" van dié in vreemde lande waar die kerk nog nie funksioneer nie: "Missions and evangelism form a unity in missionary proclamation (evangelism); but, with regard to baptism, this unity is not to be taken as the pure identification of evangelism with missionary proclamation to foreign lands (foreign evangelism)".[292] Hier word nie losgekom van die situasie van die volkskerk nie en word die gedagterigting van die inwendige sending, sending na binne, in die kerk in (Innere Mission,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Home Mission) tog weer teruggevind. Margull se standpunt is egter begryplik in 'n volkskerk-situasie. Enige volkskerk word gedwing tot sodanige posisie-inname. Waar die kerklike, herderlike sorg, kategese, dissipline en tug nie funksioneer nie, bly daar geen ander keuse oor nie as om die vervreemdes in die kerk te begin evangeliseer. Is die vervreemdes dan later so gesekulariseer dat hulle in die taal van Verkuyl, vreemd is aan die evangelie, dan gebeur dit dat die kerk met sending na binne besig raak. Hoe anders?

Hierdie waarheid vind by vele hulle neerslag. Die toestande in baie (die meeste) Europese lande het sendingsituasie geword. So skryf Congar reeds in 1962 dat sending nie langer net vir ver, anderkant die see, lande geld nie, maar dat groot gebiede van die Christelike stamlande sendingvelde geword het.[293] Op dieselfde probleem stuit Löwe in sy definisie van evangelisasie. Vir hom gaan dit om die verkondiging van die evangelie aan alle skepsele; die feit dat die daarwees van die gemeente reeds evangelisasie is, maar in besonder om die omvattende benadering van die *wêreld* met Woord, sakrament, gemeenskap en diakonie.[294] Wanneer hy egter "Welt" omskryf, sê hy dat die grense tussen die heilsvolk en die verlorenes eskatologies is en nie vooraf weggeneem mag word nie. Dit hou weer verband met 'n dooppraktyk in 'n volkskerk. Die wêreld word sódoende byna in beginsel as deel van die kerk aanvaar en eskatologies beskerm. Die wêreld is ook nie duidelik van die kerk te onderskei nie, want die wêreld is in 'n mindere of meerdere mate verchristelik.[295] Evangelisasie is dus niks meer nie as die bestaan van die kerk as liggaam van Christus wat die sout en die lig is en die roep en trekkrag van die Heilige Gees na Jesus toe op allerlei wyses.[296] Tereg sê Barnard in 'n kort oorsig oor evangelisasie in die Duitse spraakgebied: "Die Kerk evangeliseer homself en buite homself".[297]

Dit is ongeveer ook die situasie in die Nederlandse Hervormde Kerk en in die apostolaatsgedagte soos dit uitdrukking vind by Van Ruler en Hoekendijk. Laasgenoemde sien die kerk as funksie van die apostolaat en die "apostolaat (wordt) de enig — mogelijk en die alomvattende scopus van *geheel* het kerkewerk en zal elk onderdeel daarvan moeten worden beoordeeld naar zijn apostolaire functie".[298] Hoeveel wins daar ook al in die apostolaatsteologie is, en daar is veel, word die gemeentebouende dienswerk grootliks verkleineer en is die onderskeiding tussen sending en evangelisasie vaag. Ook hier is waar dat die kerk met homself evangeliserend besig is.

In Gereformeerde kringe is die onderskeiding van evangelisasie as toegespitste bediening duideliker. Bekend is Bavinck se definisie: "Onder evangelisatie verstaan wij als regel de arbeid die geschiedt onder de afgedwaalde bondelingen, om hen terug te brengen tot de Here Christus en tot zijn Kerk. Het is moeilijk te zeggen waar de grens te trekken is, omdat wij niet weten wie tot het Verbond behoren".[299] In 'n vorige paragraaf is reeds na Brillenburg-Wurth en Van Swigchem se definisies verwys. Verkuyl, wat 'n hele hoofstuk wy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

aan die sinchronisering van sending en evangelisasie, se eie definisie maak ook nie genoegsaam (indien enige) voorsiening vir evangelisasie as toegespitste bediening nie. Dit is waarskynlik te verklaar uit sy waarneming dat die sogenaamde Christelike Weste al meer sendingveld word of soos hy dit self stel: "Steeds meer behoort ook de westerse wereld tot het missionaire front".[300] Hy haal ook verskeie definisies vir evangelisasie van onder andere konferensies van die Wêreldraad van Kerke aan. In al hierdie definisies van die Wêreldraad van Kerke, sowel as dié van die Lausanne-Konferensie en die Biskoppe-Sinode van die Rooms-Katolieke Kerk in 1974 in Rome, en die vergadering van die Oosters-ortodokse Kerk in Boekarest in 1975 word by al die mooi aksente enige definiëring van evangelisasie as toegespitste bediening gemis. Treffend is hier die definisie wat in 1954 by Evanston geformuleer is: "Jezus Christus is zelf het Evangelie dat wij proclameren. Hij is *de* Evangelist. Evangeliseren is deelnemen aan zijn leren en aan zijn eeuwig leven. Daar ligt het hart van de zaak. Er moet een persoonlijke ontmoeting met Christus zijn, want van de relatie met God in Christus hangt het eeuwig lot van de mensen af".[301]

Uit Verkuyl se werkformule van wat evangelistiek is, moet sy eie definisie afgelei word, naamlik: "de communicatie van het Evangelie van het Koninkrijk Gods vanuit de gehele gemeente in haar eigen omgeving door de proclamatie van het Evangelie, door gemeenschap, door diakonia en door participatie in de worsteling om gerechtigheid".[302]

Te Winkel is in sy werkformule nog meer vaag ten opsigte van die toespitsing, die gerigtheid van evangelisasie. Hy gee toe dat onder evangelisasie in Protestantse kring (hy moes bygesê het Gereformeerde kring) veral verstaan word "die activiteiten in eigen land, waarin gepoogd word het evangelie te communiceren aan hen die haar nog niet of niet meer mee vertrouwd zijn. Wij verstaan onder Evangelisatie 'het uitnodigen om te delen in het bevrijdend handelen van de Heer".[303]

* Op Suid-Afrikaanse bodem is daar by die Evangelisasiekongres, 1959 gepoog om 'n werkbare formulering vir wat evangelisasie is, te vind. In sy referaat oor die "wesenlike situasie in oënskou" stel ds. W. A. Alheit dit dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die omskrywing van die evangelisasietaak by die Gereformeerde Kerk in Holland oorgeneem het te wete: "die besondere arbeid aan diegene wat van Christus en Sy Kerk vervreemd geraak het, ten einde hulle weer tot die Here en Sy kerk terug te roep en terug te lei".[304] Nadat J. C. G. Kotzé verskeie definisies, onder andere die van Grosheide ("afgedwaalde bondelinge") genoem het en die reformatoriese taak van die kerk ten opsigte van gemeentebou ("opwekking van gelowiges") "bekering van veragterdes" ens. genoem het, stel hy dit dat die voorwerpe van evangelisasie diegene is wie se lidmaatskap na volhardende bearbeiding deur afsnyding beëindig is. Hy sien egter tog



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n sekere evangelisasietaak na binne wanneer hy sê: "Waar dit (afsnyding MN) egter nie gebeur nie en hulle in naam (soos helaas in baie gevalle) nog binne die kerk is, durf ons die oë vir die feit nie sluit nie, dat ons dan nog voorwerpe van evangelisasie binne die kerk het. In so 'n geval moet ons bekeringsarbeid binne die kerk — totdat toestande deur herstel van die tug anders word - aan sulke vervreemdes die karakter van evangelisasie aanneem. Met ander woorde, ons sal hulle moet bereik deur 'n program wat meer behels as die gewone herderlike werk of bekeringsarbeid. En dit sal haarklowery wees om te wil ontken dat so 'n ekstra program binne die kerk onder omstandighede nie evangelisasie is nie".[305] Die Algemene Sinode aanvaar later die objek as die wat "buite die kerk staan, dit wil sê diegene wat van Christus en sy kerk, en daarom ook van Sy Woord, vervreemd is. Hulle is persone wat òf nie lidmaat wil word nie, òf wat hulle lidmaatskap deur woord en daad nietig verklaar het òf wat langs die weg van die kerklike tug beëindig is, maar wat nog binne die kring van die verbond lewe".[306] Evangelisasie, in onderskeiding van gewone bediening as bewaring en opbou van die gemeente aan die een kant en sending as die "kerstening van die heidene" aan die anderkant, is: "die amptelike arbeid aan diegene wat vervreemd van Christus en Sy kerk en buite kerkverband geraak het".[307] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk handhaaf dus evangelisasie as toegespitste bediening aan kerkvervreemdes wat buite kerkverband geraak het "maar wat nog binne die kring van die verbond lewe". Hierby sluit ook De Klerk hom aan wanneer hy evangelisasie omskryf as verbandhoudend met: "die genadige en volhardende bemoeienis van die liefdevolle en troue Verbondsgod in Christus en deur die Heilige Gees deur middel van sy gemeente met sy besondere en algemene ampsbedieninge (Subjek) met die God-of-kerk-vervreemde bondeling (objek), ten einde hom terug te lei ..."[308]

★4 Evangelisasie as verbondsherstel

Evangelisasie as toegespitste bediening moet aan die een kant onderskei word van die gemeentebouende dienswerk wat ook 'n oproep tot bekering en leef uit die evangelie insluit en aan die ander kant die bring van die evangelie aan hulle wat dit nog nie gehoor en aanvaar het nie. As 'n mens die verbond as sentrale waarheid aanvaar, sou jy kon sê dat dit in die gewone gemeentebouende dienswerk gaan om *verbondsversterwiging, verbondsverinniging, verbondslewe* en *verbondsdankbaarheid*. In die evangelisering van die heiden gaan dit om 'n *verbondstigtende* bediening. Hierdie werksaamheid word dan gewoonlik sending genoem. In evangelisasie as toegespitste bediening gaan dit dan om 'n *verbondherstellende* bediening aan hulle wat die verbond gebreek het en van die verbondslewe afvallig geword het en wat om hierdie rede as dooplidmate nie belydenis van geloof wil aflê nie, òf wie se lidmaatskap deur hulleself of deur die afsnyding van die gemeente beëindig is.

★5 Voorwaardes vir handhawing van die toegespitste betekenis


Hierdie toegespitste (tegniese) betekenis van evangelisasie kan slegs



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gehandhaaf word:

* Indien daar deur die kerk met nougesetheid gewaak word oor die bediening van die teken van die verbond om sodoende die verbondsgemeenskap 'n ware gemeenskap van bondelinge te hou.
* Indien daar met liefde en ywer oor die suiwerheid van die gemeente gewaak word deur getroue bediening van die kerklike dissipline en die tug.[309] As hierdie waarheid losgelaat word en die kerk derhalwe verval en vervlak tot 'n massale volkskerk, is bogenoemde onderskeiding ten opsigte van evangelisasie nie te handhaaf nie. Een van die sterkste motiverings vir die handhawing van evangelisasie as bediening van die goeie boodskap aan hulle buite die kerk, is die feit dat die ware kerk geroep is om te evangeliseer. Hulle is geroep om te euangelizomai. Hierop word later in 2.6.4 teruggekom.
* Binne billike begrip vir die "grysgebiede" in die praktyk tussen gemeentebediening, evangelisasie en sending. In hierdie gebroke werklikheid is daar nie altyd eksakt te onderskei tussen vervreemde-binne-en-nog-nie-buite-kerkverband nie. So ook nie tussen vervreemde-bondeling-en-vreemd-aan-die-verbond nie. Daarom stel De Klerk dit myns insiens korrek voor wanneer hy dit diagrammaties soos hieronder verduidelik:[310]






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het by hierdie "grysgebied" tussen gemeentebediening en evangelisasie probeer uitkom met die skep van 'n nuwe term te wete "geïntensiveerde ampsbediening." "Met die oog op die feit dat daar soveel persone is wat formeel nog lidmaat van die kerk is, hoewel hulle wesenlik reeds vervreemd is, sal die kerk gelyktydig met sy evangelisasie-arbeid besondere aandag moet gee aan *daadwerklike kerkvernuwing* en *geïntensiveerde* en *gespesialiseerde ampsbediening* om hierdie kerklos lidmate daadwerklik te bereik".[311]

* Die term evangelisasie as toegespitste bediening kan voorts gehandhaaf word as steeds erken en gesê word dat dit 'n tegniese term is wat ontwikkel is. Op grond van sy Nuwe-Testamentiese gebruik as gemeentestigtende oordra van die goeie nuus aangaande Jesus Christus, word dit ook nou vir die oordra van die goeie nuus deur die gemeente aan hulle wat buite is, gebruik. Van sending word dit ter wille van duidelikheid onderskei, hoewel eerlik erken moet word, soos Margull ook aangetoon het, dat missionêre proklamasie ook evangelisasie is. Hier is Barth se onderskeiding miskien ietwat te hulp komend naamlik dat evangelisasie die arbeid in die direkte omgewing aandui terwyl hy sending koppel aan die "gaan dan heen" na die heidene.[312]
* Mits altyd erken word dat dit in die gemeentebouende bediening, in evangelisasie as toegespitste bediening en in die sending gaan om die een en dieselfde Evangelie van Jesus Christus, die Here. "Christus is de enige hoop voor evangelisatie en zending".[313]

★6 'n Definisie

Evangelisasie as toegespitste bediening is dus om die goeie nuus van die hele evangelie van Jesus Christus, die Here, oor te dra aan diegene wat vervreemd is van Christus, sy Woord, die verbond en sy kerk en wat om die rede buite kerkverband geraak het.

Voorlopig word die doel van hierdie evangelie-oordrag nog nie bespreek nie.

### 2.6.2 WAT IS DIE MOTIEWE VIR EVANGELISASIE

Die vraag kan met reg gevra word wat agter evangelisasie as toegespitste bediening aan die vervreemde buitekerklike sit. Wat is die motief vir hierdie op verbondsherstellend-gerigte bediening? Verskeie motiewe is deur die jare neergeskryf en dit sou moontlik wees om uit die literatuur 'n lang lys van evangelisasiemotiewe te noem. In hierdie studie word die volgende uitgangspunte geneem.

#### 2.6.2.1 Verbondsherstel

Uit die Ou- en Nuwe Testament is daar oorvloedige getuienis dat die God van die verbond, verbondsherstel met sy verbondbrekende volk begeer en eis. Een van die mooiste en duidelikste uitsprake in hierdie verband is dié in Hosea 11. Hier word in 'n diep menslike vergelyking die diepte van God se verbondsliefde openbaar. Ten spyte van die ongehoorsame weerspannigheid van sy verbondsvolk, openbaar God



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

aan hulle sy verbondstrou en liefde. Dit word onteenseglik duidelik dat Hy hulle nie in hul afkerigheid wil prysgee nie: "Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek".[314] En die rede hiervoor is sy liefde vir sy eie Naam. Tereg sê Veldkamp dat as Hy sy bondsvolk sou loslaat, sou Hy met Homself in konflik kom. Uit hierdie volk moet nog die Christus gebore word. Ook hier is sy begeerte tot verbondsherstel "om Christus wil".[315]

Met reg kan gesê word dat die God wat uit genade 'n verbond met die volk gesluit het en wat 'n verbondsteken aan die volk gegee het dat dié God uit dieselfde genade begeer dat die verbondsbreker na Hom sal terugkeer. God begeer verbondstigting en verbondsherstel. Die aangrypende wyse waarop die profete oor die verbondsontrou van die volk gekla het en die ewe aangrypende wyse waarop hierdie volk teruggeroep word, is hiervoor genoegsame bewys.[316] Tereg sê De Klerk: "Op grond van die verbondsbeloftes van God wat getrou is en nie die werk van sy hande laat vaar nie (Ps. 105:8 — 11; Ps. 138:8), kan en moet die bevoorregte aangespreek word. ... Vanuit die erewoord van God soos dit verseël is deur die doop, van onder die reënboog van die verbond, praat die evangelisasie oor die redding wat daar in Christus belowe is, of oor die verbondswraak wat daar by die verwerping van Gods verbondseise moet intree".[317]

Jesus se koms, sy werk en die uitstuur van sy dissipels bevestig hierdie verbondsherstellende soeke van God. Hy kom om sondaars, verbondsbrekers te red, Hy stuur sy dissipels na die "verlore skape van Israel", Hy laat sy kerk in Jerusalem, Judea en Samaria begin met die evangelie en Hy laat Paulus telkens in die sinagoge begin en Paulus skryf later oor die terugkeer van Israel na die ware God in Christus. Van die allergrootste belang is hier die sewe briewe aan die gemeentes in Klein- Asië. Hierdie briewe is by uitnemendheid voorbeelde van evangelisasie as toegespitste bediening aan verbondsontroue gemeentes — al was diegene tot wie die briewe hulle rig waarskynlik nog in gemeenteverband.[318]

Agter hierdie *verbondsherstellende liefde van God*,[319] of liewer as deel daarvan, moet sy *vrye verkiesing uit genade* raakgesien word. "Binne die ruimte van die verbondsverhouding word die uitverkiesing in Christus gerealiseer, terwyl die bondeling ook as verantwoordelike wese aangespreek word."[320] Terwyl die verkiesing dikwels beskou word as sou dit evangelisasie oorbodig maak (God weet tog wie verkies is en sal hulle in elk geval red), word dit hier onvervals gehandhaaf dat die vrye verkiesing van God tot deelname in sy verbond in sy koninkryk juis die sterkste motief vir evangelisasie is. Tereg sê Kuiper dat hoewel dit so is dat God weet wie syne is en dat Hy sy uitverkorenes red, is dit ook waar dat die konklusie, naamlik dat evangelisasie oorbodig is, neerkom op 'n noodlottige misverstand. Die Bybel toon duidelik die weg waarlangs of waardeur die uitverkorenes tot redding kom. Dit is tegelyk 'n saak van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

"divine sovereignty and human responsibility ... On the one hand, he (the preacher MN) must proclaim that God's elect are sure to be saved; on the other hand, he must issue the warning that he who does not believe the Son will not see life, but the wrath of God will abide on him (John. 3:36). Even the elect need that admonition, for it is part and parcel of God's way of bringing them to salvation ... Instead of rendering evangelism superfluous, *election demands evangelism*".[321] Ook die uitverkorenes word deur die hoor van die evangelie gered.[322]

Die uitverkiesing as uitdrukking van die soewereine, vrye wil en liefde van die verbondstigtende God,[323] word die sterkste motief om hulle wat vervreemd geraak het met liefde, erns en waarskuwing terug te roep. As dit nie vir die vaste wete van die verkiesing was nie, was alle evangelisasie menslike pogings wat sinloos is en wat vrugloos bly. "Election guarantees that evangelism will result in genuine conversion."[324]

'n Ander baie belangrike rede wat soms vanweë die eenvoud daarvan, nie in hierdie verband genoegsaam funksioneer nie, is die feit dat die gemeente as draer van die goeie boodskap hoegenaamd geen aanduiding het wie verkies is nie. God het dit nie aan ons openbaar nie. Aan ons is alleen die *feit* van die verkiesing en die *weg tot verlossing* vir die uitverkorenes openbaar. Om dus agter die uitverkiesing te skuil, sou loutere ongehoorsaamheid wees. Dit is eerder waar om te bely dat die uitverkiesing agter die verkondiging deur die kerk lê en die motief daartoe bied.

Wat meer is, by die afgedwaalde verbondsbreker het die kerk nog steeds te doen met 'n draer van die verbondsteken of die kind of kleinkind van 'n draer van die verbondsteken. Die feit dat daar soveel verbondsbrekers leef wat die verbondsteken dra, moet aan die een kant die kerk oproep om met veel groter nougesetheid te waak oor die bediening van die verbondsteken, maar aan die ander kant het die kerk geen keuse as om met die werklikheid van die bediende doop rekening te hou nie. Die teken van die doop verseker nie die uitverkiesing nie, maar verskerp wel evangelisasie as bediening van die verlossingsboodskap van die God wat tot die verbond verkies en met die doop verseël. Die doop verskerp eweneens die verwagting tot verbondsherstel van die draer van die teken van die verbond.

As eerste motief tot evangelisasie word in hierdie studie gehandhaaf die feit dat die troue Verbondsgod wat uit vrye soewereine liefde 'n verbond met sy heilsvolk gestig het, ter wille van die eer van sy Naam en om Christus wil verbondsherstel vir die afgedwaalde verbondsbreker begeer.[325]

2.6.2.2 Koning en koninkryk

Motiewe vir evangelisasie staan in so 'n noue verband tot mekaar dat dit selfs moeilik is om dit onderskeidend te noem en te bespreek. Alan Walker is reg wanneer hy skryf: "A new motive for Evangelism is urgently required. I suggest it will be not a single imperative, but a multiple motive, that will sustain a new evangelism".[326]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Om die *koning en koninkryk* as motief vir evangelisasie te noem, is 'n poging om uitdrukking te gee aan hierdie meervoudige motivering. Dit gaan hier om so véél en om so 'n diépe Bybelse-motief. Jesus Christus, die koning, het die koninkryk naby gebring.[327] Hierdie waarheid dat Jesus die Here en koning is, is vir evangelisasie motiverend. Hy het seggenskap, Hy regeer en op sy gesag word verbondsbrekers na die lewende koning en Vader teruggeroep. Dit is hierdie kosmiese betekenis van sy koms wat die verkondiging so gesaghebbend en ingrypend maak.[328] Om Jesus Christus as koning en Here te bely, is om die moed te kry om Hom as Saligmaker en Verlosser te verkondig. Bernard Häring beskou dit as die vernaamste rede. Nadat hy duidelik verklaar het dat Christus nie verkondig word as gevolg van 'n nuwe moraliteit nie, maar omdat Hy anders is as alle ander name wat verkondig word, sê hy na aanleiding van Kol. 1:15 — 17 waar Christus se kosmiese heerlikheid en mag beskryf word: "The principal reason which moves us to evangelize the whole world is not morals in itself, because there are no Christian morals without the newness and integral uniqueness of Christ ... The man who has not arrived at faith in Christ does not yet have full knowledge of the origin, of the centre and of the scope of his own existence".[329] Hy skryf bogenoemde onder die opskrif: The Lordship of Jesus Christ.[330]

De Klerk stel die koning en koninkryk as noodsaaklike teosentriese vertrekpunt in evangelisasie, omdat dit: "*Allereers* dwing tot diepe dankbaarheid dat hulle (die gelowiges MN) deelgekry het aan die hemelse koninkryk (Efes. 1:3 e.vv; 1 Thes. 1:2 — 3; Kol. 1:12). Hulle redeneer nie daaroor nie, hulle juig daaroor. *Vervolgens* is hulle diep nederig in aanbidding voor die troon van die hemele (Jes. 6: Open. 4, 5) en verwag hulle alles van Hom wat magtig is om te skenk ver bo wat hulle dink of verwag (Ps. 123; Ef. 3:14 — 21); en *derdens* stel hulle hulleself dankbaar en gewillig beskikbaar om in Gods koninkryk deur sy soewereine welbehae gebruik te word (Hand. 9:6, 15; Rom. 6:13; 1 Tim. 1:12)".[331]

Hierdie motief is voorts ook 'n bevrydende motief. Die feit van die koninkryk van God in hierdie wêreld verlos die gemeente van 'n geloof dat hulle God se werk moet doen en lei hulle tot 'n belydenis dat die koning sy koninkryk laat kom en die gemeente in hierdie kom van die ryk inskakel. Dit is Hy wat werk en wie kan dit keer.[332] Die koms van sy ryk onder andere deur die aanvaarding van die koningsheerskappy oor hulle lewens deur verbondsbrekers, is geen mensewerk nie, geen verlore saak nie, maar koningskoms in die lewe van mense. Om met evangelisasie besig te wees, is 'n soeke na hierdie koms van die koning in die harte en lewens van mense; dit is koninkrykswerk en die soeke van die koninkryk van God bly een van die magtigste motiewe vir hierdie werk. Hoewel Walker nie direk hierdie motief noem nie, sluit sy eerste motief tog sterk aan by wat in gereformeerde kringe gewoonlik as koninkryksmotief sou geld. Hy noem dit: "To present God as a living presence relevant to life today can be a dominant motive for mission".[333] Uit die vervolg word dit duidelik dat dit ook vir hom hier



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gaan om 'n duidelike visie op die lewende God. Hierdie visie op die drie-enige God en sy ryk maak evangelisasie 'n moet en 'n moontlikheid.[334] John Stott noem dit die motief van: "jealousy for the name of God and of his Christ".[335]

2.6.2.3 Opdrag van Christus

Hierdie motief word deur verskeie teoloë sterk gehandhaaf. Jesus het nie by sy dissipels gepleit om die evangelie te verkondig nie. Hy het aan dissipels, mense wat sy heer- en leermeesterskap erken en bely het, die *opdrag* gegee om die hele wêreld in te gaan, die evangelie te verkondig en dissipels te maak van alle nasies.[336] Dit gaan hier om die basiese opdrag om die goeie nuus oor te dra — ongeag aan wie ook al. Evangelisasie is doodgewoon om as dissipel gehoorsaam te wees aan die opdrag van die koning. "The implication of this command is clear. If we are not taking an active part in Christian witness, we are not just ineffective; we are positively in revolt against Christ. It is sheer hypocrisy to pay lip service to the Lordship of Jesus if we do not heed His command to evangelize. A dumb Christian is a disobedient Christian. A church not engaged in mission is guilty of apostasy."[337] Hollis Green sien ongehoorsame dissipelskap as die swak skakel in die evangelisasieketting. Te veel Christene groei nie tot 'n volle begrip van wat dissipelskap beteken nie. Hulle begryp nie die offer en die liefde wat met dissipelskap gepaard gaan nie en is dus doodgewoon ongehoorsaam aan die Woord en gesindheid van die Here Jesus Christus. "A Christian is never true to his conversion when he lives for himself."[338] Watson maak in hierdie verband veel van die oordeel van God oor die kerk ten opsigte van sy gehoorsaamheid in hierdie taak. Hy bespreek naamlik Paulus se motief vir evangelisasie soos dit blyk uit 2 Kor. 5:11 en noem dit 'n "powerful factor for evangelism". Dit is so omdat "it is sobering to remember that Christians themselves will one day be judged ... If, then, we have any concept of the seriousness of that Judgement Day, we must do all we possibly can to persuade people of the truth of Jesus Christ".[339] Natuurlik gaan dit nie hier om 'n oordeel op grond van goeie werke as weg tot redding nie, maar wel om 'n oordeel van werke as dade van dankbare gehoorsaamheid.

Voorts kan gesê word dat die Heilige Gees juis aan die gemeente gegee is om hulle tot gehoorsaamheid aan hierdie opdrag te lei en te bekragtig.[340] Die Gees maak die gelowige 'n gehoorsame uitvoerder van die opdrag van die Meester. Dit hang uiteraard saam met die twee motiewe wat reeds genoem is. Die Gees laat die kerk verstaan dat God verbondsherstel verlang en die Gees laat die kerk insien hoe groot en heerlik die koning en sy koninkryk is en laat die kerk die koninkryk soek. Tereg sê Barnard: "Hy dring en stel in staat tot die vrymoedige getuienis aangaande Jesus. Hy beweeg en dring tot die arbeid van evangelisasie en sending, maar lei ook die verlorene en vervreemde terug na Christus".[341]

Vir elke ware dissipel van Christus behoort die motief van evangelisasie *as opdrag* swaar te weeg. Dit gaan immers hier om gehoorsaamheid aan Hom wat geroep het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

2.6.2.4 Omgee vir ander

Die liefde van die Verbondsgod word in Christus en deur die Heilige Gees in die harte van gelowiges uitgestort.[342] Die gemeente moet sy ''omgee vir ander'' in hul hart dra.[343] Hierdie waarheid is in die Skrif van groot belang. In gemeenskap met Christus Jesus word sy lewensmotief dié van die gelowige. Wie as dissipel die betekenis van sy lewe, sterwe en opstanding verstaan, leef nie meer vir homself nie ''maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is''.[344] Tereg sê Howard Ellis dat ''evangelism begins with a concern for others''.[345]

Aansluitend by hierdie gesindheid van Christus is ook wat gewoonlik genoem word die motief van die ''nood van die verlorenes''.[346] Hierdie motief is deur verskeie ten koste van ander belangrike motiewe beklemtoon. Tog is dit 'n belangrike motief. Dit hang saam met wat McGavran en Arn noem die eerbiediging van Bybelse beginsels ten einde gemeentegroei te bevorder. Een van hierdie beginsels wat hulle noem, is die onvervalste handhawing van die waarheid dat persone wat *buite Christus* is, verlore is.[347] Wie dit glo, moet besorgd wees oor die *verlore lewe* van hulle wat buite Christus leef; besorgd oor die verlore dood van hulle wat buite Christus sterwe.

Daar word vertel dat 'n groep gelowiges by geleentheid aan Billy Sunday, die bekende Amerikaanse evangelis-prediker, in sy hotelkamer gevra het: ''Mr Sunday we have been wondering how it is that you have so much power in winning the lost to Christ. We would like to know your secret''. Billy Sunday het sonder om te antwoord, na die venster gestap en hulle gevra om ook te kom kyk. ''Then looking down upon the throngs of people going to and fro he turned and said: 'They are going to hell! They are going to hell.' ''[348] Trent gaan dan voort om te sê: ''Unless we believe men are going to hell, we cannot have much of a compassion for the lost. Unless we believe it and feel it, other people will not believe it and become concerned''.[349]

Hoewel hierdie motief nooit uit verband geruk mag word nie, speel dit tog saam met die liefde en gesindheid van Christus 'n belangrike rol in die omgee vir hulle wat vervreemd van Christus leef. David Watson het 'n pragtige beskouing in hierdie verband wanneer hy Paulus se motiewe vir sy evangeliese ywer soos dit in 2 Kor. 5:11 — 21 weergegee word, ontleed. Volgens hom is daar uit hierdie skrifgedeelte by Paulus minstens vyf motiewe waar te neem. Hy noem dit:

* The fellowship of Christ
* The judgement of Christ
* The love of Christ
* The power of Christ
* The ministry of Christ.[350]

Onder die liefde van Christus beskryf hy dan die motief waarom dit in hierdie paragraaf handel. Die liefde van Christus maak gelowiges inderdaad liefdevol besorg oor die nood, behoeftes en verlorenheid van mense. Ook hier sou die eis van gehoorsaamheid ter sprake gebring kan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

word soos Alan Walker ook doen: "To be a Christian is to be sensitive to the mind and purpose of Jesus Christ. It is to be obedient to his will".[351]

Wanneer die Nuwe Testament in sy bedoeling ontleed word, is dit duidelik dat Christus se belange by die mens in nood meer behels as net die ewige geluksaligheid van daardie mens. Christus Jesus sit die werk van die Vader voort. Hy vervul die Ou-Testamentiese beloftes en bemoeienis van God met die mens. En hierdie bemoeienis is 'n allesomvattende bemoeienis. God die Vader, bemoei Hom met die mens en so ook Jesus Christus, die Seun. Die verbondsluiting gee uitdrukking aan hierdie omvattende betrokkenheid van God by Abraham en sy nageslag.[352] Die roeping van Moses is 'n treffende voorbeeld van hoe hierdie Verbondsgod geraak word deur die fisiese nood, jammerklagte en smarte van sy verbondsvolk.[353] Sy verlossing van hierdie volk sluit vrymaking uit verdrukking in. Sy versorging van hierdie volk sluit water, brood en vleis in.[354] En Jesus se bediening is 'n omvattende bediening. Hy genees, troos, bemoedig, kry jammer, gee brood, red van 'n waterdood, en Hy gee 'n nuwe Christus-dimensie aan die liggaamlike nood van "een van hierdie geringstes".[355]

Dit is bogenoemde dimensie wat evangelisasie ook 'n omvattende bediening aan die vervreemde bondeling maak. In die hele stryd tussen die benadering van die Wêreldraad van Kerke en die sogenaamde "Evangelicals", was die klem wat bogenoemde hulp in evangelisasie moet ontvang, lank die skeidingspunt. Terwyl by die Wêreldraad van Kerke alle evangelisasie byna opgaan in sosiale hulp, was dit lank die gebrek by die sogenaamde Evangelicals om evangelisasie as 'n byna eensydige "redding van die siel" te beklemtoon. Dit is gelukkig nie meer so nie. Die "Lausanne Covenant" wat as mondstuk van die "Evangelicals" kan geld, stel dit onomwonde: "Although reconciliation with man is not reconciliation with God, nor is social action evangelism, nor is political liberation salvation, nevertheless we affirm that evangelism and socio-political involvement are both part of our Christian duty. For both are necessary expressions of our doctrines of God and man, our love for our neighbor and our obedience to Jesus Christ ... The salvation we claim should be transforming us in the totality of our personal and social responsibilities. Faith without works is dead".[356] Verkuyl sien betrokkenheid "in de worsteling om gerechtigheid" ook as deel van die gemeente se evangelisasietaak.[357] Hoewel hy in die uitwerk daarvan, weë opgaan waarvan met reg verskil kan word,[358] moet dit tog toegestem word dat as die kerkvervreemde bondeling in fisiese, sosiale, tydelike nood is, sal evangelisasie as toegespitste bediening ook daaraan terdeë aandag moet gee. Die bemoeienis van die Verbondsgod met sy mense in nood, is te omvattend dat evangelisasie enigsins minder omvattend mag wees. Die besorgdheid oor en medelye met die mens in sy totale nood is inderdaad deel van die gemeente se evangelisasiemotivering. Alan Walker, wat beslis by die "Evangelicals" tuis hoort, skryf hieroor so: "To offer Jesus Christ as Liberator is a motive for mission. The world cries out for deliverance in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

two ways: release from inner personal bondage and release from outer oppression ... Millions are living in bondage to gluttony, to alcohol, to sex, to drugs. These things cripple lives. For countless people there is a desperate need to be free within. Jesus is a personal Saviour from sin and from the consequences of sin. He sets the prisoner free. Through repentance, forgiveness and the power of the Holy Spirit a new life of personal liberty becomes possible''.[359] Hy noem ook hierdie Christelike verlossing van binne en na buite 'n eskatologiese motief: ''Facing some situation the challenge to accept the Christian position is a call to an eschatological decision ... To be used by God to bring men and women to Christian acceptance, to release the power of Christ into human lives is greatly to bless all who come to decision. This provides a powerful motive for mission''.[360] George Sweazey noem dit ook ''the win aspects of the Gospel''. Dit is nie vir die kerk om te kies tussen ''redding van die siel'' of ''redding van die *mens*'' nie. Volgens Sweazey raak hierdie ou onderskeiding tussen ''evangelisasie'' as ''redding van die siel'' en die sosiale betrokkenheid van die kerk ook al meer uitgedien.[361] Dit gaan net nie op nie en die negatiewe klem na albei kante moet as ekstremisme afgewys word. ''Right now there are heartly welcome indications that the schizoid condition is being healed. There is a new style of church life that springs from a lively awareness to tell others about Christ or to send a committee to talk to the mayor about bad housing''.[362]

Evangelisasie behoort gedryf te word deur 'n gebalanseerde, maar omvattende Bybelse besorgdheid en omgee vir *mense* in nood na die voorbeeld van die verbondstigtende en verbondsherstellende God in Christus Jesus.

2.6.2.5 Die eer van God

Die feit dat hierdie motief laaste genoem word, beteken nie 'n sekere rangorde in belangrikheid nie. Dit sou eerder andersom wees. Die gedagte is egter om hiermee te sê dat die eer van God gedra en gedien word deur al die vorige motiewe en ook ander wat daar mag wees soos byvoorbeeld die groei van die gemeente en die motief van dankbaarheid. Dit gaan in die opsoekende liefde van God wat Hy deur sy Gees in die harte van gelowiges uitstort; dit gaan in die koms van die koninkryk, in die gehoorsame uitvoer van sy opdrag, in die regte Christelike omgee vir ander in nood altyd om die eer van sy Naam. Wanneer Jesaja profeteer: ''Om my Naam ontwil vertraag Ek my toorn, en om my roem ontwil bedwing Ek My jou ten goede, om jou nie uit te roei nie'',[363] is dit duidelik dat die eer van God in sy strafterughoudende liefde ter sprake en op die spel is. Net so ook gaan dit in die oordra van die goeie boodskap tot verlossing van die vervreemde om die eer van God.[364] Dit gaan ook in die *heerlikheid* van God om sy bekendwording. God se heerlikheid het te doen met die feit dat Hy as 'n vermoëvolle God bekend is en bekend word.[365] In evangelisasie, waar dit gaan om die bekendmaking van die heilsdade en heilsmag van hierdie God, word Hy op besondere wyse geëer en verheerlik. Hy word op eervolle wyse as die ware God van heil en Vader in Jesus Christus bekend gemaak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Tereg sê Barnard dat hierdie motief ook 'n erkenning is dat evangelisasie "van begin tot einde die werk van God is. Daarom word in alles gereken met sý wil en sý bedoeling".[366] Die roeping "Soli Deo Gloria" behoort die kerk daagliks tot onvermoeide bekendmaking van die heerlike God in Christus Jesus aan te spoor. Dit is hierdie eskatologiese roep wat die kerk moet dra in sy evangelisasietaak: "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en die rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof ... Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid".[367] Hierdie visie moet die kerk inspireer en motiveer, want "voor die troon en voor die Lam" sien Johannes die evangelisasie- en sendingvrug: "'n groot menigte wat niemand kan tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale".[368]

### 2.6.3 DIE DOEL VAN EVANGELISASIE

In direkte aansluiting by die voorgaande kan dit op grond van die Bybel gesê word dat die doel, die eer en verheerliking van God is. Daaroor bestaan geen twyfel of verskil nie en word hier ook nie verder daarop uitgebrei nie, behalwe om dit te bevestig as basiese uitgangspunt: *Dié doel van evangelisasie is die eer van God.*[369]

Die doel hou uiteraard ten nouste verband met die motivering en is moeilik daarvan te skei. Sommige van die motiewe sou byna net so as doelwitte oorgeskryf kan word. Hierdie doelwitte word geformuleer in die volle bewustheid dat "evangelisasie" in sy Bybelse betekenis gewoon beteken om die goeie boodskap oor te dra sonder om te vra na die resultate daarvan.[370] Wanneer hier na doelwitte verwys word, word hulle nie uit die betekenis van die woord "evangelisasie" afgelei nie, maar uit die resultate van evangelisasie soos wat dit uit die Skrif en geskiedenis blyk.

#### 2.6.3.1 Redding tot dissipelskap

Volgens Jesus se eie woorde gaan dit in sy koms om die "soek en te red wat verlore was".[371] Volgens Lukas 15 gaan dit ook om die "vind" van die verlore skaap, geldstuk en seun. Ook vir Paulus gaan dit om die redding van hulle wat verlore is. So antwoord hy en Silas die sipier van Filippi dat as hy in Jesus Christus glo, sal hy en sy huis gered word.[372] Dit gaan in die evangelie om redding van die mens. Hierdie redding sluit sonder twyfel vergifnis van sonde, vernuwing van lewe, kindskap van God die Vader, die ewige lewe, en veel meer in.[373] In die gereformeerde belydenis moet daar nooit geskroom word om hierdie aspek van evangelisasie onvervals te handhaaf nie. Daarvoor het Jesus Christus gekom naamlik om vervreemdes, vyande, verlorenes, heidene met God die Vader te versoen.[374] Rolf Syrdal sê tereg dat in die geskiedenis die piëtistiese klem "has served as a corrective against the formalism that sometimes creeps into a church. Its emphasis is on the personal and individual, on the need for repentance and conversion, which must be maintained if the church is to be true to the Word".[375] Die piëtisme het eensydig individualisties ontwikkel en kan onmoontlik só gehandhaaf





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

word. Die ware kerk hoef egter nie uit reaksie teen die piëtisme weer in formalisme te verval nie. Die Bybel plaas 'n groot klem op die bekering van die verbondsmens en verbondsbreker. Die Skrif roep telkens die verbondsvolk tot bekering en redding.[377]

Die kerk behoort van 'n eensydige beklemtoning bewaar te bly wanneer onthou word dat dit nooit net gaan om die redding van mense ter wille van die redding van mense nie. Dit gaan om die "maak van dissipels" soos Jesus in sy opdrag aan die kerk duidelik aangetoon het. Robert Coleman beskou dit as van primêre belang op grond van die feit dat dit juis die selfstandige werkwoord in Matt. 28:19 is: "We are asked not to enlist converts but to 'make disciples' of all nations, as the sole verb in the command should be literally rendered".[378] Volgens hom is dit die finale toets vir evangelisasie: "Disciples of Christ learn not only to make disciples, but also by the same criteria, in time, to teach their followers to make disciples of others. ... Evangelism thus becomes a life-style of joyous commitment".[379] Hiermee stem ook Hollis Green saam wanneer hy sê: "The objective of Christ's Commission is the making of disciples".[380]

Buitekerklike vervreemdes mag nooit op 'n goedkoop wyse tot die Vader teruggelei word nie. Hulle moet die koste van dissipelskap bereken.[381] Bekering sonder dissipelskap is geen egte bekering nie. Jesus het telkens daarop gewys en Hy het liewer skyndissipels verloor as om 'n groot gevolg te hê, sonder die ware gees van dissipels.[382] Daarom mag dit nooit in evangelisasie gaan om vinnige beslissings nie, maar om die eerste beslissing van 'n dissipel wat die koste bereken het.

2.6.3.2 Redding tot diens

Tereg skryf die Grand Rapids Board of Evangelism: "Reformed Evangelism proclaims a deliverance which reclaims the total man unto the service of God ... So the Gospel of Christ does not merely aim to save souls, but it aims to save the total man, and to restore the total man to the blessed service of God. From being slaves of sin and Satan, God's redemptive grace makes us servants of God in Christ ... Believers are the servants of God, reclaimed soul and body, heart and mind, with all their talents and abilities, with all their money and possessions".[383]

In paragraaf 2.4 is reeds oor die dienskarakter en gestalte van die kerk gehandel. Hier word slegs verwys na die Bybelse eise ten opsigte van hierdie diens vir die gedoopte gelowiges. Rom. 6 handel breedvoerig oor hierdie verlossing tot diens en roep die gelowige op om homself met sy lede tot beskikking van God en van dit wat reg is te stel. Jonker sê byvoorbeeld van Rom. 6:17, 18: "Wie gelowig die evangelie aanneem en dus ook glo dat hy werklik in Christus bevry is van die sonde, ontvang ook dié bevryding in die praktyk van sy lewe".[384] Wat hierdie nuwe manier van lewe dan beteken, word in Rom. 6 telkens met die woord diensbaar, dienskneg van God, in gehoorsaamheid aan God, aangedui.

Hierdie doelwit, net soos die van redding tot dissipelskap, moet saam



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vasgehou word. Anders kan dit nie. Enigiets anders sou goedkoop wees en sou ontrou aan die Woord wees.

2.6.3.3 Redding tot lidmaatskap van die kerk

In gereformeerde kringe word dit meermale soos volg gesê: "The purpose of Evangelism is to bring back those covenant breakers to the covenant and specifically to the visible church which is the earthly manifestation of the covenant".[385] Hierin stem evangeliegesindes hartlik saam. In ekumeniese kringe word hierdie standpunt ook gehandhaaf, maar met groter reserwes. So stel Stowe dit byvoorbeeld: "the connection of church membership with salvation is so tenuous and so ambiguous as to provide a very weak basis for considering church growth a primary intrinsic aim of evangelism. It is, therefore, extremely difficult to claim that church growth is an end in itself".[386] Laasgenoemde is natuurlik ook nie die bedoeling wanneer inskakeling by 'n gemeente en gemeentegroei as doelwit vir evangelisasie genoem word nie. Redding tot lidmaatskap van die kerk is nie 'n doel op sigself nie, maar is 'n Nuwe-Testamentiese opdrag ten einde weer deel te kry aan die diens van die kerk in hierdie wêreld, tot eer van God en uitbreiding van sy Ryk. Die "Lausanne Covenant" sê dit so: "The results of Evangelism include obedience in the world".[387] Ook in die boek van McGavran en Arn oor "Ten steps for Church Growth" gaan dit nie om groei as doel op sigself nie, maar word die Bybelse beginsels en perspektiewe belig.[388]

Wanneer hierdie doelwit dus in perspektief van die Nuwe Testament gesien word, mag dit onvervals gestel en gehandhaaf word. Diegene wat gered is, is by die gemeente gevoeg. Die gemeente het gegroei deur dat al meer gelowig geword het en dissipels van Jesus Christus, die Here geword het.[389] Dit gaan in die boek Handelinge om die maak van dissipels en die stigting van gemeentes. Daarom verklaar Sweazey met reg op grond van Nuwe-Testamentiese en historiese gegewens: "There need be no embarrasment about making evangelism a "join-the-church" program. It was that in the New Testament".[390] Natuurlik moet die kerk dan reg verstaan word naamlik as liggaam van Christus, as gemeenskap van gelowiges, as vormplek van dissipels, as gedissiplineerde taakmag van die koning. Wanneer dit so is, kan met De Klerk saamgestem word wanneer hy sê: "omdat evangelisasie naas die eer van God en die redding van die sondaar, op die vermeerdering van die verbondsgemeente gerig is, daarom gaan dit nooit om net die 'individualistiese' siening van net die redding van die sondaar nie, maar gaan dit ook om die gemeenskapsgedagte van die terugbring tot die kerk self".[391]

Hierdie doelwit moet sterk gehandhaaf word. Dit gaan in die evangelisasiebediening van die kerk nie om lidmaatskap tot redding nie, maar wel deeglik om redding tot lidmaatskap van die gemeente van Jesus Christus.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

### 2.6.4 DIE ROL VAN DIE GEMEENTE IN EVANGELISASIE

Dit het reeds in die bespreking onder 2.6.1 geblyk dat baie teoloë dit as wesenlik beskou dat *gemeente* by evangelisasie betrokke is. Hier moet egter meer in besonderhede nagegaan word hoedanig die rol van die gemeente in evangelisasie is.

#### 2.6.4.1 Evangelisasie is 'n gemeenteverantwoordelikheid

★1 Elke gelowige se taak

Daar bestaan min twyfel oor die duidelike wyse waarop die Skrif leer dat die uitdra van die evangelie elke gelowige se verantwoordelikheid is. So stuur Jesus reeds sewentig van sy dissipels uit om te verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het.[392] Hy spreek van sy volgelinge as *lig van die wêreld* en *sout van die aarde*.[393] Hy stuur sy dissipels die hele wêreld in.[394] Die vroeë kerk gaan, deur vervolging uitmekaar gejaag, die hele land deur en verkondig die Woord van die evangelie.[395] Die gemeente is vir die volk mooi en hulle groei in getalle.[396] Die blote feit van die bestaan van die gemeente is 'n getuienis en die bestaande gemeente word geroep om met hulle veranderde nuwe lewens soos 'n lig onder 'n krom en verdraaide geslag te voorskyn te tree en so die woord van die lewe aan hierdie wêreld voor te hou.[397] Persone soos Carl. G. Kromminga en J. C. G. Kotze het in hulle proefskrifte op ondubbelsinnige wyse aangetoon dat dit op grond van die Skrif duidelik is dat die kommunikasie van die evangelie elke gelowige se taak is.[390] Kromminga skryf byvoorbeeld: "These examples of the New Testament teaching show that the confession of Jesus as Lord and the public declaration of the revelation of God in Him are incumbent upon all Christians ... The confession is also made in a liturgical setting, but the believers who make confession in public worship, carry this confession into the world and express it in the face of gainsaying and opposition".[399] In 'n boek wat Kromminga later op grond van sy proefskrif laat verskyn het, vat hy die Nuwe-Testamentiese gegewens so saam: "The manifestation of love for the neighbour and the open confession of Christ's name are acts of obedience to the requirements of citizenship in the kingdom. But the command to imitate the Lord and his apostles shows that this obedience is not to be merely routine nor motivated simply by the desire to secure one's own salvation. All things are to be done for the advantage of the many, that they may be saved, 1 Cor. 10:33, Cf. 11:1. Concern for the salvation of others comes to expression in concern for the weak, the penitent, the fallen, the apostate, and those outside the church".[400]

★2 Verkuyl benader hierdie verantwoordelikheid van elke gelowige vanuit die verbondenheid (deel hê aan) van elke gelowige met Christus Jesus, die subjek en inhoud van evangelisasie: "Deze Jezus is in Zijn persoon en arbeid het subject van alle evangelisatie. Hij is de oer-pionier (Archégos — Hebr. 12:2) en hij is er de *voleinder* van (Teleiotes). Zonder Hem, zonder Zijn arbeid, zonder Zijn opdrachten, zonder Zijn instructies en doelstellingen is alle communicatie van het Christelijk geloof een ridicule onderneming. Maar door Hem kan het en moet het en mag het".[401] Op grond van Hebr. 3:1 en Hebr. 1:9 voer hy dan aan dat die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gelowiges "deelhebbers aan Christus" (metochoi tou Christou) is en ook "*deelneemt* in Zijn apostolische en hogepriesterlijke roeping. Men kan geen "metochos" aan Christus zijn zonder metochos te zijn aan Zijn apostolische roeping (klésis) ... Maar wie deel heeft aan Zijn bevrijdende genade wordt dan ook betrokken in Zijn roeping".[402]

★3 Congar weer beklemtoon dieselfde waarhede vanuit die *heiligheid* (die andersheid) en die *katolisiteit* van die kerk.[403] D. J. Louw stel die gemeente as verantwoordelik vir evangelisasie vanuit die liggaamsmotief van onder andere 1 Kor. 12: "Evangelisasie is dan die inherente struktuur van die liggaam van Christus. Die liggaamsaksie van die gemeente word die normale evangelisasieaksie van die kerk. Wie aan die liggaam van Christus behoort, behoort aan 'n struktuur van samesyn wat wesenlik aktief en kommunikatief is".[404] Waar dit vir hom in besonder gaan om die struktuur waarin hierdie liggaamsevangelisasie effektief kommunikatief kan wees, skryf hy later in sy boek: "Evangelisasie vandag beteken 'n gemeente-gestruktureerde kerk wat in haar wyse van funksionering self evangeliserend te werk gaan".[405] Op hierdie struktuur sal later weer teruggekom word, maar hier gaan dit nou om die waarheid dat evangelisasie liggaamsverantwoordelikheid is. Hierin is D. J. Kennedy korrek wanneer hy sê: "the church is a body under orders by Christ to share the Gospel with the whole world".[406] Hierdie Bybelse waarheid word in ons tyd deur verreweg die meeste skrywers in hierdie verband bely en verdedig. Pheme Perkins het in 'n artikel in hierdie verband talle Skrifgegewens nagevors en net soos Kromminga[407] staan hy meer breedvoerig stil by 'n Skrifgedeelte soos 1 Petr. 2 en in besonder vers 9. Hy konkludeer: "The responsibility to present such a witness that others will come to glorify God constitutes the essence of the elect and holy people of God ... We may conclude, then, that the missionary character of the Church in the New Testament is fundamental to its selfunderstanding as the eschatological people of God and to its perception that the risen Jesus is not just messiah of the Jews but savior of the world".[408] De Klerk maak ook enkele opmerkings oor die kerklike karakter van evangelisasie en stel dit sonder meer: "Die roeping om evangelisasiewerk te doen (net soos in die geval van die sending) is aan die *hele gemeente* (kursief MN) as liggaam van Christus in die samespel van die besondere en algemene ampsbedieninge opgedra en mag daarom nie oorgelaat word aan die inisiatief van 'n klompie entoesiaste nie".[409] Teoloë wat hiermee saamstem, kan eenvoudig vermenigvuldig word. Sweazey druk hom hieroor sterk en ondubbelsinnig uit: "There is just one basic method of evangelism. It is the one to which all the others have to be related. It can be described in just five words: *The church is the evangelist*. The evangelist is not a person at all, but a fellowship. God put his Church on earth as his intended instrument for evangelism".[410] So stel ook A. C. Barnard dit in sy bydrae in die reeds aangehaalde werk onder redaksie van J. J. de Klerk: "Nie slegs enkele gelowiges of groepe of sekere 'evangelisasie-vriende' of ander belangstellendes het die taak om te evangeliseer nie, maar dit berus by die héle kerk. Dit is daarom ook die taak van sowel die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

plaaslike gemeente as die kerk in breër verband ... Evangelisasie is verder nie iets wat aan die kant van die kerk se werk lê nie, 'n soort mooi, maar nie noodsaaklike versiering by die kerk se werk nie, maar behoort tot die sentrale taak van die kerk. Dit het te make met die hart en siel van die kerk, met God wat sy Seun in die wêreld gestuur het, met Christus wat weer sy kerk gestuur het soos Hý in die wêreld gestuur is''.[411]

2.6.4.2 'n Lank verwaarloosde taak

★1 Volgens Kromminga se navorsing oor die siening van die kerk oor die sogenaamde ''leek'' se getuienis in die geskiedenis, blyk dit dat daar tot in die tyd van die Middeleeue geen twyfel was oor die feit dat die gewone gelowige 'n getuienistaak het nie.[412] Dit wil voorkom of die eerste direkte uitspraak daarteen van Thomas Aquinas kom. Volgens Kromminga sou hy in sy bekende Summa Theologica gevra het ''Whether it is permissible for Christians to communicate with infidels''.[413] As redes vir so 'n verbod, sou geld die feit dat dit straf vir die ontroues en ongelowiges moet wees en tweedens die veiligheid van die gelowiges, want ongelowiges kan hulle verraai.[414] En tog was Aquinas nie teen sodanige getuienis nie, hy het net meer reserwes ten opsigte daarvan gehad. Ook hy was ten gunste van getuienis.[415] En tog is De Klerk reg wanneer hy opmerk dat ''met die geleidelike oorbeklemtoning van die betekenis en funksie van die kerklike ampsdraers (klerikalisme), is die algemene amp van die gelowiges al hoe meer gedegradeer tot die van die onmondige leek''.[416]

★2 Die pogings van die Hervormers om hierdie amp van die gelowige te herstel, is bekend. Beide Luther en Calvyn het die algemene priesterskap van die gelowiges sterk beklemtoon en uitgebou en so ook Gereformeerdes soos Voetius en ander.[417] En tog was die Gereformeerde kerk vir baie jare in so 'n hervormingstryd, oorlewingstryd, suiwerheidstryd gewikkel dat die Gereformeerde kerk min aan evangelisasie gedoen het. Die saak is wel van tyd tot tyd deur sinodes bespreek, maar dit is eers in die latere jare van hierdie eeu dat evangelisasie werklik aandag begin kry het. In die Gereformeerde Kerk in Nederland is byvoorbeeld eers in 1949 'n leerstoel in die Evangelistiek ingestel.[418] Ook A. C. Barnard moet dit so aanstip: ''Dit skyn asof daar maar stadig gevorder word, of die kerk as sodanig en die lidmate by name bitter min evangelisasiebewustheid en evangelisasiebesieling en veral evangelisasiewerksaamhede openbaar''.[419] Te Winkel praat tereg van die eb- en vloedperiodes in die evangelisasiewerk van die verlede. Een rede hiervoor is volgens hom die visieverskille by leiers. Hy beskou dan een van die redes vir die ebgety vir sover dit evangelisasie as kerkwerk betref, die beskouing van A. Kuyper. Laasgenoemde het evangelisasie ingedeel ''bij het werk van de 'kerk als organisme' en niet — in tegenstelling tot de zendingarbeid — bij de werkzaamheden van de 'kerk als instituut' ''. So ''werd gaandeweg de taak van evangelisatie versmald tot alleen maar de behartiging van de verbale verkondiging (de preekstoel buiten, zoals evangelisatie wel getypeerd worden) en beleefd



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

als een hobby van enkel enthousiaste gemeenteleden waaraan de gemeente als groep geen boodschap had''.[420] Of dit ooit Kuyper se bedoeling was, sal seker moeilik te bewys wees, maar daar sit wel waarheid in Te Winkel se gevolgtrekking dat hierdie siening wat so sterk verkondig is, naamlik dat dit die taak van die kerk as organisme is, veel daartoe bygedra het dat evangelisasie as gemeenteverantwoordelikheid verwaarloos is. Die Grand Rapids Board of Evangelism handhaaf ook bogenoemde standpunt, hoewel hulle toegee, soos Te Winkel seker ook sal doen, dat Kuyper bedoel het dat evangelisasie van die ''leke'' moet uitgaan wanneer die ampte nie belangstel nie en dan ook alleen wanneer laasgenoemde oor hul laksheid aangespreek is. Hulle gee egter ook toe dat Kuyper ''was himself in the midst of the struggle for ecclesiastical subsistence'' en dat ''Evangelism did not come to the united interest of those churches until the Synod of Utrecht in 1923''.[421]

Bogenoemde raad vir Evangelisasie van die Christian Reformed Church gee toe dat ook in laasgenoemde kerk ''evangelism is comparatively recent''.[422]

Gereformeerde kerke lê sterk klem op kerkbewaring. Die Sondagskool wat aanvanklik evangeliserend gerig was, is omskep in kategeseskole vir die verbondskinders en ''have become preoccupied with the teaching of our covenant youth. Evangelization is only very losely bound to the church in that the workers in our fields are Reformed folk ... Synods have been largely preoccupied with internal problems of our church''.[423]

Ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk was dit nie voor 1959 dat 'n landwye kongres oor evangelisasie gehou is nie en eers in 1966 is 'n duidelik geformuleerde beleid vir hierdie werk goedgekeur.[424] Hier word dit gestel dat die opdrag uitgevoer word ''in die eerste plek deur die plaaslike gemeente, dit wil sê deur die *kerkraad*, en ook deur die *besondere ampte* en deur elke gelowige''.[425]

Wat Kraemer sê, is dus waar, naamlik dat toe die kerk sy opdrag om die evangelie te verkondig opnuut weer besef het, ''wendden zij zich tot het gemeentelid met het argument dat iedere christen eo ipso getuige en zendeling is; daarbij ontdekten zij toen weldra dat een lekendom, dat zo lang verwaarloosd en in onwetenheid was en is gelaten, voor het merendeel niet in staat is aan een dergelijke opdracht te voldoen''.[426]

Sedert hierdie wêreldwye ontwaking ten opsigte van evangelisasie is daar egter reeds veel gedoen om Bybelse en hervormingsbeginsels oop te grawe en tot werklikheid te maak. Ons leef inderdaad in die tyd waar die taak van die gemeente herontdek is en gehandhaaf word. Onder leiding van en saam met die besondere ampte, word die gemeente weer as die tweede subjek van evangelisasie gehandhaaf.

### 2.6.4.3 Gemeente en evangelisasie

Ter afsluiting van hierdie afdeling word kortliks nog na 'n paar uitsprake oor die rol van die gemeente in evangelisasie gekyk.

#### ★ 1 Evangelisasie 'n wesenlike karaktertrek van die gemeente

As uitgangspunt word die standpunt ingeneem dat dit vir die gemeente



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*wesenlik* is om met evangelisasie besig te wees. Dit is soos Margull dit stel, nie net die gemeente se taak in hierdie wêreld nie "but its very life. The church lives by the missionary proclamation (evangelism) of Christ to all men. For the church to stand still, to tarry with the fruits of the commission of Christ, to content itself with fostering its own existence and to build for itself instead of being built in the kingdom and the proclamation — all this means not only jeopardy for the church, but the very surrender of its life. The church is the true church only in so far as it serves in the ministry of the proclamation, and does so beyond its own bounds to the ends of the earth".[427]

Hierdie uitgangspunt beteken nie dat die kerk slegs maar 'n funksie van die apostolaat is nie en daardeur sy wese vind nie, maar dit beteken wel dat die kerk geen ware kerk kan wees of bly sonder om evangeliserend in hierdie wêreld besig te wees nie. Hoewel dit te eensydig is om dit te stel soos Hoekendijk dit in sy intreerede gestel het, is daar tog 'n geweldige kern van waarheid wanneer hy sê dat "het apostolaat de enigmogelijke en de al-omvattende scopus van *geheel* het kerkewerk (is) en zal elk onderdeel daarvan moeten worden beoordeel naar zijn apostolaire functie".[428] Hoekendijk laat die kerk te veel opgaan in die apostolaat, asof dit al taak van en vir die kerk is, maar aan die ander kant moet dit, soos Barnard oók tereg opmerk, waardeer word dat hy (en ander soos Van Ruler) weer die oë opnuut oopgemaak het vir die feit dat die "kerk nie vir homself leef nie, maar die gestuurde in die wêreld is, ... dat die kerk staan en val met sy roeping".[429]

In hierdie verband word in gereformeerde kringe dikwels ongeregverdig geskei tussen gemeentebewaring en gemeentevermeerdering. Dit gaan egter nie om die een of die ander nie. Albei is wesenlik en daarom gaan dit om albei. Wurth en Wiersinga het dit so gestel: "Maar de werkelijkheid is deze: bewaren zonder vermeerderen heeft geen resultaat in waarachtige versterking van de band van Christus. Al vermeerderend bewaart men de Kerk. En haar góéd bewarend, vermeerdert men haar".[430] Barnard beklemtoon hierdie selfde waarheid wanneer hy skryf: "Die kerk het nie slegs 'n bewarende en opbouende taak nie, maar ook 'n vermeerderende en uitbreidende taak; nie slegs die roeping om sy eie te verdedig teen aanslae nie, maar om 'n aanslag met die evangelie op die wêreld te doen".[431] Hierdie twee waarhede hoef nooit en mag ook nie teenoor mekaar afgespeel word nie. Albei is wesenlik, en wanneer albei Bybels vasgehou en beoefen word, bring die een die ander voort en andersom.

★2 Die bestaan van die gemeente

'n Tweede waarheid wat hier nog vermelding verdien, is dié van die *bestaan van die gemeente* as evangelisasie opsigself. Wayne McDill praat van "incarnational Evangelism" in hierdie verband: "A part of our communication is actually who we are ... There is a sense in which we are a message ... The fact that we are in the world is a fact that, even though no word is spoken, speaks profoundly of the truth of the gospel ... How can anyone know what God can do through Christ to change a



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

life unless he hears and knows something of what a changed life looks like? ... Incarnational evangelism has to do with that which is divine being present in the midst of that which is of the world''.[432] So 'n opvatting kan sterk verdedig word op grond van onder andere Matt. 5:13, Fil. 2:5, 16; 1 Petr. 3:1. Om sout *te wees*, om te voorskyn te tree met veranderde lewens en so as ligte die ''woord van die lewe'' voor te hou; om iemand ''sonder woorde'' te win, dui op die waarde van die blote *daarwees* van die gemeente in die wêreld.

Daar is reeds gewys op die belangrikheid van die gemeente vir sover dit die doel van evangelisasie betref. Hier gaan dit nou om die aantrekkingskrag, die evangelisasiewaarde van die gemeente as ''receiving fellowship'' (Kromminga). Dat dit nie altyd waar is van gemeentes of gemeente-groepe nie, blyk, om maar een voorbeeld te noem, uit 'n aanhaling van die woorde van 'n studenteleraar: ''From my perspective as chaplain on a secularized college campus ... it is impossible to think of evangelism in terms of bringing persons into an existing group. There is an existing group but I am bored with it. I am completely out of sympathy with what I myself represent''.[433] Stowe sê tereg dat dit 'n buitengewone verklaring is, maar dat dit tog die gevoel van baie is. ''Naturally they find it difficult to think of evangelism as bringing people into a church that they despise.''[434]

Die kwaliteit van die lewe van die gemeente is vir evangelisasie van groot belang. A. C. Barnard maak dit ook duidelik dat dit 'n lewende gemeente is wat evangeliseer.[435] Wanneer Armstrong skryf oor die voorbereiding van 'n gemeente vir evangelisasie, stel hy dit ondubbelsinnig: ''Experience has taught me that deepening the congregations spiritual commitment is the best way to encourage interest in evangelism''.[436] Hierdie waarheid word ook in die nou reeds bekende Lausanne Covenant onderstreep. Ook hier gaan dit om die waarheid dat die gemeente verlos is tot verkondiging. ''World Evangelization requires the whole church to take the whole Gospel to the whole world.'' Die verklaring gaan egter voort en beklemtoon die waarheid waarmee ons in hierdie paragraaf besig is: ''But a church which preaches the Cross must itself be marked by the Cross. It becomes a stumbling block to evangelism when it betrays the Gospel or lacks a living faith in God, a genuine love for people, or scrupulous honesty in all things including promotion and finance''.[437]

G. E. Sweazey is reg wanneer hy verklaar dat al hierdie dinge wesenlik is vir evangelisasie en dat daar geen evangelisasie daarsonder kan wees nie, maar dit is nog nie evangelisasie nie: ''Christian lives are both a preparation for evangelism and a result of it. They are pre-evangelism and post-evangelism, but they are not evangelism''.[438] Ook iemand soos Armstrong met sy sterk klem op die dienskneggestalte en dienskneg wees van die gemeente, beklemtoon hierdie waarheid. Die gemeente is nooit klaar met sy taak deur net ''heilig'' in hierdie wêreld te wees nie. Die ''goeie nuus'' is nuus aangaande Jesus Christus, die Here in wie en deur wie daar vir die wêreld nuwe lewe is. Armstrong is myns insiens



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

korrek wanneer hy sê dat een van die eerste vereistes vir die gemeente as ambassadeurs vir Christus is: "One must first of all be *vocal*".[439] Dit is tewens nie die vraag nie. Die vraag is hoe die gemeente "hoorbaar pratend" moet wees.

Die lewe en woorde van die gelowiges moet albei as van wesenlike belang vir evangelisasie geag word. Die lewe van die gemeente moet die waarheid van hul woordgetuienis bevestig en die woorde van die gemeente moet die nuutheid van hul lewens verklaar en die oorsaak daarvan verkondig.

★3 "Kom" én "gaan"

'n Derde waarheid wat nog hier genoem moet word, is die verband tussen "kom" en "gaan", of tussen 'n sogenaamde "kom"-struktuur en "gaan"-struktuur in die gemeente. Ook hier gaan dit nie om 'n òf-òf nie, maar 'n èn-èn. Dit is dan ook die meeste teoloë se standpunt in hierdie verband hoewel sommige tog sterker klem op "gaan" lê. So 'n klem is te verstaan, omdat daar inderdaad voorbeelde is van kerke wat evangelisasie wil *afhandel* deur te verwag dat mense na die bestaande gemeentelike aktiwiteite moet kom. En dit kan nie sonder meer nie. Dit is doodgewoon 'n feit dat baie nie en nooit kom nie. Neighbour en Thomas meen op grond van statistieke dat 62% van die Amerikaanse volk "do not bother to attend any more".[440] In die Nederduitse Gereformeerde kerk is in 1966 reeds aan die Algemene Sinode gerapporteer dat "200 000 tot 250 000 belydende lidmate nooit meer die gemeenskap van die gelowiges beoefen nie en ongeveer dieselfde getal kom baie selde in die kerk".[441]

Jesus se opdrag aan sy kerk was sonder twyfel: Gaan.[442] Natuurlik was die gelowiges ook bymekaar. John. F. Havlik sê tereg: "The church in the New Testament met for worship, remembering the deeds and words of our Lord ... The church then moved out to the streets, the shops, and the marketplaces. This was the 'as-you-go-preach' emphasis".[443]

Die gebrek aan hierdie beklemtoning in baie gemeentes is waarskynlik minstens gedeeltelik daaraan te wyte dat evangelisasie as predikantswerk beskou word. Saam met die insig dat dit 'n gemeentelike bediening is, groei meermale 'n gesonde *kom*-en *gaan-balans*. Solank dit egter die leraar se taak bly, is dit te begryp dat 'n sterk "kom"-struktuur rondom die persoon van 'n prediker opgebou word. En dan is Conant en Fish reg as hulle sê dat dit byna daarop neerkom dat die duiwel die kerk laat glo "that it is the responsibility of the non-christians to go after the gospel ... As soon as the meetings close, the churches slip back into their criminal neglect of the lost, hoping that a few unsaved will come after the gospel and accept it while they wait for the next go-to-church evangelistic effort". En dit is byna om te verwag dat 'n vis na die land moet kom om gevang te word of om van die dodes te verwag om agter die lewe aan te kom.[444]

Gemeentes kan gemaklik verval in 'n bewaring van alles wat vir hulle kosbaar is en dan verwag dat enigiemand met nood "ná húlle tóe" moet



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kom. So 'n selfsugtige en onbybelse kom-struktuur is natuurlik te verwerp. D. J. Louw sê in hierdie verband: "Die kerk as 'n gemeente en gemeenskap van gelowiges is nooit selfgerig en 'n doel in sigself nie, maar 'n instrument in Gods hand om die wêreld onder Gods heerskappy te bring. Nooit mag die gemeente 'n reservaat vir heilige mense wees, omring deur die heining van selfversekerdheid nie".[445] Interessant in hierdie verband is Gibson Winter se beoordeling van die voorstedelike wykskerke en die ondersteuning wat georganiseerde kerke al meer aan Billy Graham-veldtogte verleen. Volgens hom gaan dit in die wykskerke heel dikwels om die bewaring van die eie: "Gezin, huis, kinderen, wijkwerk, wijkschool en plaatselijke politiek vormen de horizon van de belangstellingsfeer in zo 'n woonwijk. Deze uiterst particuliere belangstellingsfeer is bepalend geworden voor de aard der idealen van het kerklijk religieuze leven".[446] Volgens hom raak sulke kerke so piëtisties met hulleself besig dat hulle dikwels die groot stad met sy nood van duisende mense op hul drumpel sien sterwe: "Op het moment dat de metropool in een crisis verkeert, komt piëtisme de plaats innemen van dienstbaarheid".[447] Sulke selftevrede en selfgenoegsame wykskerke sien nie hul taak as diensbaarheid nie, maar om ter wille van eie instandhouding nog eens te bou en te bou en rondom die instandhouding te beplan. Volgens Winter stimuleer Graham se prediking hierdie soort struktuur en is dit vir kerke gerieflik paslik om met Graham-veldtogte saam te werk. Daardeur word hul groter en ryker en word die piëtisme gestimuleer — 'n piëtisme waaronder verstaan word die redusering van die Christendom tot 'n aantal subjektiewe gevoelens.[448]

Winter se oordeel oor Graham mag wel te kras wees, maar die gevaar wat hy aansny, is wesenlik. Die piëtisme mis nou eenmaal die gereformeerde totaalvisie op die lewe en kan maklik mense in vroomheid hulle laat terugtrek in uiters selfsugtige kom-strukture. Hieraan mag geen Gereformeerde kerk toegee nie. Dit gaan nooit in die gemeente om 'n selfsugtige selfopbou nie, maar om 'n gehoorsame selfbewaring en blootgewing aan die wêreld.

Natuurlik sou dit ewe eensydig wees om die gemeente te wil laat opgaan in 'n "gaan"-struktuur. Hierin is John Hendrick reg as hy sê dat die sogenaamde gaan-struktuur gedurende die afgelope dekades die kerk aansienlik beïnvloed en verander het — en tereg ook ... "nonetheless, as you can sense, we feel that the moment has come to reassert the valid and critically important emphasis on 'coming in' and 'gathering'. ... An invitation to come to church may be for someone the critical first step toward Christian faith ... When warm hospitality is discovered, when friendship follows, when participation becomes frequent, then a person is in the best position to see, hear and respond affirmatively to the Word of God".[449]

Daarom is Neighbour en Thomas reg wanneer hulle pleit vir wat hulle noem "circle evangelism. That is, we leave our buildings, go to the sinner, and *circle back* with him to our church buildings. There, inside the building, he will hopefully find Christ".[450] Dit gaan dus eerder om 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

sirkel-struktuur waar *kom* en *gaan* gelyktydig gehandhaaf word. Hiermee stem Barnard ook saam[451] en so ook Fritz Grünzweig in sy artikel oor die gemeente se taak tot evangelisasie. Dit behoort tot die taak van die gemeente om te voed, maar ook om die boodskap af te lewer aan hulle aan wie dit geadresseer is. 'n Missionêre struktuur moet nagestreef word waar gegaan word, maar waar hulle wat kom, ook 'n tuiste kan vind.[452]

### 2.6.5 DIE ROL VAN DIE LERAAR IN EVANGELISASIE AS GEMEENTELIKE BEDIENING

Ten slotte moet gelet word op die taak van die leraar in die verhouding gemeente en evangelisasie. Dit hou uiteraard ten nouste verband met wat hieroor onder 2.3 gesê is.

★1 Geestelikes en "leke"

Dit moet met hartseer toegegee word dat die ampsdraers minstens ten dele verantwoordelik was vir die onmondigheid van die gewone lidmate — soms onbewustelik en indirek. Dit was hierdie oorheersing deur die ampte wat in 'n hiërargie ontwikkel het en tot die jammerlike onderskeiding tussen *geestelikes* en *leke* gelei het. "De rechten der leken worden in hoofdzaak omschreven als die van het gehoorzaam aannemen van sacramenten, onderricht en leiding".[453] De Klerk handhaaf ook hierdie oordeel wanneer hy sê: "Met die geleidelike oorbeklemtoning van die betekenis en funksie van die kerklike ampsdraers (klerikalisme), is die algemene amp van die gelowiges al hoe meer gedegradeer tot die van die onmondige leek".[454] So gebeur dit dat die ampsdraers "began to dominate the laity in a very unscriptural fashion ... More than a few have acquired a sort of 'spectator mentality' concerning their church, and what they seem to want, as Sir John Lawrence states, is a building which looks like a church; a clergyman dressed in a way he approves; services of the kind he's been used to, *and to be* left alone. Such laymen have little if any real interest in evangelism, let alone actively engaging in the task".[455] Winter noem dit 'n vorm van sekularisme en sien dit as 'n berowing van die "leke" van hulle verantwoordelikheid: "door verantwoordelijkheid voor de gang van zaken in de wereld als in wezen niet-religieus te beschouwen, terwijl zij de activiteiten van kerkelijke instellinggen bestempel als *de geestelijke werken*". So byvoorbeeld, noem hy dat die term "bediening" teenwoordig sinoniem geword het vir ampsuitoefening deur geestelikes. En dit terwyl dit waar is dat "het evangelie de mens vrijmaakt voor het dragen van verantwoordelijkheid in de wereld en dat de dienstbaarheid van de Christen bestaat in de uitoefening van die verantwoordelijkheid in de geschiedenis".[456] 'n Mens hoef nie in alles met Winter saam te stem nie, maar sy ontleding is seermaak raak. Dit is nog te veel waar dat gelowiges in onmondige piëtistiese vroomheid in-gepreek word. Tot mense wat hemel toe gaan, maar wat niks te sê of te doen het nie. Geestelike werk is die werk van die besondere ampte.

★2 En dit terwyl die Skrif en die vroeë Christendom net die teenoorgestelde bewys. Michael Green sê op grond van sy deeglike studie oor die eerste twee tot drie eeu van die Christendom: "One of the most striking features



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

in evangelism in the early days was the people who engaged in it. Communicating the faith was not regarded as the preserve of the very zealous or of the officially designated evangelist. Evangelism was the prerogative and the duty of every Church member ... The ordinary people of the Church saw it as their job: Christianity was supremely a lay movement, spread by informal missionaries''.[457] Hy gaan voort om aan te toon dat die ampsdraers dit óók as hulle taak gesien het. Biskoppe, ouderlinge, saam met ''doktore'' soos Origenes en Clemens, filosowe soos Justinus en Tatianus het die verspreiding van die Evangelie as hulle saak en taak beskou. ''They seem not to have allowed the tasks of teaching, caring and administering to make them too busy to bring individuals and groups from unbelief to faith. The spontaneous outreach of the total Christian community gave immense impetus to the movement from the very outset.''[458]

Kuiper konkludeer doodgewoon: ''The Bible teaches plainly that evangelism is a task of the organized church''.[459] Vincie Alessi is daarom reg wanneer sy sê: ''Evangelism is the task of the whole church,

* the minister
* other staff members
* board and committee members
* *all other members* of the congregation''. [460]

★3 Taak van die leraar

Dit is die oortuiging van baie teoloë, en myns insiens tereg, dat dit in besonder die taak van die leraar is om die gemeente weer tot volle betrokkenheid by hulle wesenlike taak te lei. Om dit oornag van mense, wat lank onmondiges en goeie luisteraars moes wees, te verwag, is nie alleen onbillik nie, maar ook onrealisties. Die pad na evangelisasie as 'n daaglikse gemeentelike bediening is 'n langer pad. Persone wat gemeentes van selfgesentreerdheid tot nuwe evangelisasiebedieninge gelei het, se getuienis is eenparig dat dit tyd neem. So verklaar Neighbour dat dit hulle in Houston vyf jaar geneem het om 'n nuwe model van evangelisasie (Target-group Evangelism) te vestig. Nog 'n rede vir hierdie lang tyd is wat hy noem: ''It is much easier to recycle what we did last year than to venture into new areas of outreach''.[461] Wanneer D. J. Louw skryf oor die moontlike struktuuraanpassings vir die kerk in die stad, merk hy ook op dat daar 'n hartgrondige verandering moet plaasvind: ''Kerkverandering beteken 'n radikale gesindheidsverandering van die lidmate. Dit beteken 'n verandering in die siening van hulle rol as lidmaat in die gemeente en 'n nuwe visie op geestelike volwassenheid en verantwoordelikheid''.[462] Die verandering is dus vir baie radikaal, van *selfgerigtheid* tot *andergerigtheid;* van *selfdiens* tot *diens aan ander*; van *niksdoen* tot *betrokke raak*; van *stilbly* en *luister* tot *luister en oordra.*

Om hiervoor net strukture te verander, sal waarskynlik nie werk nie. Te Winkel is reg as hy sê dat daar allereers 'n verandering in die houding van mense nodig is ''en dat kan pas in een langdurig proces bereikt worden''.[463] 'n Proses wat beplan moet word.[464]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3.1 Die leraar moet sy eie taak in die gemeente weer goed begryp. Terselfdertyd moet hy ook die regte Bybelse visie hê op die feit dat evangelisasie 'n gemeenteverantwoordelikheid en -bediening is. Dit beteken dat baie leraars weer "bekeer" moet raak tot die wesenlike van hulle roeping naamlik toerusting van die gemeente vir hulle dienswerk.[465] Drummond sê tereg: "In the light of the Scriptures and in a day like today it *must* mean leading the whole church to become an evangelistic and mission-minded body". Hy gaan voort om hom sterk hieroor uit te spreek, maar sê tereg: "This then is the pastor's task, and I think it is not put too strongly to say that if he fails in this obligation, he has missed a very vital aspect of his ministry" en nog later in sy boek: "In other words, he is the helper and equipper of the layman so that the layman can get on with the job, not vice versa as is so often the case".[466]

Dit beteken dat die leraar die gemeente sal voorlig en toerus deur prediking en inligting oor hulle wese en taak. Dit is omvattende toerusting wat volgens Havlik, nie begin met die leer van tegnieke nie, "but to awaken them to the fact that they are witnesses".[467] Hulle moet geleer word dat die "congregation is not merely the sphere of evangelism, but its instrument".[468] Deur prediking, besprekings, konferensies moet tot hierdie verandering in insig-in-wese gelei word.

En tog is hierdie toerusting ook meer. Dit is soos M. Kane sê: "Freedom means saying one's own words, and the revolution of the laity must help people to break out from a passive attitude of unquestioning acceptance in order to discover and speak their own word".[469] En dit is meer, dit is 'n toerusting tot *diens*.[470] Fish en Conant stel dit so: "His (die pastor MN) principal duty is to develop, whether by sermon or by any other method, every member into a mature believer, able to witness effectively to others".[471]

Afgesien van hierdie Bybelse taak tot toerusting is dit ook gewoon waar dat die leraar 'n sleutelfiguur is om kerkrade en gemeentes tot 'n nuwe visie van die wese en taak van die gemeente te lei.

★3.2 Bogenoemde neem egter nie weg dat die leraar self ook 'n "*evangelis*" moet bly nie. Dit was waar van Paulus dat hy steeds met die "redding van mense" besig gebly het.[472] Ook spoor hy vir Timotheüs aan om ander te leer, maar om self nog "evangelis" te bly.[473]

Hierdie waarheid is egter nie eenvoudig nie. Sweazey is baie naby aan die waarheid wanneer hy sê dat 'n leraar maklik deur sy bediening kan gaan sonder om ooit oor godsdiens met enigiemand anders behalwe kerkmense te praat. "He is walled off from the world in a religious ghetto."[474] Hoewel hy dit seer seker met 'n stukkie humor bedoel, steek daar tog waarheid in sy opmerking: "The first stage in giving up evangelism is to go to a theological seminary; the final stage is to become a pastor of a church".[475] Sweazey moet nie verkeerd verstaan word as sou dit dan beter wees om 'n "evangelis" buite die gemeentelike bediening te word nie. Hy pleit juis vir die ontwaking tot die besef van die volle implikasies dat die kerk God se unieke instrument tot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

evangelisasie is. En tog is bogenoemde waarskuwing relevant. Terwyl leraars gemeentes leer wie hulle is, wat hulle taak is en wat evangelisasie is, moet hulle self voorgangers in evangelisasie wees. Voordoen is hier van wesenlike betekenis. So word dit 'n saamdoen en verander die toneel van 'n situasie waar die leraar alles doen, tot een waar gelowiges hom help om te doen, tot een waar die leraar volgens sy Bybelse opdrag die lidmate help om te doen wat hulle al die tyd veronderstel was om te doen. Hierdie voorbeeld van lewe word in evangelisasietoerustingsverband ook op 'n ander wyse deur Drummond saamgevat wanneer hy sê: "When one's service and ministry are finally summed up, that which makes the most lasting and vital impression is a Christ-like life".[476]

Die persoon, lewe en bediening van die leraar is primêr in die toerusting van die bondsvolk van God tot diens aan Hom en aan sy wêreld. Dit is die taak van die leraar om toerustend, begeleidend, motiverend met die gemeente om te gaan ten einde hulle in staat te stel om te beantwoord aan die doel wat God met sy gemeente het. Hoe hierdie toerusting in die praktyk moet geskied met die oog op jeugevangelisasie, word later onder 4.4 bespreek. Hier gaan dit om 'n uitlig van die beginsel ten opsigte van die rol van die leraar.

### 2.6.6 DIE METODE VAN EVANGELISASIE

Metodes langs watter weg die vervreemde jeug vir Christus en sy kerk teruggewin kan word, word in besonderhede in hoofstuk 4 bespreek. Hier gaan dit net om die vermelding van 'n uitgangspunt — hoofsaaklik op grond van bogenoemde beskrywing oor die verband gemeente-evangelisasie geformuleer. Hierdie uitgangspunt kan in die woorde van George Sweazey weergegee word: "I can think of only about ten ways to evangelize: by means of sermons, classes, friendship, partnership in humane tasks, home contacts, conversations, church fellowship, intimate groups, the arts, and the communications media". Nadat hy dan meld dat al die bogenoemde in verband staan met die lewe en werk in en deur die plaaslike gemeente, stel hy dit so: "There is just one basic method of evangelism. It is the one to which all the others have to be related. It can be described in just five words: *The church is the evangelist* ... God put his church on earth as his intended instrument for evangelism".[477]

Die gemeente is inderdaad primêr in God se metode om 'n afgedwaalde bondeling of 'n verlore heidenwêreld vir Hom te win. Hierdie standpunt lê ten grondslag aan die beskrywing van wat kerklike jeugarbeid is in hoofstuk 3. As wesenlike deel van die gemeente is die kerkjeug instrumenteel in jeugevangelisasie.

Voorts word in hierdie verband die sewevoudige werkswyse of wyse van funksionering van die gemeente as wesenlik tot bogenoemde metode gehandhaaf. Dit gaan in die bereiking van die vervreemde om kerugma (verkondiging), marturia (getuienis), koinonia (gemeenskap), diakonia (diens), leitourgia (erediens), paraklese (onderlinge geestelike sorg), didache (lering).[478]

As uitgangspunt geld dus die waarheid dat die drie-enige God deur sy ge-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

meente op bogenoemde sewevoudige wyse die roep van sy verbondsliefde deur sy Woord laat weerklink.

Hierdie sewevoudige wyse van evangelisering geskied uiteraard georganiseerd, as taak van die georganiseerde kerk soos in die erediens, die lering, die diakonia. Dit gebeur egter ook ongeorganiseerd. Gelowiges is op verskeie wyses daarmee besig. Georganiseerd en ongeorganiseerd staan nie teenoor mekaar nie, maar is komplimentêr. Die ongeorganiseerde sal op die georganiseerde teruggryp en die georganiseerde behoort die ongeorganiseerde te stimuleer, maar kan ook uit die ongeorganiseerde te voorskyn tree. Van Swigchem (wat ook die term onopsetlike evangelisasie gebruik), sê ook dat daar geen teenstelling, "geen enkele wrijving" moet wees tussen "georganiseerde" en "ongeorganiseerde" evangelisasie nie "maar innige samenwerking".[479] Wurth en Wiersinga (wat ook die terme "opsetlik" en "onopsetlike" afwys) sê ook: "Er bestaat een nauw verband tussen de georganiseerde en de ongeorganiseerde evangelisatie, ja in wezen zijn ze één".[480] Sommige, byvoorbeeld Barnard gebruik die terme "spontane" en "georganiseerde" evangelisasie.[481] Georganiseerde evangelisasie behoort egter ook so spontaan moontlik uitgevoer te word. Myns insiens behoort bogenoemde sewevoudige werkswyse georganiseerd en ongeorganiseerd te geskied. Dat dit georganiseer moet word, word ook ondubbelsinnig deur Barnard gestel: "Die spontane getuienis moet steeds gevoed, gestimuleer en gelei word om dit behoorlik te doen. Dit vereis tog 'n beplanning en toerusting . . . Organisasie moet daartoe lei dat inderdaad die hele kerk en al die gelowiges, die hele terrein oorsien en op die mees effektiewe wyse, met al die middele tot die beskikking, evangelisasie gedoen word".[482]

## 2.7 JEUGEVANGELISASIE

Hier, soos in paragrawe 2.1 tot 2.6, gaan dit slegs om 'n prinsipiële uitgangspunt ten opsigte van jeugevangelisasie. Hoe dit behoort te gebeur, word in hoofstuk 4 in besonderhede bespreek.

### 2.7.1 WAT IS JEUGEVANGELISASIE?

Evangelisasie word as toegespitste bediening, soos volg gedefinieer: "Evangelisasie as toegespitste bediening is dus om die goeie nuus van die hele evangelie van Jesus Christus, die Here oor te dra aan diegene wat vervreemd is van Christus, sy Woord, sy verbond en sy kerk en wat om dié rede buite kerkverband geraak het".[483]

Dit gaan dus om die vervreemde buitekerklike. In jeugevangelisasie behoort dit dus te gaan oor die vervreemde buitekerklike kind en jongmens. En tog is dit nie so eenvoudig nie. Dit gaan immers ook om kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie — vervreemde dooplidmate. In evangelisasieverband sou van hierdie dooplidmate gepraat word as vervreemde dooplidmate wat nie belydenis van geloof wil aflê nie. Miskien is die betekenis waarin H. Vollenhoven die term "buitekerklikheid" gebruik hier enigsins toepaslik: "verstaan we onder



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

buitenkerkelijken doorgaans allen, die van God en zijn woord zijn vervreemd en aldus in geestelijke zin buiten de kerk — als de vergadering der ware gelovigen — zijn komen te staan, ook al bewaren ze nog één of andere band aan eigen kerkformatie''.[484]

In 'n memorandum wat deur beide die Algemene Jeugkommissie en die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie aanvaar is, het die skrywer hiervan, jeugevangelisasie soos volg gedefinieer: ''In jeugevangelisasie gaan dit dan pertinent om die *jongmens* wat van Christus en sy kerk en daarom van sy Woord vervreemd is. Jongmense wat nie belydenis van geloof wil aflê nie, of van wie die lidmaatskap deur woord en daad nietig verklaar is, of wie se lidmaatskap langs die weg van die kerklike tug beëindig is. Hierby kan ook nog gevoeg word, jongmense wat tot sektes behoort — veral ''Christuslose'' sektes''.[485]

Om hierdie definisie in lyn te bring met die uitgangspunt wat ten opsigte van evangelisasie gestel is, sou dit so geformuleer kon word: Jeugevangelisasie as toegespitste bediening is om die goeie nuus van die hele evangelie van Jesus Christus, die Here, oor te dra aan kinders en jongmense wat vervreemd is van Christus, sy Woord, sy verbond en sy kerk en wat òf om dié rede as vervreemde dooplidmate nie belydenis van geloof wil aflê nie, òf reeds na belydenisaflegging weer buite kerkverband geraak het. Jeugevangelisasie is ook die oordra van die evangelie aan vervreemde kinders en jongmense wat nie self gedoop is nie, maar wat nog in die skadu van die verbond opgegroei het deurdat hulle ouers of grootouers gedoopte lidmate van die kerk is of was. Dit sluit ook die oordra van die evangelie aan kinders en jongmense wat tot sekere sektes behoort, in.

Ook hier moet dit ter wille van duidelikheid herhaal word dat daar 'n ''grys-tussenin-area'' is, waar dit baie moeilik is om te onderskei of 'n mens met ampsbediening, evangelisasie of sending te doen het. Om te stry oor watter een van die drie dit is, was beslis al meermale die rede dat nie een van die drie bedieninge beoefen is nie. Om dan baie groepe en bewegings wat sonder duidelike beginseluitgangspunte slegs gaan en doen, te verwyt, sou 'n antwoord regverdig soos die wat Moody volgens David Read by geleentheid aan hulle wat met sy metode verskil het, gegee het: ''I like my way of doing it better than your way of not doing it''.[486]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het vir die spesifieke ampsbediening voorsiening probeer maak deur die invoering van die term ''geïntensiveerde en gespesialiseerde ampsbediening''.[487] Die grens tussen die objek vir geïntensiveerde ampsbediening, te wete die vervreemde, kerklos doop- en belydende lidmaat en die objek vir evangelisasie te wete die buitekerklike jeugdige is soms baie dun en moeilik aanduibaar. 'n Kerkvervreemde lidmaat wie se lidmaatskap as gevolg van die verwaarlosing van die kerklike tug nog nie beëindig is nie, kan meer vervreemd wees as 'n persoon wat reeds sonder kerkverband is. Dit word nog moeiliker wanneer dit die vervreemde dooplidmaat is. Terwyl die model wat reeds aanvaar is, voorsiening maak vir hierdie onaanduibare grens in baie gevalle, moet dit vir sover dit jeugevangelisasie betref, weer



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

eens beklemtoon word dat dit 'n noodsaaklike, máár uiters moeilike en delikate skeiding is. Geïntensiveerde ampsbediening aan die jeug of geïntensiveerde jeugarbeid en jeugevangelisasie sal veral in die Suid-Afrikaanse situasie hand and hand moet beweeg indien die kerk wil verseker dat die kerkvervreemde jeug, buitekerklikwordende jeug en buitekerklike jeug met die evangelie van Jesus Christus, die Here, bereik word.

### 2.7.2 DIE NOODSAAK VAN JEUGEVANGELISASIE

In paragraaf 3.4 sal meer breedvoerig na kerkvervreemding en buitekerklikheid van die jeug gekyk word. Hier word net enkele motiewe vir die noodsaak van hierdie bediening van die kerk genoem.

★1 Vollenhoven het in 1956 reeds geskryf oor die massale ongeloof in Wes-Europa, waar toe reeds in 'n land soos Frankryk vyf uit elke ses mense nie meer na 'n kerk gaan nie.[488] In 1941 al het K. Dijk geskryf: dat die getal loues en lakses al kleiner word en die sogenaamde "neutrales" en bewuste afvalliges neem toe: "De ontkerstening gaat onrustbarend voort en vele kinderen van godvrezende ouders ontzinken geheel en al aan het geloof van vader en moeder".[489]

Vollenhoven meen voorts dat die mees tragiese aspek van alle vervreemding by die jeug is dat dit, soos hy dit stel, so *geruisloos* geskied: "Dit breken met God, met Zijn Woord, met de kerk van Jezus Christus geschiedt met een gemakkelijkheid, die ons ontstelt".[490]

Jeugevangelisasie is gewoon nodig omdat daar jeugvervreemding is.

★2 Bogenoemde mag egter na 'n koue, feitlike motivering klink. Agter jeugevangelisasie sit egter *alle motiewe wat agter evangelisasie sit*.[491] Wat hier nog vermelding verdien, is 'n diepe omgee vir vervreemde jeug vanweë die soms uiters vervreemde omstandighede waarin hul opgroei, 'n vervreemde kultuur en maatskappy. In sy boek oor die evangelisering van tieners, beklemtoon Ellis ook hierdie waarheid wanneer hy sê dat evangelisasie met 'n egte omgee vir ander begin. Hy skilder dan kortliks 'n prentjie van die omstandighede waaronder kinders en jongmense vervreemd raak — omstandighede soos verskuiwing van stad tot stad, van dorp na stad, die invloed van die maatskappy. Sommige van hulle "are not all bad kids". Ellis vermeld so 'n vervreemde jeugdige, leier van 'n groep, wat in 'n onderhoud met 'n verslaggewer op die vraag hoe hy so vervreemd geraak het, geantwoord het: "Don't ask me. Maybe I had too much time. I don't feel any different from anybody else. It's heck. But that's it. I just don't know the answer".[492]

Read vermeld tereg dat dit in baie opsigte "another generation" is wat rondom ons opgroei. In Gereformeerde kerke met 'n verbondsingesteldheid, kinderdoop, verbondopvoeding en so meer was dit vir geslagte so dat hierdie praktyk "produced successive generations of Christians who did not seem a natural target for evangelistic effort". Vandag egter het hierdie prentjie byna totaal verdwyn: "To a surprising degree the natural religious links between the generations have been snapped". Een rede hiervoor is dat "the younger generation today is growing



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

up in a society that is rapidly abandoning the traditional ties with the Christian faith''.[493]

Hoewel daar in die Suider-Afrikaanse situasie waarskynlik nog veel meer en sterker bande tussen ouers en kinders is, sou dit naïef wees om te beweer dat die situasie hier ter lande so radikaal verskil van die in die Verenigde State van Amerika van 1978 (toe Read sy boek geskryf het) dat niks van bogenoemde ook die jeug in Suid-Afrika geld nie. In Suid-Afrika is egter op die oomblik veel meer waar van wat Corbett en Johnson noem ten opsigte van die sogenaamde ''silent majority'' onder die jeug. Jongmense wat die sogenaamde jeugkultuur verwerp ''and tend to accept the values of the over-thirty generation. They wear their hair short, listen to country-and-western music, and join the Army when they are eighteen. In many cases, Silent Majority youth become the strongest converts to youth culture when they leave home''.[494] Tereg sê hulle dat die kerk 'n mate van sukses het in kommunikasie met hierdie groep en met wat hulle noem ''establishment youth''. Ander jeugdiges ''who are on the cutting edge of the counterculture'' moet egter ook bereik word. ''If the church is to be really relevant to a changing world, it will have to develop communication with counterculture youth as well as with street youth, ethnic cults, and all other groupings that emerge''.[495]

★3 'n Derde noodsaak vir jeugevangelisasie is wat kortliks beskryf kan word as *'n groeiende universalisme*. Die vlug van duisende jeugdiges in die Oosterse mistisme,- godsdienste en sektes is maar een teken hiervan. Die uniekheid van die Christendom, die totale verdorwenheid en verlorenheid van die mens buite Christus word nie meer aanvaar nie.

★4 Hier moet nog kortliks die feit genoem word dat jeugvervreemding helaas dikwels die gevolg is van *foute in die kerk self*. Onder punt 3.4 word hierop meer breedvoerig ingegaan, maar hier is dit nodig om op enkele sake te let. Hoekstra is myns insiens korrek wanneer hy dit stel dat die eerste vereiste vir ons evangelisasiewerk onder buitekerklike jeug is ''rigoreuze zelfcritiek''. Die beeld van die kerk by die jeug is nie positief nie.[496]

Tydens gesprekke in Nederland, Engeland, die Verenigde State van Amerika en hier te lande is die skrywer hiervan dikwels getref deur die kritiese ingesteldheid van vervreemde (en soms kerklike jeug) teenoor die kerk. Op vrae waarom, was die antwoorde byna identies: ''Wat die kerk sê en hoe lidmate leef, bots so openlik en opsigtelik dat dit gewoon onmoontlik word om die kerk en sy boodskap te glo''. Hierdie waarheid word ondersteun deur Ulrich Parzany wat in die Sinode van Essen vir jeugevangelisasie verantwoordelik is. Hy beskou hierdie tweespalt tussen leer en lewe as 'n ''Tödliche Gefahr'' (dodelike gevaar). Volgens hom is daar egter nog twee ''teenstrydighede'' wat die kerk ongeloofwaardig maak, te wete die feit dat slegs die ampte die Woord bekend maak, maar die gewone Christene swyg. Dit laat die indruk dat die Christelike geloof slegs 'n wêreldfilosofie soos baie ander is en slegs deur enkele ondersteuners verkondig word. Die tweede dodelike ''Gespaltenheit'' is die feit dat evangelisasieverkondiging slegs 'n item op 'n program van die kerk is,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

maar in die normale lewe het die Christen ander temas waaroor hulle liewer praat.[497]

Read handhaaf ook hierdie standpunt en stel dit so: "it must also be admitted that a recent generation was not altogether wrongheaded in rejecting what seemed to them a merely conventional and morally empty churchiness on the part of their elders".[498]

Myns insiens is Read reg wanneer hy sê: "So here is a great field for evangelism, and it should not be left to those who offer the most dogmatic presentation of the gospel, the most rigid interpretation of the Christian life, and the most emotional kinds of religious experience".[499]

★5 'n Vyfde rede vir die noodsaak van jeugevangelisasie is die belangrikheid *van die ouderdom van baie vervreemde jeugdiges*. Jesus het die kinders as uiters geskik beskou vir die ontvang van die koninkryk, en hulle as voorbeelde aan volwassenes voorgehou.[500] Löwe noem kinderevangelisasie 'n besonderse toets vir die erns van die kerk se gehoorsaamheid.[501] Engstrom het deur middel van talle ondersoekuitslae aangetoon dat verreweg die meeste mense tot persoonlike geloof kom voor die ouderdom van 21. 'n Ondersoek in Engeland bevind dat 95% van die ondersoektes voor 21 tot geloof in Christus gekom het. 'n Ondersoek in die VSA toon dat 85% tussen 4 en 15 tot 'n oorgawe gekom het. Uit 1 200 ander ondersoektes blyk dat 1 100 voor hul 21ste jaar tot geloof gekom het. 'n Ondersoek onder 5 000 Christenstudente toon dat die grootste aantal tussen 12 en 17 Christus aangeneem het, met 16 as die piek.[502]

### 2.7.3 DIE BOODSKAP IN JEUGEVANGELISASIE

Dit is uiteraard die evangelie van Jesus Christus, die Here. Tog moet dit kortliks verder toegelig word. Volgens die Jesus People is dit die "simple Gospel". Hieronder is dan gewoonlik verstaan die enkele woorde: "Jesus saves".[503] Die geskiedenis van die Jesus People, die talle dwalinge en ontsporings van groepe soos "The children of God" bewys egter dat so 'n boodskap te eng is om op te bou. Wie is hierdie Jesus? Waarvan red Hy? Wat sluit hierdie redding alles in? Waartoe red Hy? Wat is die plek van die Vader en die Heilige Gees in hierdie redding? Vrae kan vermenigvuldig word. Voorbeelde soos die van die Jesus People en ook ander aanbiedinge van die evangelie het iemand soos Chantry laat reageer met 'n boek: Today's Gospel — Authentic or Synthetic? Volgens hom soek baie vir sover dit die inhoud van die boodskap betref, relevansie en aanvaarbaarheid by die mens. Die aaanpassing van die boodskap in so 'n geval maak volgens hom die evangelie sinteties en kunsmatig.[504]

Op die inhoud van die boodskap sal in hoofstuk 4 teruggekom word. Hier word slegs beklemtoon dat dit gaan om die heil wat alleen in Jesus Christus is, die roep tot bekering en tot navolging van Christus Jesus as Here, die inlei in 'n lewe uit die beloftes van Gods verbond in Christus Jesus en in die gemeente as dienende liggaam van Christus in hierdie wêreld.[505]

D. James Kennedy lewer 'n waardevolle bydrae tot die inhoud van die boodskap in jeugevangelisasie deur sy onderskeiding tussen die "objec-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tive and subjective elements (or the judical and the regenerative aspects) of the Gospel''. Albei elemente is deel van die inhoud en nie die een òf die ander alleen nie. Volgens hom bepaal die objek waar die meeste klem moet lê. So sal 'n volwassene meer geïnteresseerd wees in die: Waarom?, Wat is die feite? en gevolglik moet die objektiewe elemente swaar beklemtoon word. ''For the most part, however, a young person (particularly a teenager) will want to know: 'does it work?, Will it help me in my frustrating world?' Hence we need to lean heavily on the subjective elements, the regenerative (new man) aspect. Now, obviously both need to be included always''.[506] Hierdie benadering is ook deur die Christian Reformed Church in die Verenigde State van Amerika se Home Missions Board oorgeneem.[507]

2.7.4 WIE MOET DIT DOEN

★1 Dit moet ondubbelsinnig gehandhaaf word dat jeugevangelisasie, net soos jeugarbeid en evangelisasie, gemeenteverantwoordelikheid is. Dit is elke dag 'n normale deel van die taak van die gemeente. So bepleit K. Dijk dit reeds in 1941 en sê: ''Deze taak rust in de eerste plaats op de Kerk in haar ambtelijke dienst. Zij moet het haar afdwalende leden ontzaglijk moeilijk maken om haar, om den dienst des Heeren, om het Woord Gods vaarwel te zeggen''.[508] So ook Wurth en Wiersinga in hulle hoofstuk oor jeugevangelisasie: ''Daarom mag deze arbeid onder de jeugd niet een op zichzelf staand en apart werk zijn, maar hebben wij het *bewust in het geheel van onze kerkelijke evangelisatie in te schakelen*''.[509]

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk kan en mag dit nie anders nie. As dit die kerk se erns is wanneer hy verklaar dat die jeug 'n wesenlike deel van die gemeente is,[510] volg dit logies dat die jeug deel is van die gemeente as God se werksvolk ''om te verkondig die deugde van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig''.[511] Die Christian Reformed Church, in 'n oproep aan kerkrade, pleit ook op hierdie grond wanneer daar gesê word: ''These young people must be treated as the church of *today* as well as the church of tomorrow''.[512]

★2 'n Tweede uitgangspunt wat in hoofstuk 4 verdere aandag geniet, is dat ouers as ''verbondsdraers'' die aangewese persone is om kinders na die God van die verbond te lei of terug te lei: Dit is soos Herman ter Welle dit stel in sy referaat by Lausanne 1974: ''Parents are the first representatives of God to their children''.[513] Hierdie waarheid is natuurlik algemeen in gereformeerde kringe vir sover dit die verbondsopvoeding van verbondsjeug betref. Wat hier bedoel word, is 'n uitgangspunt dat ook ten opsigte van die vervreemde kind en jongmens, die ouers besondere verantwoordelikheid dra. Dit sny na twee kante.

* Aan die een kant beteken dit dat kinders deur middel van hulle ouers bereik kan word. Ter Welle noem dit ''ministry through the home''[514] en George Peters praat daarvan as ''household evangelism''.[515] In 'n situasie waar ouers én kinders vervreemd is, sou dit beteken dat 'n vader wat tot geloof kom, dit met sy gesin sou bespreek: Dit is ''the principle decision on the part of the father and/or the parents, and in deliberation with the members of the family that the household ought



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

to become a Christian family, and that the home ought to become a Christian home. Then, either jointly and simultaneously as a family unit, or individually, each member in personal decision relates himself to Christ as personal Saviour''.[516]

Ouers kan 'n beslissende rol speel in die bereiking van die vervreemde jeug — nie allen die skoolgaande jeug nie, maar ook die naskoolse. By laasgenoemde sal daar uiteraard 'n meer individuele aanslag wees, maar die invloed van die ouers moet ook hier benut word.

* Al word 'n kind of jongmens, as individu op een of ander wyse vir Christus gewin, bly die doel om die gesin te bereik en die geloofslewe van so 'n kind 'n ''family affair'' (Peters) te maak. So stel die bekende toerustingskursus van die Christian Reformed Church dit ook: ''The church has a continuing responsibility to reach the entire family. Child evangelism should be family evangelism''.[517] Kinders en jongmense moet nie uit-hulle-gesinne-uit geëvangeliseer word nie. Peters vertel van 'n jongman wat in Japan tot geloof in Christus gekom het. Die sendeling het hom na sy ouerhuis vergesel, sy ouers gerespekteer en aan hulle verduidelik wat met hulle seun gebeur het en nederig hulle toestemming en goedkeuring vir die daad van hulle seun gevra. Hoewel die ouers aanvanklik verbaas en ontstig was, het hulle die wyse waarop alles hanteer is, waardeer. Hulle het hulle belofte gehou om een Sondag hulle seun na 'n diens te vergesel. Die deur vir die Woord is oopgehou deur 'n taktvolle gesinsgerigte benadering en nie lank daarna nie het die gesin besluit om Christus te volg. Tereg sê Peters dan: ''Household Evangelism cannot bypass the parents''.[518] Die gesin is so wesenlik in die Verbondsteologie dat 'n Gereformeerde kerk dit nog veel sterker behoort te bepleit as Peters wat vanuit 'n ander Protestantse denominasie hierdie waarheid so duidelik stel en bepleit. Hy vra byvoorbeeld: ''Who has blinded us against the divine order that we should so completely neglect it? ... Could we have shifted and drifted from the divine ideal and apostolic norm without realizing it? Have our additions, which are good and legitimate, overshadowed the main stream (die huisgesin MN) of God's flow of blessing?''[519] Hier word dus jeugevangelisasie as gesinsevangelisasie bepleit.

★3 Jeug-tot-Jeug

'n Derde uitgangspunt is dat hoewel jeugevangelisasie 'n gemeentelike bediening en 'n gesinsbediening is, is dit allerweë gewens om die Christenjeug te gebruik om hulle mede (vervreemde) jeug te bereik. Hiervoor is daar baie redes.

In 1947 het Hoekstra die vraag gevra of dit nie tyd geword het dat die gereformeerde jeug self die vervreemde jeug moet bereik nie. Hy moes in sy boek nog baie ruimte afstaan om die gevare daaraan verbonde te ondervang. Sy eie oortuiging is egter dat dit wel gewens is dat die gereformeerde kerkjeug met 'n gesonde gesinsmilieu en goed gefundeer in hulle eie kerk hierdie werk moet doen. ''Al te lang hebben we de oplossing gezocht in de richting van jeugd*zorgd*: Jongeren, die bewerkt werden



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

door ouderen. De m.i. aangewezen weg is hier de jeugd*beweging*: Jongeren sprekend met jongeren."[520]

Hierdie uitgangspunt is ook reeds deur die bekende Jeugd- en Evangeliebeweging in Nederland gehandhaaf: "Voor de jeugd — door de jeugd! Al spoedig is gebleken, welke goede kansen deze methode had, als de *natuurlijke kansen* maar ten volle werden uitgebuit. In persoonlijke omgang, kring en kamp wordt een klimaat gevonden, waar het onderlinge vertouwen groeien kan, zodat op ongedwongen wijze een eerlijk en voortgaand gesprek mogelijk wordt".[521]

Goeie kommunikasie is 'n wesenlike voorwaarde vir evangelisasie. Van der Made onderstreep hierdie waarheid baie duidelik as hy skryf "dat de communicatie met betrekking tot het evangelie een integrale aangelegenheid is".[522] En dit is hierdie voorwaarde wat die jeug-tot-jeug-beginsel so belangrik maak. Natuurlik kan en moet ouer persone ook met die jeug kommunikeer.[523] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk erken hierdie laasgenoemde waarheid so openlik dat dit in die grondreëls van die drie afdelings van die kerkjeugaksie ingebou is dat daar volwasse raadgewers, jeugleiers en kerkraadsverteenwoordigers meewerk.[524] En tog is dit gewoon waar dat die kommunikasiekanaal, die onvoorwaardelike aanvaarding van mekaar (of soos van der Made sê "elkaar vindt in het deelhebben aan dezelfde waarden"[525]) veel makliker oop is en plaasvind tussen twee jeugdige tydgenote. Die verstaan van die jeug, hulle denke, hulle kultuur is vir jeugevangelisasie van soveel wesenlike belang. Dit is net veel makliker en meer effektief as 'n jongmens of kind 'n ander kind of jongmens benader. Sweazey is myns insiens heeltemal reg as hy sê dat in baie gevalle: "the most important influence on a young person is another young person".[526] Weer eens bedoel dit nie om die geweldige lewensveranderende invloed van ouers, opvoeders, en ander leiers te verkleineer nie, maar dit is so dat veral in sekere lewensfases medejongmense (die sogenaamde peer-group) geweldige invloed het.

Howard Ellis vermeld 'n getuienis van 'n plaaslike leraar van 'n gemeente waar die jeug hulle vervreemde jeug gaan besoek het en vriendskap begin opbou het: "Our young people have accomplished more through their person-to-person friendship with these out-of-church young people than I could do in two years. These newcomers think of the church as a friendly place now; they have friends there they know and trust". Ellis vervolg deur te sê: "Committed Christian young people can build bridges of understanding and fellowship between youth *inside* and those *outside* the church".[527]

Natuurlik moet die kerkjeug vir hierdie taak toegerus word. Hieroor meer in paragraaf 4.4. Hier gaan dit om die beginsel dat die toegeruste kerkjeug by uitnemendheid geskik is om kerkvervreemde en buitekerklike jongmense op 'n spontane, maar doelgerigte en ook georganiseerde wyse, vir Christus terug te win en in te lei in 'n lewe vanuit die verbondsrykdomme van God. In die reeds vermelde memorandum aan die Algemene Jeugkommissie is hierdie uitgangspunt ook bepleit. By alles wat reeds gesê is, kan onderstaande uit die betrokke memorandum



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

bygevoeg word: "Hulle, (die jeug) 'bewys' dat Christus 'n lewende Verlosser is, nie eers wanneer die lewe sy 'fleur' verloor nie, maar in die fleur van jou lewe".[528]

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dit ook reeds aanvaarde beleid en praktyk. Hiervan was die landwye jeug-tot-jeugaksie gedurende 1974 'n bewys. In hierdie aksie het 56 toegeruste jongmense nie alleen by skole, na eredienste en saamtrekke in gesprek met ander (ook vervreemde) jeug getree nie en is nie alleen talle vervreemdes na Christus teruggelei nie, maar het die jeug ook hul medekerkjeug toegerus vir hul jeug-tot-jeug taak as getuies vir Christus. Die betrokke toerustingskursus is vir 23 000 jongmense en kinders aangebied.[529] H. J. C. Pieterse in sy bydrae oor die jeugevangelisasie in die reeds vermelde boek onder redaksie van J. J. de Klerk sluit by bogenoemde aan wanneer hy sê: "Ons uitgangspunt ten opsigte van die metode van jeugevangelisasie is gebaseer op die mens-tot-mens-evangelisasie waarin persoonlike kontak en die gesprek baie belangrik is. Hiermee sluit ons nie ander metodes uit nie, maar wil ons die persoon-tot-persoon-metode as die basiese en belangrikste metode waarom die jeugevangelisasie wentel, daarstel".[530]

1 Van der Made, A. P., *Kerk en Jeugdzorgwerk,* p. 68.
2 Vergelyk o.a. Joh. 10; 15; 1 Kor. 3:9; 12; Ef. 1:22, 23; 1 Pet. 2:4, 5.
3 Heyns, J. A., *Dogmatiek,* p. 359.
4 Vergelyk Matt. 16:17; 1 Kor. 12:3; Vergelyk ook Heyns, J. A., *op cit.,* p. 363 – 366.
5 Heyns, J. A., *op cit.,* p. 364.
6 Schmidt, K. L., in Kittel, G., *Theological Dictionary of the New Testament,* Vol. III, p. 512. (Vertaling deur Bromiley, G. W.)
7 Hoekendijk, J. C., *Mission und Oekomene* (Die Botschaft von Jesus Christ in einer nicht — christlicher Welt), p. 153.
8 Van der Made, A. P., *op. cit.,* p. 61.
9 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 364.
10 Vergelyk Rom. 1:6, 7; 6:4; 1 Kor. 1:2; 12:12; 13; Ef. 1:1, 3 – 14; ens.
11 Du Plessis, I. J., *Christus as Hoof van Kerk en Kosmos,* p. 39.
12 Vergelyk Ef. 1:22, 23.
13 Vergelyk Grosheide, F. W., *De Brief van Paulus aan die Efesiërs,* p. 33 – 34. Vergelyk ook Du Plessis, I. J., *op. cit.,* p. 74 – 78. Vergelyk ook Groenewald, E. P., *Die eerste brief aan die Korinthiërs,* p. 162.
14 Vergelyk 1 Kor. 12:12 – 27.
15 Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 425.
16 *Ibid.,* p. 426.
17 Vergelyk Kol. 1:15 – 18.
18 Du Plessis, I. J., *op. cit.,* p. 79.
19 *Ibid.,* p. 82.
20 *Ibid.,* p. 83.
21 Vergelyk ook vir die "representasiegedagte" Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 428 – 432; Du Plessis, I. J., *op. cit.,* p. 98.
22 Kol. 1:16.
23 Kol. 1:18.
24 Vergelyk Ef. 1:8 – 23; 4:1 – 11; Kol. 1:15 – 19; 2:15. Vergelyk ook Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 432 – 438.
25 Du Plessis, I. J., *op. cit.,* p. 83.
26 *Ibid.,* p. 120.
27 *Ibid.,* p. 121.
28 Mouritz, H. A. A. *e.a., En toch Kerk,* p. 31.
29 Vergelyk weer o.a. Kol. 1:13 – 20.
30 Du Plessis, I. J., *op. cit.,* p. 120.
31 Vergelyk die bergpredikasie Matt. 5 – 7; 12: 9vv; 15:1 – 20 21:12 – 17; Luk. 15:1 – 2 en baie meer plekke in die Evangelies.
32 Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 365. Vergelyk ook Schmidt, K. L., *op. cit.,* p. 504 – 536, veral p. 527. Die woord ekklesia word ongeveer 100 keer in die Septuaginta gebruik en byna sonder uitsondering as vertaling van Kahal.
33 Küng, H., *Wat is Kerk,* p. 48. Vergelyk veral ook Schmidt, K. L., *op cit.,* p. 514,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

518vv., 527 – 529.

34 Brunner, E., *Das Missverständnis der Kirche,* p. 14.
35 Van der Made, A. P., *op. cit.,* p. 60.
36 Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 365 – 368.
37 Küng, H., *op. cit.,* p. 49.
38 *Ibid.,* p. 51. Vergelyk ook Schmidt, K. L., *op. cit.,* p. 534 – 536. Vergelyk ook Grosheide, F. W., *De eerste brief aan de Kerk te Corinthe,* p. 335.
39 Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 368.
40 Vergelyk Rom. 1:7; 1 Kor. 1:1; Ef. 1:1; Fil. 1:1; Kol. 1:2 ens.
41 1 Petr. 2:5, 9.
42 Ex 19:6; Lev. 11:44; 18:2; Num. 16:3; Deut. 33:3.
43 1 Kor. 1:30.
44 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 380.
45 1 Petr. 1:15, 16.
46 Vergelyk in hierdie verband Ef. 1:3 – 14; 1 Petr. 1:13 – 20; Hebr. 13:12, 13. Ridderbos verbind byvoorbeeld die term heiliges besonder nou met terme wat die seggenskap of eienaarskap van God beklemtoon soos: uitverkorenes en geroepenes. Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 369.
47 *Ibid.*
48 Barclay, W., *Turning to God,* p. 57 "That which is different from ordinary things."
49 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 373.
50 Vergelyk byvoorbeeld 1 Petr. 2:1vv in hierdie verband van: "Julle moet in julle hele lewenswandel heilig word." (1 Petr. 1:15).
51 Küng, H., *op. cit.,* p. 107.
52 Grosheide, F. W., *De brief aan de Hebreën en de brief van Jakobus,* p. 314.
53 Vergelyk ook Ef. 5:22vv. en Openb. 21:2.
54 Pop, F. J., *Bijbelse woorden en hun geheim,* Deel 1, p. 95.
55 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 381.
56 *Ibid.,* p. 383.
57 Margull, H. J., *op. cit.,* p. 121 – 123.
58 Kraemer, H., *The Christian Message in a non-christian world,* p. 2.
59 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 382.
60 Margull, H. J., *op. cit.,* p. 120.
61 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 383. Vergelyk ook bv. Ef. 2:20.
62 *Ibid.*
63 Margull, H. J., *op. cit.,* p. 123.
64 Kraemer, H., *op. cit.,* p. 420 – 421. Ook aangehaal deur Margull, H. J., *op. cit.,* p. 124.
65 Hoekendijk, J. C., *Mission und Oekumene* (Die Botschaft von Jesus Christ in einer nicht-christlicher Welt), p. 151.
66 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 383.
67 Heidelbergse kategismus, vraag 55.
68 Vergelyk 1 Kor. 3:9; 1 Petr. 2:5; 1 Kor. 12; 1 Petr. 2:9; Ef. 2:9.
69 Vergelyk Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 404.
70 Pop, F. J., *op. cit.,* p. 58.
71 Vergelyk Rom. 15:26, 27; 12:13; Fil. 1:7; Tit. 1:3; Filemon 6 & 17.
72 Pop, F. J., *op. cit.,* p. 60 – 61.
73 Vergelyk ook o.a. Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 419.
74 Bolkestein, M. H., *De brieven van Petrus en Judas,* p. 75.
75 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 378.
76 *Ibid.,* p. 368.
77 Küng, H., *op. cit.,* p. 81. Vergelyk ook Van Niftrik, G. C., *Kleine Dogmatiek,* p. 283 – 284.
78 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 369.
79 Vergelyk Fil. 1:1 – 5; Rom. 14:1; 15:7; 12: 9vv.; 13:8vv.; 1 Thess. 5:14; Kol. 3:16; 1 Kor. 16:1, 2. Vergelyk ook Hauck, F. in Kittel, G., *Theological Dictionary of the New Testament,* Vol. III, p. 804 – 809.
80 1 Kor. 12:27.
81 Van Niftrik, G. C., *op. cit.,* p. 287.
82 Mourits, H. A. A. *e.a., op. cit.,* p. 91. Artikel van Willems, B., *Moet kerk?*
83 Van Niftrik, G. C., *op. cit.,* p. 285.
84 Vergelyk by Matt. 16:18 en 18:17; 1 Kor. 10:23; 1 Thess. 2:14. Vergelyk ook Ridderbos, H., *op. cit.,* p. 367 – 368.
85 Vergelyk 1 Kor. 11:20; Open. 1:10.
86 Van Niftrik, G. C., *op. cit.,* p. 266.
87 Matt. 16:18; 18:17.
88 Moulton, W. F. en Geden, A. S., *A Concordance to the Greek Testament,* p. 141 – 143. Hiervolgens kom die term *koninkryk* in sy verskillende verbande (van God, van die hemele, van Christus, van die Vader) minstens 105 keer in die Nuwe Testament voor.
89 Küng, H., *op. cit.,* p. 35.
90 *Ibid.,* p. 35 – 38.
91 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 276.
92 *Ibid.*
93 *Ibid.,* p. 352.
94 *Ibid.*
95 Vergelyk Grosheide, F. W., *Het Heilige Evangelie volgens Mattheus,* p. 459 – 461. Vergelyk ook Ridderbos, H., *Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid,* p. 103. Vergelyk ook Schmidt, K. L. in Kittel, G., *op. cit.,* Vol. 1, p. 581 – 590.
96 Vergelyk Matt. 6:9 en die verklaring van hierdie bede in die Heidelbergse Kategismus, vr. 123. Vergelyk ook Van Niftrik, G. C., *op. cit.,* p. 275 – 276.
97 Vergelyk De Vries, E., *De dienst van de kerk aan de industrie arbeider,* p. 41. Hy haal hier o.a. Ridderbos, H., *De komst van het Koninkryk,* p. 296 aan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

98 Küng, H., *op. cit.,* p. 35.
99 Van Niftrik, G. C., *op. cit.,* p. 275.
100 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 353; Vergelyk ook Küng, H., *op. cit.,* p. 53 waar hy die kerk 'n *voor-teken* van die Godsryk noem.
101 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 353 – 354.
102 Küng, H., *op. cit.,* p. 54.
103 Vergelyk Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 354 se "kerklike gestalte en nie-kerklike gestaltes van die Godsryk"; Vergelyk ook 1 Tim. 3:15.
104 De Vries, E., *op. cit.,* p. 42.
105 Heidelbergse Kategismus, vraag 123.
106 Vergelyk Ef. 1:22, 23; Kol 1:17, 18; Vergelyk ook die Heidelbergse Kategismus, vr. 50.
107 Jonker, W. D., *Om die regering van Christus in Sy Kerk,* p. 7.
108 *Ibid.,* p. 13.
109 Van der Linde, G. P. L., *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel,* p. 32.
110 Lekkerkerker, A. F. N., *Oorsprong en funktie van het ambt,* p. 28.
111 *Ibid.,* p. 30.
112 Brunner, E., *Dogmatik III,* p. 68.
113 Ridderbos, H., *Paulus,* p. 490. Vergelyk ook Sohm, R., *Kirchenrecht,* I. p. 22vv.
114 Vergelyk vir 'n breedvoerige verduideliking Lekkerkerker, A. F. N., *op. cit.,* p. 79 – 84.
115 Vergelyk bv. Hand. 14:23; 15:4, 6, 20:28; Fil. 1:1; 1 Tim. 3.
116 *Ibid.,* pp. 82, 83, 100.
117 Sevenster, G., "Het kerkelijk ambt in het licht van het NT" in Kuitert, H. M. en Fiolet, H. A. M. *Uit tweeën één* p. 143.
118 Van Itterzon, G. P., *Het kerkelijk ambt in geding,* p. 11.
119 *Ibid.,* p. 13.
120 *Ibid.,* p. 14.
121 Ridderbos, H., *Paulus,* p. 495.
122 *Ibid.*
123 *Ibid.,* p. 498.
124 Vergelyk Van Itterzon, G. P., *op. cit.,* p. 55 – 57.
125 Vergelyk vir meer breedvoerige motiverings: Ridderbos, H., *Paulus,* p. 499 – 517; Lekkerkerker, A. F. N., *op. cit.,* p. 100 – 137; Van der Linde, G. P. L., *op. cit.,* p. 43 – 68; Sevenster, G., *op. cit.,* p. 145.
126 Vergelyk Van Itterzon, G. P., *op. cit.,* p. 56 – 62. Veral p. 59 – 62.
127 Vergelyk Van der Linde, G. P. L., *op. cit.,* p. 55vv.
128 Vergelyk bv. Hand. 20:28; Ef. 4:11; 2 Kor. 5:18.
129 Vergelyk Mark. 10:45; Joh. 13:1 – 16; Vergelyk ook Van Itterzon, G. P., *op. cit.,* p. 56; Lekkerkerker, A. F. N., *op. cit.,* p. 151 – 155.
130 Heyns, J. A., *op. cit.,* p. 378.
131 Matt. 20:25, 26.
132 Jonker, W. D., *op. cit.,* p. 10.
133 *Ibid.,* p. 12.
134 Vergelyk in hierdie verband: Van Itterzon, G. P., *op. cit.,* pp. 56, 57; Sevenster, G., "Problemen betreffende het ambt in het NT.", *Nederlands Theologisch Tijdschrift:* 437, 438, 1963.
135 Van Itterzon, G. P., *op. cit.,* p. 56.
136 Ridderbos, H., *Paulus,* p. 497.
137 Vergelyk Ef. 4:1 – 16; Vergelyk ook Sevenster, G., "Het kerklijk ambt in het licht van het NT.", Kuitert, H. M., en Fiolet, H. A. M., *op. cit.,* p. 145, 146.
138 Vergelyk die betrokke bevestigingsformuliere. Vergelyk ook Ridderbos, H., *Paulus,* p. 508 – 514.
139 Sevenster, G., "Problemen betreffende het ambt in het NT.", *Nederlands Theologisch Tijdschrift:* 437, 1963.
140 Jonker, W. D., *op. cit.,* p. 13.
141 *Ibid.*
142 Vergelyk Van Itterzon, G. P., *op. cit.,* p. 57 – 62.
143 Lekkerkerker, A. F. N., *op. cit.,* pp. 97, 163, 164.
144 Vergelyk 1 Kor. 12; Rom. 12; Ef. 4:1 – 16.
145 Ridderbos, H., *Paulus,* p. 498.
146 Vergelyk Jonker, W. D., *op. cit.,* p. 6.
147 Fish, R. J. en Conant, J. E., *Every member Evangelism for today,* p. 28.
148 1 Kor. 12:28; Rom. 12:6vv.; 16:3, 9, 12, 21 en 23; Fil. 2:25; 4:3; Filemon 24.
149 Vergelyk ook 1 Petr. 2:5, 9; Open. 1:6; 5:10; Rom. 15:30; 1 Thess. 5:25; Heb. 13:18.
150 Sevenster, G., "De Ambten in het NT", *Vox Theologica:* 110, Maart 1957.
151 Daar is ander Nuwe Testamentici wat meen dat *herder* hier die term *leraar* aanvul. Vergelyk bv. Van Roon, A., *De Brief van Paulus aan de Epheziërs,* p. 107.
152 Ridderbos, H., *Paulus,* p. 508. Vergelyk ook 1 Petr. 2:15; 5:1, 2; Hand. 20:28.
153 *Ibid.,* p. 494.
154 Vergelyk Van Roon, A., *op. cit.,* p. 108; Grosheide, F. W., *De brief van Paulus aan de Efeziërs,* p. 67; Simpson, E. K. en Bruce, F. F., *Commentary on the Epistles to the Ephesians and the Colossians,* p. 93; Abbott, T. K., *Epistles to the Ephesians and to the Colossians,* p. 119; Delling, G., in Kittel, G., *Theological Dictionary of the NT.* Vol. 1, p. 476.
155 Grosheide, F. W., *De brief aan de Efeziërs,* p. 67.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

156 Simpson, E. K. en Bruce, F. F., *op. cit.*, p. 93.
157 Van Roon, A., *op. cit.*, p. 108.
158 Grosheide, F. W., *De brief ... aan de Efeziërs*, p. 67.
159 Vergelyk veral Ef. 4:17 – 6:20. Vergelyk ook Roberts, J. H., *Die opbou van die Kerk volgens die Efese-brief*, p. 169vv. vir 'n bespreking van die doel van die toerusting.
160 Vergelyk die Nuwe Afrikaanse vertaling van vs. 13 – 15.
161 Reuter, W., *Und bis ans Ende der Welt*, p. 197.
162 Aangehaal deur Plomp, J., *Gereformeerd Weekblad* 27: 211, Jaargang 35. Vry vertaal uit die Nederlands MN.
163 Vergelyk weer eens 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11.
164 Ridderbos, H., *Paulus*, p. 506.
165 *Ibid.*, p. 507.
166 *Ibid.*
167 Van der Linde, G. P. L., *op. cit.*, p. 65.
168 Vergelyk die formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord: *Die Kerkboek van die Ned. Geref. Kerk*. p. 42 – 44.
169 Ridderbos, H., *Paulus*, p. 508.
170 *Ibid.*
171 *Ibid.*, p. 511.
172 Vergelyk Rom. 12:8; 1 Tim. 5:12; 1 Kor. 12:28; Hebr. 13:7, 17, 24; Ef. 4:11.
173 Vergelyk Jonker, W. D., *En as jou broeder sondig*, p. 24 – 68.
174 Ridderbos, H., *Paulus*, p. 513 – 514. Vergelyk ook Rom. 12:12, 1 Kor. 12:28 (Helpers).
175 Karres, D. J., *De gemeente en haar diakonaat*, p. 192.
176 *Ibid.*, p. 193 – 199.
177 *Die Kerkboek van die Ned. Geref. Kerk*, p. 63 "waar hulp verleen word, moet ook die evangelie gebring word."
178 Vergelyk Van der Linde, G. P. L., *op. cit.*, p. 67 – 68.
179 Ridderbos, H., *Paulus*, p. 514.
180 Vollmer, K., *Das geheimnis der Gemeinde und der Dienste*, in Reuter, W., *Und bis ans Ende der Welt.*, p. 201.
181 Heyns, J. A., *op. cit.*, p. 378.
182 Vergelyk, Mark. 9:35; 10:45; Joh. 13:1 – 20; Luk. 22:27.
183 Groenewald, E. P., *Die Evangelie volgens Markus*, p. 266 – 267.
184 De Vries, E., *op. cit.*, p. 24.
185 De Klerk, J. J., *Die onderlinge vermaning in pastorale perspektief*, (D.Th. 1971) p. 121.
186 Havlik, J. F., *People-centred Evangelism*, p. 52.
187 De Vries, E., *op. cit.*, p. 26.
188 *Ibid.*, p. 28.
189 Verkuyl, J., *Inleiding in de Evangelistiek*, p. 170.
190 *Ibid.*
191 Vergelyk 1 Petr. 2:5, 9, 10.
192 Congar, Yves M. J., *Priester und Laien*, p. 105.
193 Vergelyk in hierdie verband 2 Kor. 5:11 – 21.
194 Artikel van Vollmer, K., "Das Geheimnis der Gemeinde und der Dienste" in Reuter, W., *op. cit.*, p. 201.
195 Vir 'n volledige bespreking hiervan vergelyk onder andere Van Dongen, J. C., *Vervreemding en dienst*. Veral Deel 2.
196 Symanowski, H., *The christian witness in an industrial society*. pp. 68, 93, 100 – 108, 119.
197 Winter, G., *Metropolis*, p. 10.
198 *Ibid.*, p. 65.
199 *Ibid.*, p. 61.
200 *Ibid.*, pp. 11, 62, 64.
201 *Ibid.*, p. 66.
202 Artikel van Du Toit, A. B., in Crafford, D., *Sendingperspektiewe*, p. 9.
203 Havlik, J. F., *op. cit.*, p. 53.
204 Syrdal, R. D., *Go, make disciples*, p. 91.
205 Quere, R. W., *Evangelical witness*, p. 101.
206 De Vries, E., *op. cit.*, p. 40 – 57.
207 Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 170.
208 Vergelyk Verkuyl se afwysing van Hoekendijk se term "pantomime van het heil." *Ibid.*, p. 171.
209 Küng, H., *op. cit.*, p. 59.
210 Armstrong, R. S., *Service Evangelism*, p. 40 – 44.
211 Ridderbos, H., *Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid*, p. 182.
212 Vergelyk Syrdal, R. A., *op. cit.*, p. 105.
213 Vergelyk vir 'n vollediger blik op die geskiedenis Hoofstuk 3.1.
214 Dann, C. S. en McMauis, C. R. soos aangehaal deur Little, S., *Youth, World and Church*, p. 15.
215 Van Haaren, J., *Jeugd Zielzorg*, p. 120.
216 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, pp. 254, 536.
217 Vergelyk Ps. 127:3 – 5; 128:3vv.; 139:13 – 23; Gen. 17; Ps. 115:13 – 14; 1 Sam. 1:28; Deut. 6:4 – 9; Die voorbeelde van Josef, Samuel, Dawid, Daniël e.a.
218 Vergelyk Matt. 18:1 – 6, 10; 19:13 – 15; 21:15; Kol. 3:21; Ef. 6:1 – 4; 1 Petr. 2:18.
219 Vergelyk Gen. 28; 41:46; 1 Sam. 3; 2 Sam. 17; Jer. 1; Spr. 1:8 – 9; 2:1vv.; 3:1vv.; 4:1vv.; 19:18; 23:13, 14; 29:17; Mark. 10:17; Matt. 9:18vv.; 21:28 – 32; 25:1 – 13; Luk. 15:11vv.; Joh. 8:2 – 11; Hand.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

2:17; 5:6, 10; 20:9; 1 Tim. 5:1, 2; Tit. 2:4 – 6; 1 Petr. 5:5; 1 Joh. 2:13, 14.
220 *Verslag van die Jeugstudiekommissie van die Ned. Geref. Kerk,* 1966; pp. 22, 29, 30.
221 *Ibid.,* p. 410.
222 Vergelyk weer Gen. 17.
223 Little, S., *op. cit.,* p. 29.
224 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *Youth and the Church,* p. 37.
225 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *Its happening with Youth,* p. 162.
226 Little, S., *op. cit.,* p. 11.
227 *Ibid.,* p. 75.
228 So stel ook Heitink dit in sy boek saam met Hogenhuis: "We vragen geen uitsonderingspositie voor de jeugd, wel een afzonderlijke aandacht." Heitink, G. & Hogenhuis, H., *Kerk en Jongeren,* p. 12.
229 Menige kerk maak die behoeftes van die jeug die sterkste motivering vir spesiale jeugarbeid. Vgl. Spölgen, J., *Jugend ohne Kirche,* p. 126.
230 In 1908 reeds het 'n jeugkomitee van 'n kerk al gesê: "We look forward to the day when we have only the devil and not also our church fathers to fight." Strommen, M. P., *Profiles of Church Youth,* p. 4.
231 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.,* p. 133.
232 *Ibid.,* p. 138.
233 Gilbert, W. K., *Confirmation and Education,* p. 124.
234 Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 6.
235 Euangelizomai en euangelion. Matt. 11:5; Luk. 4:18; 16:16 en verskeie ander plekke.
236 Green, M., *Evangelism in die early church,* p. 48 – 49.
237 Friedrich, G., in Kittel, G., *op. cit.,* Vol. II, p. 717. Die naamwoord of substantief kom minstens 76 keer in die Nuwe Testament voor. *Ibid.,* p. 727.
238 So byvoorbeeld in 2 Sam. 18:27 en 1 Kon. 1:42. Vergelyk Schilling, O. in Botterweck G. J. en Ringgren H., *Theological Dictionary of the Old Testament,* Vol. I, p. 313 – 314 (vertaal deur Willis, J. T.)
239 *Ibid.,* p. 316.
240 *Ibid.*
241 *Ibid.* Vergelyk ook Watson, D., *I believe in Evangelism,* p. 26 – 38.
242 Vergelyk Matt. 11:5 en Luk. 7:22.
243 Vergelyk Luk. 4:43; 4:18; 16:16.
244 Friedrich, G. in Kittel, G., *op. cit.,* p. 718.
245 Verkuyl, J., *op. cit.,* p. 16.
246 Friedrich, G. in Kittel, G., *op. cit.,* p. 718.
247 Vergelyk Hand. 11:20; 14:7, 15, 21; 16:10; 17:18.
248 1 Kor. 1:17; Vergelyk Friedrich G., *op. cit.,* p. 719.
249 Vergelyk 1 Petr. 1:23 – 25; 1 Kor. 15:1 vv.; 2 Kor. 12:12; Gal. 3:5; Rom. 15:16 – 20 en talle ander Nûwe-Testamentiese gebeure soos Matt. 4:23; 9:35; 11:5; Luk. 9:6; Hand. 8:4 – 8; 10:36 vv.; 14:8 – 18; 16: 17vv.
250 Friedrich, G., *op. cit.,* p. 720.
251 Verkuyl, J., *op. cit.,* p. 17.
252 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 8.
253 Vergelyk ook Stott, J. R. W. in Douglas, J. D., *Let the earth hear His Voice,* p. 68.
254 Vergelyk Margull, H. J., *op. cit.,* p. 176. Hy voeg nog die koinonia by. Vergelyk ook De Klerk, J. J. *e.a., Evangelistiek,* p. 14.
255 De Klerk, J. J., *e.a., Evangelistiek,* p. 15.
256 Margull, H. J., *op. cit.,* p. 176.
257 *Ibid.*
258 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 9 stel dit so: "Evangelisasie beteken dat die een evangelie effektief gebring word aan alle mense op alle terreine."
259 Vergelyk Matt .16:17 – 19; Rom. 15:20; 1 Kor. 3:5 – 17; 1 Kor. 14:3, 5, 12, 26; 2 Kor. 10:8; 13:10; 12:19; Gal. 2:18; Ef. 2:19 – 22; 4:11 – 16. Pop voeg hier ook nog by tekste "waarin de opbouw der gemeente gezien wordt als bedreigd door het ethische individualisme": 1 Kor. 8:1; 10:23; Rom. 14:19; 15:2; 1 Thess. 5:11; Kol. 2:6, 7. Pop, F. J., *op. cit.,* p. 151.
260 Bolkestein, M. H., *De brieven aan de Thessalonicensen,* p. 140.
261 Vergelyk Rom. 1:15; 1 Kor. 9:12 – 18; 15:1v.; Gal. 4:13; 2 Tim. 4:5,
262 Vergelyk De Klerk, J. J., *Die onderlinge vermaning in pastorale perspektief,* p. 148 vv. Vergelyk ook Peters, G. W., *Saturation Evangelism* p. 15 vir 'n onderskeiding tussen kerugma en didache.
263 Vergelyk Van Swigchem, D., *Handboekje voor de Evangelistiek,* p. 8.
264 Rapport van de Evangelisatiedeputaten van de generale Synode van Haarlem — N 1973/1974 aan de generale Synode van Maastricht p. 12 soos ook aangehaal deur Te Winkel, J. D., *Kiezen en Delen,* p. 121.
265 *Handelinge van die Tweede vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk.,* pp. 300, 548.
266 Brillenburg-Wurth, G. en Wiersinga, W. A., *Het Evangelie in een ontkerstende wêreld,* p. 7.
267 Te Winkel, J. D., *op. cit.,* p. 5.
268 Vergelyk Van Swigchem, D., *op. cit.,* pp. 30, 31.
269 Stott, J. W. R., *The Biblical Basis of Evangelism,* in Douglas, J. D., *op. cit.,*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

pp. 66, 78.
270 Vergelyk Brillenburg-Wurth, G. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p. 11.
271 Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 67.
272 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, p. 290.
273 Havlik, J. F., *op. cit.*, p. 57.
274 Read, D. H. C., *Go and make disciples*, p. 24.
275 Krass, A. C., *Beyond the Either- or Church*, pp. 51, 55.
276 Hendrick, J. R., *Opening the door of faith*, pp. 2, 3.
277 Macaulay, J. C. & Belton, R. H., *Personal Evangelism*, p. 12.
278 Green, H. L., *Why Churches die*, p. 195.
279 Douglas, J. D., *op. cit.*, p. 4.
280 *Ibid.*, p. 5.
281 Padilla, C. R., *The new face of Evangelicalism*, p. 71.
282 Taylor, C. W., & Coggins, W. T., *Mobilizing for Saturation Evangelism*, p. 44.
283 Peters, G. W., *op. cit.*, p. 16.
284 Drummond, L. A., *Evangelism ... the counter revolution*, p. 25.
285 Sweazey, G. E., *Effective Evangelism*, pp. 21, 22.
286 Sweazey, G. E., *The Church as Evangelist*, p. 53.
287 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 53.
288 Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Church, *Reformed Evangelism*, p. 96.
289 Margull, H. J., *op. cit.*, pp. 272, 273.
290 *Ibid.* Hy vermeld tereg dat "the sacrament actually exists here apart from the Word."
291 *Ibid.*, pp. 273, 274.
292 *Ibid.*
293 Congar, Y. M. J., *op. cit.*, p. 12.
294 Löwe, R., *Evangelium und Evangelisation heute*, p. 8.
295 *Ibid.*
296 *Ibid.*, p. 9.
297 Barnard, A. C., *Die Verhouding tussen Evangelisasie en Sending* in Crafford, D., *op. cit.*, p. 42.
298 Hoekendijk, J. C., *Getemperd Ongeduld*, p. 4.
299 Bavinck, J. H., *Inleiding in de Zendingwetenschap*, p. 82 – 84.
300 Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 67.
301 *Ibid.*, p. 48. Dit was eers by Bangkok 1972/73 dat die beklemtoning van die worsteling om sosiale geregtigheid sterk na vore getree het. *Ibid.*, p. 49.
302 *Ibid.*, p. 50 – 51. Verkuyl steun die gedagte dat enige definisie van evangelisasie ook 'n aanduiding van die metode en tegnieke moet bevat. Vandaar die aanduiding in sy eie werkformule.
303 Te Winkel, J. D., *op. cit.*, pp. 5, 6.
304 *Die Ned. Geref. Kerk en sy Evangelisasietaak vandag*, p. 11.
305 *Ibid.*, pp. 39, 40.
306 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk.*, 1966, p. 300.
307 *Ibid.*, pp. 547, 548.
308 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 19.
309 *Ibid.*, p. 21.
310 *Ibid.*, p. 20.
311 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1966, pp. 300, 547.
312 Soos aangehaal by Verkuyl, J., *op. cit.*, pp. 70, 71.
313 Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 50.
314 Hos. 11:8.
315 Veldkamp, H., *De Zoon van Beëri*, pp. 194, 195. Vergelyk ook Van Gelderen, C. en Gispen, W. H., *Hosea*, pp. 388, 389 (in Commentaar op het Oude Testament.)
316 Vergelyk hiervoor byvoorbeeld Jes. 1; Jer. 2, 3, 11, 14, 15, 31 – 33.
317 De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 53.
318 Vergelyk Luk. 10; 15; 19:1 – 10; Hand. 1:8; 13:14; 14:1; 17:1, 2; 19:8; Rom. 9 – 11; Open. 2 & 3. Vergelyk ook Van Swigchem, D., *op. cit.*, pp. 9, 10.
319 Vergelyk Barnard, A. C., *op. cit.*, p. 47.
320 De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 53.
321 Kuiper, R. B., *God centered Evangelism*, pp. 33, 34.
322 Vergelyk Rom. 10:13 – 17.
323 Vergelyk Ridderbos, H., *Paulus*, p. 380 – 405.
324 Kuiper, R. B., *op. cit.*, p. 35.
325 Vergelyk Barnard, A. C., *op. cit.*, p. 47 vir 'n bespreking van die eer van God as evangelisasiemotief.
326 Walker, A., *The New Evangelism*, p. 12.
327 Vergelyk Matt. 4:17; Mark. 1:14, 15; sowel as sy talle gelykenisse om die koninkryk te verduidelik, byvoorbeeld Mark. 4:1 – 34; Matt. 13:24 – 52.
328 Vergelyk hiervoor Kol. 1 en 2 wat vroeër in hierdie studie reeds ter sprake was in die bespreking van die gemeente as liggaam van Christus (2.1).
329 Häring, B., *Evangelization today*, pp. 29, 30.
330 *Ibid.*, p. 29.
331 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 51. Vergelyk ook Barnard, A. C., *op. cit.*, p. 48.
332 Jes. 3:13.
333 Walker, A., *op. cit.*, p. 12.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

334 Vergelyk ook McDill, W., *Evangelism in a Tangled world,* p. 22.
335 Stott, J. R. W., *Motives and Methods in Evangelism,* p. 10 – 13. Aanhaling p. 13.
336 Matt. 28:18 – 20.
337 Stott, J. R. W., *op. cit.,* p. 5.
338 Green, H. L., *op. cit.,* p. 75.
339 Watson, D., *op. cit.,* p. 88.
340 Vergelyk Joh. 14 – 16; Hand. 1:8; 4:23 – 31.
341 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 49.
342 Vergelyk Rom. 5:5; Ef. 3:14 – 21.
343 Vergelyk ook Fil. 2:1 – 18.
344 2 Kor. 5:15. Vergelyk ook 1 Thess. 2:8.
345 Ellis, H. W., *Evangelism for Teen-agers,* p. 26. Vergelyk ook in hierdie verband Kromminga, C. G., *The communication of the Gospel through neighboring,* p. 28 vv.
346 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 49.
347 McGavran, D. A., & Arn, W. C., *Ten Steps for Church Growth,* p. 26 – 27. Vergelyk ook Joh. 14:6; Hand. 4:12; 1 Tim. 2:5.
348 Trent, J. S., *Evangelistic Entreaties,* p. 19.
349 *Ibid.*
350 Watson, D., *op. cit.,* p. 86 – 97.
351 Walker, A., *op. cit.,* p. 14.
352 Vergelyk Gen. 17.
353 Ex. 3:7 vv.
354 Vergelyk Ex. 15:22 – 16:8.
355 Vergelyk Matt. 8:1 – 17, 23 – 27; 11:25 – 30; 14:14 – 21; 25:31 – 46.
356 Douglas, J. D., *op. cit.,* p. 4, 5.
357 Verkuyl, J., *op. cit.,* p. 51.
358 Vergelyk *Ibid.,* p. 175 – 191.
359 Walker, A., *op. cit.,* p. 13.
360 *Ibid.,* p. 14.
361 Sweazey, G. E., *The Church as Evangelist,* pp. 21, 22.
362 *Ibid.,* p. 22.
363 Jes. 48:9; Vergelyk ook Jes. 42:8.
364 Vergelyk Rom. 11:33 – 36 en veral die verband waarin 1 Kor. 10:31 staan.
365 Vergelyk König, A., *Ek is wat Ek is,* p. 92 – 99 oor die heerlikheid van God.
366 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 47.
367 Openb. 5:12 – 13.
368 Openb. 7:9.
369 Vergelyk ook Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 45.
370 Vergelyk weer 2.6.1
371 Luk. 19:10.
372 Vergelyk Hand. 16:31; Rom. 10:9; 1 Kor. 10:33; 1 Tim. 1:15 ens.
373 Vergelyk Rom. 8:1; Kol. 3:1 – 17; Joh. 1:12; Rom. 8:14 – 16; Joh. 3:16 ens.
374 Vergelyk Rom. 5:1 – 8; Ef. 2:11 – 22,
375 Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 43.
377 Matt. 3:1 – 12; 4:17. Vergelyk ook De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 64 en Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 45.
378 Coleman, R. E., *Evangelism in Perspective,* p. 44.
379 *Ibid.,* pp. 46, 47. Hierdie selfde gedagte kom ook voor by Kennedy, D. J., *Evangelism Explosion,* pp. 17, 18.
380 Green, H. L., *op. cit.,* pp. 82, 83.
381 Vergelyk Luk. 14:25 – 35.
382 Vergelyk Luk. 9:23 – 27; Joh. 6:60 – 71.
383 Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches, *op. cit.,* pp. 36, 37.
384 Jonker, W. D., *Die brief aan die Romeine,* p. 98.
385 Agenda Synod, Christian Reformed Church, 1938, p. 8 soos aangehaal deur Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* p. 96.
386 Stowe, D. M., *Ecumenicity and Evangelism,* p. 29.
387 Douglas, J. D., *op. cit.,* p. 4.
388 Vergelyk McGavran, D. A. en Arn, W. C., *op. cit.,* p. 24vv.
389 Vergelyk Hand. 2:47; 5:14; 6:2; 9:31.
390 Sweazey, G. E., *The Church . . .,* p. 64.
391 De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 24 vv.
392 Vergelyk Luk. 10:1 – 18.
393 Matt. 5:11 – 16.
394 Matt. 28:18 – 20; Joh. 20:21; Hand. 1:8.
395 Hand. 8:1 – 4.
396 Vergelyk Hand. 2:47; 9:31.
397 Vergelyk Fil. 2:14 – 16.
398 Die twee betrokke proefskrifte is: Kromminga, C. G., *The communication of the Gospel through neighboring,* en Kotze, J. C. G., *The Divine Charge to the Christian in the Church.*
399 Kromminga, C. G., *op. cit.,* p. 45.
400 Kromminga, C. G., *Bringing God's news to Neighbors,* p. 42.
401 Verkuyl, J., *op. cit.,* p. 43.
402 *Ibid.*
403 Congar, Y. M. J., *op. cit.,* p. 14 vv.
404 Louw, D. J., *Die stad in die mens,* p. 3.
405 *Ibid.,* p. 155.
406 Kennedy, D. J., *op. cit.,* (sewende uitgawe), p. 2. So stel hy dit ook in 'n referaat opgeneem in 'n publikasie onder redaksie van Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.,* p. 121.
407 Vergelyk Kromminga, C. G., *The communication of the Gospel through neighboring,* p. 125 – 150.
408 Greinacker, N. en Müller, A., *Evangelization in the world today,* pp. 5, 6.
409 De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 63.
410 Sweazey, G. E., *The Church . . .,* p. 47.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

411 De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 350.
412 Kromminga, C. G., *The communication of the Gospel through neighboring,* p. 82.
413 *Ibid.,* p. 85.
414 *Ibid.*
415 *Ibid.,* p. 87.
416 De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 31.
417 Vergelyk Van Swigchem, D., *op. cit.,* p. 27 vv. en Kromminga, C. G., *The communication of the Gospel* ..., p. 87 – 99.
418 Van Swigchem, D., *op. cit.,* p. 11. Vergelyk ook Verkuyl, J., *op. cit.,* p. 12.
419 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 6. Vergelyk ook Brillenburg-Wurth, G., en Wiersinga, W. A., *op. cit.,* p. 43 – 46.
420 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en in der waarheid,* pp. 8, 9.
421 The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* pp. 97, 98.
422 *Ibid.*
423 *Ibid.* Vergelyk ook Kraemer, H., *Het vergeten ambt in de Kerk.,* p. 59 – 65.
424 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* p. 289 vv.
425 *Ibid.,* p. 300.
426 Kraemer, H., *Het vergeten ambt* ..., p. 43.
427 Margull, H. J., *op. cit.,* pp. 123, 124.
428 Hoekendijk, J. C., *op. cit.,* p. 4.
429 Barnard, A. C., *op. cit.,* p. 26.
430 Brillenburg-Wurth, G. en Wiersinga, W. A., *op cit.,* pp. 21, 22.
431 De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* pp. 350, 351. Vergelyk ook Löwe, R., *op. cit.,* p. 46 vv. Vergelyk ook Sweazey, G. E., *The Church* ..., p. 142.
432 McDill, W., *op. cit.,* pp. 123, 124.
433 Stowe, D. M., *op. cit.,* p. 25.
434 *Ibid.*
435 De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 352 – 355. Vergelyk ook Louw, D. J., *op. cit.,* p. 165.
436 Armstrong, R. S., *op. cit.,* p. 16.
437 Douglas, J. D., *op. cit.,* p. 5.
438 Sweazey, G. E., *The Church* ..., p. 33; Margull, H. J., *op. cit.,* p. 177.
439 Armstrong, R. S., *op. cit.,* p. 71.
440 Neighbour, R. W., en Thomas, C., *Target-Group Evangelism,* p. 16.
441 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, p. 290.
442 Vergelyk Luk. 10:3; Matt. 28:18 – 20; Joh. 20:21.
443 Havlik, J. F., *op. cit.,* p. 49.
444 Fish, R. J. en Conant, J. E., *op. cit.,* pp. 33, 34.
445 Louw, D. J., *op. cit.,* p. 141.
446 Winter, G., *op. cit.,* p. 28.
447 *Ibid.,* p. 29.
448 *Ibid.,* p. 27.
449 Hendrick, J. R., *op. cit.,* p. 105.
450 Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.,* p. 17.
451 De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 357 vv.
452 Reuter, W., *Und bis ans Ende der Welt,* p. 140 – 141.
453 Kraemer, H., *Het vergeten* ..., p. 52.
454 De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 31.
455 Drummond, L. A., *op. cit.,* p. 69.
456 Winter, G., *op. cit.,* p. 54.
457 Green, M., *op. cit.,* p. 274.
458 *Ibid.*
459 Kuiper, R. B., *op. cit.,* p. 103.
460 Alessi, V., *Evangelism in your Church School,* p. 9.
461 Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.,* pp. 11, 127.
462 Louw, D. J., *op. cit.,* pp. 143, 144.
463 Te Winkel, J. D., *Kiezen en Delen,* p. 245.
464 Vergelyk vir hierdie beplanning: *Ibid.,* p. 245 vv.
465 Vergelyk weer Ef. 4:11 – 16 en paragraaf 2.3.
466 Drummond, L. A., *op. cit.,* pp. 30, 35, 71.
467 Havlik, J. F., *op. cit.,* p. 76.
468 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 183.
469 Kane, M., *Theology in an Industrial Society,* p. 113.
470 So stel Grünzweig dit ook in sy artikel: Die Gemeinde Evangelisiert, Reuter, W., *op. cit.,* p. 141vv.
471 Fish, R. J., en Conant, J. E., *op. cit.,* p. 17.
472 Vergelyk byvoorbeeld 1 Kor. 10:31 – 11:1.
473 Vergelyk 1 Tim. 2:1vv. en 2 Tim. 4:5.
474 Sweazey, G. E., *The Church* ..., p. 73.
475 *Ibid.*
476 Drummond, L. A., *op. cit.,* p. 160.
477 Sweazey, G. E., *The Church* ..., p. 47.
478 Vergelyk ook A. C. Barnard se bydrae in De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 363 – 367.
479 Van Swigchem, D., *op. cit.,* p. 24.
480 Brilenburg-Wurth, G., en Wiersinga, W. A., *op. cit.,* p. 15.
481 De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 367.
482 *Ibid.,* p. 369.
483 Sien paragraaf 2.6.1 van hierdie studie.
484 Vollenhoven, H., *Evangelisch Commando, I,* p. 9.
485 *Sakelys van die Subkommissie vir jong belydende lidmate,* 24/01/1980, p. 31.
486 Read, D. H. C., *op. cit.;* p. 80.
487 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk* 1966, p. 300.
488 Vollenhoven, K., *op. cit.,* p. 9. Verkuyl



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

haal 'n verslag van Godin aan waarin hy in 1942 reeds bereken dat 20% (8 miljoen) van die Franse volk nie net afgedwaal en vervreemd is nie, "maar ze zijn simpelweg nooit in aanraking gekomen met het Evangelie en met de kerk in hun leef- en werkmilieu." Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 67.

489 Dijk, K., *De Strijd om de Jeugd,* p. 16.
490 Vollenhoven, K., *op. cit.*, p. 10.
491 Vergelyk weer par. 2.6.2
492 Ellis, H. W., *op. cit.*, pp. 27, 28.
493 Read, D. H. C., *op. cit.*, pp. 78, 79.
494 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.*, p. 10.
495 *Ibid.*, pp. 10, 11.
496 Hoekstra, F. E., *Evangelisatie en Rijpere Jeugd* (in Evangelie en wereld), p. 15.
497 Parzany, U., *Jugendevangelisation geht weiter,* p. 4–6.
498 Read, D. H. C., *op. cit.*, p. 79.
499 *Ibid.*
500 Vergelyk Mark. 10:13 vv.
501 Löwe, R., *op. cit.*, p. 50.
502 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 14. Vergelyk ook Sweazey, G. E., *The Church* ..., p. 129.
503 Vergelyk vir 'n meer volledige bespreking hiervan: Enroth, R. M., *e.a.*, *The Story of the Jesus People,* p. 161vv.
504 Chantry, W., *Today's Gospel,* p. 9–18.
505 Vergelyk Hand. 4:12; Matt. 11:28–30; Joh. 14:6; Mark. 1:15; Hand. 2:37, 38; Luk. 14:26, 27; Luk. 9:23vv.; 1 Kor. 12: 12–31; Ef. 4:15, 16. Vergelyk ook Parzany, U., *op. cit.*, p. 25.
506 Kennedy, D. J., *op. cit,* p. 111.
507 Vergelyk Evangelism Department, Board of Home Missions Christian Reformed Church., *Youth in Evangelism,* p. 7.
508 Dijk, K., *op. cit.*, p. 20.
509 Brillenburg-Wurth, G. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p. 189.
510 Jeugbeleid pt. 1.
511 1 Petr. 2:9, 10.
512 Evangelism Department, *op. cit.*, p. 1.
513 Douglas, J. D., *op. cit.*, p. 726.
514 *Ibid.*, p. 728.
515 Peters, G. W., *op. cit.*, p. 147 vv.
516 *Ibid.*, p. 149.
517 Evangelism Department Board of Home Mission, Christian Reformed Church, *Congregational Evangelism Training,* p. 6.
518 Peters, G. W., *op. cit.*, p. 162.
519 *Ibid.*, p. 167.
520 Hoekstra, F. E., *op. cit.*, p. 24.
521 Vollenhoven, K., *op. cit.*, p. 43.
522 Van der Made, A. P., *op. cit.*, p. 189.
523 Vergelyk Hoekstra, F. E., *op. cit.*, p. 21 waar hy die "onschatbare waarde" van jeugleiers en ander volwassenes noem.
524 Vergelyk Grondreël 9 van die Kinderkrans/Junior KJA; Grondreël 8 van die Senior Kerkjeugaksie en die Belydende Kerkjeugaksie.
525 Van der Made, A. P., *op. cit.*, p. 188.
526 Sweazey, G. E., *The Church* ..., p. 136.
527 Ellis, H. W., *op. cit.*, p. 28.
528 Sakelys, Subkommissie vir jong belydende lidmate, 1980, p. 40.
529 Vergelyk die verslag oor hierdie aksie as deel van die verslag van die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie aan die 5e vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1978, pp. 23, 27.
530 De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 274.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## HOOFSTUK 3

# KERKLIKE JEUGARBEID

## 3.1 KORT HISTORIESE OORSIG, OMVANG EN HUIDIGE PRAKTYK

### 3.1.1 KORT HISTORIESE OORSIG OOR KERKLIKE JEUGARBEID IN SUID-AFRIKA

#### 3.1.1.1 Inleiding

In hierdie paragraaf gaan nie gepoog word om 'n oorsig oor jeugarbeid as sodanig te gee nie. So 'n omvattende onderwerp regverdig 'n histories verantwoorde studie op sigself. Die omvang daarvan sal baie lywig wees. Maar so 'n omvangryke oorsig sou ook nie inpas in die doel van hierdie studie nie. Hier gaan dit primêr om jeugarbeid binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk as voorkoming van evangelisasie en terselfdertyd as goeie toerusting met die oog op jeugevangelisasie.

Voorts is daar reeds ander proefskrifte wat vrywel volledig op die geskiedenis van jeugwerk in verskillende lande en kerke ingegaan het.[1] Om dit hier só volledig te doen, sou dus ook 'n onnodige herhaling wees.

Wat hier volg, is dus inderdaad 'n kort historiese oorsig oor kerklike jeugarbeid in Suid-Afrika (deur die Ned. Geref. Kerk). Ter wille van duidelikheid word dit onderskei in 'n Sondagskool/kategese-afdeling en ander kerklike jeugarbeid.

#### 3.1.1.2 Sondagskool/kategese

★ 1 As aanvaar word wat geskiedskrywers beweer, en daar is sekerlik geen rede waarom dit betwyfel hoef te word nie, naamlik dat die Kerkorde van Dordt die "geldige Kerkorde vir die Kaapse Kerk" was,[2] dan is dit logies dat die kategese, vir sover dit gedoen kon word, in ooreenstemming met die kerkorde gedoen is.

Volgens die Kerkorde van Dordt, art. 21, is bepaal: "De Kerkeraden zullen alomme toezien, dat er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leren lezen, schrijven, spreken en vrije kunsten, maar ook dezelve in de godzaligheid en in de catechismus onderwijzen". Volgens Jansen het die Sinode (1618 — 1619) bepaal dat "er moesten drieërlei catechizatie zijn, naamlik een *huis*, een *school-*, en een *kerkelijke* catechizatie".[3]

Kategese was dus veral die ouers en die skool se plig. Onder "kerkelijke catechisatie" is verstaan dat die predikante "vooral op het platteland, zelf de catechismus op de scholen repeteerden, de ouders aan huis of in de kerkeraadskamer alle week in de catechismus onderwezen, en die zich ten Avondmaal wilden begeven, drie of vier weken van te voren naarstig moesten onderrichten".[4]

Greyling konkludeer dus waarskynlik heeltemal korrek wanneer hy sê: "Dit wil voorkom asof ook hier, op voetspoor van die Sinode van





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dordrecht, die kategetiese onderrig van die kinders in die eerste periode hoofsaaklik verskuif is na die skool en die ouer, en dat van die onderwysers katkiseermeesters gemaak is''.[5]

★2 Aanvanklik is die goedsdiensonderrig of katkisasie waargeneem deur die sieketroosters wat ook as onderwysers opgetree het. Die kinders moes ook op Sondae kategismusvrae antwoord — in navolging van die gebruik in Nederland. Hierdie gebruik is voortgesit ook toe die koloniste later deur predikante bedien is.[6] Die kerk was in die begin (veral tot 1795 toe die Kaap vir die eerste keer onder Engelse bewind gekom het) in besonder gemoeid met die onderwys op skool. Die Skoolordonansie van De Chavonnes (1714) het waarskynlik bestaande gebruike vasgelê toe bepaal is dat onderwysers 'n formulier moes onderteken waarin hulle die leer van die kerk onderskryf en waarin hulle beloof om die jeug daarin te onderrig.[7] Skoolonderrig is inderdaad gesien as voorbereiding vir lidmaatskap.[8] Greyling sê tereg dat in hierdie tyd die skool net soos in Nederland, byna geheel en al in diens van die kerk gestaan het.[9]

★3 En tog het daar teen die einde van die 18de eeu ander insigte begin groei. Die skeiding tussen kerk en skool het skerper geword en sowel in Nederland as hier in Suid-Afrika het 'n skerper insig gegroei dat kategismusprediking en kategese nie dieselfde saak is nie. Tereg sê Kleynhans dat die Kerk- en Skoolorde van De Mist (1804) en verdere wetgewing in 1839 en 1865 veel bygedra het tot ''hierdie helderder insig''.[10] Hierdie ''verwydering'' tussen kerk en skool het nie daartoe gelei dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk die dagskool losgelaat het nie, maar wat die kategese betref, het dit wel tot reformatoriese ontwikkeling aanleiding gegee. Reeds die eerste Sinode (1824) het 'n duidelike reglementsbepaling in verband met godsdiensonderwys. Godsdiensonderwys word aangewys as die hoofplig van leraars en hulle word aangespoor: ''om zich met alle zorg toe te leggen op vermeerdering van hunne Gemeente met kundige en waardige leden''.[11] Dit wil voorkom of die onderrig self grootliks nog by die onderwysers berus het, hoewel dit as verantwoordelikheid van die leraars beskou is. Selfs by ringsvergaderings moes daar die nodige toesig oor hierdie taak van die leraars wees. Onderwysers moes egter die nodige voorligting ontvang. Die betrokke reglement van 1824 bevat ook vrae vir die openbare belydenis van geloof — vrae wat vir meer as 'n eeu onveranderd gebly het.[12]

Hierdie tendens van meerdere en volle verantwoordelikheid vir die kategese het voortgeduur en in latere vergaderings is dit steeds duideliker verwoord. By die Sinode van 1842 word die kategese uitdruklik vermeld as taak van die leraar: ''Zij houden catechisatien voor ouden en jongen, die nog geene belijdenis gedaan hebben, zoo over die Bijbelsche Geschiedenissen als over de Christelijke Geloofs- en Zedeleer en, indien mogelijk, over de Kerkelijke Geschiedenis''.[13] Hierdie bewoording bly ook vir meer as 'n eeu byna woordeliks dieselfde.[14] Die huidige bewoording lui soos volg: ''die behartiging van die kategetiese onderwys''.[15]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★4 Die praktyk van kategetiese of godsdiensonderrig in die vestigingsjare was egter dikwels onvolkome en gebrekkig. Veral in die buitedistrikte was die fasiliteite min of het nie bestaan nie en was die onderrig uiters swak. Baie van die onderwysers was nie geskik of toegerus vir hulle taak nie en omstandighede en afstande het swak onderrig in die hand gewerk.[16] Volgens Spoelstra het die bekende ds. Van Lier teen die einde van die 18de eeu die toestand in die volgende woorde aan die Klassis, Amsterdam rapporteer: "... een geslacht gevonden worden, dat van de aller nodigste kennis van de eerste grondwaarheden ontbloot, in niets als in den Christelijken Naam onderscheiden zal zijn van de aangrenzenden heidenen".[17]

★5 En tog, ten spyte van laasgenoemde gebreke, is Greyling reg om te sê dat toe die Sondagskool vanuit Engeland hierheen gebring is, "het dit sekerlik nie gebring wat daar nie reeds was nie. Voor die eerste stigting van 'n Sondagskool in Suid-Afrika was daar reeds 'n inheemse stelsel van godsdiensonderwys. Die beïnvloeding van die inheemse deur die uitheemse en andersom is 'n ander saak".[18]

★6 Die koms van die Sondagskool en die ontwikkeling sedertdien is 'n volgende aspek wat hier vermeld moet word. Volgens Greyling, soos aangehaal in: *Bekwaam om te leer*, het daar reeds in 1838 in Uitenhage twee Sondagskole bestaan — een vir Fingoes en ander gekleurdes en een vir Blanke kinders.[19] Volgens Greyling het A. Faure egter die eerste Sondagskool in Mei 1844 te Kaapstad begin. Laasgenoemde sou tydens sy studentejare in Engeland (1814 — 1816) bekend geraak het met die Sondagskool soos dit in 1780 deur Robert Raikes vir ongeletterde en verwaarloosde kinders begin is.[20]

Hierdie Sondagskool was die begin van 'n nuwe era in die godsdiensonderrig in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hoewel hierdie onderrig vir 'n lang tyd langs die gewone weeklikse katkisasie voortgesit is, was daar tog van die begin af 'n ander ontwikkeling in die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat die Sondagskool betref. Die feit dat die eerste Sondagskool in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur 'n kerkraad begin is, was waarskynlik 'n beginpunt van ontwikkeling wat daarvoor gesorg het dat die Sondagskool nie as 'n selfstandige en onafhanklike vereniging langs die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontwikkel het nie. Greyling stel dit so: "Die vreemde stroom sou nie vir hom 'n eie bedding baan nie, maar gekeer word in die reeds bestaande inheemse bedding van die stelsel van katkisasie".[21] Daar was ook stemme in die rigting van 'n onafhanklike Sondagskoolvereniging, maar deur die lang pad van ontwikkeling in verskillende Sinodes (as gevolg van die hofbevel van 1862) en die ontstaan van verskillende sinodale sondagskoolkommissies, is die stryd uiteindelik gewen deur onder andere die vorming van die Gefedereerde Sondagskoolkommissie in 1925.[22]

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1962 is die naam verander na: Sondagskoolkommissie van die Algemene Sinode. In 1966 besluit die Algemene Sinode op die totstandkoming van een oorkoepelende Jeugkommissie




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

met drie Subkommissies te wete vir Dooplidmate, Jong Belydende Lidmate en Opvoeding en Onderwys.[23]

★7 Sedert 1966 het die kategetiese arbeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met nuwe spoed gevorder. 'n Nuwe reeks hand- en leerboeke vir die juniorkategese het in 1972 verskyn; 'n reeks leerboeke vir die senior kategese: *Leer uit die Woord* het in 1974 verskyn. In 1977 is die kleuterkategese op vaste voet geplaas en die nodige materiaal het verskyn. Tans word die leerplan en reeks vir die senior kategese radikaal hersien en herskryf. 'n Nuwe boek 5 in die reeks: *Leer uit die Woord* het teen die einde van 1981 verskyn. Boek 6, 'n leerboek met die oog op die kategese van buitekerklikes, het ook reeds in 1980 verskyn.

Bygaande illustrasie uit: *Bekwaam om te leer* gee 'n enigsins duidelike samevattende oorsig oor die ontwikkeling tot en met 1974.[24]






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★8 Op 'n lang en moeisame pad, deur skade en ongerief, stryd en oorwinnings heen het die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy kategetiese taak gekom tot 'n huidige praktyk wat inderdaad aangrypend is. Hoe die huidige praktyk presies daar uitsien, word later in hierdie afdeling bespreek. Hier is dit genoeg om die kort historiese oorsig af te sluit met die woorde van die Kerkorde, Art. 50: "Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat tot die gemeenskap van die kerk wil toetree, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die kerk met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die kerk toetree, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde".[25]

3.1.1.3 Ander kerklike jeugarbeid

★1 Wat Terblanche ten opsigte van die naskoolse jeug sê, is behalwe vir die kategese, ook waar vir die kinders naamlik: "daar was van jeugsorg in die hedendaagse sin van die woord eintlik nie sprake nie" — ten minste vir die eerste twee eeue na die volksplanting.[26] As redes daarvoor noem hy tereg die volgende: Lidmate woon verspreid, die predikante was min (in 1730 was daar byvoorbeeld net een in die hele Kaapkolonie), die geestelike doodsheid (formalisme) in Europa het ook hier sy invloed gehad.[27]

En tog mag daar nie uit die verswyging van direkte jeugwerk in die geskiedenis van die eerste 200 jaar, afgelei word dat die jeug noodwendig vir die kerk onbelangrik was nie.

★2 Herderlike sorg

Daar kan verseker saam met Terblanche gesê word dat die kinders en die jongmense as deel van die gesin besoek is. Die meeste naskoolse jongmense het immers tot in hierdie eeu nog by hulle ouers ingewoon en het so deel van die gesin gebly.[28] Dit mag die rede wees waarom daar nêrens van afsonderlike besoeke byvoorbeeld aan naskoolse jongmense sprake is nie.

Soos Kleynhans oortuigend aangetoon het, het die bepalinge van die verskeie Sinodes sedert die eerste Sinode in 1824 hoofsaaklik een en dieselfde gebly ten opsigte van die herderlike taak van die leraar en ouderling. Artikel 43(a) en (d) stel dit byvoorbeeld vir die leraar soos volg: "Zij zorgen op de *beste wijze*, met voorkennis en advies van den Kerkeraad voor het herdelijk werk in de Gemeente.

(d) Zij zijn gehouden, gezet en behoorlijk godsdienstige huisbezoeking te doen".[29]

Die wette en bepalinge van 1873 stel die taak van die ouderling in hierdie verband so in Artikel 33.3: "Het medetoezigt op de leden der gemeente, inzonderheid door huizbezoek, zoowel afzonderlijk als, daartoe verzocht, in vereeniging met den predikant".[30] Hierdie taak van die leraar en die ouderling word tot vandag nog in die kerkorde vereis. "Die doen van behoorlike huisbesoek en behartiging van die herderlike sorg van die gemeente" (Art. 9.6) vir sover dit die leraar betref en "die doen van huisbesoek in die gemeente; die uitoefening van opsig en tug" (Art. 16.3, 4) vir sover dit die ouderling betref.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die probleem in verband met bogenoemde was waarskynlik die ongereelde huisbesoek veral deur die leraar as gevolg van die uitgestrektheid van die gemeentes. Voorbeelde hiervan is byvoorbeeld klagtes van die kerkraad van Kaapstad in 1853 omdat daar geen huisbesoek gedoen is nie[31] aan die een kant en pogings soos die van ds. M.C. Vos wat graag sy gemeente (Tulbagh) drie keer per jaar wou besoek en wat uiteindelik gedurende 'n tydperk van twee jaar slegs een keer by almal gekom het.[32]

Of leraars en ouderlinge in die tyd veel aandag op huisbesoek aan die jeug (kinders en jongmense) gegee het, is nie seker nie. Kleynhans is wel oortuig dat "die beskikbare gegewens pleit vir die feit dat ouderlinge tydens die bewind van die Kompanjie aan hierdie vereistes (van die Dordtse Kerkorde, MN) voldoen het" en volgens hom het die ouderlinge ook na 1795 op dieselfde patroon voortgewerk.[33]

En tog is dit miskien nie ongeregverdig om te beweer dat in sterk patriargale omstandighede kinders en jongmense waarskynlik nie veel afsonderlike aandag geniet het nie.

Volgens Terblanche is van die eerste vermeldinge in verband met huisbesoek aan jongmense die besluit van die Kaapse Sinode in 1928 naamlik dat die kerkorde, leraars moet onthef van nie-noodsaaklike pligte "sodat hulle meer aandag kan gee aan pastorale arbeid aan die jongmense".[34]

Eers toe die proses van verstedeliking, die kerk geplaas het voor 'n nuwe situasie, naamlik dat duisende jongmense nie meer in hul ouerhuise woon en as deel van 'n gesin besoek kan word nie, het die klem al meer op die persoonlike herderlike versorging van die jeug begin val. Terblanche meen dat dit eers regtig na 1945 die besondere aandag van die kerk begin geniet het.[35]

★3 Die prediking

In Suid-Afrika het afsonderlike "jeugdienste" nooit soos byvoorbeeld in Nederland,[36] ontwikkel nie. Hier is wel kinderdienste en jeugdienste, maar dit was en is steeds gewone eredienste waar veral die prediking op die jeug gerig word.

Terblanche sê tereg dat daar verwag sou kon word dat in die tyd van die formalisme, van geleerde analitiese leerredes daar "spesiale en begrypbare kinder-en jeugpreke" gevind sou word. "Nêrens word in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis daarvan melding gemaak nie."[37]

Die eerste "jeugpreke" is uit die begin van die 18de eeu bekend. Dit was die sogenaamde vier "Josefpreke" van ds. C. Fleck, predikant van Kaapstad in 1781 — 1820.[38]

Kinderdienste is waarskynlik vir die eerste keer in 1844 deur eerw. Johann Kretzen gehou tydens sy besoeke aan die boere in die huidige omgewing van Robertson, Montagu en Ladysmith.[39]

In 1860 het 'n preekbundel verskyn met die titel: *De Kinder-Kerk* en dis saamgestel deur prof. John Murray. Hierin was 52 kinderpreke, 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

seleksie van die beste kinderpreke wat in 'n blad met dieselfde naam in Nederland verskyn het.[40]

Die naam van prof. N. J. Hofmeijr word in besonder aan jeugpreke en jeugdienste gekoppel. Nie alleen het hy 'n bundel jeugpreke (Herinneringswoorden) laat verskyn nie, maar hy het ook in September en Oktober 1873 begin met daaglikse byeenkomste vir kinders en jongmense. Hierdie dienste se bywoning het later baie groot geword en gelei tot die oprigting van die saal van die Christelike Jongeliedevereniging wat in 1874 ingewy is. Terblanche sê tereg dat hierdie dienste ook groot invloed op die teologiese studente gehad het wat later in hulle bediening sou blyk. Hy noem dan veral name soos J. A. Büchner wat later in Tulbagh sulke dienste voortgesit het, Abraham Kriel, J. D. Kestell, J. M. Martins en J. M. Louw. Baie gemeentes het dan ook hierdie voorbeeld gevolg en so ontwikkel die dienste later in "spesiale jeug- en evangelisasiedienste". Sulke dienste (nie noodwendig altyd met evangelisasieklem nie), het later gebruik geword by die ringsuniebyeenkomste van die Christelike Jongeliedevereniging. Die Kaapse Sinode het byvoorbeeld in 1907 besluit dat daar jaarliks op 'n Sondag 'n diens spesiaal vir jongmense gehou moet word.[41]

Hoewel dit uiters moeilik is om dit te beoordeel, is dit tog 'n vraag of bogenoemde ontwikkeling nie 'n gevolg was, byna 'n reaksie op die verwaarlosing van die jeug in die weeklikse eredienste nie. Die gereformeerde uitgangspunt naamlik dat die kind en die jongmens deel van die erediens is,[42] lei soms daartoe dat hoewel dit in beginsel gehandhaaf word, die jeug in die praktyk in die erediens grootliks, indien nie totaal nie, verwaarloos word.

Jeug- en kinderdienste is ook in hierdie eeu nog deel van die bediening van die kerk aan sy jeug. Vir baie jare was dit gebruiklik dat vier kinderdienste per jaar gehou is — gewoonlik op dieselfde Sondag wanneer die Nagmaal gevier is. Skrywer hiervan het nog in 1965 die gebruik in die Ring van Lyttelton gevind. Daar is waarskynlik tans nog gemeentes wat dit doen. Sommige gemeentes het ook gereelde kinderdienste van tyd tot tyd by die weeklikse oggenddiens.

Die Algemene Sinode het in 1978 'n beleidstuk oor kinderdienste aanvaar waarin die beginsel weer eens bevestig is dat kinders (en vir die doel van hierdie studie ook jongmense) deel van die gemeente is en in die normale eredienste met die Woord bedien moet word.[43]

In watter mate eredienste met die jeug rekening hou, sal 'n selfstandige studie verg en daarom word daar nie nou verder hierop ingegaan nie.

★4 Versorging van verwaarloosde kinders

M. T. S. Zeeman het reeds aangetoon dat die diakonie in die vroeë geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk hier ter lande flink gefunksioneer het. Een bewys hiervan is die versorging van die sogenaamde "diakoniekinders". Hierdie kinders, dikwels weeskinders of kinders van behoeftige weduwees of wat om ander redes verwaarloos is, is deur die diakonie versorg. Wanneer nodig, is hulle deur die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

diakonie in pleegsorg geplaas.[44] Onder die direkte toesig van die diakonie is daar ook vir hulle onderwys gegee. Later (1807) is 'n eie skool vir hierdie kinders begin, toe hulle getalle te groot geraak het vir die gewone skool.[45] Hierdie sorg het ook deurgegaan na hierdie kinders wat later vakleerlinge geword het. Volgens Terblanche "was dit dan ook (sover bekend) die enigste spesiale sorg aan vakleerlinge deur die plaaslike gemeente tot diep in die 20ste eeu".[46]

Later het die skool vir dowes in Worcester gevolg (1881) en nog ander tehuise soos die Abraham Kriel-kinderhuise in Transvaal en Natal, en ander tehuise in die onderskeie provinsies. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het ook in die jare toe geld skaars was, inderdaad trou probeer bly in sy bediening aan die minderbevoorregte, gestremde en verwaarloosde kind. Hoewel hierdie werk nou nog onder die toesig van die Kommissies vir die Diens van Barmhartigheid val, neem dit niks weg van die feit dat dit 'n pragtige faset van die jeugarbeid van die kerk was en bly nie.[47]

★5 Opvoeding en onderwys

Soos dit reeds ten dele uit die kort oorsig oor die geskiedenis van die Sondagskool/kategese geblyk het, was die skool vir die eerste jare ten nouste onder die toesig van die kerk en was die sieketroosters en later van die leraars die onderwysers.[48]

Die ordinansies van goewerneur De Chavonnes in 1714 was tegnies gesproke die eerste onderwyswetgewing in hierdie land. Hierdie ordinansies het wel nog die waarde van godsdiensonderrig beklemtoon, onderwysers moes 'n formulier onderteken en so meer, maar hiermee is die skool onder toesig van die regering geplaas.[49] De Mist se kerkorde het hierdie beheer finaal in die hande van die Staat geplaas. Nogtans was die kerk nog ten nouste gemoeid met byvoorbeeld die aanstelling van onderwysers. Die skool was nou egter nie langer die kweekplek van nuwe lidmate nie, maar van goeie burgers van die Staat.[50]

Hierna het die lang stryd om die verengelsing van die skole begin. Die Heidelbergse Kategismus is ook in Engels vertaal en Kleynhans se konklusie is waarskynlik korrek dat hierdeur (onder andere ook die invloed van die Skotse predikante) leersuiwerheid bevorder en bewaar is.[51]

Vanaf die Sinode van 1824 het die kerk die lang pad van stryd geloop en hom veral beywer vir die regte gehalte onderwysers en toesig oor die godsdiensonderwys. Later het die stryd om moedertaalonderrig hierby gekom. Reeds by die Sinode van 1847 is op voorstel van dr. W. Robertson vir die eerste keer 'n kommissie van opvoeding aangestel.[52] Tereg sê Terblanche "die ywer, toewyding en opofferinge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ten opsigte van die onderwys is bepaald van die mooiste gedeeltes van ons Kerkgeskiedenis".[53] Kleynhans sê tereg dat die kerk tot op datum met woord en daad artikel 84 van die wette en bepalinge van die Sinode van 1873 probeer handhaaf het, te wete: "Het behoort tot de roeping van de Kerk en van hare Besturen in het algemeen, en van den Kerkeraad en de gemeenteleden in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

het bijzonder, het onderwijs der jeugd met allen ernst en ijver in christelijken zin te behartigen".[54]

Die ondersoek van die Jeugstudiekommissie het hierdie afdeling ingesluit en toe die Algemene Jeugkommissie in 1966 tot stand gekom het, word hierdie belangrike afdeling aan 'n volwaardige subkommissie toevertrou te wete die Subkommissie vir Opvoeding en Onderwys. In 1970 keer die Algemene Sinode 'n beleidstuk goed en laat dit publiseer as die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk insake Opvoeding en Onderwys.[55] In 1975 word 'n predikant benoem om in opdrag van die Algemene Sinode hierdie afdeling te bestudeer en die nodige skakeling met die owerhede te onderneem.

★6 Van Kerkjeugvereniging tot Kerkjeugaksie

Terblanche noem as een van die redes vir die groeiende belangstelling in die versorging van die naskoolse jeug na 1860, die stigting van Christelike jeugverenigings en die uiteindelike totstandkoming van die Nederduitse Gereformeerde Kerkjeugvereniging.[56]

Dit is seker so dat verskeie faktore meegewerk het tot 'n groter bewuswording van die behoeftes van jongmense en die noodsaaklikheid van jeugwerk. Hierdie ontwaking ten opsigte van jeugwerk in die middel van die vorige eeu was redelik wêreldwyd. Milford Sholund skryf in sy historiese oorsig oor jeugwerk in die Verenigde State van Amerika: "The period from 1830 — 1860 was fertile with ideas for youth groups, but this stirring was only a suggestion of the rapid birth of youth organizations following the Civil War".[57]

In Suid-Afrika het hierdie kommer oor die jeug ook deurgebreek soos onder andere blyk uit prof. Hofmeijr se jeugdienste en ander soortgelyke pogings wat daarop gevolg het. Kemp is reg in sy opsomming dat "met die groei van stede en dorpe, en die langsame konsentrasie van jongmense daarin, asook vanweë die berigte van die ontstaan van jeugverenigings in die buiteland, is al meer die behoefte aangevoel om een of ander werksaamheid te skep onder die jeug ter wille van hulle geestelike en kulturele vorming".[58]

Dit verbaas dan ook nie dat die eerste sodanige vereniging hier ter lande groei uit die Bybelklas wat onder prof. Hofmeijr se leiding in Stellenbosch ontstaan het en waar laasgenoemde Bybelverklaringe gedoen het vir tussen 150 — 180 jongmense.[59] Hieruit is op 23 November 1874 die eerste tak van die Christelike Jongeliedevereniging gebore. Hierdie vereniging weer gaan terug op een van die oudste jeugverenigings te wete die Young Men's Christian Association wat in 1844 in Londen gestig is. Hierdie werk het reeds in 1851 na die Verenigde State van Amerika versprei[60] en in 1874 ook na Suid-Afrika.

Die Christelike Jongeliedevereniging se doel was volgens sy eerste grondwet op Suid-Afrikaanse bodem om "elkanders en anderen geestelijk en zedelijk welzijn te bevorderen".[61] Die vereniging se leuse is later verander van "eendracht maakt macht" na "in alles vir Christus". Volgens Kemp was die werksaamhede van die vereniging gerig op



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

"godsdiens, letterkunde, musiek en sosiale verkeer".[62] Soos die ontwikkeling ook elders in die wêreld, het hierdie vereniging later in 'n meer kulturele vereniging ontwikkel en Terblanche is korrek wanneer hy sê dat dit net soos die Strewersunie later meer 'n vereniging van volwassenes word.[63]

By die laaste kongres (1949) net voor ontbinding in 1951, was daar 94 takke met ongeveer 3 500 lede.[64]

'n Belangrike feit wat hier nie verswyg mag word nie, is die feit dat die Christelike Jongeliedevereniging homself hier in Suid-Afrika van die begin af binne kerklike geledere bevind het. "Die vereniging het hom in verband gestel met die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en het gestaan onder die algemene en sedelike toesig van die plaaslike kerkraad."[65]

Die tweede jeugvereniging in Suid-Afrika het sy wortels in die Verenigde State. Rondom die jaar 1860 het 'n sekere Theodore Cuyler in sy gemeente 'n jeugbeweging begin wat waarskynlik die eerste kerklike jeugvereniging in die Verenigde State van Amerika was.[66] Hy is later besoek deur dr. F. E. Clark, leraar van die "Williston Congregational Church" Portland, Maine en laasgenoemde was so beïndruk dat hy saam met 30 — 40 jongmense na 'n week van gebed in 1881 'n vereniging begin met die naam "Young People's Society of Christian Endeavor".[67]

Sover bekend is die Christelike Strewers in Suid-Afrika in 1887 te Wellington gestig deur dr. A. Bliss van die Hugenote-Kollege. Die bekende dr. A. Murray was die eerste president van die "Christian Endeavour Union" wat in 1894 gestig is. In 1898 was daar reeds 100 verenigings met 4 000 lede onder beide taalgroepe.[68]

As gevolg van die oorlog en die taalkwessie word daar in 1901 'n Strewersunie in verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestig — "aanvanklik maar 6 verenigings met 300 lede, maar wat in 1906 reeds 253 verenigings met 8 046 lede tel".[69] Volgens Kemp was die rede vir hierdie groei waarskynlik die gewildheid van die vereniging onder die krygsgevangenes wat dit ook by hulle terugkeer na die Transvaal en die Oranje-Vrystaat uitgedra het.

Die leuse van die vereniging was: "vir Christus en die kerk" en die doel was "om 'n ernstige en praktiese Christelike lewe te bevorder, en mekaar onderling daartoe aan te help".[70]

Die Christelike Strewers het, om Terblanche se woorde te gebruik, "direk onder toesig van die predikant gestaan" en "die predikant (was) gewoonlik die voorsitter".[71] Die Sinode van Transvaal het byvoorbeeld in 1906 (ook in antwoord op kritiek van onder meer die Gereformeerde Kerk naamlik dat die Strewers metodisties is) besluit: "Het wordt den Kerkeraden onzer gemeenten op het hart gebonden om dit deel van het geestelijk werk onder de jeugd te bevorderen en meer nog dan te voren toezicht over het Streverswerk te houden, daar de beweging als een deel der Kerk ook onder toezicht en bestier des Kerkeraads staat".[72]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Soos reeds vermeld, het die vereniging ongelukkig ook met die jare "ouer" geword vir sover sy lede betref.

Intussen het daar nog 'n paar *Bybelklasse* in Kaapland ontstaan, maar hulle plek is eintlik deur die Christelike Jongeliedevereniging ingeneem. In die Oranje-Vrystaat het dit egter anders ontwikkel. Hier is die *Bybelklas* later (1925) deur die Sinode as die amptelike vereniging vir sy naskoolse jeug verklaar. Na lang jare (1947) het die Bybelklas en die Christelike Strewers weer een geword.[73]

Dit is nie hier die plek om die onderlinge stryd tussen die verenigings te beskryf nie. Hier is dit belangrik om te meld dat al drie bogenoemde verenigings hulself in verband tot en met die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestel het. Daarom is Terblanche reg wanneer hy sê: "In Suid-Afrika kan nie van 'n jeugbeweging in die ware sin van die woord gepraat word nie. Reeds sedert die begin van die Christelike jeugverenigings in Suid-Afrika was die verenigings meer jeugsorg van die Kerk as bloot jeugvereniginge."[74] As twee moontlike redes vir hierdie gunstige gesindheid van die kerk teenoor hierdie verenigings en die feit dat die leraar gewoonlik die inisiatief geneem het in die stigting van so 'n vereniging, noem Kemp die feit dat die belydenisaflegging op 'n jong leeftyd plaasvind en dat die kerk hierdie verenigings beskou het as 'n verdere "hulpmiddel vir voortgaande vorming van die jong lidmaat". As tweede rede geld volgens hom die stryd teen verengelsing en dat die kultuursy van die verenigings hulle baie ontvanklik by die Afrikaanse jeug gemaak het.[75]

Stemme vir die eenwording van die bogenoemde verenigings word reeds van die begin van hierdie eeu af gehoor. So vroeg as 1907 is die noodsaaklikheid daarvan al geopper.[76] Aanvanklik het dit egter nie verder as besprekings gekom nie. Die Sinode in Kaapland het onder andere in 1940 aan sy Kommissie vir Arbeid aan die Jeug opdrag gegee om daadwerklik aan eenwording van die verenigings aandag te gee. Hierdie pogings was nie suksesvol nie, maar dit lei wel tot die stigting van 'n Federale Organisasie waarin die Strewers, die Christelike Jongeliedevereniging, die Christen-Studentevereniging, die Mede-Sendingarbeiders en die Kindersendingskrans meewerk.[77] 'n Besluit van die Transvaalse Sinode in 1948 het 'n nuwe wending aan die eenheidstrewe gegee. Op grond van 'n memorandum is in beginsel 'n program van aksie vir die jeuglidmate aanvaar en dié moes so spoedig moontlik voor die Federale Jeugraad gelê word ten einde eenwording te verkry, met inagneming van die bestaande verenigings.[78] By 'n vergadering van die Federale Jeugraad en verteenwoordigers van die Christelike Strewersunie en die Christelike Jongeliedevereniging is hierdie begeerte vir een jeugaksie voorgelê en "dat die geleentheid nou aan die twee verenigings gegee word om terug te gaan, selfstandig met mekaar te onderhandel en om 'n uiterste poging aan te wend om so spoedig moontlik eenwording van die twee verenigings te bewerkstellig".[79]

Hierdie samesprekings is gehou en dit was uiteindelik die Christelike



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Strewersunie wat die inisiatief geneem het en aanbeveel het dat 'n kongres vir 5 — 8 Julie 1951 op Wellington gehou word om saam te val met die vyftigjarige fees van die Unie. By hierdie kongres het die Christelike Jongeliedevereniging en die Christelike Strewersvereniging vergader en die Federale Jeugraad is versoek om ook daar te vergader. Daar was ook afgevaardigdes van 'n paar kerkjeugverenigingstakke wat toe reeds bestaan het. Afsonderlike kongresse is gehou en deur bemiddeling van 'n kommissie van 8 lede is besware en laaste probleme oorbrug. Onder voorsitterskap van dr. E. Greyling, voorsitter van die Federale Jeugraad, word die Nederduitse Gereformeerde Kerkjeugvereniging gestig. Mnr. G. J. van der Westhuizen, later voltydse sekretaris van die Kerkjeugvereniging in Suid-Afrika, skryf in die verslag van die Jeugstudiekommissie só daaroor: "Vrydag, 6 Julie 1951, sal in die geskiedenis van die kerk aangeteken staan as 'n onvergeetlike mylpaal ten opsigte van jeugbearbeiding in Suid-Afrika. Op die dag is al die verskillende strome in één kanaal gekeer en al die sluimerende moontlikhede gekonsolideer tot 'n hegte eenheid. Die Kerkjeugvereniging is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die lewe geroep as 'n vereniging van en vir die kerk, waarin die jeug hulle inisiatief en selfaktiwiteit vryelik aan die dag kan lê en ontwikkel in ooreenstemming met die bepalings van die grondwet".[80]

Hierdie karakter is deur die Kerkjeugvereniging vir meer as twintig jaar uitnemend gehandhaaf. Die band tussen die kerk en die Kerkjeugvereniging het al meer amptelik geword sodat dit inderdaad vir al die jare die jeugarm van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was. Dit was juis hierdie verbondenheid met die plaaslike gemeentes en kerk in breër verband, wat ruimte gelaat het vir groei en ontwikkeling in die rigting van 'n kerkjeugaksie. Die verslag van die Jeugstudiekommissie sê tereg dat die Kerkjeugvereniging hom nie beskou "as 'n vereniging in die gewone (kollegialistiese) konnotasie van die woord nie, maar die Kerkjeugvereniging is die georganiseerde optrede van die jeuglidmate binne die gemeente en die kerk se program van werksaamhede".[81]

Terselfdertyd was die Kerkjeugvereniging die begin van die verwesenliking van 'n ideaal vir een jeugvereniging waar die noodsaaklikheid van uniformiteit en kontinuïteit verwesenlik kan word. Reeds op die eerste vergadering van die Uitvoerende Komitee van die eerste hoofbestuur van die Kerkjeugvereniging word as "ideaal voorgehou dat die kinders van die laerskool lede van die Kinderkrans sal wees; dié van die hoërskool, lede van die Junior Kerkjeugvereniging; en die naskoolse jeug lede van die Kerkjeugvereniging".[82]

Die Kindersendingkrans het op hierdie stadium lank reeds bestaan as verenigiing vir kinders met die doel "om by die kind van kleins af 'n liefde vir en belangstelling in die sendingsaak aan te wakker — om by die kinders van jongs af 'n nuwe gesindheid teenoor die sending te kweek".[83] Die vereniging se stigtingsdatum is moeilik te bepaal. Marais meen dat dit in 1906 plaasgevind het. Daar word egter reeds van 'n Kindersendingkranstak gepraat wat in 1890 deur mej. Spyker, 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dosente aan die Hugenote-Kollege begin is.[84] Ander weer stel die amptelike stigtingsdatum op 1911.[85]

Die Christelike Strewersunie en die Kinderkrans het in 1911 besluit dat die twee verenigings vir sover dit die kinders betref, in die toekoms een vereniging sal vorm en so is vir 'n tyd gefunksioneer onder die naam: "Kinderkrans in verband met V.Z.B. en Strewers".[86] Dit was ook hierdie junior-gedagte van die Christelike Strewersunie wat van die begin van die bestaan van die Kerkjeugvereniging die gedagte aan 'n Junior Kerkjeugvereniging gestimuleer het. In Junie 1952 het die Federale Uniebestuur reeds opdrag tot die opstel van 'n konsepreglement vir Junior Kerkjeugverenigingstakke gegee.[87] Volgens Kemp het daar toe reeds junior takke in die Oranje-Vrystaat bestaan. Die junior afdeling van die Kerkjeugvereniging is deur die gebiedsbesture van die Kerkjeugvereniging gekoördineer en hoewel afsonderlike konferensies vir juniors (hoërskoolleerlinge) gehou is, is die afdeling nooit afsonderlik in 'n struktuur wat tot by Algemene Sinodale verband strek, georganiseer nie.

Met die loop van tyd, veral gedurende die sestigerjare het daar by verskeie predikante die gedagte aan 'n nog meer kerklike aksie begin groei. Die gedagte is veral gevoed deur die begeerte dat die Kerkjeugvereniging nie meer soseer 'n vereniging moet wees waarby jongmense formeel aansluit en lid word nie, maar dat dit eerder 'n organisasie moet wees waar die doop (in die geval van die junior KJV) en die jong belydende lidmate (in die geval die senior KJV) op grond van hulle lidmaatskap van die gemeente inskakel en hulle diens lewer. Die grondwet van die Kerkjeugvereniging het ook na 1969 voorsiening gemaak vir 'n tweërlei wyse van inskakeling te wete òf deur aansluiting òf wanneer 'n gebiedskomitee, kerkraad of Sinode daartoe besluit, inskakeling op grond van lidmaatskap van die gemeente.[88] Waarskynlik was die gebiedskomitee en die Sinode van Natal die eerste wat besluit het om die tweede wyse van inskakeling te volg.[89]

Op grond van 'n memorandum[90] wat oor hierdie betrokke artikel van die grondwet by die destydse Algemene Uniebestuur ingedien is en besinning rondom hierdie saak, het die Bestuur in 1973 besluit om voorkeur te gee aan hierdie wyse van inskakeling. Hierdie saak, saam met ander soos byvoorbeeld naamwysiging, is deur die Algemene Kongres, 1973 in Hartenbos goedgekeur en 'n vergadering van al die gebiedsuniebesture het opdrag gekry om nuwe grondreëls vir die senior en junior afdelings van die Kerkjeugvereniging voor te berei vir voorlegging aan die Algemene Sinode in 1974.

By geleentheid van bogenoemde vergadering op 25 Maart 1974, in Pretoria, is besluit op die naam Kerkjeugaksie. Die Algemene Sinode het hierdie naam goedgekeur en so ook die nuwe grondreëls waarin die wyse van inskakeling ten opsigte van byvoorbeeld die Belydende Kerkjeugaksie soos volg geformuleer is: "Alle jong belydende lidmate van die gemeente is kragtens hul kerklidmaatskap ook betrokke by die Belydende Kerkjeugaksie en behoort aktief daarby in te skakel".[91] Hier-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die beginsel geld ook die Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksie en die Senior Kerkjeugaksie.[92]

★7 Die jeugbeleid

Gelyktydig met bogenoemde ontwikkeling binne die toe bestaande jeugvereniging, is daar deur die kerk 'n intensiewe en omvangryke studie geloods in verband met die kerk se jeugwerk. Die opdrag gaan sover terug as 13 April 1951 toe die Transvaalse Sinode aan sy kommissie vir jeugbearbeiding 'n opdrag tot 'n omvattende ondersoek na "die hele jeugaangeleentheid in die Transvaalse Kerk" gegee het.[93]

Veral vanweë 'n tekort aan fondse het daar nie veel van gekom nie. Op 'n vergadering van verteenwoordigers van die Jeugkommissies van die onderskeie Sinodes, die Gefedereerde Sondagskoolkommissie, die Christen-Studentevereniging en die Kerkjeugvereniging is 'n tussentydse studiekomitee saamgestel.[94] Die onderskeie Sinodes het positief op die aanbevelings tot die vorming van 'n Algemene Studiekommissie reageer en op 30 Junie 1958 is die Jeugstudiekommissie saamgestel. Die drie afdelings: Studentebearbeiding, Opvoeding en Onderwys en Naskoolse Jeug is verteenwoordig deur lede uit die Sinodes. Só ook was daar lede van die Christen-Studentevereniging se Hoofraad en die Federale Uniebestuur van die Kerkjeugvereniging.[95] Hierdie kommissie het na 1962 (met die totstandkoming van die Algemene Sinode) 'n kommissie van die Algemene Sinode geword en het in 1966 sy verslag aan die tweede vergadering van laasgenoemde Sinode voorgelê.

Hierdie verslag se waarde is miskien nog nooit na waarde geskat nie. Die vrug daarvan is sonder twyfel allereers die jeugbeleid wat op grond van die verslag geformuleer is en deur die Algemene Sinode in 1966 goedgekeur is. Tog is die waarde van hierdie verslag veel meer. Dit bevat talle beginsel- en praktiese riglyne in verband met die bediening van die kerk aan die verskillende jeuggroepe. Voorts moet die totstandkoming van een Jeugkommissie vir alle jeugwerk van die kerk as besondere vrug van hierdie studie vermeld word. Tot 1966 was die Sondagskool (kategese) deur 'n aparte kommissie behartig en is die res van die jeugarbeid deur 'n Jeugkommissie gedien. Na veel stryd en 'n lang debat het die Algemene Sinode op 19 Oktober 1966 soos volg besluit: "Die Sinode besluit dat ten einde die essensiële beginsels van kontinuïteit en koördinasie in die jeugarbeid prakties deur te voer, daar een jeugkommissie op gemeentelike, rings, sinodale en algemeen sinodale vlak moet wees".[96] Soos reeds vermeld, funksioneer die Algemene Jeugkommissie sedertdien met drie subkommissies te wete vir Dooplidmate, Opvoeding en Onderwys en Jong Belydende Lidmate.

Na die jeugbeleid is reeds in paragraaf 2.5 van hierdie studie verwys. Wat hier nog van belang is, is die opdrag van die Algemene Sinode van 1970 naamlik om 'n besluit van 1966 te herhaal rakende die uitbou van die jeugbeleid in praktyk.[97]

Dieselfde Sinode het ook 'n beleid aanvaar in verband met die dienswerk van die gelowiges. Hierdie besluit meld onder andere dat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

"die georganiseerde diens (van die gelowiges MN) moet dus nie beskou word as 'n *hulp*diens nie, maar aan die ander kant ook nie die karakter van 'n outonome vereniging dra nie, maar volwaardig kerklike dienswerk of diensaksie wees".[98]

Gelyktydig met die besinning oor die uitbou van die jeugbeleid tot praktyk, is daar ook in die kerk ernstig besin oor die plek van 'n vereniging binne kerklike struktuur. By die Sinode van 1974 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n Reglement vir die Dienswerk van die Gelowiges aanvaar.[99] By dieselfde geleentheid is praktiese strukture ook vir die georganiseerde dienswerk aangedui. As voorbeeld hiervan is die struktuur geneem soos die Algemene jeuskommissie dit by dieselfde vergadering van die Algemene Sinode vir die georganiseerde jeugaksie aanbeveel het. By dieselfde geleentheid is ten opsigte van lidmaatskap besluit "dat daar geen afsonderlike lidmaatskap in die tradisionele sin van die woord van hierdie kerklike organisasie kan wees nie. Die organisasie se lidmaatskap word bepaal volgens al die lidmate of dooplidmate van elke gemeente wat by daardie aspek van die dienswerk betrokke is en as aktiewe medewerkers(sters) ingeskakel is".[100] By laasgenoemde is nog iets merkbaar van "die organisasie se lidmaatskap" terwyl in die kerklike jeugaksies se grondreëls die begrip *lidmaatskap* selfs nie meer funksioneer nie, maar dit slegs gaan om betrokke te wees by en in te skakel op grond van die feit dat hulle doop- en belydende lidmate van die gemeente is.

By die Sinode van 1974 het die Kerkjeugaksie in sy nuwe struktuur dan ook beslag gekry. Veral is gepoog om uitdrukking te gee aan die twee groot beginsels van die jeugbeleid te wete kontinuïteit en koördinasie. Bygaande skema illustreer enigsins die koördinasie tussen kategese en jeugaksie sowel as die vertikale kontinuïteit tussen die kategeseafdelings sowel as tussen die drie afdelings van die Kerkjeugaksie te wete die Junior, Senior en Belydende Kerkjeugaksies.

Toe die Sinode hierdie struktuur goedgekeur het, moes daar noodwendig 'n besluit volg oor die bestaande kindervereniging te wete die Kindersendingkrans. Die Sinode het aanvaar dat daar nie 'n kleuterafdeling van die jeugaksie sal bestaan nie en "dat die uitvoering van sy jeugbeleid met betrekking tot die junior kerkjeug so sal geskied dat die voortbestaan van die Kindersendingkrans as sendingdiens en kweekplek van sendingbelangstelling onder dooplidmate nie in gedrang sal kom nie".[101]

Na jare van onderhandeling, aanvanklik tussen die Algemene Jeugkommissie en die Algemene Sendingkommissie en later op sinodale vlak tussen die Sinodale Jeugkommissies, Sendingkommissies en die Hoofbesture van die Kindersendingkrans is 'n bevredigende oplossing gevind en bestaan die Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksie nou in alle Sinodes en het die Algemene Komitee van die Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksie reeds in 1979 te Kempton Park gekonstitueer.


Die Senior Kerkjeugaksie bestaan ook in alle Sinodes en die Algemene



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Komitee het ook in 1979 te Kempton Park gekonstitueer en 'n eerste Algemene Konferensie is in Julie 1980 te Bloemfontein gehou.

**SKEMATIESE VOORSTELLING VAN VERSKILLENDE AFDELINGS VAN DIE JEUGAKSIE**






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die bestaande Senior Kerkjeugvereniging het op gebiedsvlak oorgeskakel na Belydende Kerkjeugaksie en toe hierdie oorskakeling afgehandel was, is die eerste Algemene Konferensie van die Belydende Kerkjeugaksie einde September 1977 in Port Elizabeth gehou.

By die Algemene Sinode van 1974 het ook 'n aanbeveling van die Algemene Jeugkommissie gedien in verband met die invoeging van 'n nuwe artikel in die kerkorde waarin die arbeid van die kerk ten opsigte van sy jeug omskryf word — soos die geval is met betrekking tot byvoorbeeld sending, evangelisasie en diens van barmhartigheid. Hierdie bewoording is na die Tydelike Regskommissie verwys, maar het nie weer voor die Sinode gedien nie. Sedertdien het die Sinode ook nog nie weer daaroor besin nie. Die bewoording wat deur die Algemene Jeugkommissie as leidraad vir die Regskommissie aanbeveel is, kom neer op 'n kort samevatting van die jeugbeleid.[102]

### 3.1.2 HUIDIGE OMVANG EN PRAKTYK

#### 3.1.2.1 Kategese

Die ontwikkeling in die kategese sedert 1966 was fenomenaal. Gedurende laasgenoemde jaar het daar ook 'n deeglike verslag van die Algemene Sondagskoolkommissie voor die Algemene Sinode gedien. Na die totstandkoming van die een Algemene jeugkommissie is dadelik aan die werk gespring om ook die besluite van die Sinode op grond van bogenoemde verslag uit te voer. By al die Sinodes sedertdien het groot dinge gebeur. Opdragte is gegee vir 'n nuwe leerplan en nuwe hand- en leerboeke (1970), besluite is geneem ten opsigte van eenvormige hantering van belydenisaflegging (1974); terme is gewysig — so byvoorbeeld het die Algemene Sinode in 1970 reeds besluit op 'n wisselterm kategese of Sondagskool[103] en in 1978 bevestig dat die naam vir die amptelike onderrig kategese is.

Die huidige opset van die kategese lyk soos volg:

| Afdelings van die kategese | Leer-, hand- en werkboeke |
|---|---|
| 1. Die kleuterafdeling (4 — 5 jaar oud) | *Ook die klein kindertjies* Deel 1 en 2 |
| 2. Die junior afdeling (6 — 11 jaar oud) | |
| * Die kleiner kinders (6 — 8 jaar oud) | *Onderrig uit die Woord* 1 — 3 vir die kategete en *My Bybelles* 1 — 3 vir die kinders. |
| * Die groter kinders (9 — 11 jaar oud) | *Onderrig uit die Woord* 4 — 6 en *My Werkboekie* vir die kinders |
| 3. Die senior kategese (12 — 15 jaar oud) | *Leer uit die Woord* 1 — 4 met 'n lesgids vir elke boek. |
| 4. Die belydenisklas (16 jaar en ouer) | 'n Nuwe boek 5 het einde 1981 verskyn |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die kategese strek dus oor 'n tyd van tien jaar (die kleuterkategese uitgesluit) met belydenisaflegging normaalweg aan die begin van die laaste jaar op skool dit wil sê op ± 17 — 18 jarige ouderom.[104]

Die huidige praktyk behels en veronderstel ook 'n deeglike en doelgerigte kategete-opleiding in die plaaslike gemeente. Die Bybelkorkursus *Bekwaam om te Leer*, is in samewerking met die Algemene Jeugkommissie opgestel en word vir die doel van die kategete-opleiding gebruik.

Die doel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met sy kategese is om die gedoopte lidmate "voor te berei en te lei tot 'n verantwoordelike lewe in die wêreld as mondige lede van Christus se kerk en die openbare belydenis daarvan sodat die eer van God gehandhaaf kan word".[105] Die huidige praktyk van hierdie onderrig, voorbereiding en begeleiding maak al meer voorsiening ook vir die eis tot en die toetsing van die inskakeling van die dooplidmaat by die Junior en Senior Kerkjeugaksies as 'n oefenplek vir dit wat in die kategese geleer is. Dit gaan hier inderdaad om onderrig tot ware *kennis, liefde* en *diens* van God. Die kerk maak reeds voorsiening vir 'n "evalueringspunt vir deelname aan die bedrywighede van die aksies" op die registerkaarte.[106] Ook by die finale toetsing met die oog op aflegging van geloofsbelydenis speel hierdie praktiese bewyse van erns en inskakeling by die gemeentelike jeugaksies 'n rol.[107] Dit gaan immers ook om 'n toetsing van bereidheid tot diens in die kerk en deur die kerk in hierdie wêreld. Viljoen sê tereg dat dit by belydenisaflegging ook gaan om hierdie belydende karakter van die kerk.[108]

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk trag met alles in sy vermoë om uitdrukking te gee aan artikel 50 van die kerkorde te wete: "Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat tot die gemeenskap van die Kerk wil toetree, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die Kerk toetree, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde".[109]

By die Algemene Sinode van 1978 is gerapporteer dat daar ongeveer 287,635 dooplidmate by die kategese betrokke is en dat jaarliks ongeveer 29,500 belydenis van geloof aflê.[110]

3.1.2.2 Jeugarbeid deur middel van die kerkjeugaksies

Die huidige opset en omvang van bogenoemde kom op die volgende neer:

★ 1 *Die Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksie* bestaan in al elf Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Slegs in Natal word die naam Junior Kerkjeugaksie gebruik. Die leuse van die aksie is: Vir Christus en sy Koninkryk. Die Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksie het 'n leidinggewende komitee op gemeente, ring, sinodale en algemeen sinodale vlak. In hierdie komitees dien nie slegs 'n lid van die betrokke jeugkommissie nie, maar ook van die betrokke sendingkommissie.[111]

Die doel van hierdie afdeling van die Kerkjeugaksie is "om die kinders van die kleuter- en junior kategesegroep



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

* te lei tot praktiese uitlewing van die Bybelse beginsels in noue aansluiting by en ter aanvulling van die kategetiese onderrig van die kerk
* hulle belangstelling, liefde en meelewing in die werk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die algemeen en in die besonder vir die sendingwerk op te bou, sodat sendingbelangstelling steeds gekweek en sendingdiens gelewer word[112]
* hulle sover moontlik en toepaslik in te skakel by en vertroud te maak met die sending-, evangelisasie, diens van barmhartigheid-, jeug en ander werksaamhede van die kerk onder andere deur gebed, kennis, wedersydse kontak, praktiese diens en gawes.''[113]

Wat gerigtheid en inskakeling betref, gaan dit in hierdie afdeling om die junior dooplidmate wat ''kragtens hul verbondenheid aan die gemeente by die kerk se jeugaksie betrokke *is* en aktief daarby behoort in te skakel. Die aksie is ook gerig op kinders van buitekerklikes en ander gesindes''.[114]

★2 Senior Kerkjeugaksie

Ook hierdie afdeling funksioneer reeds in al die Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 'n Eerste algemene konferensie waar 831 dooplidmate, 160 leraars en 201 volwasse raadgewers teenwoordig was, is reeds in Julie 1980 in Bloemfontein gehou.[115]

Die leuse van die aksie is dieselfde as dié van die Belydende Kerkjeugaksie, te wete: In alles vir Christus en sy Kerk.

Die doel van die aksie word in grondreël 4 soos volg omskryf: ''As deel van die bediening van die Kerk aan die jeug in die algemeen en van die een gekoördineerde kerkjeugaksie in besonder, stel die Senior Kerkjeugaksie hom ten doel om die senior kategesegroep, in noue aansluiting by die kategese, te lei tot:

* Skrifgetroue volgelinge van die Here Jesus Christus en lewende lidmate van sy Kerk
* Vrymoedige getuies van die Here Jesus Christus
* Getroue gebruik van die genademiddels: die Woord en die Sakramente
* Getroue Bybelstudie en 'n toegewyde gebedslewe
* Getroue en hartlike steun aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk as sigbare openbaring van die liggaam van Christus en regmatige aandeel in al die geleenthede en werksaamhede van die gemeente
* Voortsetting van die studie van die belydenisskrifte en leer van die Kerk''.[116]

Wat gerigtheid en inskakeling betref, gaan dit hier om die senior dooplidmate van die gemeente. ''Die aksie is ook gerig op kinders van buitekerklikes sowel as kinders van andergesindes.''[117]

Ook hierdie afdeling het 'n leidinggewende komitee op gemeente, ring,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

sinodale en algemeen sinodale vlak. Wat die gemeentelike funksionering van hierdie afdeling betref, is die gebruikmaking van volwasse raadgewers, aangestel deur die kerkraad, van groot belang. Hierdie persoon (man of dame) speel saam met die plaaslike leraar 'n belangrik rol in die effektiewe funksionering van hierdie aksie.

Aangesien daar tans nie gegewens aangaande inskakeling in algemeen sinodale verband bestaan nie, word hier vir die aanduidende waarde daarvan gemeld dat in 1979 binne die Sinode van Noord-Transvaal ongeveer 50% van die senior dooplidmate van tyd tot tyd by die Senior Kerkjeugaksie ingeskakel het.[118]

★3 Die Belydende Kerkjeugaksie

Soos reeds vermeld, het die Senior Kerkjeugvereniging ontwikkel tot en oorgegaan in die Belydende Kerkjeugaksie. Hierdie aksie funksioneer in al die Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die nuutste statistiek toon dat ongeveer 40,000 jong belydende lidmate by hierdie aksie ingeskakel is. Dit is ongeveer 25% van die totale aantal van die jong belydende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die aksie is in 795 gemeentes van die kerk georganiseer.[119]

Hierdie aksie funksioneer ook op die kampusse van alle Afrikaanse Universiteite en Onderwyskolleges in Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal. Op die kampusse binne die Kaapprovinsie funksioneer tans nog die Afrikaanse Christen-Studentevereniging. Die aksie funksioneer ook binne die opset van die Suid-Afrikaanse Weermag en op die kampus van die Suid-Afrikaanse Polisiekollege.

Die doel van hierdie afdeling van die Kerkjeugaksie stem woordeliks ooreen met dié van die senior afdeling.

Die Aksie "is gerig op alle jong belydende lidmate tot ongeveer 25-jarige ouderdom, naskoolse dooplidmate en alle buitekerklike naskoolse jeug — ongetroud of getroud. Wanneer plaaslike omstandighede dit vereis, is die Belydende Kerkjeugaksie uiteraard ook gerig op jongmense bo 25 jaar".[120]

Die jong belydende lidmate is kragtens hul lidmaatskap van die gemeente betrokke by die Belydende Kerkjeugaksie en behoort om dié rede aktief daarby in te skakel.[121]

Ook hierdie afdeling het leidinggewende komitees op gemeente, ring, sinodale en algemeen sinodale vlak. Die jeug neem uiteraard in hierdie afdeling meer selfstandig leiding as byvoorbeeld in die junior afdeling waar die leiding grootliks in die hande van volwassenes is. Die leraar en 'n verteenwoordiger van die kerkraad dien ampshalwe in die gemeentekomitee van die Belydende Kerkjeugaksie.

Die Belydende en die Senior Afdeling van die Kerkjeugaksie funksioneer albei deur middel van diensgroepe vir die verskillende diensterreine van die kerk. So is daar tans die volgende diensgroepe:

* Jeugarbeid en Evangelisasie
* Sending



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

* Diens van Barmhartigheid
* Leer en Aktuele Sake
* Kultuur en Ontspanning.[122]

Samevattend kan verklaar word dat die drie afdelings van die Kerkjeugaksie 'n onmisbare skakel in die gekoördineerde en gekontinueerde jeugbediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geword het. Só word die beginsel van integrasie tussen kategese en kerkjeugaksie steeds meer verwesenlik en só word die jeugbediening 'n deurlopende werksprogram waarvan die onderdele en die geheel doelbewus meewerk tot die verwesenliking van die een einddoel "om die jeug te lei tot volwaardige lidmate van die gemeente van Christus".[123]

3.1.2.3 Kampe

'n Groot deel van die jeugarbeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geskied deur middel van kampaksies. Hierdie bediening het reeds in 1948 'n aanvang geneem toe die eerste kerkjeugkamp in Transvaal gehou is. Daarna het die ander Sinodes gou gevolg. Kaapland begin later in dieselfde jaar, Suidwes-Afrika in 1952, Natal 1953 en die Oranje-Vrystaat in 1954.[124] In 1966 was daar reeds 50 kampterreine wat ongeveer 5 000 jongmense kon huisves en ongeveer 3 200 jongmense (toe nog meesal naskoolse jeug) het per jaar 'n kerklike jeugkamp bygewoon.[125] Sedertdien het hierdie bediening sodanig uitgebrei dat dit 'n omvattende selfstandige studie regverdig. 'n Verskeidenheid van kampe word deur gemeentes, ringe en sinodes onderneem. So byvoorbeeld is daar bestaande kampe vir:

* klein kinders — graad 1 tot standerd 1/2
* Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksiekampe (± standerd 2/3 — 5)
* skoolverwisselingskampe vir kinders wat na die hoërskool gaan — óf aan die einde van standerd 5 of begin standerd 6
* belydenisklaskampe
* senior kategesekampe (standerd 5/6 — standerd 9/10)
* skoolverlaterskampe vir leerlinge in hul laaste skooljaar
* Senior Kerkjeugaksiekampe
* vakansiekampe vir minderbevoorregte kinders — geborg deur 'n koerant of kerkraad en met 'n godsdienstige inslag
* avontuurkampe met 'n godsdienstige stempel vir Senior dooplidmate — dit sluit ook staptoere en ander toere in
* Belydende Kerkjeugaksiekampe
* sendingwerkerskampe
* dienswerkkampe met die oog op geestelike werk by binnelandse en ander vakansieoorde
* geestelike naweekkonferensies.[126]

In 1978 is reeds gerapporteer dat ongeveer 17 000 jongmense per jaar een of ander kerklike jeugkamp bywoon.[127] Hierdie syfer is veel hoër aangesien syfers vir die dooplidmate wat kampe bygewoon het, nog nie beskikbaar is nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Bogenoemde kampe is almal deel van die jeugbediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Handleidings en riglyne vir die meeste van bogenoemde kampe is by die sinodale jeugkantore beskikbaar en langs baie weë word leraars, kerkrade en jeugaksiekomitees gelei tot 'n doelgerigte kampbediening — 'n doel wat altyd weer verband hou met dié van die kategese en/of Kerkjeugaksie. Voortdurende besinning oor 'n meer effektiewe kampbediening is voortdurend aan die gang. Die verslag waarna reeds hierbo verwys is, was juis die gevolg van 'n studieopdrag insake kinderkampe. Die predikante in sinodale diens het ook nog 'n opdrag om leiding te gee oor effektiewe kampterreinbeplanning met die oog op die mees effektiewe bereiking en toerusting van die jeug tydens kampe.[128]

3.1.2.4 Kursusse

Die eerste jeugleierskursus wat in Suid-Afrika gehou is, is waarskynlik deur die kerk aangebied. Die naskoolse afdeling van die Sinodale Jeugkommissie van Transvaal het in 1950 vir die eerste keer so 'n kursus aangebied.[129] Hierdie stuk jeugarbeid het intussen gegroei tot 'n normale deel van die jeugbediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Minstens die volgende kursusse word jaarliks (soms 2 maal per jaar) deur Ringe en veral deur die Sinodale Jeugkantore aangebied:

* Standaardkursus vir leiers van die Belydende Kerkjeugaksie
* naweekkonferensies vir Kerkraadsjeugkommissies
* kursusse vir raadgewers en ander personeel van Skoolverlaterskampe
* gevorderde kursusse vir jeugleiers wat reeds meer basiese kursusse deurloop het
* n honneurskursus in jeugwerk aangebied deur die Hugenote-Kollege, Wellington. Hierdie kursus is veral bedoel vir voltydse jeugwerkers
* 'n opleidingskursus, aangebied deur die Algemene Jeugkommissie vir voltydse, deeltydse en vrywillige jeugwerkers.

Die toerustingskursus in persoonlike werk, dienswerk- en Bybelstudiemetodiek, wat tydens die Jeug-tot-Jeugaksie in 1974 ontwikkel is, word ook nog dikwels vir die jeug aangebied. Gedurende 1974 het 23 000 kinders en jongmense hierdie kursus deurloop[130] en sedertdien is hierdie kursus aan nog ongeveer 40 000 persone aangebied — hoewel nie uitsluitlik of hoofsaaklik vir die kerkjeug nie. Volwasse lidmate maak ook na 1974 baie van die kursus gebruik.

Aan die Algemene Sinode is in 1978 gerapporteer dat ongeveer 1 200 jong belydende lidmate een of ander kursus deurloop het.[131]

3.1.2.5 Jeugwerkers en jeugleiers

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskik op die oomblik oor 'n hele aantal *voltydse jeugwerkers* in gemeentes of ringe met groot getalle jongmense. 'n Groter aantal deeltydse jeugwerkers word gebruik in gemeentes met byvoorbeeld 'n groot aantal dameskoshuise soos in studentegemeentes. Hierdie persone (gewoonlik dames) staan voltyds in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n beroep, maar doen op 'n deeltydse basis en teen vergoeding besoekwerk of help met die organisering van die jeugwerk in gemeentes.

'n Projek vir vrywillige jeugwerkers is reeds deur die Algemene Jeugkommissie in 1979 goedgekeur. Volgens hierdie beplanning gaan Christen-jongmense geleentheid gebied word om 'n jaar of ses maande van hulle lewe vrywillig aan jeugwerk in een of ander gemeente te wy. Die Algemene Jeugkommissie voorsien die toerusting van hierdie jongmense, verkry die nodige gemeentes wat van sulke hulp gebruik wil maak en lê die nodige band tussen die jeugwerker en die gemeente. Sulke werkers ontvang 'n klein maandelikse toelaag, terwyl die gemeente sorg vir die vervoer en losies.[132]

Die gebruikmaking van voltydse, deeltydse en vrywillige jeugwerkers is besig om te groei. Leraars en kerkrade begryp al meer die waarde van sulke werkers en die gedagte word ook al meer aanvaarbaar by kerkrade en gemeentes wat vroeër sekere weerstande daarteen gehad het.

3.1.2.6 Studentebearbeiding

Hierdie afdeling van die jeugbediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1928 begin toe dr. F. D. Moorrees deur die Transvaalse Sinode aangestel is om die studente in Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Heidelberg, Bloemfontein en Pietermaritzburg te bearbei.[133] In 1965 was daar reeds 10 studenteleraars in die land. Tans is daar 36 studenteleraars, verbonde aan 21 gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die getal studentelidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat deur hierdie leraars bedien word, is ongeveer 21 500.[134] Studentebearbeiding het ontwikkel in gespesialiseerde bediening en is seer seker 'n faset van die jeugbediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk waarvoor die Here opreg gedank moet word en waarop die kerk nederig trots kan wees.

'n Jaarlikse studenteleraarskonferensie word deur die Algemene Jeugkommissie aangebied. Hierdie konferensie het ontwikkel tot 'n besinningsplek oor al die verskillende fasette van studentebediening.

'n Tweejaarlikse konferensie vir kerklike jeugleiers op die kampusse (gewoonlik voorsitters, sekretaresses, leiers van diensgroepe) word ook deur die Algemene Jeugkommissie aangebied. Hier het Christenstudenteleiers 'n geleentheid om mekaar te leer ken en met mekaar te besin oor die beste wyses waarop die kerk sy roeping in en op die kampus kan vervul. Soos reeds vermeld, funksioneer die Kerkjeugaksie op die nege kampusse in Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal.

3.1.2.7 Kapelanediens

Beide die kapelaankorpse van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Suid-Afrikaanse Polisie werk met baie jongmanne. *Volgens syfers van die kantoor van die Kapelaan-generaal van die Weermag* is daar jaarliks ongeveer 30 000 dienspligtiges wat tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort. Hierby kom nog die duisendes wat kampe vir die Weermag moet doen. In totaal is daar 67 voltydse kapelane van die Neder-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

duitse Gereformeerde Kerk in die Weermag wat in meerdere of mindere mate met jeugarbeid besig is. Die Suid-Afrikaanse Weermag probeer inderdaad om dikwels onder moeilike omstandighede, die kerkjeug toe te rus en te begelei deur hulle tyd van diensplig. Die Belydende Kerkjeugaksie funksioneer ook binne die Suid-Afrikaanse Weermag, maar volgens die getuienis van kapelane nie met genoegsame sukses nie.

By die Suid-Afrikaanse Polisiekollege is twee kapelane voltyds afgesonder om deur middel van die prediking, herderlike sorg en spreekkamerwerk die kerkjeug te bedien. *Volgens die Hoof-kapelaan van die Suid-Afrikaanse Polisie* gaan daar jaarliks ongeveer 900 jong belydende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur die kollege. Die totale Nederduitse Gereformeerde kapelanekorps van die Polisie tel 17 en almal van hulle doen ook in 'n meerdere of mindere mate jeugwerk.

3.1.2.8 Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk onderneem op direkte wyse Spoorwegbearbeiding sedert die Sinode van 1897. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het in totaal 37 personeelwonings met ongeveer 5 400 inwoners in Suid-Afrika.[135] Hierdie personeelwonings huisves hoofsaaklik jongmense. By die Spoorwegkollege te Esselenpark is 'n voltydse leraar verantwoordelik vir die bediening aan die jongmanne in ambagsopleiding. Hierdie bediening bly van die moeilikste en daar gebeur waarskynlik nie veel in terme van direkte en effektiewe jeugarbeid nie.

## 3.2 DIE WESE VAN KERKLIKE JEUGARBEID

### 3.2.1 TRADISIONELE BESKOUING

Die onderskeiding wat Kemp ten opsigte van die kerklike bearbeiding van die jeug maak, te wete ampsdiens, kategese en jeugwerk is eg tradisioneel. By so 'n onderskeiding word gewoonlik onder ampsdiens verstaan die prediking, sakramentsbediening, pastorale sorg, ens. Die *kategese* word nóú aan ampsdiens gekoppel, maar word afsonderlik genoem. *Jeugwerk* is dan om soos Kemp sê "die naam "Jeugwerk" te reserveer vir die georganiseerde vorme van jeugbearbeiding wat nie ampsdiens of kategese is nie".[136]

Hierdie onderskeiding het 'n geskiedenis in die gereformeerde wêreld. Die term *jeugwerk* of "youth ministry" het sy ontstaan na die industriële revolusie. "Before that time the church was a family organization with few activities designed for exclusive age groupings."[137] In die negentiende eeu het die groot jeugorganisasies wat ontstaan het soos die Young Men's Christian Association (1844 Londen, 1851 VSA en Kanada en 1853 Nederland) die karakter van *versorging van die jeug* gedra.[138] In die twintigste eeu het op verskeie plekke "jeugdbewegingswerk" ontstaan. "Hier zien we iets van het spontane vanuit de jeugd opkomende werk, waaraan de reactie tegen de bestaande ouderenmaatschappij niet vreemd is."[139]

Sonder om hier op die historiese ontwikkeling van jeugwerk in Nederland



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

in te gaan,[140] is dit genoeg om hier te meld dat jeugwerk in Nederland en tot 'n groot mate ook in Duitsland en die Verenigde State van Amerika ontwikkel het in 'n sekere kerklike bemoeienis met die jeug en 'n òf losstaande òf 'n sterk geassosieerde jeugbeweging of vereniging. Laasgenoemde dra gewoonlik die naam van "georganiseerde jeugwerk".[141] In die Gereformeerde Kerk in Nederland is daar lank onderskei tussen die "gereformeerde jeugdvormingswerk" en "gereformeerde jeugdzorgwerk". Onder eersgenoemde is dan verstaan die sogenaamde "vrije jeugdwerk" of "vrije jeugdvorming". Hierdie werk val uiteen in twee dele te wete die deel waar gedoopte en ander jong lidmate vrywillig byeenkom en die verantwoordelikheid deur die jeug self gedra word. Die Nederlandse Gereformeerde Jeugdraad is die orgaan waaronder hierdie Bonde of Clubs staan. 'n Tweede vlak van hierdie werk het 'n sterk "evangelisatorische strekking" en het gestaan onder die "stichting Evangelisch Herstel en Opbou".

Jeugsorgwerk is van bogenoemde te onderskei daarin dat dit gerig is op jeug uit "zwak-maatschappelijke en onmaatschappelijke milieus". Dit word ook genoem "bijzonder jeugdwerk of clubhuiswerk".[142]

Dijk handhaaf ook die onderskeiding tussen kategese en "de vrije jeugdvorming" skerp. Laasgenoemde organisasies bedoel ook wel om ten behoewe van die kerk te werk, maar hulle werk is "toch *niet* kerkelijk". Volgens hom "moeten we de grens scherp zien tussen de Catechese én *het religieuze jeugdwerk in kerkverband".*[143]

Bogenoemde aanduidinge wil nie sê dat die kerk nie self ook sy verantwoordelikheid teenoor die jeug besef het nie. Schambardt vermeld hierdie verantwoordelikheid wanneer hy skryf oor die sogenaamde georganiseerde jeugwerk deur middel van jeugverenigings: "Lange jaren is dit werk in feite buiten de kerk om geschied; het is daarom goed om hier uitdrukkelijk vas te stellen, dat het zonder enige twijfel tot taak van de gemeente behoort om dit werk te stimuleren en waar mogelijk te helpen".[144] Hy vermeld die "jonge lidmatenwerk" van die kerk en stel dit dat hierdie werk en ook alle ander vlakke van jeugwerk "ondenkbaar is zonder de achtergrond van een levende gemeente".[145] Op grond van die Kerkorde, ordinansie 5, artikel 1 stel hy dit dan dat "de kerk heeft dus een heel directe verantwoordelijkheid voor de jeugd, die gedeeld wordt met de ouders en die zich zal moeten realiseren in bijzondere zorg en aandacht voor de jeugd en hulp bij het werk onder de jeugd, opdat de jeugd niet valle uit de geslachtenreeks, maar door het Evangelie leve".[146]

Hierdie besondere sorg, aandag en hulp het vir sover dit georganiseerde jeugwerk betref, in die Gereformeerde Kerk in Nederland nie veel verder as plaaslike ondersteuning van en samewerking met die betrokke jeugvereniging gekom nie. Borger bespreek hierdie verhouding "kerk en jeugdwerk" in die boek van Heitink en Hogenhuis en stel dit nog (in 1978/79) dat "Kerk en jeugdwerk (georganiseerd) zijn beide autonoom. Kerk en jeugdwerk hebben te onderscheiden taken, derhalve eigen instituties".[147] "Jeugd en jongerenpastoraat" word wel as gemeentetaak gehandhaaf: "het jeugd- en jongerenpastoraat moet beoefend worden *in*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*het midden der gemeente*''.[148] Volgens 'n persoonlike mededeling van ds. Hogenhuis, voltydse funksionaris van die Gereformeerde Kerk in Nederland vir Jeugd en jongerenpastoraat het die kloof tussen die kerk en die georganiseerde jeugwerk gegroei omdat die kerk nie die ontwikkeling in laasgenoemde kon beheer nie en nie altyd saamstem met die ontwikkelingsgang nie. Aan die ander kant het 'n voltydse personeellid van die Landelijke Centrum voor Gereformeerd Jeugdwerk (mnr. Prins, jeugwerkadviseur, Groningen) by geleentheid in 'n onderhoud aan die skrywer hiervan gesê dat hy die inskakeling van die georganiseerde jeugwerk ook teenstaan — hoewel hy skakeling en samewerking baie hoog ag. Sy rede vir bogenoemde standpunt is ''omdat die sinode so verdeel is en die saak kan dalk skade ly wanneer die kerk oorneem''.[149]

Die situasies in Duitsland, Engeland en die Verenigde State het nie direk soveel invloed op die tradisionele siening hier ter lande uitgeoefen soos dié in die Gereformeerde Kerk in Nederland nie.[150] Tog is die situasie in die lande baie dieselfde. Daar is voorbeelde van sterk kerklike verantwoordelikheid, maar meesal was die jeugwerk deur verenigings gedoen. Wat die Verenigde State betref, stel Corbett en Johnson dit dat ''large youth organizations emerged as the predominant form of this early youth ministry ... these large organizations encompassed all of the youth activities of the church and developed into highly structured national bodies. In many ways they became a youth church, reaching their zenith in the 1940's and early 1950's''. Die jeugrevolusie van die sestigerjare het hierdie organisasies onder 'n vraagteken geplaas. Saam met die kerk as instituut is hul deur die jeug geweeg en te lig bevind. Die volwassenes wou egter ten alle koste hulle institute handhaaf en het voortgegaan ''to sponsor adult-dominated youth organizations, or to force unquestioned doctrine on apathetic youth, or to abdicate to entertainment and recreation programs that will 'keep youth in the church' ''.[151]

So was dit ook in Duitsland die geval dat die vereniging die ''primêre struktuur'' was en dat laasgenoemde eerder as die kerk die ware ideaalbeeld van die Koninkryk van God vertoon.[152]

'n Groot stuk motivering vir hierdie wyse van dink en doen, was verseker die beklemtoning van die vrywilligheidsgedagte en beginsels soos selfwerksaamheid en persoonlike verantwoordelikheidsaanvaarding. ''Die Christenjeug moet *saam*werk en *saam*stry.''[153] Voorts mag die groot klem op vorming en opvoeding van die jeug ook nie gering geskat word nie. In alle jeugwerk het hierdie motief 'n groot rol gespeel. Die jeugbewegings met sy verset teen hierdie volwasse betrokkenheid is in 'n sekere sin 'n reaksie teen die sterk pedagogiese karakter van baie jeugorganisasies met sterk, volwasse leiding.[154]

So het daar in die loop van tyd verskeie faktore meegewerk tot 'n ongedefinieerde en ongeregverdigde onderskeiding tussen die verantwoordelikheid teenoor die jeug ten opsigte van ampsbediening en kategese en die sogenaamde ''georganiseerde jeugwerk''. Ook Kemp kom nie heeltemal van hierdie probleem los nie wanneer hy aan die een kant sê dat ''kerklike jeugwerk lê dus, om mee te begin, binne die taakveld van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die besondere ampte" en tog "kerklike jeugwerk is nie net die verantwoordelikheid van die kerklike ampte nie. Ook die gelowige het kragtens sy amp hierin 'n roeping" en aan die ander kant "dit lyk my beter om die naam 'jeugwerk' te reserveer vir die georganiseerde vorme van jeugbearbeiding wat nie ampsdiens of kategese is nie. So gesien is studentebearbeiding, verpleegsterbearbeiding, bearbeiding van groepe jongmans in militêre en polisiekolleges, ens., vorme van jeugwerk. Weliswaar behels dit 'n belangrike element van ampsdiens en word daar ook kategetiese arbeid verrig, maar die bearbeiding is nie beperk tot die gewone kerklike ampsdiens nie".[155]

Daar is geen steekhoudende argument vir die tradisionele handhawing van hierdie "dichotomie" nie. Die jeug is nie ten dele die kerk se verantwoordelikheid nie, maar is volledig gemeenteverantwoordelikheid. Die wese van die verbond en God se bemoeienis met sy verbondsvolk maak 'n skeiding soos die tradisionele ongeregverdig. Jeugarbeid is gewoon deel van 'n omvattende gemeentebediening en omsluit veel meer as net die georganiseerde bemoeienis van een of ander organisasie wat in noue verband met die kerk die jeug organiseer. Karl Beyer is myns insiens heeltemal reg wanneer hy skryf dat jeugarbeid deel van gemeentearbeid is en geen grootheid op sy eie nie. Dit is deel van die geheel, en nie die geheel self nie. Hierdie geheel is die gemeente en in hierdie geheel het jeugarbeid 'n belangrike plek.[156] Jeugarbeid kan nie na die sogenaamde vryetyd van die kind en die jongmens verskuif word nie. Jeugarbeid is eerder die kerk se omvattende verantwoordelikheid teenoor die jeug (kind en jongmens). Roman Bleistein se term "jeugpastoraat" (Jugendpastoral) is ook nie genoegsaam dekkend nie en beklemtoon slegs 'n deel van die kerk se verantwoordelikheid. Bleistein self sien egter die term as omvattend vir die godsdiensonderrig in die skool, die kategese en die kerklike jeugarbeid in die vrye tyd van die jeug.[157] Op grond van die Bybelse beskouing van die verbond, die kind en die gemeente[158] word minstens die volgende konsekwensies duidelik:[159]

* Die kerk mag nooit die kind los van die godsdiens van die volwassene bedink nie. Mense word nie op 'n sekere ouderdom deel van die bemoeienis van God deur sy kerk nie. Kinders en jongmense is vanweë hul deel hê aan die verbond en vanweë hul inlywing in die gemeente deur die doop wesenlik deel van die gemeente.

* Dit beteken meteen dat die jeug nie 'n losstaande groep mense in die gemeente is nie. Hoewel eiesoortig, is hulle nie apart nie. Die verbond en die wese van die gemeente maak dit onmoontlik. Hoewel die jeug dus vanweë hul eiesoortige leeftydsbehoeftes spesifieke aandag nodig het en moet kry, moet hulle steeds as 'n wesenlike deel van die gemeente benader en bedien word.

* Dit beteken egter ook dat die jeug nêrens in die gemeente oor die hoof gesien of geïgnoreer mag word nie. Die gemeente is nie (slegs) die volwassenes nie — net so min as wat dit (slegs) die jeug is. Die jeug moet in elke faset van die bediening in die gemeente bygedink word. En daar moet steeds met hulle rekening gehou word — in die eredienste,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

pastoraat en watter ander afdeling van die bediening ook al. Hulle is 'n wesenlike deel van die gemeente.

* Hierdie uitgangspunt maak die jeug tot *gemeenteverantwoordelikheid.* Die kind en die jongmens is nie maar 'n paar jeugliefhebbers se verantwoordelikheid nie. Hulle is kerkverantwoordelikheid. Hulle is die verantwoordelikheid van die verbondsouers, die kategete, die ouderlinge, diakens en die lidmate onderling — en hulle is die verantwoordelikheid van mekaar (as mede-jeug). In die Nederduitse Gereformeerde Kerk het dit gebruik geword om in die woorde van die tweede punt van die jeugbeleid te sê: "Die jeug is die besondere verantwoordelikheid van die kerk en hierdie verantwoordelikheid is *onvervreembaar* en *onoordraagbaar*".

Om die gemeentejeug bou die gemeente 'n muur van liefdevolle versorging en ondersteuning, van vorming tot Skrifgetroue volgelinge van Christus en verantwoordelike lidmate van die gemeente — waarvan hul wesenlik deel is.

Hierdie waarhede is reeds deur Bonhoeffer in sy agt teses oor die jeugarbeid van die kerk gestel. In tese 6 stel hy dit dat kerklike jeugarbeid alleen moontlik is op grond van die doop en met die enkelvoudige doel om die jeug die Woord te laat hoor. In tese 8 verwerp hy die bestaan van 'n kerklike jeugvereniging. Die jeugvereniging is nie die kerk nie en "diskrediteer" as sodanig reeds die saak van die kerk. Dit is 'n "noodhulp" en het as sodanig relatiewe waarde.[160] Beyer sê tereg dat waar dit in die praktyk om jeug *en* gemeente gaan, moet dit tot jeug *in die gemeente word.*[161] Elke kerk met 'n sterk verbondsbenadering en 'n Bybelse gemeentevisie kan nie anders as om te ontwikkel in die rigting van jeugarbeid as omvattende gemeentelike bediening nie. So gaan Sara Little vanuit Presbiteriaanse agtergrond ook uit van 'n grondstelling vir haar siening van "youth ministry" naamlik: "Youth who are members of the church are called to Christian dicipleship *now*, as people of God placed in the world for ministry; they are part of the ministering Body of Christ, within which they are supported and equipped for the fulfilling of their common calling".[162] Daar is reeds in paragraaf 2.5 verwys na die beskouing in die Lutherse kerk oor die jeug as wesenlike deel van die gemeente waarin hulle deur die doop ingelyf is.[163]

Wat is die wese van kerklike jeugarbeid dan?

### 3.2.2 'N OMVATTENDE GEMEENTELIKE BESKOUING

Kinders en jongmense het, eweneens alles wat wesenlik is aan die kerklike bediening, nodig, maar net nog meer toegespits vanweë hulle besondere lewensfases en lewensbehoeftes. Op hierdie gedifferensieerde toegespitste bediening word hieronder in 3.2.3 teruggekom. Hier gaan dit om 'n kort tipering van 'n omvattende gemeentelike jeugbediening.

★ 1 Firet is reg wanneer hy skryf dat dit in die bediening (wat hy "pastoraal optreden" noem) sentraal gaan "*niet (om) de aktiviteit van een mens, maar de daad van God, die via het intermediair van ambtelijke dienst in zijn woord tot mensen komt*".[164] Dit gaan dus in die bediening van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kerk om God wat in en deur sy Woord na sy gemeente kom — deur middel van die amptelike dienste wat Hy gegee het. Volgens Firet gaan dit in die Woord van God waardeur Hy tot sy gemeente kom om vier groot waarhede. Die Woord van God is:

* Die nabyheidsgestalte van die Here
* Die openbaring van die *NAAM*
* Die openbaring van die Waarheid
* Die realisering van die heil.[165]

In 'n Bybels-verantwoorde bediening aan die gemeente waarvan die jeug 'n wesenlike deel is, moet dit om bogenoemde gaan. Dit gaan om die bediening van die Woord waardeur God tot sy gemeente kom; naby aan hulle is met alles wat dit inhou, ook in terme van sy verbondsnabyheid; dat Hy handelend teenwoordig is in 'n gerigtheid "op de mens-in-zijn-geschiedenis";[166] dat Hy 'n God van waarheid is — wie se waarheid in sy "werkelijkheid" geken word; waardeur Hy die heil nie alleen gee nie, maar werklikheid maak.

Volgens Firet is daar primêr drie wyses of maniere (modi) waarop hierdie "kom van die Woord" in die bediening plaasvind. Hierdie drie wyses is egter al drie uitdrukkinge van die kern van die bediening te wete: "dat het (die pastorale optrede MN) martyria is — of liever: dienst in die martyria van Jezus".[167] Die drie terme waarop hy besluit, is volgens hom die kern van 'n " 'cluster' van termen, die begipsmatig bij elkaar behoren".[168] Die terme waarvoor hy kies en wat terdeë uitdrukking gee aan die wese van die bediening, is kerugma (verkondiging); didache (lering) en paraklese (vermaning, vertroosting).

★2 Kerugma (verkondiging)

Firet haal oorvloedige getuienis aan dat kerugma die proklamasie van 'n nuwe stand van sake is. Die kerugma maak die lewe heel — dit bring die heil in Christus Jesus. Bogenoemde word ook bevestig deur wat Friedrich oor hierdie woord skryf: "The kerugma is the mode in which the divine Logos comes to us".[169] In die kerugma kom die heil in Christus Jesus as't ware loodreg op die situasie van die mens hier en nou staan.

Hierdie kerugma nou, geskied in die gemeente — nie slegs ter wille van die gemeente nie — want dit is ook sending- en evangelisasie-kerugma. En tog veral in die gemeente "omdat het nooit eerder 'nu' geweest is, omdat de mens die het hoort nooit eerder deze mens geweest is en zijn situatie nooit eerder de situatie van het ogenblik. Heel het woord van God trekt in het kerugma zich samen op het unieke heden".[170]

Firet betoog later in sy boek dat die "samenkomen van de gemeente is de grondvorm van het funktioneren als het lichaam van Christus".[171] Hiermee bedoel hy hoofsaaklik dat in die byeenkom van gelowiges die Woord gebeur het nog voordat daar tegnies onderskei is oor wie presies wat sê en doen. Nog voor bepaalde vorme nog duidelik onderskei was, was daar maar een grondpatroon en die verskillende vorme is variante van die één patroon, hulle is "gedifferentieerde vormgewing van één



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

grondvorm''.[172] Vanuit hierdie grondvorm en gedifferensieerde vorme van die bediening kom hy dan daartoe om te konkludeer dat kerugma die wesenlike is van die prediking as een van hierdie gedifferensieerde vorme van die bediening. Die prediking is die tipiese beeld van die kerugma: ''de autoritatieve proclamatie, de actualisatie van het heil in het heden van spreken en horen, de afkondiging van de geldigheid van wat 'eenmaal' geschied is voor wie heden hoort''.[173]

Die kerugma deur die prediking roep die mens hier en nou tot 'n weg waarop hy in navolging van die Here Christus moet gaan.[174]

★3 Die didache

Firet verduidelik breedvoerig waarom hy as tweede modus van die ''kom van die Woord'' die term *didache* en nie *kategese* kies nie. Laasgenoemde is volgens hom nie in die Skrif 'n tegniese term vir hierdie werk van die kerk nie. Die woord self kom maar drie keer in die Nuwe Testament voor (by Paulus). Kategese het wel in die mond van die kerk tot tegniese term vir die leertaak ten opsigte van die dooplidmate ontwikkel. Hy verkies die woord didache omdat ''in dit woord klinkt — althans binnen de taalkring van het nieuwe testament — de dynamiek en de actualiteit van het geschieden van het woord sterker door dan in didaskalia''[175] (Laasgenoemde dui meer op die *inhoud* van die leer as op die wyse waarop die lering plaasvind). Die leertaak van die kerk is breër as net dit wat vandag onder kategese verstaan word. Lering vind ook in die prediking en pastoraat plaas, binne die erediens en in persoonlike gesprekke.

Wat Firet verder oor hierdie onderrig aangaande *die weg* van die gelowige skryf, is aangrypend. Dit gaan hoofsaaklik om wat Rengstorf ook noem die lering as navolging van Jesus Christus.[176] Die kerk is geroep om sy leer, wat die lewe van die kerk bepaal, deur te gee soos hy dit van dié Leraar ontvang het.[177] Didache is begeleiding op die weg agter Christus aan: dit is inleiding in die dissipellewe op grond van die doop as inlywing in die dissipelgemeenskap met Christus; dit ontvou die betekenis en die konsekwensies van die heil wat in Christus deur die kerugma ontvang is. Die didache rig hom daarom op die totaliteit van die lewe.[178] Firet vat dit so saam: ''Voor de modus van het kerygma, zo zagen wij, is typerend de direkte betrokkenheid van het woord dat verkondigd wordt op het heden; in het kerygma staat het heil loodrecht op de situatie van wie het 'heden' hoort. Bij de modus van de didache zou men eerder moeten denken aan een horizontale lijn: het heil dat verschijnt is een weg die wij moeten gaan, van dag tot dag, stap voor stap, door de verwikkelingen van het leven. God komt in Zijn Woord door het intermediair van het pastoraal optreden ook in de modus van de didache. De Meester roept: Volg Mij!''.[179]

Die onderskeidende vorm waarvan die didache de sentrale wesenstrek is, is die kategese. ''In de katechese geschiedt niet alleen het komen van God in zijn woord, die katechese is ook een aandachtig, systematisch bezig — zijn met dat woord.''[180]

Weer eens beklemtoon Firet tereg dat saam met die didache, ook die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kerugma en die paraklese tot die fundamentele struktuur van die kategese behoort.[181] Op hierdie onderlinge verbondenheid word later teruggekom. Dis genoeg om dit hier te noem. Hoewel kerugma en paraklese ook die kategese mede-bepaal, is die didache tog die sentrale modus van die kategese.

★4 Die paraklese

Firet skryf redelik uitvoerig oor die ander Bybelse begrippe wat verband hou met die vertroosting, opwek, aanspoor, versterking van die gelowiges òf deur die ampte òf onderling. Die Griekse woord parakalein word meermale vertaal met: smeek, aandring, vra. Ander woorde wat vir hierdie pastorale werksaamheid gebruik word, hou verband met parakalein.[182]

Firet konkludeer dat dit in die paraklese gaan om die modus "waarin God komt tot de mens in zijn contingente situatie van angst, leed, zonde, vertwijfeling, dwaling, ontoereikendheid. God komt tot die mens om hem uit de nood van zijn situatie te bevrijden tot het leven met de gemeente in het heil, dat in Christus is: getroost en moedig, in nieuwe gehoorsaamheid. God leidt hem daarbij naar zijn eigen plaats en maakt hem geschikt om zijn eigen opdracht te vervullen in het verband van het lichaam van Christus".[183]

Die paraklese soos hierbo gedefinieer, is die sentrale modus van die sielsorg of pastoraat as gedifferensieerde vorm van die bediening aan die gemeente. Dit beteken ook eweneens dat hierdie vorm, te wete die pastoraat, op die één grondvorm rus, te wete die byeengekome gemeente. Hier het, in die begin meer as tans, die onderlinge pastoraat 'n werklikheid geword. Ook vandag nog rus die pastoraat op die beginsel van die saamwees, bymekaar wees, deel van mekaar wees van die gemeente van Christus. Hierdie eenwees, is deel van die "ontferminge" van God en juis laasgenoemde is wat Firet noem die parakletiese formule soos dit in Rom. 12:1, 2 funksioneer.[184]

★5 Die interverweefdheid van kerugma, didache en paraklese

Dit is 'n groot deel van die verdienste van Firet se werk dat hy daarin geslaag het om nie net 'n werkbare begrippe-apparaat vir die praktiese teologie daar te stel nie,[185] maar om die interverweefdheid en interafhanklikheid van die gedifferensieerde vorme van die bediening aan te toon. So sê hy tereg ten opsigte van die kerugma en die prediking: "Naast de centrale modus van het kerygma — waarnaar de prediking a.h.w. 'getoonzet' is — is er in de prediking ook de *didache*, de op de continuïteit van het leven in het heil gerichte 'lering' . . . Dat de *paraklese* in de prediking thuis hoort, behoeft geen nader betoog. Dat de modus van de paraklese mede de struktuur van de prediking bepaalt, houd in dat ze *concreet* moet zijn".[186]

Na die verband kerugma en kategese (as vorm van die bediening waarvan die *didache* die sentrale modus is), is reeds verwys. Wat die verband didache en paraklese betref, skryf hy: "Dat de katechese in haar struktuur mede door de *paraklese* bepaald is, hangt samen met het feit,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat het komen van God in zijn woord een komen is in het concrete bestaan van de mens die het hoort. De mens, ook de jonge mens, is geen abstractum ... Door de didache leert hij de weg — maar hij kende die weg ook al en hij raakt die soms kwijt. Hij behoort tot de gemeente, hij is in het verbond, maar hij isoleert zich soms van de gemeenschap of voelt zich buitengesloten; hij hunkert soms naar de verbondenheid en ervaart dan weer het verband als belemmerend ... maar vooral in verband met de speciale problematiek van het jeugdig-zijn in een bepaalde tijd en cultuur, behoort de paraklese tot de katechese''.[187]

So weer in die bespreking van die paraklese as sentrale modus van die pastoraat, beklemtoon hy tereg dat die kerugma ook hier funksioneer. Volgens hom loop die paraklese hom dood in die situasie as die ''situatie niet doorsneden wordt door de andere werklikheid van het heil, van het Koninkrijk, van de vergeving die verkondigt word ... Het is wel waar, dat het kerygma, de veronderstelling van de paraklese, niet altijd de *stilzwijgende* veronderstelling kan zijn''.[188]

So ook is die didache medebepalend by die paraklese. Ook in laasgenoemde gaan dit nie net om die situasie hier en nou nie, ''maar meestal zal daarbij ook gedacht moeten worden aan het blijvende en durende. Altijd moet bedacht worden dat heel het leven navolging is en dat elke situatie doorleefd moet worden in het discipelschap. Daarom behoort de *didache* ook tot de zielzorg ... De grens tussen lering en zielzorg is in het algemeen vloeiend''.[189]

Bogenoemde redelik uitvoerige mededeling van die siening van Firet van 'n omvattende pastorale optrede of bediening kan hier afgesluit word met Firet se eie samevatting: ''Uit de grondvorm van het samenzijn epi to auto, en ekklesia (transkribeer MN) ontwikkelden zich de vormen van de prediking in de kerkdienst, de opzettelijke en min of meer systematische lering (de katechese), en de meer incidentele zielzorg. In al deze vormen vindt plaats het komen van God in zijn woord door de dienst van het pastoraal optreden. De grondvorm blijft hierin steeds bewaard, dat het samenzijn in elk van de vormen is een samenzijn in de gestalte van gemeente, die één lichaam is in Christus. De modi van het geschieden van het woord bepalen de struktuur van elk van de vormen, waarbij telkens een andere modus centraal is''[190] of soos hy op 'n ander plek sê: ''De differentiatie is hierin, dat in elke vorm een andere modus centraal is: in de prediking is dat het kerygma, in de zielzorg de paraklese''[191] en 'n mens kan in sy gedagtegang byvoeg: in die kategese is dit die didache.

★6 Daar is met bogenoemde in gedagte, geen enkele rede om te beweer dat dit nie net so ook vir die jeug in die gemeente geld nie. Jeugarbeid wat meer wil wees as bogenoemde of wat anders wil wees as bogenoemde omvattende gemeentelike bediening, is inderdaad soos Bonhoeffer gesê het ''verraad aan die gemeente van Christus''.[192]

Wel is dit waar dat daar 'n paar bykomende beklemtonings in kerklike jeugarbeid ter sprake kom. So byvoorbeeld is daar die sterk handhawing deur Gereformeerdes van die verbondstaak van die ouers. En dit ook



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tereg. Maar geen verbondsouer oefen hierdie taak "buite die gemeente om" uit nie. Wat Maria Harris geskryf het ten opsigte van "family ministries" is juis toenemend waar: "As society changes, adults need to deepen and reinterpret their religious understandings and belief practices, which means the education of adults is as important as that of children".[193] Dit gaan juis nie in jeugarbeid om 'n geringskatting van byvoorbeeld ouerlike verbondsopvoeding nie, maar dit gaan wel om begeleiding van ouers en kinders in 'n omvattende bediening sodat die gemeente weer as gemeente dienend in hierdie wêreld teenwoordig kan wees. Dit is aan die ander kant wel waar dat die tradisionele beskouing van jeugarbeid dikwels gegroei het uit en gevoed is deur gemeentes, ouers, kategete, leraars, ouderlinge en diakens wat nie daarin geslaag het om met die jeug in en as deel van die gemeente rekening te hou nie. Strommen, wat talle jeugondersoeke onder die Lutherse jeug onderneem het en wat as outoriteit in hierdie verband kan praat, meld byvoorbeeld hoe daar vir baie lank in die Lutherse kerk in die Verenigde State van Amerika 'n onpersoonlike benadering gevolg is. Dit weer was waarskynlik 'n reaksie teen 'n te persoonlike en intieme verhouding. Hierdie reaksie, sê Strommen, het daartoe gelei dat teen die 1860's (min of meer die tyd toe talle jeugorganisasies hulle ontstaan gehad het) daar 'n "formal, impersonal, intellectualized approach" teenoor die jeug was.[194] Hy is reg wanneer hy sê dat "attention to the unique religious characteristics and needs of youth did not flourish in such a milieu . . ." In 1908 nog het 'n jeugkomitee geskryf: "We look forward to the day when we have only the devil and not also our church fathers to fight".[195] Hierdie onvermoë van die kerk om die jeug as wesenlike deel van die gemeente te aanvaar en 'n sinvolle jeugbediening as deel van die gemeentebediening te hê, het meegebring dat kinders en jongmense die gemeente negatief evalueer en hulle "geestelike voedsel", hulle "erediens" elders soek. Hierdie punt raak die hele waarheid van identifikasie met die gemeente wat veral in die kategese van soveel belang is.[196]

Van der Ven en Berger het aangetoon dat:

* Na die mate waarin die Christelike geloof in terme van ontologiese denke en van 'n feodale bewussyn aangebied word, keer die jongmense hulle van die kerk af.
* Die houding van die jeug ten opsigte van die Christelike geloof is afhanklik van die mate waarin die geloof in terme van funksionele denke aangebied word.
* Die Christelike geloof het vir die jeug slegs betekenis vir sover dit 'n "expressieve en performatieve funktie vervult, d.w.z. hun leven tot uitdrukking brengt en verandert".[197]
* Die jeug ervaar die kerk meer as instituut eerder as gemeenskap.

Daar kan met reg beweer word dat jeugwerk in sy tradisionele vorme gevoed is nie net deur die industriële rewolusie en die gepaardgaande kultuurveranderinge nie, maar grootliks deur die onvermoë van volwassenes (ouers) en die kerke om ou tradisionele vorme en gedagtes aan te pas en die jeug sinvol te bedien in veranderde omstandighede. Wie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die boek van Louis Cassels lees (geskryf in 1973 toe die Jesus People-beweging op sy hoogtepunt was), kan nie anders as om bogenoemde te onderstreep nie. Hy het baie gedagtes oor hoe die kerk weer die jeug kan bereik, maar die onderstroom is sonder twyfel die "klag" dat die kerk die jeug deur koue eredienste, onbetrokkenheid en "phoniness" verloor het. Cassels meen dat sy enigste reg om so 'n boek te skryf daarin geleë is dat hy "*listened* to what they are saying — and, perhaps even more important, to the message they transmit through their actions".[198] Sy woord mag kras klink wanneer hy skryf: "I doubt that we really need to, or can 'bring them to Christ.' All we need to do is what our Lord told his disciples to do on that long-ago occasion recorded in Matthew 19:14 — get out of their way so they can see for themselves that He is indeed the way, the truth, and the life".[199]

Wanneer 'n kerk verraad pleeg teenoor die wese van die gemeente en van kinders en jongmense verwag om eers groot te word voordat die bediening omvattend op hul gerig word, vind hy uit dat minstens twee dinge gebeur: so 'n kerk verloor die jeug en stoot hulle in die arms van jeugbewegings en jeugverenigings wat omgee en tweedens bou so 'n kerk 'n geslag van volwassenes met wie die Christenjeug nie wil identifiseer en assosieer nie. In 'n stabiele samelewing soos die Suid-Afrikaanse samelewing, lei laasgenoemde selde tot grootskaalse onttrekking aan byvoorbeeld die kategese, maar wel tot ongemotiveerde bysit en 'n geleidelike onttrekking nadat hy/sy gedoen het wat die samelewing van hulle verwag, naamlik om lidmaat te word.

★7 Diakonia

Die wese van kerklike jeugarbeid roep dus om 'n omvattende gemeentelike bediening waarin die modi van kerugma, didache en paraklese tot hulle reg kom. Die kerk kom in sy jeugarbeid nie met minder weg nie. Om dit aan die sogenaamde "georganiseerde jeugwerk" oor te laat is 'n goedkoop uitweg wat vir die gemeente van Christus geen langtermynheil inhou nie.

Voordat daar in meer besonderhede ingegaan word op jeugarbeid as gedifferensieerde en toegespitste gemeentelike bediening, is daar nog een vorm van 'n omvattende gemeentelike bediening wat hier genoem moet word. Firet gee toe dat daar nog ander gestaltes is waarbinne die gemeentelike bediening funksioneer. So noem hy byvoorbeeld: vormingswerk, intra-parochiale, supra-parochiale en para-parochiale groepe.[200]

Die wyse of manier wat myns insiens by die drie waarop hy ingaan, gevoeg kan word, is die van die diakonia van die kerk. Firet distansieer hom tereg van Roscam Abbing se onderskeiding tussen pastoraat as diens van die vermaning en diakonaat met die oog op lyding. Volgens hom is paraklese ook 'n "helpende verlossende daad".[201] Diakonia is 'n omvattende begrip vir die dienswerk van die kerk in hierdie wêreld. Dit is waar dat dit in besonder in ons Afrikaanse gebruik daarvan gekoppel word aan die diens van barmhartigheid. Laasgenoemde is egter reeds toegespitste diakonia. Praktiese sending en evangelisasiewerk is ook diakonia — diens



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

aan die Koning. Nou is dit waar dat sowel kerugma, didache en paraklese tot doel het die diakonia van die kerk. Daar is egter in die gemeente plek vir die georganiseerde dienswerk van die volk van God — as gevolg van die kom van God deur sy Woord tot die gemeente. Prediking, kategese en pastoraat as gedifferensieerde vorme van die gemeentelike bediening lei tot, roep tot en rus toe tot georganiseerde dienswerk. Die gemeente is inderdaad hierdie georganiseerde diensvolk van God, "om as kerk werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God".[202] Veel van die diakonia geskied ook in die gemeente as geheel. In hierdie sin is die erediens tog diakonia van die Verbondsgod. En tog is dit korrek om saam met die Kerkorde te verklaar: "Hierdie dienswerk van die gelowiges kan ongeorganiseerd en spontaan geskied, maar behoort ook ter wille van die groter krag en doeltreffender funksionering daarvan kerklik georganiseer te word. Sodanige organisasie moet egter altyd geskied met toepaslike verantwoording aan kerkraad, ring en sinode.

Die kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur kommisies van die kerkraad, ring en sinode of te laat organiseer deur organisasies wat van die kerk daartoe opdrag gekry het".[203]

By dieselfde Sinode waar bogenoemde as Kerkorde-artikel goedgekeur is, is punt 5 van die kerk se jeugbeleid verander om te lui: Die kerk het die onvervreembare reg om sy eie jeug vir bepaalde doeleindes te organiseer.

Hierdie verantwoordelikheid van die kerk vloei ook uit die Skrif met sy sterk verbondsbeklemtoning en duidelike jeuggerigte boodskap. *In die gemeente* moet hierdie waarhede 'n werklikheid word. Beyer verwys in hierdie verband na die "leer hulle"-bevel van Christus en sê dat gemeentelike jeugarbeid gewoon gehoorsaamheid aan die bevel van Christus is en nie "hobby" van sekere medewerkers nie.[204]

Ten opsigte van hierdie georganiseerde diakonia kan dit so gestel word:

* Die kerkjeug met hulle eie besondere behoeftes en vermoëns, moet binne hulle eie kerk geleentheid vind om hulself uit te leef. Geen buitekerklike beweging kan ooit op die lang duur die behoefte aan kerklike jeugarbeid bevredig nie. Die moontlikheid van 'n jeugvereniging in noue verband met die kerk bestaan wel en werk wel op baie plekke. Selfs in sulke gevalle is daar dikwels probleme:
  + Die jeugwerk word oorgelaat aan sekere entoesiaste en is selde 'n gemeenteverantwoordelikheid.
  + Die bestaan van gesagsbesture hou 'n bedreiging in vir die gereformeerde kerkregeringstelsel.
  + Verslaggewing en kontrole is dikwels gebrekkig.
  + Verwydering tussen vereniging en kerk kom meermale voor. Die ontwikkelingsgang van 'n vereniging is nie altyd kontroleerbaar nie.
  + Gebrek aan inspraak in die beheer en program van die vereniging is dikwels vir die kerk 'n probleem.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

* Dit is prinsipieel veel meer korrek en bevredigend dat die kerk self die masjinerie skep vir sy eie jeugbeweging. 'n Beweging wat terselfdertyd
  + gemeentegerig bestaan en werk
  + volle geleentheid bied vir die ontplooiing van jeuginisiatief en jeugleierskap
  + onder toesig van die plaaslike kerkraad funksioneer
  + genoegsaam skakeling met die volwasse lidmate van die gemeente voorsien sodat oud en jonk hulle deel-wees van die een gemeente nie net in die erediens vier nie, maar ook in hulle dienswerk ervaar.

  So 'n jeugbeweging moet aansluiting vind by die normale kategetiese onderrig van die kerk. Aansluitend by die ouderdomsrypheid van die kind, moet dit aan die dooplidmaat en later ook aan die jong belydende lidmaat ruimte bied om hom uit te leef. Solank die kind nog in die kategese is, moet hierdie jeugbeweging as't ware die gemeentelike gimnasium vorm waar hy/sy hulle oefen in die dinge wat hulle geleer het. Terwyl die kategese by uitnemendheid die geleentheid bied om God te leer ken, bied die gemeentelike jeugbeweging die geleentheid om te oefen om lief te hê en te dien.

  Wanneer jongmense belydenis van geloof afgelê het, word hulle jeugbeweging 'n geleentheid om hulle lidmaatskap van die gemeente te beoefen.

* Terwyl die jeugbeweging van die onderskeie ouderdomsgroepe koördineer met die kategese, moet die jeugbeweging self ook een deurlopende lyn volg. Die Kind beweeg dus voort in sy eie gemeentelike jeugbeweging — sê vanaf die junior afdeling, na die senior en na die jong belydende afdeling. Elke groep kies sy eie jeugleiers wat onder toesig van die plaaslike kerkraad die leiding neem en die program kies en uitvoer. Sódoende kan die kerkjeug hulleself binne hulle eie gemeente uitleef en as wesenlike deel van die een gemeente tot opbouing van die geheel funksioneer.[205]

★8 *Samevattend* kan gesê word dat dit in kerklike jeugarbeid wesenlik gaan om 'n omvattende gemeentelike bediening van kerugma, didache, paraklese en georganiseerde diakonia aan, van en deur die jeug *in die* gemeente, as wesenlike deel van die gemeente, sodat hulle God waarlik kan ken, liefhê, dien en meewerk aan die koms van die Koninkryk in hierdie wêreld. Kerklike jeugarbeid is 'n bediening waarin die prediking, die lering, die pastoraat en die georganiseerde dienswerk in en vanuit die gemeente die jeug moet lei tot volle begrip vir hulle deel-wees van hierdie gemeente en hulle roeping as gemeente van Christus in hierdie wêreld. Net hierna sal 'n meer volledige omskrywing gegee word van wat jeugarbeid is en aan die einde van paragrawe 3.3 en 3.4 behoort dit duidelik te wees hoe hierdie omskrywing inpas in hierdie studie oor jeugevangelisasie deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

### 3.2.3 'N GEDIFFERENSIEERDE, TOEGESPITSTE BEDIENING

★1 Eiesoortige behoeftes

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die jeug as deel van die gemeente, benader en bedien moet word. Hiermee is egter nie alles gesê nie. Die kind en die jongmens het eiesoortige behoeftes en probleme waarmee in die gemeente rekening gehou moet word. Teen 'n stelling soos hierdie het Bonhoeffer sterk standpunt ingeneem. Volgens hom gaan dit nie om die vraag: wie is die jeug en wat is hulle regte nie, maar: wat is die gemeente en watter plek kom die jeug binne die gemeente toe? Die generasiegaping is in die gemeente opgehef. "Die jeug het in die gemeente geen voorregte nie. Hulle moet die gemeente daarin dien dat hulle die Woord hoor, dit leer en inoefen."[206] Sedertdien het daar egter by almal wat dit met gemeentelike jeugarbeid erns maak, die insig gegroei (dikwels gedruk deur die nood van die tyd en die afvalligheid van die jeug) dat die kerk tog met die eiesoortige behoeftes van die jeug in die kultuursituasie van hierdie eeu moet rekening hou. Volgens Mead leef ons in 'n tyd waar kinders meer leer by hulle maats as van hulle ouers (die sogenaamde "co-figurative culture") ja, selfs in 'n tyd waar kinders en jongmense veel meer weet as hulle ouers en laasgenoemde by hulle kinders kan leer (die sogenaamde "pre-figurative culture").[207]

En hierdie "rekening hou met die eiesoortige behoeftes van die jeug" staan nie teenoor jeugarbeid as wesenlik 'n gemeentelike bediening nie. Dit sou juis as deel van egte gemeente-wees beskou kan word dat daar inderdaad rekening gehou word met die kind en die jongmens as wesenlike deel van die gemeente. Otto Seydel sê tereg dat uit laasgenoemde uitgangspunt (naamlik dat die gedooptes aanspraak daarop het om iets van die teenwoordigheid van die Opgestane in hierdie wêreld te ervaar en daardeur in geloof te groei) volg as primêre uitgangspunt, 'n gemeentegesentreerde jeugarbeid wat bestaan uit inoefening in die erediens, prediking, die nagmaalspraktyk, die verhouding tot hulle eie doop, omgang met die Skrif en inleiding in die belydenisskrifte.[208] Hier word, saam met Bonhoeffer, die gemeentelike uitgangspunt gehandhaaf en tog die eiesoortige toespitsing in die gemeentelike jeugarbeid erken.

★2 In watter opsig nou is gemeentelike jeugarbeid gedifferensieerd toegespits? *Allereers dat daar met die behoeftes en kenmerke van die kind en die jongmens rekening gehou word.* Dit is nie hier die plek om te breedvoerig op hierdie eietydse of lewensfase-behoeftes en kenmerke van die jeug in te gaan nie. Kortliks word die volgende genoem:

* In die gemeentelike jeugarbeid moet met die volgende ouderdomsgroepe rekening gehou word:

| | | |
|---|---|---|
| + Die baba/suiglinggroep | : | Ongeveer tot 3-jarige ouderdom |
| + Die kleuterkerkjeug | : | Ongeveer 4 tot 5-jarige ouderdom (voorskools) |
| + Die junior kerkjeug | : | Ongeveer 6 tot 11-jarige ouderdom (laerskool) |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

| | | |
|---|---|---|
| + Die senior kerkjeug | : | Ongeveer 12 tot 17-jarige ouderdom (hoërskool) |
| + Die belydende kerkjeug | : | Ongeveer 18 tot 25-jarige ouderdom met 'n verdere sprong tot ongeveer 29/30-jarige ouderdom.[209] |

Daar is ook ander indelings moontlik. Beyer gee 'n uitvoerige verdeling volgens die ontwikkelingspsigologie — 'n skema wat meteens ook 'n aanduiding is van die eietydse lewensfase-behoeftes. Die ouderdomsontleding stem grootliks ooreen met bogenoemde, behalwe dat die jong volwassene-fase (in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die jong belydende lidmaat) by 20 begin en tot ongeveer 30 jaar duur.[210]

Die ganse bediening moet met hierdie ouderdomsgroepe rekening hou. Dit geld nie net alleen vir die ouers in hul primêre aandeel aan kerklike jeugarbeid nie, maar ook vir die liturgie, die prediking, die hele leeraksie van die kerk (en in besonder die kategese), die paraklese en die georganiseerde dienswerk.

* Die gemeentelike jeugarbeid moet rekening hou met die wesenseie van die jeug. Sonder om in detail hierop in te gaan, word die volgende aspekte oorsigtelik van alle kinders en jongmense genoem. Sommige van die sake wat hier genoem word, mag in sommige lewensfases sterker na vore tree as in ander, maar dit is latent by alle jeugdiges.

  — Die behoefte aan aanvaarding as mens

  Die kleuter, die junior en die senior kerkjeug openbaar almal 'n besondere behoefte aan veiligheid, geborgenheid, liefde en aanvaarding.[211] Grootword is inderdaad "the struggle for indentity".[212] Little sê tereg dat dit vir die tienerjeug (die sogenaamde adolessent) om vier dinge gaan, te wete: "I want to be ME; I want to make a difference; I want to be a part; I want to love and be loved".[213] Jongmense vra nie dat volwassenes soos hulle moet word nie. Wat hulle vra, is: "Try to understand our world and respect us as individuals within that world".[214] Gordon Jaeck beklemtoon eweneens dat in 'n effektiewe tienerbediening tieners vertrou, aanvaar en liefde gegee moet word.[215] Ook in die tydperk van jongvolwassenheid gaan hierdie ek-soeke voort en is aanvaarding as mens vir hierdie jongmense van groot belang. Hulle beleef dikwels selfverwerping wat ernstige afmetings kan aanneem as dit gepaard gaan met verwerping van die kant van die gemeente.[216] Hierdie behoefte en waarheid kan nie ernstig genoeg geneem word nie. Wanneer die selfbeeld van die jeug deur verwerping of tekens van nie-aanvaarding afgebreek word, gebeur met baie jeugdiges wat gebeur het met 'n jongmens in een van Bergman se werke. Hy het naamlik gedroom dat hy al kleiner en kleiner en kleiner word, terugkeer tot sy moeder se liggaam en uiteindelik verdwyn.[217] Kinders en jongmense wat hul identiteit, hulle "wie is ek en wat is my waarde" in hierdie samelewing nie vind nie, word as't ware 'n "voorgeboortelike ongevormde klomp".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

— Die behoefte aan opregtheid en eerlikheid

Louis Cassels het in hierdie verband geskryf: "If the church is to attract and hold young people, it must live down this reputation for duplicity by conducting affairs with complete openness, candidly confessing its faults and failures and scrupulously avoiding all forms of deceit". Want sê hy: "One of the most conspicious tracts which today's youth have in common with Jesus is an intense dislike of "phoniness" — a term that includes all types of hypocrisy, pious posturing, deviousness, and deceit".[218]

Jongmense het byna 'n radarvermoë om opregtheid te registreer en daarop te reageer. Ewe sensitief is hulle ook vir onopregtheid. Strommen sê in sy algemene gevolgtrekkings op grond van 'n omvattende ondersoek by die Lutherse jeug en ouers: "the vitality of a youth ministry varies in direct proportion to the degree of sensitivity and concern which adults hold toward their youth".[219] Hierdie opregtheid word gewoonlik getoon deur 'n eerlike belangstelling in en kommunikasie met die jeug. Die kerk "must know, understand, and love the youth with whom it is communicating" en "it must communicate with, not to youth".[220] Selfs wanneer die sogenaamde generasiegaping bestaan en die volwassenes en die jeug besef dat hulle byna twee tale praat, word eerlikheid gekommunikeer wanneer die jeug die volwassenes as opreg beleef: "We must establish climates of respect between the generations. And, above all, we must learn to listen."[221] Luister, oortuig die jeug van opregtheid. 'n Indiepteondersoek van Zuck en Getz het aan die lig gebring dat "adult church leaders, according to the teens, (meer as 3 000 is by die ondersoek betrek MN) were not adequately conveying their availability for personal counselling with the teens".[222]

— Die jeug se behoefte aan egte gemeenskap

Sommige noem dit die behoefte "om te behoort". In 'n tyd waar gesinsverbrokkeling aan die orde van die dag is, is hierdie behoefte miskien minder merkbaar, maar nie minder aktueel nie. Hierdie behoefte van jongmense blyk veral uit hulle sterk groepvorming — reeds vanaf die bendestadium. Hierdie behoefte aan sterk gemeenskapsbande is bevestig deur die ondersoek van Strommen. Hy sê in sy samevatting ten opsigte van die ondersoek oor die gesin- en familiebande: "Adults tend to underestimate the degree to which youth idealize a home where members are knit together in love ... In a way that adults do not realize, youth generally idealize a home that is united in a common faith ... But youth, wanting to be treated as people, are more troubled by a lack of communication and mutual understanding in their home".[223]

Cassels sê tereg dat "the overwhelming majority of us have not merely a preference but a deep *need* for the companionship of others ... This need can be satisfied only by belonging to a community ... If the church hopes to attract and hold young people, it



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

must find ways to re-establish the strong sense of community that once was the hallmark of Christianity''.[224] Stanley Watson begin sy hoofstuk oor die beginsels vir 'n jeugbediening so: ''The heart of the youth program in a church is found in the fellowship that develops in the study and training groups. Such fellowship provides the climate in which young lives grow and mature''.[225]

— Die jeug se behoefte aan sinvolle betrokkenheid in die gemeente

Hierdie behoefte sluit direk by die vorige aan, maar is tog ook meer. Dit gaan nie slegs om betrokkenheid in die koinonia van die gemeente nie, maar ook by die diakonia. Hier is Sara Little se uitgangstesis weer eens van belang: ''they are a part of the ministering body of Christ, within which they are supported and equipped for the fulfilling of their common calling''.[226] Die ondersoek van Strommen het bewys (oor 'n tydperk van sewe jaar waarin vier ondersoeke onderneem is 1970 — 1977) dat die jeug gedurende hierdie jare dieselfde groot waarde heg aan ''a service-oriented life''.[227] Hierdie behoefte by die jeug beteken gewoon dat die gemeente die gemeentejeug as deel van God se oplossing vir hierdie wêreld moet sien. In die opsig is Corbett en Johnson reg wanneer hulle skryf: ''Youth ministry today is more than 'preparing youth to become a part of the church'. It is youth, who are a part of the church now, becoming involved in mission in their world''.[228] Little skryf oor laasgenoemde dat ''the church needs youth to be the Christian witness among their contemporaries''.[229] Wanneer Fromer skryf oor die behoeftes van studente en wenke gee oor 'n bediening aan hulle sê hy ook dat die kerk hulle aanhoudend moet besiel en toerus vir hulle getuienistaak.[230] Bleistein skryf ook dat kerklike jeugarbeid in besonder deel neem aan die bemoeiing om in die Lig van Christus mee te werk aan die oplossing van die dringendste vrae van ons tyd sodat die wêreld meer menswaardig kan wees en 'n dieper broederlikheid nagestreef kan word.[231] Hierdie saak is belangrik. Hierdie wêreld sal immers langer deur die kerkjeug as deur die volwassenes en bejaardes bewoon moet word. Dit is alleen reg om daarom die kerkjeug ten volle by die koms van die Koninkryk deur die gemeente van Jesus Christus te betrek. Dit beteken uiteraard meerdere erkenning van die jeug en hulle waarde vir die taak van die gemeente. Dit vra om groter betrokkenheid van die jeug dáár waar gedink, beplan en besluit word. Nie alleen is dit opvoeding om later ''beheer'' te neem nie, maar dit is vir die ''beheer'' hier en nou van ingrypende belang.

Dit mag ingrypende verandering vra. Corbett en Johnson sê tereg: ''It means approaching youth ministry from an entirely new perspective: that of sharing in the search for faith in which youth are already engaged''.[232] Hy gaan voort om te stel hoe dit nog in die kerk 'n stryd is om hierdie nuwe benadering tuis te bring. Ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dit dikwels nog die geval. Sommige kerkrade wil graag op 'n ''ou'' wyse voortgaan en in-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tussen raak die jeug elders betrokke, net om hulself die verwyt op die hals te haal van hulle wat veronderstel was om in 'n nuwe situasie die jeug te akkommodeer en te gebruik.

Little is reg wanneer sy skryf dat dit (bogenoemde) ook nie beteken dat die jeug op al die gemeentekomitees moet dien nie. "What it means more than anything else is that a certain *attitude* should be characteristic of adults in the congregation ... Placing youth on committees *may* help on the other hand ... Differences in interests and abilities of youth within this span (die jeugtyd MN) necessitate care in deciding what tasks can appropriately be assumed by an individual".[233] Cassels het in 1973 geskryf: "If the Church is to attract and hold young people it must give them more responsibility and authority, and a much greater voice in decision making processes".[234]

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die Algemene Sinode reeds in 1974 besluit dat kinders (tieners) en jongmense sitting het in kerkraads-, ring-, sinodale en algemene sinodale jeugkommissies. In die gemeente het verteenwoordigers van die Senior en Belydende Kerkjeugaksies sitting in die onderskeie kommissies van die kerkraad.[235] Of die kerkrade, as verantwoordelike liggaam vir die gemeentelike jeugarbeid altyd hierdie saak na waarde skat en benut in terme van die taak van die gemeente is egter 'n ope vraag. Hieraan moet nog veel in terme van voorligting en motivering gedoen word, want die gesindheid van die kerkraad is belangriker as die blote toestemming dat die jeug daar teenwoordig is.[236]

— Die jeug se behoefte aan 'n besielende gemeentevoorbeeld

Hierby sluit die jeug se behoefte aan duidelike, gesagvolle, maar billike leiding aan. Dit is wel onvoorwaardelik waar dat die jeug wesenlik deel van die gemeente is, maar dit is ewe waar dat daar lidmate is wat bloot vanweë hulle ouderdom eerder al tot die gemeente behoort het as die jeug. Hoe hulle die karakter van die gemeente sien en hoe hulle daarin leef, is vir die jeugdeel van die gemeente van besondere belang. Nou is Bonhoeffer in sy sewende tese oor kerklike jeugarbeid reg wanneer hy sê dat die egtheid van só 'n jeugprotes teen die ouere lidmate daaraan getoets word of die jeug hulle solidariteit met die skuld van die gemeente besef, in liefde die las dra en self in boete voor die Woord van God staan.[237] Dit neem egter nie die bedieningsverantwoordelikheid van die volwasse deel van die gemeente weg om 'n besielende voorbeeld van gemeentewees daar te stel nie. Sodoende word die "navolgingspotensiaal" van die jeug benut.[238]

In hierdie verband is reeds verwys na die sinoderapport in die Lutherse kerk in die Verenigde State van Amerika en die bespreking daarvan in die boek onder redaksie van Gilbert. As deel van die doel met die "kategese" stel die rapport: "designed to help baptized children identify with the life and mission of the adult Christian



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

community". In die bespreking word tereg onder andere ingegaan op vrae soos: wil die jeug met die volwasse gemeente identifiseer? Wat kommunikeer die volwasse deel aan die jeug aangaande gemeentewees? Is die volwassenes gereed vir so 'n definisie, want die jeug se reaksie op die huidige stand van sake is dikwels krities en soms radikaal? So 'n doel plaas "strong responsibility upon the adult Christian community to examine its own life and to set meaningful goals for that life. In planning confirmation education we must look at the 'style of life' of the adult Christian community to see what it is communicating to young people about the Christian life".[239]

Hierdie behoefte by die jeug het in die jeugbediening van die kerk soms 'n negatiewe uitwerking. In die Verenigde State skryf Corbett en Johnson dat die volwassenes in die veranderde omstandighede dikwels teruggeval het in enige moontlike sekuriteit — "most often found in their institutions, including the church ... So the search for security, coupled with a profound institutional loyalty, forced adults into rigid positions within the church. Doctrine become sacred. Buildings took on added importance. And adults came into open conflict with youth, who challenged their institutions and values". Tereg sê hulle dat hierdie konflik (van wedersydse wantroue) in die hart van die jeugarbeid-krisis lê. "So churches continue to sponsor adult-dominated youth organizations, or to force unquestioned doctrine on apathetic youth, or to abdicate to entertainment and recreation programs, that will 'keep youth in the church ...' And so youth are seeking their spiritual answers outside the institution."[240]

Hierdie behoefte van die jeug het gevolge vir die hele gemeentelike bediening. Dit raak die erediens as sentrale hartklop van die gemeente, die Christelike lewenswandel van die volwassenes, die kwaliteit van leer en lewe van alle jeugleiers soos kategete, kinderkransleidsters, volwasse raadgewers, voltydse jeugwerkers, die leraar ens. Cassels is reg as hy bogenoemde in 'n sekere sin saamvat in sy woorde: "If the Church hopes to attract and hold young people today, it must lift up — that is, proclaim, preach, put on display — the compellingly attractive Person who is its Lord".[241] Hierdie waarheid impliseer ook die hele saak van medewerkers in jeugarbeid, jeugleiers en so meer.[242] Jeugleiers het egter 'n betekenisvolle invloed op die jeug. Van der Ven en Berger beweer wel dat ouers en ander volwassenes slegs in 'n beperkte mate as bemiddelaars van religieuse en gelowige tradisies, simbole, ens., teenoor die jeug funksioneer.[243] Hiervoor mag daar verskillende redes wees soos byvoorbeeld 'n gevolgtrekking wat Strommen maak op grond van sy ondersoek naamlik dat "adults hold an image of youth which tends to increase the chasm between the two and make communication increasingly difficult".[244] Die konklusie van Zuck en Getz is egter meer geregverdig: "Give encouragement to Christian parents of teenagers in view of their rather significant



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

influence on the lives of their children" en verder aan "encourage adults in the church to be more consistent in living out the truths they profess to believe, and to show genuine interest in and appreciation of the church's young people".[245]

3.2.4 SAMEVATTEND: KERKLIKE JEUGARBEID AS GEDIFFERENSIEERD-TOEGESPITSTE, OMVATTENDE, GEMEENTELIKE BEDIENING

In die lig van die voorafgaande en veral in die lig van die eenheid en verweefdheid van die vier modi waarna verwys is, kan nou gepoog word om kortliks samevattend uiteen te sit wat kerklike jeugarbeid is. Dit is die koms van God deur sy Woord, hoofsaaklik deur die onderstaande modi, tot sy gemeente.

★1 Dit is die koms van God deur sy Woord na die gemeente en gedifferensieerd-toegespits na die jeug deur die *kerugma as sentrale modus van die prediking*. Die jeug (kind en jongmens) moet in die prediking voorkom en die kerugma moet ook loodreg op die hier- en nou-situasie van die kind en jongmens insny en tot 'n nuwe stand van sake oproep.[246] Veral sal die prediking in die geval van die jeug die betrokkenheid van die kind en die jongmens by die verbondskerugma en andersom moet deurlig. Aangesien die kerugma in die prediking hoofsaaklik binne die grondvorm van die versamelde gemeente in die erediens funksioneer, beteken bogenoemde ook dat die kind en die jongmens gereeld in die erediens moet figureer. Die liturgie, waarvan die prediking deel is, moet nie alleen die kind en die jongmens as deel van die versamelde gemeente veronderstel nie, maar moet sinvol, toegespits, gedifferensieerd met die jeug rekening hou.[247] Uiteraard is daar talle ander gemeentelike byeenkomste waar die kerugma ook funksioneer. Ook hier moet dit toegespits en gedifferensieerd op die jeug gerig wees met inagneming van die interverweefdheid met die didache en die paraklese.

★2 Kerklike jeugarbeid is die koms van God deur sy Woord na die gemeente en gedifferensieerd-toegespits na die jeug deur *die didache as sentrale modus van die kategese*. Die kind en die jongmens moet deur die kategese ingelei word in die weg en meteens ook deur die modus van die meer omvattende didache op die weg agter Christus aan begelei word. Aan hierdie kernfaset van sy jeugarbeid moet die kerk uit die aard van die wese van die kind (as onvolwassene) eerstehandse, toegespitste aandag gee en lerend met die jong belydende lidmaat voortbeweeg op pad na volwassenheid. Dit gaan hier om wesenlike inlywing in die gemeente as belydende en mondige gemeente van die Heer wat weer die didache van sy Here verder dra en deurgee.

Bogenoemde beteken meteen ook weer dat die erediens, die prediking, die paraklese en ook die diensaksies lerend besig moet wees. Dit gaan in kerklike jeugarbeid om 'n toegespitste toerusting van die gemeente tot volwassenheid in die waarheid (of in die leer).[248]

★3 Dit gaan om die koms van God deur sy Woord tot sy gemeente en gedifferensieerd-toegespits tot die jeug deur *die paraklese as sentrale modus van die pastorale sorg*. Hierdie pastorale sorg is waarskynlik die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

mees verwaarloosde faset van jeugarbeid — en dit terwyl die kind en die jongmens vanweë sy jonkwees waarskynlik die meeste behoefte het aan bemoediging, vertroosting, vermaning, teregwysing, ondersteuning, toerusting. Hier is dit juis nodig dat die jeug God leer ken as die God wat deur die modus van die paraklese tot hulle kom in hulle "contingente situatie van angst, leed, zonde, vertwijfeling, dwaling, ontoereikendheid. God komt tot de mens om hem uit de nood van zijn situatie te bevrijden tot het leven met de gemeente in het heil, dat in Christus is: getroost en moedig, in nieuwe gehoorzaamheid. God leidt hem daarbij naar zijn eigen plaats en maakt hem geschikt om zijn eigen opdracht te vervullen in het verband van het lichaam van Christus".[249]

Die kind en die jongmens moet deur die leraar, ouderling en diaken pastoraal bereik en bedien word op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse — terwyl in gedagte gehou word dat ook hier die grondvorm vir gesonde paraklese die versamelde gemeente is. In die koinonia van die gemeente, in die veiligheid en vertroue van gebondenheid aan mekaar funksioneer nie alleen die amptelike pastoraat teenoor die jeug nie, maar ook die onmisbare onderlinge sorg. Eweneens moet ook hier nie vergeet word van die interverweefdheid met die kerugma en die didache nie.[250]

★4 Kerklike jeugarbeid is die koms van God deur sy Woord tot sy gemeente en gedifferensieerd-toegespits tot die jeug deur *die diakonia as sentrale modus van die diensaksies*. Hier moet rekening gehou word met die ouderdom en bevatlikheid van die kind en jongmens, maar bo alles met die feit dat die jeug deel van die "ministering body of Christ"[251] in hierdie wêreld is. Hier funksioneer die kerugma, didache en paraklese eweneens interverweefd met die diakonia, terwyl georganiseerde dienswerk op sigself ook 'n vorm van kerugma, didache en paraklese is. Die onderskeiding wil ook hier soos by die ander drie modi alleen sê dat by die diensaksies, soos byvoorbeeld die Kerkjeugaksie, die diakonia die sentrale modus is.


★5 Kerklike jeugarbeid is arbeid waar daar ook op 'n *gedifferensieerd-toegespitste wyse met die ouers* as basiese bemiddelaars van God se verbondsgenade rekening gehou word. Hierdie direkte ouerlike bemoeiing sal uitfaseer na die mate wat die kind en jongmens ouer word en self weer ouers word van 'n nuwe geslag.

★6 Kerklike jeugarbeid is 'n omvattende gemeentelike bediening waar God deur sy Woord op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse deur kerugma, didache, paraklese en diakonia tot die jeug kom. So gesien, kan dit ook omskryf word as 'n gemeentelike bediening (met besondere verwysing na die ouers) onder leiding van en deur die ampte aan, met en deur die jeug ten einde hulle te lei tot volwasse lidmate wat God reg ken, liefhet en dien — sodat die Vader, die Seun en die Heilige Gees verheerlik word, die koninkryk kom en Gods wil gehoorsaam word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★7 Skematies kan dit so voorgestel word:




★8 Ter afsluiting van hierdie paragraaf nog twee opmerkings. Ten eerste: In 1974 het die Algemene Jeugkommissie aan die Algemene Sinode gerap-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

porteer dat 'n leidraad-bewoording aan die Algemene Regskommissie deurgestuur is met die oog op die opname van 'n artikel oor kerklike jeugarbeid in die Kerkorde — ten einde in lyn te kom met artikels oor die sending, evangelisasie en diens van barmhartigheid. Hoewel die opname van so 'n artikel nog nie 'n werklikheid geword het nie, is die leidraad-bewoording hier van belang. Dit lui so: "Die kerk het 'n onvervreembare en onoordraagbare verantwoordelikheid teenoor die jeug as wesenlike deel van die gemeente. Hierdie verantwoordelikheid omvat die bediening van die Woord, herderlike sorg, geestelike-godsdienstige opvoeding en onderrig, toesig en leiding op elke lewensterrein tydens elke lewensfase (van geboorte tot volwassenheid) sowel as hulp en voorligting aan die jeug in al sy lewensverbande.

In die uitvoering van sy taak en ter wille van groter doeltreffendheid, werk die kerk ook deur middel van sy erkende jeugaksie. Kontinuïteit en koördinasie ten opsigte van al die vertakkings van die kerk se jeugarbeid is noodsaaklik sodat elke vertakking wat doelstelling, werksprogram en organisasie betref, heg ineengeskakel is".[252]

Hierdie bewoording is waarskynlik te lank vir 'n kerkorde-artikel. Dit kan ook enigsins verkort word. Behalwe dit, is hier egter geen verwysing na die ouerverantwoordelikheid en na die jeug se eie bedieningspotensiaal nie. Die jeug behoort nie net bearbei te word nie, maar is wesenlik deel van die bedienende gemeente van Christus. As moontlike bewoording kan onderstaande oorweeg word. Woorde wat motivering gee en veral historiese waarde in die jeugbeleid het, soos "onvervreembare en onoordraagbare" word hier weggelaat. Sou die kerk egter oordeel dat hierdie verantwoordelikheid nog historiese begrensing nodig het en dat die jeugbeleid dit nie genoegsaam dek nie, moet dit ingevoeg word en word die artikel langer.

Artikel 50 van die Kerkorde

50.1 Die kerk het 'n omvattende, gemeentelike verantwoordelikheid ten opsigte van jeugarbeid aan, met en deur die jeug (kinders en jongmense) as wesenlike deel van die gemeente.

50.2 Hierdie verantwoordelikheid omvat
- ouertoerusting vir hul verbondstaak
- die bediening van die Woord
- herderlike sorg
- geestelik-godsdienstige onderrig
- toesig en leiding op elke lewensterrein
- hulp en voorligting in alle lewensverbande
- georganiseerde dienswerk onder andere deur middel van 'n eie jeugaksie.

50.3 Kontinuïteit en koördinasie van alle afdelings van die kerk se jeugarbeid is wesenlik, ten einde eenheid in doelstelling, program en organisasie te verseker.

50.4 (Die huidige artikel 50) "Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat tot die gemeenskap van die kerk wil toetree,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die Kerk toetree, met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde''.

★9 As tweede slotopmerking 'n woord waarmee Corbett en Johnson in 1972 hulle boek afgesluit het — in 'n tyd toe die jeugwaters in Amerika troebel was: "But we recognize that we no longer stand in the place of authority with the answers to all of youth's questions. We have had to humble ourselves, admit that our church institutions have sometimes failed to live out the life-style of Christ, and open ourselves to new structures and a more relevant message.

Youth are engaged in a deep search for meaning. We need to join them in this search. We need to carry on a dialogue with them ... We need to develop, with youth, the forms of ministry that are appropiate to a new age.

This is a challenging task. It involves pain, risk, conflict, and sometimes failure. But to those who have tried it, it is worth all of this, because it has resulted in an abundant life for both youth and adults. And that's what youth ministry is all about''.[253]

Op die pad van kerklike jeugarbeid word baie openheid van volwassenes en jeug gevra en baie moed ... en geloof in die God van die verbond met ouers en kinders.

## 3.3 GEMEENTEBOU EN GEMEENTEBEWARING ... IN EVANGELISASIE-PERSPEKTIEF

### 3.3.1 GEMEENTEBOU EN GEMEENTEBEWARING AS DOEL VAN KERKLIKE JEUGARBEID

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word dit in punt 6 van die jeugbeleid onomwonde gestel dat die jeugarbeid van die kerk in sy onderdele en geheel moet "meewerk tot die verwesenliking van die één einddoel om die jeug te lei tot volwaardige lidmate van die gemeente van Christus''.[254] Hierdie doel word ook by ander kerke gevind. So byvoorbeeld formuleer Schambardt die doel van die "jonge lidmaatwerk'' in die Gereformeerde Kerk "om de jonge mensen die belijdenis des geloofs afgelegd hebben, te helpen hun plaats te vinden binnen de gemeente als volwaardige en meelevende leden der kerk''.[255] Roy Zuck sluit ook lidmaatskap van die kerk in, in sy lys van doelwitte vir kerklike jeugarbeid. En so ook die Baptist Sunday School Board.[256]

Natuurlik is dit nie al doelwit nie. As bogenoemde einddoel gemaak word soos in die Nederduitste Gereformeerde Kerk, is dit bepalend wat onder "gemeente van Christus'' verstaan word. Laasgenoemde kan dan samevattend wees vir doelwitte soos:

* 'n Saligmakende verhouding met Jesus Christus, die Here.
* 'n Lewe van Skrifgetroue dissipelskap van Jesus Christus, die Here.
* 'n Lewe van gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

* Aktiewe deelname aan die opdrag van God Drieënig aan sy kerk.

Bogenoemde is sake wat almal dikwels in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se jeugarbeid funksioneer en ook tot uitdrukking kom in die doelomskrywing van die kerk se jeugaksies.[257]

Medebepalend vir die aanvaarbaarheid van bogenoemde einddoel is ook hoe die kerk gemeentebou en gemeentebewaring beskou, sowel as wat die plek van die jeug in die gemeente en in gemeentebou is. Gemeentebou mag nie gesien word as slegs 'n win van die jeug vir die instituut nie. Dit mag nie verhef word as einddoel in die sin van doel op sigself nie. Bleistein beskryf sodanige jeugarbeid tereg as 'n "belange-bepaalde bemoeienis" met die jeug met die doel om hulle vir die institusionele kerk te wen. In só 'n bepaalde jeugarbeid is die jeug gewoon 'n objek wat moet verander, verstaan, sonder enige bydrae of invloed in die huidige gemeente. Eers wanneer hulle volwasse is, word verantwoordelikheid aan hulle oorgedra. Tereg sê hy dat agter hierdie denke 'n volkskerkmentaliteit staan, 'n kerk wat, verontrus deur die geluidlose uittog van jeug uit die kerk, op die aanval is en in hierdie aanval meer besorg is oor sy eie oorlewing as oor onselfsugtige diens aan mense.[258] Dit is interessant genoeg, dikwels die reaksie van die instituut op die jeug se ontwaking en nuwe gedagtes oor kerkwees. Corbett en Johnson vermeld ook hoe die kerk gereageer het toe die jeugkultuur al meer opvallend begin raak het: "The Church's concern was twofold. On the one hand, it was concerned that youth adopt its values and find the 'abundant life' it had to offer. On the other hand, it viewed youth as an investment it had to nurture in order to insure its institutional survival".[259] Dit op sigself het juis die jeug in die arms van groot jeugorganisasies gedryf waar hulle nie middel tot 'n doel was nie, maar waar hulle as jeug belangrik was. In so 'n situasie word die kerk dikwels met terme soos "konserwatief" en "ortodoks" aangedui. Groot klem word op leeroordrag gelê — byna ter wille van leeroordrag self. Die leer word uit sy evangeliese bedoeling losgemaak en benut ter wille van die oorlewing van die instituut en dikwels die *vorm* van die betrokke instituut. "The reference is to an established status more than to the life to be lived by grace within this status."[260]

Die gemeente, gemeentebou en gemeentebewaring kan maklik verkeerd aangewend word as doel van kerklike jeugarbeid. Die gesindheid van die kerkraad en volwassenes en leiers sal bepaal hoe hierdie doel funksioneer. Wanneer die gemeente en sy bedieningsvorme as onveranderlike groothede of as gegewe norme beskerm word en van die jeug slegs verwag word om te konformeer met wat was en is, ontstaan daar probleme.[261] Waar die jeug as deel van die gemeente beskou word en waar hulle met hul gawes 'n aandeel neem aan gemeentebou is daar gewoon geen jeugprobleem nie. Daar is die jeug saam met die volwassene 'n subjek in die verandering van die gemeente tot sy ware Bybelse gestalte en van hierdie wêreld waarin die gemeente geroep is.[262]

In hierdie studie word gemeentebou en gemeentebewaring as doel vir kerklike jeugarbeid gehandhaaf. In paragraaf 2.3 is reeds aangetoon wat onder gemeentebou verstaan word en as sodanig word dit hier gehand-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

haaf. Hier geld dit net nog sterker omdat dit hier gaan om hulle wat nog as dooplidmate of as jong belydende lidmate besig is om tot volwassenheid te ontwikkel. Die gemeente het inderdaad 'n roeping om hulle in te bou en op te bou. Hulle moet gekoester en beskerm word om op 'n Bybelse wyse wesenlik deel van die gemeente van Jesus Christus te wees. Die vormings- en begeleidingstaak[263] van die kerk figureer sterk in hierdie gemeentebouende dienswerk.

Solank daar net onthou word dat selfs die gemeente nooit doel op sigself is nie. Dit gaan nie om gemeentebou en gemeentebewaring ter wille van die gemeente nie, maar ter wille van die eer van God en die bekendwording van hierdie God deur die gemeente in hierdie wêreld. Terwyl gemeentewees 'n belangrike saak is en soms as sodanig geniet en beleef word (ook geniet en beleef mag en moet word), staan gemeentewees altyd in 'n breër perspektief naamlik die van God se bemoeienis met hierdie wêreld. Noordegraaf skryf tereg dat gemeentebou sowel "verdiepend als wervend is, zowel *intensief* als *extensief*. Er is dan ook geen tegenstelling te bespeuren tussen het bewaren en het vermeerderen, tussen het consoliderende en verdiepende aspect van het gemeentelijke leven en het missionaire, vermeerderende. Wij hebben hier helaas uiteengerukt wat naar Gods bedoelen bijeenhoort".[264]

Hierdie aspek van kerklike jeugarbeid is van groot belang. As aanvaar word dat gemeentewees beteken om aan God die Vader deur Jesus Christus, die Here te behoort en om te leef onder die heerskappy van die Heilige Gees, dan is dit te verstaan dat gemeentebouende jeugarbeid kerkvervreemding voorkom. Só word die jeug vir Christus behou en geleer om te leef uit die Woord en in gehoorsaamheid aan die Woord. Die objek van evangelisasie word sodoende verklein deurdat die gemeente met alles tot hul beskikking vervreemding van die Evangelie en van die gemeente voorkom. Wanneer dit gesê word, moet weer eens in een asem beklemtoon word dat dit dan moet gaan om 'n Bybels-verantwoorde gemeentebou en nie om gemeentebewaring as doel op sigself of ter wille van die oorlewing van die betrokke instituut as sodanig nie.

3.3.2 HOE DIT 'N WERKLIKHEID WORD

★1 Deur 'n komprehensiewe benadering

Dit moet hier weer bevestig word dat dit in 'n gemeentebouende jeugarbeid gaan om 'n gedifferensieerd-toegespitste bediening wat hoofsaaklik onderskei kan word (maar nooit geskei) in kerugma (prediking), didache (kategese), paraklese (pastoraat) en diakonia (diensaksies). In dieselfde trant skryf Chamberlin in verband met die kerk se bediening aan die "young adults": "The four areas of the local church program which the creative leader must integrate are worship, education, service and fellowship ... Each of the four areas assumes its proper place and the dynamic of the Christian gospel can be comprehended only when the total work of the church is built around the mission of the church to serve".[265]

Dit is uiteraard waar dat dán die een en dán weer 'n ander van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

bogenoemde komponente by tye sterker sal funksioneer, maar dit bly 'n komprehensiewe benadering. Ook in die leeftydfase waar die kategese byvoorbeeld prominent figureer en as sentraal beskou kan word, funksioneer dit in die raamwerk van die orige drie en met die ondersteuning van die prediking, die pastoraat, die diensaksies — binne die grondpatroon van die byeengekome gemeente. Laasgenoemde is so belangrik dat Chamberlin dit tot een van die vier komponente maak. Firet se uitgangspunt is egter meer omvattend en plaas die erediens sentraal in die koms van God deur sy Woord tot die gemeente. Binne die erediens vind die kerugma 'n hoogtepunt, daar kiem die paraklese, daar vind ook didache plaas, vandaar uit leef die kategese en vanuit hierdie sentrale byeenwees rondom die Woord, stuur God sy gemeente as sy diensvolk in hierdie wêreld. H. Jonker vat dit saam onder die *heilsopenbaring van God en sê* die *sin* van die liturgie lê in Gods liefdespel met "de zijnen", die sin van die kategese in God se verbondstrou; die sin van die pastoraat in God se genadige toewending tot die enkeling en die sin van die diakonia in God se diens aan die mense. Terselfdertyd noem hy ook die werk van die kerk 'n selfmanifestasie van die waarheid. Juis hier rondom Christus as die waarheid blyk die komprehensiewe interverweefdheid van die bediening ook aan jeug. Jonker skryf: "De waarheid word verkondigd door de prediking, gevierd in de liturgie, aan het nageslacht overgedragen door de catechese, gedaan door het diaconaal handelen, toegepast in het pastorale gesprek, aangezegd door het ambt, beleefd door de Christen, erkend door de gemeente en uitgedaagd door wereld en maatschappij".[266]

Die volgende paar elemente is in hierdie komprehensiewe benadering van besondere belang.

★2 Begeleiding tot Skrifgetroue dissipelskap van Jesus Christus

Hierdie aspek van 'n gemeentebouende jeugarbeid kan inderdaad deel wees van al vier die samestellende modi en moet deur al vier as doel nagestreef word. Want, sê Peter Savage tereg, "the Christian community is basically a learning community that is observing and growing in response to all that the Lord has taught and continues to teach through the Holy Spirit".[267] Vir beide volwassenes en die jeug gaan dit dus om laasgenoemde waarheid. Die volwasse lidmate het nie klaar geleer (weliswaar meer geleer — of immers so behoort dit te wees) wat daar by Leermeester Christus aangaande navolging van Hom te leer is nie. In die gemeente gaan dit voortdurend om die twee aspekte van dissipelskap te wete: "relationship with the Lord (Mark. 3: 14)" en "submission and obedience to the will of the Lord".[268] En tereg sê Te Winkel: "De ouderen 'hebben' het evangelie evemin als de jongeren. Wij zijn als ouderen èn jongeren samen leerlingen van de Heer".[269]

Bogenoemde raak inderdaad die kategese in sy wese, maar daarop word in 'n volgende paragraaf teruggekom. Hier moet egter nog gelet word op die gewilligheid van die kerk in sy volwasse deel om die jeug in sy dissipeldiens te inkorporeer. Skrywers gee geredelik toe dat hierdie saak aan die wortel lê en daar is ook al telkens na verwys. So byvoorbeeld is die tesis



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van S. Little reeds volledig aangehaal. Volgens haar is "Youth who are members of the church, (are) called to Christian discipleship *now*".[270] Kemp sê ook dat "as die kerk sy jeug vir die toekoms wil behou, moet hy vandag vir hulle ruimte bied in sy program en aktiwiteite".[271] Danny Rydberg is egter reg wanneer hy sê "incorporation doesn't begin with a program, it begins with an attitude. Incorporating youth into the church means that young people are part of the wasp and woof of the church. They are intimately involved. They are an integral part of the whole".[272] En dit is juis die probleem. Volwassenes leer nie graag *saam met*, laat staan nog *van* die jeug nie. Die "samen leerlingen van de Heer" gebeur so moeilik. Corbett en Johnson het aangetoon dat die kerk as instituut maklik teen vernuwing standpunt inneem, later sulke vernuwing aanvaar en dit dan permanent maak en "the more permanent they have become, the less subject they have been to change — and the less relevant they have been to the needs of the time".[273] In die gemeentelike jeugarbeid is dit so dikwels nodig om telkens opnuut in die nou en hier te leer wat beteken Skrifgetroue dissipelskap. Wanneer die volwasse deel van die gemeente dit nie saam leer nie, ontwikkel daar dikwels spanning en kom die geloofwaardigheid van die gemeente in die gedrang. Volgens Rydberg het dit uit deeglike navraag vir sy bydrae in Collins se boek geblyk dat die jeug onder inkorporering die volgende verstaan:

* "To be loved and accepted for who you are, not for who you will be someday
* To have a say in what goes on in the church (or at least in what goes on that you're interested in)
* To have an important part in the ministry of the total Church. To feel like you're making a contribution that matters
* To be ministered to. To have your own needs met. To feel like you have a pastor, a place to worship, and people to worship with. To have people and a pastor who care about you".[274]

Bogenoemde moet nie verstaan word as sou net die volwasse deel *saam met* en soms ook *van* die jeug moet leer nie. Uiteraard is dit ook andersom net so en nog meer waar. Die jeug was nog nie waar die volwassenes al was nie en moet natuurlik veel leer.[275] Dit gaan eerder hier om 'n gemeentegesindheid van steeds te leer wat dit is om as gemeente Skrifgetroue dissipelskap te beoefen. Volwassenes wat eerlik toon dat hulle nog leer om te wees wat hulle geroep is om te wees (en reeds in Christus is) bou die brug na die kinders en jongmense wat nou leer om te word wat hulle kragtens die verbond en hul geloof in Christus reeds is — dissipels van Christus Jesus, die Here.

Peter Savage sê in hierdie verband: "The Church as a learning community, in which all are becoming disciples and are making disciples, has as its goal 'building up the body of Christ . . .' " En sê hy "a christian community that lacks the radical discipleship which Jesus demanded (a commitment so strong that our ties to our families and even our own lives could be called hatred by comparison, according to Luke 14:26 — 33) can easily deteriorate into a religious club".[276] Voeg hierby Strommen se



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

bevinding dat twee uit elke vyf jeugdiges en volwassenes die Christendom primêr beskou as "a tool for personal goals, a self-oriented utilitarianism"[277] en die gevaar van 'n selftevrede gemeente wat nie meer leer wat Skrifgetroue dissipelskap in hul eie tyd is nie, groei tot 40%. Louis Cassels is reg wanneer hy sê: "if the church is to attract and hold young people, it must demand sacrifices from them".[278] Of soos Paul Fromer skryf: "Young people will never make commitments, never learn to live responsibly, never reach adulthood, until they find something worth dying for".[279]

En presies hieroor gaan ware dissipelskap — om te lewe en te sterf vir Hom, die Here en Verlosser.[280]

Wanneer die jeug in so 'n gemeentelike navolging van Christus ingelei word, leer hulle dat "discipleship is also an evangelistic medium. In the early church those whom the Lord did not add to their number, did not dare add themselves (cf Acts. 2:47). The outsiders were aware that joining the Christians meant the radical commitment they saw in the community, not some airy promise of peace and plenty. They saw the true nature of the Christian life lived out in front of them".[281]

★3 Gemeentebouende kategese

Thijs Booy het in 1950 geskryf: "Ik constateer verder, dat heel wat catecheten een levendig aandeel hebben in het verontkerstening — en versecülariseringsbedrijf, dat op heel wat catechisatie-uurtjies niet het: 'hier wordt het Woord uitgedragen', maar het 'hier wordt het Woord omgebracht' van toepassing is en dat vele catechiseermeesters met weinig verantwoordelijksheidsgevoel deze hun taak volbrengen". Hy het voorts geskryf dat as daar nie iets gebeur nie ("radicale ombuiging van de catechesetraditie") vrees hy dat binne die volgende 30 tot 40 jaar daar in Wes-Europa vrywel "geen catechisatie meer behoeft te worden gegeven".[282] Laasgenoemde het nie gebeur nie — daar word nog kategese gehou — maar eersgenoemde, te wete 'n radikale ombuiging het ook nie oral plaasgevind nie. In Duitsland is dit só dat daar gepraat word van uit-die-kerk-uit konfirmeer.[283]

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar sedert 1966 fenomenaal gevorder op die pad van meer doelgerigte en verantwoorde kategese. Sedert 1976 word ook (op baie plekke) intensief aandag gegee aan die vorming van kategete. Laasgenoemde is van die belangrikste komponente in kategetiese vernuwing. As die kategete nie slaag nie, is Booy reg wanneer hy sê: "dat het er velen zijn die niet dank zij, maar ondanks de catechisatie bij Christus zijn gekomen en dat dank zij de catechisatie velen van de kerk zijn vervreemd".[284] Goetz vermeld dat in die Verenigde State meer as die helfte van diegene wat die "Sunday School" verlaat het, se redes die "teacher" raak. "Dropouts also expressed dissatisfaction with leaders who do not seem to be really interested in young people, or seem to be unable to understand them".[285]

Die kategese staan te sentraal in kerklike jeugarbeid om te bekostig dat die kind hier op 'n tweede beste wyse bedien word. Wie hier faal, laat ge-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

woonlik onoortuigde jeugdiges toe tot lidmaatskap en kweek eenvoudig sy eie kerkvervreemdes. Te Winkel maak in hierdie verband opmerkings rakende die kategese en missionêre gemeentebou waarmee saamgestem moet word. Hy vra naamlik wat in die kategese aan die orde moet kom indien die gemeente dit wil laat slaag. As eerste belangrike saak noem hy dan die *geloofwaardigheid van die Evangelie en die kerk*. Die jeug vra inderdaad aan die ouer lidmate "wat het geloof, het evangelie en God nu precies betekenen voor hen? Waar zien we, dat het geloof voor u van fundamenteel belang is? Waar zien we iets van vergeving en verzoening — de grondwoorde van het Christelijk geloof — in de versplinterde Christelijke kerk? Waar zien we, dat het geloof u inspireert en u de weg wijst?" As moontlike uitkoms hier raak hy die belangrike verband ouers — kinders aan (waarop later weer volledig teruggekom word) waar ouers meer by die kategese betrek word en "het ontwikkelde zich al spoedig tot een wederzijds gebeuren: jongeren bevragen de ouderen op hun geloof en het blijkt, dat oud en jong voor dezelfde vragen en twijfels staan en dat ze zamen op zoek moeten naar de antwoorden".[286]

Voorts noem hy as belangrike moment in die kategese die soek na 'n "aantrekkelijke gemeente" waaroor reeds tevore iets vermeld is. Tereg sê hy dat "de aantrekkelijkheid van de catechese samenhangt met de aantrekkingskracht die er van de gemeente uit gaat. Als jongeren ontdekken, dat er in een gemeente, 'zinnige' dingen worden gedaan en gezegd, zijn ze best bereid daarover in een catechisatie-uur eens verder te praten en te luisteren". Die kategeet moet nie net kan verwys na voorbeelde uit die verlede nie, maar "naar een gemeente waar men — met vallen en opstaan — ook een beetjie op weg gaat in de voetsporen van Christus. De gemeente is het identificatie-punt voor jongeren. Een missionaire gemeente is een gemeente, die niet met groter woorden getuigt van haar geloof, maar die tastend en zoekend werkelijk gemeente van Christus wil zijn. In viering en studie, in gemeenschap en aktie; in aandacht voor elkaar en voor de wereld; pastoraal en diakonaal".[287] Kategese is dan alleen 'n aantreklike werksaamheid vir die jeug "als er een verbinding wordt gelegd tussen het hart van het evangelie, en het hart van de gemeente en het hart van jongeren. De catecheet heeft daarom twee fundamentele taken: luisteren naar het hart van de gemeente, d.i. het evangelie van Christus èn luisteren naar het hart van jongeren, want die twee moeten op elkaar betrokken worden".[288]

Laasgenoemde sluit weer aan by die groot uitgangspunt in hierdie studie dat die jeug, hoewel nog onvolwasse, volledig deel van die gemeente is. Daar is nog te veel kategete wat nou nog redeneer soos Booy gekla het naamlik "dat de ouderen de belangrijken zijn, de jongeren de aanstaande belangrijken = niet belangrijken en men dienoverkomstig beide categorieën behandelt".[289]

'n Volgende moment wat in hierdie verband belangrik is, is wat Te Winkel noem "catechese als oefenplaats". Die begrip "oefenplek" is in die jeugarbeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk reeds ingeburger en dit is moeilik om te bepaal wie dit eerste gebruik het. Kemp praat reeds



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

in 1963 in sy proefskrif van die Junior Kerkjeugvereniging as 'n plek om te "oefen".[290] Weliswaar word die term gewoonlik van die Kerkjeugaksie gebruik as inoefening of gimnasium vir dit wat in die kategese geleer is. Vir Te Winkel gaan dit om die kategese as plek om kinders te "oefenen in het *vieren*" en "in de *gemeenschap*".[291] En inderdaad moet die kategese geïntegreerd met die ooreenstemmende kerkjeugaksie hiervoor voorsiening maak. So word die gemeente gebou en vervreemding gekeer, want dan word die gemeente die plek "waar (jonge) mensen weer zichzelf terug vinden, omdat ze zich geaccepteerd weten door de gemeente en uiteindelijk door God".[292] Dobbins het geskryf dat "character is not developed through passive acceptance of transmitted truth. Character education is a process of meeting and solving moral and spiritual problems, under guidance. There is no substitute for practice in life situations".[293]

Om gemeentebouende kategese te wees, moet dit voorts ook "pastorale catechese" wees. Met laasgenoemde word gewoonlik bedoel die gewilligheid en vermoë van die kategeet om met die kind 'n persoonlike verhouding op te bou, na hulle te luister — "doorluisteren naar elkaar, totdat men elkaar verstaat in het hart van het bestaan".[294] Saam hiermee gaan die taak van die kategese om die jeug werklik aan die Bybel en gebed te bind. Dit is uiteraard moeilik, maar 'n komprehensiewe en intensiewe poging moet aangewend word om dit te bereik. Dit beteken:

* dat die verhouding kategeet-kind ontwikkel moet word tot een waar "all these varied and complex demands will be met as a Christian ought to meet them".[295] Hierdie eis hou verband met die feit dat kinders dikwels die geloofswaarhede as abstrak en as van weinig praktiese waarde beskou. Bleistein noem hierdie faset van jeugarbeid: geloof as lewenshulp. Volgens hom moet die kerk in onselfsugtige (selflose) dienswilligheid die kind se lewensituasie as oriënteringspunt neem en van daaruit bou en werk. Die jeug wat die geloofswaarhede as abstrak, misterieus, onbewysbaar en ongeloofbaar beskou, begryp nie dat daar in die Christelike waarheid oor hom gepraat word, dat die waarheid hom insluit en tref nie. Hy hoor nie dat in die spreke oor God oor hom en alle ander konkrete mense gepraat word nie.[296]

  Die kategese moet dus inderdaad lewenshulp wees, 'n leerervaring om te leef uit die Woord en deur gebed. Edwin Potts het geskryf dat dit een van die koepeldoelstellings van jeugarbeid is naamlik "to lead youth through experiences which will enable them to test and evaluate their Christian insights and develop a Christ-centered view of life" en "to help youth think seriously and constructively concerning the deep implications of the Word of God".[297] As die kategese dit wil doen, sal meermale begin moet word, nie by "ready-made solutions" nie, maar by "the uncovering of needs which lessons will help to meet ... as to challenge the class to seek its solution".[298]

  As hierdie waarheid nie in die kategese vasgehou word nie, word die gemeente nie gebou nie en word die klasse soos Te Winkel sê "alleen maar interessant voor verbaal begaafden. Het is niet verwonderlijk, dat veel catechisaties alleen worden bezocht door leerlingen van het



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

middelbaar onderwijs, want die zijn nog het meest geïnteresseerd in een oud boek en in verbale discussies ... Als de catechisaties te intellectualistisch, te "leerderig" blijven en we over de catechisanten heenschieten, vallen ze terug in een nieuwe geborgenheid van zachte liedjes en zoetige sfeertjes; in yoga en oosterse mystiek; in allerhande vervangingsmiddelen, die meestal heel ver van het evangelie der bevrijding afstaan".[299]

* Lewensgetrou

Kategese moet lewensgetrou en lewensnaby wees as dit wil funksioneer as gemeentebouende jeugarbeid en vervreemding-werende bediening. Anders sal die groot aantal jeugdiges wat na belydenisaflegging (en sommige reeds daarvoor) van die kerk vervreem inderdaad bewys wees "that we have not lost them but have failed to win them. In some cases we may have filled their minds with a certain number of abstract truths, but we may not have influenced their hearts. So long as the parents and the church exerted pressure, the children came to Sunday School out of a sense of duty. There was no way to avoid it. We failed to teach them to go ... on their own initiative. As soon as the outer pressure was removed, the child dropped out of Sunday School".[300]

* Keuse

Dit is waarhede soos bogenoemde wat 'n keuse (of keuses) vir Christus Jesus in die kategese so belangrik maak. Binne die raamwerk van leeronderrig het 'n persoonlike geloofsbinding aan Jesus Christus sy plek. So kan kinders se harte (verstand, emosies en wil) vir Christus en sy gemeente gewin en bereik word. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dit so wesenlik deel van die doel van die kategese dat kinders wat belydenis van geloof aflê, gevra word of hulle Jesus Christus as Here en Verlosser bely.[301] Wanneer Homrighausen skryf oor die verband tussen onderrig en evangelisasie (laasgenoemde veel wyer as die definisie in paragraaf 2.6 van hierdie studie) sê hy dat daar wel 'n tipe evangelisasie is wat onderrig en gemeentebou verwaarloos, maar "on the other hand, genuine evangelism accompanies and is a part of all Christian education, or it is not Christian ... Christian education is not evangelism, but it must be evangelistic and rest upon the Evangel. Evangelism is not education, but it must be educational and also rest upon the Evangel". Hy gaan voort om die belangrikheid van 'n oorgawe(s) te beklemtoon deur te sê: "It (die Christelike lewe MN) is a life of constant decision and commitment through various experiences. Each of which is but a new beginning to more growth".[302] Kettner is van oortuiging dat die eerste taak van die kerk is om hom te rig op "the uncommitted hearts of those who come to our church and Sunday School".[303] Sonder om enigsins hier te verval in die breë siening van sommige Amerikaanse teoloë se beskouing van evangelisasie, moet toegegee word dat die kategese wel 'n geleentheid bied om kinders tot 'n persoonlike aanvaarding van die ryk verbondsbeloftes in Christus te lei.[304]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hofinger skryf vanuit 'n Rooms-Katolieke agtergrond hieroor op so 'n wyse dat die waarheid vir sigself spreek. Hy skryf naamlik oor die feit dat kinders in die Christelike skool en in die gemeente veel oor godsdiens leer "but they have never been evangelized". Dit beteken dikwels dat "the end of religious instruction brings the end of their participation in the life of the Church and of their own prayer life as well. They are surely not committed Christians, and without further evangelization they never will be. This is the way that the vast majority of Christians are brought into the Christian community. They make no true commitment of their own. They have never decided to be or to become Christians". Hy gaan dan voort om te sê dat in die tye van 'n "monolithic Christian culture and a society with strong Christian convictions on the part of the group as a whole, such an initiation may have been sufficient and usually resulted in no disastrous consequences. In our age of religious indifference, pluralism and subjectivism, it certainly will not work any longer". Hy stel dit verder dat as jy die kerk sien as belydende vergadering van God se kinders, dan volg dit dat die kerk, "will logically demand a solemn expression of personal commitment as a constitutive element of authentic initiation. Without this the rite is meaningless. You cannot enter a deeply committed community without personal commitment".[305]

'n Belydeniskerk kan nie anders as om op te voed vir en te vra na 'n persoonlik belydenis van Jesus Christus as Here en Verlosser nie. Word dit losgelaat of deur kerkrade verwaarloos, word die gemeente nie gebou nie — al groei die name op die lidmaatregister. Dit sou verraad wees teenoor die wese van die gemeente as belydende liggaam van Christus en inderdaad die kweek van kerkvervreemdes en buitekerklikes binne kerkverband. So word die kerk volkskerk en word die gemeente in plaas van 'n operasiebasis, 'n werksveld. Wat deur die kerk moes gebeur het, gebeur nou in die kerk. Wat die basis moes wees van waaruit God deur sy gemeente die wêreld "binneval", word nou arbeidsveld wat oor en oor geploeg, bemes, gesaai word — met die gevolglik skraler wordende oes uit 'n land waar oorbemesting kontraproduktief raak — omdat die wese van gemeentewees, losgelaat is.[306]

*Diakonale kategese

'n Laaste aspek van gemeentebouende kategese is wat Te Winkel noem "diakonale Catechese".[307] Hieronder verstaan hy in hoofsaak dit wat onder paragraaf 2.4 van hierdie studie uiteengesit is, naamlik dat die gemeente dienend en helpend in hierdie wêreld teenwoordig is. En die kategese moet die jeug in so 'n gemeente inlei en tot sodanige gemeentewees opvoed. Hoewel dit waar is dat *voorneme om te dien* en die *daad self* by die jeug nie altyd hand aan hand gaan nie, is Strommen tog reg in sy afleiding op grond van navorsing dat daar by die jeug "a new willingness to serve" is.[308] Op hierdie saak word later weer teruggekom wanneer in paragraaf 3.3.3 hieronder samevattend oor gemeentebouende jeugarbeid in evangelisasieperspektief gehandel word. Hier is dit genoeg om te beklemtoon dat die kategese as wesenlik tot ge-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

meentebou in bogenoemde behoefte van die jeug moet voorsien. Kategese is inderdaad ook ten nouste verweef met die modus van die diakonia in die gemeentelike jeugarbeid. Sódanige kategese mag inderdaad gemeentebouend en vervreemding-werend blyk te wees.

★4 Gemeenskap wat behou

Te Winkel "pleit voor een catechisatie die oefent in de *gemeenschap*", want sê hy: "er wordt in de kerk veel gepráát over de gemeenschap, maar we oefenen ons er zelden of nooit in. Het is toch niet verwonderlijk, dat de jongeren zeggen zo weinig van de gemeenschap in de kerk te merken?".[309] En dit terwyl die jeug soek na egte gemeenskap met mense wat verstaan en wat hulle aanvaar soos hulle is en vir wat hulle is. Die hele tienerkultuur en die invloed van die sogenaamde "peer-group" is 'n bewys hiervan. Maar dit is inderdaad deel van die wese van jonkwees dat die kind en die jongmens geborgenheid soek. Strommen sê: "youth of all subcultures need and want the warmth found in an accepting group. That is mutuality".[310]

Gemeenskapbou is egter nie net belangrik omdat dit deel van die jeug se behoeftes is nie, maar omdat dit wesenlik is vir gemeentebou.[311] Arthur Foster skryf in sy boek oor die "huiskerk" tereg: "I do believe that community building is absolutely essential if the church is finally to be more than a collection of relatively congenial people engaged in useful and comforting activities. It is a means of strengthening the foundations for mutual ministry, by means of which members of a congregation, as a priesthood of believers, assist one another to discover and appropriate the resources of the Christian faith for their own lives".[312]

Maar wat word nou in hierdie verband met *gemeenskap wat behou*, bedoel? Strommen verduidelik dit so: "An attitude of mutuality includes an openness to change, a willingness to share ourself with another. Mutuality implies a growing together with another person or group of persons. When an adult is working with a youth, mutuality is exemplified by a relationship of co-seeking, co-helping, and co-working. The adult in this case views the youth as a whole being whose personhood he needs ... it is a recognition that one of us cannot 'go it alone,' that we deeply and truly need each other".[313]

Dit is 'n familie-ervaring, 'n groep wat aanvaar en waar ouers en kinders, volwassenes en jeug saamgroei. Dit gaan nie hier om 'n geslote groep van volwassenes waar jongmense alleen wanneer hulle volwasse is, toegelaat word nie, òf om 'n geslote groep van jeugdiges waar volwassenes omdat hulle "oud" is, uitgesluit word nie. Daar is sulke groepe in die kerk moontlik — groepe wat selfsugtig word. Sulke groepe belemmer gesonde gemeentebou en evangelisasie omdat hulle, soos Alessi skryf: "develop into 'cliques', become 'mutual admiration societies', resemble social clubs which completely fail to express Christ's concern for others". Tereg sê hy "such 'closed corporations' are not in harmony with the mind of Christ and may do the church more harm than good".[314]

Waarna hier gesoek word, is 'n groep waar saam na mekaar geluister



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

word en volwassenes en die jeug saamgroei tot dit wat hulle reeds in Christus is. Zuck en Getz en Strommen het oortuigend genoeg aangetoon dat die jeug 'n hoë prys plaas op 'n ouerhuis waar hulle aanvaar word, waar hulle veilig voel, waar hulle in die waarhede van die Skrif ingelei word, om bogenoemde waarhede te bevestig. Strommen sê byvoorbeeld: ''Adults tend to underestimate the degree to which youth idealize a home where members are knit together in love''. Jeugdiges uit sulke huise toon in alle sake groter bestendigheid, minder probleme byvoorbeeld met geloofsvrae, seksuele probleme, ens. ''Apparently an active awareness of Christian faith among parents and youth contributes to an atmosphere of love and understanding''.[315] Die jeug is nie soseer besorgd oor die dissipline in hul huis nie, maar ''are more troubled by a lack of communication and mutual understanding in their home''.[316] Gemeentebouende gemeenskap gryp inderdaad terug op die gesin as verbondskern. In hierdie klein groep, moet die jeug as eerste belewing van die gemeente in die kleine, aanvaarding en warmte ervaar.[317] Vir sover dit gemeenskap aangaan, is jeugarbeid hier ten diepste ouerarbeid. Leon Smith sê tereg dat dit belangrik is ''that there be a ministry of families to their own members — to improve Christian nurture in the home throughout the life span of all family members''. Hy gaan voort om uit te lig dat in die gesin:

* ouers én kinders 'n verantwoordelikheid het
* kinders 'n besondere bydrae kan lewer
* die huis en die kerk saamwerk vir dieselfde doel te wete: ''the growth and development of the children and of the adults in the home''. Beide het 'n taak. Die primêre taak vir gemeentebou vir sover dit onderrig aan hulle kinders betref, bly die ouers s'n. ''By 'precept and example' they teach the importance of the church, or they may teach that the church is unimportant by their attitude toward the church and its ministers''.[318]

Om só *saam* (as volwassenes, ouers en jeug) 'n groep van ware gemeenskap te vorm, saam te leer en saam te groei, is geensins maklik nie. Ouers en ouer lidmate sluit hulle dikwels af van die jeug as die nog-nie-belangrike mense. Wat meer is — die kultuur en tradisie maak sodanige gemeenskap dikwels uiters moeilik indien nie onmoontlik nie. In die tradisionele Suid-Afrikaanse kultuur is ''kinders gesien, maar nie gehoor nie''. Voeg hierby wat Mead gesê het naamlik dat enigeen wat voor Wêreldoorlog II gebore is, 'n immigrant in vandag se kultuur is.[319] Harris skryf insiggewend in hierdie verband: ''Many (ouers MN) are not prepared for the future by an understanding of the past since they were taught ideas and attitudes no longer relevant. Most parents are too uncertain about themselves and their world to assert old dogmatisms, but at the same time do not know how to teach their children, who are so different from what they themselves once were''.[320]

Wat nodig is om hierdie *gemeenskap wat behou*, te verwerklik, is inderdaad allereers 'n bediening aan ouers deur die prediking, ouerbyeenkomste en konferensies, pastorale gesprekke, leerervaringe ten



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

einde hulle die belangrikheid van hierdie waarheid te leer en om weë aan te toon hoe gesinslede mekaar kan help om as Christene in en buite die huis in die gemeente te leef.[321] R. Quere meen dat dit veral deur *onderrig* bereik kan word "in learning situations where youth and adults can explore the evangel in their existence".[322] 'n Gesinskamp waar gesinne deur middel van groepwerk in so 'n leersituasie geplaas word, kan help om hierdie doel te bereik. Harris pleit byvoorbeeld in hierdie verband vir wat genoem word "intergenerational faith learning". Sy haal John Westerhoff aan wat aangetoon het dat in hierdie intergenerasie-leerervaring

"(a) the older generation shares a history, tradition, legacy;
(b) the middle generation shares a reality of the here and now; and
(c) the younger generation shares a vision, a hope of the future".

So hoef dit natuurlik nie altyd te wees nie. Die ouer lidmate wat in Skrifgetroue dissipelskap groei, behoort eweneens nog 'n visie en hoop in hulle om te dra, maar veel van bogenoemde is egter waar. Harris vervolg dan deur te sê: "Intergenerational, family based systems of faith sharing are those of the Scriptures and early Christians; the schoolroom model of faith is a relatively new phenomenon in the history of religious education".[323] Sy pleit voorts tereg vir "family enrichment" — "where learning can be reinforced by all the members who have been together within the learning format".[324] Wat Kettner in hierdie verband, oor die getuienistaak van ouers en kinders skryf, is belangrik. Hy meld tereg dat baie ouers nooit as kinders geleer is of geleer het om hul geloof in Christus onder woorde te bring en met ander te deel nie. Dit is vir hulle uiters moeilik en vir sommige onmoontlik "and for that reason they are not setting a good example of witnessing for their children, nor are they able to teach evangelism to their children ... If our children will learn to witness when they are young they will most likely continue to practice witnessing as adults".[325]

Dit is egter nie net ouers wat, ten einde gemeenskap te bou, moet leer om saam met die jeug te wees, te dink en te leer nie. Ook ander volwassenes — kerkraadslede, leiers en so meer moet dit leer. Harris skryf: "As society changes, adults need to deepen and reinterpret their religious understandings and belief practices, which means the education of adults is as important as that of children".[326] Volwassenes is dikwels *vir* die jeug, maar nie in die gemeenskap *beskikbaar vir* die jeug nie. Zuck en Getz het byvoorbeeld aangetoon dat hoewel die jeug "stated they are fairly well satisfied with various church activities", "adult church leaders were not adequately conveying their availability for personal counselling with teens".[327] Hierdie beskikbaarheid word in jeugarbeid die beste oorgedra deur opregte liefde. Goetz skryf in hierdie verband ten opsigte van volwasse jeugleiers en hul kwalifikasies "genuine love will often accomplish with youth what nothing else will".[328] Kettner vertel van 'n seuntjie wat elke Sondagoggend van die een kant van 'n groot stad na die anderkant gestap het op pad na sy "Sunday School". 'n Polisieman vra hom toe by geleentheid waarheen hy gaan, en nadat hy geantwoord het,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vra die polisieman: "Why do you walk so far? Isn't there a Sunday School near home which you could attend?". Hierop antwoord die seuntjie toe: "Sure, lots of them, but they love a fellow at my Sunday School".[329]

Dit gaan om 'n vernuwing van die gemeenskap, die "mutuality" binne die gemeente. Die waarde van die gemeente as gemeenskap van die gelowiges is hier van basiese belang. En daar is maar een weg daarheen, naamlik deur saam as volwassenes en jeug te leef uit die Woord en te soek na die weg van die Woord. 'n Paar van die belangrike aanbevelings aan die einde van Zuck en Getz se ondersoek onderstreep hierdie waarheid:

* "Encourage teens to read the Bible regularly and assist them in finding how to enjoy studying it and benefiting from it.
* Instruct Christian parents on how to have meaningful family devotions with teens, how to discuss spiritual problems with their teens, and how to create a home atmosphere conductive to greater parent-teen rapport.
* Assists youth in thinking through reasons why the Bible forbids certain practices ...
* Guide teens in discovering Biblical principles for evaluating questionable practices not specifically prohibited by Scripture".[330]

Wat Te Winkel van die kategese as inoefening in die gemeenskap sê, is hier ter sake: "We zouden ons kunnen oefenen in het luisteren naar elkaar. Het letten op elkaar, het helpen van elkaar, gedragen door het accepteren van elkaar ... een groepsproces ... waarin de één de ander wat verder helpt en waar de groep (de gemeenschap) een middel is om de individuen tot hun recht te laten komen. Ik denk, dat we hier kunnen inspelen op een echte behoefte van jonge mensen. Veel jongeren zijn eenzaam, voelen zich alleen en alleen gelāten. Zou dan niet de gemeente van Christus de plaats kunnen zijn waar (jonge) mensen weer zichzelf terug vinden, omdat ze zich geaccepteerd weten door de gemeente en uiteindelijk door God?".[331]

Dit is om laasgenoemde rede dat Strommen meen dat dit in hierdie gemeenskapondersteuning veral gaan om "identity formation".[332] Die gemeente wat op bogenoemde wyse sy kinders en jongmense in 'n gemeentebouende gemeenskap wat behou, tot volwassenheid lei, het hulle vir Christus behou. Die kind en die jongmens se verbondenheid aan en geloof in God word grootliks bepaal deur die beeld van die gemeente, die aanvaarding in liefde in die gemeente en die wyse waarop die gemeentegehoorsaamheid uitdrukking gee aan God se bedoeling en plan met hierdie wêreld.

### 3.3.3 GEMEENTEBOUENDE JEUGARBEID IN EVANGELISASIEPERSPEKTIEF

Dit gaan in hierdie studie nie om jeugevangelisasie as 'n aparte georganiseerde werksaamheid nie, maar wel om jeugevangelisasie as 'n georganiseerde werksaamheid as deel van 'n omvattende en toereikende gemeentelike bediening. Dit gaan in hierdie paragraaf dus ook nie om



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

spesiale jeugwerk soos byvoorbeeld die "jeugdzorgwerk" in die Nederlandse wêreld nie.[333] Daarmee is nie gesê dat daar nie by hierdie tipe werk te leer is vir sover dit jeugevangelisasie betref nie. Die verskil is veelal die uitgangspunt te wete dat jeugarbeid en -evangelisasie gemeente-verantwoordelikheid is. Dit gaan ook nie hier om wat deur Otto Seydel as "missionêre jeugarbeid" beskryf word nie. Volgens hom gaan dit in laasgenoemde ook om verenigingswerk met die doel om jongmense na Christus te lei. Laasgenoemde is nie die probleem nie. Die probleem is die benadering in hierdie tipe jeugarbeid; die verbygaan aan die werklike behoeftes van die jeug; die volwasse-oorheersing en die inlywing in dit wat deur volwassenes as normale volwassewees voorgehou word.[334] Wanneer dit gebeur, word jeugarbeid weer tot *word wat volwassenes is.*

Wat Schambardt geskryf het oor die "sterk evangelisatorisch element" van "het jeugdwerk" is ook nie heeltemal hier van toepassing nie, want vir hom gaan dit nog om jeugwerk as 'n soort ekstra naas die kerk se werk. Tog is hy reg as hy sê dat in hierdie jeugwerk "zal dus nu eens het hoofdaccent vallen op het bewarend en conserverend karakter, dan weer meer apostolair gericht zijn".[335] Oor hierdie evangelisasie-gerigtheid of -perspektief gaan dit in hierdie paragraaf. En weer eens moet dit beklemtoon word dat hierdie evangelisasie-perspektief nie verkry word deur dit as 'n ekstra, by alle ander fasette van jeugarbeid by te sit nie. Dan kry dit die karakter van 'n aangeplakte bykomstigheid. Hier gaan dit om evangelisasie as wesenseie aan die gemeente en aan enige Bybels-verantwoorde gemeentelike bediening. Kortliks word hier gelet op hoe dit verkry kan word. In 'n sekere sin is dit samevattend van wat reeds op verskeie plekke aangeraak is.

3.3.3.1 Die jeug en die Bybelse visie op gemeentewees

★1 Gemeentebou is nie 'n doel op sigself nie

Dit is nie weer nodig om op die betekenis van Ef. 4 in te gaan nie. Genoeg om te beklemtoon dat uit vers 12 — 16 duidelik blyk dat gemeentebou tot geestelike volwassenheid nie ter wille van die gemeente as doel op sigself is nie, maar ter wille van Christus en ter wille van die funksievervulling in die liggaam en deur die liggaam. Die wisselwerking, dienswerk en "opbou van die liggaam" is in Ef. 4 ten nouste verbind.[336] Dat hierdie dienswerk ook 'n evangelisasie-gerigte dienswerk is, val uit die Nuwe Testament moeilik te betwyfel.

'n Skrifwoord wat hier van besondere belang is en wat in kerklike jeugarbeid ingebou moet wees, is die woord van Jesus volgens Markus 4:21-25. In hierdie gelykenis van die lamp gaan dit om 'n verklaring onder andere van die vrug wat gedra word wanneer die Woord gehoor en aangeneem is. Wanneer laasgenoemde gebeur, is dit gewoon logies dat die lamp op die staander sal wees. Dit gaan in kerklike jeugarbeid in besonder om die "waar word" van die gelykenis van die saaier. Nooit word daar weer só van 'n mens verwag om "te hoor" as wanneer jy 'n kind is nie. Jeugarbeid met evangelisasieperspektief sal die jeug leer dat as jy hier verkeerd hoor, in selfsug hoor, verloor jy dit wat jy gedink



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

het, jy het.[337] Dit is kortsigtige, onverantwoorde jeugarbeid wat die jeug in die steek laat as hulle nie bogenoemde geleer word nie. Dit moet 'n basiese lyn deur alles heen wees — ons het die Woord gehoor sodat ander dit deur ons kan hoor. Wie die Woord vir homself wil hou, vind tot sy ontnugtering uit dat hy dit nooit gehad het nie. Dit is soos 'n druppel kwik wat wel op 'n oop hand lê, maar nie vasvatbaar is wanneer jy jou hand toemaak nie. In 'n Bybelkorkursus is dit soos volg gestel: "Elke hoorder van die woorde van Jesus "meet" (hoor) nie net vir homself nie, maar hy hoor ook namens al die mense aan wie hy hierdie woord moet oordra en vir wie hy 'n lamp op die staander moet wees. Hier kom die gedagte by dat wie weet (hoor) om uit te deel (te verkondig), altyd meer kry. Daar word bygevoeg, die kennis word meer, die insig word meer deur die uitdeling van die Woord wat ons gehoor het. ... Geestelike insig of rykdom vermeerder dus deur die weggee (aan ander) van die dinge wat ons gehoor het. Geestelike blindheid of armoede word groter as jy die boodskap van goeie nuus wat jy hoor, vir jouself hou".[338]

Miskien is die tekort aan evangelisasieperspektief ook te wyte aan 'n misverstand oor die voortdurendheid van Matt. 28:19. Die wat geleer is om alles te onderhou, is meteens ook weer onder die opdrag om te verkondig. Die kerk kry met hierdie taak nooit klaar nie — totdat Hy kom. En die ganse jeugarbeid van die kerk moet in hierdie sfeer geskied naamlik dat gemeentewees en -leer om alles te onderhou, nooit doel op sigself is nie. In hierdie sin is dit inderdaad waar dat gemeentebou 'n middel tot die doel van die evangelisering van hierdie wêreld is.[339] Hiermee is vir geen oomblik die belangrikheid van gemeentebou verkleineer nie. Ook wanneer bely word dat gemeentebou nie evangelisasie nie, maar die eer van God tot doel het, is bogenoemde nog die waarheid, want God word ook geëer deur sy bekendwording in hierdie wêreld. Solank dit gekwalifiseerd verstaan word, is Stowe reg as hy sê: "The instrumental meaning of the church, and of church growth, for evangelism and mission must always be kept clear".[340] Ook wanneer die jeug geleer word dat die gemeente bestaan en opgebou word om God te eer, te aanbid en te dank, om mekaar onderling te dien moet bogenoemde perspektief net so vanselfsprekend as al die pas genoemde doelwitte daarby en in een asem genoem word. Teveel nog is dit 'n nagedagte en word kinders en jongmense groot met die idee dat dit tog 'n ekstra, 'n bykomstigheid is.

Laasgenoemde word waarskynlik ten diepste veroorsaak deur 'n kategese wat nie in evangelisasieperspektief staan nie. Kinders word nie geleer om alles te onderhou sodat hulle op hulle beurt weer kan verkondig nie. In hierdie verband het Arn en McGavran gesê: "The church is called to teach Christians to live in the world as Christians. If this is accomplished, evangelism, mission, stewardship, will all find their proper places ... It is not either evangelism or Christian education, it is rather *both* evangelism *and* Christian education ... The two are inseparably interrelated ... often a church is heavy on Christian education, light on evangelism, and doesn't begin to develop its real



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

capacities for evangelism ... It is easier to serve one's self than it is to serve other people''.[341] Bogenoemde skrywers, net soos ook T. B. Kilpatrick, gebruik wel ''education'' breër as net kategese, maar dit sluit sonder enige twyfel die kategese in. Hulle bedoel min of meer wat Firet onder *didache* verstaan.

Lering, en dan pertinent die kategese, met evangelisasieperspektief moet evangelies wees en kinders en jongmense tot persoonlike dissipelskap van Christus lei. Hoewel dit nie in die kategese eerstens gaan om evangelisasie as toegespitste bediening aan buitekerklikes nie, gaan dit wel om twee belangrike fasette in die gees van evangelisering, te wete die lei van verbondskinders tot verantwoordelike persoonlike dissipelskap *en* intensiewe sorg aan kerkvervreemde kinders wat wel nog onder druk van hul ouers en die maatskappy die kategese bywoon. Hofinger het in hierdie verband geskryf: ''Today we recognize that the problem of evangelization cannot be solved simply by catechesis of children, even where that catechesis is excellent. At the same time, we see clearly the important role such catechesis must play in the overall process of evangelization''.[342]

Om kategese só in evangelisasieperspektief te plaas, beteken dat

* verbondskinders aan Christus gebind word en voorberei word om sy Naam te bely
* kerkvervreemde kinders intensief vir Christus gewin word
* waar buitekerklikes wat by 'n kategeseklas inskakel, na Christus gelei word, die kategese in verband met die ander modi gehandhaaf word.

Kategese sonder byvoorbeeld pastoraat slaag nie. Kilpatrick sê dat die pastor die geleentheid het ''to encourage and help parents in that evangelism of the home, which is their special duty and privilege'' en ''to reach the children directly, not repelling them by unnatural solemnity, and yet very distinctly leading them to Jesus'' en ''to win young men to allegiance to the Son of Man''.[343] Ook beklemtoon hy die taak van die leraar om sy kategete te leer om bogenoemde doel te bereik en hoe om dit te bereik.[344]

Wanneer Hofinger skryf oor hoe kategese in evangelisasieperspektief geplaas kan word, noem hy onder andere die volgende voorwaardes:

* ''the first thing needed is *proper appreciation* of catechesis on the part of the parents.
* The catechesis of children must be distinguished by its *concentration on the main elements* of Christ's message presented in such a way that they can comprehend the constant emphasis on God's loving intention to call us to a great and happy life with Him.
* Any catechesis that truly evangelizes, must place great stress on *guidance to personal prayer*, inasmuch as prayer, more than anything else, expresses and actualizes our loving adherence to God.
* Evangelizing catechesis in all its forms is marked by *an insistence upon the Christian life* as a response to God's loving invitation''.[345]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dat hierdie waarhede of liewer die gebrek om dit te verwerklik, met die vervreemding van die jeug verband hou, sal in 'n volgende paragraaf blyk. Hier gaan dit om die noodsaak om ook die kategese in evangelisasieperspektief te bedien sodat aan die een kant hulle wat daar is tot ware dissipelskap gelei word, en aan die ander kant geleer word dat dissipelskap ook evangeliserende getuienis insluit.

Met laasgenoemde kan nie jonk genoeg begin word nie. Die vraag kan met reg gevra word of kinders nie later teen dit waarin hulle onderrig is, kies nie omdat hul nooit geleer het hoe bevredigend, hoe Christelik dit is om dit met ander te deel nie. Hierin is Cowan reg wanneer hy sê: "the reason we have not more adult evangelists in the church is because we have not been 'catching' them young enough".[346]

Wat meer is, belydenis of getuienis, is in die kerk se kategese nog te opsioneel. Kinders het nie van kleins af, in die ouerhuis, in die kategese, in die kerkjeugaksie geleer dat "witnessing to the grace of God is not reserved for professional workers and a few pious saints. Ministry is inherent in the life of Christ in which all believers share". Tereg vervolg Coleman: "Unless opportunity is provided for practical outreach, we will stagnate in self contentment and inertia.[347]

Myns insiens was Vollenhoven reeds in 1956 in die kol toe hy gepleit het dat 'n vraag in hierdie verband in die formulier vir die openbare belydenis van geloof ingebou moet word. As belydenis en getuienis so belangrik is, soos die Bybel dit stel;[348] as dit wesenskenmerk van die nuwe volk van God is dat hulle sy deugde verkondig,[349] dan moet die kategese ook begelei tot 'n regte bely van die Naam van die Here. Want, sê Vollenhoven "ieder, die in de Kerk belijdenis gedaan had, moest ook in de wereld belijdenis doen".[350]

In die belydenisvrae van die formulier in die Nederduitse Gereformeerde Kerk word hierdie belofte wel sedert 1976 geëis. Van jongmense wat belydenis van hul geloof aflê, word verwag om te beloof dat hulle sy Naam getrou sal bely voor die mense.[351] Wat egter nog dikwels ontbreek, is die begeleiding daartoe, die voorbereiding vir hierdie belofte en die direkte ondersoek daarna van die kant van die kerkraad. Woorde soos "*belyde*nisklas" "*belyde*nisaflegging", "*belyde*niskatkisant" ens. sal nie die wa deur die drif trek nie. Dit is wel korrekte terme, maar die *onderrig* self is nie altyd genoegsaam gerig op die *bely* van die Naam van die Here voor mense nie en die *ondersoek* gaan baie selde oor hierdie wesensaspek van Christendissipelskap. Sou hierdie waarheid wat reeds in beginsel ingebou is in kerklike jeugarbeid toegepas word, kan dit van die grootste bydraes word (indien nie dié grootste nie) om gemeentebouende jeugarbeid in evangelisasieperspektief te plaas.

★2 Evangelisasie verhoog geloofwaardigheid

'n Mens sou kon sê dat egte evangelisasiebewustheid en -bediening, gemeentebou as eg stempel. Gemeentebou wat nie ook uitloop op evangelisasie nie, was nie Bybelse gemeentebou nie. Bakker skryf in hierdie verband: "opbouw van de gemeente en evangelisatorische activiteit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

behoren bijeen en één van de wortels dezer eenheid is de prediking als kerugma''.[352]

Misverstand hieroor kan lei tot 'n selfgesentreerde doodsheid. Groei, opbou en evangelisasie gaan saam. Wilson skryf byvoorbeeld ten opsigte van die vorming van die dissipels van Christus dat ''at each step of growth their level of involvement in evangelism played a part in helping them mature . . . Thus, evangelism, in all forms is an integral part of the disciple-building process, as well as being the means of gaining new disciples''.[353] Wanneer hierdie gesonde Bybelse balans losgelaat word, word die Evangelie se geloofwaardigheid by die jeug op die spel geplaas. Sara Little skryf in hierdie verband dat ''youth seem to suggest that *mission* almost more than any other is the idea which might speak to them relevantly about the nature of the Christian faith''. Tereg sê sy voorts ''but *mission* cannot, must not, be interpreted as a new gimmick to put vitality into youth work. Whatever relevance it has to youth comes from its reality as a power in a whole church consumed with a desire to be obedient . . . If the concept — and the actuality — of mission to the world can continue to be a force for renewal of the church, young people as members will benefit through their participation in the ongoing life of the Body of which Jesus Christ is the head''.[354]

Dit is inderdaad waar dat 'n evangelisasiebediening die hele gemeente in al sy ander bedieningsfasette vernuwe en verryk. Kilpatrick skryf op grond van sy Nuwe-Testamentiese ondersoek: ''The example of the New Testament Church warrants us in the conclusion that the faithful fulfilment of the duty of evangelism is the great source of inspiration and guidance in every department of the Church's life and activity''.[355] So ook skryf Syrdal op grond van sy ervaring in 'n spesifieke gemeente: ''It was evident that emphasis on evangelism enriched the total life of the congregation and broadened the vision of members to encompass the total program of the church''.[356] Dit was ook die skrywer hiervan se ondervinding in 'n gemeente met besondere evangelisasie- en sendingbewustheid en -betrokkenheid. Dit verlewendig letterlik elke faset van gemeentewees van die erediens uit tot by die byeenkoms van die kinderkrans. Little skryf hieroor so: ''Its (die gemeente MN) maintenance of its own life through worship, nurture, fellowship, education, is an integral part of its mission — for how else would it be sure that its witness would be to the God and Father of our Lord Jesus Christ rather than to some fleeting idol? But this maintenance of its life is also a preparation for its mission expressed in outgoing concern, in servanthood, in love willing to suffer''.[357]

Wanneer jeugarbeid gemeentebouend en evangelisasie-gerig wil wees, moet met bogenoemde waarhede rekening gehou word. Norbert Mette het aangetoon dat evangelisasie en die geloofwaardigheid van die kerk ''intertwined'' is. ''We can even say that *the more seriously the Church takes the task of evangelization, the more credible it becomes.*'' Hy toon tot waarskuwing van enige gevestigde kerk aan dat ''churches are giving more and more people the impression of being more concerned





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

about themselves than the Gospel, and this impression seems by now so firmly rooted that mere apologetics can no longer eliminate it''. Die vraag is nie of dit ontken moet word nie, maar die kerk moet eerder homself afvra: ''Where do these Churches really display the characteristics of a community of hope?''. Die gevolg is 'n geloofwaardigheidskrisis: ''Fewer and fewer people can reconcile the appeal which comes from the Christian message with their experience of the Church''.[358] Wanneer die kerk in hierdie wêreld met die Evangelie van waarheid besig bly en betrokke raak by die nood van mense sonder om sy eie lewe te kosbaar te ag,[359] groei die kerk, veral by die jeug, in geloofwaardigheid. Die jeug het 'n besonder fyn aanvoeling of die kerk inderdaad liggaam van Christus is wat sy selfopofferende diens voortsit.

'n Verandering by leraars is in bogenoemde verband nodig, want natuurlik beteken hierdie visie op ware gemeentewees in evangelisasieperspektief dat die kollig van die ''centre of the stage'' weg beweeg en dat hulle wat inderdaad die diensvolk van God is, tot hulle volle plek op die verhoog van kerkwees in hierdie wêreld begelei word. Leraars hou dikwels òf vanweë die onkunde van die gemeente daarvan ''(to) become prima donnas; we want to hold the centre of the stage, enjoy the full floodlight treatment, and not allow anyone else to really share in our work''.[360]

'n Kort opsomming van wat Pickering skryf oor die evangelisasie ''outreach'' van die Nuwe-Testamentiese Kerk, is hier ter sake. Volgens hom was ''Evangelism'' die volgende:

* ''The outreach of an organized Church
* The outreach of an instructed Church
* The outreach of a stable Church
* The outreach of a worshipping Church
* The outreach of a Spirit-empowered Church''.[361]

Wanneer bogenoemde vasgehou word, word 'n gebalanseerde gemeentebouende jeugarbeid in evangelisasieperspektief 'n vanselfsprekende wesensdeel van gemeentewees. Só beklemtoon Little ook in 'n slotparagraaf van die prinsipiële afdeling van haar boek: ''What then, is to be said about the church's ministry with young laity? Essentially, that it is inseparable from the ministry of reconciliation. Adolescents find their identity through their discipleship among the people of God, and in the process, help renew that people through their questions, their contributions, and their confirmation of the purpose unifying the church''.[362]

### 3.3.3.2 Die jeug en 'n visie op God

Om die drie-enige God reg te ken, is die lewe.[363] Dit is in jeugwerk algemeen aanvaar dat die vraag na God die jeug se grootste vraag is. En juis dit maak dit in die gereformeerde jeugarbeid relatief eenvoudig om 'n evangelisasieperspektief in te bou, want die gereformeerde teologie, prediking, erediens, kategese, pastoraat en diens wys alleen maar na



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hom wat op die troon is. En juis daarom is dit nie waar dat die gereformeerde leer 'n evangelisasiebewustheid en ywer demp nie. Wanneer en as dit sou gebeur, was 'n leraar en gemeente nie gereformeerd met die Bybel besig nie. Hierin is Kuiper presies reg wanneer hy skryf: "In short, the Reformed Christian of all Christians ought to be zealous for evangelism. If he is truly — not just nominally — Reformed, he will be".[364] Dit kan nie anders nie. Al is dit so dat enige effektiewe evangelisasiebediening gedra word deur liefde en omgee,[365] is dit onteenseglik waar dat "love for unworthy self and love for unlovely man are indeed worthy motives, but neither of these is the ultimate motive. The ultimate, hence the most compelling, motive must be love for the altogether adorable God".[366]

Die jeug moet geleer word dat die God van die verbond 'n genadige en barmhartige God is,[367] dat Hy versoening bied en regverdig oordeel. Kuiper is reg wanneer hy sê: "The Reformed faith provides the strongest and noblest motive for evangelism ... The Reformed faith presents the purest an most comprehensive message of evangelism ... The Reformed faith proposes the highest aim for evangelism. It is not the salvation of souls. Nor is it the growth of Christ's church. Nor yet is it the coming of Chirst's kingdom. All those aims of evangelism are important, even of inestimable importance. Yet they are but means to the accomplishment of that end for which all things were brought into being and continue to exist ... *the glory of God"*.[368]

En dit moet die jeug leer. Hulle moet Hom reg ken, reg liefhê en reg dien. Wie die jeug hierin teleurstel, naamlik om hulle 'n regte visie op die God van die Skrifte te leer, het hulle nie net teleurgestel nie, maar het verloor. Só word die ganse lewe van die mens in evangelisasieperspektief geplaas.[369]

Ter afsluiting van hierdie paragraaf, 'n woord oor die atmosfeer waarin hierdie evangelisasieperspektief geleer en gekommunikeer word. Hierdie atmosfeer is die gees en gesindheid waarin die gemeente leef. Alessi sê dit is nie "an artificial creation which can be produced on a moment's notice" nie. "It is rather, the product of a loving concern for people". 'n Gemeenteatmosfeer wat deur die volgende gekenmerk word:

* "genuine interest in persons,
* spirit of acceptance
* appreciation for differences
* openness to dialogue
* commitment to caring".[370]

Of die jeug in so 'n gemeenteatmosfeer opgebou word met evangelisasieperspektief kan volgens Alessi getoets word deur eerlike antwoorde op die volgende vrae te verstrek:

* "Is your congregation generally optimistic, affirmative, and expectant, rather than gloomy and apathetic?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

* Is there a predominant and pervasive spirit of joy abroad in your church as it goes about its work and worship?
* Is your church willing to change program schedules, traditions, and organizations, rather than try to change people to fit in "our way of doing things?
* Does your church exhibit to any marked degree the ability to meet all the diverse needs of its own congregation and its community?"[371]

Gemeentebouende jeugarbeid in evangelisasieperspektief is nie alleen vervreemding-voorkomend nie, maar berei ook die kerkjeug tot "a part of the ministering Body of Christ"[372] hier en nou.

### 3.4 KERKVERVREEMDE EN BUITEKERKLIKE JEUG

Besinning oor die vervreemde en buitekerklike jeug is in die verband van hierdie studie van groot belang. Aan die een kant word sódoende die objek (die kerkvervreemde) van intensiewe ampsbediening en die objek (die buitekerklike) van evangelisasie as toegespitste bediening en die grysgebied tussen die twee objekte en bediening aangetoon en onderskei. Aan die ander kant is dit onmoontlik om werklik tot effektiewe evangelisasie te geraak sonder om die vervreemde mens te ken. Barnard sê in hierdie verband: "Daar is geen doeltreffende evangelisasie sonder 'n deeglike kennis van die vervreemding nie ... Die stelreël moet steeds wees: Bonum diagnosticum est bonum medicamentum-om goed te diagnoseer, beteken om goed te genees".[373] Te meer word hierdie goeie diagnose belangrik wanneer die omvang en graad van vervreemding van nader bekyk word. Op die omvang word in paragraaf 3.4.2 hieronder teruggekom, terwyl die grade van vervreemding in paragraaf 3.4.1 behandel word.

By wyse van inleiding word hier gemeld dat iemand soos Heitink dink dat die situasie onder die jeug op grond van rapporte en studies in twee begrippe saamgevat kan word te wete "vervreemding en engagement ... De relatie tot geloof en kerk is er voor grote groepen jongeren een van toenemende vervreemding".[374] Wat die saak nog minder eenvoudig maak, is "dat er bij dezelfde jongeren vaak zowel sprake is van vervreemding als van engagement".[375]

Barnard Häring het tereg gesê: "We cannot speak to the man of today without knowing him, without uniting ourselves existentially to his experiences, his joys, hopes and suffering ... Above all, it is necessary to know well the situation of the man and the community to which we are sent as messengers of salvation ... it is a question of scrutinizing and discerning those events, processes and interdependences which have profound repercussions on the whole moral, religious and social life, in fact on life in all its manifestations".[376] Of soos Van der Made dit stel: "Om wezenlijk hulp te kunnen bieden, moet men niet alleen de tijd kennen, maar ook met de tijd meegaan. Dat betekent een mede betrokken worden in het experimenteel zoeken van de weg, die men moet gaan".[377]

Ten einde enigsins die vervreemde mens en vervreemding te tipeer, word



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

hier vervolgens gelet op *wat vervreemding is*, die omvang en die oorsake daarvan.

### 3.4.1 WAT IS VERVREEMDING EN WIE IS VERVREEMD?

★1 Vervreemding is inderdaad 'n "komplekse verskynsel"[378] en te meer wanneer dit die jeug raak. Wat laasgenoemde betref, is die vraag van Beets ter sake: "Mag men vervreemding als een voorbijgaand (ziekte-) verschijnsel opvatten òf behoort vervreemding tot het grondpatroon van het menselijk leven?" As vervreemding sosiologies gesien 'n "generatie-probleem" is, "zou een samenleving zonder generatiespanning of generatievervreemding stagneren of ophouden creatief te zijn?"[379] Die vraag is dus of vervreemding nie ook positief beoordeel kan word nie. Of laasgenoemde vraag positief of negatief beantwoord word, hang hoofsaaklik af van die verband waarbinne die begrip gebruik word en watter uitgangspunt daarteenoor ingeneem word. Beets maak in hierdie verband veel van Keniston se begrippe "extreme" en "partiële" vervreemding. Op eersgenoemde word weer teruggekom. Die "partiële" vervreemde is egter 'n mens wat nog kan en wil saamwerk, maar wat nie alles in sy samelewing kritiekloos aanvaar nie en daarteenoor standpunt inneem (daarvan vervreem is). En in laasgenoemde sin is daar "partiële" vervreemding by almal. Wanneer Beets dan skryf oor die leiding van die behandelingsdeskundige ("adolescentoloog"[380]) sê hy: "Het is ondenkbaar dat een mens — adolescent of volwassene — in die huidige samenleving overal kritiekloos ja tegen zou kunnen zeggen. Wie volhoudt dat hij geen vervreemdings-gevoelens van anderen kan begrijpen — dat hij daar niet in kan komen — omdat hij die zelf nooit heeft, volgt een struisvogel-politiek".[381] In bogenoemde sin kan vervreemding dan ook positief wees en tot 'n beter samelewing lei. Normaalweg is die begrip egter negatief gelaai.

★2 Marx en Wichern

Wat is nou vervreemding? Deur die loop van jare is hierdie woord verskillend gedefinieer en met inhoud gevul. Van Dongen het die begrip soos dit by Marx en Wichern voorkom, ontleed en nagevors. Marx (wat sterk aansluiting vind by Hegel) sien vervreemding allereers as 'n aangetaste arbeidsverhouding. Die verhouding tot die "Akt des Produzierens" (tot die werk self) is aangetas "in zoverre de arbeid, niet meer primair gebonden aan de arbeider, maar aan degene, voor wie hij werkt, het karakter van vrij-scheppende daad verliest".[382] Voorts is vervreemding ook sosiaal te beoordeel. Die arbeider vervreem van sy milieu en van die ander mens. Wat laasgenoemde betref, sien hy die mag van mense oor mense as onmenslik. Die mens word só tot kneg en "de knecht is middel tussen de dingen en de heer".[383] Laastens is vervreemding vir Marx "selbstentfremdung" (selfvervreemding). Die mens word in die hedendaagse arbeid van homself vervreemd. Hy word so deel van die produksieproses dat hy self tot "goedere" word. "Wij vinden dus by Marx de lijn van de Entfremdung doorgetrokken tot in die existentie van de mens zelf, bedreigd door vermaterialisering, instrumentalisering, zinloze behoeftebevrediging en autonomisme der verschillende



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

levensgebieden.''[384] Dit gaan nie nou hier om 'n beoordeling van die oplossings van Marx en sy navolgers nie, maar slegs om aan te stip hoe hy vervreemding as "revolutionair humanist"[385] gesien het. By Marx gaan dit om 'n "economisch gefundeerde theorie der zelfvervreemding-zelfverwerklijking" — onder andere om die afwykende gedrag van individue en die ontoereikendheid van samelewing-strukture.[386] Beets sê tereg by die skryf van sy boek in 1968 dat enigeen wat om hom kyk, kan insien dat "communisme de generatiespanningen niet heeft kunnen doen verdwijnen. Vooral studenten blijken nadrukkelijk vervreemd te zijn van de instituties waarin zij functioneren. In hun verzet tegen de establishment van hun universiteiten tonen zij aan dat zij vervreemd zijn van de opvattingen en opstellingen van een oudere generatie".[387]

By Wichern kom ons nader aan dit wat gewoonlik in kerklike kringe onder vervreemding verstaan word. Van Dongen het aangetoon dat "vervreemding is bij Wichern primair het leven in een gottentfremdete Welt"[388] — 'n lewe in 'n Godvervreemde wêreld. As hoofoorsaak hiervan sien hy die sedelike verderf wat ontstaan as gevolg van die heersende ongeloof, die veragting en bespotting van die ware Christendom.[389] Uit die gebruik van sy sentrale begrip "redding" is dit duidelik dat hy bogenoemde vervreemding as omvattend sien en nie net as godsdienstige vervreemding nie. Die hele mens is daarby betrokke. Die redding is nie alleen sondevergifnis nie, maar 'n "opvoeding tot gemeenschap in vrijheid".[390] Die vreemdstaan teenoor God, het die mens vreemd vir mense en vir die gemeenskap gemaak.

Sonder om verder in te gaan op sy oplossing soos byvoorbeeld die terugwin vir die kerk en vir die Duits-Christelike beskawing, is dit duidelik dat hier 'n teologiese beskouing van vervreemding na vore tree naamlik as verkeerde of gebroke verhouding tot God. Die mens het van God vervreem òf God het vir die mens vreemd geraak. Wichern dink, volgens Van Dongen byvoorbeeld ook sterk in ruimtelike kategorieë ten opsigte van vervreemding. "Hier het Reich Christi (Ryk van Christus MN), daar het Reich der Sünde (ryk van die sonde MN), hier de kerk, daar de wereld". Tot so 'n mate dat "Entfremdeten" (vervreemde) vir hom dikwels sinoniem is met "Entferntren" (ver, afgeleë).[391]

### ★3 'n Verhoudingsprobleem

Beets bespreek in sy boek nog enkele ander beskouinge oor vervreemding. In wysgerig-sosiologiese studies (soos die van Beerling) word vervreemding 'n "relatie-begrip met een sterk normatieve inhoud" genoem. "Het staat in een dialectische relatie tot het begrip 'ontmoeting' ".[392] In hierdie verband bespreek hy dan ook Marx en Hegel se beskouinge.

Sosiologies word vervreemding dikwels as 'n generasieprobleem getipeer. Onder bepaalde omstandighede word wantroue tussen twee generasies gebore. Volgens Bettelheim gebeur dit veral wanneer ouers en die samelewing volhou om die "emotioneel — onmogelijke van jongeren te verwachten".[393] Beets haal in bogenoemde verband 'n sosioloog aan wat heel positief oor byvoorbeeld die "jeugd in beroering" in die Verenigde State van Amerika oordeel as sou dit oppervlak-beroering wees van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

jongmense wat uiteindelik tog weer inval by die bestaande tradisies en norme.[394] En tog is daar ook 'n ander onontloopbare waarheid naamlik dit wat Keniston aangetoon het met sy onderskeiding (as psigoloog-sosioloog) van "extreme" en "partiele" vervreemding. Volgens hom is 'n sekere deel van die jeug ekstreem-vervreemd. Hulle is dikwels die begaafdes aan wie alle geleenthede tot ontplooiing deur ouers en gemeenskap gebied word. Hy word tot selfstandige kritiese onderskeidingsvermoë opgevoed. So iemand vertoon kenmerke van ekstreme individualisme, 'n afsydige waarnemer en 'n kritiese kommentator, "buitengeslotene".[395]

Hierteenoor is die "partiele" vervreemde, persone wat "bij voortduring zeer bewust leven, met alle registers open, voor álle ervaringen en indrukken vatbaar. Zij laten in hun denken álles toe wat in hen opkomt, blijken gepreoccupeerd door wat zich zo al aan een mens opdringt, en pogen daartegenover kritisch stelling te nemen".[396]

Terwyl die "extreem" vervreemde "diffuusvervreemd" is (en hulle vervreemding hul hele lewe afsydig en vreemd aan alle normale, bekende maak),[397] is dit by die "partiele" vervreemde anders. Hy "*doorbreekt* het zuiwer — individuele, het solipsistische denken en het private fantaseren. Hij is bereid tot *samenwerken* en *samendenken*. Partieel vervreemden kunnen in samenwerking met anderen tot een constructieve inzet komen. En daarin zijn zij niet van de samenleving vervreemd maar vertonen zij solidariteit met wat in de samenleving gaande is".[398]

Dit gaan in hierdie hele vervreemdingsproses of-stryd om wat Erikson identiteitsverwarring noem.[399] Beets is daarom reg as hy samevattend uit verskillende sieninge saam met Keniston konkludeer dat vervreemding by die jeug in 'n maatskappy van welvaart en tegniek "refusal in a ego-demanding society" is.[400] Dit is "neen zeggen tegen een samenleving die een zeer specifieke ego — structuur van mij verwacht. ... Door zich tegenover alles en iedereen te stellen, door zich overal buiten te houden, ervaren zij een gevoel van ik-zijn ... Vanuit vervreemding tegenover het bestaande — de establishment (wat 'n bepaalde "ego-structuur" van hulle verwag MN) — komen zij gemeenschappelijk tot een stellingname tegenover de zittende machten en dwingen zij concessies af ... Die vervreemding meldt zich telkens opnieuw *in de vorm van* generatiespanning".[401]

Wel is waar dat die jeug "scene" sedert Beets se boek aansienlik verander het. Tog is die basiese probleme nog daar en is die talle "dropouts" of "hippies" of wat die samelewing hulle ook al noem, bewys daarvan dat daar nog steeds die vervreemde is wat ontvlug; die vervreemde wat hom direk teenoor alles stel en veral polities-betrokke is met betogings ens.; die vervreemde wat, omdat hy nie die samelewing verander kry nie, apaties raak en net leef omdat hy nie sterf nie; die vervreemde wat met sy identiteit of ego-struktuur worstel en waarvan sommige dit vind en ingroei in die samelewing — ander dit nooit vind nie en uitval uit die samelewing. Vervreemding is eie aan die jeug en dit is inderdaad soos Beets sê 'n "jeugdleven waarin jonge mensen langs afgronden balanceren". 'n Lewe van "zéér-alléén zijn en van vervreemding".[402]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★4 Wanneer is iemand vervreemd?

Ten einde vervreemding nog beter te verstaan en so uiteindelik kerkvervreemding en buitekerklikheid by die jeug in perspektief te sien, moet daar nog op die volgende gelet word. Wanneer voel 'n mens vervreemd of wanneer is jy van iemand of iets vervreemd? Van Haaren stel dit korrek wanneer hy sê: "Vervreemding ervaar je als je niets van jezelf in de ander kunt terugvinden; het duidt op de afwezigheid van kontakten, welke er eigenlijk van nature zouden moeten kunnen zijn. Ten aanzien van de kerk kan dit tot uiting komen in de onmacht om de kerk te aanvaarden, omdat het kerkelijk leven, zoals je dat ziet en interpreteert, geheel langs je eigen leven heenstroomt".[403] Wat D. J. Louw skryf in verband met die gesteldheid van die industrie- en stadsmens is hier van toepassing. Daar is by vervreemde mense (jonk en oud) "'n verlies aan affektiewe en kreatiewe integrasie. Daar vind 'n verstopping van menslike indentiteitsontplooiing (en 'n mens sou ook in die lig van bogenoemde kon sê 'n identifiseringsontplooiing MN) en sinvervulling plaas".[404]

Sonder om hier reeds in te gaan op die *oorsake* van vervreemding, moet in hierdie verband reeds gemeld word dat kerkvervreemding "agtergronde" het. Louw is reg wanneer hy sê dat die "hedendaagse mens dreig om 'n *mens-vervreemde* mens te raak. Hierdie vervreemding staan nie los van die proses van *kerkvervreemding* nie.[405] Die mens raak vreemd aan egte lewe in gemeenskap met ander, met sy wêreld, met God. Die stadmens ontwikkel heel dikwels 'n indifferentisme, 'n apatie , 'n niks-hê-aan-iets-of-iemand-gees. Hulle ervaar 'n buite-die-ander-wees-gevoel, wat lei tot eensaamheid en vervreemding in sy ergste vorm. Louw haal in die verband vir G. Simmel aan wat gesê het: "It is the experience of being outside of, rather than away from a group".[406] Die vervreemde is dikwels in die samelewing reeds 'n geïsoleerde mens met meer as woonstelmure, erfheinings of koshuismure tussen hom/haar en die ander. Dit is die sogenaamde "vierde-mens" "the radical, post-bourgeois man of industrial society. He has been dissevered from the community existing in the churches and falling under the churches' sphere of influence and is counter to the third man of the Corpus Christianum".[407] Laasgenoemde dan as die mens wat die oorsigtelike Christelike invloed en gesag eerbiedig en aanvaar. Louw voeg by dat die vervreemde mens nie net post-Christelik, post-kerklik, post-burgerlik, post-persoonlik en post-religieus is nie, maar ook poste-restant: hy het adresloos geraak en soek om deur iemand afgehaal te word".[408] 'n Mens sou kon byvoeg dat sy adres juis vir hom deel van sy vervreemding geword het. Soos Marx gesê het ten opsigte van die arbeider dat hy deel word van die "goedere" wat gemaak word, so word die vervreemde mens 'n adres, 'n posbus, 'n blok woonstelle, 'n ry kamers.

★5 Vervreemding as "afstand neem"

Barnard is reg wanneer hy skryf dat vervreemding sien op "die hele gebeurtenis dat mense om baie redes van die kerk los en afvallig raak".[409] Hiervoor is inderdaad baie redes waarop nog teruggekom word. Die feit van vervreemding is hier van belang. As bogenoemde omskrywinge in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gedagte gehou word, kan daar met Van Haaren saamgestem word wanneer hy skryf: "De vervreemding ... zou wel eens het gevolg kunnen zijn van het ontbreken van de aansluiting, van het volkomen langs elkaar heen gaan van datgene wat de kerk geeft en vraagt en is en dat wat de jonge mens bezig houdt. Wanneer de verwachtingen van de jeugd geen enkel raakpunt hebben met de verwachtingen, welken de kerk heeft en geeft, dan ontstaan daardoor twee geheel verschillende werelden".[410] Die jeug is vervreemd van die kerk wanneer hy "niets meer van zich zelf in de kerk kan terugvinden en hij er niet in slaagt van de kerk antwoord te krijgen op wezenlijke levensvragen, terwijl toch de kerk deze antwoorden moet kunnen geven".[411]

Die kerkvervreemde kind en jongmens is dus meermale die mens wat "aan de overkant van de kerk staat: de overkant wil niet altijd zeggen, dat zij er tegenover gaan staan, het wil wel zeggen, dat zij op afstand gaan staan, om beter te kunnen zien".[412] Van Haaren vergelyk dit met 'n jongmens wat ook na sy eie huis en familie van die oorkant van die straat kyk om hulle beter waar te neem. Hy weet dat hy nog familie is, nog dáár hoort, maar hy "neemt afstand" om die familie beter te bekyk.[413] Dit hoef op sigself nie altyd negatiewe vervreemding te beteken nie. Dit hou verband met die volwassewording en groeiende kritiese onderskeidingsvermoë van die jeug waarop in paragraaf 3.4.3 teruggekom word.

Wanneer die jeug in hul waarneming van die kerk egter nie voldoende kan ontplooi en identifiseer nie, volg dikwels ernstiger en ernstige vervreemding van die kerk. Veral wanneer hierdie negatiewe beoordeling gevoed word met wat Van Haaren noem 'n kerkmoegheid by die jeug: "zij maken zich los, omdat ze teveel van de kerk hebben ervaren, wat op een vlak lag, waarmee ze zich vroeger noodgedwongen moesten verenigen, doch waar ze nu, zo gauw ze de kans hebben, zich van kunnen distanciëren".[414]

Hoe meer afgewater die beeld van die kerk in 'n betrokke land is, hoe sterker is die moontlikheid dat kerkvervreemding by die jeug nie noodwendig Christusvervreemdheid is nie. Te Winkel sê tereg dat "de opvatting, dat iedere buitenkerkelijke een ongelovige is, is tegenwoordig niet meer vol te houden".[415] Faber het reeds in 1969 geskryf: "De termen buitenkerkelijke en de ongelovige zijn namelijk termen, welke van een bepaalde dominante groep uit worden gebruik".[416] As die kerk nie meer met sy ware kerkwees erns maak nie; as die kerk in die samelewing tot randfiguur word wat vir mense in geestelike, fisiese, ekonomiese, lewensnood irrelevant is, afsydig is, moet verwag word dat mense van dié gestalte van die kerk los en afvallig word sonder om noodwendig ook ongelowig, ateïsties en vyandig te word. In so 'n maatskappy en met 'n kerk wat nie roepingsgetrou is nie is Te Winkel reg wanneer hy skryf: "Er zal dus een onderscheid gemaakt moeten worden tussen mensen, die vervreemd zijn van het evangelie en mensen, die van de kerk vervreemd zijn".[417]

★6 Evangelie-vervreemd

Dit is egter ook moontlik dat kerkvervreemdheid inderdaad 'n teken van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Evangelievervreemdheid kan wees. Barnard praat in hierdie verband van "fases" en "grade" van vervreemding.[418] Vervreemding is meer dikwels 'n proses waarvan die begin moeilik bepaalbaar is, maar waarvan die verloop redelik duidelik is. "Sommige persone is slegs vervreemd van òf die kerk, òf van die Bybel, òf van Christus, terwyl andere weer van sowel die kerk as die Skrif en van Christus vervreemd is".[419] Vervreemding word op sy ergste wanneer "mense hulle losmaak *van die gesag en invloed van die Bybel* as die openbaring van God ... waar mense vervreemd raak *van Christus*, waar hulle sy boodskap verwerp en Hy vir hulle nie veel beteken nie, waar hulle afsydig of vyandig teenoor Hom staan".[420] Dit is vervreemding in sy diepste wese dat iemand wat eens *naby* was, *ver* gaan staan; iemand wat *deelgehad* het in, sy deelhê opsê en verwerp; iemand wat *behoort* het, *wegraak* van die Herder en die kudde; iemand wat *geërf* het, sy *erfnis* en *Erfgewer* groet en in 'n ver land sy erfenis en homself verloor.[421]

★7 Handhawing van kerkbande

In 'n land met sterk Christelike tradisies en die kerk as wesenlike deel van hierdie tradisie is daar 'n nog tragieser en moeiliker hanteerbare vorm van vervreemding. Dit naamlik dat mense (jonk en oud) wel van Christus en sy Evangelie vervreemd is, maar nog bande met die kerk handhaaf. Sulke mense leef nie uit die Evangelie nie, staan nie onder bevel van die Koning nie, sy wil en gesindheid bepaal nie hulle gedrag nie, maar hulle is in die eredienste, gee 'n bydrae, ag hul lidmaatskap van populêr-maatskaplike belang. Hulle kerkverbintenis is deel van die "Afrikaanse manier van lewe". Barnard sê dat "hulle wel van Christus vervreemd is, maar nie opvallend van die Kerk vervreemd is nie".[422] Hierdie situasie maak vervreemding by die jeug van die Nederduitse Gereformeerde Kerk heel gekompliseerd. Alleen 'n intensiewe empiriese navorsing sou kan aantoon hoeveel kinders en jongmense inderdaad nie leef onder die Heerskappy van Christus deur sy Woord nie, maar wat nog sterk bande met die kerk en sy eredienste handhaaf.

★8 Kenmerke van die vervreemde

Wat nou is kenmerkend van die kerkvervreemde-Christusvervreemde jeug en ook vir die buitekerklike-Christusvervreemde jongmens? Voordat op sekere oorkoepelende kenmerke van vervreemdes gelet word, is dit nodig om hier aan te toon dat net soos daar grade van kerkvervreemding is, is daar ook grade van buitekerklikheid. As gevolg van verwaarloosde dissipline en tug is daar kerkvervreemdes wat eintlik reeds buitekerklik dink en leef. Die band met die kerk bestaan formeel nog, maar die persoon is reeds van harte buite die kerk. Faber en Ten Have het die volgende vier kategorieë van buitekerklikes aangetoon[423] en dit kan vandag nog gehandhaaf word:

* "de kern-buitenkerkelijke". Hierdie persone beskou die kerk as 'n "bedenklijke instituut in het maatschappelijk bestel". Die kerk is vir hulle van geen betekenis nie.
* Die "gewoon-buitenkerkelijken". Normaalweg is die kerk van geen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belang nie, maar "waar van betekenis uit een oogpunt van conventie wordt de kerk aanvaard".

* Die "rand-buitenkerkelijken". Hulle gedra hulle dikwels ambivalent teenoor die kerk.
* Die "naam-buitenkerkelijken". Ook genoem "sleur-buitenkerkelijken" met "een indifferente levenshouding ten aanzien van godsdienst en levensbeschouwing".

Hierbo is nou reeds sekere kenmerke van die vervreemde genoem soos byvoorbeeld hul indifferentisme. Die kerk en sy saak maak net nie saak nie. Dit maak aan hulle geen "difference" of die kerk daar is of nie.[424] Verskeie navorsers noem ook nog ander kenmerke van die vervreemde en ter wille van 'n enigsins vollediger beeld word enkeles hier aangehaal.

★8.1 Jean le Du skryf in 1972: "Meer en meer verlaten de jongeren de Kerk. Deze vaststelling is pijnlik, maar reeds banaal. Het geloof van het kind gaat aan het wankelen. Sinds enkele jaren gaan alle godsdienstige praktijken nog sneller achteruit. Eerst zijn de jongeren zich gaan vervelen. Dan hebben ze de indruk gekregen niets meer te begrijpen van een wereld waar toch niets aan te veranderen viel, waar niets de creatieve mens aanspreekt. *Ze werden onverschillig, sceptisch, soms opstandig . . . Ze hadden er geen enkel houvast gevonden om zich zelf te worden*".[425](kursief MN)

★8.2 Veel vroeër (1941) reeds skryf Dijk dat minstens vier stappe van "indifferentisme" by vervreemdende jongmense te onderskei is. Hy noem die "afdwalenden indifferenten" die koel en onverschillig tegenover den dienst des Heeren en Zijn kerk staan". Die tweede groep is nie meer ewe koel teenoor die nie-Christelike nie: "zij heeft de wereld liefgekregen". Hulle gaan op in die wêreld en "willen den dag der vreugde plukken en zich inleven los van het benepen gareel van het Christelijk geloof". Derdens is daar die "verstands-afvalligen". Hulle kom in konflik met wat die Bybel is en leer en "vooral de gereformeerde belijdenis is mij te dwaas en heel het Christendom is niet te handhaven". Laastens is daar die "vijandig-geworden jongeren" — hulle gaan of die weg van die rewolusie of die weg van die modernisme op.[426]

★8.3 Beets gebruik 'n begrip wat volgens hom aan Durkheim ontleen is om 'n sosiologiese kenmerk van vervreemding en vervreemdes aan te dui naamlik *anomie*. Dit verwys veral na "afwijkend gedrag, sociale disintegratie, vereenzaming, nonconformisme, aberratie" as kenmerkend van die vervreemde mens.[427]

★8.4 Wat D. K. Pace skryf ten opsigte van jongmense en ander volwassenes in gevangenisse is hier van belang. "Inmates are not only physically captive; many are also in bondage to drugs, alcohol, lust and sexual perversion, hate, and need the deliverence that can be found in Christ. Most inmates suffer from spiritual blindness caused by bitterness, rejection of authority and evil".[428] Hierdie kenmerke is ook waar van die vervreemde jeug wat nie (of nog nie) in die gevangenis is nie en wat as vervreemdes in die gemeenskap en binne gemeentegrense leef en werk of nie werk nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★8.5 Kemp het in 1963 reeds van 'n "bepaalde geesteshouding" by die jeug geskryf — 'n houding wat gekenmerk word deur vervreemdingsaanduidings of op die minste, elemente van vervreemdingduidinge. Hy noem "geestelike onvolwassenheid, 'n ongeïnteresseerdheid en passiwiteit, 'n onbeslistheid wat neig tot 'n houding van ontvlugting en vermyding van verantwoordelikheid, 'n lewensdoelloosheid of stuurloosheid, 'n massamentaliteit waarin weggeskram word van persoonlike verantwoordelikheid en 'n geringskatting van en onverskilligheid teenoor tradisionele lewenswaardes, het sy kultureel, sedelik of geestelik".[429]

★8.6 Terblanche sien as tipiese kenmerke die "skeptisisme, nihilisme, beklemtoning van die genot en nuttigheidsbeginsel (pragmatisme) en 'n fatalistiese lewenshouding".[430]

★8.7 H. Vollenhoven beskryf die buitekerklike — Christusvervreemde as "jeugd zonder God, zonder troost, zonder enige bestemming, zonder hoop, zonder geloof; tussen God en chaos". Treffend is sy term wat hy telkens gebruik te wete "blanco jeugd" — "geestelijk leven ze in een vacuüm". Hy onderskei tereg dat hierdie jongmense wat geestelik nihilisties is, nie ook noodwendig sedelik "losgeslagen zouden zijn". By baie van hulle is hoë sedelike standaarde, ekonomiese doelgerigtheid, maatskaplike sukses, akademiese prestasies, ens. "In de burgelijke zin van het woord leven de meesten doorgaans nog zeer fatsoenlijk". Hy onderskei dan ook die "nihilistische massajeugd" van die "indifferente jongeren, de zgn. asfaltjeugd, die ook in zedelijk opzicht is losgeslagen en wien 'het allemaal niets meer schelen kan".[431] Sedert Vollenhoven bogenoemde in 1957 geskryf het, was daar die sogenaamde jeugrevolusie van die sestiger- en vroeë sewentigerjare en het laasgenoemde groep, veral vir bogenoemde tyd, geweldig gegroei en is waarskynlik baie meer buitekerklike jeug ook "zedelijk losgeslagen".

★9 Marginale mens

'n Laaste opmerking voordat 'n samevattende woord oor die *wat* van vervreemding geskryf word, is 'n verwysing na wat genoem word die "marginale mens". Volgens Oldendorff het R. E. Park hierdie begrip begin gebruik vir die persoon "die half-weg is tussen twee contrasterende culturen, waartussen opvattingen van superioriteit en inferioriteit, van vooroordeel en oppositie heersen".[432] Soos in Amerika sal hierdie begrip en toestand van konflik en vervreemding ook hier in Suid-Afrika veral die immigrantejeug raak. Behalwe wat hierbo genoem is en wat alle vervreemde jeug in mindere of meerdere mate geld, sal by die immigrantvervreemde en buitekerklike ook nog met sy marginaliteit in bogenoemde sin rekening gehou moet word. Dit geld in groot mate ook Swart jeug in die stad wat inderdaad marginaal tussen twee kulture, twee wêrelde is.

★10 Samevattend

Wat is vervreemding en wie is vervreemd? Terwyl met al die kompleksiteit van hierdie verskynsel en met alles wat hierbo gesê is, voortdurend rekening gehou word, kan met Barnard saamgestem word dat vervreemding primêr



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

(*) " 'n Afwending en afval van God . . . 'n losmaking van Hom en sy Woord, maar ook van die Kerk as 'n planting van God in Christus" is.[433]

(*) Dat dit 'n vervreemding tussen mens en medemens, tussen mens en sy wêreld is. Barnard noem dit "horisontale vervreemding".[434]

(*) Vir sover dit die kerk as verbondsgenote aangaan, is dit verbondsverbreking, verbondsafval, verbondsongehoorsaamheid.[435]

* Dit is 'n gevolg van sonde en bring skuld op die mens. Die Ou Testament teken telkens die verbondsverbreking, die aanhang van vreemde gode en vervreemding van die ware God as wederstrewigheid en opstandigheid.[436]

### 3.4.2 DIE OMVANG VAN KERKVERVREEMDING EN BUITEKERKLIKHEID BY DIE JEUG

★1 Jeugvervreemding nie nuut nie

Sonder om iets af te doen aan die erns van die saak waaroor dit hier gaan, kan tog gemeld word dat jeugvervreemding niks nuuts is nie. Van den Heuvel haal 'n opmerking aan wat aan Socrates (in die 5de eeu v.C.) toegeskryf word: "Youth today loves luxury. They have bad manners, have contempt for authority, no respect for older people, and talk nonsense when they should work. Young people do not stand up any longer when adults enter the room. They contradict their parents, talk too much in company, guzzle their food, lay their legs on the table and tyrannize their elders".[437] Hoewel dit reeds raak aan die oorsake van vervreemding by die jeug, kan 'n mens nie anders as om met S. Little en Van den Heuvel saam te stem dat "it seems that in each culture, before it declines or before existential changes take place in it, such a strain is put on the younger generation that they feel compelled to rebel and show in their conduct their unrest and uncertainty about the future. Whenever this happens, they are described as revolutionaries or nihilists by adults (whose reactions always seem to be the same). Adolescence as distinct human behavior emerges when a society is no longer stable . . . 'Socrates' famous comment referred to youth whose disobedience and bad manners were marks of the decay of Greek culture, when adults no longer produced the clear leadership and inspiration that could be accepted happily by the young adults".[438]

Hiermee is alleen gesê dat hoe groot ook al die feitlike en sedelik-godsdienstige omvang van vervreemding by die jeug — die probleem is altyd nog groter. Dit is 'n kultuurprobleem, 'n maatskappyprobleem, 'n kerkprobleem waarvan jeugvervreemding dikwels maar net een van die yspieke bo die oppervlak is.

★2 Moeilik bepaalbaar

Voorts moet met Barnard saamgestem word dat dit uiters moeilik is om die presiese omvang van vervreemding te bepaal. "Die gevaar is so groot dat ons die vervreemding *binne* die kerk hou en dit nie raaksien nie."[439]

Daar is ook dikwels by kerklike vergaderinge die neiging te bemerk om vervreemding op grond van die "onbetroubare statistieke" te verklein. "Kerklike verslae insake kerkbesoek, toenemende egskeidings, swak



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

biduurbywoning, onbetrokkenheid van lidmate en so meer bevestig dat ons met diepe onrus (moet) besef hoe ver die vervreemding in ons midde al gevorder het."[440] Deel van hierdie verontrustende omvang is die geruisloosheid waarmee die proses van vervreemding voortrol, en die feit dat daar in Suid-Afrika nog baie mense is wat "nog wel die uiterlike band met die kerk behou, maar *innerlik reeds vervreem is* ... Dit is net 'n kwessie van tyd en omstandighede en hulle sal buite die kerk beland".[441] "Wat de huidige ontkerkelijking echter tot een verschrikkelijk probleem maakt, is het *collectieve* karakter. Men dwaalt de Kerk uit *en masse*, geruisloos, zonder probleem of conflict. Hier openbaart zich een tot nu toe ongekende verzwakking van persoonlijk geloofsleven: van geloof in Jezus Christus en zijn openbaring, van geloof ook in een God die richting geeft aan denken en leven" skryf Van Doornik in 'n hoofstuk oor "De Katholiek en de Buitenkerkelijke".[442]

Miskien kan die vervreemding in Suid-Afrika tans enigsins op dieselfde wyse beoordeel word as die waarvan Kohnstamm in 1948 in Nederland skryf: "Wel staan de zedelijke opvattingen, ook bij de atheïst en de paganist, nog onder Christelijke invloed. Deze eigenschappen zijn — om met Scheller te spreken — 'ein schöner Nachglanz' ('n skone nagloed MN) van het Evangelie. Maar een Nachglanz is gedoemd te verdwijnen omdat de lichtbron gedoofd is".[443] Hy gaan voort om hierdie voortwentelende vervreemding te bespreek en 'n mens kan nie anders nie as om te erken dat hierdie beskrywinge sedertdien waar geword het. Die volle omvang van vervreemding ook by die jeug wat tans nog 'n band met die kerk onderhou (of 'n kerk wat nog 'n band (lidmaatsbewys) van vervreemde jeug behou), is nie te meet nie. Kohnstamm sê: "God word steeds minder mysterie, steeds meer probleem ... Hier staat een groot deel van de buitenkerkelijke jeugd, dat — naar gelang aanleg, karakter en omstandigheden — zal vervallen tot pantheïsme, onverschilligheid, scepsis of atheïsme".[444] Kohnstamm toon op grond van 'n ondersoek oor die denke van Katolieke, Protestantse en buitekerklike jeug aan dat byna die helfte van die buitekerklike jeug nie glo nie, "althans niet zonder twijfel, aan een persoonlijke God! Waar de invloed der openbaring vermindert, vervalt de mens tot vaagheid en ontkenning".[445]

Kohnstamm is reg wanneer hy sê dat die jeug in ons eeu en in ons tyd "eerlijker en kritischer tegenover zichzelf (staat) dan de jeugd van vijftig jaar terug. Gevaar voor schijnvroomheid, kuddegeest, kwezelarij is beslist geringer. Velen, die vroeger binnen de Kerk bleven om uiterlijk fatsoen of vrees voor schandaal, kunnen nu bij hun uittreden rekenen op een sympathieke kijk van een onkerkelijke buurman".[446] Soos dit in ons tyd waar is dat daar baie kinders en jongmense is wat juis nou die Here met groter en meer erns en toewyding dien, was dit ook in sy tyd waar. Tog is hy reg as hy sê dat ten spyte van die verblydende tekens "kan men bij een groot deel der jeugd niets anders ontdekken dan een duidelijk, niet te verdoezelen verval".[447]

Barnard konstateer dat hoewel vervreemding altyd maar deel van die kerk en wêreld was, dit in ons dag meer opvallend is en ander vorme aanneem. "Vroeër was daar ook vervreemding en afvalligheid; gebrek aan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ware geloof en 'n meelewing met die werk van die Kerk, maar dit was *binne* in die Kerk ... Hierdie stuk van die wêreld in die historiese Kerk, breek nou weg, maar in die proses word die dolk gesteek na die hart van die Kerk.''[448]

In 'n land soos Nederland is hierdie vervreemding waarskynlik veel groter in omvang as hier in Suid-Afrika. Uit talle gesprekke met leidende figure op die jeugterrein blyk dat Van Haaren se konklusie van 1963 oor vervreemding die waarheid is. Hy sê naamlik: ''Wij zullen het feit van de vervreemding ernstig moeten nemen. De meeste jonge mensen staan werkelijk niet dicht bij de kerk, zij voelen niet veel voor de kerk; zij hebben veel kritiek ...''.[449]

★3 Omvangryke jeugvervreemding

Uit die laaste deel van paragraaf 3.4.1 hierbo kan ook iets van die omvang van vervreemding afgelei word. Jongmense en kinders is tot so 'n mate vervreemd dat hul die reeds genoemde kenmerke vertoon. Hierop kan egter nog uitgebrei word. Wanneer Schambardt skryf oor ''jeugdzorgwerk'' (as jeugarbeid aan jeugdiges met 'n opvoedkundige en maatskaplike agterstand) sê hy byvoorbeeld dat van hierdie jongmense geld dat ''hun tehuis is de straat of de bioscoop of dancing; zij staan in dit leven buiten het contact met God en zonder maatschappelijke bindingen''.[450] Dit is inderdaad die omvang in minder gegoede gebiede. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika het byvoorbeeld 'n jeugafdeling wat kinders van die strate van Hillbrow en Soweto optel, versorg en evangeliseer. In watter mate hierdie toestand ook voorkom in Kleurling, Indiër en armer Blanke woonbuurtes, sal 'n deeglike empiriese navorsing regverdig.

Corbett en Johnson wat hul boek in 1972 laat verskyn het toe die jeugrewolusie in die Verenigde State aan die afloop was, verdeel die jeug in drie groepe te wete die ''establishment youth'' who hold onto such values as the good athlete — good student — good businessman syndrome''; die ''silent majority'' groep: ''they have rejected the youth culture and tend to accept the values of the over-thirty generation ... In many cases, Silent Majority youth become the strongest converts to youth culture when they leave home'' (Omdat hulle volgens die skrywer tuis nie genoeg kon eksperimenteer met hul eie ''life-styles'' nie); die ''counter-culture youth'' as derde groep. ''Politically and socially aware, they may experiment with drugs and sex ... they are usually the trendsetters of youth culture today''. Volgens die skrywers is die kerk hoofsaaklik besig met die ''establishment'' en ''silent majority'' groepe ... ''other youth, however, have been alienated form the church, particularly those who are on the cutting edge of the counterculture''.[451] Intussen het die ''counterculture youth'' ook verander en groot kolonies ''hippies'' is nie meer so algemeen en bekend nie, maar die vervreemding het nie verander nie. Die lyn wat lank reeds op te merk was, loop deur en die vervreemding neem in verskeie vorme toe. Reeds voor die Tweede Wêreldoorlog het Günther Dehn oor die jeug in die stad geskryf: ''Het verbijsterende is niet de haat tegen die kerk en religie, die men zoo hier en daar vindt. Maar het



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

volledig afgedaan - hebben van religie en kerk. En de opvatting, dat dit nu eenmaal zoo hoort te zijn in het leven van een arbeider. Hij leeft zonder God; de religieuze motieven bij hem zijn uitgeschakeld. Hij heeft er geen begrip van en geen interesse voor''.[452] Of soos Kohnstamm sê: ''Het leven zou niet veel van zijn waarden verliezen, als God een fictie bleek te zijn van de menselijke geest''.[453] Margull haal in hierdie verband 'n woord van D. T. Niles aan waar hy skryf: ''It seems to be true today, in a more tragic sense than perhaps it was true in the past, that men are not merely prodigal from their Father's home but have actually forgotten the Father's address. Some seem to have fogotten even that they have a Father''.[454]

Die omvang van die satanisme, die okkultisme, die oplewing van Oosterse sektes ''onderstreep die waarheid dat 'n duisternis besig is om oor die Weste toe te sak. Terwyl die Aufklärung die periode van verligting was wat die geloof in die okkulte, die duistere magte en heksery met behulp van die rede verdryf het, word die twintigste eeu die Dämmerung wat die rede benewel en die weg na die buite-redelike duisternis baan: die perverse religieusiteit van die duistere Weste''.[455]

'n Paragraaf soos hierdie is inderdaad neerdrukkend van aard en kan 'n leser laat vra of daar nog gelowiges oor is. Dit is natuurlik nie hier aan die orde nie. 'n Studie soos hierdie sou futiel wees as dit nie 'n aanvaarde uitgangspunt was en is dat daar duisende gelowige kinders en jongmense is wat geroep is om onder Christus se aanvoering vanuit en as sy kerk die vervreemde en buitekerklike terug te win nie. Die studie sou egter ook nie, immers nie onder die gekose tema, onderneem kon word sonder 'n gewilligheid om eerlike erns te maak met die omvang en erns van vervreemding en buitekerklikheid by die jeug nie. Afhangende van waar 'n mens in Suid-Afrika is, kan 'n stelling soos die van Howard Ellis reg wees: ''You may have three times as many young people outside the church as in the church''.[456] Veral as daar nie net aan Nederduitse Gereformeerde kerkvervreemdes gedink word nie. Die vol kerkgeboue op Sondagoggende moet niemand verlei om te vergeet dat daar net soveel en meer is wat nie daar is nie: 'n groot aantal wat selde daar kom en 'n groeiende aantal wat nooit meer die eredienste bywoon nie. Syfers uit verslae en ondersoeke sal aan die einde van hierdie paragraaf in hierdie verband vir sover dit Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk raak, gegee word.

### ★4 Enkele syfers

Sommige navorsers en evangelisasiedeskundiges hou daarvan om somme te maak. Gentry sê byvoorbeeld: ''If all the lost people in the world were lined single file, it would circle the globe 30 times; it would get 20 miles longer every day; if you drove down that line at 50 mph for 10 hours each day, it would require 4 years and 40 days to get to the end; during that time the line would have grown an additional 30 000 miles . . . There is a net increase of the non-Christian population of the world of about 138 000 per day. This means that when we go to church next Sunday there will be about 1 000 000 more lost people then there were at the close



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

of last Sunday. And unless there are some quick and drastic changes in our activities, this year will end with about 50 million more lost people than when the year started". Hy haal Billy Graham aan in sy stelling: "Christianity has its back to the wall, and we are losing the human race generation by generation".[457]

★5 Amerikaanse samelewing

In die *Amerikaanse* samelewing word bereken dat slegs 38 persent van die bevolking nog 'n "meaningful relationship to some church or synagogue" het en dat "about 2 percent of the American public quits attending church every year".[458] 'n Kerk soos die United Methodist Church het byvoorbeeld tussen 1972 en 1974 met meer as 300 000 lidmate per jaar gekrimp. Daar is ook kerke wat nie gekrimp het nie (byvoorbeeld twee Lutherse kerke en die Southern Baptist Convention), maar die ander groot denominasies soos die American Baptist Convention, die American Lutheran Church, die twee "major branches of the Presbyterian Church" en nog ander toon 'n aansienlike daling in lidmatetal tussen 1966 en 1974. "The Sunday school story is even more alarming. No major denomination showed a net gain in Sunday school enrolment over the past ten years. Losses in some denominations are as large as two million", skryf Fish en Conant in 1976.[459]

Reeds in 1968 het die ondersoekers Zuck en Getz aangetoon (met 'n ondersoek onder 3 000 tieners) dat 40% neutraal en onbevredigd is deur die Sondag se eredienste en hul leraar.[460] Hoewel dit positief is om te sê (en daarvoor moet die Here inderdaad gedank word) dat 60% ten volle tevrede is met die eredienste en hul leraars, mag die kerk tog vir geen oomblik die oë sluit vir hierdie 40% wat tekens van onbevredigde behoeftes toon en wat sonder twyfel goeie potensiële vervreemdes en uiteindelike buitekerklikes is nie. Dieselfde geld 'n ondersoek van die sosioloog Caplovitz en ander na die afvalligheid (apostasy) by gegradueerdes. Hy vermeld dit as positief — "the discovery that apostasy, at least in 1961, was relatively rare among the highly educated ... Among Jewish and Protestant graduates of 1961, the apostasy rate was 12 percent or so, and among Catholics, a mere 6 percent".[461] Intussen was daar 'n jeugrewolusie wat juis die kampusse in hul wese geraak en geskud het. Hierdie rewolusie het die totale toneel verander en so 'n ondersoek mag dalk vandag heel ander feite aan die lig bring.[462]

Die geweldige styging in jeugmisdaad in die Verenigde State bevestig die omvang van vervreemding van Christus, die evangelie en die kerk by die jeug in die land. Hierdie feite geld seker nie net so vir ander lande nie, maar soos met die meeste soortgelyke statistieke dui dit gewoonlik op wêreldtendense. Enkele feite bevestig hierdie onrusbarende omvang van vervreemding. "In one year more than a million young people appear in juvenile courts in our country, and more than 1 750 000 are arrested by the police ... In 1963, youngsters under 18 accounted for 46 percent of all arrests ... Teen-agers accounted for 63 percent of all auto-theft arrest ... Of the approximately 276 000 illegitimate births in 1964, 110 400 — or 40 percent — were born to girls 15 to 19 years of age".[463] Harris skryf:





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

"The results of adolescent isolation become more alarming each day ... Runaways number 1 000 000 per year. Suicide is on the rise for the 15 — 19 age group, having more than tripled in the past 20 years, from 2.3/100 000 in 1956 to 7.1/100 000 in 1974 ... Death from violence (suicide, homicide, and auto accidents) accounts for 2 out of 3 deaths between the ages of 5 en 18 ... In 1973, one-fourth of the total arrests in the country was of children, and given the present trends, 1 out of every 9 teen-agers can be expected to go to court before the eighteenth birthday".[464]

★6 Europese samelewing

Nader aan Suid-Afrika, in talle lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se stamland is vervreemding eweneens onrusbarend in omvang. A. Schweitzer skryf dat die "ontkerkelijking in 1947 al op 17%" gestaan het. "Wel een cijfer om aandacht aan te besteden. Nu, ruim dertig jaar later, staat het op 32%, bijna een verdubbeling. Van een buitenkerkelijke zaak is het opgeschoven naar een binnekerkelijk probleem."[465] In 'n bespreking van 'n boek van Jonkers en Te Winkel (Adieu) haal Schravendeel die skrywers aan waar hulle sê: "Gedurende meer dan een eeuw zien we een voortdurende toename van de buitenkerkelijkheid in dit land. Het is duidelijk, dat alle kerken aan de buitenkerkelijkheid leden verliezen. Binnen de kerken is dit proces van ontkerkelijking voelbaar aan het dalend kerkbezoek, de afname van het aantal doopbedieningen en het kleinere aantal jongeren, dat belijdenis doet. De kerken trekken in steeds mindere mate nieuwe leden van buiten aan".[466] Verkuyl haal statistieke aan waaruit dit blyk dat in 1971 reeds 22,5% van die Nederlandse bevolking aan geen kerk behoort nie. Hy sê: "Er zijn in onze samenleving duizenden mensen die van huis uit niet met het kerkelijke leven in aanraking zijn gekomen (door de institutionele buitenkerkelijkheid) en er zijn ook in toenemende mate jongeren en ouderen die op een zeker moment of langzamerhand de band met de kerk verbreken (persoonlijke buitenkerkelijkheid)".[467] Hy haal die sosioloog Dekker aan (blykbaar instemmend) wat sê dat die werklike buitekerklikheid veel hoër is as wat amptelik só geregistreer is.[468] Wat hy skryf oor die buitekerklikheid en die "dynamica van het ongeloof", is hier van belang. Dit beklemtoon die erns van vervreemding. "Wie zich buiten de kerk begeeft of buiten de kerk leeft, ondergaat bewust of onbewust, bedoeld of onbedoeld de dynamica van het ongeloof." Hy vergelyk dan die buitekerklike met 'n emigrant wat nie wil terugkeer na sy huis nie of nie die energie het om 'n nuwe tuiste te vind nie. "Het gevaar van *blijvende* buitenkerkelijkheid is dat men op de duur in een soort niemandsland terecht komt, waarin men langzaam maar zeker de dynamica van het ongeloof ondergaat, het geloof geheel verliest òf dat verliezen gadeslaat in het leven van zijn of haar kinderen en kleinkinderen."[469]

Die vervreemding of minstens tydelike "wegraak" van jongmense beloop ook in Nederland aansienlike aantalle. Só byvoorbeeld word bereken "dat van 70% van als gereformeerd bekend staande jongeren tussen 18 en 25 jaar, die verhuisd waren, na drie maanden nog geen doopattest was



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ontvangen ..." Uit kerklike "statistiek blijkt dat ongeveer 2 000 doopleden per jaar de band verbreken, van wie slechts 30% ten gevolge van een maatregel van tucht".[470]

★7 Suid-Afrika

Wat *Suid-Afrika* betref, bestaan daar nie resente gegewens ten opsigte van jeugvervreemding en buitekerklikheid nie. 'n Empiriese ondersoek in hierdie verband is dringend noodsaaklik. Uit enkele statistieke uit kerklike verslae is dit moontlik om enigsins 'n beeld te kry van die aanduidinge in hierdie verband. Reeds in 1959 is by die nasionale kongres oor evangelisasie gerapporteer dat as alle voordeel van die twyfel aan die opnames gegee word en 'n veilige 30% bygevoeg word vir diegene wat weens omstandighede nie eredienste kan bywoon nie — "dan laat dit nog 'n 40% wat òf baie ongereeld òf nooit die gemeenskap van die heiliges beoefen nie". Uit die onderskeie sinodes se verslae en syfers blyk dat "'n gesamentlike gemiddelde van 20,3% dit wil sê een-vyfde van ons kerk se sieletal van 1 107 482" die kerk feitlik nooit meer besoek nie.[471] Uit 'n ondersoek na die kerklike en godsdienstige lewe van die Afrikaner in 1959 het geblyk dat "36% val onder die kategorie van betreklike en algehele onverskilligheid" en dat in totaal dit blyk "dat die godsdienstige gesindheid en kerklike verhouding van slegs sowat twee uit elke vyf huisgesinne gunstig of betreklik gunstig is".[472]

Op grond van bogenoemde en ander verslae is in 1966 aan die Algemene Sinode gerapporteer "dat 200 000 tot 250 000 belydende lidmate nooit meer die gemeenskap van gelowiges beoefen nie en ongeveer dieselfde getal kom baie selde in die kerk. In 1962 is in 14 wyke van 'n gemeente in Johannesburg vir 'n aantal maande 'n deurtastende soektog tussen die woonstelgeboue gereël en is 627 N.G. Kerkbesoekpunte ontdek en 653 totaal buitekerklike kontakte gemaak".[473] In 1978 rapporteer die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie aan die Algemene Sinode op grond van verslae dat "nadat in berekening gebring is dat 'n sekere persentasie lidmate as gevolg van ouderdom, siekte, werk ens., nie die eredienste kan bywoon nie, is die erediensbywoning in die oggende min of meer 40% en saans omtrent 17% ... Jaarliks word daar met min of meer 30 000 buitekerklikes kontak gemaak waarvan ongeveer 10% teruggewin word".[474]

Vervreemding (of minstens kerklosheid wat tot ernstige vervreemding kan lei of reeds die gevolg daarvan is) by die jeug, blyk onder andere uit syfers wat in 1975 voor die Sinode van Noord-Transvaal gedien het. Daar het die sinodale Jeugkommissie gerapporteer dat uit gemeenteverslae blyk dat 6 661 kinders van skoolgaande ouderdom (7% van die dooplidmate) nie in die kategeseskole is nie en "dat dit lyk asof die uitsakking toeneem namate die kinders groter word".[475] By dieselfde sinode is gerapporteer dat in die 185 gemeentes ongeveer 1 000 jongmense bo 21 nog nie belydenis van geloof afgelê het nie; 16 642 lidmate word deur gemeenteverslae as vervreemd aangedui.[476] Dit is 10% van die totale belydende lidmatetal. Kinders is waarskynlik nie deur kerkrade hier bygetel nie. As bereken word dat die jong belydende lidmate 10,4% van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die totale belydende lidmatetal in Noord-Transvaal is,[447] kan dit beteken dat meer as 1 600 jong belydende lidmate deel is van die groep kerkvervreemdes. Dit sou beteken dat ongeveer 8 325 kinders en jongmense uit 'n totaal van 124 683 doop en jong belydende lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in een of ander stadium van kerklosheid en vervreemding is — dit is ongeveer 6,7% (In Noord Transvaal).

Die ondersoek onder leiding van J. E. Pieterse het aan die lig gebring dat "die persentasie jeugdiges wat slegs een of twee keer per maand of slegs met feesdae die kerk besoek, 27,2 persent is, terwyl die jeug wat nooit, of bykans nooit die kerk besoek nie, 10,1 persent uitmaak".[478] Die persentasies vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk is 23,8% een of twee keer per maand of slegs met feesdae en 4,4% nooit of bykans nooit nie.[479] Howel die res van die verslag ook die positiewe gesindheid van die jeug teenoor godsdiens aantoon — "93,5 persent het een of ander positiewe verband met 'n godsdiens, 52,4% verklaar dat hulle Jesus Christus aanvaar het as persoonlike Saligmaker en Verlosser"[480], is daar tog 'n beduidende persentasie twyfelaars, skeptici en ateïste. Die verslag stel dit so: "Jeugdiges met uitgesproke ateïstiese oortuigings is uiters min, en hierdie groep, saam met diegene wat skeptici is, maak slegs 6,5 percent van die totaal uit".[481] 'n Mens begryp wat die verslag met die "maar slegs" bedoel, maar vir die kerk is dit geen geringe syfer nie. Lukas 15 maak duidelik dat 1% al 'n soektog regverdig en 'n herdershart tot uiterste vind-pogings aanspoor.

★8 Toenemende vervreemding

Oral in die wêreld is daar toenemende godsdienstige en kerklike vervreemding. Om die oë daarvoor te sluit, is volstruispolitiek; om dit te verkleineer deur alle beduidende statistieke en tendense as onakkuraat af te maak, is gewoonlik niks minder as 'n manier om van die waarheid weg te skram en die roeping teenoor vervreemdes te ontduik nie. Dit hang dikwels ook saam met 'n onwil om te erken dat die mense van jou volk, land en kerk, van God, die evangelie en die kerk wegbeweeg. Wie die omvang van vervreemding in die eie kerk en land nie in die oë wil kyk nie, verval dikwels in 'n vredesroep, terwyl daar geen vrede is nie. Die praktyk bevestig dat so 'n gesindheid dikwels voorkom by diegene wat graag glo dat wat gister was, vandag nog is en dat wat gister gedoen is, vandag weer net so gedoen kan word en met dieselfde gevolge. In die evangelisasietaak van die kerk is dit ook "much easier to recycle what we did last year than to venture into new areas of outreach".[482]

### 3.4.3 OORSAKE VAN KERKVERVREEMDING EN BUITEKERKLIKHEID BY DIE JEUG

Die oorsake van vervreemding is kompleks en vervlegd. Dit is inderdaad nie altyd moontlik om te onderskei wat oorsaak en wat gevolg is nie. Wat een maal gevolg is, kan by 'n ander geleentheid ook oorsaak wees. Die sake "lê deurmekaar gevleg en gaan dikwels met 'n bose kringloop gepaard".[483] Die bedoeling hieronder is ook nie om die sake waterdig te skei nie, maar bewus van die intervervlegdheid te onderskei. Beets verwys ook na hierdie vervlegdheid wanneer hy skryf: "Er bestaat veel meer een



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van jongsaf functionerend netwerk van samenwerkende factoren, die vervreemding bevorderen. Daaronder zijn een groot aantal *factoren die voortdurend vanuit de sameleving* zelf op het gezin, en dus via vader en moeder op het groeiende kind, inwerken. Vervreemding bevorderende factoren''.[484] Wichern wou slegs twee skuldiges aanwys, te wete die *kerk* en die *samelewing*.[485]

Hieronder word na die oorsake van vervreemding vanuit vyf hoeke gekyk te wete samelewingsfaktore, ouers en vriende, die oorsake binne die kerk self, oorsake as gevolg van die besondere ouderdomskenmerke van die jeug en laastens na die sonde en afvalligheid van die mens.

3.4.3.1 Samelewingsfaktore

1 Samelewingsname en tekens

Die samelewing van vandag en van die resente verlede het al baie name gekry. Telkens is dit vernoem na een of ander groot stroming of tendens wat eie is aan hierdie tyd. Dit is dikwels vernoem na die groot proses van sekularisasie; na die nihilisme, die materialisme, die kapitalisme, die kommunisme, die humanisme, die rassionalisme, die kollektivisme, die positivisme en seker nog ander ook soos die post-Christelike.[486] Hierdie samelewing het sekere tendense wat duideliker te onderskei is as ander en waarvan die invloede meer primêr is as die van ander. David Read is reg wanneer hy skryf: ''The younger generation today is growing up in a society that is rapidly abandoning the traditional ties with the Christian faith''.[487] Kohnstamm erken dat sy stelling wel nie meer oorspronklik klink nie, maar stel dit ter wille van die waarheid daarvan dat dit duidelik is ''dat *de belangrijkste oorzaak is, die ontkerstening van het milieu''*.[488] Psigploë was dit gedurende die jeugrewolusie en daarna redelik eens dat ''in some measure these outbursts no doubt reflected an attempt to disengage themselves from society and its modern-day complexities. . . . these eruptions mirrored a desire in the demonstrators to give vent to a sense of mastery over their own destinies''.[489]

Uiteraard kan hier nie ingegaan word op *al* die fasette van die samelewing en hoe dit die jeug vervreemdend beïnvloed nie. Twee sake wat redelik wortelinvloede in hierdie samelewing het, is wel die sekularisasieproses en die onontwykbare industrialisasieproses. Die twee is ook nie te skei nie, maar interverweefd.

2 Sekularisasie

Sekularisasie het deel van hierdie wêreld geword en duisende kinders en jongmense wat nog nooit eers die woord gehoor het nie, word en is daardeur beïnvloed. Dit is so deel van hierdie samelewing soos die lug wat ons inasem. Dit is oral in die lug en niemand ontkom aan die effek daarvan nie. Ons moet dit aanvaar, soos wat ons dit aanvaar dat die wêreld, wêrelds is. Dit kan nie anders nie. As die wêreld wêrelds is, is die wêreld ''homself'' soos hy is.[490] Aanvaarding beteken nie ''daardeur laat beheers'' nie, maar rekening hou met die feit dat dit deel van ons samelewing is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Sekularisasie word gewoonlik beskryf as die sosiale en geestelike proses waardeur die godsdienstige faktore uit die samelewing teruggedring word tot 'n klein beperkte sfeer en waar ander kragte en norme in die plek van die godsdienstige norme tree ...[491] Hierdie proses het sy historiese oorsprong in die Renaissance en die Aufklärung. Barnard stel dit duidelik dat hierdeur "'n nuwe lewensgevoel, as die herontdekking van die mens en die wêreld — en dit los van die Bybel en die kerk" ontwaak het.[492] Die Verligting het hierdie "breuk met oorgelewerde kerklike eenheidskultuur" gefinaliseer en die proses van "volstrekte vertroue in die mens en veral in die *menslike rede*" versnel.[493] Die verbasende ontdekkinge van die wetenskap sedertdien (± begin van die 16de eeu) het hierdie vergoddeliking van die mens, 'n karakter van opstand teen die kerk en godsdiens laat aanneem. Hierop volg dan ook in die tweede helfte van die 18de eeu twee groot rewolusies — 'n politieke (die Franse rewolusie) en die sogenaamde industriële rewolusie.[494] Bjerno wat ook die Renaissance as beginpunt noem, sê dat ons aan die einde van 'n lang ontwikkeling staan waar binne in die "ou Christenheid 'n 'nuwe heidendom' gegroei het".[495]

Pieterse sien die proses meer omvattend. Hy toon aan dat sekularisasie "die deurwerking en konsekwensie van die vier lyne, te wete die verandering in wêreldbeeld, die antimetafisiese denke, die opkoms van die rede as bron van die waarheid en die historiese bewussyn " is ... beginnende met die Renaissance.[496]

Voordat meer ingegaan word op die gevolge van die sekularisasieproses is dit nodig om daarop te wys dat *sekularisasie* op sigself nie altyd en nie noodwendig negatief beoordeel word nie. Gewoonlik word dan onderskei tussen sekularisasie, wat ook positief beoordeel kan word, en sekularisme wat, vanuit die teologie minstens, altyd negatief beoordeel word. Pieterse meen dat die Christelike geloof self 'n positiewe rol gespeel het in die ontgoddeliking van die natuur.[497] Winter wat positief oor *sekularisasie* oordeel, sê byvoorbeeld: "Er bestaat geen enkel beginsel, uit kracht waarvan secularisatie noodzakelijk moet leiden tot goddeloosheid, evenmin als administratie door kerkelijke autoriteiten zou moeten resulteren in een godvrezend en rechtvaardig beheer".[498] Hy sien Luther en Calvyn se reformasies as positiewe sekularisasie en die erkenning van God se heerskappy ook buite die kerk in byvoorbeeld magistrate en wêreldlike gesagsdraers.[499] Barnard let ook op die negatiewe en positiewe waarde van byvoorbeeld die "nuwe lewensgevoel" wat met die Renaissance ontwaak het en sien as positief die "vrywording van die mens, die erkenning van die eie waarde van hierdie wêreld, veral van die natuur en van die mens".[500] Negatief is dit en het dit geword deur die historiese proses "by which the world is dedivinized. Secularization is being conformed to this world, the world which rebels against the fact that 'from him and through him and in him are all things' ".[501] Dit is 'n standpunt wat "die wêreld totalitêr afrond tot 'n oorsigtelike en geslote geheel waarin prakties geen sprake meer is van probleme wat nie vanuit die wêreld sélf opgelos kan word nie". Die mens het "vry geword van alle gebondenheid aan die gesag van kerklike



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dogmas as reël vir lewe en denke, en dit ten diepste omdat hy innerlik los staan van God en sy openbaring. Nie God nie ... maar die (menslike) rede, is die *as* waaromheen alles wentel''.[502] In die sekularisasie in negatiewe sin òf in die sekularisme word in lyn met die humanisme ''de oerzonde der mensheid gecultiveerd: De *onafhankelijkheidsverklaring* van de mens en het geloof in de *zelfverlossing*''.[503] Sekularisme lei tot een ''aan zichzelf overgelaten wereld ... waarin de mens in geloof zijn diepste vertrouwen niet meer stelt op God of op wat hij daarvoor houdt als een afgod. Hij hoopt echter nog steeds op verlossing, op bevrijding van armoede, ziekte, kwaad en alles wat het leven ontwricht. Het ligt voor de hand, dat hij met het oog op verlossing zijn geloof thans richt op de macht van de mens zelf''.[504] Dit is 'n lewe waar die ''mens mondig en vrij geworden is ... Hij is tot alles in staat en kan zich bijna alles ter beschikking stellen. Maar tegelijk is hij de gevangene van deze machten, terwijl het toch zijn eigen machten zijn''.[505] Van Riessen sê tereg dat die toonaangewende in hierdie tydsgees is ''het idee, dat God niet bestaat, of tenminste dat Hij afwezig is''.[506]

Hier moet nog 'n oomblik na Winter se beskouing teruggekeer word. Op grond van byvoorbeeld sy reeds genoemde siening rondom die Reformasie en sekularisasie sê hy dat sekularisasie vrug is van die skeiding ''tussen enerzijds staatkundig en maatschappelijk, en anderzijds kerkelijk gezag''.[507] Die Reformasie se leer is daarom ''de grondslag voor de secularisatie van het westerse leefpatroon''.[508] Sekularisme staan teenoor sekularisasie as die bevryding van die mensheid uit hul onderworpenheid aan wêreldlike absolutisme en is ''de ontkenning van deze menselijke vrijheid en het opleggen van een nieuwe knechtschap ... Secularisme is profaan of demonisch geworden secularisatie''.[509] Sekularisme in bogenoemde sin vind jy dan ook in die *hedendaagse Christendom* ''in de vorm van clericalisme'', want daardeur word die gewone lidmaat sy vryheid en verantwoordelikheid ontneem en word geestelike werk weer ''verkerklik'' en die optrede van lidmate in die wêreld nie as geestelike werk beskou nie.[510] In die *hedendaagse wêreld* kom sekularisme voor in die ''verheffen van politieke of economische systemen tot de rang van iets absoluuts ... Dergelijke afgodische wereldbeschouwingen stellen historische structuren in die plaats van God, en beroepen zich daarbij op een of ander soort godheid om hun aanspraken kracht bij te zette''.[511] ''Een meer verfijnd secularisme in onze dagen is de beheersing van het leven door hulpmiddelen: de techniek die bepaalt wat goed is voor de mens, de propaganda waartoe communicatie wordt vervormd, de produktie die de wet stelt aan de levensrichting van de mensen''.[512] Sommige maak Winter gewoon af as liberaal en teen die kerk, maar so gemaklik is dit nie. Die sekularistiese gees kan inderdaad ook in die kerk terugkruip sodat die mens dit ook in die kerk van die mens verwag; dat ook in die kerk God minstens afwesig raak en van Hom net so min verwag word as wat die gesekulariseerde wêreld dit van Hom verwag. Dan het die humanisme die kerk 'n gesekulariseerde kerk gemaak — onafhanklik en besig met selfverlossing.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3 Sekulêre lewensgevoel

Die sekularisasie se kinders is baie. Een daarvan is wat Verkuyl noem 'n "seculaire levensgevoel". Dit is "het gevoel waarin het gevaar dreigt dat God wordt gekleineerd, gebagatelliseerd, vergeten, verwaarloosd, genegeerd, maar waarin tevens de mens zich bewust wordt van zijn mogelijkhede en die tracht te verwerkelijken op autonome wijze".[513] De Vries noem dit "onverschilligheid of *nihilisme*, waarbij men de hogere levenswaarden gaat ontkennen of in alle geval negeert".[514] Niemand wat sy eie samelewing krities waarneem, kan die omvang van hierdie "seculaire levensgevoel" misken nie. Verkuyl is reg wanneer hy sê dit "vervult de gehele samenleving. By velen leidt dat tot de 'homeless mind ...'[515] Bij anderen is dit seculaire levensgevoel de voedingbodem voor scepticisme, agnosticisme, relativisme".[516] W. McDill skryf in hierdie verband: "Since it seems God cannot make much contribution, he is eliminated from more and more of the territory of life".[517]

In hierdie verband is belangrik wat Verkuyl jare vroeër reeds geskryf het naamlik dat sekularisme as lewens- en wêreldbeskouing waarin die vraag na God nie meer voorkom nie "zonder enige overdrijving ... onder de hogere standen en meer-ontwikkelden ... zijn duizenden heeft verslagen".[518] Pieterse stel dit ook as eindpunt van die sekularisme dat daar "nie eens meer 'n worsteling met die vraag of God bestaan" is nie. "Daar word nie meer getreur oor sy dood nie — Hy maak nie meer saak nie ..." Die sekularisering het 'n "mens en wêreld geskep (hel) waar die ateïsme *prakties* 'n feit is".[519]

In aansluiting by Barth toon Verkuyl aan dat die mens altyd weer die leegheid in sy lewe vul en dat "het seculaire levensgevoel altijd en overal slechts *overgangsfasen* zijn en dat als er geen terugkeer naar de levende God is, *nieuwe goden* op het toneel verschijnen, zoals wij dat heden ten dage zien in het neo-paganisme ..."[520] Hy beskou dan ook laasgenoemde as een van die samestellende elemente van die huidige samelewing en noem veral die vergoddeliking van die mens, "de oude afgod natie", die vitalisme en die panseksualisme as moderne afgode.[521] In hierdie wêreld van "religieuze pluralisme" met 'n draaikolk van ideologieë, tussen talle "nieuwe religieuze stromingen" moet jongmense grootword, volwasse word. Dit is byna ondenkbaar dat hulle nie deur hierdie tydsgees en sy komponente beïnvloed word nie. Om die waarheid te sê, dit is vir baie (die meeste?) so vanselfsprekend dat hulle nie eens 'n vraag daaroor vra nie. Die sekularistiese gees is vir hulle só deel van hulle lewe dat hulle nie eers weet dat dit eenmaal anders was nie. Die tydsgees, die "geestesklimaat"[522] van hierdie eeu is een van vervreemd te wees van God, 'n "seculaire levensgevoel" waar Hy nie belangrik is nie en waar nie primêr in die sin dat dit saak maak, in God geglo word nie.

★4 Konflik geloof: ongeloof

'n Verdere gevolg van sekularisme en ook oorsaak van vervreemding en buitekerklikheid is wat soms genoem word die "skynbare konflik tussen geloof en wetenskap".[523] Dit vloei uit die losmaakproses voort en was



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

beslis ook in sekere tye van die geskiedenis 'n reaksie teen die kerklike gesag oor alles — 'n gesag wat lank die ontwikkeling van die wetenskap gestrem het. Terselfdertyd is die ontwikkeling van die wetenskap en tegniek "besig om die (jong) mens te emansipeer van sy God".[524] Hier is byna 'n sirkelgang — sekularisme lei tot vertroue op wetenskap en tegniek en die ontwikkeling van laasgenoemde lei tot verdere vervreemding van God (sekularisme). Verkuyl noem veral die "exodus van een deel der intellectuelen" 'n gevolg van "de houding tegenover de exacte wetenschappen en de moderne cultuur ... Ook in de Nederlandse samenleving ontstond in sterke mate een vervreemding tussen de intelligentsia en het traditionele kerkvolk, dat vaak nog word opgevoed in een fundamentalistische visie op de Bijbel en met een verouderd wereldbeeld".[525]

Die "wanverhouding tussen wetenschappelijke en religieuze (of wijsgerige) ontwikkeling is de grote oorzaak van inwendige conflicten, niet alleen bij de onkerkelijke jeugd".[526] Hierdie wanverhouding is waarskynlik in baie gevalle besig om te verbeter, maar die feit dat die jeug van kleins af opgroei in 'n wetenskap en tegniek-beheerste wêreld[527] het 'n effek op hul verhouding tot die kerk en die Woord van God. Veral as die wetenskap as meer akkuraat, hoogste gesag en hulpmiddel by uitnemendheid voorgehou word. Die rol wat die skool in hierdie "konflik" of die skep van balans speel, word deur verskeie skrywers benadruk. Dijk noem dit as derde faktor ter vervreemding.[528] Kohnstamm gee ook hieraan aandag en sê tereg dat die skool die kind bekend moet stel met die wêreld waarin hy leef, maar dat daar tog kontinuïteit met die godsdienstige opvoeding moet wees ... "anders loopt men gevaar, dat het geestelijke leven gaat lidjen aan schizophrenie".[529]

In 'n totaal ander gemeenskap as Dijk en Kohnstamm sê Maria Harris: "The prevailing focus on cognitive development in the schools makes it very difficult for adolescents to share strong emotion at precisely a time in their lives when they are feeling, for the first time, the capacity for strong emotion. In short, the adolescent's need for affective learning and social-emotional integration is largely unmet in the schools ... The schools, in general, however, continue to feed only the head with facts bereft of feelings. In truth, both are needed: the cognitive development to build a code 'that you can live by' and the emotional nourishment to 'become yourself' ".[530]

Wanneer die kerk sou volhou met 'n fundamentalistiese Bybelonderrig en prediking, word die spanning by die jeug tussen wetenskap, tegniek en godsdiens eenvoudig tot so 'n mate vergroot dat dit vervreemding van die kerk en godsdiens in die hand werk. Die jeug van hierdie wetenskapseeu is meer tuis in die wêreld van die wetenskap as in dié van die godsdiens. In 'n samelewing waar hulle van kleins af voor die televisie en later in primêre, sekondêre en tersiêre onderwysinrigtings op allerlei wyses wetenskaplik en tegnies geörienteer en opgelei word, is dit ook te verstaan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## ★5 Materialisme en Kapitalisme

'n Verdere gevolg of neweproduk van sekularisme is die materialisme en die daarmee gepaardgaande kapitalisme. Hier kom die industriële opbloei en revolusie (begin 19de eeu) ter sprake sowel as die daarmee gepaardgaande verstedeliking met alles wat daarmee saamhang. Die ontwikkeling van groot industrieë, die welvaart wat daarmee gekom het, het verreikende gevolge op die gees van die mens. "De geest van *zelfhandhaving* en zelfverlossing"[531] word gevoed deur die mag van die tegniek en geld. Dit lei almeer tot 'n "*totalitaire maatschappij*" waar produksie al is wat tel, waar "*planning*" heers, waar die mens deur en ter wille van die wetenskap, tegniek, ekonomie en politiek georganiseer word. "Langzaam maar zeker wordt het gebied waarop de mens een vrije verantwoordelijkheid bezit, beperkt."[532] Tereg sê De Vries dat hierdie en ander newe-effekte van die materialisme (soos die "rationalistische levenshouding") "betekent een functieverlies van godsdienst en kerk, welke voor velen resulteert in een verdwijnen van de kerk uit hun gezichtsveld".[533]

Binne die industrie vervreem die mens meermale tot 'n "afgestompte" mens wat homself teen die "mag" bo hom afsluit. Hy word 'n rat in 'n masjien wat produseer wanneer die knoppie gedruk word, maar wat nie meer intens vreugdevol leef as mens in gemeenskap met ander, met sy arbeid en met God nie. Barnard sê tereg "die kwaad van die industrialisme lê daarin dat dit ook dikwels 'n karakter van opstand gedra het teen God en sy gesag ... Daarom het dit die bestaande vervreemding aan die lig laat tree, maar ook weer verdere vervreemding bevorder".[534] Verkuyl sê ten opsigte van groot nywerheidslande dat "uit deze oorzaak (die industriële rewolusie MN) is de exodus van een groot deel van de arbeiderswereld uit de Protestantse kerken en Rooms-Katholieke kerk te verklaren in de 19de eeuw".[535]

Saam met hierdie proses van industrialisasie gaan die groei van groot stede. En die stad is by uitnemendheid geskik om vervreemding aan te help en te veroorsaak. Die geleentheid om onbekend en onopsigtelik te leef, is baie goed. Die stad beklemtoon meer as die platteland die "pluralisme in de samenleving ..." "een samenleving ... waarin onder de invloed van het secularisatie-proces een ontzaglijke en verwarrende hoeveelheid van invloeden zich doet gelden". Tereg vervolg Verkuyl dat "door dit pluralisme wordt de invloed van de religieuze gemeenschappen op de samenleving en op de enkelingen verzwakt".[536] Een aspek wat sonder twyfel op die jeug en hul vervreemding 'n groot invloed uitoefen, is die meer geld wat tot beskikking is in die stad en rondom die nywerhede. De Haas praat daarvan dat daar "aanzienlijk meer geld vrijkomt voor niet primaire levensbehoeften" — en dat veral die jeug daaruit voordeel trek ... "Nu kan de jeugd bij wijze van spreken veel vaker per jaar kermis vieren, dat wil zeggen, onbelemmerd haar gang gaan".[537] Ook in die Amerikaanse samelewing noem Nicolas Christoff as een van vier uiterlike "pressures" op die Amerikaanse kerk: "*The rapid industrialization of our nation*, with its emphasis on



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

the production of increasingly efficient, timesaving, and laborsaving devices, leading us into an increasingly leisure-oriented life-style".[538]

Louw sê tereg dat die "bloeiende ekonomie en presterende tegniek" veral op die jeug diep spore nagelaat het. "Jongmense het in reaksie gekom teen die verstikkende dampkring van materialisme en het in die agterstrate en riole van die wêreldstede begin rondslenter. Doelloosheid en verveeldheid was te bespeur by hippiesaamtrekke en massa-happenings. Popsangers hou die jeug aan die droom terwyl die werklikheid al meer 'n ondraaglike nagmerrie word."[539] Op 'n ander plek waar hy handel oor die stadsmens, sê hy: "Die stadsmens woon in die stad ter wille van sy inkomste. Hy ontwikkel 'n materialistiese lewenshouding en gulsige kapitalistiese mentaliteit".[540]

Welvaart, rykdom, materialisme, kapitalisme het inderdaad na twee kante vervreemdingsinvloede. Aan die een kant lei dit dikwels tot ernstige verveeldheid en allerlei uitwasse as gevolg van te veel geld en die eentonigheid van alles te hê sonder om daarvoor te werk of hard daarvoor te werk. Aan die ander kant lei dit dikwels tot 'n luukse lewe van onafhanklikheid van ander en van God en bevestig dit die "alleenwees" van die stadsmens. Dit lei tot versterking van die "selfhandhawing- en selfverlossings"— (Van Riessen) mentaliteit — die egte waarmerk van die gees van vervreemding.

## ★6 Samevattend

Die samelewing waarin kinders en jongmense opgroei, is nie deur hulle geskep nie. Hulle erf dit. Vir hulle is dit hulle wêreld en talle van hulle is nie daarvan bewus dat hulle op hierdie of daardie wyse deur hul samelewing beïnvloed word nie. Daarom kan met reg gesê word dat vervreemding so eie is aan die samelewing van ons tyd dat talle jongmense nie vervreemd raak nie, maar hulle is vervreem bloot vanweë hul tuiswees, eie-wees aan die gees van hulle tyd.

'n Wettige gevolgtrekking is dat dit anders kon gewees het as die Reformasie 'n generasievoorsprong op die Renaissance kon gehad het. Dit kon die *opstand* wat met die ontwaking en verligting saamgegaan het,[541] ontlont het, omdat die gereformeerde leer juis die gesag van God ook buite die kerk om bely.[542] Die hele gedagte van soewereiniteit in eie kring[543] kon samelewingsverbande weerhou het van gesagoefening oor ander. Hiermee word nie geïdealiseer asof die geskiedenis teruggedraai kan word nie, maar alleen gesuggereer dat die sekularisme in 'n gereformeerd-georiënteerde samelewing nie reaksionêr hoef te wees nie en ook in sy gang gestuit behoort te word. In 'n gereformeerd-bepaalde samelewing weet mense "geen gezag is veilig dan bij de erkenning, dat het geworteld is in en beperkt is door de soevereiniteit van Christus. Geen vrijheid kan opbloeien en bewaard blijven, dan op het fundament van het verlossingswerk in Christus (Gal. 5:1)".[544] Hoe min die samelewing gereformeerd bepaald is, word bewys deur die byna onbelemmerde voortgang van die gees van sekularisme, van die "seculaire levensgevoel". Dit lyk soms of die kerk byna totaal sy houvas op die same-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

lewing, en sekere samelewingsverbande veral, verloor het. Is Winter dalk reg as hy in verband met die "beperken van de betekenis van het evangelie tot de kring van de woonwijk" beklemtoon dat die diepste oorsaak daarvoor lê in "een afwijzen van de evangelische boodschap en een verwerping van Gods soevereiniteit over de gehele geschiedenis". Hy meen die rede vir die feit dat die Christendom "zich zozeer is gaan werpen op het particuliere leven in de woonwijken" is "niet een demografisch toeval, maar een onomwonden afval". Dit lei daartoe dat die kerk die metropolis verloor het en daarvoor wegskram; aan sy plattelandse gestalte vaskleef deur die woonwyke te beman en die mens buite sy werksverband te vergeestelik — terwyl die verantwoordelikheid in die "stad" lê. Hy konkludeer dan en dit is 'n vraag wat dieper besinning regverdig: "Piëtisme vormt de religieuze rechtvaardiging voor het weigeren van deze historische verantwoordelijkheid".[545]

### 3.4.3.2 Ouers en vriende

★1 Ouers, vriende en vir hierdie geval ook die kerk is deel van die samelewing. Ouers is ouers van hul tyd. Die oorsake en gevolge is hier so verweef dat dit inderdaad sirkelvormig is. De Vries sê dan ook tereg (in refleksie op Banning se ondersoek waaruit blyk dat een van die eerste motiewe vir "onkerksheid" die "tekort aan religieuze opvoeding door de ouders" is) dat "meestal is de grondoorzaak van het tekortschieten in de godsdienstige opvoeding door de ouders hun eigen swakke religieuze instelling".[546] Hoe kan dit ook anders? Ouers is deel van 'n samelewing waar God en sy gesag deur sy Woord periferies geword het. "De *geloofspractijk* in veel gezinnen vormt geen integrerend bestanddeel van het gezinsleven meer."[547] In so 'n samelewing is waar wat Beets skryf, naamlik dat "de moderne volwassen mens is in dubbele zin onseker. In zijn rol van werker en in die van het ouderschap".[548]

★2 Aan die ander kant groei ook die verantwoordelikheid van die ouers in 'n tyd waarin die "Christelijke geest verminderd" as gevolg van die "ontkerstening van het milieu".[549] Christelike beïnvloeding kan al minder van die samelewing verwag word. Die Christendom word inderdaad "langzaam of gewelddadig teruggedrongen uit het openbare leven, uit het stadsbeeld, de straat, de vitrines, de affiches".[550] Hoe meer dit só is en word, hoe meer sal die Christelike opvoeding van die gesin, kerk en skool verwag moet word.[551] Die waarde van ouerlike voorbeeld en opvoeding is hier van sentrale belang. "Het is niet overdreven, indien men de vorming ener levensbeschouing (in grote lijnen) voor 90% toeschrijft aan de invloed van vader en moeder, niet alleen bij overname, maar ook bij contrast."[552]

En juis dit het 'n probleem geword. Ondersoek bewys dat juis hul ouerlike opvoeding vir die jeug problematies geword het. Hulle weet soms van sekere dinge meer as hul ouers "waardoor vele onontwikkelde ouders de natuurlijke bescherming missen voor hun gezag".[553] Uit Kohnstamm se ondersoek blyk dan ook "de afkeer van de jeugd om de oplossing (op vrae en probleme MN) te zoeken bij ouders en de neiging om een vertrouwde vriend of vriendin in het geval te betrekken . . ." Hy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

vervolg tereg: "Deze houding van het kind is vrij ongevaarlijk, indien een godsdienstige traditie in het gezin aanwezig is. . . . Maar wanneer er geen contact meer bestaat met de kerk en het onderwijs zich beperkt tot het strict neutraal eerbiedigen van de 'godsdienstige begrippen van andersdenkenden' — wie zal dan den jongen mens helpen in zijn geestelijke nood?" Hy merk op dat om hierdie hulp by ander of by jouself te soek, getuig van selfstandigheid, maar ook van wantroue, teleurstelling "of doffe berusting". Die kan egter ook 'n simptoom wees ('n aanklag) van "de dwaze opvatting van vele hedendaagse ouders, dat men zich niet bemoeien moet, zich niet bemoeien *mag* met de religieuze vorming van zijn kind".[554]

Hoewel die "godsdienstige traditie" in Suid-Afrika nog nie in dieselfde mate ontbreek as in die Europese lande nie, kan niemand ontken dat ook hier vaders en moeders nie ontkom het aan die beïnvloeding van 'n sekularistiese samelewing nie. Reeds in 1959 het 'n ondersoek getoon dat "die godsdienstige gesindheid en kerklike verhouding van slegs sowat twee uit elke vyf huisgesinne gunstig of betreklik gunstig is".[555] Voeg hierby die bevinding van die jeugondersoek onder leiding van J. E. Pieterse wat getoon het dat "die rede vir onvolledigheid wat die jeug godsdienstig die ergste tref, is egskeiding: hierdie groep bevat byvoorbeeld proporsioneel die meeste ateïste (2.1%), die meeste jeugdiges wat vormgodsdiens beoefen (33.0%) en die minste jeugdiges wat Jesus Christus aanvaar het (38.1%)".[556] Aan die ander kant bevestig die ondersoek die belang van die ouerhuis wanneer gekonkludeer word: "Wanneer die godsdienstige toestand van die jeug, volgens hul godsdienstige agtergrond ontleed word, is die opvallendste tendens dat godsdienstige gesinne ook godsdienstige jeugdiges voortbring".[557]

Wat in die huisgesin gebeur of nie gebeur nie, beïnvloed vervreemding en afvalligheid by die jeug in sy wese soos uit bogenoemde reeds blyk. Verskeie ondersoeke bevestig dit. Die ondersoek na afvalligheid by 'n groep gegradueerdes het die volgende aan die lig gebring: "The search for the causes of apostasy focused on the forces undermining the two foundations of religious identity, religious faith and communality. A series of traits were identified as exposing their possessors to apostasy. These included poor parental relations, the symptoms of maladjustment or neurosis, a radical or leftist political orientation, and a commitment to intellectualism and an intellectual career".[558] In 'n ondersoek na seksualiteit by die jeug is bevind dat die sogenaamde "seksueel ervaren jongeren" tot die ervaringe geraak het, want "ze hebben meer gelegenheid voor seksueel verkeer doordat hun ouders zich minder met hen bemoeien of geen gezag (kunnen) laten gelden" en "ze zetten zich op waarden die in hun eigen leeftijdsgroep ontwikkeld worden en conformeren zich dus aan de tienercultuur".[559]

In ondersoeke in Frankryk en Duitsland na vervreemding het geblyk dat "in the majority of cases, the parents proved to be largely or wholly alienated from the Church, but did not wish to be considered pagans; for the Church as an institution they had little good to say; of religion as



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

a factor in the life of men they were not unappreciative''.[560] Hierby sluit aan wat Heitink skryf oor die verlies wat plaasvind wanneer jongmense verhuis en ouers geen berig daarvan aan die volgende gemeente deurgee nie. As oorsaak hiervoor noem hy die feit dat ouers nie ''het systeem van registratie'' ken nie. ''Ernstiger nog is dat ouders nauwelijks verwachten dat de kerk in de nieuwe woonplaats van hun kinders aandacht aan hen zal besteden of een benadering vrezen die een negatieve uitwerking heeft.''[561] Talle ouers *verwag* dit net nie meer van die kerk nie. Die kerk het periferies in hul denke en verwagting geraak — selfs al sou hulle nog gereeld vir hul kinders bid.

★3 K. Dijk beskou ook die ''omgeving thuis'' as een van die eerste faktore ''die dit indifferentisme gevoed en geprikkeld hebben'' en vra die vraag of die opvoeding ''een opvoeding uit het verbond Gods'' was.[562] Hy voeg onmiddellik die invloed van vriende hieraan toe. Eers later het die sogenaamde *tienerkultuur* en '*peer-group*' ontwikkel — selfs soveel dat Harris sê dat ''TV, peer-groups and loneliness seem to have replaced significant adults in the lives of our growing children''.[563]

Vollenhoven maak oor opvoeding uit die verbond, opmerkings wat in hierdie verband van ingrypende belang is. Hy stel dit as uitgangspunt dat ''de afval der jongeren is veelal te zoeken in de ongerechtigheid van de oudere generatie. Hun afval is dan geen toeval of noodlot, het is de wilsbeschikking van de HERE; Hij is een naijverig God die om de ongegezeggelijkheid van de ouders zich afkeert van de kinderen, zodat zij zich afkeren van de HERE en vervreemden van de God die zalig maakt''.[564] Hy sien die vervreemding as 'n oordeel van God oor die vervreemding en verbondsontrou van die ouers op grond van die tweede gebod. Al sal 'n mens nie alle vervreemding in 'n gesin só kan verklaar nie, kan dit ook nie weggeredeneer word nie dat die verbondsverbreking van ouers wat hul kinders laat doop het, ernstig is en ernstige gevolge vir hul kinders het. ''Het belangrijkste is immers hun *eigen* houding ten aanzien van God; zelfs nog afgedacht van heel de opvoeding. Ze kunnen de beste opvoeders wezen, tot in het godsdienstig onderricht toe, maar als ze *persoonlijk* niet oprecht voor de Here leven, dan verknoeien ze daardoor méér dan ze in het overige herstellen kunnen. Dan spelen ze met de zegen van het verbond: de zaligheid van hun kinderen''.[565] Hy sien die voortgang van vervreemding heel prakties en sê byvoorbeeld ''als de ouders *aarzelend* in bepaalde zonden doorleven, is het geen raadsel, als de kinderen *gemakkelijk* overtreden. Als de ouders de vrome schijn nog weten op te houden, gooien de kinderen die maar aan de kant ... alle conventionele verstarring van het geloofsleven, alle traditionele verstening van de gemeenschap met God, de dode orthodoxie. Alle strakheid en starheid as van een béeld ... De oorzaak van de buitenkerkelijkheid, ze ligt primair *binnen* de lichtkring van het verbond''.[566]

Die soms totale breuk met die kerk deur kinders kan dikwels nie anders verklaar word as vanuit bogenoemde nie. Read skryf in hierdie verband: ''It must also be admitted that a recent generation was not



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

altogether wrongheaded in rejecting what seemed to them a mere conventional and morally empty churchiness on the part of their elders''.[567] Ook Alfred Krass wys op die feit dat baie verbondsouers nie oortuigde Christene is nie en dat baie op hierdie tradisionele weg die kerk binnekom. Talle van hulle ''have long since dropped by the wayside'' terwyl ander bly ''because they are real estate agents and it is a very good business practice to belong to a church''.[568] Krass is reg as hy later in sy boek skryf: ''I'm not sure that it is a covenantal type of faith relationship with God as revealed in Jesus Christ which is in crisis today. I think the bubble of culture Christianity has burst, and I'm not sure that we ought to lament that''.[569]

Nie alleen in die kerk is dit waar dat die jeug breek met die formele omdat hulle merk dat dit nie hul ouers se harte-erns is nie. In die samelewing is dit in 'n ander sin waar. Briscoe het aangetoon dat die jeug se openlike betrokkenheid by die sondes van die maatskappy nie te gemaklik aan hulle hardheid van harte toegedig moet word nie. ''Present day young people are not wholly responsible for the sex scene as it is. They do not publish Playboy and Penthouse. They did not put suggestive advertisements on television to sell shaving cream and hair rinses. They did not open the topless, bottomless and everything else-ness joints ... They did not invent mistresses on expense accounts and call girls at conventions ... Neither did they engage in extramarital affairs ... But many of them were raised in an atmosphere in which these actions were accepted as normal ... They began to call it hypocritical to have one standard for dad and another for mom. They began to despise parents who said one thing about teenagers' sex life and did another thing on their own ... I have talked with many young people who are products of previous mixed-up generations and they rejected the phony double standard they saw in their elders''.[570]

Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat ouervervreemding en vervreemde ouers een van die basiese oorsake van kerkvervreemding by die jeug en van buitekerklikheid is.

### 3.4.1.3 Die kerk

#### 1 Die kerk as oorsaak

Om oor die kerk as oorsaak van vervreemding te handel, is pynlik. Dit kan so pynlik wees dat dit vermy word; dat die skuld van die kerk verkleineer word; dat pogings tot eerlike selfondersoek as liefdeloosheid, liberalisme, 'n wegbeweeg van eerlike liefde vir die kerk afgemaak word; statistieke betwyfel word en nog ander verdedigings- en beskermingsmeganismes in werking gestel word. En tog is eerlike inkyk in die kerk se skuld aan vervreemding onontloopbaar. De Klerk is reg in sy opmerking: ''Evangelisasie het te doen met verbonds- en kerkherstel. Dit is in baie gevalle die oordoen van dit wat nagelaat is, of wat swak gedoen is. Ten diepste lê as wortel van die noodsaaklikheid van die herstel, die deformasie van die kerk''.[571]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dit kan ook so pynlik wees dat die kritiek van vervreemdes en buitekerklikes afgemaak word met: "Hulle sien die kerk en die Christendom verkeerd" of "dit is maar die sigbare kerk, die onsigbare is volmaak". Hoekstra vra egter tereg: "Waarom kennen ze alleen een caricatuur van het Christendom en niet het echte, het ware? Kan er ook iets in onze houding zijn, dat hun aanleiding geeft om zoo over ons te oordelen?". Hy vervolg dan met 'n stelling wat die beskouing van vele saamvat: "Een van de eerste vereischten bij ons Evangelisatiewerk onder buitenkerkelijke jeugd is rigoreuze zelfcritiek".[572]

Vollenhoven haal van Doornik instemmend aan en sê dat "de eigenlijke oorzaak van de ontkerstening moeten we echter elders zoeken; niet in de wereld, maar *in de kerk*".[573] Uitgaande van die waarheid dat sy land (Nederland) "altijd minder Christelijk" was as wat dit gelyk het en dat die "kernstening van de samenleving ... voor een goed deel niet anders dan een schone vernis" was, sê hy: "Als *oorzaak nummer één* van de toenemende buitenkerkelijkheid is dan ook te noemen, dat vele niet — Christenen met de uiterlijke (kerkelijke) schijn hebben willen breken".[574]

En wat die jeug betref, is daar inderdaad vervreemding van die kerk soos reeds aangetoon. Booy het reeds in 1950 gesê dat die tendens van kerkvervreemding by die jeug in Europa nie meer ontken kan word nie. Met "droefheid en zorg constateert" hy dat die enigste regte konklusie sou wees dat die kerk na die verlore jeug sou gaan waar hulle hul ook bevind, maar "dat vele kerken blijven waar ze zijn, zich niet voegen bij de verloren jeugd".[575] Die wegbly van die kerk word inderdaad vir die weg-jeug tot twyfel aan die geloofwaardigheid van die Evangelie.

★2 Omvangryke skuld

Verskeie persone het deur die jare verskillende sake as die skuld van die kerk aan vervreemding en buitekerklikheid uitgewys. Dit is die moeite werd om dit oorsigtelik hier te tabuleer voordat enkeles wat die vervreemding van die jeug meer direk raak, van nader bekyk word.

By die *Evangelisasiekongres, 1959*, is die volgende genoem:

- Die geestelike toestand van die kerk.
- Die versuim van die kerk in die uitvoering van sy sentrale opdrag.
- Verwaarlosing van die tug.
- Amptelike versuim.
- Ingekorte arbeidskrag en getuienis van die kerk.[576]

G. Dekker noem die volgende oorsake van buitekerklikheid:

- "Het functieverlies van de kerk
- De sociale situatie
- De structurele ontwikkeling van de samenleving
- De culturele ontwikkeling van de samenleving
- Een aantal intern-kerkelijke factoren, waaronder het niet adaequaat reageren op de situatie waarin men zich als kerk bevindt".[577]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Te Winkel noem 'n ondersoek in 1960 en die uitslae daarvan:

- "Critiek op kerkelijke activiteiten, toestanden en mensen
- Verschillende vormen van conflict met het geloof (aanmerkelijk meer bij mannen dan bij vrouwen)
- Vooral by vrouwen: de situatie in het ouderlijk gezin
- Vooral bij mannen: invloed van maatschappelijke situaties, en tevens invloed van lectuur
- De opkomst van het socialisme".[578]

Barnard noem as oorsake by die kerk self in hoofsaak die volgende:

- Ontrouheid ten opsigte van die wese en lewe van die kerk soos 'n godsdiens sonder 'n keuse, gebrek aan ware lewe, ens.
- Ontrouheid ten opsigte van die gestalte van die kerk soos vormlikheid en versteendheid, die kerk as bolwerk vir die bestaande, ens.
- Ontrouheid ten opsigte van die boodskap en arbeid van die kerk.[579]

De Klerk noem die volgende:

- Die onheilige geknoei met die Woord
- Ondeurleefde eredienste
- Kragtelose prediking
- Ongeoorloofde sakramentsbediening
- Onmondige lidmate.[580]

Fish en Conant noem

- "Witnessing that fails
- The go-to-church method
- The spiritual decline (the drift into pleasure)".[581]

Te Winkel se samevatting is hier op sy plek. "Buitenkerkelijkheid ontstaat vaak doordat de kerk afstoot. Men wenst niet meer tot de kerk gerekend te worden. Onkerkelijkheid ontstaat, omdat men vanwege de niet – aantrekkende kracht van de kerk niet vóór de kerk wil kiezen. Dat dwingt Christenen tot een voortdurende bezinning op het wezen en de taak van de kerk".[582]

★3 Die kerk, as liggaam van Christus, is nie meer sentraal nie

Die kerk is nie meer sentraal belangrik nie. Daar was 'n tyd in die geskiedenis nadat die kerk in die vierde eeu staatskerk geword het dat dit vir baie jare status was om aan die kerk te behoort. Die kerk was volksbelangrik en het volkskerk geword. Na die Renaissance, die Verligting, die industriële rewolusie het hierdie toestand verander. Verkuyl noem die nuwe situasie waarin vervreemding en buitekerklikheid maklik geword het "het niet meer samenvallen van kerkgemeenschappen en volksgemeenschap".[583] Waar dit nie meer saamval nie neem die drang tot "ontkerkelijking" toe. In lande waar die kerk nog staatskerk is en lidmaatskap 'n vanselfsprekendheid, ontstaan "een vier-wielen-christendom", dit wil zeggen het rijden naar de kerk voor doop, huwelijk en begrafenissen zonder diepere band".[584]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die vraag is of daar nie blydskap oor bogenoemde tipe kerkvervreemding moet wees nie. Die vraag kan alleen bevestigend beantwoord word indien dit tot suiwering en tot ware belydende kerkwees lei.

Oor hoe die industriële mens teenoor die kerk voel, word aanstonds na teruggekeer. Daar moet egter eers nog meer gesê word oor die "sentraliteit" van die kerk binne in 'n volkskerkmentaliteit. In laasgenoemde geval behoort baie mense wel aan die kerk uit allerlei motiewe, sonder om werklik aan Christus die Hoof van die kerk te behoort en sonder om Hom as Heer te bely en te dien. In 'n "volkskerk" is die vervreemdes binne die kerk en word hulle ook binne die kerk geduld en versetloos verdra. Hoe groot die vervreemding in so 'n kerk is, is moeilik te bepaal. Vir sover jeugvervreemding betref, is die noodlottige gevolg dat die jeug dié beeld van die kerk en die Bybelse beeld van die liggaam van Christus nie kan versoen nie — die kerk word ongeloofwaardig en die jeug met hul aanvoeling vir egtheid, verwerp gewoonlik so 'n kerk. Hierdie waarheid, naamlik die volkskerkmentaliteit en volkskerklidmaat is gewoonlik die oorsaak van die jeug-volwassene-krisis in die proses van vervreemding. Zuck en Getz het met hul ondersoek aangetoon dat "more teens were dissatisfied with adults in the church (18.4%) than with any other aspect of their churches. Neutrality was also highest with regard to this subcategory (42.5%), and satisfaction was lowest (39.0%) ... The single item out of all forty-five items that was dissatisfactory to more teens than any other item was adults living up to the truths they profess to believe (21,6%)".[585]

In 'n volkskerk waar die kerk dikwels in naam "sentraal" is, maar nie as liggaam van Christus sentraal is nie, is baie lidmate wat nie werklike *belydende* lidmate is nie. Vir sulke lidmate is die kerk nie kerk *van* Christus nie, maar "kerk *van* die volk".[586] Mense besit die kerk, dit is hulle s'n, deel van hul kultuur. "By die volkskerk hoort 'n groot massa mense aan die kerk, maar slegs die kern, die minderheid, is werklik geestelik lewend en moet die groot lyk van kultuur-Christendom meesleep."[587] Die ware kerk word dan dikwels aan hierdie "groot lyk" beoordeel, want die lidmaat is al waaraan die buitekerklike die kerk ken en kan beoordeel. Vollenhoven het hierdie "sleutelpositie" van die lidmaat duidelik aangetoon. Hierdie posisie "in de strijd om het Koninkrijk is uitgerekend aan het gewone gemeentelid toevertrouwd".[588] Dit geld natuurlik vir alle lidmate, maar die gevolge is alleen verderstrekkend as massas lidmate meelopers is vir wie die Koninkryk van God nie sentraal belangrik is nie. Vollenhoven sê tereg: "De predikant is voor de buitenkerkelijke in geen enkel opzicht representant der kerk ... een buitenkerkelijke oordeelt niet wat hij hoort, maar naar wat hij met zijn ógen heeft geconstateerd ... We zijn altijd 'brug' of 'muur'. Een brug waarover de buitenkerkelijke heen mag gaan: naar Jezus toe. *Of* — een tussenfunctie is er niet — we fungeren als muur, een hoge, lange muur, die de mensen in de weg staat om naar de Heiland te gaan. ... Wie niet belijdt, neutraal zijn mond houdt, die ... heeft toch óók iets gezegd: blijf maar thuis".[589] Van sulke lidmate geld die reeds aangehaalde woord van Cassels inderdaad: "get out of their way so they can see for themselves that He is indeed the way, the truth, and the life".[590]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Barnard is reg wanneer hy sê dat nie een van die drie Afrikaanse kerke "uit en uit verklaar dat hy volkskerk in die volle sin van die woord wil wees nie," maar dat daar in die praktyk "in minder of meerdere mate die volkskerkpatroon heers of dat minstens trekke daarvan vertoon word".[591] Daar was in die Nederduitse Gereformeerde Kerk die afgelope jare intense pogings ten opsigte van die kategese om inderdaad belydeniskerk te wees, maar dit is te begryp dat in 'n land waar "kerkgemeenskap" en "volksgemeenskap" so lank saamgeval het, daar talle lede van die volk is wat die kerk as "kultuurgoed" en as "laaste bastion" beskou. Natuurlik is daar van hierdie lidmate vir wie die kerk as liggaam van Christus, onder heerskappy van Christus, in diens van die Koninkryk inderdaad sentraal is. Niemand mag van buite beoordeel vir wie dit wel en vir wie dit nie die geval is nie. Die feit is egter dat geworstel word met 'n belydeniskerk in 'n volkskerksituasie te midde van 'n volkskerkmentaliteit. En hierdie waarheid eis sy tol aan kerkvervreemde jeug en buitekerklik-wordende jeug.

Wat die nywerheidsmens betref, het De Vries oortuigend aangetoon dat by talle van hulle "een *rancune-gevoel* tegen de kerk" leef. In die buiteland seker meer as hier, maar die aanwesigheid van hierdie gevoel kan nie weggeredeneer word nie. De Vries sê: "Heeft de kerk hen niet vaak in de steek gelaat ... Menige arbeider heeft inderdaad teleurstellende ervaringen met kerk en kerkmensen opgedaan".[592]

Hierdie toestand in die buiteland word duidelik as enkele gegewens wat Margull gee, in gedagte gehou word. Hy verwys na 'n rapport uit Skotland in die bekende Evanston-rapport: "It was unemployment (80% of the male population in some areas) that really showed the skilled and unskilled workers that they belong together and finally convinces many that the Church belonged to the other side. It was not so much that the Church did nothing. It was rather that the Church did not care".[593] Hierdie mense het hul eie gemeenskappe gevorm, "their own milieus, from which Christian influences have been totally eliminated in the consistent development of the community. This completes the disassociation from the churches".[594] So ontstaan die sogenaamde "a-Christian milieu" veral in Frankryk waar die sirkel voltooi is en mense totaal vervreem is van Christelike idees en tradisies.[595] Die Evanston-rapport sê: "It is not true to say that workers are alienated from the Church. They have, in fact, not been part of the Church in Europe and Britain since the time when a distinct worker's movement became a reality".[596]

Die kerk in Suid-Afrika het verseker nie die blanke nywerheidsmens in dieselfde mate verloor nie — al is dit so dat gemeentes in nywerheidsgebiede inderdaad 'n opdraande stryd het. Of die kerk in Suid-Afrika die nywerheidsmag van Suid-Afrika vir die kerk behou het en minstens 'n positiewe beeld by die mense het, is 'n ander vraag. 'n Ondersoek sal moet toon of die nywerheidsmens die kerk as *by* hulle ervaar. Vanuit die "rancune-gevoel" in watter graad ook al, ontwikkel kerkvervreemde en buitekerklike kinders en jongmense. Die kerk is vir hulle 'n randfiguur



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van wie hulle as arbeiders nie kan glo dat dit vir die kerk belangrik is om hulle in hulle eksistensie te help nie.[597]

★4 'n *Gebrek aan die gemeenskap van die gelowiges* kan as volgende veroorsakende faktor by kerkvervreemding van die jeug genoem word. Hierdie faset raak die erediens en die bestaanswyse van die gemeente as gemeenskap van die gelowiges. Laasgenoemde kom veral in die erediens tot uitdrukking. "Dit is dié kenmerkende karaktertrek (van die erediens MN) en is 'n vreemde verskynsel tussen mense op aarde omdat dit so 'n unieke karakter het."[598] H. Jonker verdeel die interne faktore vir vervreemding in twee, te wete die vrae rondom die persoonlike Christenskap en "de vragen aangaande de samenkomsten van de gelovigen als gemeente ..."[599] Wanneer laasgenoemde nie in orde is nie, vind daar meermale "geruisloze vervreemding" plaas.[600] De Klerk sê tereg: "Die koue afsydigheid in die onderlinge verhoudinge in die gemeente as liturgiese gemeenskap, stoot mense weg van die erediens en lewer 'n baie groot bydrae tot kerkvervreemding en buitekerklikheid".[601]

Die volkskerkmentaliteit speel ook hier 'n rol. Die gemeenskap van die gelowiges vloei uit 'n deel hê aan die Here Christus en al sy gawes en 'n bereidheid om mekaar te dien en jou gawes en talente tot nut en saligheid van die ander gewilliglik en met vreugde aan te wend.[602] Die vonk van die gemeenskap moet soms oor soveel lidmate wat nie uit bogenoemde leef nie, spring, dat die gemeenskap in die erediens verlore gaan. Dan word dit onpersoonlik, sielloos en vervreemdingstimulerend.

Juis vir hierdie onpersoonlike vreemdheid aan die een kant of warme atmosfeer van geborgenheid aan die ander kant, is die jeug uiters sensitief. J. E. Pieterse se ondersoek het getoon dat dit met sekerheid aanvaar kan word "dat die meeste jeugdiges die geestelike klimaat in die kerke vandag as baie middelmatig en gevolglik waarskynlik ook heelwat oninspirerend ervaar".[603] Wat die redes vir ongelukkigheid betref, is gevind dat "indien één hoofrede afgesonder kan word, dan is dit een wat die teenoorgestelde is van die hoofrede wat vir gelukkigheid aangetoon word, naamlik daar heers 'n onpersoonlike atmosfeer in die gemeente".[604] Dit hou verband met die geestelike peil van gemeentes en die jeug is vir 'n groot getal (54,9% van die ondersoektes) "van mening dat die geestelike peil in hul gemeentes middelmatig is".[605] 'n Interessante feit in hierdie verband is deur Strommen aan die lig gebring in 'n ondersoek oor hoe ongehude jong moeders oor godsdienstige sake dink teenoor ander Lutherse jeugdiges. Hy merk samevattend op dat hulle alleen verskil "in their less positive attitude toward church, their less than eager response to her message and fellowship, and their infrequent awareness of the forgiveness they have in Christ ... It does call attention to their lack of a sustaining fellowship that may have kept them from being trapped by social and sexual pressures".[606]

Hierdie gebrek aan gemeenskapsbelewing by die jeug hou beslis verband met hoe hulle volwassenes in die gemeente beleef. En dit is nie altyd positief nie. Zuck en Getz het aangetoon dat die jeug wel soms hul



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

behoeftes besef, en dit graag wou deel, maar "did not feel free to confide in the adult leaders in their churches" en in hul samevatting merk hulle op: "Adult church leaders, according to the teens, were not adequately conveying their availability for personal counselling with the teens".[607]

★5 Die beeld van die gemeente en kerk as geheel, speel in vervreemding 'n groot rol. Al die fasette van die bediening speel 'n rol in die veroorsaking van vervreemding en hoe die buitekerklike die kerk sien — of hy daarvan verder weggaan of daarnatoe getrek word. Een van die sake wat hier net kortliks nog genoem word, is wat Verkuyl noem "de nawerken van kerkelijke twisten en de kerkelijke verdeeldheid".[608] Barnard behandel dieselfde saak onder die hoof: Ontrouheid ten opsigte van die gestalte van die kerk en noem dit: "Die verskeurdheid van die Kerk".[609] Hierdie feit het beslis 'n invloed op die jeug. As Christene nie mekaar kan vind nie, nie op 'n Christelike wyse met mekaar kan verskil nie, raak dit die geloofwaardigheid van die Evangelie van Jesus Christus.[610]

★6 Kategese en vervreemding

As laaste oorsaak binne die kerk word hier kortliks teruggekom op die oorsaak rondom die kategese. Daar is reeds veel oor gesê, maar volledigheidshalwe moet dit hier ook vermeld word.

Daar bestaan min twyfel dat deeglike kategese aan die wortel van kerkherstel lê — net so min bestaan daar twyfel dat swak kategese aan die wortel van vervreemding lê. As die kategese swak is en as daar nie 'n "hek by die katkisasie"[611] is nie, kweek die kerk sy eie kerkvervreemdes. Niemand word daardeur gebluf of gedien nie. Die gemeente word daardeur afgebreek en God van sy eer beroof. Janson sê tereg dat die jeug wel kom, maar dat die geleentheid nie altyd benut word nie en dan moet die kerk hulle later "agterna ry, oor die bosse van skeiding wat tussen hulle en die kerk gegroei het, deur die slote van vooroordeel teen die kerk wat die onkunde-erosie by hulle gespoel het".[612] De Klerk sê dat dit juis deel is van die "tragiek van kerkvervreemding en kerkverval dat duisende mense wat deur die hele proses van die kerk se kategetiese bediening gegaan het, nie die minste benul het waarom dit in die kerk van Christus gaan nie".[613] By die Evangelisasiekongres is dit genoem "onafgeronde lidmaatskap" en daaronder word verstaan "onvoldoende voorbereiding en gebrekkige kategese, toelating tot lidmaatskap op ander gronde en oorweginge as dié van die Skrif, aanneming op te jeugdige ouderdom sonder persoonlikheidsrypheid en geloofsversekerdheid, en die versuim van voortgesette vorming van die jongste lidmate en hulle aktiewe en verantwoordelike inskakeling in die gemeentelike program".[614]

Daar is reeds verwys na Booy se skerp oordeel dat daar talle is wat nie "dank zij" maar "ondanks de Catechisatie bij Christus zijn gekomen en dat dank zij de catechisatie velen van de kerk zijn vervreemd".[615] Hofinger meen ook, soos reeds aangehaal, dat konfirmasie net die skade vergroot, want die kind is te onvolwasse en dit bring dikwels mee



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat hul "confirmation ... brings the end of their participation in the life of the Church and of their own prayer life as well".[616]

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word vir ongeveer 20 jaar nou reeds intensief aandag gegee aan vernuwing in die kategese. En daar is inderdaad baie positiewe resultate. Tog is daar steeds na belydenisaflegging en soms ook daarvoor 'n dreinering van kinders uit die kategese en gemeente. Iewers slaag dit nog nie. Een van die redes hiervoor is die gebrek aan eenheid tussen die kognitiewe en affektiewe vorming van die jeug. In 'n ander sin sou dit ook in kategismusterme die verband tussen *kennis* en *vertroue* genoem kan word.[617] Albei is belangrik. Die hele mens is belangrik. Daar is nog te veel kategete wat òf die een òf die ander oorbeklemtoon. Sommige voel dat die kind net Christus moet aanneem en verder is die kerk en kennis nie so belangrik nie — 'n mens sou hulle kategete met buitekerklike harte kon noem. "Christus alleen — die kerk is van min belang." Ander weer is kerkisties besig terwyl die verhouding met Christus verwaarloos word — kategete met kerkistiese harte. Kohnstamm het oortuigend aangetoon dat "noch verstand, noch wil, noch gevoel hebben het recht zichzelf als *het* religieuze vermogen naar voren te dringen en zonder harmonische samenwerking *moet* de godsdienst vervallen tot intellectualisme, louter etiek, gevoelswellust".[618] Tereg sê hy in hierdie verband dat volwassenes die jeug dikwels nie begryp nie — nie weet wat die jeug se behoeftes is nie. Hy noem dit "gebrek aan psychologische diepte, aan kennis van de jeugd — hier vooral ligt de oorzaak der mislukking".[619] Hy raak die kern van die probleem aan wanneer hy skryf: "De jeugd draagt een religieus overgevoelige plek — en de opvoeder schijnt die plek niet te kennen en juist andere plekken te raken, die volkomen *on*gevoelig zijn".[620] Maria Harris sê in hierdie verband: "Older methods and approaches focused on doctrine and the past. They were less than successful because they neglected the need of the adolescent for affective learning in the present situation".[621]

Hierby kan baie ander sake gevoeg word soos die rol van die ouers en ander volwassenes wat dikwels 'n "ondeurleefde en onbetroubare belydenis" het en hoe die jeug kyk "dwarsdeur die vernis van 'n ouer geslag wat hulle sonder erns wil opvoed in 'n konvensionele Christendom sonder dat hulle self deur die boodskap van die evangelie gegryp is".[622] Ook die feit dat die Christendom nie werklik vir die jeug en deur die jeug in en buite die gemeente gedurende die kategese in praktyk gebring word nie. Van der Ven en Berger meen op grond van hul ondersoek dat "het Christelijk geloof heeft voor de jongeren slechts betekenis voorzover het een expressieve en performatieve funktie vervult, d.w.z. hun leven tot uitdrukking brengt en verandert".[623]

Die belangrikheid van die kategese in die proses van vervreemding kan nie oorbeklemtoon word nie. Hoe dit vervreemdes en buitekerklikes kan teruglei, word later bespreek (4.1.4). Hier word slegs aangetoon dat as dit by die kategese verkeerd loop, kerkvervreemding by die jeug vergroot en versnel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

### 3.4.3.4 Die eietydse behoeftes van die jeug

Die doel is nie om hier 'n breedvoerige tipering van die eietydse behoeftes van die jeug as doel op sigself te gee nie. Dit is deur talle ander reeds gedoen.[624] Hier gaan kortliks gelet word op die feit dat jonkwees hom goed leen tot vervreemding. Terwyl dit algemeen aanvaar word dat jonkwees 'n tyd van openheid vir die Evangelie is, ("spiritual openness")[625] is dit ook die "stadium van die loslating van die oorgelewerde, van twyfel en ontkenning".[626] Die beïnvloedbaarheid van die kleiner kind tot ± 11/12; die groeiende kritiese bewyssyn van die vroeë adolessent (± 13/14 — ± 17/18); die soeke na eie identiteit, die emosionele sensitiwiteit, die verstandelike ontwaking, die ontwikkelende karakter maak inderdaad die jeug 'n potensiële vervreemde. As die ouerhuis, opvoeders, maatskappy en ander beïnvloeders soos maats vervreemd is van God en sy Woord, is die kanse goed dat die jeug in sulke omstandighede ook vervreem. Selfs waar kinders en tieners nog na die kategese en/of kerk gestuur word, neem dit nie die twyfel weg nie. Dit kan dit eerder versterk, want nou vind daar 'n botsing plaas tussen pa en ma se leefwyse en die kategeet se voorskrifte uit die Woord. L. D. Mattson is reg wanneer hy skryf: "The mind of the high school youth may become a hotbed of doubts, to the dismay of deacon and pastor".[627] Die adolessent is meermale in ons samelewing 'n ontwrigte mens, onder sterk invloed van sy "peer-group" wat nie noodwendig 'n Christengroep in 'n Christen-milieu is nie.[628] Dit is 'n tyd met besondere behoeftes. Little vat dit saam as 'n tyd waarin adolessente innerlik sê: "I want to be me; I want to make a difference; I want to be a part; I want to love and be loved".[629] Alessi sien dan ook die evangelisering van die adolessent as dringend, want "adolescence represents the period in which we lose the majority of our students from the church school and many of them from the church".[630]

Die laat-adolessent (± 18 — 24/25), soms ook genoem die "young adults" of "jong volwassenes" (hoewel laasgenoemde terme meermale na die groep 24+ verwys) het eweneens nog eietydse behoeftes wat, as dit nie ontmoet word nie of verkeerd ontmoet word, tot vervreemding aanleiding gee. Hulle het een ding in gemeen: "they are young at the business of being adults".[631] Hierdie groep bestaan uit talle onderskeibare groepe jongmense soos die jeug in die loonarbeid, studente, jeug in uniform, jong getroudes ens. Chamberlin sê tereg dat "the first requirement for understanding young adults and working with them in the church or in the community is an acceptance of their diversity".[632] Dit is in besonder 'n intensiewe voortsetting van identiteitsoeke.[633] Die volwassewording laat die jongmens drie vrae vra waarop hy antwoorde moet vind: Wie is ek? Wat is my verhouding tot ander? Wat glo ek? (ideologiese volwassewording). Hierdie weg is moeitevol. De Haas noem dit 'n nou deurgang tussen die onbesorgde kindertyd en die volwassenheid met sy vele verpligtinge en beperkinge.[634] Vanweë die weggaan uit die ouerhuis, meesal na die stad, 'n kampus van 'n universiteit of kollege, na die maatskappy in die breë word die lewenstempo en druk op hierdie jongmense versnel en vergroot. "This fanning-out pro-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

cess is suddenly accelerated with graduation from school."[635] Dit is 'n proses van "ingroeiing in die waardes" van sy omringende volwasse wêreld. Wanneer die maatskappy hierdie jongmens op verskeie wyses oorlaai, "kan die volwasse-wordende jongmens nie hierdie oorlading van sy gees, siel en liggaam verwerk nie". Dit lei tot krisis op krisis op die pad van sy volwassewording.[636] Hierdie krisisse kan maklik lei tot 'n "loswikkeling uit vorige gesagsverbande" wat ook losmaking van die godsdiens en "geloof" van sy ouers kan meebring.[637]

Die volwassewordingsproses gaan gewoonlik gepaard met ideale en identifisering met volwasse leiers. Wanneer die jongmens in die gesin onstabiliteit ervaar en mislukkings beleef, ontwikkel dikwels 'n lae selfbeeld — selfs só sterk dat Strommen aantoon dat "selfhatred" een van die "five cries" van die jeug is.[638]

Wat vervreemding en ook kerklike tug by die jeug (sien 3.5) so kompleks maak, is dat die jeug soos Erikson aangetoon het, 'n sekere ruimte en tyd nodig het ('n muratorium) om in sy vormingsjare die fondamente vir sy lewensvisie en maatskappybeskouing te ontwikkel en te toets.[639] In die sin is vervreemdingskenmerke ook in 'n sekere sin en tydens 'n sekere ouderdom "normaal". 'n Laaste faset van die ontwikkeling van die jongmens (laat adolessent) is die verrassende wyse waarop hulle soms heel vroeg "settle down". Dit is natuurlik normaal, maar die "abnormale" is die wyse waarop sommige hul identiteitsontwikkeling as't ware kortknip en in plaas van 'n vitaliteit te behou waarmee hulle aan 'n beter môre bou, slaan hulle ankers in in die "establishment" en word doodgewoon bevestigers van wat was — onwillig en byna onbekwaam om te verander. Die oorsaak hiervan is waarskynlik 'n sekere onvolwassenheid wat sekuriteite begin soek nie in wat kan word nie of in wat hulle self kan word nie, maar in wat is en was.[640]

Die lewenseie van die jeug maak hulle kwesbaar deur die oorsake van vervreemding. Hulle behoeftes vra sensitiewe hantering, simpatieke begeleiding in 'n atmosfeer van vertroue. Dit is selfs só sterk dat Harris met reg kan sê: "Adolescents' (and adults') problems, whether they display themselves in sex, or drugs, or delinquency, can be simply viewed as symptoms — symptoms of unmet, pressing human needs, the satisfaction of which will not be denied".[641] Sy stel dit as die primêre taak gedurende adolessensie "to develop a favorable ratio of identity over role confusion ... if we as educators fail to meet this real need of the adolescents with whom we are working, we are contributing to their crippling of life. Failing to help them favorably resolve their crisis of identity in adolescence, sets the stage for teen-agers to move toward isolation as opposed to intimacy in young adulthood, to stagnation as opposed to generativity in adulthood, and to despair as opposed to ego integrity in maturity".[642]

3.4.3.5 As laaste, maar nie die geringste oorsaak van vervreemding moet hier die ongehoorsaamheid en sonde van die vervreemde self genoem word. Barnard noem dit "vervreemding as gevolg van sonde" en bespreek dit onder die oorsake wat te soek is by die vervreemde self.[643] Om van God



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

afvallig te raak, bly die mens se eie skuld al is daar ook talle veroorsakende faktore. Dijk noem dit die antwoord van die Skrif dat onverskilligheid "ongehoorzaamheid" is. "God verplaats de schuld niet. Hij rekent die den ontrouwen bondeling heel streng toe, want Hij is de Heere, onze God, Die Zijn lof vraagt van *al* onze jongeren."[644]

Barnard noem in hierdie verband ook die sonde van ongehoorsaamheid, die sonde van twyfel, van versuim, verleiding, dwaling en die opstand van die mens.[645] Afdwaling, wegloop van die Vaderhuis is sonde en moet erken en bely word.[646] Om vervreemding te verstaan, sal dit nie help om dit as sonde af te maak nie, maar niemand kan aan die ander kant vervreemding in sy diepte-dimensie verstaan sonder om dit ook as sonde voor God te sien nie.

## 3.5 DIE KERKLIKE TUG OF DISSIPLINE

★1 'n Kort paragraaf oor die kerklike tug is hier van belang omdat dit aan die een kant vervreemdingwerend, maar aan die ander kant ook vervreemdingduidend is deurdat dit die objek van evangelisasie identifiseer. Die kerklike dissipline behoort tot die wese van die ware kerk.[647] Daarom is die kerklike dissipline ook nodig om van die gemeente 'n "receiving fellowship" te maak. Kromminga sê in hierdie verband: "The Church is called to receive into true fellowship those who have been gained for Christ through her witness. This fact helps to give direction to the *disciplinary activity* of the overseers of the congregation. Discipline keeps the congregation true to its purpose".[648]

★2 Belangrikheid van die tug

Dit gaan nie hier om 'n motivering van die kerklike tug nie, maar om kortliks aan te toon hoe belangrik dit in verband met jeugevangelisasie is. Wanneer die kerklike dissipline nie funksioneer nie, is dit gewoonlik ten diepste omdat die kerk sy wese as liggaam van Christus, onder gesag van die Woord alleen, nie helder sien of reg begryp nie. Janson is reg as hy sê dat 'n reformatoriese kerk alleen deur die verwaarlosing van die tug tot volkskerk word.[649] Aan die ander kant is dit soos De Klerk sê ook waar dat "die volkskerk in gedeformeerde toestand" ook geen eise stel nie.[650] By 'n kerk met 'n volkskerkmentaliteit of -neigings is die tug meermale iets vir die bladsye van die kerkorde en vir een spesifieke sonde te wete die oortreding van die sewende gebod.[651]

Hoe jy die kerk sien, bepaal grootliks hoe jy die kerklike dissipline benader. Ook by Calvyn was die uitsig op wie werklik tot die gemeente behoort, in hierdie verband bepalend. Plomp het aangetoon dat Calvyn hieroor so gedink het: "voor leden der kerk moeten wij hen houden, die door hun belijdenis des geloofs, door de voorbeeldigheid van hun levenswandel en door hun deelname aan de sacramenten met ons dezelfde God en Christus belijden".[652] As die gemeente nou die eise vir dissipelskap loslaat en enigiemand tot belydenis van geloof en tot die sakramente toelaat, is so 'n gemeente besig om verraad te pleeg teenoor die wese van die kerk en teenoor die drie-enige God om wie dit in die belydenis van geloof en in die sakramente gaan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die gevaar is nou dat kerkrade en gemeentes juis in jeug- en evangelisasieverband die kerklike dissipline vermy. Wat die jeug betref, word jeugsondes te dikwels as "eksperimente" op die pad na volwassenheid afgemaak sodat die jeug tog dink dat 'n mens met genade kan speel — dit is volop en dit is verniet en goedkoop. Wat evangelisasie betref, word gewoonlik geredeneer dat dit beter is om die sondaar (wat in elk geval reeds met Christus, sy Woord, die erediens en meer gebreek het), binne die kerk te hou, want sou jy met dissipline begin, "verloor" jy net hierdie mens.

Sulke redenasies bevestig nie net die wanbegrip oor die wese van die kerk, die wese van dissipelskap nie, maar verraai ook byna totale onkunde oor die wese van die tug asof die kerklike dissipline en die kerklike bediening van die Evangelie teenoor mekaar staan; die onkunde wat nie begryp dat die kerklike dissipline 'n stuk evangelie is nie.[653]

'n Rede vir die verwaarlosing van die tug wat hierby aansluit, is die onvermoë om evangelies lief te hê. Hierdie saak regverdig meer ondersoek en studie. Die kerk worstel met 'n onvermoë om die liefde van Christus Jesus teenoor die afgedwaalde mens Bybels te vertolk. Òf daar is 'n onbybelse vergoeiliking van die sonde (met 'n beroep op Joh. 8) òf daar is 'n onbybelse afstand teenoor die sondaar wat hom/haar verder vervreem. Die kerk worstel om gebalanseerd driedimensioneel lief te hê. In die tugliefde vloei drie strome van liefde saam, te wete liefde vir die eer van God, liefde vir die gemeente en die suiwerheid ter wille van die Here se eer, en die liefde vir die verlore mens sodat dié gered mag word en God verheerlik word. Wanneer een van hierdie drie strome van liefde uit verband gehaal word, trek die kerklike tugoefening skeef. By die ontbreking van die dissipline, beteken dit gewoon dat die kerk min weet van die drang van hierdie driedimensionele liefde. Dit is inderdaad teken van "spiritual decline" en "the drift into pleasure" van die kant van die kerk.[654] Toe Calvijn oor die doel en vrug van die kerklike dissipline geskryf het, het hy dit in 'n sekere sin negatief bewoord, maar daaruit blyk ook inderdaad die ernstige gevolge as hierdie driedimensionele liefde by die kerk ontbreek. Hy sê naamlik "het eerste is, dat niet tot smaad van God onder de Christenen genoemd worden zij, die een schandelijk en smadelijk leven leiden, alsof zijn heilige kerk een samenrotting was van boze en misdadige mense ... Het tweede doel is, dat de goeden door de voortdurende omgang met de slechten niet bedorven worden, gelijk pleegt te geschieden ... Het derde doel is, dat zij zelf uit schaamte beginnen zullen berouw te krijgen over hun schandelijkheid".[655]

As 'n tugtelose gemeente maar wou begryp hoe God daardeur onteer word — asof sy gemeente 'n "samenrotting" (of soos Plomp vertaal) "een eedgenootschap van boze en misdadige mensen zijn".[656] Die kerk kan nooit die tug verwaarloos "zonder dat een deel van de smaad op het Hoofd neerkomt".[657]

★3 Onderlinge vermaning

'n Verdere misverstand rondom die tug, of gebrek in die tugoefening van die kerk, is die miskenning van die ondergrond van alle tugoefening, te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

wete die onderlinge vermaning binne die gemeente as gemeenskap in liefde verbonde. De Klerk het in sy proefskrif hierdie saak breedvoerig aan die orde gestel. Hy toon onder andere aan dat "die koinoniale binding, wat wesenskenmerk van die broedergemeenskap moet wees, ook voorwaarde vir die uitoefening van 'n vrugbare bediening van die onderlinge vermaning is".[658] Op grond van verskillende tekste[659] toon hy aan dat die onderlinge vermaning nie net wesenlik deel van die tug is nie, maar om dit saam met Visser te sê: "het eerste fundament van de tucht".[660] Tereg toon De Klerk aan dat in die oplewing van die amp van die gelowige (wat na die Reformasie tog nie tot sy reg gekom het nie) hierdie aspek van die onderlinge sorg dikwels agterweë gelaat word en dat eensydig klem gelê word op die amp van die gelowige se funksie na buite.[661] Vir hom is hierdie taak deel van die korporatiewe pastoraat en onontbeerlik vir enige effektiewe funksionering van die kerklike dissipline.[662]

Ook in die evangelisasie is hierdie waarheid van ingrypende belang. Die verwaarlosing van hierdie Bybelse opdrag is vervreemdinginisiërend. Waar die gemeenskap van die gelowiges egter ontbreek, is dit byna onmoontlik dat hierdie primêre bediening van die kerklike dissipline kan funksioneer. Webber het aangetoon "that the discipline needed to develop habits of the Christian life is primarily a function of the small group ... The congregation is called to live as a true family, thus providing for men an image of what a human family might be, even amid the pressures of the inner city".[663] Die gemeenskap van gelowiges word egter deur die Hoof van die gemeente gekonstitueer vir hulle wat aan Hom behoort en in 'n tuglose gemeente, is dit moeilik om van laasgenoemde seker te wees.

★4 Eise van die tug ten opsigte van die jeug

Aan watter spesifieke eise moet nou die kerklike tug ten opsigte van die jeug voldoen? Eintlik niks meer as wat vir alle tugoefening geld nie.

★4.1 Allereers moet gehandhaaf word dat "alle lidmate van die gemeente — belydende sowel as dooplidmate"[664] onder die kerklike toesig staan. Vir Calvyn was "de jonge kinderen (tenelli liberi) althans, nog geen voorwerp van kerkelijke tucht".[665] Hy beskou wel die kinders as deel van die gemeente, maar "pas na deze belijdenis, die afgelegd wordt op ongeveer vijftienjarige leeftijd, kunnen de kinderen ook in aanmerking komen voor de kerkelijke tucht".[666]

Laasgenoemde kan met reg gehandhaaf word indien die tug in die gemeente normaal funksioneer. Die "dissiplinêre atmosfeer" wat daardeur geskep word, het gewoonlik genoegsame dissiplinêre invloed op die dooplidmaat in die kategese. Die kerkorde is egter binne orde wanneer aangetoon word dat die dissipline by dooplidmate ook "'n bestraffing binne of buite die vergadering van die kerkraad" en "terughouding van die aflegging van geloofsbelydenis" beteken.[667]

'n Kerkraad en gemeente moet inderdaad hiermee erns maak, maar in jeugverband sal dit nie help indien nie ook in die gemeente dissiplinêr opgetree word nie. Dit raak inderdaad gemeentebouende jeugarbeid



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

wesenlik. Hofinger is byvoorbeeld reg wanneer hy sê: "To baptize infants whose parents do not sincerely commit themselves to educate their children, in a christian manner is, in fact, forbidden".[668] Die positiewe van die tug kan in jeugverband nie onderskat word nie. Bybelse tugoefening toon aan die jeug dat die kerk dit ernstig bedoel met sy Hoof en laasgenoemde se Woord. "Op hierdie wyse moet die kerk duidelik toon dat woord en daad gerig word deur die Woord van God, dat prediking, belydenis en lewenswandel in volle ooreenstemming is. Alleen só word die gemeente gebou, is daar eenheid en suiwerheid, dan word die gelowiges meer en meer toegerus en die swakkeres gesterk en weerhou van sonde, dan groei die hele gemeente tot 'n heilige tempel, waarin die Here woon en werk".[669] Webber het tereg gesê "in every situation the point is to be sure that those who enter the life of the church have the kind of relationship with Jesus Christ, at least in a preliminary form, which sustains them. The church must not preach forgiveness without taking repentance seriously. It must not baptize without discipline. There must be no communion without confession".[670]

Wat in die gemeente gebeur of nie gebeur nie, raak die dooplidmaat en sy ingroeiing in of uitgroeiing uit die kerk in sy wese. Die gemeente en kerkraad moet die dooplidmaat tot volle lidmaatskap en dissipelskap begelei en daarin tot voorbeeld wees. Wanneer 'n dooplidmaat dan in sy worsteling om identiteit 'n ergerlike lewe lei wat aan die eer van God en die heiligheid van die gemeente aanstoot gee, moet so iemand van die aflegging van "geloofsbelydenis" teruggehou word. Wie dit nie doen nie, besondig hom aan die wese van die gemeente en die eer van God.[671] Daar word soms geredeneer dat dit die volk van die kerk sou vervreem, dat die kerk sal verklein, dat die kerk dan sy invloed sal verloor. Dit is tipiese volkskerkredenasies. Die invloed van 'n kerk lê op die lang duur in sy suiwerheid en nie in sy grootte nie.[672] Die kerk het invloed in soverre as wat en omdat dit aan God Drie-enig en sy Woord gehoorsaam is. "As die tug in die kerk verwaarloos word, die kerk nie meer ten volle kerk is soos die Nuwe Testament die kerk voorstel nie," het die kerk "gevolglik ook nie die innerlike krag ... wat die Nuwe Testament aan die kerk toesê nie".[673] Wat meer is, as die kerk gedwing word om te kies tussen die lewe van die sondaar aan die een kant en die suiwerheid van navolging van Christus in die gemeente aan die ander kant, het die kerk net die Christuskeuse: "Christus was nooit bang om mense van Hom te laat weggaan as hulle nie bereid was om Hom ten volle te volg nie".[674] Dit help immers niks om die kerk groter te beskou as wat hy werklik is nie. Die kerk is altyd kleiner as 'n volkskerk.

★4.2 Bogenoemde beteken dat dit ook in die tug en dissipline oor kinders en jongmense, gaan oor *sonde*. Sonde wat publiek geword het en wat aanstoot gee.[675] By tug aan die jeug is die onderskeidinge wat Calvyn blootgelê het, naamlik die "peccata privata" (verborge sondes) en die "peccata publica" van belang.[676] Laasgenoemde is die tugwaardige sondes. Dit is sondes "welke niet slechts één of twee getuigen hebben,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

maar openlijk tot aanstoot van de ganse kerk (gemeente in Plomp se vertaling MN) aangewezen worden''.[677]

Calvyn onderskei hierdie laasgenoemde sondes in die ligtere vergrype en misdade of ''schanddaden'' (Sizoo ''boze daden''). By Calvyn se onderskeidinge is veel te leer wanneer dit die tug aan die jeug raak. Die mate van bekendheid van die sonde, die ''actieradius van het van de zonde uitgaande 'offendiculum', het dit 'n ander aanleiding tot sonde gegee ens., is hier ter sprake.[678] In gevalle van ligtere sondes sê hy dat nie met ''zo grote gestrengheid'' vermaan moet word nie. 'n Bestraffing met woorde is genoeg: ''een zachtzinnige en vaderlijke bestraffing, die de zondaar niet verbittert en verwart, maar hem terugbrengt tot zichzelf, zodat hij er zich meer over verheugt dan bedroeft dat hij bestraft is''.[679]

Plomp vermeld 'n belangrike saak in hierdie verband naamlik dat by Calvyn dieselfde sondes nie altyd op dieselfde wyse beoordeel word nie.[680] Dit kom gewoon daarop neer dat elke sonde en sondaar op meriete beoordeel moet word. Sondes mag dieselfde name dra, maar die sondaars wat dit doen, verskil — hul omstandighede verskil en dit is onmenslik, indien nie onchristelik nie, om 'n bepaalde maatstaf vir alle sondes en sondaars te hê en dit konsekwent sonder inagneming van die mens en sy omstandighede toe te pas. ''Het lijkt niet te gewaagd aan te nemen dat ook bij Calvijn de intentie en de graad van bewustheid waarmee de zonde bedreven word, een belangrijke rol spelen in die qualificatie en taxatie van de zonde. In de misdaad ziet hij ook de meer voldrágen zonde, mischien is ze reeds een teken van een léven in de zonde.''[681]

Die vraag is of die kerk kans sien vir hierdie ''blootstelling'' aan die jeug wat in sonde verval het. Dit eis soveel liefde om by die vrou van Joh. 8 te staan; by die ''Sichar-tipe'' water te vra; by 'n tollenaar te eet. Dit is makliker om in die tug bepalings toe te pas, voorafbepaalde maatstawwe aan te lê en die tugwaardige sondaar gewoon daaraan te meet en as hulle ''inpas'' die bepaalde ooreenstemmende ''straf'' op te lê. Die weg van die tug kan so bewandel word, maar dit is 'n vergryp teen die Evangelie en mense in nood. Die jeug is uiters sensitief vir die gees van Christus in die beoordeling van die mens in sonde. Die tug moet in der waarheid geskied as ''kerklike regspleging'' as ''geestelike regspleging''.[682] Laat ons hier byvoeg, kerklike regspleging in die gees en gesindheid van Christus Jesus.

### ★4.3 Tug met geduld

'n Laaste saak wat hier in verband met die kerklike tug en die jeug beklemtoon word, is die geduld waarmee dit toegepas moet word. Die openlike sondes van kinders en jongmense is nie minder tugwaardig as die van volwassenes nie. Dit raak die eer van God en die heiligheid van die gemeente net so wesenlik. Die toepassing van die tug moet egter met groot geduld, wysheid en onderskeidingsvermoë geskied vanweë die ouderdomsfase en daarmee gepaardgaande onsekerhede, onvolwassenheid, twyfel, kritiese bevraagtekening en reaksiepatrone.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Kerkrade verwaarloos die tug aan die jeug juis om bogenoemde redes. Dit is nie korrek nie. Dit tas nie net die eer van God en die heiligheid van die gemeente aan nie, maar belemmer ook die groei van die kind en jongmense tot gedissiplineerde en oorgegewe dissipelskap van Christus.[683] Dit laat die jeug twyfel aan die bedoeling van die kerk, aan die gesag van die Woord, die gestalte van die kerk, ja aan God self. Dit mag nie gebeur dat die Wet gelees word, die Woord gepreek word en hulle wat hulle onder die Wet en Woord gestel het, leef soos hulle wil nie. Die wese van die erediens en die prediking roep na die evangeliese bediening van die kerklike dissipline. Wat hierbo bedoel word, is 'n pleitrede vir die regte gesindheid in die toepassing van die tug. Dit gaan nie om òf die dissipline aan die jeug bedien moet word nie — dit is nie die vraag nie — maar hóé dit moet geskied.

Plomp het aangetoon dat dit Calvyn se standpunt was dat "tucht kan niet uitgeoefend worden zonder strengheid ... Te grote toegefelijkheid is af te keuren. Maar ook het omgekeerde: het zich overgeven aan overmatige strengheid in plaats van optreden met de door de Heer vereiste zachtmoedigheid. Er moet wel strengheid zijn maar getemperde. De strengheid moet verbonden zijn met zachtmoedigheid (mansuetudo), mildheid (clementia), vriendelijkheid (lenitas)".[684] Calvyn voeg ook nog die liefde by.[685] Die gesindheid in die tug moet gemodereer word deur die doel van die tug. "Tucht die geen maat houdt, verbittert, wordt een foltering, is bijzonder gevaarlijk omdat ze leidt tot huichelarij of wanhoop in plaats van tot berouw en bekering."[686]

★5 Samevattend

Dit tug stel die grootste eis aan die kerk: die eis van eerlike liefde. En juis dit is so moeilik — om lief te hê al verwerp jy wat iemand gedoen het en wat hy deur sy sonde geword het. Om met so iemand die pad van die dissipline te loop, is die pad van Christus. Dit is om saam met iemand onder die dissipline van die Woord te staan en iemand met die Woord en met die tweede sleutel van die kerklike dissipline na Hom te probeer teruglei. Só word vervreemdes gekeer en volhardende vervreemdes buite die gemeente gestel om net nog verder objek van die Evangelie te bly, maar dan nie meer ten koste van die eer van God en die suiwerheid van die gemeente onder die vaandel van "deelgenote" te wees aan sy liggaam op aarde nie.

1 Vergelyk Le Roux, L. M., *Kerklike Jeugwerk,* Deel II, (D.D., U.P., 1962) p. 265 – 532.

2 Vorster, J. D., *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie,* 1652 – 1795, p. 85. Vergelyk ook Kleynhans, E. P. J., *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika,* 1795 – 1962, p. 105 vv.

3 Jansen, J., *Korte Verklaring van de Kerkorde,* p. 93.

4 *Ibid.*

5 Greyling, E., *Die Sondagskool,* p. 10. So ook Terblanche, D. J. M., *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy naskoolse jeug,* (D. Th., Stellenbosch, 1966) p. 21. Vergelyk ook Le Roux, L. M., *op. cit.,* p. 338.

6 Greyling, E., *op. cit.,* p. 10.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

7 Vergelyk Le Roux, L. M., *op. cit.*, p. 341.
8 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 16.
9 Greyling, E., *op. cit.*, p. 11.
10 Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 251.
11 *Ibid.*, p. 247. Vergelyk ook *Acta Synodi* 1824, art. 31, p. 342.
12 *Ibid.*, p. 248.
13 *Wetten en Bepalingen 1842,* Uitgawe 1847, p. 28 soos aangehaal deur Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 170.
14 Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 172.
15 Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk Artikel 9.4.
16 Vergelyk *Bekwaam om te leer,* Boek 1, p. 70 ('n Bybelkor-uitgawe).
17 Spoelstra, C., *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitse Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika,* Deel 1, p. 571.
18 Greyling, E., *op. cit.*, p. 13.
19 *Bekwaam om te leer,* Boek 1, p. 75.
20 Greyling, E., *op. cit.*, pp. 14, 15.
21 *Ibid.*, pp. 17, 18. Vergelyk ook: *Bekwaam om te leer, Boek 1,* pp. 76, 77.
22 Vir 'n vollediger beskrywing van hierdie ontwikkeling vergelyk Greyling, E., *op. cit.*, p. 20 – 40; Vergelyk ook De Villiers, D. W., *Die ontstaan, die ontwikkeling en die stand van die kategese in die Ned. Geref. Kerk.*, Deel II (D.Th. Stellenbosch, 1957) p. 366 – 373.
23 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, pp. 535, 536.
24 *Bekwaam om te leer,* Boek 1, p. 87.
25 Kerkorde Art 50 soos aangehaal in: Ned. Geref. Kerk Sinodes van Noord-Transvaal en Oos-Transvaal: *Kerkorde en Aanvullende bepalings,* 1979, p. 79.
26 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 6.
27 *Ibid.*, p. 6 – 10.
28 *Ibid*,. p. 38.
29 *Wetten en Bepalingen* 1842, Uitgawe 1847, p. 28. Soos aangehaal deur Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, pp. 170, 171.
30 *Wetten en Bepalingen* 1873, Uitgawe 1874, art. 33, p. 21 soos aangehaal deur Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 184.
31 Kerkraadsnotule, Kaapstad, 12 April 1853 soos aangehaal deur Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 39.
32 Oberholster, J. A. S., *Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Tulbagh (1743 – 1943),* p. 43 soos aangehaal deur De Villiers, D. W., *op. cit.*, p. 188.
33 Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 181.
34 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 39.
35 *Ibid.*, p. 40.
36 Beerekamp, J. W., *De Jeugddienst*, p. 19.
37 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 28.
38 *Ibid.*
39 *Ibid.*, p. 29.
40 *Ibid.*, p. 30.
41 *Ibid.*, p. 31 – 36.
42 Vergelyk Dijk, K., *De Dienst der Prediking,* p. 138 – 141 vir besware teen afsonderlike kinderdienste.
43 *Agenda en Handelinge van die 5e Vergadering van die Algemene Sinode,* 1978, pp. 440 – 449, 1029.
44 Zeeman, M. T. S., *Die armesorgwerk van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die kerk in die OVS,* p. 38.
45 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, pp. 19, 20.
46 *Ibid.*, p. 20.
47 Vir meer volledige historiese gegewens vergelyk Zeeman, M. T. S., *op. cit.*, p. 43 vv.
48 Vergelyk ook *Verslag van die Jeugstudiekommissie van die Ned. Geref. Kerk.*, p. 292. Vergelyk ook Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 250.
49 *Ibid.*, p. 293.
50 Vergelyk Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, pp. 244, 245.
51 *Ibid.*, p. 246.
52 Vergelyk *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* p. 294.
53 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 19.
54 Kleynhans, E. P. J., *op. cit.*, p. 251.
55 *Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk.*, 1970, p. 441 – 472, *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* p. 290 – 395.
56 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 13.
57 Vergelyk Sholund se bydrae in Irving, R. G. en Zuck, R. B., *Youth and the Church,* pp. 61, 62.
58 Kemp, J. I., *Kerk en kerklike Jeugvereniging*, (DD., U.P., 1963) p. 223.
59 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 42.
60 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op cit.*, p. 61.
61 Notule, CJV, 30 November 1874 soos aangehaal deur Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 43.
62 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 224.
63 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 43.
64 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 224.
65 *Ibid.*, Dit is ook duidelik uit die *Konstitusie van die Christelike Jongeliedevereniging.*
66 Irving, R. G., en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 62.
67 *Ibid.*
68 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 225.
69 *Ibid.*
70 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 46.
71 *Ibid.*, p. 47.
72 *Acta Synodi,* Transvaal, 1906, p. 75 – 77.
73 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 49.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

74 *Ibid.*, p. 40.
75 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 231.
76 *Verhandelingen, Vierde Jaarvergadering van die CJV.*, Paarl, 1907, p. 12 aangehaal deur Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 233.
77 Vergelyk Kemp, J. I., *op. cit.*, pp. 223, 234.
78 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, p. 159.
79 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 235.
80 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, pp. 160, 161.
81 *Ibid.*, p. 161.
82 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 238.
83 Marais, Sibs., *Die Kindersendingkrans 1906 – 1977* — 'n waarderingswoord p. 1.
84 *Ibid.*
85 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, p. 167.
86 *Ibid.* Vergelyk ook Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 233.
87 *Notule, Derde Vergadering van die Federale Uniebestuur, Junie*, 1952.
88 *Grondwet*. Art. 10, 1969/70.
89 *Handelinge van die sewe-en-twintigste vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk van Natal*, 1971, p. 259.
90 Nel, M., Memorandum: *Artikel 10.*
91 Grondreël 7 soos aangehaal in De Hart, E. L., *A tot Z Handleiding vir Kerkraad en Ringjeugkommissies*, (Hersiene uitgawe deur Nel, M.) p. 65.
92 *Ibid.*, pp. 53, 59.
93 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, p. 4.
94 *Ibid.*
95 *Ibid.*, p. 6.
96 *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1966, p. 535.
97 *Handelinge van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1970, pp. 703, 823. Vergelyk ook die *Handelinge*, 1966, pp. 260, 537.
98 *Ibid.*, p. 790.
99 *Handelinge van die Vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1974, pp. 524 – 526, 639.
100 *Ibid.*, pp. 525, 639.
101 *Ibid.*, p. 649.
102 *Ibid.*, p. 362.
103 *Handelinge van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, p. 814.
104 Vir meer detail aangaande die inhoud van die leerstof vergelyk Bybelkor: *Bekwaam om te leer*, Boek 3, p. 6 – 13. Vir die detailorganisering van die kategeseskool vergelyk Boek 4: *Die Organisasie*.
105 *Ibid.*, Boek 1, p. 21.
106 Die Algemene Jeugkommissie, *Eenvormige reëls vir die kategeseskool van die Ned. Geref. Kerk*, p. 7.
107 Viljoen, D. J., *Riglyne vir die ondersoek van katkisante met die oog op toelating tot aflegging van geloofsbelydenis*, pp. 16, 18.
108 *Ibid.*, p. 12.
109 *Kerkorde, Artikel 50.*
110 *Handelinge van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1978, p. 411.
111 Vergelyk grondreëls 9, 10, 11, 12 in De Hart, E. L., *op. cit.*, p. 53 – 56.
112 Hierdie punt weerspieël die geskiedenis van die omskakeling en uitbouing van die toe bestaande Kindersendingkrans tot 'n meer omvattende en eerste afdeling van die Kerkjeugaksie. *Vergelyk Handelinge van die Algemene Sinode*, 1974, p. 361 – 366.
113 Grondreël 4, in De Hart, E. L., *op. cit.*, p. 52.
114 *Ibid.*, p. 53.
115 Verslag van die werksaamhede: Algemene Komitee van die Senior KJA., 1980, p. 4.
116 Grondreël 4 in De Hart, E. L., *op. cit.*, p. 58.
117 Grondreëls 6, 7, *Ibid.*, pp. 58, 59.
118 *Agenda vir die Agtste Gewone Vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk*, 1979, p. 99.
119 *Verslag van die Tweede Algemene Konferensie, 1981.*
120 Grondreëls vir die Belydende Kerkjeugaksie, grondreël 6 in De Hart, E. L., *op. cit.*, p. 64.
121 Grondreël 7, *Ibid.*, p. 65.
122 *Handleiding van die Belydende Kerkjeugaksie*, Afdeling 4.
123 Punt 6 van die Jeugbeleid.
124 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, p. 214.
125 *Ibid.*
126 *Sakelys van die Subkommissie Dooplidmate*, p. 81 vv. en *Notule van die Algemene Jeugkommissie*, 1981, pp. 39, 50.
127 *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1978, p. 417.
128 *Sakelys van die Algemene Jeugkommissie, Subkommissie Jong Belydende Lidmate*, 1980, p. 3 en *Notule van die Algemene Jeugkommissie* 1980, p. 39.
129 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, p. 202.
130 *Verslag van die Jeug-tot-Jeugaksie* soos voorgelê aan die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1978, pp. 23, 27.
131 *Agenda van die Vyfde Vergadering van die*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1978, p. 417.

132 *Sakelys van die Algemene Jeugkommissie, Subkommissie vir Jong Belydende Lidmate,* 1979, p. 118 – 121 en *Notule, Algemene Jeugkommissie,* 1979, p. 40.

133 *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* p. 76.

134 *Notule van die Tiende Studenteleraarskonferensie,* 1980, p. 1 vv; Van Tonder, M., *Kerklike Studentebearbeiding,* pp. 1 – 8, 102 – 113. (BD. Skripsie, U.P., 1977).

135 De Koker, W. J. H., *Die kerklike bediening aan die vakleerling in die personeelwoning binne spoorwegverband,* (BD, Skripsie, U.P., 1981,) pp. 12, 19. Die eerste voltydse persoon is in 1899 aangestel.

136 Kemp, J. I., *op. cit.,* p. 275.

137 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *Its Happening with Youth,* p. 3.

138 Schambardt, H., *Handboekje voor het Jeugdwerk,* p. 5 (in die reeks Practisch Theologische Handboekjes).

139 *Ibid.,* pp. 5, 6.

140 Dit is reeds deur ander breedvoerig gedoen. Vergelyk Le Roux, L. M., *op. cit.,* p. 429 – 531.

141 Vergelyk Schambardt, H., *op. cit.,* p. 22.

142 Vergelyk Firet, J. en Van Riessen, Ir. H., *Een Dozijn is meer dan Twaalf,* pp. 52, 53, 96, 97; Vergelyk ook Schambardt, H., *op. cit.,* pp. 6, 7 en Van der Made, A. P., *Kerk en Jeugdzorgwerk,* p. 27.

143 Dijk, K., *De Dienst aan de Kerkjeugd,* pp. 21, 22.

144 Schambardt, H., *op. cit.,* p. 23.

145 *Ibid.,* p. 21.

146 *Ibid.,* p. 27.

147 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *Kerk en Jongeren,* p. 133.

148 *Ibid.,* p. 177.

149 Nel, M. *e.a., Verslag Buitelandse Jeugstudietoer,* 1972, p. 23.

150 Vergelyk Van der Made, A. P., *op. cit.,* p. 27 en Le Roux, L. M., *op. cit.,* p. 429 vv. Tog is daar by die Nederlands Hervormde Kerk meer jeugwerk "waar die hele organisasie deur die kerk self onderneem word" soos byvoorbeeld deur die "Jonge Kerk" van die Hervormde Kerk. Vergelyk Naude, C. F. B. en Strauss, W. de W., *Kerk en Jeug in die Buiteland en Suid-Afrika,* pp. 2, 4, 5.

151 Corbett, J. M., en Johnson, C. E., *op. cit.* p. 3 – 5.

152 Seydel, O., *Kirchliche Jugendarbeit, Freiraum und Konflikt,* p. 95.

153 Vergelyk Naude, C. F. B. en Strauss, W. de W., *op. cit.,* p. XV en ook Schambardt, H., *op. cit.,* pp. 6, 7.

154 Vergelyk Ascher, P., *Jugendarbeit in der Krise,* p. 7.

155 Kemp, J. I., *op cit.,* pp. 138, 275.

156 Beyer, K., *Gemeinde Jugendarbeit,* p. 7.

157 Bleistein, R., *Kirchliche Jugendarbeit,* p. 74.

158 Vergelyk weer paragrawe 2.1 en 2.5 van hierdie studie.

159 Nel, M., *Die Teologiese Basis van Gereformeerde Kerklike Jeugarbeid,* p. 5.

160 Bonhoeffer, D., Gesammelte Schriften, Dritter Band, p. 292 – 293.

161 Beyer, K., *op. cit.,* p. 7.

162 Little, S., *Youth, world and Church,* p. 11.

163 Vergelyk Gilbert, W. K., *Confirmation and Education,* p. 123vv.

164 Firet, J., *Het agogisch moment in het pastoraal optreden,* p. 25.

165 *Ibid.,* pp. 25, 29, 34, 41.

166 *Ibid.,* pp. 32, 33.

167 *Ibid.,* p. 57.

168 *Ibid.,* p. 55.

169 Friedrich, H., in Kittel, G., *op. cit.,* Volume 3, p. 716.

170 Firet, J., *op. cit.,* pp. 67, 68.

171 *Ibid.,* p. 113.

172 *Ibid.,* p. 112.

173 *Ibid.,* p. 115.

174 *Ibid.*

175 *Ibid.,* p. 71.

176 Kittel, G., *op. cit.,* Volume 4, pp. 408, 447.

177 Firet, J., *op. cit.,* p. 87.

178 *Ibid.,* pp. 88, 89.

179 *Ibid.,* p. 91.

180 *Ibid.,* p. 117.

181 *Ibid.*

182 Firet noem: paramutheisthai (1 Thess. 5:14); nouthesthai (2 Thess. 3:7, 11); steridzein (Jak. 5:7, 8); katartidzein (1 Petr. 5:10); oikodomein (1 Thess. 5:11). *Ibid.,* p. 102 – 108.

183 *Ibid.,* p. 109.

184 *Ibid.,* pp. 95, 120.

185 Dit is volgens homself deel van die doel van sy ondersoek, *Ibid.,* p. 22.

186 *Ibid.,* p. 116.

187 *Ibid.,* p. 117.

188 *Ibid.,* p. 121.

189 *Ibid.*

190 *Ibid.*

191 *Ibid.,* p. 119.

192 Bonhoeffer, D., *op. cit.,* p. 293.

193 Harris, M., *Parish Religious Education,* p. 52.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

194 Strommen, M. P., *Profiles of Church Youth,* p. 3.
195 *Ibid.,* p. 4.
196 Vergelyk Gilbert, W. K., *op. cit.,* p. 124 vv.
197 Van der Ven, J. A. en Berger, W. J., *Graven naar geloof (Analyses van gesprekken met jongeren van uit Psychologie en Theologie),* p. 201.
198 Cassels, L., *Forbid them not,* p. 8.
199 *Ibid.,* p. 9.
200 Firet, J., *op. cit.,* p. 122.
201 *Ibid.,* p. 120.
202 Artikel 55.1 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk.
203 *Ibid.,* Artikel 55.2.
204 Beyer, K., *op. cit.,* p. 9.
205 Nel, M., *Die Teologiese Basis ...,* p. 7, 8.
206 Bonhoeffer, D., *op. cit.,* pp. 292, 293.
207 Mead, M., *Culture and commitment, a Study of the generation gap,* pp. 1, 52.
208 Seydel, O., *op. cit.,* p. 96.
209 De Hart, E. L., *op. cit.,* p. 16. Hierdie indeling is ook deur die Vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk aanvaar, *Handelinge,* p. 363. Die sinode het egter nie 'n ouderdomsbepaling vir die belydende jeug aanvaar nie. Die betrokke aanbeveling het nie 'n ouderdomsaanduiding ingesluit nie; Vergelyk ook die *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* p. 42 – 52.
210 Beyer, K., *op. cit.,* p. 14.
211 Vergelyk *Bekwaam om te leer,* Boek 2. p. 28 – 49.
212 Little, S., *op. cit.,* p. 43.
213 *Ibid.,* p. 43 – 47.
214 *Ibid.,* p. 39.
215 Irving, R. G. & Zuck, R. B., *op. cit.,* pp. 90, 91.
216 Vergelyk ibid., p. 128; Chamberlain, J. G., *The Church and its Young Adults,* p. 23; Strommen, M. P., *Five Cries of Youth,* p. 12 vv.
217 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 129.
218 Cassels, L., *op. cit.,* pp. 34, 36.
219 Strommen, M. P., *Profiles ...,* p. 239.
220 Corbett, J. M. & Johnson, D. E., *op. cit.,* p. 5.
221 *Ibid.,* p. 6.
222 Zuck, R. B. & Getz, G. A., *Christian Youth, an in-depth study,* p. 160.
223 Strommen, M. P., *Profiles ...,* p. 105. In sy boek: *Five Cries of Youth,* p. 33 noem hy dit "cry of psychological orphans."
224 Cassels, L., *op. cit.,* p. 42 – 43.
225 Watson, S. J., *Youth work in the Church,* p. 9.
226 Little, S., *op. cit.,* p. 11.
227 Strommen, M. P., *Five Cries ...,* p. xi.
228 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.,* p. 162.
229 Little, S., *op. cit.,* p. 23.
230 Irving, R. G. & Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 141. Vergelyk ook p. 267 – 278.
231 Bleistein, R., *Die Kirche von gestern und die Jugend von heute,* p. 167.
232 Corbett, J. M. & Johnson, C. E., *op. cit.,* p. 156.
233 Little, S., *op. cit.,* pp. 31, 32.
234 Cassels, L., *op. cit.,* p. 66.
235 *Handelinge van die Vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1974.* pp. 363, 524, 640.
236 Dit gaan nie hier om wat soms ook emansipatoriese jeugarbeid genoem word nie. In laasgenoemde gaan dit meer om omvattende lewenshulp en betrokkenheid by die verandering van strukture ten einde mee te werk dat die "agape praktiseer word." Vir 'n kort uiteensetting van hierdie soort jeugarbeid vergelyk Seydel, O., *op. cit.,* p. 101.
237 Bonhoeffer, D., *op. cit.,* p. 293.
238 Seydel, O., *op. cit.,* p. 97.
239 Gilbert, W. K., *op. cit.,* p. 122 – 126; Bleistein, R., *Die Kirche von gestern ...,* pp. 169, 170.
240 Corbett, J. M. & Johnson, C. E., *op. cit.,* pp. 4, 5.
241 Cassels, L., *op. cit.,* p. 81.
242 Vir 'n kort uiteensetting van die hele vraag na medewerkers en hulle plek in jeugarbeid vergelyk Beyer, K., *op. cit.,* p. 17 – 25 en die *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* p. 200 – 209. Vergelyk ook Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 281 – 291.
243 Van der Ven, J. A. en Berger, W. J., *op. cit.,* p. 201.
244 Strommen, M. P., *Profiles ...,* p. 239.
245 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* pp. 161, 162.
246 Vergelyk weer Firet, J., *op. cit.,* pp. 60 – 68, 114 – 116.
247 Vergelyk in hierdie verband Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 384 – 485 en veral p. 486 – 517; Cassels, L., *op. cit.,* p. 28.
248 Vergelyk Firet, J., *op. cit.,* pp. 68 – 91, 116 – 118. Vergelyk ook Ef. 4:11 – 17.
249 *Ibid.,* p. 109.
250 Vergelyk *Ibid.,* pp. 91 – 109, 118 – 122. Vergelyk ook Bleistein, R., *Kirchliche ...,* p. 74 – 92.
251 Little, S., *op. cit.,* p. 11.
252 *Handelinge van die Vierde Vergadering*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1974, p. 362.
253 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.,* pp. 163, 164.
254 De Hart, E. L., *op. cit.,* p. 7.
255 Schambardt, H., *op. cit.,* p. 62.
256 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* pp. 47, 48.
257 Vergelyk De Hart, E. L., *op. cit.,* pp. 52, 58, 64.
258 Bleistein, R., *Kirchliche ...,* p. 79; Vergelyk ook Dubose, F. M., *How Churches grow in an urban world,* p. 146.
259 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.,* p. 3.
260 Syrdal, R. A., *Go, make disciples,* p. 44. Vergelyk ook Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* p. 111.
261 Vergelyk Chamberlin, J. G., *op. cit.,* p. 33.
262 Vergelyk Bleistein, R., *Kirchliche ...,* p. 79.
263 Vergelyk Kemp, J. I., *op. cit.,* p. 280.
264 Noordegraaf, A., *Gods Bouwwerk,* p. 113. Vergelyk ook p. 70 – 71; Hand. 9:31; 20:32; 1 Kor. 14:1; 1 Petr. 2:5vv. Vergelyk ook Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 44. Vergelyk ook Young, J. T., *The Church-alive and growing,* pp. 44 – 53, 84 – 120.
265 Chamberlin, J. G., *op. cit.,* p. 73.
266 Jonker, H., *Leve de Kerk,* p. 128. Vergelyk ook pp. 105, 120; Vergelyk Joh. 14:6; 1 Kor. 2:2; 2 Kor. 4:5 vir die sentraliteit van Christus in die ganse bediening. Vergelyk ook Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 384 – 485. Vergelyk veral pp. 416 – 422, 444 – 452, 459 – 466.
267 Padilla, C. R., *The new face of Evangelicalism,* p. 166.
268 *Ibid.,* pp. 116, 117.
269 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en in der waarheid,* p. 113.
270 Little, S., *op. cit.,* p. 11; Vergelyk ook Wilson, C., *With Christ in the School of Disciple Building,* p. 218vv vir die verhouding tussen evangelisasie en dissipelskap.
271 Kemp, J. I., *op. cit.,* p. 280.
272 Collins, G. R., *It's O'K to be Single,* p. 134.
273 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.,* p. 101.
274 Collins, G. R., *op. cit.,* p. 134 – 135.
275 Vir die verantwoordelikheid van die jeug teenoor die kerk vergelyk Kemp, J. I., *op. cit.,* p. 282 – 283.
276 Padilla, C. R., *op. cit.,* p. 117.
277 Strommen, M. P., *Bridging the gap,* p. 89.
278 Cassels, L., *op. cit.,* p. 73.
279 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 134.
280 Vergelyk onder andere Luk. 9:23 – 27; 14:25 – 35; Fil. 1:12 – 26. Vergelyk ook die dieptebespreking van dissipelvorming in Bruce, A. B., *The Training of the Twelve,* veral pp. 11 – 18, 96 – 115, 331 – 345, 501 – 517.
281 Padilla, C. R., *op. cit.,* p. 118.
282 Booy, T., *Kerk en Jeugd,* p. 96.
283 Dienst, K., *Moderne Formen des Konfirmandenunterrichts,* p. 15. Hy praat van die kategese as "ein Unterricht mit vielen Mängeln" en noem as een van die probleme "das 'Hinauskonfirmieren' aus der Kirche".
284 Booy, T., *op. cit.,* p. 96.
285 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 281.
286 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* pp. 113, 114.
287 *Ibid.,* p. 114.
288 *Ibid.,* p. 115.
289 Booy, T., *op. cit.,* p. 97.
290 Kemp, J. I., *op. cit.,* p. 267.
291 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* p. 115.
292 *Ibid.,* p. 116.
293 Dobbins, G. S., *Winning the children,* p. 165.
294 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* p. 116. Vergelyk ook Booy, T., *op. cit.,* p. 98.
295 Dobbins, G. S., *op. cit.,* p. 165.
296 Bleistein, R., *Die Kirche von gestern ...,* p. 101.
297 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* pp. 50, 52.
298 Dobbins, G. S., *op. cit.,* p. 165.
299 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* p. 116 – 117.
300 Kettner, E., *Evangelism in the Sunday School,* p. 39. Hy verwys ook na "Sunday School" as voortgaande onderrig na belydenisaflegging.
301 *Die Kerkboek,* pp. 65, 66 (Vraag 1).
302 Homrighausen, E. G., *Choose ye this day,* pp. 50, 51.
303 Kettner, E., *op. cit.,* p. 39.
304 Vergelyk ook Kilpatrick, T. B., *New Testament Evangelism,* p. 168 – 169 en Coleman, R. E., *Evangelism in Perspective,* p. 44 – 55.
305 Hofinger, J., *Evangelization and Catechesis,* p. 70 – 71.
306 Vergelyk Peters, G. W., *Saturation Evangelism,* p. 34 en Green, H. L., *Why Churches die,* p. 81 – 86.
307 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* p. 116.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

308 Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 90.
309 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* p. 115 – 116.
310 Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 8.
311 Vergelyk onder andere Ef. 4:1 – 16; 1 Kor. 12.
312 Foster, A. L., *The House Church Evolving,* p. 95.
313 Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 74.
314 Alessi, V., *Evangelism in your Church School,* p. 32.
315 Strommen, M. P., *Profiles ...,* p. 105. Vergelyk ook Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* p. 160 – 161; De Haan, H. en Van Brederode, P., *Feiten over Jeugdseksualiteit,* p. 40.
316 *Ibid.*
317 Vergelyk Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 75vv.
318 Smith, L., *Family Ministry,* pp. 88, 90 – 93.
319 Mead, M., *op. cit.,* p. 71.
320 Harris, M., *Parish religious education,* p. 44.
321 Vergelyk Smith, L., *op. cit.,* p. 88.
322 Quere, R. W., *Evangelical Witness,* p. 18. Vergelyk ook Hofinger, J., *op. cit.,* p. 132. "Pastoral experience provides abundant evidence that catechesis in school and parish had meager results *without the collaboration of the family".*
323 Harris, M., *op. cit.,* p. 46.
324 *Ibid.,* p. 48.
325 Kettner, E., *op. cit.,* p. 72.
326 Harris, M., *op. cit.,* p. 52.
327 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* p. 160.
328 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 283.
329 Kettner, E., *op. cit.,* p. 51.
330 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* p. 161 – 162.
331 Te Winkel, J. D., *Metterdaad en ...,* p. 116.
332 Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 73.
333 Vergelyk Van der Made, A. P., *op. cit.,* p. 37vv. Met "bijzonder jeugdwerk" word veral "sociaal-charitatief werk" bedoel.
334 Vergelyk Seydel, O., *op. cit.,* p. 91 – 93.
335 Schambardt, H., *op. cit.,* p. 8.
336 Vergelyk Grosheide, F. W., *De Brief van Paulus aan de Efeziërs,* p. 67.
337 Vergelyk Groenewald, E. P., *Die Evangelie volgens Markus,* p. 100vv; Bolkestein, M. H., *Het Evangelie naar Marcus,* p. 106 – 110.
338 Bybelkor: *God se Seun is hier,* p. 62 – 63.
339 Vergelyk onder andere Stowe, D. M., *Ecumenicity and Evangelism,* p. 33.
340 *Ibid.*
341 McGavran, D. A. en Arn, W. C., *How to grow a Church,* p. 163 – 165.
342 Hofinger, J., *op. cit.,* p. 125.
343 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 167 – 168.
344 *Ibid.,* p. 169.
345 Hofinger, J., *op. cit.,* p. 128 – 131; Löwe, R., *Evangelium und Evangelisation heute,* p. 51.
346 Cowan, J. F., *New Youth Evangelism,* p. 47.
347 Coleman, R. E., *op. cit.,* p. 59.
348 Vergelyk maar net Rom. 10 veral verse 8 – 17.
349 Vergelyk 1 Pet. 2:4, 5, 9, 10.
350 Vollenhoven, H., *Evangelisch Commando, I.,* p. 77.
351 Die Kerkboek, p. 65 – 66. Met die verskyning van Die Kerkboek in 1976 is die nuwe formulier en vrae in die kerk in gebruik geneem. Die betrokke vraag is dus sedertdien deel van die formulier.
352 Bakker, J. T., *Kerugma en Prediking,* p. 25.
353 Wilson, C., *op. cit.,* p. 218. Vergelyk ook 'n vorige aanhaling uit Green, H. L., *op. cit.,* p. 44.
354 Little, S., *op. cit.,* p. 24 – 25. Vergelyk ook Strommen, M. P., *Bridging ...,* p.88vv.
355 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 81.
356 Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 107.
357 Little, S., *op. cit.,* p. 25.
358 Mette, N. in Greinacker, M. en Müller, A., *Evangelization in the world today,* p. 54 – 57.
359 Vergelyk byvoorbeeld Joh. 10; 12:24 – 26.
360 Wright, M., *New ways for Christ,* p. 6.
361 Pickering, E. D., *The Theology of Evangelism,* p. 55 – 64.
362 Little, S., *op. cit.,* p. 47.
363 Vergelyk Joh. 17:3.
364 Kuiper, R. B., *God centered Evangelism,* p. 159.
365 Vergelyk Palmer, Bernard en Marjorie., *How the Churches grow,* p. 163vv.; Ellis, H. W., *Evangelism for Teenagers,* p. 29.
366 Kuiper, R. B., *op. cit.,* p. 159.
367 Vergelyk onder andere in evangelisasieverband die verbondsherstellende roep en motief in 2 Kron. 30:6 – 9.
368 Kuiper, R. B., *op. cit.,* p. 159.
369 Vergelyk ook Rom. 11:33 – 36; Ef. 1:15 – 23; 3:14 – 21.
370 Alessi, V., *op. cit.,* p. 10.
371 *Ibid.*
372 Little, S., *op. cit.,* p. 11.
373 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding,*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

p. 3 – 4.
374 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 17.
375 *Ibid.*, p. 18.
376 Häring, B., *Evangelization Today*, pp. 6, 7.
377 Van der Made, A. P., *op. cit.*, p. 182.
378 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 5.
379 Beets, N., *Jeugd en Welvaart*, pp. 206, 207.
380 *Ibid.*, p. 204.
381 *Ibid.*, p. 226.
382 Van Dongen J. C., *Vervreemding en Dienst*, pp. 14, 15.
383 *Ibid.*, pp. 16, 17.
384 *Ibid.*, p. 18 – 20. Aanhaling p. 20; Vergelyk Rich, A., *Christliche Existenz in der industriellen Welt*, pp. 63, 73.
385 Beets, N., *op. cit.*, p. 205. Vir 'n beoordeling van die Kommunisme as ideologie en maatskappybestel vergelyk Van Riessen, I. H., *Maatschappij der Toekomst*, pp. 54, 121, 239, 241, 254, 261, 282.
386 Beets, N., *op. cit.*, p. 206.
387 *Ibid.*
388 Van Dongen, J. C., *op. cit.*, p. 37.
389 *Ibid.*
390 *Ibid.*, p. 38.
391 *Ibid.*, p. 42.
392 Beets, N., *op. cit.*, p. 205.
393 Bettelheim, B., *The problem of generations*, p. 84.
394 Beets, N., *op. cit.*, p. 212 – 213.
395 Beets, N., *op. cit.*, p. 216 – 217. Vergelyk Keniston, K., *The Uncommitted; Alienated Youth in American Society*, p. 25 – 48.
396 Beets, N., *op. cit.*, p. 218.
397 Beets, N., *op. cit.*, p. 220.
398 *Ibid.*
399 *Ibid.*, p. 218.
400 *Ibid.*, p. 222; Vergelyk ook Keniston, K., *op. cit.*, p. 380 – 381.
401 Beets, N., *op. cit.*, p. 222 – 3.
402 *Ibid.*, p. 204.
403 Van Haaren, J., *Jeugd Sielzorg*, p. 122.
404 Louw, D. J., *Die Stad in die mens*, p. 69.
405 *Ibid.*, p. 73.
406 Simmel, G. en ander., *Cities and Churches*, p. 62 soos aangehaal deur Louw, D. J., *op. cit.*, p. 72.
407 Margull, H. J., *Hope in Action*, p. 160. Margull toon aan dat Hoekendijk sy begrip "vierde mens" by Weber geleen het. Laasgenoemde se boek waarin die begrip voorkom, is: *Kulturgeschichte* als Kultursoziologie (Munich: R. Piper, 1950) pp. 32, 416vv.; 443 vv.
408 Louw, D. J., *op. cit.*, p. 73.
409 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 5.
410 Van Haaren, J., *op. cit.*, p. 122 – 123.
411 *Ibid.*, p. 123.
412 *Ibid.*, p. 124.
413 *Ibid.*, p. 125.
414 *Ibid.*
415 Te Winkel, J. D., *Kiezen en Delen*, p. p. 133.
416 Faber, H., *Geloof en Ongeloof (in een industrieel tijdperk)*, p. 20.
417 Te Winkel, J. D., *Kiezen en . . .*, p. 133.
418 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, pp. 10, 13.
419 *Ibid.*, p. 11.
420 *Ibid.*, p. 5.
421 Vergelyk Luk. 15; Neh. 9; 2 Tim. 4:10; Hebr. 12:14 – 17.
422 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 11.
423 Faber, H., en Ten Have, T. T., *Ontkerkelijking en Buitenkerkelijkheid in Nederland tot 1960*, p. 328vv. Ook bespreek deur Te Winkel, J. D., *Kiezen en . . .* p. 133 – 134.
424 Vergelyk ook Dijk, K., *De Strijd om de Jeugd*, p.8vv.
425 Le Du, J., *Is er nog plaats voor de jongeren in de Kerk*, p. 9.
426 Dijk, K., *De Strijd om . . .*, p. 16 – 17.
427 Beets, N., *op. cit.*, p. 206.
428 Pace, D. K., *A Christians' guide to effective Jail and Prison ministries*, p. 26.
429 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 278.
430 Terblanche, D. J. M., *op. cit.*, p. 188vv.
431 Vollenhoven, H., *op. cit. II*, p. 10 – 21.
432 Oldendorff, A., *De psychologie van het sociale leven*, p. 119.
433 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, pp. 11, 20.
434 *Ibid.*, p. 12. Vergelyk ook Louw, D. J., *op. cit.*, p. 69 – 74.
435 Vergelyk onder andere Jes. 1; Jer. 2; Luk. 13:24; Joh. 8:12 – 59. Vergelyk ook Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 22.
436 Vergelyk Neh. 9:26; Jes. 30:9; 63:10; Jer. 5:23; Eseg. 2:5 – 8; 3:9, 26 – 27; 10:8; 24:3. Vergelyk Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 21.
437 Van den Heuvel, A. H., *The New Creation and the New Generation*, p. 55.
438 *Ibid.*, p. 56. Vergelyk ook Little, S., *op. cit.*, p. 34.
439 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, pp. 9, 10.
440 *Ibid.*, p. 10.
441 *Ibid.*, pp. 7, 8.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

442 Van Doornik, N. G. M., *De Kerk buiten de muren,* p. 24.
443 Kohnstamm, P., *Jeugd tussen God en Chaos,* p. 267.
444 *Ibid.,* p. 268.
445 *Ibid.,* p. 273.
446 *Ibid.,* pp. 275, 276.
447 *Ibid.,* p. 276.
448 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding,* p. 9.
449 Van Haaren, J., *op. cit.,* p. 121.
450 Schambardt, P., *op. cit.,* p. 24.
451 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.,* p. 10.
452 Aangehaal deur Hoekstra, F. E., *Evangelisatie en Rijpere Jeugd,* p. 13.
453 Kohnstamm, P., *op. cit.,* p. 269.
454 Niles, D. T., *That they may have life,* p. 42 soos aangehaal deur Margull, H. J., *op. cit.,* p. 158.
455 Louw, D. J., *op. cit.,* p. 23.
456 Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 27.
457 Gentry, G., *Bus them in,* p. 26.
458 Neighbour, R. W. (jr) en Thomas, C., *Target-group Evangelism,* p. 15.
459 Fish, R. J. en Conant, J. E., *Every member Evangelism for today,* p. 45.
460 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* p. 89.
461 Caplovitz, D., *e.a., The Religious Dropouts,* p. 181.
462 Miskien is daar reeds so 'n ondersoek(e) gedoen, waarvan die skrywer hiervan nie bewus is nie.
463 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* pp. 18, 19.
464 Harris, M., *op. cit.,* pp. 59, 60.
465 Schweitzer, A., "Ontkerkelijking als probleem", *Gereformeerd Weekblad* Jaargang 35, No. 23: 182. 25 Januari 1980.
466 Schravendeel, P., "Adieu, Mensen keren de kerk de rug toe," *Gereformeerd Weekblad* Jaargang 36, No. 24: 188 – 189. 6 Februari 1981.
467 Verkuyl, J., *Inleiding in de Evangelistiek,* p. 75.
468 *Ibid.,* p. 76, 85 – 88.
469 *Ibid.,* p. 88 – 89.
470 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.,* p. 114.
471 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy Evangelisasietaak vandag, pp. 17, 18.
472 *Ibid.,* p. 18.
473 *Handleidinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk,* 1966, p. 290. In 'n soortgelyke soektog tydens die sensus vroeër vanjaar is in 3 wyke van die gemeente in Johannesburg meer as 300 lidmate van die Ned. Geref. Kerk opgespoor waarvan die kerkraad nie bewus was nie.
474 *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1978, p. 648.
475 *Agenda van die Sewende Vergadering van die Noord-Transvaalse Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1975, p. 91. By die Sinode van 1979 is gerapporteer dat die syfer alles inaggenome ± 6% is. *Agenda vir die Agtste Gewone Vergadering van die Sinode van Noord-Transvaal van die Ned. Geref. Kerk,* 1979, p. 91.
476 *Ibid.,* p. 128. In die Ned. Herv. Kerk (wat veel kleiner is as die Ned. Geref. Kerk) is in 1962 gerapporteer dat 1 000 lidmate jaarliks van die kerk vervreemd raak. Vergelyk Le Roux, L. M., *op. cit.,* p. 556.
477 *Ibid.,* p. 89.
478 Pieterse, J. E., *Jeug en Godsdiens,* p. 73.
479 *Ibid.,* p. 74.
480 *Ibid.,* p. 14.
481 *Ibid.* Vergelyk ook Gous, A. G. S., *Die Jeug — 'n Godsdienssosiologiese studie van die Blanke jeugdiges in die Republiek van Suid-Afrika tussen die ouderdomme 16 en 25 jaar,* (D.Ph., U.P., 1966), p. 105. Hy skryf op grond van sy navorsing: " 'n Kwart is tevrede om slegs in naam godsdienstig te wees, en 'n soort vormgodsdiens te handhaaf. Jeugdiges wat uitgesproke ateïste is, is min (0,9 persent van die totaal), en hierdie groep saam met diegene wat skeptici is, maak saam slegs 6,5 persent van die totaal. Ongeveer 93,0 persent van die jeug handhaaf dus een of ander positiewe verhouding teenoor die godsdiens al sou sommige slegs glo aan 'n Mag bokant die mens of vormgodsdiens openbaar".
482 Neighbour, R. W., (jr) en Thomas, C., *op. cit.,* p. 127.
483 De Klerk, J. J., *e.a., Evangelistiek,* p. 68.
484 Beets, N., *op. cit.,* p. 215.
485 Vergelyk Van Dongen, J. C., *op. cit.,* p. 32.
486 Vergelyk De Vries, E., *De Dienst van de Kerk aan de Industrie-arbeider,* p. 124vv.; Van Riessen, I. H., *op. cit.,* pp. 22vv., 36vv.
487 Read, D. H. C., *Go and make Disciples,* p. 79.
488 Kohnstamm, P., *op. cit.,* p. 276.
489 J. S. Brunner soos aangehaal in Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 20.
490 Reuter, W., *Und bis ans ende der Welt, p. 227 – 228. Vergelyk ook Pieterse, H. J. C., Skrifverstaan en Prediking,* p. 15.
491 Vergelyk W. Banning se definisie soos in-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

stemmend aangehaal deur De Vries, E., *op. cit.*, p. 124.
492 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding,* p. 26.
493 *Ibid.*, p. 27.
494 *Ibid.*, p. 27 – 28. Vergelyk ook Reuter, W., *op. cit.*, p. 228.
495 Reuter, W., *op. cit.*, p. 228.
496 Pieterse, H. J. C., *op. cit.*, p. 7 – 15. Aanhaling p. 14.
497 *Ibid.*
498 Winter, G., *Metropolis,* p. 44.
499 *Ibid.*, p. 46 – 47.
500 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding,* p. 26.
501 Loen, A. E., *Secularization — Science without God?,* p. 208 (vertaling (uit Duits) deur M. Kohl).
502 Heyns, J. A., *Sterwende Christentom,* pp. 28, 30; Vergelyk ook Barnard, A. C. in Marais, B. J. en Boshoff, C. W. H., *Rondom die Prediking,* p. 16 – 24.
503 Van Riessen, I. H., *op. cit.*, p. 26.
504 *Ibid.*, p. 3.
505 *Ibid.*
506 *Ibid.*, p. 2.
507 Winter, G., *op. cit.*, p. 48.
508 *Ibid.*, p. 49.
509 *Ibid.*, p. 51.
510 *Ibid.*, p. 54.
511 *Ibid.*, pp. 56, 57.
512 *Ibid.*, p. 58.
513 Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 57.
514 De Vries, E., *op. cit.*, p. 125.
515 Verkuyl, J., *op. cit.*, p. 57.
516 *Ibid.*
517 McDill, W., *Evangelism in a Tangled World,* p. 54.
518 Verkuyl, J., *Evangelisatie onder Hogere standen en meer-ontwikkelden,* p. 7.
519 Pieterse, H. J. C., *op. cit.*, p. 15. Vergelyk ook De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 69.
520 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 57. Vergelyk ook Le Roux, L. M., *op. cit.*, p. 558.
521 *Ibid.*, p. 58 – 60.
522 *Die Ned. Geref. Kerk en sy Evangelisasietaak vandag,* p. 19.
523 Le Roux, L. M., *op. cit.*, p. 557.
524 Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 279.
525 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 80 – 81.
526 Kohnstamm, P., *op. cit.*, p. 285.
527 Van Riessen, I. H., *op. cit.*, p. 32. Op p. 21 noem hy ook nog die ekonomie en politiek saam met die wetenskap en tegniek.
528 Dijk, K., *De Strijd om ...*, p. 19.
529 Kohnstamm, P., *op. cit.*, p. 286.
530 Harris, M., *op. cit.*, p. 60 – 61.
531 Van Riessen, I. H., *op. cit.*, p. 23.
532 *Ibid.*, p. 37; Vergelyk ook Rich, A., *op. cit.*, pp. 48, 74 – 75.
533 De Vries, E., *op. cit.*, p. 126.
534 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding,* p. 30 – 31.
535 Verkuyl, J., *Inleiding in* ... p. 78. Vergelyk ook p. 218vv; De Vries, E., *op. cit.*, p. 122.
536 *Ibid.*, p. 83. Vir 'n meer breedvoerige bespreking van die stad en stadsmens vergelyk Louw, D. J., *op. cit.*, p. 37vv.; Webber, G., *The congregation in mission,* p.15vv.
537 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 35.
538 Christoff, M. B., *Saturday Night, Sunday Morning,* p. 102.
539 Louw, D. J., *op. cit.*, p. 15.
540 Ibid., p. 65; Vergelyk ook Rich, A., *op. cit.*, p. 69.
541 Vergelyk Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding,* pp. 27, 30.
542 Vergelyk Heyns, J. A., *Dogmatiek,* p. 158vv.; p. 352 – 353.
543 Vergelyk vir 'n vollediger bespreking hiervan Van Riessen, I. H., *op. cit.*, p. 85vv.
544 *Ibid.*, p. 107.
545 Winter, G., *op. cit.*, p. 55.
546 De Vries, E., *op. cit.*, p. 128.
547 *Ibid.*, p. 128 – 129.
548 Beets, N., *op. cit.*, p. 209.
549 Kohnstamm, P., *op. cit.*, pp. 276, 277.
550 *Ibid.*, p. 277.
551 *Ibid.*
552 *Ibid.*
553 *Ibid.* Vergelyk ook Mead, M., *op. cit.*, p. 13 – 91 vir haar onderskeiding in die "postfigurative", "cofigurative" en "prefigurative" kulture. In die "prefigurative culture" beteken dit dat die ouers eintlik by die kinders leer en die gesagstruktuur ernstig getoets word, pp. 13, 65 – 91. Vergelyk ook Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 35 – 36.
554 *Ibid.*, p. 278.
555 *Die Ned. Geref. Kerk en sy Evangelisasietaak vandag,* p. 18.
556 Pieterse, J. E., *op. cit.*, p. 17.
557 *Ibid.*, p. 25.
558 Caplovitz, D., *op. cit.*, p. 182 – 183.
559 De Haan, H. en Van Brederode, P., *op. cit.*, p. 40.
560 Aangehaal deur Margull, H. J., *op. cit.*, p. 157.
561 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 112.
562 Dijk, K., *De strijd om* ... p. 18.
563 Harris, M., *op. cit.*, p. 59. Vergelyk ook Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 75 – 93. Vergelyk ook Kemp, J. I., *op.*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

cit., p. 227; Van der Ven, J. A. en Berger, W. J., *op. cit.*, p. 201.
564 Vollenhoven, H., *op. cit. I*, p. 115.
565 *Ibid.*, p. 116.
566 *Ibid.*, p. 117.
567 Read D. H. C., *op. cit.*, p. 79.
568 Krass, A. C., *Beyond the either — or Church*, p. 49.
569 *Ibid.*, p. 86, 87.
570 Briscoe, D. S., *Where was the Church when the Youth exploded*, p. 32 – 33.
571 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 68.
572 Hoekstra, F. E., *op. cit.*, p. 14 – 15.
573 Vollenhoven, H., *op. cit. I*, p. 115. Dijk stel dit sagter wanneer hy sê: "We mogen ook onze eigen nalatigheid niet vergeten." Dijk, K., *De Strijd om* ..., p. 19.
574 *Ibid.*, p. 113.
575 Booy, T., *op. cit.*, p. 123. Briscoe vermeld in hierdie verband jare later 'n gesprek met 'n jeugdige wat hom doodgewoon gesê het dat hy nie glo dat hy (Briscoe) omgee nie "because if you really believed what you say you believe, you would have been down here before tonight to tell us". Briscoe, D. S., *op. cit.*, p. 18.
576 *Die Ned. Geref. Kerk en sy Evangelisasietaak vandag*, p. 21 – 26.
577 Dekker, G., *Wat is er met de kerk aan de hand*, p. 18.
578 Te Winkel, J. D., *Kiezen en* ..., p. 134.
579 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 34 – 56.
580 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 69 – 81.
581 Fish, R. en Conant, J. E., *op. cit.*, pp. 32, 33, 36 – 47. Vergelyk ook Le Roux, L. M., *op. cit.*, p. 557 se uitdrukking "bloedarmoede in die geestelike lewe."
582 Te Winkel, J. D., *Kiezen en* ..., p. 135.
583 Verkuyl, J., *Inleiding in* ..., p. 82.
584 *Ibid.*, p. 82 – 83.
585 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.*, p. 92 – 93.
586 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 37.
587 *Ibid.*
588 Vollenhoven, H., *op. cit. I*, p. 64. Vergelyk ook De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, pp. 80, 81.
589 *Ibid.*, p. 65 – 66.
590 Cassels, L., *op. cit.*, p. 9.
591 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 37 – 38.
592 De Vries, E., *op. cit.*, p. 130.
593 Margull, H. J., *op. cit.*, p. 161. Vergelyk Nel, M., *e.a.*, *op. cit.*, p. 184.
594 *Ibid.*, p. 163.
595 *Ibid.*, p. 164; Verkuyl, J., *Inleiding in* ..., p. 67 – 68.
596 *Ibid.*, p. 166.
597 De Vries, E., *op. cit.*, p. 131; Van der Made, A. P., *op. cit.*, p. 183.
598 Barnard, A. C., *Die Erediens*, p. 444 – 452.
599 Jonker, H., *Liturgische Oriëntatie*, p. 12.
600 *Ibid.*, p. 11.
601 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 73. Vergelyk ook Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 41 – 42; Te Winkel, J. D., *Kiezen en* ..., p. 261.
602 Die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 55.
603 Pieterse, J. E., *op. cit.*, p. 79.
604 *Ibid.*
605 *Ibid.*, p. 77.
606 Strommen, M. P., *Profiles* ..., p. 167.
607 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.*, pp. 93, 160.
608 Verkuyl, J., *Inleiding in* ..., p. 83.
609 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 48.
610 Vergelyk Joh. 17 in hierdie verband.
611 Janson, W. J. M., *Sodat ons weer waarlik kerk kan wees*. p. 37.
612 *Ibid.*, p. 38 – 39.
613 De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 77.
614 *Die Ned. Geref. Kerk en sy Evangelisasietaak vandag*. p. 22.
615 Booy, T., *op. cit.*, p. 96.
616 Hofinger, J., *op. cit.*, p. 70.
617 Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 21.
618 Kohnstamm, P., *op. cit.*, p. 280.
619 *Ibid.*, p. 282 – 283.
620 *Ibid.*, p. 282.
621 Harris, M., *op. cit.*, p. 61.
622 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 77 – 78.
623 Van der Ven, J. A. en Berger, W. J., *op. cit.*, p. 201; Schravendeel, P., Mensen keren de kerk de rug toe. *Gereformeerd Weekblad*, Jaargang 36, No. 26: 204 – 5 20 Februari 1981. Vergelyk ook Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, pp. 48, 49, 52.
624 Vergelyk onder andere *Bekwaam om te leer*, 2, p. 28vv; Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 165vv.
625 Vergelyk Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, pp. 14, 116.
626 Spänger, E. soos aangehaal by Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 188.
627 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 114.
628 *Ibid.*, p. 79 – 85.
629 Little, S., *op. cit.*, p. 43 – 47.
630 Alessi, V., *op. cit.*, p. 52.
631 Chamberlin, J. G., *op. cit.*, p. 15.
632 *Ibid.*, p. 23.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

633 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 128vv.
634 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 24.
635 Chamberlin, J. G., *op. cit.*, p. 21. Die jeug word as't ware oor-gemaak, p. 25–27. Vergelyk ook Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 175.
636 Vergelyk Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 176.
637 *Ibid.*, p. 190.
638 Strommen, M. P., *Five Cries . . .*, p. 12vv.
639 Aangehaal in Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p.30–31.
640 Chamberlin, J. G., *op. cit.*, p. 25–27.
641 Harris, M., *op. cit.*, p. 62.
642 *Ibid.*, p. 64. Vergelyk ook Kemp, J. I., *op. cit.*, p. 167–171.
643 Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, pp. 56, 57.
644 Dijk, K., *De Strijd om . . .*, p. 18.
645 Barnard, A. C., *op. cit.*, p. 57–58. Vergelyk ook 1 Tim. 6:3–10; Hebr. 12:12vv.; Jak. 1:13–15.
646 Vergelyk Luk. 15:18–21; Jes. 1:4.
647 Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 29.
648 Kromminga, C. G., *The Communication of the Gospel through Neighboring*, p. 247.
649 Janson, W. J. M., *op. cit.*, p. 45. Vergelyk ook Barnard, A. C., *Kerk en Vervreemding*, p. 38. Vergelyk ook Jonker, W. D. *En as jou broeder sondig*, p. 30vv.
650 De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 76.
651 Vergelyk Janson, W. J. M., *op. cit.*, p. 41.
652 Plomp, J., *De kerkelijke tucht bij Calvijn*, p. 64. Plomp dui aan hoe sterk die vrywilligheidsbeginsel, die tot die kerk *wil* behoort, in hierdie verband by Calvyn gefunksioneer het p. 65.
653 Vergelyk Janson, W. J. M., *op. cit.*, p. 43; De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 76.
654 Vergelyk Fish, R. J. en Conant, J. E., *op. cit.*, p. 46–48.
655 Calvijn, J., *Institutie, Deel 3.*, p. 260–261 (Boek IV, Hoofstuk 5).
656 Plomp, J., *op. cit.*, p. 117.
657 *Ibid.*, Volgens Plomp is daar by alle uitgawes van die Institusie 'n voorkeur by Calvyn vir bogenoemde volgorde van die doelwitte van die tug. "Het eerste doel is theologisch — ecclesiologisch (of Christologisch — ecclesiologisch) van aard, het tweede en derde pedagogisch en zielzorgelijk" Ibid., p. 119.
658 De Klerk, J. J., *Die onderlinge vermaning in pastorale perspektief*, p. 269.
659 Matt. 18:15–20; 1 Thes. 5:11–14; Gal. 5:25–6:5; Hebr. 10:24–25; Ef. 5:19; Kol. 3:16; Hand. 15:36, 40, 41; 16:4, 5. Voeg hierby ook nog 1 Kor. 5; 2 Thes. 3:14.
660 De Klerk, J. J., *op. cit.*, p. 146. Vergelyk ook p. 170.
661 *Ibid.*, p. 219vv.
662 *Ibid.*, pp. 230vv.; 261vv.
663 Webber, G. W., *op. cit.*, p. 133–134.
664 Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk., Art. 61.1.
665 Plomp, J., *op. cit.*, p. 67. Vergelyk ook Calvijn, J., *op. cit.*, p. 403 waar hy handel oor die "tedere kinderen" en die nagmaal.
666 *Ibid.*, p. 68. Hieruit moet nie afgelei word dat die kinders van minder belang was nie. Hulle moes op ± 10 jarige leeftyd begin katkiseer. Hy het op vroeë leeftyd geloofsbelydenis gevra, vroeë toelating tot die nagmaal en 'n ondersoek na die hoofsake van die geloof vereis. *Ibid.*, p. 69–70.
667 Kerkorde, art., 63.2
668 Hofinger, J., *op. cit.*, p. 71.
669 Greyvenstein, J. H., *Die kerklike tug* (ongepubliseerde proefskrif D.D., U.P., 1973), p. 77.
670 Webber, G. W., *op. cit.*, p. 132.
671 Vergelyk Greyvenstein, J. H., *op. cit.*, p. 77. Vergelyk ook Smuts, A. J., *Die kerklike tug in wese en praktyk*, p. 39–41.
672 Vergelyk Jonker, W. D., *En as jou . . .*, pp. 31vv., 40vv.
673 *Ibid.*, p. 35.
674 *Ibid.*, p. 40. Vergelyk ook Luk. 9:23–27; 57–62; 18:18–25; Joh. 6:60–71.
675 Smuts, A. J., *op. cit.*, p. 49vv.
676 Calvijn, J., *op. cit.*, p. 261–262.
677 *Ibid.*, p. 262.
678 Vergelyk Plomp, J., *op. cit.*, p. 91.
679 Calvijn, J., *op. cit.*, p. 262.
680 Plomp, J., *op. cit.*, p. 95.
681 *Ibid.*
682 Calvijn, J., *op. cit.*, pp. 241, 243. Sizoo vertaal "kerkelijke oordeelvellingen".
683 Vergelyk Spr. 12:1; 13:24; 15:32–33; 22:6; 23:13.
684 Plomp, J., *op. cit.*, p. 76–77. Vergelyk Calvijn, J., *op. cit.*, pp. 17, 25, 23, 264, 267.
685 Calvijn, J., *op. cit.*, p. 265. Vergelyk ook 2 Kor. 2:6–8; Gal. 6:1.
686 Plomp, J., *op. cit.*, p. 76–77.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# HOOFSTUK 4

# JEUGEVANGELISASIE

## 4.1 GEMEENTELIKE BEDIENING

By wyse van inleiding word hier kortliks teruggegryp op enkele beginsels wat reeds in die verloop van hierdie studie aangeraak is.[1] Dit is reeds as uitgangspunt gestel dat evangelisasie, jeugarbeid en jeugevangelisasie gemeentetaak en gemeentelike bedieninge is.[2] Dat jeugevangelisasie basies 'n gemeentelike bediening is, kan op baie gronde verdedig word. By wat reeds genoem is, word hier gedink aan die feit dat daar jongmense is wat self, en wat hul milieu betref, so vervreemd is van die kerk dat "directe evangelisatie er ploegen op rotsen is". Die kerk moet hier "voor zij met de boodschap komt de ruimte (te) bouwen waarin zij spreken kan en luisteraars vindt. Zij heeft hier eerst een klimaat te maken (laten maken) dat gunstig is voor de verkondiging".[3]

Laasgenoemde waarheid roep meteens die geloofwaardigheid, die betroubaarheid, die aanvaarbaarheid van die kerk na vore. En juis die plaaslike gemeente is die gesigkant van die kerk òf soos Te Winkel dit stel: "De gemeente is de proeftuin van de nieuwe humaniteit".[4] Die plaaslike gemeente moet weer die vertrouensruimte vir die geloofwaardigheid van die Evangelie skep. Wat Mette oor die ervaring van mense met die kerk skryf, moet deur die gemeente uitgewis word. Dit mag nie gebeur dat "fewer and fewer people can reconcile the appeal which comes from the Christian message with their experience of the Church".[5] Die gemeente moet daarvan bewus wees dat die Evangelie getoets word aan die wyse waarop hulle wat tot die gemeente behoort, uit hierdie Evangelie leef. "Ook de kerk wordt beproefd, op waarde geschat, naar eerlijkheid beoordeeld ... De jonge mensen zoeken in de kerk niet op de eerste plaats de sporen van hun ouders en voorouders, zij zoeken er Christus."[6] Van Haaren beklemtoon voorts wat die jeug in die kerk wil sien: die egte lewensgemeenskap van mense, 'n eerlike kerk in die wêreld, 'n kerk wat by hulle is, wat dit saam met hulle ondersoek en waag "als alles niet doorzichtig is", 'n volwasse kerk wat besit wat "de jonge mens altijd boeit in de volwassenheid". En sê hy dan tereg "de kerk moet de jeugd kan laten kijken".[7] Die kerk het immers veel om te laat sien. Nie alleen die beeld van die drie-enige God soos die Bybel Hom bely nie, maar ook die onmoontlike moontlikhede waartoe Hy mense na sy beeld herskep.[8] Peter Savage haal in hierdie verband 'n belangrike woord van Leighton Ford aan: "The world is not looking for perfection. It is looking for a substantial demonstration of the peace of God — a community where shalom is really to be found".[9] Die wêreld mag dit tog inderdaad van die volk van God in Christus Jesus verwag.

Die plaaslike gemeente is by uitnemendheid geroep om hierdie beeld van die kerk in die wêreld te herskep. Wat die jeugvervreemde betref, beteken dit ook dat die gemeente in 'n gegewe omgewing "the key of incarnation



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

of genuine Christian presence" is. Die gemeente is hulle wat die Woord hoorbaar gaan maak as mense "who are willing to become one, those who are willing to identify with others as He (Christus MN) identified".[10]

Die gemeente kan alleen die eie gemeentejeug sowel as die vervreemde buitekerklike jeug verstaan "by entering that situation (van dié jeug MN) especially through presence and dialogue".[11] Of soos Corbett en Johnson dit stel: "If the Church is to be really relevant to a changing world, it will have to develop communication with counterculture youth as well as with street youth, ethnic cults, and all other groupings that emerge".[12] Juis in 'n gemeentelike bediening kan hierdie kommunikasie weer gebeur in wat Smith "intergenerational ministries" noem.[13]

'n Gemeentelike bediening is voorts primêr omdat die jeug uiteindelik in die gemeente as liggaam van Christus moet inskakel. Alles wat vir die gemeente geld, moet ook vir die gemeentejeug geld en vir hulle wat van buite af deur ware geloof in Christus en sy gemeente ingelyf word. Van Nijen het dit so gestel wanneer hy skryf oor Kerk in jeugdige perspektief: "Wat we met die jongeren doen, willen we laten ópkomen uit en úitkomen óp wat we met die gemeente als geheel bedoelen".[14] Die gemeente, sy opbou, sy struktuur en alles wat daarmee verband hou, is hier van wesenlike belang. Jeugevangelisasie buite die gemeente om gaan mank aan talle basiese bestanddele vir langtermyn effektiewe bereiking van die vervreemde. Natuurlik beteken bogenoemde nie 'n oorbeskerming van die gemeente as instituut nie. Wanneer gemeentes en kerke die indruk skep dat dit vir hulle meer gaan oor die beskerming van 'n betrokke instituut, word die kerk ongeloofwaardig. Dat dit soms waar is, is 'n feit. Mette vra in hierdie verband tereg of kerke nie dikwels in so 'n mate die indruk skep dat hulle met hulleself besig is nie dat hulle nie meer die probleme van mense ernstig neem nie en vra hy: "Where do these Churches really display the 'characteristics of a community of hope'?"[15]

Verkuyl handhaaf hier 'n goeie balans wanneer hy skryf: "Het is, samenvattende, in de evangelisatie niet onze taak mee te werken aan de dé – institutionalisering en de buitenkerkelijkheid te verheerlijken. Het is ook niet onze taak om terug te keren naar de over-institutionalisering van het verleden. Maar om te arbeiden aan ré-institutionalisering door vernieuwing van de kerken en kerkstructuren".[16] 'n Mens kan jou daarom saam met Krass verbly oor die nuwe klem op en vertroue in "the grassroots, in the local". Hy noem dit tereg "a sign of hope".[17]

'n Laaste aspek wat hier by wyse van inleiding beklemtoon word, is die waarde van die gemeente as opleidingsentrum vir evangelisasie. Nie alleen in voorkomende arbeid nie, ook nie slegs ter wille van "pre-evangelism" (die skep van 'n luisterruimte in die gemeenskap) nie, maar ook vir die toerusting van "frontsoldate" is die gemeente ideaal. Read toon in hierdie verband aan hoe dat die gemeente die omgewing kan beïnvloed. Die gemeente is as instrument in die hand van God in staat om die "climate of opinion" te verander tot 'n "climate" waarin die Woord sy loop kan hê. Die vorming van Christene wat hierdie invloed op 'n gemeenskap kan uitoefen, gebeur in die gemeente.[18]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dieselfde geld vir die toerusting met die oog op indirekte en direkte evangelisasie. Booy sê tereg dat as hierdie taak verrig word deur "mensen die daar niet capabel toe zijn het risico groot is meer te bederven dan te bouwen".[19]

Jeugevangelisasie is 'n omvattende gemeentelike bediening waarby die onderskeie bedieningsgestaltes en strukture ten nouste betrokke is. 'n Maklike of enkelvoudige kitsoplossing en weg bestaan nie. Ook hier geld 'n komprehensiewe benadering. Nie alleen die besondere ampte nie, maar elke gelowige is kragtens sy inlywing in Christus en salwing met die Heilige Gees geroep om die Naam van Christus te bely.[20] Die gemeente het as eiendomsvolk van God die opdrag om Hom en sy heilsdade te verkondig. Dit hoort tot die wese van die gemeente dat hy sout van die aarde en lig van die wêreld is. Daar is in die Skrif 'n byna ongekwalifiseerde, ongeag-die-objek, opdrag tot verkondiging aan die gemeente gegee. Die gemeente is wesenlik 'n diensgemeenskap met 'n verkondigingstaak.[21]

Hierdie taak is tweeledig van aard. Aan die een kant is die gemeente as gemeenskap van gelowiges soos 'n magneet. Dit trek vanweë die gehalte van die liefdesgemeenskap mense na Hom om wie dit gaan — dié Waarborg en Sentrum van hierdie gemeenskap van verloste mense. In hierdie sin behoort die gemeente reeds só die nuwe lewe in Christus as 'n werklikheid te ervaar dat dit 'n teken van die eskatologiese nuwe volk van God is wat mense na die Koning lok.

Aan die ander kant is daar ook 'n middelpuntvliegende faset van die gemeente se verkondigingstaak. (Eersgenoemde sou middelpunttrekkende genoem kan word.) Van die gemeente uit moet die woord van die evangelie bekend word. Die totale gemeentelike bediening behoort in hierdie komprehensiewe benadering altyd in die teken van albei hierdie fasette (middelpunttrekkend en middelpuntvliegend) te staan. Dit behoort normaal in die bediening in en van die gemeente te wees dat albei funksioneer en gehandhaaf word. Só is evangelisasie deel van die leefwyse van 'n gesonde gemeente. Evangelisasie as gemeentelike bediening vereis 'n omvattende vernuwing van die hele gemeente en werk.[22]

### 4.1.1 DIE EREDIENS

#### ★1 Wat die erediens is

Dit gaan in die erediens basies om 'n ontmoeting tussen God en sy vergaderde gemeente. Goltermann noem dit 'n kompleksiteit van woorde en dade, waarin die gemeente haar geskenkte geloof vertolk ten einde sodoende God te aanbid.[23] Barnard sê op grond van die gereformeerde siening van die erediens as gesprek tussen God en sy volk dat dit in die erediens gaan "om die verkeer tussen Christus en sy gemeente as *gemeente*, as die volk van die Here, as die kerk van die Here". Van hierdie gespreksontmoeting is die "allesbepalende middelpunt" "die wonderlike werk van die drie-enige God en sy Persoon".[24]

Die liturgie dan is die orde van hierdie gespreksontmoeting. Die gedagte van 'n ontmoeting met God of 'n ontmoeting van God met sy gemeente word deur H. Jonker só saamgevat in sy definisie van wat die liturgie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

(orde van die erediens) is: *Dit is* "een ordening van de samenkomst van de gemeente, waarin de dynamiek van het Woord Gods plaats vindt en waarin de gemeente in de gelegenheid gesteld wordt op de dynamiek van het Woord Gods te reageren ..."[25] Op 'n ander plek sê hy byvoorbeeld dat die liturgie as orde vir die erediens die waarheidsrealisering van die Wóord van God in die samekoms van die gemeente van Christus is.[26]

Wanneer die gemeente saamkom, gaan dit dus om groot waarhede: die aanbidding van God, die beleef van die beloftes wat geld vir hulle wat in sy teenwoordigheid saam is, 'n eerlike reaksie op die Waarheid van Homself en sy Woord. Wat in die erediens gebeur, is dus ingrypend belangrik vir die gemeente. Eweseer is dit belangrik hóé dit wat gebeur, gebeur. Die hele erediens met sy liturgie moet uitdrukking wees en uitdrukking gee aan die Waarheid van God wat Hom in sy Seun en deur die Heilige Gees na hierdie wêreld neergebuig het en met mense bemoeienis gemaak het. Die erediens is in hierdie opsig 'n konsentraat of samevatting van die Evangelie. In die erediens kyk die gemeente nie slegs na 'n kort dramatisering van die heilsgebeure nie, maar is die gemeente eg en intiem by 'n realisering van die heilsgebeure betrokke. In die erediens gebeur as't ware weer wat in Christus Jesus eenmaal gebeur het.[27] Barnard sê tereg dat "waar aan die Here God die middelpunt van die erediens gelaat word, moet ons volgens die Skrif opmerk dat dit gaan om sy liefdesverklaring en liefdesopenbaring ... In die erediens kom tot openbaring hoe God se liefde op baie maniere gestalte gekry het".[28]

4.1.1.2 Belangrikheid vir evangelisasie

★2.1 Dit gaan in die evangelisasietaak van die gemeente ook om die realisering van God se bemoeienis met die sondaarmens in Christus Jesus — om die realisering van die evangelie. Dit is vir die buitekerklike mens wat aan hierdie evangelie aanstoot neem of wat dit verwerp, van die grootste belang om die realisering van die heil te "sien". Die erediens is by uitnemendheid evangelisasiegeleentheid. Hier immers is mense wat in die heil deel, mense wat uit die evangelie leef, besig om hul lewende Verlosser en deur Hom die Vader te ontmoet. As daar iewers op aarde 'n plek is waar die heil in Christus eg beleef word, dan is dit in die erediens. Wie vra: waar en hoe is verloste sondaars, hoe lyk mense wat die evangelie verstaan; hoe reageer mense op die heil in Christus? — moet as antwoord kry: Kom na die erediens. In die erediens word egte Christenwees nie opgevoer nie, maar beleef.

★2.2 Die erediens het dus in die evangelisasietaak van die gemeente eerstens demonstratiewe waarde. Dit moet egter demonstrasie van die realisering van die heil wees. As sodanig word die erediens 'n bewys vir die waarheid van die evangelie wat nog deur die ongelowige verwerp word.

★2.3 Die erediens het egter ook verduidelikende waarde vir evangelisasie. Die liturgie vertolk of dra elemente van die heilsopenbaring van God in Christus. Wie vir 'n eerste keer 'n erediens bywoon, behoort selfs sonder 'n preek die hoofmomente van die evangelie te verstaan en ervaar. Die liturgie is ten dele verklarend van God se bemoeienis met die mens.[29]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★2.4 En juis in laasgenoemde sin is die erediens op sigself ook verkondiging. Die erediens waar dit gaan om die "dynamiek van het Woord Gods"[30] en die reaksie van die gemeente op die dinamiek van die Woord is as't ware 'n drama waardeur die groot dade van God en die redding van die verlostes luidkeels verkondig word.

★2.5 Die erediens is evangelisasiegeleentheid by uitnemendheid. Hier immers is die lewende God in voortgaande bemoeienis met die mens besig om sy gemeente te ontmoet. Tereg sê Jonker: Dit is 'n Goddelike dialoog met 'n konkreet-lewende mens en op 'n ander plek: "In de eredienst functioneert het Verbond met zijn 'twee delen".[31]

4.1.1.3 Gemeente-erediens en jeugevangelisasie

★3.1 In Duitsland skryf Kurt Hoffman in 1966 reeds dat 'n geringe aantal gedooptes en "konfirmierten" die gemeentedienste besoek en dat in 'n stad soos Nürnberg 80% van die evangeliesgesinde jeug geen of net sporadiese kontak met die gemeente het. Die rede daarvoor is volgens die jeug self die antikwariese kerklike gebruike en in besonder die moeilik begryplike liturgie en prediking. "Es ist nicht unsere Sache die dort verhandelt wird." Tereg sê Hoffmann verder dat as die kerk dit só sou laat — dan verstaan die kerk self nie die menswording van God nie. Om aan hierdie saak aandag te gee, is gewoon 'n daad van barmhartigheid.[32] Ongelukkig is sy oplossing nie 'n vernuwing van die erediens ook in belang van die jeug nie, maar 'n "Jugendgottesdienst" as variant vir die gemeentediens. In sy verweer dat dit kan neerkom op 'n verwerping van die gemeentediens sê hy dat dit per slot van rekening nie daarom gaan dat mense vir die kerk gewin word nie, maar vir Christus. Die gemeenskap hoef in ons pluralistiese samelewing nie slegs in die tuisgemeente beleef te word nie.[33] In die Duitse samelewing het hierdie tendens sedertdien steeds voortgegaan. Tydens 'n onlangse besoek aan Pastor Ulrich Parzany, jeugleraar vir die stad Essen, het dit duidelik geword dat onder normale omstandighede die jeug en jeugwerkers byna niks van die normale eredienste verwag nie. Die jeug "konfirmeer uit die kerk uit" en dit is die jeugwerk se doel om kinders en jongmense weer langs ander weë onder andere jeugdienste, in die Christendom geïnteresseerd te kry.

Hierteenoor hou evangeliesgesinde kerke in die Verenigde State van Amerika nog die beginsel vas dat die gewone erediens 'n evangelisasiegeleentheid by uitnemendheid is. 'n Bekende evangelis-pastor skryf byvoorbeeld: "In the city and in the suburb I have found it to be true that the Sunday morning service is your greatest evangelistic tool".[34] Die bekende evangelis Alan Walker skryf: "The Christian Church possesses no greater instrument for mission than worship".[35] Botting pleit ook vir die inrigting van die gewone dienste met die oog op die wat nog nooit 'n beslissing vir Christus gemaak het nie.[36]

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk heers tans nog die gelukkige toestand dat die kerkjeug in groot getalle die eredienste bywoon. Hierdie groot getalle sluit beslis dié in wat nog geen beslissing vir die God van die verbond en 'n verbondslewe gemaak het nie. Dit sluit ook dié



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

in wat in verskillende stadia van kerkvervreemding leef — ook die kerkvervreemde tiener en jong belydende lidmaat wat, sou die kerklike bearbeiding intensief wees en die kerklike dissipline en tug funksioneer soos dit moet, reeds randkerklikes of buitekerklikes sou wees. In die erediens is hulle wat teruggeroep moet word na Christus — jongmense wat op pad weg van Christus, sy Woord en kerk af is. Maar juis vanweë die feit dat kinders en jongmense nog die eredienste in groot getalle bywoon, vergroot ook die geleentheid om buitekerklike jongmense op 'n normale wyse na die erediens te nooi en in die erediens te bereik. Die gewone erediens is nog in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n jeugplek. Om hierdie rede is die erediens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk nog meer as in die geval van kerke in meer gesekulariseerde samelewings evangelisasiegeleentheid by uitnemendheid.

Barnard sê in hierdie verband dat die erediens altyd 'n gerigtheid op evangelisasie en sending moet hê. "Vanuit die erediens moet die boodskap en gebeure van die ontmoeting met die Here deurwerk na hulle (vervreemdes en buitekerklikes MN). Die groot doel is steeds dat die persone op die terrein van die evangelisasie en die sending só deur die erediens van die Sondag en die erediens van die lewe geraak sal word dat hulle ook volwaardige deelgenote van die aanbidding, die erediens, sal word."[37] Kilpatrick skryf hieroor dat "it ought to be possible, and indeed natural, that the Spirit of God should find in any part of the service a fit instrument for bringing souls from their sins to their Redeemer ..."[38]

★3.2 Beplanning vir die jeug en jeugevangelisasie

★3.2.1 In byna al die argumente wat ten gunste van 'n afsonderlike jeugdiens gehou word, kom dit neer op die gerigtheid op die jeug en vir die jeug. Die gewone dienste hou nie genoeg rekening met die jeug nie, dit word 'n grootmens- en oumensaangeleentheid; die sang, gebede en ander swaarwigtige liturgiese elemente is vir mense van 'n vorige eeu.[39] Uit alles wat gesê is en gesê kan word, moet tog een ding duidelik uitstaan: die jeug word nie altyd sinvol by gedink in die beplanning van die erediens en die hantering van die liturgie nie. Die oplossing is egter nie om met die jeug apart te gaan nie — hoewel dit ook by geleentheid kan.[40] Die oplossing is om die gewone erediens waar die gemeente haar heil vier ook en dikwels met die oog op die jeug in te rig en te hanteer.

★3.2.2 Dit beteken dat die kerkraad en veral die liturg moet leef vanuit die besef dat die jeug 'n wesenlike deel van die gemeente is.[41] Wie gemeente sê, sê jeug. Dit is onmoontlik om die jeug te ignoreer wanneer die liturg die erediens beplan en uiteindelik lei. Miskien is die belangrikste in hierdie verband 'n gedurige bewustheid van die kinders en jongmense wat in die erediens gaan wees en eventueel is. Dit is 'n gedagtebekering wat nodig is. Die jeug moet wesenlik binne ons verwysingsraamwerk wees. Hulle is nie 'n terloopsheid wat by wyse van 'n nagedagte bygetrek of genoem word nie. Die gemeente is jeug net soos wat die gemeente ook volwassenes is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3.2.3 Aanbidding

Wat is nou die noodsaaklike elemente in 'n erediens wat tegelyk vir die jeug en jeugevangelisasie beplan is? Baxter stel dit goed wanneer hy skryf dat die eerste noodsaaklike element in enige erediens is: 'n gees van eerbiedige aanbidding, verering van God. "True reverence is vital to our sanctuary services if there is to be persuasive soul winning, rich spiritual life in our church members, and a moving of God's Spirit among us."[42] Baxter pleit wel in sy verdere betoog vir wat 'n mens sou kon noem 'n voortsetting van formele eredienste en vir wat sommige beslis as "outyds" of "uit die vorige geslag" sou afmaak. Die punt waarom dit egter hier gaan, is nie in die eerste plek *hoe* die eerbiedige aanbidding bewerk moet word nie, maar *dát* die erediens as't ware gemantel moet wees in 'n gees van verering vir en aanbidding van God. Aanbidding van God is immers wesenlik deel van die ware nuwe lewe veral soos dit in die erediens gevier word. Barnard handel hieroor breedvoerig en sê onder andere dat dit in 'n erediens nie gaan om 'n "koue lesingsaal", 'n "katkisasielokaal" of "geestelike gimnasium" nie. In die erediens is die gemeente "in sy voorhowe, by die berg van sy heiligheid (Ps. 43:3). Die hele gemeente kom om in aanbidding voor sy Koning te buig en Hom met alles te aanbid".[43]

'n Erediens met hierdie kwaliteit groei beslis uit die hart van 'n biddende liturg wat self eers aanbid het voordat hy die aanbidding van die gemeente lei en begelei.[44] Dit is goed om in aansluiting hierby ook in die gemeente 'n gees van gebed en verwagting rondom en vir die erediens te skep — in die binnekamer, by die huisaltaar en in gemeentebidure. Die gemeente moet voorts as't ware vir aanbidding en in aanbidding voorberei en opgelei word. Vir die volwasse lidmate "worship must be preceded by instruction, and instruction must be followed by training in worship".[45] Volgens Ireson is die probleem in die kerk se erediens vir sover dit byvoorbeeld kinders aangaan, juis dat terwyl die volwassene as gevolg van kennis leer, die kind op grond van ervaring leer. "We have taught children in our Sunday Schools *about* prayer and *about* worship and *about* the Church, in the hope that they would afterwards put these desirable things into practice. There is no need for surprise or disappointment that they do not, and in many cases cannot. Our first task is to enable them to *experience* prayer and worship, and to *experience* the fellowship of God's family, the Church, as living realities."[46]

Om dus aanbidding as wesenselement in die erediens in te bou, moet die volwassenes deur instruksies tot aanbidding in eerbied gelei word en wel só dat die kind wat nog deur ervaring leer, daardeur aangespreek word. In so 'n erediens ervaar die kind en die jongmens iets van die "anderkant", die vir hulle nog ondefinieerbare behoefte na rus in Hom, die aanbiddelike Here. Little skryf in hierdie verband: "The response of worship, then, is not just a matter of 'being informed' intellectually. It is a matter of involving the whole person



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

in celebration of God's creative and redemptive acts in man's behalf ... It is only as they find in it relevance to our world, a response to God's continuing acts, that young people will be able to enter meaningfully into the worship of their congregations''.[47] Martin en Bailey praat in hierdie verband van die ''many moods (of worship) that appeal to the emotions''. In so 'n diens is daar: ''reverence or recognition of God's presence, praise and adoration, confession of sin, assurance of pardon, God's challenge, and man's response. These express some of the many moods of worship, which include adoration, celebration, confession, affirmation, intercession, thanksgiving, supplication, illumination, dedication, sacrifice, offering, commitment''. Tereg sê hulle dat nie elke diens al hierdie elemente bevat nie ''but some of them will be found in any worship service that is truly worshipful''.[48]

Hierdie element moet nie geassosieer word met koue en onpersoonlike eredienste waar die heiligheid van God só beklemtoon word dat daar eerder gedwonge vrees as eerbiedige aanbidding in die lug hang nie. Aanbidding in die sin waarin dit hier bepleit word, is immers aanbidding van die Vader van Jesus Christus, die Seun van die Vader en die Gees van die Vader en die Seun. Dit is aanbidding in die ware sin van die ''vrese van die Here'', 'n eerbied wat wil vlug en 'n liefde wat wil vashou aan Hom wat hier sy gemeente realisties ontmoet. Nie alleen is 'n gees van ware aanbidding op sigself evangeliserend nie, maar ook toerustend vir evangelisasie deur diegene wat aanbid. ''Genuine worship is an experience which in itself motivates people to move out in service and witness, in the alternating rhythm of worship and work, as our response to God.''[49]

Hierdie gees van aanbidding waarbinne die erediens asemhaal, word natuurlik nie alleen afgebid en verwag nie, maar ook gedra deur die liturgie en die hantering daarvan. Oor laasgenoemde word hieronder meer breedvoerig gehandel. In aansluiting by die gees van eerbied en aanbidding, word hier eers nog 'n oomblik stilgestaan by die atmosfeer van en in die erediens.

### ★ 3.2.4 Atmosfeer

Trent stel dit so: ''If the services in our churches are to be evangelistic, they must have a warm and friendly atmosphere''.[50] Hy noem in hierdie verband die belangrikheid dat besoekers raakgesien en vriendelik gegroet moet word; dat die hele liturgie ook tot doel moet hê om die harte van die volk van God tot seën te wees (to warm and to bless) en om die verlore mens na Christus terug te win.[51]

Jongmense en kinders het 'n besondere fyn aanvoeling vir atmosfeer — waarskynlik omdat hulle, hoe jonger hulle is hoe meer deur waarneming en ervaring leer. Hoe die jeug die atmosfeer in die erediens ervaar, bepaal grootliks hoe hy/sy daarin en daarop reageer. Waar hierdie bestanddele teenwoordig is, kom kerkvervreemde en buitekerklike jongmense verseker. Hulle kom as't ware ''kyk wat aangaan'' en vind hulle die egte warmte van die gemeenskap van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gelowiges, is die interessante dat hulle dit kan onderskei van die "gemeenskap van die ongelowiges" en dat hulle daarvan hou. Hier volg voorbeelde om dit te staaf.

* In 'n onderhoud met pastor Chuck Smith van Calvary Chapel, Costa Mesa (Santa Anna) beklemtoon hy dat hulle Sondag-oggenddiens na 10 jaar nog steeds die grootste enkele plek is waar jongmense na Christus terugkom. In hierdie dienste kom tot 2 000 gelowiges saam in 'n erediens en volgens sy getuienis gebeur dit gereeld dat 200 – 300 nuwe persone na Christus kom. Sover bekend, is dit die enigste gemeente wat op groot skaal daarin geslaag het om in die vroeë sewentigerjare en sedertdien die destydse "Jesus People" in 'n georganiseerde gemeente in te trek en op te bou.[52]
* In die First Baptist Church of Houston kom elke Sondag ± 300 besoekers en ± 50 van hulle kom per Sondag na Christus en na die gemeente oor. Waarom? Omdat hulle die dienste "geniet". Die kerkgebou is moeilik om te vind, min parkering, moeilik om weer jou motor te vind, die dienste is lank. En tog kom hulle: "It is real and wholesome, bright and friendly, warm and alive". Tereg sê Bisagna verder: "Have a great, happy, vibrant, living Sunday morning service. It is the heartbeat, the lifeblood of everything else you do".[53]
* Dr. D. James Kennedy van die Coral Ridge Presbyterian Church, Fort Lauderdale getuig na meer as 20 jaar dat die oggenddienste sy evangelisasiebewuste gemeente se grootste enkele kontakpunt met kerkvervreemde en buitekerklike mense is.

'n Erediens waar die gemeenskap van die gelowiges met egtheid beleef word, is in 'n omgewing soos 'n magneet — middelpunttrekkend na Hom in wie die gemeenskap wortel en wat in hierdie gemeenskap aanbid word. Die jeug is meer as volwassenes, afhanklik van hierdie warme geborgenheid in die erediens. Warmte, liefde en egtheid het op die jeug 'n onweerstaanbare effek.[54]

Hierdie behoefte by die jeug bepaal gewoonlik hul eerste indrukke van die erediens. "In 'n gemeente waar daar warmte in die kerk is, waar daar besieling in die erediens is en waar daar vitaliteit in die prediking is sal die jeug tuisvoel."[55] Tereg sê Van der Made "dat er eerst werkelijk communicatie mogelijk is door de gemeenschapsvormende aanwezigheid van Christus, waarin men de ander als naaste ziet en aanvaardt".[56]

Ten einde hierdie atmosfeer te verkry, kan behalwe 'n gees van gebed en verwagting, ook veel gedoen word om mense tuis te laat voel. 'n Persoon of persone wat lidmate en besoekers by die deur verwelkom, is byna onmisbaar. So ook 'n besoekerskaartjie (met 'n potlood) in die rakkies by die banke. Leesstof kan ook in die bankrakkies geplaas word met 'n verduideliking van die besoekerkaartjie en waar om laasgenoemde te laat. Die liturg behoort ook besoekers tuis te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

laat voel en geleentheid te skep vir die invul van die besoekerskaartjies.[57]

★3.2.5 Die liturgie

Die aanbidding in eerbied, die warme en vriendelike atmosfeer, die gemeenskap van die gelowiges — alles wat in die erediens hoort en gebeur, word gedra, bevestig en selfs geskep deur die liturgie. Die liturgie dra, begelei en reël hierdie verwerkliking, hierdie verdigting van 'n gelaaide ontmoeting met God.

Die herkoms en wetenskaplike fundering van die elemente van die liturgie hoort nie in hierdie studie tuis nie. Wat hier beter pas, is die behoefte van die jeug en jeugevangelisasie vir sover dit die liturgie betref.

★1 Daar is behoefte aan 'n liturgie wat *jeugbewus* is en wat *jeuggerig* hanteerbaar is en hanteer word. Hiermee word bedoel dat die liturgie in eenvoud en verstaanbaar die ontmoeting met God moet dra en verwerklik. Hoffman haal Salewsky aan wat 'n onduidelike en oudmodiese liturgie as 'n veragting van die menswording van God en 'n veragting van nie-Christelike mense beskou. Die wydverspreide mening dat die liturgie die bo-tydelike en afbeelding van die tydlose, hemelse erediens is, is volgens die verslag in volkome teenspraak met die menswording van God. Omdat bogenoemde vasstaan "het die liturgie, die musiek, die prediking, eredienstyd, taal van die kerk en ander elemente nodig om telkens weer aan die teenswoordige te oriënteer".[58] In die volgende stelling gaan dit daarom dat die gemeente tot roeping het om teenoor die nie-Christelike wêreld 'n getuie te wees. Die liturgie moet dit vir hierdie mense makliker maak om te verstaan en moet nie in oud-kerklike vorme verstrik raak voordat dit uiteindelik tot die kern van die saak kom nie. Hy noem dan eenvoud en verstaanbaarheid in die erediens 'n eis van die naasteliefde.[59]

In bogenoemde opmerkinge sit kernwaarhede. As die liturgie die reëling van die orde van die ontmoeting tussen God en sy verloste gemeente is; as dit die reëling is van die viering van die heil waarin die gemeente deel; as dit die realisering van die twee sye van die verbond (H. Jonker) is, dan volg logies dat die liturgie die reëling van die viering van die heil van 'n gemeente *hier en nou is.*[60] Dit neem nie weg dat daar tydlose beginsels in die erediens en uiteraard in die liturgie ingebou is nie, maar dit eis wel dat die liturgie die tydlose in die tyd, hier en nou moet vertolk en begelei — in eenvoud en verstaanbaar vir die gemeente wat nou en hier aanbid.

★2 En nou is dit juis hier waar veel verwydering tussen ouer en jonger mense in die kerk begin. Die oueres hou aan die bekende vas asof dit evangelie is en die jeug verwerp dikwels die bekende as oud en uitgedien. Jean le Du noem in hierdie verband die feit dat die jeug 'n liturgie aantref wat geheel en al deur ander (gewoonlik ouer mense) opgebou en uitgewerk is en dis vir die jeug moeilik om daarin die uit-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

drukking van hul eie lewe terug te vind. Die vraag word dan gevra: "Als in de liturgie wordt uitgedrukt wat God in zijn volk bewerkt, betekent dit dan niet, dat de liturgie door het Godsvolk zelf moet worden opgebouwd?"[61]

Meer probleme sluit hierby aan. Hier word net nog twee genoem.

* Die *herhaling van sekere elemente,* elke Sondag, in dieselfde woorde, bewerk 'n sekere afgematheid en glansloosheid in die erediens wat op jongmense vervlakkend inwerk. Dit maak die element waarom dit gaan, betekenisloos. Strommen het met sy jeugondersoeke aangetoon dat "most youth react negatively to the controlled, formal, and unchanging liturgical service ... Interestingly, about one out of two adults agree with the youth on both points" ('n liturgie wat wissel en vrye gebede MN). Soveel as 74% verkies "variety in the morning service to having the same liturgical service Sunday after Sunday".[62] Sweazey stel dit so: "The chief enemy of church worship is boredom, even for church members ... Every church service should have something that newcomers will find inspiring".[63]

* Die *musiek en lied* is vir die jeug dikwels boodskaploos en onverstaanbaar. Van der Made sê op grond van sy studie in belang van die sogenaamde "clubhuisjeugd" dat die jeug "niet in't minst geboeid wordt door het grootste deel van de psalmen en gezangen, die de officiële liederenbundel van de kerk vult. Het tempo is te traag, de melodie spreekt niet tot hun levensgevoel en de woorden zijn te abstract".[64]

  En dit terwyl sang en musiek sleutelbelangrik in aanbidding is. Daar is 'n algemene gevoel "that the type of music we use will either set the pace for a cold worship service or a warm and spiritual one".[65] Laasgenoemde volg by Trent op 'n stelling dat as gewone eredienste ook evangelisties moet wees "they must have a warm and friendly atmosphere".[66] Allan Walker beklemtoon die probleem van die musiek in die erediens wanneer hy sê dat baie kerke optree asof niks op die terrein van die musiek gebeur het gedurende die afgelope honderd jaar nie. En dit terwyl "music in worship is of tremendous importance". Hy noem as voorbeeld van hierdie "agterstand" van die kerk die feit dat daar in die liederebundel van die Presbiteriaanse kerk in Australië geen lied voorkom wat deur 'n skrywer van hierdie eeu geskryf is nie.[67] Die feit dat jongmense so graag en so dikwels buite die erediens na 'n andersoortige lied soek en gryp, bevestig hierdie dilemma in die kerk. Van der Made sê tereg in hierdie verband dat die lied ten nouste verbonde is met die emosionaliteit van die mens: "Als een mens in vervoering geraakt, gaat hij zingen. ... Zo is van begin af aan het lied een wezenlijk bestanddeel van het geloofsleven geweest en heeft het lied in de liturgie een zeer legitieme plaats gekregen".[68] As die liturgiese lied werklik die jeugliefde en jeugaanbidding vertolk, behoort dit ook die lied te wees wat die jeug-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

mond buite die erediens in die kerkjeugaksie en op die kamp vul. Die liturgiese lied van die erediens behoort die lewenslied van die aanbidder te wees — anders was dit waarskynlik nie uitdrukking van ware aanbidding nie.

★3 Soepelheid

In belang van alle jeugwerk, maar in besonder in belang van jeugevangelisasie moet die liturgie 'n verantwoorde *ingeboude soepelheid* hê. Elemente moet sinvol (in belang van betrokkenheid, eenvoud en verstaanbaarheid) afgewissel en aan die orde gestel word. Sonder om só te wissel dat die erediens elke keer 'n vreemde orde het, moet daar aan die ander kant gewaak word teen 'n liturgie wat vanweë sy eendersheid en oorbekendheid outomatisasie meebring. Soepelheid beteken doodgewoon dat elke erediens keurig voorberei moet word en dat die liturgie en die hantering daarvan nie maar net die afhandeling van voorskrifte in 'n boek mag wees nie. Dit beteken deurleefde bekendstelling van die elemente, gesonde afwisseling van elemente, keuse van liedere en wat Ireson noem "training in the art of worship".[69] Wat Barnard in hierdie verband skryf, is van die grootste belang: "Vorm en vryheid, die tradisie en die nuwe, die orde en die spontaneïteit, die liturgiese en die ex tempore, die formele en die charismatiese, die sakramentele en die profetiese — hang onafskeidbaar saam. Dit staan wel in 'n spanning teenoor mekaar, maar alleen in die handhawing van hierdie bipolêre spanning kan die gesonde en geseënde implementering van altwee in die erediens gehandhaaf word".[70] Hy pleit ook vir die nodige variasie binne een of twee vaste ordes ... "Só kom die rus sowel as die beweging tot sy reg; só bly die gemeente in sy erediens by die bekende wat 'n gevoel van geborgenheid gee ('n mens kan byvoeg vrymoedige deelname gee MN) sowel as by die afwisseling wat die prikkeling bied tot nuwe verstaan en belewing".[71]

★4 Musiek en sang

Wat die musiek en sang in die jeugevangelisasie-gerigte erediens betref, is dit noodsaaklik dat die kerk voortdurend sal soek na eietydse skeppinge (woord en melodie) wat die aanbidding van die jeug vertolk. Terwyl die kerkjeug waardering vir die kultuurskat van die kerklied geleer word, is dit tog waar dat elke geslag ook in sy eie idioom wil reageer op God se verlossing in Christus Jesus. Wie vir jeugevangelisasie beplan, moet daarom die kerkjeug inspan om mee te werk aan die skep van liedere wat eietyds die jeug se antwoord op die Woord vertolk. Dit staan nie teenoor die aanvaarde en gekeurde kerklied nie. Jean le Du stel dit so: Dit is "een assimilatiepedagogie, die de jongeren uitnodigt om met hun middelen een liturgie op te bouwen, waarvan de betekenis reeds vastligt; en een creatieve pedagogie, waarbij ze zouden meewerken om zelf aan de vieringen betekenis te geven, en waarvoor ze dan ook veel gemakkelijker een vertaling in riten zouden vinden".[72]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die nuwe Gesangebundel in hierdie opsig 'n groot verbetering in belang van die jeug en jeugevangelisasie. Voeg hierby die besluit van die Algemene Sinode dat 'n prysvraag uitgeskryf word en jongmense gevra word om mee te werk aan die skepping van nuwe liedere. Hierdie nuwe liedere kan selfs in 'n proefbundel uitgegee word[73] en só meewerk aan 'n nog groter effektiwiteit vir sover dit die jeug sè reaksie op die Woord betref. Wanneer hierdie nuwe liedere deur die betrokke Kommissie vir die Erediens oorweeg word, behoort jonger musici en van die kerkjeug 'n aandeel in die keuring te hê.

Saam hiermee gaan 'n "training in the art of worship" van die orreliste van die gemeente. Orreliste is heel dikwels self ouer as die gemiddelde jongmens en het 'n musieksmaak wat dikwels te swaar is vir die gewone kerkjeug — wat nog van die kerkvervreemde en buitekerklike jongmens.[74] Wat voor, in en na die erediens gespeel word, moet terselfdertyd hartverwarmend, uitnodiging tot aanbidding, besielend en opvoeding in musiek wat Hom vereer, wees. Botting skryf tereg: "If we really are concerned to make our regular Liturgical Services occasions *when outsiders will feel at home, and those recently converted to Christ, possibly through some other evangelistic medium, made welcome,* it does seem to me that we need to attempt to grasp the nettles of the language we use and the quality of our congregational singing".[75]

★5 Saam beplan

'n Kerkraad wat werklik vir jeugevangelisasie beplan, sal onder leiding van die leraar voorsiening maak vir eredienste waar die kerkjeug saam met die leraar die liturgie beplan. Die hele liturgie het immers "evangelistic potential"[76] — 'n liturgie wat jeugdeurdink is en waaraan die jeug aktief deelneem. Kerke wat ten gunste van jeugdienste gekies het, noem laasgenoemde as een van die sterkste argumente vir jeugdienste.[77] In en vir so 'n diens moet nie alleen elke element van die liturgie deurdink word nie, maar kan die kreatiwiteit van die jeug ingespan word om soms 'n nuwe vorm aan sekere wesenselemente van die erediens te gee. So byvoorbeeld kan 'n jongmens(e) deelneem aan die lees en vertolking van die wet, die vertolking van die skuldvergifnis, die keuse van liedere, die antwoord in gebed, die Skriflesing en kollekte. Jongmense kan onder leiding van die liturg byvoorbeeld 'n element van die wet selfs sosio-dramaties voorstel. So sou ook die vergifnis en verlossing by geleentheid voorgestel kon word. Die jeug en die res van die gemeente kan in beurtsang antwoord op die Woord. Jongmense kan deelneem aan die gebed na die preek. Hoofsaak is dat die liturg en die kerkjeug saam 'n erediens met die oog op jeugevangelisasie deurdink, beplan en voorberei — 'n erediens met 'n jeugdige direktheid en eenvoud, met 'n warm en hartlike atmosfeer van egte ontmoeting met en aanbidding van die lewende Here. Tereg beklemtoon Strommen dat "variety, spontaneïty, and personal involvement" in die erediens vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die jeug van groot belang is. "When these elements are lacking, the youth express their displeasure over what many adults accept with reluctance."[78] Dit beteken nie dat die jeug hier 'n uitsonderingsposisie as enkeling of groep geleer word nie. Terwyl bogenoemde gedoen word, moet die jeug geleer word om korporatief en kollektief mee te leef en deel te neem aan elke element van hierdie vreugdevolle ontmoeting.

Die erediens is bedoel om 'n fees van vreugde en aanbidding te wees en wanneer dit onder die inspirasie van die Heilige Gees inderdaad so is, dan is en bly dit een van die magtigste evangelisasie-instrumente in die gemeente.[79]

### 4.1.2 DIE PREDIKING

#### 4.1.2.1 Die primêre belangrikheid van die prediking

★1 Die Skrif is hieroor duidelik. Deeglike eksegese van Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 1:17 – 31 en Rom. 10 (veral vs. 13 – 17) toon onteenseglik *dat die* prediking van die evangelie lewensbelangrik en reddingsbelangrik is en 'n middel vir die ontstaan van geloof. Deur die gehoor van die Woord skep God geloof in die hart van die ongelowige.[80] Juis om hierdie rede is die prediking nie slegs belangrik vir die opbou van die gemeente nie, maar is dit primêr vir die evangelisasietaak van die kerk in hierdie wêreld. Deur die prediking *hoor* die ongelowige, word hy gelowig, roep hy God aan en word hy gered. "Preaching as the primary public proclamation of the world utilizes evangelistic crusades, mass media, and especially worship services for the work of evangelism."[81]

★2 Aangesien die prediking so primêr in God se plan vir die uitbreiding van sy Ryk is, is dit belangrik om terselfdertyd te vra wat die prediking basies is. Die antwoord op hierdie vraag bevestig meteens verder die primêre belang van die prediking. Die Bybel gebruik basies veral drie woorde vir die prediking te wete kerussein, marturein en euangelizein. Al drie verwys na die aankondiging van die evangelie en tog is dit meer as net die bekendmaak van feite. Kerussein is "not the delivery of a learned and edifying or hortatory discourse in well-chosen words and a pleasant voice. It is the declaration of an event".[82]

Dit is proklamasie van die heil en heilsgebeure soos dit in Christus Jesus deur die Heilige Gees en die Woord bekend gemaak word. Daar is 'n gesagvolle aankondiging aan verbonde. In die proklamering (kerussein) gebeur ook weer dit wat aangekondig word. God se heilsdaad in Christus Jesus gebeur weer in die lewe van die mens wat ore het om te hoor.

Marturein wat meer dikwels deur Johannes gebruik word, dui oor die algemeen op 'n "proclamation that leads to salvation, presented and attested to by one who has experiential knowledge of God's saving grace".[83] In die sin het die hele Evangelie van Johannes 'n evangelisasiedoel . . . "dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo, die lewe kan hê in sy Naam".[84]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Euangelizein is volgens Syrdal (wat in hierdie verband ook vir H. Cremer aanhaal) "significantly fitting as used in the story of the expanding church" en volgens Cremer is dit: "proclaiming the message of salvation, to bring one into relation to it; to *evangelize* him".[85] Dit gaan dus in hierdie begrip om wat ons sou kon noem 'n proklamasie van die evangelie met die doel om iemand *in-die-evangelie-in* te bring.

Wat sou daar nou samevattend ten opsigte van die *wat* van die prediking gesê mag word? Firet het dit só gesê: Dit is "de autoritatieve proclamatie, de actualisatie van het heil in het heden van spreken en horen, de afkondiging van de geldigheid van wat 'eenmaal' geschied voor wie heden hoort".[86] W. D. Jonker noem 'n preek 'n "eenmalige gebeurtenis, waarby 'n geroepene van Christus, toegerus met die gesag van die apostels en profete, met 'n Woord van God na die gemeente toe gaan om dit in Naam van Christus in die midde van die versamelde gemeente te proklameer".[87]

Dit gaan in byna alle definisies van die prediking om 'n paar wesenskenmerke:

* Dit is 'n *gesagvolle* aankondiging of proklamasie.[88]
* Dit is 'n proklamasie van *die Woord van God.*[89]
* Dit geskied in die *midde van die versamelde gemeente.*
* Dit is *proklamasie.*[90]

Dit is aan hierdie prediking van die heilsgebeure dat God die gee van heil verbind. Die prediking is soos reeds beskryf een van die maniere waarop God na die mens kom. Die prediking staan daarom in die evangelisasietaak van die kerk mede-sentraal. Ander elemente soos persoon-tot-persoon kontak, uitnodiging van vriende, vertrouensverhoudings, ens. is ook sentraal belangrik, maar niemand ontken die sentrale belang van die verkondiging van die evangelie nie. Die heilsgebeure in Christus Jesus moet as 'n Woord van God gesagvol oorgedra, geproklameer, deurgegee word en op só 'n wyse dat mense in die heil ingebring word. Ja, sodat God dit wat Hy in Christus Jesus gedoen het, laat gebeur of waar laat word in die lewe van hulle wat hoor.

4.1.2.2 Eise vir jeugevangelisasieprediking

★ 1 Wat evangelisasieprediking is en nie is nie

Syrdal sê tereg dat baie mense tot die slotsom geraak het dat in evangelisasieprediking daar spesiale druk of klem gelê moet word op 'n "response according to a specifically prescribed pattern".[91] Dit is nie die bedoeling van hierdie studie nie. Veeleer word aangesluit by Syrdal wanneer hy sê dat dit gaan om evangelisasie as taak soos God dit aan sy kerk gegee het as 'n deel van die kerk se wese en as 'n daaglikse aktiwiteit. Hy vra dan ook tereg: "Can a presentation of Biblical truths actually be called 'preaching' unless it stems from an evangelical concern and therefore has an evangelistic objective!"[92] Prediking van die Woord moet altyd evangelies wees; het altyd 'n evangelisasieperspektief. Solank hierdie perspektief net nie vereng word tot 'n sekere wyse



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van prediking naamlik dié wat op 'n emosionele beslissing afgestem is nie. Die ware Bybelse evangelisasieperspektief is tog wyer. Evangelisasie, soos reeds aangetoon, behels die mens in sy totale nood soos wat die totale Evangelie hom/haar bereik en vir die Koningskap van God in Christus opeis. Daarom behoort sondeontdekking ook tot die evangelisasieperspektief. So ook lewensmislukking en die erkenning daarvan. Lewensnood as totale nood en hoe Jesus Christus daarin tree, is eweneens evangelies. Kraemer het al hiervan gepraat as 'n "komprehensiewe benadering" en Kuiper praat van 'n "comprehensive gospel".[93]

Dit gaan daarom in hierdie studie op hierdie punt om die prediking in die gemeente. Juis hierdie prediking moet evangelisasieperspektief toon, moet gereeld en soms in besonder op die kerkvervreemde en buitekerklike jongmens gerig wees.[94]

Aan die ander kant is die oplossing nie so eenvoudig dat ons maar net *meer* kan preek en daarom *meer* vervreemdes terugwen nie. Hollenweger sê tereg dat ons eerste stap terug na 'n meer geloofwaardige evangelisasie is "repentance from our confusing evangelism with propaganda".[95] Meer prediking op sigself en selfs beter prediking op sigself is nie die antwoord nie. Ons het te lank gedink dat ons net meer en beter moet adverteer en dat dit op sigself mense sal terugbring. Hier word ter voortsetting van die beginsels soos in 2.6 genoem, gepleit vir kwalitatiewe evangelisasie waar prediking, gemeente en gemeenteprediking geloofwaardige evangeliedraers is.

★2 Die evangelie

As eerste vereiste vir sulke geloofwaardige prediking in belang van jeugevangelisasie geld dit wat vir enige preek geld: dit moet die evangelie proklameer. Dit moes mos vir die apostels om Jesus Christus en Hom as gekruisigde gaan — om sy dood en opstanding. Dit gaan in die prediking om wat God in Christus Jesus gedoen het vir die redding van die mens. Morton Smith sê samevattend dat dit vier vereistes meebring:

* Die evangelie handel oor God.
* Dit is 'n boodskap oor sonde.
* Dit is 'n boodskap oor wat God in Christus gedoen het.
* Dit is 'n boodskap wat roep tot geloof en bekering.[96]

R. B. Kuiper noem dit 'n "comprehensive Gospel" en som dit in sekere sleutelbegrippe op naamlik:

- Dit is die *verhaal* van Jesus en sy liefde.
- Dit is 'n "doctrine" (lering en lerend).
- Dit is 'n uitnodiging.
- Dit is 'n belofte.
- Dit is 'n oproep (appeal).
- Dit is 'n "demand".
- Dit is 'n bevel (command).[97]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dit gaan in die prediking om die evangelie. Die probleem is meermale hoe die evangelie gebring moet word sodat buitekerklikes hoor. Uit die onderstaande behoort meer van hierdie *hoe* duidelik te word. Hier gaan dit om die beklemtoning van die feit dat die prediking moet sê wat God gesê het en vandag nog (weer) sê. Die prediking moet dus vandag sê wat God bedoel het toe Hy in Bybelse tye gesê het wat Hy toe gesê het en soos Hy dit toe gesê het. So alleen kan vandag weer gebeur wat toe gebeur het toe God die spesifieke Woord in die spesifieke tyd gespreek het. Die prediking moet hierdie woordgebeure dra sodat weer gebeur wat toe gebeur het. Om hiertoe te kan kom, moet nie alleen die Woord van God (die Skrif) deeglik uitgelê word nie, maar moet daar ook eksegese van die hoorder plaasvind.[98] Langs hierdie weg is prediking soos Pieterse sê nie soseer uitleg *van* die teks nie, maar uitleg *deur* die teks en word die teks weer in hierdie situasie uitgevoer.[99] So gebeur die Woord wat eenmaal gebeur het, hier ook weer in die "nou-nood" van hulle wat hoor.

Evangelisasieprediking vra nog meer as gemeenteprediking (in die sin van die opbou van die gelowiges), eksegese van die teks en eksegese van die mens in sy nood. Anders maak die preek nie die evangelie deursigtig vir hulle wat deur sekularisme verblind is nie. Die vraag is dus nie wat vir die vervreemde jongmens gepreek moet word nie, maar hoe die prediking moet plaasvind. Die *wat* is duidelik. Dit is 'n gegewendheid. Die evangelie van God in Christus Jesus, deur die Heilige Gees moet gesê word. Hoe dit gesê moet word, behels allereers 'n allereerlikste omgang met die Skrif sodat die Woordgebeure van die Skrifteks verstaan word. Hiermee saam gaan 'n allereerlike eksegese van die jongmens in sy vervreemding sodat hy/sy verstaan word. Met inagneming van die beste hermeneutiese beginsels en deur meditasie heen moet die Woord in die Skrif uitgelê word en só oorgedra word dat dit waarlik uitdrukking gee aan dit wat God laat gebeur het (deur dit wat Hy gesê het) in die lewe van mense in spesifieke nood, 2 000 jaar gelede en sodat dit nou weer gebeur wanneer die ware bedoeling van God se Woord deursigtig word. Anders was dit nie evangelieprediking nie. Om te sê dat Jesus Christus vir sondaars gesterf het en dat elkeen wat sonde het na Hom toe moet kom, is vir die vervreemde mens te simplisties. Hoewel dit waar is dat bogenoemde die sentrale boodskap van die evangelie is, is dit ewe waar dat die vervreemde jongmens dit net nie as relevant in sy lewe ervaar nie. Dis immers nie vanselfsprekend en onmiddellik nie. Die ware bedoeling van Jesus se koms, lyding en sterwe; die ware betekenis van sonde en soveel meer moet in die prediking deursigtig word — sódat die vervreemde die relevansie van God se koms in Christus leer verstaan en insien dat God se verlossing loodreg op sy nood ingryp. So alleen word dit aktuele prediking vir die vervreemde en buitekerklike jongmens in sy nood. Wat hier bepleit word, is nie aktualistiese prediking nie. H. Jonker onderskei tereg dat "in een actualistische preek wordt het Woord bepaald door de tijd. In een actuele preek wordt de tijd bepaald door het Woord".[100]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dit kom dus hoofsaaklik neer op egte Skrifprediking: prediking wat reg laat geskied aan die teks, die skopus van die teks in die raamwerk van die skopus van die hele openbaring van God.[101] Wie hieraan reg laat geskied en terselfdertyd gegryp is deur die Heilige Gees en met die evangelie, preek met 'n evangelisasieperspektief. Dit kan nie anders nie. Wanneer die Bybel in die prediking deur die werking van die Heilige Gees tot sy reg kom, open dit altyd weer evangelisasieperspektiewe. Dit was en is te eksplisitiet God se bedoeling met die koms van Christus naamlik om sondaars te soek om te red — en om hierdie werk deur sy Gees voort te sit.[102] Otto Michel skryf tereg dat alle evangelisasie- en sendingprediking is op Jesus Christus en sy werk gerig en is daarom Christosentries.[103]

Syrdal is reg wanneer hy sê dat "generally speaking, attendance and membership increase in churches where there is a strong Gospel message proclaimed, and where this spirit is reflected in the membership of the congregations".[104] Jeugevangelisasieprediking moet mense op ondubbelsinnige wyse met die evangelie van Jesus Christus bekend maak. Hoe erger die vervreemding, hoe minder kennis van die evangelie moet veronderstel word. Oor die algemeen is dit veiliger om liefs te min agtergrondkennis te veronderstel. Sweazey se advies is hier ter sprake: "A preacher has to ask himself, 'How long would a seeker have to listen to my sermons in order to learn much about the Christian faith?".[105]

In noue aansluiting by wat hierbo gesê is, moet dit laastens beklemtoon word dat die evangelie in sy sterk hoop-gesentreerdheid gebring moet word. Baie vervreemde jeugdiges is vasgevang in hulle lewensprobleme, soek valse oplossings en verwag byna niks meer van die evangelie nie. Wat Pace geskryf het oor die gevangene en laasgenoemde se behoefte aan hoop, is hier ook van belang: "The effective ministry will encourage them to have hope in the One who can give hope".[106]

★3 Verbondsmatig

Eintlik is hierdie eis by die vorige geïmpliseer. Wie daarin slaag om die evangelie in die Skrif deur goeie uitleg bloot te lê, kan nie die verbond mis-eksegetiseer nie. Dit is soos bloed by 'n operasie. As jy in die Woord insny, is die verbond daar. En tog moet dit hier afsonderlik onderstreep word. Die jeugevangelisasiepreek is 'n verbondsgeoriënteerde preek. Dit gaan immers om kinders en jongmense wat van God, sy Woord en sy verbond vervreemd geraak het. Dit gaan om hulle wat, al is dit deur middel van die doop van 'n ouer of grootouer, nog "verbondsbande" het.

Die prediking moet gedurig in sy verbondsbed lê — ook die preek met evangelisasieperspektief of die doelbewuste evangelisasiepreek. Die genadeverbond is van so 'n fundamentele betekenis "dat die prediking en trouens al die arbeid van die kerk daarvan behoort uit te gaan".[107] Die Board of Evangelism van die Christian Reformed Church (VSA) stel dit so: "It is also very clear that he (the Christian) cannot and may not ignore the Covenant of grace in the work of evangelization, inasmuch as the grace which he preaches and teaches is Covenant grace,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

only obtainable in Covenant relationship to Christ, the Head and Mediator of the Covenant''.[108]

Evangelisasie is inderdaad arbeid in belang van verbondsherstel tussen God en die verbondsverbreker. Daarom is dit logies dat die wese van die verbond, die handelinge van die God van die verbond in Christus Jesus, die verbondseise, beloftes en oordeel — kortom dat die verbond in alle evangelisasieprediking sterk moet figureer. Dit hoef nie altyd uitdruklik genoem te word nie, maar die saak moet teenwoordig wees in elke preek. Opsommenderwys kan dit so gestel word — in aansluiting by en saam met die studie van die Board of Evangelism van die Christian Reformed Church:

- Preek Christus as Verbondsmiddelaar.
- Probeer om mense in te lyf in wat genoem word, ''Covenant fellowship''.
- Beklemtoon die eise van God se verbond.
- Beklemtoon die gesin as sentrale fokuspunt van die verbond (family work).
- Beklemtoon ''educational evangelism''. Dit is ewe wesenlik aan die verbond en bogenoemde verslag sê tereg ''we Reformed Christians should be leaders in child evangelism''.
- Verkondig die volle raad van God.[109]

Hierby sluit verskeie ander verbondsteoloë hul aan. Walters bepleit die beklemtoning (''press'') van ''God's Covenant claim'', die ontmoediging van ''free-lance evangelism'' — juis omdat laasgenoemde so dikwels die verbondsmatige prediking mis en nie vanuit die boesem van die kerk werk nie. Hy bepleit eweneens ''educational evangelism''.[110] Syrdal beklemtoon ook op sy beurt die ''one big difference'' tussen die persoon wat Christus glad nog nie ken nie se geloofaanvaarding en die terugkeer van die verbondskind. Laasgenoemde *''returns* to the Covenant God established with him in baptism''.[111] Juis in die prediking aan die vervreemde en buitekerklike is dit dus nodig dat die prediking lerend moet wees. Die pad terug loop ook via kennisvermeerdering sodat kennis en vertroue tot ware geloofsaanvaarding van Christus en sy verbondsweldade kan lei.

★4 Direktheid en duidelikheid

In sy Duitse samevatting van sy proefskrif verstaan Beerekamp onder ''direktheid'' die volgende: duidelikheid, natuurlikheid, aanskoulik, lewendig en spannend.[112] Al hierdie vereistes is in die prediking aan jongmense en kinders en veral aan die kerkvervreemde, buitekerklike jeug wesenlik belangrik. So was Jesus se prediking deur gelykenisse immers. Dit was duidelik, aanskoulik en direk.

Drummond sê daarom tereg op grond van die Skrif dat enige prediking wat ten opsigte van evangelisasie wil slaag ''must be a clear-cut positive presentation of the Biblical meaning of the gospel''.[113] W. D. Jonker vat dit so saam: ''As die Kerk sy roeping moet vervul, moet hy op sodanige wyse kan preek, dat mense kan verstaan wat die kerk wil sê en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat hulle kan sien dat die boodskap wat deur die kerk verkondig word, iets te make het met hulle praktiese lewe". Hy vervolg later deur te sê: "Ons tyd verstaan eenvoud en direktheid en ons hou meer van 'n 'understatement' as van geswollenheid en byvoeglike naamwoorde. 'n Predikant ... moet soek na die sober en suiwer woord".[114]

Die beeld dat 'n teoloog 'n mens is "who complicates the obvious"[115] moet deur die prediking as vals en onwaar bewys word. Laney haal die Britse teoloog Hunter aan waar laasgenoemde opmerk dat as 'n joernalis 'n byeenkoms van die vroeë kerk sou bywoon, hy na afloop daarvan 'n baie duidelike en konkrete begrip sou hê van wat hierdie mense glo en wat dit beteken om 'n Christen te wees. "I sometimes wonder what the reporter would do if he heard our message today ... I think you would have to say that the disciples are confused today, not knowing what is this gospel, this message, and wondering if there is anything to it."[116]

Juis daarom sal die predikant moet worstel met die werklikheid van die Woord van God en die werklikheid van die vervreemde en buitekerklike mens. Die prediking mag nie die verstaan van die Woord bemoeilik nie, dit moet God se Woord ontvou sodat die Woord die hoorder natuurlik, direk, in eenvoud en duidelik aanspreek. So word egte kommunikasie tussen prediker en hoorder verseker. Tereg skryf Wurth en Wiersinga: "Willen wij het Evangelie in deze ontkerstende wereld prediken, dan zullen wij helaas bemerken, dat velen ons niet verstaan. De voor ons besef meest eenvoudige godsdienstige begrippen en Bijbelse woorden zijn voor velen een vreemde taal geworden. Wij zullen deze dus moeten uitleggen, en in hun eigen woorden moeten vertalen, door in hun wijze van zeggen en denken in te komen".[117] Elke prediker, maar veral ook die evangelisasieprediker, moet hom daarom goed vergewis van die kommunikasiegebeure tussen die sender en die ontvanger en watter prosesse kommunikasie bevorder of bemoeilik.[118]

Direktheid en duidelikheid moet met eenvoud, maar nie met swak inhoud (eenvoudigheid) verbind word nie. Kilpatrick sê tereg dat 'n evangelisasiepreek[119] ten beste voorberei moet word. "The exegesis must be exact and accurate, the interpretation luminous and sympathetic. The argument must be sound ... It ought to have within it the best scholarship, the widest culture, the deepest experience, the most penetrative wisdom, the truest eloquence of which the preacher is capable. It must be prepared in the atmosphere of prayer, and preached with passion, the passion for souls."[120]

Dit is prediking wat op die hele mens — sy rede, emosie en wil 'n appèl maak en juis daarom moet dit eksegeties verantwoord wees, maar moet dit in eenvoud, met natuurlike duidelikheid en direktheid aan die vervreemde oorgedra word. Dit is soos Havlik sê, naamlik dat "our evangelism would be much more effective if the preaching of the message were in the language of the people to whom we preach ... Those who preach publicly must work at putting the *kerugma* in an understandable framework".[121]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★5 Beslissend

Prediking in bogenoemde sin moet altyd met appèl op die hoorder oorgedra word. Die persoon, lewe en werk van Jesus Christus roep elkeen wat die evangelie hoor tot 'n besliste keuse. Juis die duidelike eise van die evangelie maak dit onmoontlik dat 'n mens, soos Verkuyl sê, die evangelie vryblywend kan aanhoor.[122] In die taal van Kilpatrick: "It asks for a verdict, a decision, in which every element of human nature acts together, in view of the great spiritual realities unveiled by the Word of God".[123] Verkuyl skryf reeds in 1938 in verband met evangelisasie onder "hoogere standen" oor die aspek van "concreetheid" en verstaan daaronder "appèl op persoonlijke overgave". Volgens hom is dit veral van belang by meer intellektuele hoorders omdat hulle so maklik van die evangelie 'n huis maak waarin hulle nie self woon nie. "Daarom moet alle Evangelie-verkondiging onder deze kringen gepaard gaan met het rusteloos appèl op persoonlijke overgave en persoonlijke bekering en dus zo concreet mogelijk zijn."[124] Dit alles sê hy in samehang met die twee ander vereistes vir evangelisasieprediking (veral teenoor studente en ander intellektueles) te wete aggressief en totalitêr (met konsekwensies vir die hele mens se hele lewe).

Hierdie vereiste maak dit noodsaaklik dat die prediking in die gemeente, en direkte evangelisasieprediking in besonder, voorsiening maak vir 'n beslissing. In hierdie verband bestaan verskillende moontlikhede waarvan sommiges beter as ander is. Die metodes wissel van emosionele druk op persone wat grens aan dwang tot uitnodigings wat so sinloos deurkom dat dit beter sou gewees het as daar liewer niks gesê was nie. Die aanvaarde beskouing onder Gereformeerdes is om die appèl sterk deur middel van die prediking te laat deurkom, maar om die resultate "in die hande van die Vader te laat". Basies is dit ook die waarheid. Die bediening van die Woord is die manier waardeur God sy Eienaarsseggenskap en Verlossingsreg oor mense laat proklameer en terselfdertyd is dit die wyse waardeur Hy mense na Hom toe trek en deur die gawe van die geloof in Christus Jesus tot redding inlyf. Green het duidelik aangetoon dat die prediking in die Nuwe Testament mense tot 'n beslissing opgeroep het. Die eis van bekering loop soos 'n goue draad deur die hele Skrif. Hierdie bekering was nie maar 'n sprong in die donker nie, maar die apostels "look for faith which was self-commitment on evidence ... They were tied to history by the very fact of the incarnation and they did not seek to escape from it. The gospel does indeed challenge men to decision, but not an emotional or ill-considered commitment. Mediated to us as it is through human beings, it always engages every aspect of our humanity".[125]

Die punt waarom dit hier gaan, is dus nie om mense tot 'n beslissing te dwing nie of die erkenning dat die mens 'n vrye wil tot keuse het nie. Dit gaan om wat Drummond noem "some sort of opportunity for a response from the people in the pew should be presented".[126] Dit is hier waar Gereformeerdes se paaie dikwels met die van ander rigtings skei. Die sterk klem op die verkiesende genade van die vrymagtige God,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

maak die klem op die uitnodiging en die inhoud anders. Tog mag hierdie waarheid, te wete die verkiesende genade van God, nooit die prediker sorgeloos maak oor die uitnodiging nie. 'n Uitnodiging is daar om die verkose verbondsbreker terug te lei na sy Vader. Dit bied geleentheid aan hulle wat hul deur God aangespreek weet, om die saak uit te maak. Dit juis maak die uitnodiging in die gereformeerde prediking bevrydend sober, maar ook sober en kragtig.

Die volgende moontlikhede is van die mees geskikte vir gereformeerde evangelisasie:

- Na die appèl van die prediking kan die prediker direk sê dat daar op grond van Gods beloftes ook in hierdie diens iemand mag wees wat graag die verbreekte verbondsverhouding met God wil herstel. In die gebed kan die prediker dan die antwoord van so iemand eenvoudig en duidelik vertolk nadat hy gevra het dat persone wat hul deur God aangespreek weet, met hom van harte saambid. Hierna kan gevra word dat sulke persone wat in geloof na die Vader teruggekom het,
  * òf vir 'n oomblik agterbly vir 'n verdere kort geestelike gesprek,
  * òf die leraar, ouderling of ander persoonlike werker na die diens spreek,
  * òf 'n kaartjie invul (wat voor die tyd in die banke geplaas is) en dit in 'n toegemaakte bus in die portaal ingooi,
  * òf in die loop van die week by die pastorie aanklop vir 'n verdere gesprek.
- Dit is ook moontlik om persone uit te nooi om na die tyd agter te bly indien hulle verder oor die verbondsherstel wil praat. By so 'n nabyeenkoms kan
  * òf met die groep as geheel gepraat word en soos hierbo genoem, opgetree word,
  * òf die wat agterbly, kan in kleiner groepe (selfs een-een) vir 'n gesprek aan opgeleide persoonlike werkers toevertrou word.
- Dit mag gebeur dat 'n prediker onder leiding van die Heilige Gees jongmense wat graag meer van hierdie verbondsherstel wil hoor en graag na die Verbondsgod wil terugkeer, vra om tydens die sing van 'n lied vorentoe te kom. Solank hier net gewaak word teen enige emosionele drukgang en dwang sou ook so 'n uitnodiging tog sober en nugter kan verloop. Hierdie kinders en jongmense kan dan na afloop van die diens òf in 'n groep, òf in pare, òf persoonlik (verkieslik) vir gesprek ontmoet word.

Hoe dit ook al sy, gewone gemeenteprediking behoort van tyd tot tyd en spesifieke evangelisasieprediking behoort in besonder vir so 'n keuse en gespreksgeleentheid voorsiening te maak. Hoewel ten diepste met McDill se sekere "vrye-wil-keuse" verskil word, sit daar tog 'n element van hulp aan die mens in, wanneer hy sê dat dit 'n psigologiese en 'n geestelike beginsel is dat jy dit wat jy innerlik besluit het, ook openlik bevestig.[127]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★6 Konkreet

Hierdie saak is vir 'n groot mate reeds vervat in die begrippe direktheid en duidelikheid. Hier moet slegs beklemtoon word dat die prediking ten volle rekening moet hou met die werklike lewensvrae en probleme van die vervreemde jeug. Juis ter wille van die konkretisering in die prediking is dit so belangrik dat die vervreemde jeug geken moet word. In hierdie verband is reeds verwys na Barnard se opmerking: "Bonum diagnosticum est bonum medicamentum — om goed te diagnoseer, beteken om goed te genees".[128] Die kerkvervreemde jeug vind dikwels min van hulleself en van hul konkrete lewensprobleme in die prediking terug. Die voorbeelde van probleme, situasies waarop en waarin die preek van toepassing gemaak word, is dikwels uit die "grootmenswêreld" geneem. Objek-eksegese is telkens weer nodig ten einde te verseker dat Skrifeksegese die mens in nood konkreet tref en bereik. "In hierdie geval gaan dit om die jeug, hul daaglikse worstelinge, probleme en vrae wat ôpkom uit hul bepaalde lewensagtergrond, werksomstandighede, vriendskapsverhoudinge, verblyfomstandighede en persoonlike behoeftes."[129] Die vraag na God — wie Hy is en hoe Hy is; die identiteitsvraag (wie is ek?) en die vraag na die toekoms is hier van groot belang.

4.1.2.3 Die evangelisasieprediker

★1 Kennis van die jeug

In die verband van jeugevangelisasie moet die prediker die jeug tot wie hy spreek, ken.[130] Hierdie eis vir die prediker sluit ten nouste aan by die eis van konkreetheid ten opsigte van die prediking. Die prediker moet jongmense en kinders nie net uit boeke ken nie. Die werklike mens is altyd ook nog weer anders as die oorsigtelike beskrywing van hom in 'n boek. En juis hier lê ten opsigte van die evangelisasieprediking vir die gewone gemeenteleraar 'n groot probleem. Laasgenoemde is en word so min aan die werklik vervreemde jongmens blootgestel. Sweazey sê: "The first stage in giving up evangelism is to go to a theological seminary; the final stage is to become the pastor of a church ... A minister can be ordained and go through years of his ministry without ever talking about religion with anyone who is not already a member of a church".[131]

Die prediker sal dus moeite moet doen om die werklike vervreemde en buitekerklike te ken ten einde te verseker dat sy prediking relevant is. Dit beteken allereers 'n Bybelse mensbeeld, want ook die jeug is van nature sondig en in opstand teen God. Die evangelisasieprediker sal egter verder goed doen deur die vervreemde en buitekerklike kind deur die oë en ore van die kerkjeug heen te leer ken. Laasgenoemde gaan saam met die vervreemde skool, studeer en werk langs hom. Derdens moet die prediker ook langs die weg van persoonlike besoeke aan die vervreemde en buitekerklike, deur besoeke aan en waarneming van sy leef- en speelwêreld probeer om werklik onder die vel van en in die verstaansbelewing van die vervreemde jeugdige in te kom.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★2 Dialogiese prediking

Hierdie en ander eise geld natuurlik vir alle predikers. Ten opsigte van die jeug sal die prediker hom egter moet oefen om dialogies te preek. Die vervreemde jeug dink, vra, bevraagteken, is krities en die prediker sal as't ware met sy vrae op pad moet gaan. Dit beteken nie 'n apologetiese oortuigingsrede nie. Hierteenoor is daar tereg beswaar.*[132] Dit beteken egter wel die vermoë om die jeug vraend in die preek in te trek en so die antwoord van God te beluister. H. Jonker is reg wanneer hy skryf: "De Waarheid van het Woord God is reeds dialogische Waarheid. De Bijbel is een boek der ontmoetingen ... De prediking vindt haar grond niet in de dialoog, maar in het geheimenis van de sprekende God, die zich dialogisch tot de mensen wendt".[133] Egte Skrifprediking is dus wesenlik dialogies, dit is die deurgee van die dialogiese ontmoeting van God met die mens in die werklikheid van sy bestaan. Hierdie vereiste vir die prediker (en prediking) neem niks weg van die gesagvolle proklamasie nie — dit maak juis laasgenoemde sinvol en laat die inhoud van die geproklameerde tuiskom.[134]

★3 Opregtheid

Die jeug luister in 'n sekere sin meer na die man agter die woorde as na die woorde. Dit is deel van kind- en jonkwees om persoonsgerig te dink en te beoordeel — "hulle kyk ook na die man wat die preek lewer. Hulle volg sy lewe en hulle toets of woord en daad by hom ooreenkom met wat hy verkondig. Die jeug sluit sy oor en hart vir die mens en die prediker wat òf met hoogmoedigheid en verwaandheid, òf met ooglopende selfversekerdheid, òf met bevooroordeelde gesindheid na hom kom en met hom spreek".[135] De Klerk beklemtoon ook hierdie waarheid wanneer hy skryf "dat persoonlike egtheid, erns en optrede baie meer in die dialogiese verkeer beteken as wat besef word". Hy skryf oor egtheid en eerlikheid tereg dat daar niks is "wat in die eeu van saaklikheid en van 'n kunsmatig-opgesmukte wêreld so afstootlik werk as onegtheid en 'n goedkoop verkooptegniek in die godsdiens nie. Mense soek egtheid en eerlikheid. Egtheid in die manier van praat en eerlikheid oor die vrae en die dinge waarop daar nie duidelike antwoorde is nie".[136]

Predikers in belang van jeugevangelisasie moet en mag nooit met onvolwasse grootdoenerigheid probeer beïndruk nie, maar moet in die Bybelse betekenis van die woord innerlik reguit (nie gedraaid), suiwer, ongemeng wees.[137] Nederige opregtheid is 'n wagwoord vir hulle wat die evangelie aan die jeug bring.

★4 Besieling

Jongmense en kinders is entoesiastiese mense wat dikwels met alle registers oop lewe. Hulle hou van handeling en besielde deurleefdheid. Die prediker wie se hart nie aangegryp is deur die evangelie wat hy verkondig nie, het min hoop om kinders en jongmense effektief te bereik. Die prediker is vir sover dit die jeug betref "demonstrasiemodel" van die ware veranderingsvermoë van God deur sy Gees. Wat Paulus geskryf het aan die gemeente in Filippi ten opsigte van die "voorhou van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Woord van die lewe''[138] is ook op die prediker van toepassing. Hy dra 'n Woord wat lewe wek en skenk, 'n Woord wat hulle wat dood was in hul misdade, weer lewend maak.[139] ''Daar moet by die prediker niks van 'n preekmoegheid bemerk word nie, maar sy preek en die wyse waarop hy preek, moet getuig van entoesiasme, van oortuiging en van besield wees.''[140] Dit beteken nie mensgemaakte entoesiasme en gedruis nie: ''Hy kan maar net eg wees in sy voordrag, eg in sy erns en sy voorkoms. Hy kan maar net eerlik wees in sy geloof en in sy afhanklikheid van die heerlike God vir wie hy liefhet al kan hy die dieptes van sy Heerlike Self nie verklaar nie''.[141]

Uit en deur sy entoesiasme moet sy beheersing deur die Heilige Gees as die Gees van die Vader en die Seun spreek.

★5 Goeie homileet

Hiermee word niks meer bedoel nie as dat die prediker in jeugevangelisasie ten volle en verantwoordelik die beginsels van die homiletiek moet hanteer. 'n Jeugevangelisasiepreek is nie 'n preek waar homiletiese eise nie geld nie. Dit sou ontduiking van die mens se verantwoordelikheid wees. Jonker pleit in hierdie verband tereg vir 'n eerlikheid met die tekortkominge van die prediker en om nie te gou die mislukkings van die prediking op rekening van die verharde hoorders te plaas nie.[142] Ook mag die prediker nie ''oorvroom'' gaan skuil agter die werking van die Heilige Gees nie. Jonker vat dit tereg saam deur te skryf: ''Ons kan God gerus vertrou om sy beloftes waar te maak en sy genade oorvloedig te bewys. Ons kant van die saak is egter dat ons gehoorsaam moet wees om te doen wat van ons verwag word as verkondigers van die Woord van God''.[143] En wat van ons verwag word, is juis te soek en te vind in die wetenskaplike besinning oor die prediking — die homiletiek.

### 4.1.3 PASTORALE BEMOEIENIS

Die pastoraat kan en moet vrugbaar in diens van die evangelisasiebediening van die gemeente funksioneer. Soos reeds in paragraaf 3.2 opgemerk, is die paraklese een van die wyses waarop God na die mens kom en wanneer Hy na die mens kom, kom Hy juis ook in sy opsoekende liefde, herderlik tot die verbondsbreker. Hierin is Adams reg wanneer hy skryf dat ''evangelism is absolutely essential to counseling''.[144] Volgens hom kan die Christen nie anders nie as om in sy pastorale gesprekke ook getrou te bly aan God se groot opdrag aan die kerk te wete die oordra van die evangelie aan verlore mense. Per slot van rekening is en bly dit God wat deur sy Gees mense verander en om dit uit die oog te verloor, is 'n ''colossal mistake''.[145] Hy praat in die verband van sy begrip ''noutetiese'' pastoraat ook van ''nouthetic Evangelism''.[146] Hoewel hy dit duidelik stel dat dit tyd mag neem voor die geskikte tyd vir konfrontasie met die evangelie in 'n gegewe pastorale gesprek aanbreek, moet dit die doel van die Christen in die pastorale sorg bly.[147]

Terwyl die pastoraat 'n unieke geleentheid bied om met afgedwaalde jongmense uiteindelik oor die wese van hul verbondsverbreking en terugkeer na God te kommunikeer, is dit ook waar dat juis die jeugpastoraat



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

"altijd een vreemde eend in de bijt van de kerkelijke zielzorg (is) geweest".[148]

Die gewone pastorale sorg in die gemeente, veral deur die huisbesoek, neig ten gunste van die ouer lidmate.

4.1.3.1 Wat is pastorale sorg?

★1 Sonder om in die tegniese onderskeidinge van verskillende tipes pastorale sorg betrokke te raak, is dit nodig om hier rekenskap te gee van wat onder pastorale sorg verstaan word. De Klerk definieer dit in sy proefskrif soos volg: "Die pastoraat is die amptelike bediening van die Woord aan die enkeling en aan sy gesin in die modus van die gesprek".[149] Hierby kan die bediening van die Woord in die modus van die gesprek aan kleiner gespreksgroepe in die gemeente gevoeg word. Waar dit egter om gaan, is dat dit 'n andersoortige of andersvormige bediening van die Woord is as byvoorbeeld die prediking of die kategese.

★2 Vir Adams gaan dit ook sentraal om die Woord en om Jesus Christus. Hy sê: "Jesus Christ is at the centre of all true Christian counseling ... We know of Christ and his will in his Word".[150] Hoe die Woord van Jesus Christus nou in hierdie gespreksmatige bediening gehanteer word, verskil. Daar word meermale globaal onderskei tussen die direktiewe en non-direktiewe benaderingswyses.[151] Binne albei hierdie rigtings is daar ook weer onderskeidinge. So sou E. Thurneysen (kerugmatiese benadering) en J. E. Adams (nouteties) byvoorbeeld meer onder die direktiewe benadering tuishoort en S. Hiltner (eduktiewe benadering) meer by die non-direktiewe.[152] H. J. Clinebell maak gebruik van 'n nuwe "revised" model wat die beste uit albei bogenoemde rigtings neem — met besondere klem op die opbou van "creative relationships which can help make men whole".[153] Daar is ook nog ander benaderings soos "Identification counseling" (Paul Tournier en Bill Gothard)[154] en die "groepgesentreerde benadering".[155] De Klerk kies uiteindelik wat laasgenoemde betref vir 'n groepgesentreerde benadering binne die "Gereformeerd-presbiteriale kerkstruktuur".[156]

★3 In die pastorale sorg moet die direktiewe en non-direktiewe benaderings mekaar gesond afwissel en aanvul. Vir sover dit die evangelisasiegesprek betref, sal die non-direktiewe vir 'n sekere tyd van die gesprek domineer. Direktiewe verkondigende gesprekke met kern-buitekerklikes en vervreemdes mag kontraproduktief blyk te wees. Barnard sluit hierby aan wanneer hy sê dat "teologies is Christus wel die sentrale figuur, maar as vertrekpunt begin ons met hierdie mens, met sy posisie en sy besondere nood. Nie wat vir die sielsorger op hierdie stadium op die voorgrond staan, kan die uitgangspunt wees nie, maar hierdie persoon en sy belange".[157]

★4 Pastorale sorg is 'n Christelike bediening

Hiervoor is teoloë dit eens. Die *hoe* mag verskil, maar Gereformeerdes twyfel nie aan die Christosentriese begronding van die pastorale sorg nie. Dit is Hy wat die herdershart van die Vader aan die wêreld open-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

baar en wat self as die goeie Herder die lewens van mense verryk en verander.[158] Dow skryf in 'n hoofstuk oor "our ministry in pastoral context" dat Jesus Christus in sy bediening in besonder soos volg geken kan word:

* "Jesus was a caring person
* Jesus was a person oriented person
* Jesus was intent on sharing his concern for the development of relationship
* Jesus was an emphatic healing person
* Jesus was a purposeful person (bringing the Kingdom of God).
* *Who* he was and *what* he was harmoniously blended."[159]

Tereg sê De Klerk dat dit hierdie verhoogde Christus is wat "*sy herderlike bediening*" (kursief MN) voortsit, "deur sy gemeente as sy liggaam, terwyl die besondere en algemene amp elkeen sy eie werking en funksie het".[160]

Hierby aansluitend, of liewer as deel van hierdie Christosentriese bediening, moet die werk van die Heilige Gees genoem word. Hy sit die werk van Jesus Christus voort, "He is called the paraclete (counselor) who in Christ's place came to be another counselor of the same sort that Christ had been to his disciples".[161]
Die pastorale grondhouding moet daarom een wees wat ten diepste gekenmerk word deur die Christusgesindheid soos bewerk deur die Heilige Gees deur die Woord. Sy kwalitatiewe liefde "gee aan die herderlike sorg die stempel van priesterlike bewoënheid, openheid en diensbaarheid".[162] In evangelisasieverband is hierdie grondhouding wesenlik. Wie dit nie het nie, sal waarskynlik min of geen moeite maak om in 'n pastorale kontak met vervreemdes en buitekerklikes te kom nie. Hierdie grondhouding kan immers vanweë die kwalitatief-eie van die ware Christelike liefde nie aangeleer word nie. "Dit (die liefde MN) vertoon, in die mate waarin die heiligende deurwerking van die Gees in die lewe van die ampsdraers as gelowiges beslag kry, al meer die beeld van die Here en Hoof van die kerk (2 Kor. 3:18)."[163] Juis hierdie Christusliefde is "liefde wat aanvaar ... liefde wat dwing ... liefde wat respekteer".[164]

★5 Gemeentelike pastorale sorg

In belang van evangelisasie moet die gemeente sy taak en verantwoordelikheid ten opsigte van die onderlinge sorg leer verstaan en beoefen. Oor laasgenoemde is reeds vroeër in hierdie studie meer breedvoerig gehandel.[165] Hier is dit nodig om weer te beklemtoon dat die onderlinge vermaning in belang van evangelisasie as't ware voorvereiste is vir geslaagde pastorale bemoeienis deur byvoorbeeld die pastor, ouderling, diaken en ander evangelisasiewerkers. Persoon-tot-persoon pastorale sorg moet kan rus op en bou op die onderlinge omgee vir mekaar. Dat hierdie onderlinge sorg ook die vermaning aan die vervreemde insluit, val nie te ontken nie. Die gemeente het besondere verantwoordelikhede teenoor die een wat in sonde val en op 'n pad van vervreemding weg-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dwaal.[166] Dit gaan om die bemoeienis met iemand wat in sonde geval het en van wie dit duidelik is dat hy/sy nie meer deur die Gees wandel nie.[167] De Klerk sê tereg dat "van hierdie soort sondaars, wat deur die kerk nie losgelaat mag word nie, is die onordelikes, die 'ataktoi' van 1 Thess. 5:14 in 'n sekere sin 'n analoë geval".[168]

Hierdie verantwoordelikheid sluit aan by en vind sy vertrekpunt in die erediens en in die prediking.[169] Dit moet ook weer na die erediens teruglei.

Die pastorale sorg bou dus op hierdie gemeentelike, korporatiewe, onderlinge pastoraat. Richards sê tereg in verband met die begeleidende, op volwassewording-gerigte pastoraat aan die jeug: "The Church of the New Testament is a transforming *community*, and transformation is a community transaction, not primarily a transaction between two persons — especially when they are cast as counselor and counselee".[170] Weer eens moet dit beklemtoon word dat ook in die pastorale bemoeienis met die jeug die korporatiewe verbondenheid en funksionering van die gemeente 'n deurslaggewende rol speel. As die gemeente 'n beeld van traak-my-nie-agtigheid vertoon, raak dit die geloofwaardigheid van die persoon-tot-persoon pastorale bemoeienis sowel as die effektiwiteit daarvan.

★6 Samevattend

- Pastorale sorg is 'n gespreksmatige woordbediening wat soek "to free persons to choose that freedom which is ours through obedience to God".[171] Daarom is dit nie (net) die gee van advies nie; is dit nie moralisering op manipulering van jongmense nie, maar rus dit op 'n vertrouensverhouding tussen twee "fallible beings".[172]
- Dis 'n gespreksmatige verkondig binne 'n vertrouensverhouding en uitgaande van die korporatiewe betrokkenheid van die res van die gemeente by die enkeling in sy afdwaling en vervreemding.
- Dis 'n voortsetting van die herderlike bediening van Christus as Hoof van die liggaam en as Soeker na dié wat verlore is. Juis hierin is die "priesterlike nabyheid" van soveel belang.[173]

4.1.3.2 Eise vir pastorale bemoeienis met die vervreemde

Elkeen wat die wese van die pastorale sorg verstaan en met 'n herdershart oor verlore mense dink en voel, behoort self die eise te kan formuleer. Tog is dit nodig om enkele vereistes vir geslaagde evangelisasiegerigte pastorale sorg hier aan te stip. Daar bestaan geen twyfel dat hierdie faset van evangelisasie as gemeentelike bediening moeilik en veeleisend is nie. Dit is in 'n sekere sin maklik om vir vervreemdes te preek, maar dit is gans anders om 'n werklike vervreemde met sy eiesoortige probleme en gesindheid in die oë te kyk en met hom in gesprek te tree. Du Toit skryf tereg dat vervreemdes nie meer kerk toe kom nie en "daarom sal hulle een vir een tuis opgesoek moet word. Huisbesoek is een van die moeilikste, maar seker die doeltreffendste metode".[174] Wanneer Bisschop "kontakt leggen met zelfstandig wonende jongeren" "arbeidsintensief" noem,[175] moet begryp word dat kontak maak met



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die vervreemde en buitekerklike jeug meer as "arbeidsintensief" is.

En tog is dit waar dat pastorale bemoeienis effektief is. Paul Irwin getuig van die waarde wat dit in sy bediening het om die jeug tuis te besoek, maar ook "just wandering about after school hours to meet the kids and be with them in their play". Hy sien laasgenoemde as waardevol omdat dit "contribute to a confidence of relationship. It is kind of caring".[176]

Syrdal se pleitrede is legitiem naamlik dat die leraar ook tyd gegun moet word om "pastor" te wees, want sê hy tereg "preaching and personal ministry were combined in the New Testament".[177] Paulus se bediening in Efese is hiervan 'n duidelike voorbeeld. Hy het gepreek, maar ook van huis tot huis het hy kragtig aangedring op die "bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus".[178] Huisbesoek in belang van evangelisasie is Bybels. Dat die pastor self hierby betrokke moet wees, is om baie redes van belang. Dit is sy roeping, hy is die "meest geïnformeerde vertegenwoordiger",[179] hy kan die uitnodiging tot kategese waarskynlik die beste hanteer, hy kan diepergaande gesprekke hanteer, hy behoort ménse beter te kan hanteer, en nog meer. Tog is dit ook die ouderling, die diaken en elke gelowige se roeping om pastoraal by die kerkvervreemde en buitekerklike betrokke te raak. Die kontak tussen almal betrokke en die organisering (beheer) van hierdie pastorale bemoeienis moet goed beplan en hanteer word.

★1 Die eis van die liefde

Barnard is reg wanneer hy skryf oor die suiwer motiewe vir die pastorale gesprek met die vervreemde en sê: "Die grondmotief is die soekende liefde van God soos dit in die koms en werk van Jesus Christus konkreet geword het. Uit hierdie grondmotief vloei 'n aantal ander motiewe wat almal onlosmaaklik saamhang met mekaar: die begeerte dat God groot eer sal ontvang; die soeke na die uitbreiding van die koninkryk van God ..."[180] Pastorale bemoeienis met die vervreemde vereis 'n driedimensionele liefde — vir God, die gemeente en die verlore mens.

Alleen hierdie Bybelse liefde lei die gelowige daartoe om die vervreemde mens te aanvaar soos hy is en waar hy is. De Klerk sê die ander persoon moet "ervaar dat die sielsorger vanuit die genade in Christus homself op dieselfde platform as hy in sy nood gestel het".[181] Die sielsorger het lief omdat God eerste liefgehad het en die sielsorger aanvaar juis die mens omdat die mens vir God waarde het.[182]

Watson noem as basiese gesindhede vir pastorale bemoeienis met die jeug "a basic respect for human beings as distinct individuals, with the right to make their own decisions" en "a genuine love for people and a sincere desire to help them to become mature personalities".[183]

Daar is reeds saam met Barnard vermeld dat hierdie basiese grondmotief verband hou met baie ander goeie motiewe. Een hiervan word hier genoem omdat dit so dikwels die dryfkrag vir hierdie uitputtende, arbeidsintensiewe dienswerk is. Hier word verwys na die passie vir die uitbreiding van die koninkryk deurdat mense tot redding in Christus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kom. Drummond verwys in hierdie verband na manne wie se lewenspassie só was en watter geseënde sending- en evangelisasiebedieninge hulle gehad het. Hy noem veral David Brainerd, Thomas Chalmers en Wesley. "The passion for men that the Holy Spirit imparts is not to be quenched. Of course, I do not refer to a shallow vociferous approach to all we do, but to 'play it cool' in reaching men for Christ can be most damaging to evangelistic outreach. God desires His evangelists to be burdened, concerned, enthusiastic and zealous to spread the good news ... One would hope that all Christians could become so committed to the evangelistic task that such a passion would grip the entire Church. And if this situation is ever to develop, I suppose it must first begin with the pastor – evangelist".[184]

Die grondhouding in 'n evangelisasiegesprek moet wees "die openheid, die nie-outoritêre houding, die egte, warme liefde waarmee ons met die ander in gesprek tree".[185]

★2 Die eis van opregtheid

Kerkvervreemde en buitekerklike mense is gewoonlik vanweë hulle breek met die godsdiens en/of die kerk, eerlik ten opsigte van hul gevoelens en oortuigings. Hulle het nie meer nodig om toneel te speel nie. Dit maak juis hierdie besoek makliker. Die sielsorger kan ook en moet ook ewe opreg wees. Opregtheid en taktlose reguit wees, is egter nie dieselfde nie. Die opregtheid van 'n liefde wat soek om terug te win, is hier ter sprake. Juis daarom dra valse besoekmotiewe nie die sielsorger deur die drif by die vervreemde nie. Koue plig bring nie opregtheid voort nie. Kerkvervreemdes het juis dikwels 'n geskiedenis wat hul wantrouig maak teenoor die mense van die kerk. Hoekstra haal 'n getuienis van Overduin aan dat dit hom in 'n sekere geval "enkele weken" van "geduldig praten en vriendschappelijken omgang gekost" het "vordat hij (die vervreemde MN) tot de ontdekking kwam, dat er toch ook nog geestelijken waren, die het goed meenden met de arbeidersklasse, en dat velen hunner zich vele persoonlijke offers getroosten ter wille van de arbeider".[186] Die opregtheid van 'n sielsorger laat hom volhard en slaag — al is dit nie altyd tot redding van die besoekte nie, dan minstens tot oordrag van die opregte liefde en belangstelling van die kant van die gemeente as liggaam van Christus. "The more genuine a person the counselor is, the more likely will be his success. An insincere person usually does not last very long as a good counselor".[187]

Barnard praat in hierdie verband van die eis van "eerlikheid en waarheid" en noem die "eerlikheid in sy belangstelling in die ander ... Die waarheid moet in die hele gesprek na vore kom deur die waaragtigheid van die sielsorger en sy optrede".[188]

Van Haaren meen dat hierdie opregtheid ook gedien word deur te praat oor en 'n vraag te stel "die haar oorsprong niet vindt in een overigens ook in zake zielzorg niet onmogelijke menselijke nieuwsgierigheid, maar die haar bestaansrecht vindt in de noodzaak, dat deze mens gelukkig moet kunnen zijn en dat anderen daar op een of andere wijze hun



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

bijdrage voor moeten kunnen leveren".[189] Hy is ook reg wanneer hy skryf "de jonge mens houdt niet van de verschrikkelijk zekere kerk, hij houdt wellicht meer van een onzekere maar eerlijke kerk".[190] Dit is geen skande om met die jeug eerlik te wees nie, en ook te erken as die sielsorger nie weet nie of as die kerk fouteer het nie.[191]

Ten einde hierdie opregtheid te kommunikeer, is dit nodig dat die sielsorger die vervreemde, vriendelik, beleefd en met respek benader. De Klerk praat in hierdie verband van "liefde wat respekteer".[192] "In die ware en egte liefde word die medemens in sy geheimenis voor God eerbiedig. Dit is 'n liefde wat sy eie grense ken, sy eie grense voor God en die mense".[193]

Hierdie opregtheid word so dikwels sonder woorde en deur die gevoelsladinge van woorde gekommunikeer. Daarom kan dit nie "gespeel" word nie. Die sielsorger sal die Here hiervoor moet vertrou. Opregtheid kom net soos liefde van die Vader, wat dit deur sy Gees en sy Woord in die lewe van sy afhanklike kind werk. Aan die ander kant is dit ewe waar dat opregtheid kommunikeer. As dit bestaan, dáár ís, in die lewe van die sielsorger, hoef hy nie te probeer om dit te kommunikeer nie: opregtheid kommunikeer. Die sielsorger se grootste verantwoordelikheid is om die kanaal oop te hou of 'n oop kanaal te wees vir die kommunikasie van die opregte liefde en belangstelling van God die Vader. Richards vat opregtheid in 'n sekere sin mooi saam wanneer hy skryf: "No false fronts are necessary ... we need to be ourselves with others. Only as they see us as we are, human and needy, yet becoming through the power of God's Spirit new and different persons, will others understand the Gospel and the great gifts God has given us in Christ".[194]

★3 Die eis om te luister

Sonder om die pastorale bemoeienis net tot luister te verskraal, moet dit hier beklemtoon word dat luister in belang van jeugevangelisasie wesenlik belangrik is. Barnard praat tereg van "luister en spreek", "verkondig en beraad".[195] Al vier hierdie fasette is wesenlik, maar die tendens is om in die jeugpastoraat meer te "spreek" en te "verkondig" as te "luister" en met "beraad" besig te wees. Die jeug ervaar dit intens negatief. Richards het 'n studie gemaak oor hoe jeug reageer op die volgende vier tipes optrede van volwassenes in pastorale beraad: "advice-giving, reassuring, understanding, and self-revealing".[196] Die tieners het aangedui dat eersgenoemde (advice-giving) die mees algemene manier is waarop daar teenoor hulle reageer word. Ook by "reassurance" gaan dit om "advice-giving. It also implies that the reassurer has greater insight into the problem than the one who is living it. Reassurance seems to imply that the feelings and problems revealed are unimportant, but are best shoved aside as unworthy of concern".[197] "Understanding" daarenteen is reeds "an invitation for further communication".[198] Die tipe optrede wat die jeug verkies, is egter "self-revealing" — "an attempt to meet the other person-to-person, to identify with him as bound up together with you in the common bundle of life".[199] In Richards se illustrasie ervaar die jeug laasgenoemde as die inklim by hom in die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

lewensboontjie ten einde saam te soek na 'n antwoord en te worstel om verlossing.[200]

Van Haaren beklemtoon tereg dat luister juis nie die jeug se grootste krag is nie: "in de regel heeft hij al zijn leven lang moeten luisteren, hij wil ook graag eens praten, eens zelf aan het woord zijn en niet alleen aan het woord zijn, hij wil ook, dat die ander naar hem luistert, niet met technisch gemak luistert, maar met open oor en hart luistert". Hy vervolg later: "Wie luistert verontrust je niet, want hij geeft je zelfvertrouwen, hij laat je in je waarde en aan je waarde toekomen".[201] Hierdie behoefte om na geluister te word, vergroot namate kinders en jongmense ouer word. Christoff is reg wanneer hy sê dat hierdie basiese behoefte "to be really listened to, to be taken seriously, to be understood — *can* be fulfilled by the Church".[202] Little wat veral oor die middel-adolessent handel, skryf ook dat "sometimes listening is all that is needed — really listening, however, with one's whole self".[203]

Egte luister, gee inderdaad die een na wie geluister word, waarde. Dit verdiep die gesprek want "als je met elkaar praat, kun je wijzer worden: gesprekken lossen vele moeilijkheden op. Pratend ontdekken wij elkaar ... de jonge mensen geraken in gesprek met de kerk. Het wonderlijke nu van een dergelijke gesprek is, dat er geen sprake meer is van een tegenstelling, maar van een samen zoeken naar de waarheid".[204]

Deur die gewilligheid van die volwassenes om na die jeug en in hierdie geval ook die vervreemde jeug te luister voordat van bo-af raad gegee word, kan die jeugpastoraat verlos word van sy "hinkstapsprong". Volgens Nieuwenhuis is die jeugpastoraat so dikwels "incidentele hulpverlening en korte-baan-werk: wij draven op het slagveld rond, om pleisters aan te leggen en noodverbanden in plaats van ons bezig te houden met de oorzaak van al dat geknok".[205] Lúister behoort die kerk by die oorsaak te bring om dan voorts in gesprek saam te soek na die oplossing en antwoorde van die Woord. Dit help immers nie om te praat as jy nie gehoor word nie. Luister na iemand, waarborg so dikwels 'n oop oor wat hoor wanneer dit die sielsorger se beurt is om te praat.

★4 Die eis van begrip

Barnard bespreek hierdie eis onder die opskrif: Nabyheid en afstand.[206] Onder nabyheid verstaan hy dan die volgende: "Hulle moet op dieselfde golflengte kom en 'n gesamentlike terrein van bekendheid, 'n verwysingsraamwerk ("frame of reference"), moet opgebou word ... in letterlike en figuurlike sin by die ander moet kom staan, kom staan dáár waar hy in sy lewe staan en worstel; dat hy in die ander se skoene kom staan, as't ware in sy vel kom kruip".[207]

Dit gaan hier om 'n invoelende verstaan van die vervreemde jeug se wêreld, nood, vrae en probleme. Dit is eg Christelik. Dit is "incarnational" pastorale bemoeienis. Anders kan dit nie. Van buite af, op 'n afstand, kan dit nie. Dit is immers eie aan die liefde as grondhouding dat dit die sielsorger dring tot offervaardige nabyheid.[208] Harris skryf dat "working with adolescents is a 'siding-up'. It is a conscious choice, a deliberate commitment to be with them as they set out on their road,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

and to share with them our concern and understanding".[209] Nadat sy die normale probleme van die vervreemde adolessent opgesom het,[210] sê sy: "Having gone in this direction, they are then truly 'outsiders'. If non-members, such as adults, are ever to enter this world, it will be because adolescents perceive a willingness to learn in the process of 'teaching' them. The troubled adolescent who turns to us, has chosen us more so than we have chosen him or her. And we will be chosen only if, in addition to a willingness to learn as we teach, we have the qualities of commitment, concern, and understanding".[211]

Hierdie begrip sal die kerk moet lei tot diensgerigtheid op die hele mens in nood.[212] En juis dit naamlik 'n invoelende begrip vir die vervreemde mens is vir die kerkmens moeilik. Veral wanneer dit die geïndustrialiseerde leefwêreld van die vervreemde raak. Zielhuis het heeltemal tereg aangetoon dat Gereformeerde kerke persentasiegewys "een te sterk midden-standskarakter" dra.[213] Wat hy dan op grond van ondersoeke sê, kan goedskiks ook vir talle gemeentes in Suid-Afrika geld. Op 'n gegewe stadium was 40,5% van die lidmate van die Gereformeerde Kerk in Nederland arbeiders, 37,1 "middenstanders", 17,4 boere en 5% intellektueles. Die kerkraadslede daarteenoor was slegs 18,5% arbeiders, 56,5% "middenstanders", 19,4% boere en 5,6% intellektueles. Die predikante was slegs vir 3,7% uit 'n arbeidersagtergrond en 47,2% uit die "middenstand", 15,6% uit die boeregemeenskap en 33,5% uit die sogenaamde intellektuele agtergrond.[214] Zielhuis se konklusie is dan tereg dat die kerkraadslede (wat vir 'n groot deel die pastoraat moet behartig) en die leraars nie die leefwêreld van die meerderheid van hul lidmate ken nie. As aanvaar word dat die arbeiderswêreld, die industrie 'n bo-gemiddelde aantal vervreemdes oplewer, vergroot die kloof tussen die leefwêreld van 'n groot persentasie van sielsorgers en dié van 'n groot persentasie vervreemdes.

Daar mag minstens van pastorale evangelisasiewerkers verwag word dat hulle deeglik kennis maak met en hul inleef in die wêreld van die vervreemde. Vrae soos dié wat McDill aandui, mag 'n sleutel tot begrip wees: "The question that man asks even when speaking in totally non-religious ideas is this: 'How can I find meaning in life'?"[215] Die vraag word in die sekulêre wêreld en deur die sekulêre mens nie altyd (of nooit) in hierdie woorde gevra nie, maar die vraag na geluk en lewensversadiging is oral hoorbaar: "All of these questions are aimed at discovering some meaning in life. All of them really are asking: 'What is the significance of the fact that I am, that I am alive, and that I am thinking about this question'?"[216]

Mense wat intensiewe studies van vervreemdes gemaak het, kan die sensitiewe en leergierige sielsorger help om tot begrip, invoelende verstaan van die vervreemde te kom. By die vervreemde jeug is hierdie begrip van wesenlike belang. So byvoorbeeld is die gevoelens van depressie, teleurgesteldheid, eensaamheid, vrees, bitterheid en skuld, kenmerkend en te verwag by die vervreemde gevangene.[217] Ander kenmerke is weer by ander jeugdiges te vind — die sonder-omgeehouding by die teleurgestelde uit 'n gebroke ouerhuis, die oppervlakkige belewing en erns by



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

die plesiersoeker. Van belang is egter dat elke werker in die leefwêreld van die konkrete mens probeer inkom ten einde so iemand te begryp en as mens in sy eie omstandighede te ontmoet.

★5 Samevattend

Bogenoemde is nie al eise vir die pastorale bemoeienis met vervreemde en buitekerklike jeug in die gemeente nie. Dit is egter die wesenlike wat saam met ander eise soos "gelykheid en ongelykheid, aanvaarding en leiding of sturing, skroom en vertroue"[218] moet funksioneer.

Dit vra 'n "heel" mens om in die gebroke wêreld van die vervreemde pastoraal betrokke te raak ten einde laasgenoemde langs die weg van 'n gespreksmatige Woordbediening te lei tot geloofsheelheid, tot geloof in Christus en inskakeling in die gemeente as helende gemeenskap van die gelowiges. Watson sê tereg: "The first task of the counselor is to create a warm, receptive, accepting atmosphere for the counselee".[219] In so 'n atmosfeer ontdooi die koue vervreemde tot 'n mens met 'n eie innerlike — en lê so iemand dikwels sy innerlike binne hierdie geborgenheid bloot.

4.1.3.3 Pastorale geleenthede in belang van evangelisasie

★1 Baie geleenthede

Pastorale geleenthede in belang van evangelisasie is meer as wat normaalweg gereken word. Die probleem is meesal nie die geleentheid self nie, maar die bewus wees daarvan (informasie), die dryfveer en tyd om dit te benut. Brutt Potter het 'n boek geskryf oor die talle en talle geleenthede wat daar vir die kerk is om na buite uit te reik. Sy hele boek handel oor letterlik tientalle moontlikhede, waarvan baie ook as pastorale gespreksgeleenthede benut kan word. Hy onderskei tussen die "person-to-person encounters, small group approaches, innovative indoor ministries, creative outdoor ministries, mobile ministries, nonpersonal confrontations (electronics, radio, T.V., motion pictures) and non-personal confrontations (literature)".[220]

★2 Voorbeelde van geleenthede

As onthou word dat dit hier nie net gaan om die pastor se geleenthede nie, maar ook om die van ouderlinge, diakens en ander lidmate (gemeentelike bediening) is bogenoemde geleenthede legio. Die feit dat evangelisasie 'n gemeentelike bediening is, beteken voorts ook nie dat alles net binne die gemeentegrense moet gebeur nie. Die bedoeling is juis dat evangelisasie die gemeente se taak in hierdie wêreld is. Toegeruste ouderlinge, diakens en lidmate werk, leef en ontspan ook buite gemeentegrense en juis daar vind die daaglikse kontak met vervreemde mense plaas. Wat hier volg, is geen volledige lys van pastorale kontakgeleenthede met kinders en jongmense nie. Sommige sou ook as "pre-evangelism" beskou kan word in die opsig dat dit kontakte lê en vertroue bou. Ander weer sal meer effektief wees in sekere geïndustrialiseerde en armer gebiede.

- Die huisbesoek
- Persoonlike besoeke aan vervreemde en vervreemdende jeug.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

- Persoonlike besoeke aan buitekerklike jeug.
- Uitnodiging tot 'n persoonlike gesprek of groepsgesprek na afloop van 'n evangelisasiediens, 'n filmvertoning, 'n gesellige gemeente-aand vir vreemdes en vervreemdes, na 'n erediens gerig op die vervreemde.
- Diensgerigte groepbesprekings vir vervreemdes byvoorbeeld oor beroepskeuse, huweliksvoorbereiding,[221] lewe en probleme van die jong geskeidene (nie dat alle geskeidenes vervreemd is nie), die jong een ouer gesin, gesondheid en fiksheid, "church-staffed and sponsored classes (mechanics class, typing class)".[222]
- Pastorale groepsgesprekke na afloop van ontspanningspele soos in die Duitse ope-jeugwerkbyeenkomste,[223] maar ook in sekere kerke se groepsbyeenkomste waar eers gespeel word en dan tot 'n bespreking van een of ander tema oorgegaan word.[224]
- Persoonlike en groepgeleenthede tydens 'n natuurkamp vir vervreemde kinders en jongmense. Sulke kampe bied talle geleenthede vir kontak en gesprek.[225]

## ★3 Wyses waarop geleenthede ontdek kan word

### ★3.1 In die wyk

In die verband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy organisasie in kleiner wyke van twaalf tot vyftien besoekpunte behoort die ontdekking van geleenthede relatief eenvoudig te wees. So is die ouderling, diaken, wyksleidsters van die Vrouediens en elke lidmaat 'n ontdekker van pastorale geleenthede. Die spontane kontak oor die draad, in die hysbak, op die trappe, in die voorportaal van 'n woonstelgebou, saam wag by die bus- en treinhalte, saamry met die persoon laer af in die straat is almal wyses waarop geleenthede ontdek word en waaruit pastorale bemoeienis onderling of deur die besondere ampte kan voortvloei. Die evangelisasiegerigtheid en -gemotiveerdheid laat mense gewoonlik sulke geleenthede sien en benut — of die gebrek aan gerigtheid en gemotiveerdheid laat lidmate sulke geleenthede nie opmerk nie. Wykslede moet daarom deur die prediking en in wyksbyeenkomste toegerus word vir hul taak tot opmerksame onderlinge sorg vir mekaar, maar ook en veral vir die vervreemde en/of buitekerklike kind en jongmens.

### ★3.2 Kontakpersone

Te Winkel pleit vir die nodige kontakpersone wat binne die wyk sekere funksies vervul.[226] Dit hoef nie die ouderling of diaken te wees nie — hoewel dit ook kan. Hierdie persone vervul die funksie van "kontak-legging" tussen ouderling, diaken en pastor en die vervreemde. Te Winkel stel die volgende as vereistes:

- Hy/sy is 'n informele figuur en
- onderhou die onderlinge kontak
- verskaf informasie
- verwys
- "signaleert".[227]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hierdie persone kom van tyd tot tyd in "een sectieberaad" byeen ten einde mekaar te steun, te kontroleer of daar werk is om gedoen te word, informasie van die kerkraad bespreek, werk uitdeel en terselfdertyd "opgevangen signalen vanuit de eigen kring doorspelen aan de kerkeraad", miskien 'n groepshuisbesoek organiseer en nog ander kontakmakende take bespreek.[228]

Volgens Te Winkel het sulke kontakpersone noodsaaklik geword vanweë die veranderinge in die samelewing; die daarmee gepaardgaande kommunikasieversteuring; omdat kontakte min of glad nie meer spontaan tot stand kom nie, maar georganiseer moet word; as gevolg van die swak funksionering van die huidige gemeentelike struktuur. Die drie besondere ampte kan nie meer alles behartig nie — tensy hulle oor baie vrye tyd beskik. "Mede op grond van onder anderen Mattheüs 18 is het echter mogelijk om het 'basis-pastoraat' en het 'basis-diaconaat' aan gemeenteleden toe te vertrouwen, waardoor ouderlingen en diakenen meer tijd krijgen voor het gerichte pastoraat en het gerichte diaconaat".[229] Daar sit veel verdienste in dat elke wyk een of meer sulke kontakpersone sal hê wat onder leiding en saam met die besondere ampte kontakte lê met vervreemde kinders of jongmense. Sulke volwassenes of kerkjeug kan toegerus word om 'n groot stuk "basiese" hulp aan vervreemdes te gee. Hulle moet egter hul verwysingsfunksie verstaan en sodoende kontakte lê met die wyksouderling, -diaken en pastor.

### ★3.3 Beraad- en taakgroepe

Hierdie kontakpersone kan in die evangelisasiestruktuur van die gemeente of in die struktuur van die evangeliserende gemeente saam met byvoorbeeld die kerkraad se kommissie vir ampsbediening en evangelisasie 'n beraadgroep vir hierdie bediening vorm. Te Winkel pleit vir funksionele beraadsgroepe vir die pastoraat, onderrig en toerusting, "gemeenschapsbevordering, dienstverlening" en hulpdienste. Daar bestaan by hom nie 'n beraadgroep vir evangelisasie nie omdat al die werk in die gemeente ook in evangelisasieperspektief moet staan. Elke taakgroep het egter 'n welomskrewe taak. Binne hierdie evangeliserende struktuur is daar egter ruimte vir wat hy noem "categoriale werkgroepen" soos vir die jeug, bejaardes, jonggetroudes, ensomeer.[230] Die taakgroepe waarna hy verwys, skakel ook met die sogenaamde "seksieberaad" van die kontakpersone. Hier word ruimte gelaat vir 'n taakgroep vir evangelisasie.[231]

Binne die huidige gemeentestruktuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kan die kerkraadskommissies vir die verskillende diensterreine met gemak ook as beraadgroepe dien. Meerdere inspraak in en verteenwoordiging van die kant van kontakpersone uit die wyke kan geensins hierdie struktuur ontwrig nie. Die wenslikheid van spesifieke taakgroepe onder toesig en leiding van die ooreenstemmende kommissie van die kerkraad, kan lei tot groter betrokkenheid en benutting van die amp van die gelowige.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Binne hierdie raamwerk gaan dit veral om die soek na geleenthede om pastoraal by vervreemdes en buitekerklikes betrokke te raak en om die nodige kontakte met sodanige vervreemdes te lê. Om sulke kontakte slegs van die wyksouderling en diaken te verwag, is onrealisties. Ouderlinge en diakens is dikwels moedelose mense, oorlaai met verwagtings wat nie altyd wesenlik tot hul amp behoort nie. En wat meer is, dit is nie Bybels om alles in die gemeente en wyke van die kerkraadslede te verwag nie. God verwag dit in hierdie wêreld van sy gemeente en die kerkraad het juis 'n besondere rol te vervul om die gemeente tot effektiewe beantwoording aan hierdie verwagting te begelei.[232]

'n Taakgroep vir jeugevangelisasie kan byvoorbeeld onder die leiding van die jeugkommissie funksioneer, in noue samewerking en oorlegpleging met die beraadgroep of kommissie vir ampsbediening en evangelisasie. Te Winkel sê tereg: "De kerk dient in al haar facetten en organen ook missionair te zijn, een in zichzelf gekeerde gemeente beantwoord niet aan haar bedoelingen. Toch kan het wenselijk en denkbaar zijn, dat een aparte taakgroep evangelisatie speciaal bezig is met de missionaire opdracht van de gemeente, ook met het oog op het georganiseerde evangelisatiewerk".[233] Wat Te Winkel voorstel as omskrywing van hierdie taakgroep se taak, is wesenlik. 'n Paar van die sake word ter wille van die bruikbaarheid daarvan in die plaaslike gemeente hier genoem. Voor dit gedoen word, moet eers gemeld word dat Te Winkel se onderskeiding tussen beraadgroep en taakgroep nie baie duidelik is nie. So is daar byvoorbeeld duidelike oorvleueling tussen die taakgroep vir evangelisasie en die beraadgroep-pastoraat.[234] In 'n situasie soos die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal die "beraad", die besinning grootliks in 'n uitgebreide kommissie vir ampsbediening, evangelisasie en jeugarbeid plaasvind. Die taakgroep vir jeugevangelisasie behoort dan die mense te wees wat prakties in die wyke hierdie pastorale kontakte maak en benut. Hulle moet die werklike lewensvrae en behoeftes van "niet-gemeenteleden" ontdek (signaleren) en in die behoeftes en vrae voorsien.[235] Hierdie taakgroep moet (saam met die kommissies en in besonder as uitvoerders van die werk) "ontmoetingsmogelijkheden en gemeenschapsvormen zoeken en scheppen voor hen die (nog) geen deel van de gemeente vormen".[236] So 'n taakgroep kan byvoorbeeld in 'n wyk (of paar wyke) groepgeleenthede skep en inklee — soos van dié waarna in paragraaf 4.1.3.3 ★2 hierbo verwys is. Hier is tersake wat genoem word "ministry to newcomers";[237] kinders-oppasdiens wat ook vir kerkvervreemde gesinne aangebied word; 'n wyksuitstappie vir alle kinders met besondere pogings om kerkvervreemde en buitekerklike kinders in te skakel en kontakbou tydens so 'n dag; verjaarsdagbesoeke by vervreemde kinders en jongmense; siekebesoeke; gebeure-kontakte soos verlowing, huwelike, eksamens, vertrek vir diensplig of terugkeer van diensplig. Te Winkel noem hierdie aspek "zoeken naar communicatie-mogelijkheden voor het evangelie van het Godsrijk".[238]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hierdie taakgroep moet en kan natuurlik ook bevrugtend inwerk op die kommissie of beraadgroep waar die werk gekoördineer word.

4.1.3.4 'n Model: "Belange-groep" evangelisasie

★ 1 Hierdie wyse van evangelisering sou ook by paragraaf 4.1.4 (Jeugwerk) beskryf kon word, maar omdat die klem hier sterker op die pastorale gesprek in so 'n groep val, word dit in hierdie paragraaf bespreek.

Die model van Neighbour dien hier as voorbeeld. In sy "target-group evangelism" model kies hy doelbewus nie vir die "one-on-one ministry" nie, maar vir kleingroepbediening.[239] Volgens hom is dit juis 'n bediening waarin die gemeente uitgaan "to *structure relationships* with Outsiders".[240] Hierdie sogenaamde "TOUCH ministries"[241] is juis bedoel "to utilize a cultivative approach in which believers and unbelievers share a relationship for many weeks".[242] Die bediening vind plaas onder die direkte toesig van die plaaslike gemeente en verslag word gereeld gelewer.

★2 Die werkswyse

Lidmate wat geestelik vir hierdie werk toegerus is,[243] word letterlik in die omgewing ingeneem (journey outward)[244] na verskeie strategiese plekke waar vervreemdes hul mag bevind. Plekke soos die plaaslike "tavern", restaurante, vulstasies, speelgronde van woonstelblokke. Die lidmaat moet hierdeur leer waar mense is, wat hulle dink en waarmee hulle byvoorbeeld naweke en veral Sondae besig is wanneer Christene in die eredienste is.[245] Deur vrae te vra, word nie alleen geleer nie, maar kontak gemaak. Die uiteindelike doel is dat elke lidmaat 'n groep van vervreemdes sal vind (in die verhouding een gelowige tot vyf of twee tot ses) wat saam met hom/haar in 'n groep wil inskakel. Dit word gedoen deur die belangrikheid van klein groepe waarin 'n mens tuis is en waar jy *behoort,* te beklemtoon. Hierdie groepvorming kan (op grond van die jarelange ondervinding van die gemeente in Houston, Texas) tot ses maande duur, maar sê Neighbour tereg: "Don't get anxious — 'flash programs' fizzle. Plant roots so they will grow deep into the life style of the body".[246]

Hierdie groepe vergader dan vir tien weke, een maal per week. Aanvanklik word die hele 90 minute van elke sessie aan "sharing" afgestaan. By 'n tweede byeenkoms word 15 minute aan die einde aan "content" afgestaan. So groei die groep totdat in die tiende week alle tyd aan werklike Bybelstudie of ander bespreking gewy word.[247] Dis onnodig om te meld dat die lidmate goeie opleiding in groephantering en groepbou ontvang ten einde mense te help om mekaar te vind, al meer aan mekaar te hê en vir mekaar te beteken. Op bogenoemde wyse het daar reeds sulke groepe ontstaan vir geskeide-vervreemdes, ouers van gestremde kinders (gelei deur 'n ouerpaar wat self so 'n kind het), 'n bediening aan verslaafdes (onder leiding van 'n Christen-geneesheer); groepe vir kinders in woonstelblokke, "Teenage Rap-ins", atletiek- en Bybelstudiegroepe vir kinders in die grade, groepe vir vulstasiewerkers, en so meer.[248]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3 Wat laat die groepe slaag

Op die program van byvoorbeeld die groepe vir tieners word weer teruggekom. In hierdie verband oor die pastorale bemoeienis in belang van jeugevangelisasie moet gelet word op die basiese rede waarom die groepe slaag en die betrokke gemeente in aktiewe lidmatetal groei.[249] Neighbour beklemtoon hierdie geheim oor en oor. Dit is 'n pastorale geheim — 'n grondhouding van "egte omgee vir". Daar word van die gemeente gepraat as "the people who care".[250] 'n Gemeente wat wys dat hulle in en vir hul gemeenskap omgee onder andere deur die daarstelling van 'n gemeentesentrum wat sewe dae van die week benut word. In hierdie "TOUCH center designed to be used, 'eight days a week', not a single room of this building waits for Sunday to happen".[251] Die bediening deur die week sluit in die dienste van 'n Christen-psigiater, 'n roller-skaatsbaan, ontspanningslokale, 'n "coffeehouse" en nog baie meer.[252]

Die geheim van hierdie pastorale bemoeienis deur lidmate met ongelowige buitestaanders lê in die bereidheid en behoefte om die nood van buitestaanders *te ontdek* en om van daaruit met Christus as antwoord, met hulle te kommunikeer.[253] Daarom kan hy dit 'n bediening noem van "people who care, without strings attached".[254] Aan die einde van sy boek kom hy weer eens hierop terug wanneer hy skryf: "As long as we care, we will find people to care for ... and new ways to relate the gospel of Jesus Christ to those who turn away from the traditional Church we know today. The potential for evangelism is endless".[255] Die pastorale grondhouding en die pastorale verhouding gee in enige groepwerk in belang van jeugevangelisasie die deurslag.

4.1.3.5 Die gesin en jeugevangelisasie

★1 Die belangrikheid van gesinsevangelisasie

Wat Harris oor die kerk en die gesin skryf, is tot 'n groot mate waar: "However, in behavioral terms, the Church has not facilitated the family as a unit; instead, it has put more pressure on the family. It is to be the 'ideal', the 'example', although it receives little significant assistance from that institution which most heralds its idealism".[256]

'n Prinsipiële uitgangspunt oor die sentrale belangrikheid van jeugevangelisasie in gesinsverband (òf deur die ouers na die kinders òf deur 'n kind terug na die ouers en die res van die gesin) is reeds in paragraaf 2.7.4.2 ingeneem. Hoe belangrik dit in die praktyk van die gemeentelike evangelisasiebediening is, word deur talle teoloë en ondersoeke onderstreep. Zuck en Getz het in hul samevatting na aanleiding van hul ondersoeke minstens drie aanbevelings wat die ouerverantwoordelikheid direk raak. Die belangrikste twee in hierdie verband is: "Give encouragement to Christian parents of teenagers in view of their rather significant influence on the lives of their children" en "minister to non-Christian parents, seeking to win them to Christ".[257] Ook Strommen het aangetoon dat "the majority of this country's youth are following the patterns established by their parents — whether good or bad".[258]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

In gemeentelike evangelisasie moet alles in werking gestel word om gesinne te bereik. Jauncey het in 1972 geskryf dat hy nie dink "that we must assume that the possibility of family evangelism has gone".[259] Op grond van talle onderhoude in die Verenigde State was daar inderdaad sedert 1972 'n swaai terug na gesinsevangelisasie. Dieselfde Jauncey skryf byvoorbeeld in 1978 dat die meeste mense wat hy terugwin "couples" is. Wanneer een van die twee belangstelling toon, maak hy met beide 'n afspraak en "stress that I want them to come to Christ as a family, not only as individuals. In these circumstances there can hardly be any suggestion of either one going it alone and entering an experience that the other does not share. This way the family tie tends to help them to decide in favour of Christ".[260]

Ook die gesinslewe van die vervreemde en buitekerklike word en is deur die gesinsverbrokkelende samelewing geraak. Baie vervreemde ouers is ook oor hul kinders se lewenstyl en -toekoms besorgd. Baie vervreemde ouers handhaaf hul eie vervreemdheid, maar begeer tog vir hul kinders 'n "beter" lewe, 'n veiliger lewe, 'n norme-lewe. Juis in hierdie behoeftes moet die kerk hulle ontmoet en van so 'n ontmoeting 'n eerlike diensgerigte evangelisasie-ontmoeting met die gesin maak. 'n Huweliksmaat en 'n kind wat gewin word of wat belangstelling toon, moet as sleutel tot die gesin gehanteer word. Jauncey sê dat om huweliksmaats individueel te wil benader, is ewe onmoontlik as om een van 'n Siamese tweeling op sy eie te wil behandel. Dit maak wel die taak meer kompleks "but it is the only realistic position to take".[261] Die behoefte van 'n jong gelowige aan "meaningful relationships" maak hierdie benadering so akuut belangrik. [Juis die sterk individualistiese klem by massa-evangelisasiebewegings en ook by talle interkerklike bewegings maak hul arbeid moeilik en soms twyfelagtig.] So iemand moet 'n "wider relationship" gaan soek. "Instead of being born again in a church, he must go and find one. This has all the defects of an orphan in a foster home ... According to some figures I have seen (whose validity I have no way of testing) the expected loss of converts from mass meetings is 97 percent".[262]

Al sou laasgenoemde syfer ook te hoog wees, verander dit niks aan die belangrikheid van die aandag aan gesinsevangelisasie ter wille van onder andere 'n "meaningful relationship" nie. Hierdie verhouding met medegelowiges in gesinsverband vind aansluiting by die natuurlike interafhanklike verhoudings binne die gesin. In die gemeente moet daar aan gesinne gewerk word ten einde hier die basiese "cohesive, loving fellowship"[263] te begin bou. Strommen skryf in hierdie verband dat "the gap with which we need to be concerned is a gap in understanding, acceptance, trust and communication".[264] Hierdie dinge is almal in die gesonde verbondsgesin in Christus moontlik en juis op hierdie terrein het die Christelike gemeente soveel om aan te bied. Of die opening van die kant van die ouers na die kinders gevind word of andersom, is nie so belangrik nie. Albei moontlikhede is sleutelbelangrik. Hendrick skryf dat "a church which hopes adults will trust God as Divine Provider will not fail to note or to encourage the preparatory — what we may call



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

pre-evangelistic — responsibilities of parents with young children''.[265] Tereg sê hy voorts dat die gemeente nie genoeg kan doen om ouers met klein en jong kinders te begelei ''to see the relationship of their parental faithfulness or lack thereof to the capacity of the child to trust the world in general and God in particular''.[266] Groepe in wyksverband of in meer as een wyk wat hierdie leiding voorsien, moet ook gerig wees op die vervreemde ouers met klein kindertjies. Opregte belangstelling en diensgerigte benadering ''without strings attached'' (Neighbour) sal ook hierdie ouers laat belangstel en inskakel. As dit inderdaad gaan om die kind en nie maar net om belangstelling ten einde vir hierdie ouers ''te preek'' nie, kom mense. Almal gee om vir hulle kinders en soek leiding. Die gehalte van gespreksgroepe, hartlikheid en opregtheid kan die brug slaan. Dit bly die mees effektiewe kinderevangelisasie — deur die ouers.

Dis ook net so waar dat kinders die sleutel tot die gesin kan wees. Irwin vertel hoedat sy besoeke in die ''neighborhood'' nie alleen deure open om met kinders en jongmense te kommunikeer nie. Dit open ook deure na hul ouers.[267] Baie min ouers staan vreemd teenoor iemand wat opreg in hulle kinders belangstel. So word dit weer gesinsbediening. Peters was reg toe hy gesê het: ''Household evangelism can never bypass the family''.[268]

Irwin noem byvoorbeeld dat hierdie ouerkontakte deur middel van die kinders ook die geleentheid bied om met die ouers insigte in die ''peer-culture'' te deel en om hulle te begelei in wat hy noem ''parent enrichment-guidance opportunities including the growth group experience''.[269]

★2 Die wyse van gesinsevangelisasie

Hierdie aspek regverdig 'n uitgebreide studie op sigself. Peters se model van ''household evangelism'' was in 'n groot mate in die Verenigde State en ook internasionaal die prikkel dat daar wel in die afgelope jare veel hieraan gedoen is, maar min is nog direk daaroor gepubliseer. Soos reeds in paragraaf 2.7.4.2 bespreek, gaan Peters uit van die gesin as die belangrikste sosiale eenheid wat die Bybel voorhou. In die Ou en Nuwe Testament het God die gesin eerbiedig en beskerm.[270] Die Nuwe-Testamentiese kerk is ook opgebou uit ''basic social units'' en dan verwys hy veral na die huiskerke en gesinne wat tot geloof in Christus gekom het.[271]

Die groot gedagte agter Peters se model is dat die ouers en met name die vader in die geloofsoorgawe van sy gesinslede geken moet word. Indien enigsins moontlik, moet dit juis die vader wees wat die eerste beslissing neem en dan met sy gesin oorlegpleeg en hulle lei tot 'n gesinskeuse om Christus aan te neem en te dien. Die hoofbeginsels is juis dat ''(1) the family acts in deliberation and unity on the principle issue; (2) the decision is made under the direction and guidance of the parents and/or father; (3) the decision is made consciously, voluntarily and without pressure by the members and with the support of the family''.[272]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Volgens Peters is die wyse waarop hierdie Bybelse model van evangelisering kan plaasvind die volgende:

- Die gemeente moet duidelik begryp en daarop ingestel wees dat "household evangelism and household salvation are the biblical ideal and norm in evangelism and salvation".[273]
- In die gemeente moet 'n gesinsatmosfeer geskep word deur op gesinne te konsentreer.[274]
- Die mees geskikte plek vir hierdie ontmoeting met en van die gesin is hulle eie huis waar die gesinslede op hulle gemak is en vry is om te praat en te reageer.[275]
- Begin sover moontlik by die ouers en indien enigsins moontlik by die vader.[276]

Hierdie wyse van evangelisering het uiteraard ook gevare. Sterk en verkeerde ouerlike druk kan geforseerde beslissings by kinders tot gevolg hê. Voorts moet onthou word dat in die moderne samelewing met 'n sterk jeugbewustheid dit dikwels 'n kind of jongmens is wat Christus vind. Die deur is nie heeltemal toe as daar nie met die ouers of met die vader begin kan word nie. Soos reeds opgemerk, kan kinders die sleutel tot die lewens van die ouers wees.

Aan die ander kant is hierdie model sonder twyfel Bybels en verdien dit die ernstige aandag en navolging in alle gereformeerde gemeentes.[277] Peters vra tereg waar die spesialiste in gesinsevangelisasie is.[278]

Peters se eie standpunt is gebalanseerd wanneer hy ten opsigte van gesins- en groepsevangelisasie skryf: "These are not gimmicks for a speedy, easy kind of world evangelization, but if we neglect household· evangelism and group movements we are neglecting what are potentially the most faithful avenues of evangelism God has given us".[279]

Natuurlik is hierdie weg nie sonder struikelblokke nie. Ouers kan enige "inmenging" verbied. Ouers kan kinders wat Christene word, se lewe baie onaangenaam maak. Hoe sensitiewer die situasie, hoe versigtiger sal die pastorale werker moet optree. Die situasie moet goed bestudeer word en daar moet met geduld en vriendelikheid opreg in die gesin belanggestel word — terwyl daar volhardend vir hulle gebid word. "How careful and prayerful we shall have to work with the child and youth in such cases so that there be no separation".[280]

4.1.3.6 Samevattend

★1 Pastorale bemoeienis in belang van jeugevangelisasie vra vanweë die wesenseie van die jeug 'n liefdevolle identifisering met die betrokke kind of jongmens. Dit maak dit vir die jeug moontlik om te identifiseer. Harris praat van "success identity — one which is born of love and a feeling of selfworth".[281]

Hiertoe is nodig dit wat Harris aan Glasser se "reality therapy" ontleen. Sy noem:

*1 "Become involved" — All children (en vir hierdie doel ook die jongmense MN) will be instructively wary of "do-gooders" who are



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

there to manipulate and tell them what to do".[282] Die vervreemde jeug doen nie wat vir hulle voorgesê word nie. Wat hulle nodig het, is persoonlike en emosionele betrokkenheid van die kant van die gelowige.

*2 Langs die pad van die pastorale bemoeienis moet gewerk word met die "past successes and present failings".[283]

*3 Aandag moet aan die gedrag en leefwyse gegee word.

*4 Help die jeugdige om te leer om 'n "value judgement" te maak.

*5 Help hulle om te leer onderskei en kies.

*6 Wees konsekwent. "Accept no excuses."[284]

★2 Pastorale bemoeienis is gebedswerk.[285]

★3 In hierdie werk moet alles van God en sy Woord verwag word. Dit gaan om die "heil brengen van Christus". Jeugsielsorg is die "bewaren van het heil, dat Christus bracht of waar dit mogelijk is, ruimte scheppen, zodat het heil kan groeien of dat het kan worden ontdekt als zijnde heil van Christus. Dat heil is het teken, dat zijn koninkrijk onder de mensen is ..."[286]

Hierby sluit aan wat Hogenhuis skryf oor geloofsoordrag in die jeugpastoraat. "Op de vraag: wat kunnen we ze meegeven? zal het antwoord moeten zijn: inhoudelijk niet zo veel: Je kunt alleen maar jezelf meegeven in de echtheid van het 'doorleefde' vertrouwen in God." By die "gelowige leraar" moet die jeug leer "leven in vertrouwen op God".[287] Dit sou nie billik wees om Hogenhuis hier van afgewaterde "eksemplariese meegee" van die leraar se voorbeeld te beskuldig nie. Hy probeer juis worstel met die vraag hoe jy God en die Bybel aan kritiese jongmense bekend maak. Die pastoraat aan mense vir wie God 'n woord is wat gaandeweg "leeggelopen is"[288] is beslis nie eenvoudig nie. Dit gaan dus wel om die heil in Christus, om die God van die Bybel, maar die moet só meegegee word, só gekommunikeer word dat die vervreemde jeug leer wat egte lewe in vertroue op God is. En dit is beslis meer as sekere stellinge wat geken en aanvaar moet word.

★4 Pastorale bemoeienis in belang van jeugevangelisasie is 'n gesprekmatige bediening van die Woord aan die vervreemde jeug in gesinsverband, in klein diensgerigte groepe en individueel.

### 4.1.4 GEPROGRAMMEERDE JEUGWERK

#### 4.1.4.1 Organisasie en evangelisasie

★1 Die kerk mag nooit op so 'n wyse in bepaalde organisasievorme vasgevang word dat daar geen vryheid van beweging en ontdekking meer oorbly nie. Die vorm is nie saam met die wese van die kerk gegee nie. Die opdragte van Christus en die mees effektiewe uitvoering daarvan, bly die deurslaggewende faktor.[289] Goeie organisasie, hoe belangrik ook al, bly 'n middel tot 'n doel, naamlik die diens van die gemeente aan die Koning. Daar is daarom al meermale tereg gewaarsku teen 'n oordrewe vertroue op die organisasie en in die metode van evangelisasie: "In the rush to become successful some brethren are embracing methods that



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

are dishonoring to God and harmful to His people".[290] Organisasie en organisasies, metodiek en metodes word maklik binne een geslag verabsoluteer asof dit saam met die wese van die kerk oorgelewer is. Dan word sulke organisasies en metodes vir die kerk tot las en struikelblok veral ten opsigte van evangelisasie. Bommel skryf: "Het is het avontuur van het christendom steeds opnieuw je nek uit te steken, verder te gaan. Dus geen forten bouwen en geen nesten bouwen. Elk nest is een religieuze constructie. Nee, de warmte moet in de mens zelf in overvloed zijn uitgestort door God, dan straalt die warmte uit naar anderen".[291]

★2 Die Nuwe Testament is in hierdie verband volkome vry van 'n organisatoriese of metodologiese "legalisme". Aan die ander kant "we are born legalists; and a tradition grows with astonishing rapidity, and fatal efficacy".[292] Elke plaaslike gemeente moet ook vir sover dit jeugevangelisasie deur middel van geprogrammeerde jeugwerk betref, evangelies vry bly van verslaafdheid aan sekere vorme. Die beginsels vir evangelisasie moet telkens weer die metode bepaal.[293] Die beleid vir evangelisasie kan wel uit die Skrif afgelees word, maar hoe dit in praktyk gebring moet word, moet telkens weer biddend in die lig van die beginsels oorweeg word.[294] Stott meen dat daar basies net een metode is en dit is die verkondiging van die evangelie "whether public or private".[295] Volgens hom is daar basies twee groot beginsels "with regard to method in evangelism": "(a) A living contact with men; (b) A living contact with God".[296] Hierdie twee voorwaardes vir metodes is komplementêr.[297]

★3 Georganiseerde jeugevangelisasie deur middel van geprogrammeerde jeugwerk is dus dienend. Die hele organisasie, program en metode moet ten nouste uitvoering gee (en daarvoor geskik wees) aan die beginsels van die Skrif. Wat geprogrammeerde jeugwerk betref, moet dit byvoorbeeld rekening hou met die gemeente se evangelisasiedoel en -program. Hierin is Wurth en Wiersinga reg wanneer hul skryf dat hierdie arbeid en organisasie onder die jeug "niet een op zichzelf staand en apart werk zijn, maar hebben wij het bewust in het geheel van onze kerkelijke evangelisatie in te schakelen".[298]

★4 Voordat 'n aantal vereistes of beginsels vir geprogrammeerde jeugwerk ten behoewe van jeugevangelisasie genoem word, word hier weer die aandag gevestig op die potensiaal van die jeug in hierdie verband "because it is a divine gift to the Church which must not be allowed to become buried. In our youth lie the main reserves of energy and enthusiasm and daring, and any church that is not capitalizing on these reserves will have a ministry deficient in these critical areas".[299] Hierdie kerkjeug moet só georganiseer word dat "the organization is to provide, with a minimum of red tape and bureaucracy, a workable framework within which to carry out each phase of the movement with the maximum participation".[300]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

4.1.4.2 Vereistes vir geprogrammeerde jeugwerk

★1 Christus-duidend

Drummond noem 'n aantal beginsels vir evangelisasiemetodiek soos dit uit die persoon, lewe en werk van Christus na vore tree.[301] Hierdie persoons- en lewenskenmerke moet uitdrukking vind in die kerk se organisasie. Nie alleen moet die kerkjeug self sy beeld vertoon nie, maar die organisasie moet dit moontlik maak en self ook na Hom heenwys en lei. Van die kenmerke wat Drummond noem, is die volgende:

- Jesus Christus het Homself reserweloos gegee vir die mens in nood.
- Hy het mense met die wesenlike sake van die lewe gekonfronteer.
- Hy het nooit beginsels verwater net om mense te win nie.
- Hy het diepgaande eerbied vir die menslike persoon betoon.
- Hy het die waarheid onvervals gestel en mense tot 'n keuse ten opsigte daarvan opgeroep.
- Hy het 'n duidelike strategie gehad.
- Hy het nie alles self gedoen nie, maar het mense opgelei, toegerus en uitgestuur.
- Hy was "compassionate", vol medelye.
- Hy het die hele mens in sy totale nood geken en bedien.
- Hy het dikwels in die uitvoering van sy werk gebid.[302]

Dit is uit Handelinge duidelik dat die Heilige Gees juis gekom het om die ganse bediening van die kerk Christus-heenwysend te maak. Drummond skryf: "Pentecost points at the fact that before anything happens significantly in the unbelieving community, something of great significance must happen to the church".[303] Gelowiges en organisasies binne die kerk moet toon dat dit Christus se gemeente is wat hier optree. Sy alleen-Hoofskap, sy totalitêre belangrikheid moet in die organisasie gedien word. Alle kerkwerk, alle geprogrammeerde jeugwerk moet Christus-duidend wees. Om Hom en sy verlossingswerk gaan dit in jeugevangelisasie. "Purposeful church administration is the involvement of the church in the discovery of her nature and mission and in moving in a coherent and comprehensive manner toward providing such experience as will enable the Church to utilise all her resources and personnel in the fulfillment of her mission of making known God's love for all men."[304] Sodanige organisasie mag inderdaad in baie kerke en gemeentes 'n "real revolution" vra. Drummond is van oortuiging dat dit wel die geval sal wees: "I am suggesting a real revolution that organises a church on the basis of what spiritual gifts are manifest in the corporate life of the body rather than just trying to prop up old, irrelevant, inept structures".[305]

Die geprogrammeerde jeugwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het wel op die oomblik 'n baie soepel organisasie. In die grondreëls word slegs vir die wesenseie van 'n kerkjeugaksie voorsiening gemaak. Tog moet elke gemeente krities na sy eie geprogrammeerde jeugwerk kyk ten einde te evalueer in watter mate die organisasie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Christus Jesus dien. Hulle moet ook vasstel in watter mate dit soepel genoeg is ten einde die gawes van die kerkjeug te ontdek en ook in diens van jeugevangelisasie te benut; in watter mate dit nie 'n "fort" of 'n "nest" (Bommel) is wat juis die jeug van die vervreemde wêreld afskei en onttrek nie — sonder 'n roeping teenoor hulle wat van God en sy kerk afvallig geword het.

## ★2 Beplanning en organisering vir diens

### ★2.1 Diens en geloofwaardigheid

Daar is reeds breedvoerig in paragraaf 2.4 ingegaan op die feit dat die gemeente dienend in hierdie wêreld teenwoordig is. In en deur die gemeente word die diens van Christus voortgesit. Walker sê tereg "the Church which only worship dies. Worship is utterly central to the ministry of Jesus in the world, as we have said, but unless worship flows out in service and witness, it loses its power. Therefore, finding ways of serving the needs of the people is the essence of the gospel".[306]

Baie kerkvervreemdes, veral die laat-adolessent, dink dikwels, en soms tereg, dat die kerk "is largely irrelevant to the pressing needs of humanity, yet they are very much aware of the crisis facing the human race".[307] Hierdie vervreemde jeug moet deur die diensbereidheid en die egte dienslewering van die kerkjeug oortuig word dat Christus die antwoord is. Deur by die nood van byvoorbeeld die verslaafde jeug, ongehude moeders, die jeug wat met die gereg bots, kinders op straat, kinders in woonstelblokke, gestremdes tuis en in hospitale betrokke te raak, beteken meer as wat bereken word. Nie alleen word die jeug in sy spesifieke nood bereik nie, maar die geloofwaardigheid van die evangelie by die gesonde jeug wat nie in 'n lewenskrisis is nie, verhoog. Die industriële en akademiesgerigte jeug leer hieraan die egte verlossing in Christus ken. Hulle sien die evangelie werk en word bereid om daarna te luister. 'n Dienslose kerk verskerp die "doofheid" van die vervreemde mens.

By die kerkjeug moet daarom van kleins af die betekenis van die Christelike diens en die uitdagende konsekwensies (indien die diens faal) daarvan ingeskerp word.[308] Reeds in die Junior Kategese en die Junior Kerkjeugaksie, die Senior Kategese en Senior Kerkjeugaksie moet die jeug by die diakonia van die gemeente betrokke wees.[309] Hierdie waarheid is en word juis ingebou in die jeugarbeid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die steeds hegter geïntegreerde band tussen kategese en kerkjeugaksie. Wat geleer word, moet gedoen word. En tog kan hieraan nog veel meer gedoen word. Die kerkjeugaksies skep nog soms te veel die indruk van selfsugtige diens ter wille van die kerkjeug op sigself. Die jeug moet die wese van die saak geleer word — diens aan die Koning in hierdie wêreld. Wanneer die kerkjeug geprogrammeerd die Koning dien, hoef daar selfs nie vir "humanisme" of "sosialisme" gevrees te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

word nie wanneer die kerkjeug betrokke raak by die bewaring van die omgewing teen besoedeling, die stryd om sosiale geregtigheid vir armes, bejaardes, gestremdes, anderkleuriges ensomeer. Dit is God se aarde en die gelowige het 'n dienstaak ten opsigte van hierdie aarde. Dit is God se reg en billikheid wat in sy Koningskap opdie spel is en die kerkjeug mag (as deel van die gemeente) geprogrammeerd aan sy program van geregtigheid deelhê.

Onder leiding van die Kerkraadsjeugkommissie en met volle inagneming van die idees en vermoëns van die jeug self moet gesoek word na diensgeleenthede in die gemeente en omgewing. "Young people should be encouraged to keep their eyes open for real needs to be met ... One avenue of service should lead into another as a youth group develops sensitivity to needs and to un-Christian conditions around them."[310]

★2.2 Die "omgee-gesindheid"

Agter alle diens in gemeenteverband moet die hartklop van Jesus Christus gevoel kan word. Anders is dit filantropie, humanisme en nog meer ismes soos die sosialisme en selfs marxisme. Die diens van geprogrammeerde jeugwerk is diens aan en van Christus Jesus.[311]

In jeugevangelisasie sluit hierdie "omgee-gesindheid" alle vooroordeel uit: "We must recognize that prejudice generally acts as a barrier to the Gospel's free communication. Because of prejudice there are people within a stone's throw of our church doors whom we have not reached, and do not care to reach, simply because they are not 'our kind ...' ".[312] Alleen die onvoorwaardelike omgee vir ander, soek na ander soos Hy omgee en soos Hy soek,[313] verlos die gelowige jeug van hierdie vooroordeel. Hoewel dit waar is dat alleen God deur sy Gees hierdie egte evangeliese gesindheid in gelowiges werk, is dit tog ook waar dat egte omgee geprogrammeerd in die hele organisasie van die gemeente (en ook van die kerkjeug) ingebou kan word. Vanuit die erediens, deur die prediking, in die kategese en jeugaksie "we must develop a real concern for each person".[314] Juis laasgenoemde is in jeugevangelisasie so belangrik. Hoekstra noem as tweede vereiste vir evangelisasie onder buitekerklikes: "Persoonlijk contact, waarbij we den ander niet alleen eerlijk tegemoetkomen, maar ook serieus trachten te begrijpen, om hem zoo te benaderen".[315] Hierdie waarheid is ook vir die jeug-tot-jeug-benadering deurslaggewend, maar dit kan kwalik by laasgenoemde verwag word as daar nie doelbewus in die geprogrammeerde jeugwerk daarvoor gewerk word nie. Mense weet byna instinktief of die kerkjeug in hul georganiseerde optrede omgee en of hulle net maar 'n plig vervul.[316]

Deur gebed (in die pastorie, kerkraad, gemeente en deur die jeug self), deur prediking, Bybelstudie en spesifieke onderwerpe, groepwerk en individuele pastorale sorg, moet die kerkjeug vir egte "omgee" "geprogrammeer" word. Dit moet en sal gou bekend



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

word dat so 'n kategeseskool, so 'n kerkjeugaksie bestaan uit "people who care" (Neighbour), want mense wat omgee, is mense wat dien, betrokke raak by hulle op die straat, in woonstelblokke, in tehuise — by kinders en jongmense in nood en 'n wêreld in nood.

## ★3 Beplanning met die oog op koinonia

### ★3.1 Die behoefte aan 'n gemeenskap van liefde

Cassels was reg toe hy geskryf het dat 'n groot gemeente wat *getalle* en *groei* en *sukses* gelykstel, gewoonlik daarvoor betaal "through loss of community".[317] Juis dit is vir suksesvolle evangelisasie noodlottig. Die gemeente, die jeuggroepe binne die gemeente trek en behou deur die krag van egte liefdesgemeenskap. Tom Skinner skryf dat "we never understand that the crying need of our times is for a fellowship where people are committed to each other unto death, where people are prepared to lay down their lives for each other".[318] Alessi skryf in verband met die noodsaak van gemeenskap: "Without love there would be no gospel and, hence, no church. If the Church is to be the 'body of Christ', then it must have the same quality of love which was revealed through Christ".[319]

Hierdie egte gemeenskap moet wesenseie aan die gemeente wees. In die erediens moet dit beleef word, maar juis vanweë die groot gemeentes, voorsien die erediens nie altyd genoegsaam in hierdie behoefte nie. Daarom moet die geprogrammeerde jeugwerk, rondom die erediens, voorsiening maak vir hierdie aantreklike en besielende gemeenskap van gelowiges.[320] Van Haaren sê tereg dat die "georganiseerde jeugdbeweging kan binnen het kader van de jeugdzielzorg slechts dan betekenis hebben, als zij er in slaagt de jonge mense te leren geloven, hopen en liefhebben. Concreet betekent het, dàt zij menselijk samenzijn moet scheppen en dat zij dat samenzijn niet op geforceerde wijze doortrekt naar de eredienst".[321]

Van Dongen het ook aangetoon hoedat Wichern in Duitsland spoedig ingesien het dat die opvoeding van verwaarloosde en vervreemde jeug (en andere) "alleen mogelijk is door middel van het schenken van vrijheid in gemeenschap, waardoor de groep wordt opgenomen in de geschiedenis van het rijk van Christus".[322] Ulrich Parzany wat met 'n omvangryke jeugevangelisasieprojek vanuit die "Weigle-Haus" in Essen besig is, skryf ook dat dit geen sin het om vir jongmense (tieners met wie hy werk MN) die boodskap van Christus te bring en hulle dan alleen te laat nie.[323]

Van der Made het aangetoon dat hierdie behoefte aan egte gemeenskap in liefde, egte emosionele geborgenheid nog groter is by wat hy noem die sogenaamde "clubhuis jeugd".[324] Hierdie kinders en jongmense uit moeilike agtergronde, met maatskaplike probleme is minder rassioneel ingestel. "Het gevoel neemt een grotere plaats in dan het denken. Dit is niet enkel een kwestie van karakter, maar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ook van bewerktuiging."[325] Hierdie behoefte stel groot eise aan geprogrammeerde jeugwerk en dit laat soms die vraag ontstaan of hierdie jeug in dieselfde groep as byvoorbeeld die kerkjeug gehuisves kan word. Vollenhoven meen dat dit nie kan nie en dat hierdie "asfalt-jeugd" bereik moet word deur goed georganiseerde "jeugdzorg, waar het leeuwenaandeel van het werk niet door jongens en meisjes, maar door *ouderen* wordt verricht".[326]

In hierdie arbeid aan die vervreemde jeug is dit egter duidelik en nodig dat die groepe "opzettelijk en direct functioneren als socialisatiefaktor", as 'n soort "micro-samenleving".[327] Die jeuggroep moet "de gemeenschap der heiligen in-'t-klein, proefveld, stage zijn voor de grote gemeenschap der heiligen".[328]

Vervreemdes en buitekerklikes het egter nie net behoefte aan mense rondom hulle nie. Dié het hulle gewoonlik genoeg. Jauncey sê tereg dat "the drive just to have people around is no longer pressing".[329] Die behoefte aan gemeenskap lê dieper. Die "eensaamheid" in 'n vreemde stad vol mense (rondom jou) is hiervan genoegsame bewys. Dit is die "behoort tot" waaraan mense behoefte het. Erger nog word dit wanneer mense, soos Foster skryf, "social loneliness" ervaar — "rejection by other people or groups. Such experiences cry out for the gospel message of acceptance".[330] Tereg sê Jauncey dan dat hierdie behoefte "to belong is far more powerful than the need merely to have people around ... We have to feel important and needed, not only to people at large, but to a group or groups, even though the group may comprise only two people ... *Belongingness* is a state of emotional integration ... The characteristic emotion of belongingness is love".[331]

Hierdie kwaliteit van gemeenskap in liefde is nie goedkoop nie. Dit vra meer as om net meer as een persoon in dieselfde groep as die kerkvervreemde en buitekerklike te wees. Dit vra selfverloënende liefde en aanvaarding van 'n mens wat miskien aanvanklik baie geslote of agressief of afsydig is, maar tog ten diepste hierdie warme geborgenheid nodig het. Daar is dikwels 'n brugtyd in hierdie vorm van evangelisasie wat baie selfverloëning, geduld en liefde van die Christenjeug vra. Liefde wat uithou, is ook hier die wagwoord. Juis hierdie liefdesnood is kenmerkend van die vereensaamde mens. Sulke kinders en jongmense het dikwels terselfdertyd 'n behoefte aan liefde sowel as 'n onvermoë om liefde te gee. Die vervreemde is dikwels, oppervlakkig beskou, onvatbaar vir liefde. Couwenberg praat daarvan as 'n "Liebesunfähigkeit" (liefdesonvermoë) en sê tereg dat "de neurotische gestoordheid, welke het leven van tallozen zo moeilijk maakt, is grotendeels het gevolg van een ontstellende affectieve verwaarlozing, een ernstig tekort aan liefde in hun leven".[332]

### ★3.2 Programmering vir gemeenskap

Hiermee word nie bedoel dat die egte gemeenskap van die gelowiges



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

geproduseer kan word soos data uit 'n rekenaar nie. Egte gemeenskap in liefde vloei uit lewensgemeenskap deur die geloof met Jesus Christus en 'n bereidheid om gewilliglik en met vreugde mekaar te dien met alle gawes wat Hy gee.[333] Wat wel bedoel word, is dat die geprogrammeerde jeugwerk ingestel moet wees om geprogrammeerd na hierdie gemeenskap te soek en die kerkjeug daarin te oefen ten einde te wees waarna die vervreemde ten diepste verlang. Strommen sê tereg dat die "strength of the local league is found in the informal friendship groups which the league encourages".[334] Dit is nie maklik om 'n gemeente hiervoor voor te berei en daartoe te begelei nie *"but it is necessary* if a parish wishes to be more than a mere 'holding operation'. Building the congregation into a 'fellowship of the concerned' " begin in die erediens waar gelowiges deur die prediking tot so 'n gemeenskap in liefde opgeroep word.[335] Alleen deur hierdie onderlinge liefde en die liefde vir die vervreemde mens, word die aanvanklike afsydigheid van vervreemdes om by 'n groep in te skakel, oorbrug. "The communication barriers can be overcome by loving effort ... Love has its own language which can cross communication barriers ... Make him (die vervreemde MN) feel involved, needed, and responsible, so that he will hesitate to leave".[336] Volgens Miller gebeur laasgenoemde onder andere wanneer daar met mekaar gepraat word oor die "ultimate concerns of their existence".[337] Te Winkel bepleit selfs 'n beraadsgroep vir gemeenskapsbevordering as deel van die missionêre gestalte van die gemeente. So 'n groep het tot taak om die tekorte op die gebied van die belewing van gemeenskap te "signaleren"; gemeenskaptekorte te ontleed; gemeenskapsbevorderende aktiwiteite te stimuleer; besondere sorg te bestee aan hulle wat dreig om buite die gemeenskapsgroepe in die gemeente te staan en sorg te dra vir die "vieringssamenkomsten" van die gemeente.[338] Binne die gemeente moet die kerkraadsjeugkommissie beslis ook oor hierdie faset van geprogrammeerde jeugwerk waak. Die Senior en Belydende Kerkjeugaksies behoort self ook deur middel van byvoorbeeld die diensgroep vir jeugarbeid en evangelisasie hierdie belangrike wesenseie van die kerk te bevorder en steeds te evalueer.

## ★4 Beplanning met die oog op evangelisasie

Wat in die vorige paragrawe ten opsigte van geprogrammeerde jeugwerk opgemerk is, moet ten volle op jeugevangelisasie gerig wees. Die noodsaaklike uitreik na buite moet wesensdeel van die georganiseerde jeugwerk wees. En tog is daarmee nie alles gesê nie. Evangelisasie gebeur in die praktyk nie maar vanself nie. Dit moet (dikwels) ook georganiseer word, anders word daar nooit by die werklike vervreemde of buitekerklike uitgekom nie.

### ★4.1 Selfgesentreerde gemeenskap

Die kerk leef inderdaad met die probleem van die natuurlike selfgesentreerdheid van lidmate. En die kerkjeug is hierop geen uitson-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dering nie. Hulle eiesoortige behoeftes kan hul aksies en programme laat verval in die gerigtheid op hul eie behoeftes.[339] "No greater service can be done for young adults — men and women who are at the edge of the abyss of self-centeredness as no other group in the church is — than to draw them out of themselves into the service of others."[340]

Die kerk, ja, ook die kerk "sadly neglects the very class to which its Master sent it: the unchurched masses".[341] Soms wil dit juis voorkom asof dit die gemeenskap van die gelowiges is "that wall in converts and isolate them from their soul winning potential ... Converts are separated from the world to such a degree that they are isolated from both friend and foe".[342] Hulle kies dan uiteindelik om net so selfsugtig in die gemeenskap van die gelowiges op te gaan soos die ander lidmate. Of laasgenoemde 'n egte gemeenskap van gelowiges is, val egter te betwyfel. Waar gemeenskap eg is, word dit wel geniet, maar voed die gemeenskap juis die verlange, die drang tot getuienis aan hulle wat Christus en die ware lewe in Hom nie ken nie.[343]

As die kerk ware kerk wil bly, moet ook die kerkjeug leer dat "the church must move out of its comfortable nest and into the high-rise, highly mobile, often alienated and otherwise-occupied world of the never-married, divorced, sexually liberated and bereaved".[344]

★4.2 Programmering met die oog op evangelisasie

Dit gebeur nie vanself nie. Zuck en Getz stel as aanbeveling: "Help *create* (kursief MN) in young people a greater confidence in witnessing to others about Christ and provide instruction in how to witness".[345]

D. S. Aultmann stel dit so: "To be meaningful to young people an organization must be structured for *quality* and *growth*".[346] Laasgenoemde kan alleen as die kerkraadsjeugkommissie, die kerkraadskommissie vir ampsbediening en evangelisasie en die gemeentekomitees van die aksies bewustelik vir evangelisasies beplan. Hierdie beheerliggame moet insien dat "evangelism is the key to increased service in the church today because its one emphasis is to lead people into a living relationship with Christ".[347] Die jong gelowige moet nie uit sy leefwêreld uit weg, geëvangeliseer word nie. In die gemeenskap van die gelowiges moet hy/sy opgebou, bewaar en versterk word om terug in sy eie vriendekring, vir Christus te getuig. Die struktuur is egter veelal só dat iemand nie weer terugkom daar waarvandaan hy kom en gered is nie. Die vriendekring van die jong gelowige word sódoende gewoon prysgegee en tot sy vyande gemaak. Dit mag natuurlik gebeur dat die jong gelowige uitgewerp word deur sy ou vriende — dan is dit in orde, maar die kerk moet nie te gou 'n aandeel neem om hom/haar van hul vriende te vervreem nie. Só kan die jong gelowige onmiddellik ingeskakel word by evangelisasie en "a growing church must



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

have living connections ... The fundamental answer is for each convert to continue a friendly relationship with previous associates ... Church growth ... can come only when converts are used immediately to lead their family and friends into a saving knowledge of Christ".[348]

Sweazey sê tereg dat daar twee vereistes is om evangelisasie as deel van die jeug se programme te behou: "(1) It must be a continual subject for meetings, conversations, and prayers — otherwise it will be crowded out and forgotten; and (2) There must be carefully laid plans for it. It will not come from vague enthusiasm, but only from definite decisions about what is to be done and who is going to do it".[349] Ellis is ter sake wanneer hy ten opsigte van hierdie saak skryf: "A youth fellowship that is redemptive must have a daring and imaginative grand strategy of personal and group evangelism".[350]

★5 Beplanning met die oog op lering en dissipelskap

Homrighausen het aangetoon dat sekere evangelisasiemetodes lering en toerusting verwaarloos (voor en na oorgawe) en sodoende "gives a false impression of the Christian life by associating it too largely with a convulsive experience of conversion".[351] Evangelisasie "accompanies and is part of all Christian education, or it is not Christian".[352] Lering en evangelisasie gaan hand aan hand. Nie alleen in die opsig dat hulle wat evangeliseer, geleer word nie, maar ten einde tot geloof gelei te word is 'n hele stuk lering, inlei in Skrifwaarhede nodig. Hoe meer vervreemd mense is, hoe meer moet evangelisasie voorsiening maak vir lerende inleiding in die boodskap van die evangelie. En ook na oorgawe is dit die geval: "it is a life of constant decision and commitment through various experiences, each of which is but a new beginning to more growth".[353]

"Educational Evangelism" is in jeugevangelisasie van deurslaggewende belang.[354] Kuiper sê in verband met God se metode vir evangelisasie tereg dat massa- en persoonlike evangelisasie nooit teen mekaar afgespeel mag word nie. Die twee komplementeer mekaar. Wat meer is, watter metode ook al gebruik word "in either case teaching, instructing, educating, must have priority".[355]

Ten nouste hiermee verbonde, is die begeleiding van kinders en jongmense tot leerlinge, dissipels en navolgers van Jesus Christus. Weer is dit nodig om hier die "gemeenskap wat trek" te beklemtoon. Die eerlike vervreemde en buitekerklike is "in search for real community" en "they know the difference between the group that is a pale imitation of what they can find elsewhere and a group that is held together by the depth of friendship known in the New Testament as koinonia".[356]

Hierdie kwaliteitgroep word alleen gebou wanneer die kerkjeug tot egte dissipelskap begelei word. Die kerkjeug moet dit van kleinsaf leer dat Christenwees lidmaatskap van die gemeente is — navolging van Christus volgens die eise van die Skrif. Wilson meen dat op grond van die Evangelies, gesê kan word dat Jesus sy dissipels deur sewe stadia van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

groei begelei het. "These steps unfold in a logical sequence that cannot easily be changed or transposed ... As His ministry expanded, His program of disciple building was producing an increasing number of middle leadership through which He could continue to teach the growing number of people involved."[357]

Ruben Lores noem dit: "a dedicated minority can make an impact on an entire nation or area".[358] Dijk verwys hierna na "kloekheid ... die op het punt van belijdenis en van het beginsel niet marchandeert; die geen compromissen sluit met het ongeloof en met de wereld ..."[359]

Ware dissipelskap en evangelisasie is albei sake van nie net *gesê* moet word nie, maar *geleer* moet word. "The average person can no more learn to evangelize in a classroom than he can learn to fly an airplane in the living room. The missing link of modern evangelistic training which was so thoroughly provided by Christ, is *on-the-job training*".[360]

Jesus Christus se voorbeeld is hier van onskatbare waarde. Sy program vir sy dissipels was in der waarheid lering en opleiding. Die Evangelies word, so gesien, 'n aanskouingsles van lering en oefening in dissipelskap — 'n "metode" waarvan die vrug en gevolge in die Handelinge van die Apostels beskryf word. Die plaaslike leraar en alle jeugleiers (onder eersgenoemde se begeleiding) moet op hierdie wyse lering en indiensopleiding inbou in alle geprogrammeerde jeugwerk. Sódoende word nie net toegeruste jeug gevorm en uitgestuur nie, maar die programme self bied geleentheid vir die prioriteit van "educational evangelism" in gereformeerde kerkverband. Walters pleit vir die beklemtoning van "educational evangelism ... in harmony with our Covenantal stress ... We Reformed Christians should be leaders in child evangelism. It is our speciality". Volgens hom gaan dit vandag veral om "radio evangelism, child evangelism, neighborhood evangelism" en "here we Reformed Christians with our educational emphasis should seek to lead".[361] Daar is reeds vroeër daarop gewys dat hierdie lerende benadering nie intellektualistiese gimnastiek beteken nie, maar 'n verantwoordelike en gebalanseerde integrasie van verstand, wil en emosie. As dit net verstandelike leer is, werk dit eerder juis vervreemding in die hand.[362]

★6 Programmering met die oog op geïntegreerde jeugwerk

Geprogrammeerde jeugwerk in belang van jeugevangelisasie moet altyd weer terugwys na die gemeente as liggaam van Christus. Hierdie gemeentebediening en gemeentegerigtheid moet in elke faset van die jeugwerk ingebou wees. Dit gaan nie om 'n win vir Christus en die jeugaksie nie, maar om Christus en sy gemeente.[363]

Hierdie waarheid en noodsaaklikheid plaas egter die plaaslike gemeente telkens voor wesenlike vrae: Is die volwasse deel van die gemeente oop en aanpasbaar genoeg om inderdaad jeug en teruggekeerde vervreemde jeug in die boesem van die gemeente op te neem en te huisves? Is die gemeente gewillig om in navorsing, personeel, geriewe, hulpmiddels te belê ten einde geprogrammeerde jeugevangelisasie as deel van 'n ge-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

meentelike bediening te hanteer — of moet dit nog die werk van 'n paar "entoesiaste" bly? Is die gemeente self gereed om haar "regverdigmaking deur die geloof" eerder as "regverdigmaking deur die werke" te leef en so die vervreemde jeug te ontmoet met die onvoorwaardelike liefde van Jesus Christus?[364]

Dit is een kant van die saak om die jeugwerk vir volle integrering met die gemeente te programmeer en 'n ander om die gemeente tot soveel Christelike openheid te begelei dat die jeug in die gemeente tuis is en as wesenlike deel ervaar dat hulle daarin "behoort". Die wagwoord hier moet wees om die gemeente vir die jeug te programmeer en die jeug vir die gemeente.[365]

4.1.4.3 Wyses van geprogrammeerde jeugwerk

4.1.4.3.1 Die kategese

★1 Soos reeds in paragraaf 3.2 opgemerk, kom God ook langs die weg van die lering (didache en kategese) tot die gemeente. Soos aangetoon, gaan dit ook in hierdie wyse waarop God na die mens kom om die vind of die terugvind van die weg waarlangs die verbondsmens moet gaan.

Soos die kategese tans georganiseer en gestruktureer is as onderrig aan die verbondskind, bied dit nie veel potensiaal vir jeugevangelisasie nie. Aparte kategeseklasse vir buitekerklike kinders is ook nie aan te beveel nie. Sulke klasse is wel effektief vir jongmense wat nog nie belydenis afgelê het nie of wat aan geen kerk behoort nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskik ook sedert 1979/80 oor 'n sesde handboek wat vir die kategese van hierdie buitekerklike jongmense gebruik kan word.

Hoewel dit nie onmoontlik is om in 'n gemeente kategeseklasse vir vervreemde buitekerlike kinders te organiseer nie, is dit beter om sulke kinders in die bestaande klasse op te neem — tensy die aantal buitekerklikes binne 'n sekere ouderdomsgroep groot is. Booy is reg wanneer hy skryf dat kategese vir gedooptes en ongedooptes die kategeet dwing om die "boodschap radicaal te vertalen en dít voor de religieuze opvoeding der gedoopten zo belangrijk is".[366] Die bedoeling is nie om hiermee iets van die waarde, diepgang en toespitsing van die verbondsonderrig af te doen nie, maar om juis en veral in die kategese die gerigtheid op die kerkvervreemde en buitekerklike kind in te bou. Die personeel moet sulke kinders na die kategese begelei, maar dit is veral die kinders self wat vervreemde en buitekerklike kinders van die straat, wyk of woonstelblok moet saambring. Hiér in die kategese kan "educational evangelism" tot sy volle reg kom. In 'n gemeente met 'n evangelisasiehart behoort dit normaal te wees dat kinders van vervreemde ouers en buitekerklikes na die kategese genooi word en daar tuisgemaak word. Veral in die Suid-Afrikaanse situasie waar baie vervreemde ouers nog hul kinders na die kategese stuur, moet die kategese ingestel wees op geïntensiveerde bediening aan hierdie kinders. Kinders wat tuis geen verbondsonderrig ontvang nie, is potensiële kerkvervreemdes en uiteindelik buitekerklikes. Juis die feit



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dat hul nog na die kategese kom, moet deur die gemeente gesien word as geleentheid om 'n volgende geslag te wen.

★2 Hierdie evangelisasieperspektief plaas 'n groot verantwoordelikheid op die kategeet en die gelowige verbondskind. Dobbins meld byvoorbeeld dat dit juis in die "Sunday school" is waar die meeste kinders vir Christus gewin word. Tereg sê hy dan dat die kategeet die sleutel is. Die personeel moet begelei word om hierdie vervreemde kinders te bereik met die evangelie. Deur die Sondagkontakte, in die week en deur afsonderlike gesprekke moet getrag word om hierdie kinders na Christus te lei. Wat die groter kinders betref, sê Dobbins tereg dat hulle geleer kan word en moet word om self ook ander kinders na Christus te lei.[367] Uiteraard is dit vir Gereformeerdes duidelik dat geen druk op enige kind uitgeoefen mag word om 'n oorgawe te maak of om belydenis van geloof af te lê nie.[368] Daar behoort 'n sekere gemaklikheid in die kategeseskool en gemeente ingebou te word wat eerlikheid by die kind bevorder. Eerlike ongeloof is makliker om te verwerk as oneerlike skyngeloof en -belydenis. 'n Evangeliese hart verwyt nie mense omdat hulle nog nie tot oorgawe gekom het nie. So iemand word nie om daardie rede verwerp nie. Die geduld van die driedimensionele liefde, die liefde vir die eer van God, die suiwerheid van sy gemeente en die liefde vir die verlore mens self laat die kerk aanhou. Solank hierdie liefde gehandhaaf bly, moet 'n kind nie onder druk tot geloof gedwing word nie, maar ook nie verwerp word omdat hy/sy nog nie 'n oorgawe gemaak het nie.

★3 Evangelisasiekategese moet ryk wees aan verbondsinhoude. Die heenwysing na die doop, die betekenis daarvan en die oproep tot aanvaarding van die gawe van God se verbondsgenade in Christus is hier van groot belang. Kategese en evangelisasie "point to baptism as a means of grace".[369]

★4 Sonder om dus te pleit vir afsonderlike klasse vir kerkvervreemde en buitekerklike kinders (tensy daar baie groot getalle van hierdie kinders is), word hier gepleit vir 'n groter evangelisasiegerigtheid by en in die gemeentelike kategeseskool. Dit is dringend nodig dat die kerkjeug hier reeds leer dat Christenwees betrokkenheid by die uitbreiding van die Koninkryk van God behels. Sonder hierdie wesenswaarheid, kan die kategese 'n kweekplek van passiewe, selfgerigte lidmate word. Aan die ander kant is dit ewe dringend omdat die kategese die plek is waar die evangelie as't ware stukkie vir stukkie volgens die bevatlikheid van die kind oorgedra en onderrig word. Waar is 'n meer ideale geleentheid om hulle, wat nie glo nie, bekend te maak met die feite en Persoon van die saligmakende geloof? Die kategese is evangelisasiemetode by uitnenemdheid.

4.1.4.3.2 Die kerkjeugaksies

In aansluiting by die vereistes vir geprogrammeerde jeugwerk,[370] word hier veral gelet op verskeie moontlikhede om in en deur die kerkjeugaksie jeugevangelisasie te dien. Daar word nie onderskeid gemaak



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tussen die drie aksies nie omdat hier eerder beginsels neergelê word. Sommige hiervan sal beter werk by kinders, terwyl ander meer geskik is vir die Senior Kerkjeugaksie (tieners) en ander weer meer vir die Belydende Kerkjeugaksie (hoofsaaklik naskoolse jeug).

★1 Gereelde byeenkomste

By die weeklikse byeenkomste moet 'n gesonde balans tussen bewaring en vermeerdering ingebou word. Vanuit die erediens en die prediking moet die leiers (kerkraad, leidsters (Junior kerkjeugaksie) en jeugleiers self) 'n oog ontwikkel vir hierdie "asemhalingsbalans" binne die gemeente. Die programme behoort van tyd tot tyd spesifieke evangelisasie te beklemtoon. Evangelisasie moet uitgehaal word uit sy "spesiale" hoekie en normale deel wees van 'n gesonde kerkjeugaksie. Dit beteken dat daaroor gepraat moet word en dat dit gedoen moet word. Oor die jeug-tot-jeug-projek wat uit hierdie gereelde byeenkomste moet voortvloei en onderhou word, word in die volgende paragraaf (4.1.5.1) gehandel terwyl hier na 'n aantal groepmoontlikhede gekyk word.

★2 Bybelstudie

Die gewone program van elke kerkjeugaksie word grootliks gedra deur Bybelstudie. Hoe hierdie Bybelstudie ingerig word, is nie hier ter sake nie. Wat hier bespreek moet word, is Bybelstudiegroepe in belang van jeugevangelisasie. Ada Lum vertel in hierdie verband 'n aangrypende voorbeeld van 'n Christen-student wat vanuit Australië in die Verenigde State studeer het en saam met ongelowige studente 'n woonstel moes deel. Terwyl hy dikwels oorweeg het om uit te trek, was hy baie bewus dat God hom daar geplaas het met 'n doel. Die woonstel was uiters onnet en vuil. As beginpunt het hy gewoon begin om die woonstel netjies te hou. 'n Geleentheid het opgeduik waar hy as "vredemaker" tussen twee broers (mede-inwoners) kon optree. Op 'n dag toe hy merk dat almal se studies afgehandel was en vrye tyd beskikbaar was, het hy gesê: "Say, we don't seem to have much to do this afternoon. You all know I'm a Christian. How about a discussion on Christianity — like Christianity and science". Hierdie openingsbespreking het tot 'n reeks Bybelstudies in die nou skoon woonstel gelei. Later het hy hulle saam na 'n erediens genooi en "eventually some were converted".[371]

In 'n studentegemeente kan hierdie voorbeeld homself herhaal. Maar ook in 'n jeugsentrum, 'n privaathotel, 'n woonstelblok en in 'n voorstedelike gemeente. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal hier ter wille van die orde in die gemeente oorlegpleging met die wyksouderling en diaken geskied. In jeugverband kan hierdie Bybelstudies ook, indien enigsins moontlik, in wyke geskied of binne wyke georganiseer en uitgebou word. Die moontlikheid is egter groot dat dit in stedelike gemeentes ook oor wyksgrense mag gaan. Dan moet die gemeente-eenheid die deurslag gee sonder dat wyksgrense tot mure verhef word. Die belangrike punt is eerder die intensiewe belangstel-





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ling van die ampte en ander leiers. "If such interest is lacking, such small groups will form anyway, but they will invariably turn against the institutional Church and become a hindrance to evangelization."[372] Solank dit maar in die groep om dieselfde saak gaan waarom dit in die gemeente gaan en die groep die eenheid van die gemeente dien en vervreemde mense na Christus *en sy gemeente* teruglei.[373]

'n Evangelisasie-Bybelstudiegroep moet voorts so spontaan moontlik ontstaan. Binne die erediens, kategese en kerkjeugaksie, moet senior dooplidmate en jong belydende lidmate gemotiveer en toegerus word om sulke Bybelstudies te begin. Veral die jong getroude groep binne die Belydende Kerkjeugaksie het hier 'n mooi geleentheid. Volgens Macauley en Belton kan dit soos volg verloop: "The Christians are friendly and neighborly, and have a burden for their neighbors. One evening they invite half a dozen couples in, and give them a pleasant time, while at the same time keeping control of the conversation". So kom ook die godsdienstige dikwels spontaan in gesprekke na vore. Die gelowiges maak dan wanneer hulle die tyd ryp ag, 'n suggestie dat die groep, of die wat wil, ook saamkom vir Bybelstudie. Die twee Christene kan dan self die leiding neem of iemand aanbeveel (in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n ouderling, diaken of ander gelowige in die wyk of gemeente MN) om die leiding te neem — verkieslik nie dadelik die leraar nie. In die groep word die informele atmosfeer behou en die gesprek is die enigste weg tot effektiwiteit.[374] Volgens Lum is die doel "to stimulate non-Christians to consider seriously the fact that Jesus Christ is the God-man who deserves our ultimate love and loyalty. The Evangelistic Bible study is best held in an informal but regular, quiet place that is natural to your friends . . . It may last for a few weeks, one or two times, or a year. Play it by ear".[375] Die verhouding gelowiges tot ongelowiges moet só gereël word dat die ongelowiges nie bedreigd voel nie.

Wanneer daar reeds 'n gesonde Bybelstudiegroep van byvoorbeeld jonggetroudes bestaan en die pastor of ouderling wil graag 'n vervreemde paartjie bereik, is dit aan te beveel dat die paartjie in kontak gebring word met die gelowige groep. Hier is dit nie slegs die Bybelstudie wat evangeliserend benut word nie, maar ook die "Christian ideal of marriage, which is so crucial to winning married couples".[376]

★3 Kampe

Kampe het besondere evangelisasiepotensiaal, maar word deur die kerk nog nie ten volle benut nie. In die Verenigde State van Amerika is daar byvoorbeeld 'n organisasie soos Young Life (Colorado) wat spesialiseer in kampe vir kerkvervreemde en buitekerklike jeug. Hierdie organisasie het 'n aantal kampterreine wat uiters goed toegerus is, in pragtige natuurskoon geleë is en wat as sodanig kinders trek. Ten tye van die kampe word baie van ontspanning, vryetydsbenutting, stokperdjies, avontuurspele en musiek gemaak.[377] Hier word inderdaad veel gedoen om die buitekerklike jeug te bereik. Die stelsel van raadgewers (1 tot 7) word tydens die kampe gebruik en word as sleutel-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belangrik beskou. Bedags word ontspan en saans word die evangelie op informele wyse aan die kampeerders gebring.

Soos by enige interkerklike organisasie, is dit ook waar van 'n pragtige organisasie soos Young Life dat dit nie van die gemeente uitgaan nie en dat die pad terug na die plaaslike gemeente heel moeilik is. Net soos Jeug vir Christus en Campus Crusade het Young Life ook voltydse personeel op skool en kollegekampusse wat veral Bybelstudiegroepe organiseer en lei. So 'n Bybelstudiegroep is in Nashville bygewoon. Ten spyte van hierdie pogings tot nasorg (waarvan baie wel slaag), is dit tog waar dat die direkte gemeentelike binding ontbreek en min ekstra pogings kan hiervoor vergoed.[378] Vir gemeentelike evangelisasiekampe kan egter by hierdie organisasies veel geleer word.

- Wanneer so 'n kamp beplan word, moet dit uit opregte liefde geskied om inderdaad vir die vervreemde jeug 'n besoek aan die natuur te reël. Laasgenoemde mag nie maar afgeskeep en net as lokaas, as middel tot 'n doel, gebruik word nie. Hier geld veral dat in mense belanggestel word omdat hulle belangrik is en nie maar net om iets met hulle te bereik nie. As 'n kind "onbekeerd" van so 'n kamp terugkom, moet die gemeente nie voel asof dit tevergeefs was en so iemand dan ignoreer nie. Die gemeente wat op so 'n wyse en met sulke bybedoelings (hoe mooi ook al), die vervreemde jeug op 'n kamp neem, het waarskynlik sy laaste kamp gehou.
- Genoegsame Christenpersoneel moet opgelei word om informeel en spontaan die leiding waar te neem, ontspanning en avontuur aan te bied[379] en die Bybelbesprekings te lei. Hierdie persone se lewens en deelname is in 'n sekere sin deurslaggewend.
- Die kerk in breër verband moet gevra, en met die nodige fondse gehelp word, om kampterreine op te bou wat die verbeelding van die vervreemde stadsjeug beetpak. Terreine in die berge, langs riviere, in die "wilde bos", naby die see is in hierdie verband van groot belang.

★4 Kontakgroepe

★4.1 Die bekende "Jeugd en Evangelie"-beweging in Nederland het gebruik gemaak van "de contactkring".[380] Die gedagte hieragter was dat die groep slegs bestaan om die kontak met die buitekerklike te versterk. "Deze kring moet zeer eenvoudig gehouden worden. Het gaat er eigenlijk om de gezellige sfeer."[381] Hierdie groep is 'n gesellige onderonsie, word miskien met 'n aandgodsdiens afgesluit, maar die geestelike gesprek word aan persoonlike kontakte oorgelaat.

★4.2 'n Groep wat al lank soos hierbo genoem funksioneer, kan egter later ontwikkel in 'n groep van Christene en "belangstellenden". 'n Soort diskussiegroep.[382] Sweazey praat van dieselfde soort groep as 'n "enquirers' group" waar mense die Christelike geloof bespreek. So 'n groep staan onder leiding van die leraar, maar ook (en liefs) onder leiding van 'n lidmaat. Dit het volgens hom psigologiese



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

voordele. Ook is dit van belang dat "non-members are likely to get more from a group if they are not outnumbered by the church members".[383]

★4.3 Vir regte straatjeug wat buite die normale maatskaplike bindinge leef,[384] is 'n kontakgroep met besondere toerusting en volwasse leiding nodig. So 'n groep kan vanuit 'n koffiekamer oor naweke en vakansietye funksioneer. Waar dit enigsins moontlik is, moet fondse vir 'n voltydse (opgeleide) jeugwerker as leier van hierdie groep beskikbaar gestel word. Die toesig, belangstelling en leiding van die kerkraad en gemeente is vir hierdie (en ander) groepe van groot belang. Hulle werk moet as gemeentewerk benader word en die groep mag nie kwytgegee word aan dikwelse ongebalanseerde jeugdige entoesiasme nie. Hierdie kontak met vervreemde kinders en jongmense is vir die evangelie van te groot belang. Die beste leiding moet hierop toegespits word.[385]

- Saam met bogenoemde groep, of daaruit voortvloeiend, is ook in sekere omstandighede die sogenaamde "jeugclub" vir kinders en jongmense uit swakker maatskaplike toestande gewens. Hier word, ook onder volwasse leiding en met behulp van Christenjeug, aandag gegee aan handewerk, stokperdjies, verskillende kursusse en algemene opvoedingsprogramme. Hierdie groepe is ook al dikwels vir die twee geslagte afsonderlik georganiseer.[386] Waar sosiale toestande dit noodsaak, moet die kerkraadsjeugkommissie in samewerking met die gemeentekomitees van die aksies en die kerkraadskommissie vir die diens van barmhartigheid hierin sterk leiding neem. Waar die owerhede soms die inisiatief neem om in hierdie verband iets te doen, behoort die gemeente ten nouste in te skakel. Ten einde diens te lewer en die geleentheid vir die evangelie tot redding van mense te benut, behoort dit juis Christene te wees wat vanuit die gemeente of ring hier leiding neem en gee.

★4.4 Kontakgroepe kan ook as tydelike "noodgroepe" funksioneer. In tye van nood, siekte, spanning, lyding bied dit 'n "excellent opportunity for the church members to close ranks around the sufferer, so that he may sense once again ... the security of being part of a group".[387] Veral in wyksverband behoort die kerkjeugaksies deur middel van sy diensgroepe en in oorleg met die wyksouderling en diaken sulke noodgroepe te organiseer. Dit hoef nie te beteken dat 'n groep die kind of jongmens moet gaan besoek nie (hoewel so 'n groepbesoek nie uitgesluit moet word nie veral by die kleiner kind), maar dat dit georganiseerd moet geskied. Mense en kontak met mense is, ter wille van die evangelie, te belangrik om die nood van vervreemdes onopgemerk te laat verbygaan.

★5 Intergenerasiegroepe

Hierdie soort groep kan òf deur die jeug geïnisieer word òf deur volwassenes. Die gedagte is dat sulke groepe saamwerk "to help children,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

youth, and adults to create, work, play, learn and worship together".[388] In die goedgeorganiseerde wykstelsel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bied 'n maandelikse wyksbyeenkoms onder leiding van die ouderling 'n uitnemende geleentheid vir so 'n intergenerasiegroep waar veral ook aandag aan vervreemde en buitekerklike gesinne gegee kan word. So 'n byeenkoms kan uitmuntend benut word om die evangelisasiewerk en ander in die wyk te koördineer sodat die pogings van die jeug inskakel by dié van die gemeente — soos laasgenoemde in die wyk uitdrukking vind.

★6 Belangegroepe

Daar is reeds in paragraaf 4.1.3 verwys na die model van "Target-group Evangelism" en hoe ook kinder- en jeuggroepe gevorm word. Wat die kinders en tieners betref, word byvoorbeeld gepoog om kinders van woonstelblokke in klein groepe byeen te bring. Die kinders word hoofsaaklik vir modelbou, spel en "Bible clubs" byeengebring. Neighbour gee hieroor die volgende wenke: "Bathe the work in prayer; arrange time and place; extend invitations; introduce workers; (die werkers word aan die bestuurders van woonstelblokke bekendgestel MN); hold occasional parties or picnics; seek to deepen relationships with the family units; do not neglect the nurture of young converts; introduce the children from Christian homes to those in the clubs".[389]

Wat die sogenaamde "rap-sessions" vir tieners betref, beoog hulle niks anders as informele samekomste en groepsdiskussie nie. 'n Volwasse lidmaat met 'n gawe vir jeugwerk, neem so 'n groep vir sy rekening. Die eerste besoek is aan die opsigter. Die tieners in die gebou word besoek en genooi en sodra 'n groep opgemaak is, word begin. Die volwassene moet egter sensitief en kwesbaar sensitief wees vir die tieners se gevoelens en beskikbaar vir die groep — anders moet hierdie metode liefs gelaat word.[390]

Tydens die groepbyeenkomste word oor populêre aktuele tema's gesels — die mode, gesag en so meer. Die groot gedagte is om na die tieners te luister ten einde elkeen se eie behoeftes en vrese te leer ken. Eers dan kan die behoefte sinvol vanuit die evangelie ontmoet word.[391]

Ook hier is dit ter sake dat nie alleen die kerkjeugaksie nie, maar ook die gemeente voorberei moet word tot 'n openheid om van hierdie kinders en tieners in hul midde op te neem. As dit nie gebeur nie, kan alles wat met moeite opgebou en teruggewin is, in een dag afgebreek word.

Dat die kerk sulke nuwe weë moet betree, is so uiters noodsaaklik. Die nood van kinders en jongmense sonder Christus roep daarom. Soms tree groepe of organisasies tot hierdie terrein toe wat wel die jeug se aandag vang en hul "oop maak", maar hulle het so min "put-in".[392] Van die kerk is weer meermale waar dat hy oor so baie "put-in" beskik, maar die vermoë en moed om die jeug "oop te maak" ontbreek. Elke gemeente moet dit waag om die vervreemde op te soek.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Vir die jongmense wat reeds werk, geld al die beginsels vir "target-group evangelism" soos in paragraaf 4.1.3 genoem.[393] Wat Bommel van hierdie groepe skryf en wat Neighbour en Thomas ook beklemtoon,[394] moet weer onderstreep word: "Van vitaal belang is dat minstens de helft van de tijd besteed wordt aan gezellig samenzijn, zomaar wat samen babbelen. In de andere helft van de tijd wordt gericht gepraat, daarbij staat de Bijbel centraal".[395]

★7 Spesiale byeenkomste

Die kerkjeugaksies kan en moet ook van tyd tot tyd spesiale byeenkomste vir kinders en jongmense reël. Verkuyl gee byvoorbeeld ter oorweging dat vir intellektueles 'n reeks lesings vir 'n beperkte gehoor georganiseer kan word. Die betrokkenes op wie die byeenkomste gerig is, word dan vooraf persoonlik en skriftelik na die lesings genooi. Hier kan wysgerige, literêre, estetiese, teologiese en ander onderwerpe behandel word. Die persone wat optree, word so gekies en gevra dat hulle langs hierdie weg ook die gees en boodskap van die evangelie positief oordra.[396]

Vir ander byeenkomste vir kinders en jongmense is daar talle moontlikhede vir programme waarin die vervreemde kan deelneem. "Amateur hours, hikes, children's parties, choirs, and even ball games offer opportunities to reach children and youth who would otherwise not come. Advertise these meetings, send cards or letters to the families, and invite them to come."[397] Hierdie byeenkomste vereis moeite, goeie organisasie en bo alles 'n liefde wat dwing. Evangelisasie is nou eenmaal nie leunstoel werk nie en die gemeente moet sy jeug uitdaag om inisiërend na vore te kom en hul vindingrykheid tot beskikking van God te stel om deur middel van geprogrammeerde jeugwerk vervreemdes en buitekerklikes met die evangelie te bereik.[398]

★8 Koördinering

Met bogenoemde moontlikhede word nie bedoel dat nuwe strukture noodwendig hoef te ontstaan nie. Wanneer nodig, behoort daar die nodige openheid en gewilligheid daartoe te bestaan. Die gedagte is veel eerder dat die diensgroep vir jeugarbeid en evangelisasie (en waar nodig in oorleg met die diensgroep vir die diens van barmhartigheid) die nodige leiding, organisasie en koördinering onderneem.

Wat hier van nog groter belang is, is dat die kerkraadskommissies vir jeug, ampsbediening en evangelisasie in laaste instansie die koördinering namens die kerkraad onderneem. Deur sitting te gee aan leiers van die diensgroepe in die kommissies, kan hierdie koördinasie makliker plaasvind. Die groot gedagte wat hier gehandhaaf moet word, is dat dit hier gaan om 'n gemeentelike bediening wat gekoördineerd moet gebeur. Hierin speel die diensgroepe en die gemeentekomitee's van die kerkjeugaksies, die kerkraadskommissies en uiteindelik die kerkraad 'n beslissende rol.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

4.1.4.3.3 Jeugleiers en jeugwerkers

Jeugwerk staan of val met leierskap. Dow skryf tereg: "I have not found the lack of challenge to the young when and where the leadership was ready and willing to 'take the church to them' and when and where the leadership was ready and willing to meet them where they are, in whatever circumstances they find themselves, and in an accepting way, begin to build a rapport and relationship that one day will facilitate growth in *both* the seeker and the finder".[399] Die rol van die jeugleier, deeltydse of voltydse jeugwerker in jeugevangelisasie is daarom van groot belang. McGravan en Arn het aangetoon dat daar 'n direkte verband is tussen die aantal "class two" leiers in 'n gemeente en gemeentegroei.[400] Onder "class two" leiers word verstaan diegene wat "actively reach out to others in the community who need Christ".[401] "Class One" leiers is diegene wat as kategete dien, diakens, koorlede, verkose leiers van komitees en so meer. "If a church wants to grow, its goal should be an equal number of Class One's and Class Two's".[402] Die ideaal is voorts dat die klas een, aangewese of verkose leier, ook 'n klas twee-leier is wat in persoonlike werk die vervreemde opsoek. "In the use of leadership, a church must strategize and deploy leadership for growth."[403]

Daar moet ernstig gesoek word na jeugleiers met evangelisasieperspektief en dryfkrag, maar ook na jeugleiers met die nodige gawes om met die jeug te kan werk — ongeag of daar van deeltydse of voltydse jeugwerkers of van die sogenaamde vrywillige jeugleiers gebruik gemaak word. Van die belangrikste vereistes vir jeugleiers wat met die kerkjeug en veral met die vervreemde jeug, kan kommunikeer, is die volgende:

- Dit moet 'n persoon wees wat die vertroue en respek van sy/haar *medegelowiges*, jonk en oud, in die gemeente het. Kettner skryf van die kategeet: "If a teacher is proud and considers himself to be better than others, if he refuses to have fellowship with them and to work together with them, he will make his teaching just that much less effective".[404] Ook in hierdie verband geld dat hoe en wie hy is, harder praat as wat hy sê. Die jeugleier en -werker het só 'n belangrike skakel en motiveringsfunksie met en in die gemeente dat geen gemeente 'n jeugleier kan bekostig wat sover moontlik nie die agting van oud en jonk geniet nie.
- Jeugleiers en -werkers *moet die jeug liefhê* met 'n "contagious Christian love".[405] So iemand beskik oor die grootste gawe om die jeug te laat voel dat hulle aanvaar word en dat hulle by die kerk en die groep "behoort". Aultman sê: "Youth leaders let youth belong".[406] In so 'n groep onder sulke leiding word kinders en jongmense as individue ontdek: "To know and love youth is to discover them as individuals".[407] Hulle, ook die vervreemde en buitekerklike, kry geleentheid om "oop te maak", om deel te neem en te sê hoe hulle voel en dink. Dit vra uiteraard 'n "special, spontaneous kind of person".[408] 'n Soort leierskap tussen die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

outoritêre en die, "do-it-all kind of control and a laissez-faire, onlooking, do-nothing attitude".[409]

Alleen opregte Christelike liefde vir jongmense, openheid om na hulle te luister en doelgerigte leiding in een persoon verenig, is die verpersoonliking van 'n goeie jeugleier en werker.

- Jeugleiers en jeugwerkers moet kreatief dink en lei. Dit hang saam met die openheid wat die liefde meebring — openheid teenoor nuwe idees en risiko's wat met jeugevangelisasie saamhang. Daarom moet hy/sy 'n mens met idees wees — bereid om dit werklik te toets, maar ook om dit met nuwe idees te waag wanneer ander twyfel en terugdeins: "It is approaching a task with openness and versatility, experimenting with many ideas, and taking risks that may lead to failure or to new and creative forms".[410]
- Jeugleiers moet gekeurde en toegeruste mense wees. Hierdie waarheid word van die begin af van georganiseerde jeugwerk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beklemtoon.[411] Sedertdien het die kerk op allerlei wyses gewerk vir 'n beter toerusting van jeugleiers en werkers. Die eise in jeugevangelisasie is sodanig dat dit ondenkbaar is om swak toegeruste jeugleiers en deeltydse of voltydse jeugwerkers te gebruik. Daar is kerke wat vereis dat jeugwerkers "should have a bachelor's degree from a recognized educational institution. A general liberal arts curriculum, with selected courses in religion, education, sociology and psychology is preferable. He should hold the Master of Religious Education degree with a major in youth work".[412] Dit is nog nie altyd moontlik om dieselfde eise hier te lande te stel nie. Jeugwerkers is nog te skaars en poste vir beskikbare werkers ook. Die feit van deeglike persoonlikheidskeuring en toerusting mag egter nie verkleineer word nie. Die kerkraad moet uiteindelik alle gekose leiers, vrywillige en voltydse jeugwerkers keur en hulle verkiesing en aanstelling goedkeur.
- 'n Jeugleier moet visie hê op die plan van God met sy gemeente. Deur die gemeentejeug se kontak met die vervreemde jeug kan dit die kerkjeugaksie (en ook die gemeente) lei tot 'n totaal nuwe perspektief op jeugevangelisasie: "that of sharing in the search for faith in which youth are already engaged".[413]

4.1.4.3.4 'n Model: Diensevangelisasie

★1 Die model van R. S. Armstrong "service evangelism" is in hierdie afdeling ter sake omdat dit so maklik in die geprogrammeerde jeugwerk ingebou kan word. Weer eens moet beklemtoon word dat dit deel van die gemeentebediening moet wees. Daar moet teen gewaak word dat die jeug alleen, op hulle eie, los van die res van die gemeente, evangelisasie onderneem. Die ideaal bly 'n gemeentebediening waarbinne die jeug aktief meewerk en ook afsonderlik intensief aan die vervreemde en buitekerklike jeug aandag gee. Diensevangelisasie is so 'n model.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★2 "Service Evangelism" is 'n model wat deur studie en praktiese ondervinding ontstaan het.[414] Die opleidingsprogram wat uiteindelik uitgekristalliseer het, word deur Armstrong PROOF genoem: "*P*robing *R*esponsibly *O*ur *O*wn *F*aith".[415] Dit gaan dáárom dat gelowiges hul eie geloof sal verstaan en tweedens 'n weg vind om dit verantwoordelik met ongelowiges te deel. Die weg daartoe is volgens Armstrong om 'n gemeente deur prediking tot geestelike verdieping te lei. 'n Gemeente moet die wese van geloof verstaan — "the nature and role of faith".[416] Die gelowige se lewe en getuienis van God se dade in sy lewe moet dien as "proof" dat Hy is wat Hy is volgens die gesag van die Bybel en die historiese getuienis van die kerk.[417]

★3 Die gestalte waarin die gemeente hierdie geloof met die wêreld deel, is 'n dienskneggestalte. Hy praat van 'n "twofold mission" van die kerk te wete die toerusting en opbou van die lidmate ten einde ook mekaar te dien. Binne hierdie gemeenskap van gelowiges kan dié individu tot volwassenheid groei[418] om só uitvoering te gee aan die "threefold function" van die gemeente: die profetiese, priesterlike en sy "communal function".[419] Armstrong verstaan onder evangelisasie "reaching out to others in Christian love, identifying with them, caring for them, listening to them, and sharing one's faith with them in such a way that they will freely respond and want to commit themselves to trust, love and obey God as a disciple of Jesus Christ and a member of his servant community, the church ... The word 'service' is intended to imply a style of evangelism that is caring, supportive, unselfish, sensitive and responsive to human need. It is evangelism done by a servant church, whose people are there not to be served but to serve".[420]

★4 Die gemeente in dienskneggestalte het tot opdrag om

- waar daar konflik is, 'n instrument van versoening te wees
- waar daar onreg is, 'n "agent of reform"
- waar lyding is, 'n "community of compassion, ministering to the needs of people in whatever ways are possible"
- waar korrupsie is, 'n simbool van God se regverdige oordeel
- waar daar skeiding, verwydering tussen mense en groepe is — 'n "demonstration of God's love and of our oneness in Jesus Christ".[421]

Dit is verstaanbaar dat Armstrong sê dat hierdie wyse van evangelisasie 'n volgehoue verantwoordelikheid van die kerk is en nie maar "a crash program that a church tries for a time ... It is not something that the church does; it represents something the church *is*".[422]

★5 Dit gaan dus veel meer om 'n evangeliese lewenstyl in en van die gemeente. Hierdie lewenstyl vind uitdrukking in die besoeke aan vervreemde mense. Om getuies vir Christus teenoor hierdie mense te wees, moet die gelowige weet wat die behoefte van die vervreemde is ... "in order to know what their needs are, its (die plaaslike gemeente MN) ambassadors have to go where the people are".[423] Om dit te doen, moet gelowiges luister: "The callers are there to listen, to empa-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

thize, to show they care, to be friends ... to be available as a need arises''.[424] Hierdie aspek is in die model van deurslaggewende belang. Armstrong sê tereg dat dit nie die vraag is of die gelowige ook moet praat en getuig nie — hy moet — die vraag is hoe en wanneer.[425] Die belangrike uitgangspunt hier is dat die besoeker eers die behoefte uitvind en daarin probeer voorsien. ''The initial purpose, then, is service.''[426] Die besoeker vervul in hierdie verband 'n belangrike skakel- en verwysingsfunksie. Die pastor, die diakonie en ander beskikbare ''resources of the church in the ministry of compassion'' dien as verwysingsbronne. Die ideaal is dat die hele gemeente op een of ander wyse betrokke moet wees.[427]

★6 Die organisering van die praktiese besoekwerk geniet in die model baie aandag. 'n Spesifieke aand word elke week vir besoeke opsy gesit. 'n Lidmaat (of lidmate) is verantwoordelik vir die kaartsisteem met die name van persone wat besoek moet word. Elke besoekspan van twee ontvang hul kaarte en elke aand word teruggerapporteer wat gebeur het. Die nodige inligting word op die kaarte aangebring en dit word geliasseer. Die besoeke word in drie tipes onderskei te wete ''probecalls'' by persone met wie daar nog geen kontak was nie; ''follow through calls'' waar daar reeds 'n vorige besoek(e) afgelê is en ''pastoral calls'' by lidmate van die gemeente.[428]

Die deeglike wyse waarop hierdie administrasie behartig word, is waarskynlik 'n groot deel van die sukses van hierdie model. Dit is nie maar 'n los en vas besoek van wie lus het nie. Die besoekerspan word opgelei, hul besoeke word gekontroleer en rekord word van elke besoek en besoekte gehou. Hier is weer 'n bewys dat evangelisasie nie maar net gebeur nie. Hoewel daar talle gelowiges is wat spontaan oor die geloof in Christus met ander praat, is dit dringend nodig om ter wille van die effektiewe bereiking van die vervreemde, gemeentelike evangelisasieprojekte te organiseer.

★7 Voorbereiding vir 'n ''PROOF-seminaar''

Armstrong sê tereg dat voordat die werklike kursus aangebied kan word, daar baie grondwerk is om te doen. Die gemeente moet vanuit die Skrif begelei word tot 'n Bybelse begrip vir hul wese en taak in hierdie wêreld. Die wedersydse verwagtinge tussen leraar en gemeente moet duidelik gemaak word; die dienskneggestalte van die kerk moet verduidelik word en nog meer. Dit beteken deeglike beplanning van die prediking, voorbereiding van hulle wat by die toerustingsseminaar gaan en wil inskakel, die voorbereiding van die res van die kerkraad en gemeente as ondersteuners van hierdie bediening na buite. ''The congregation as a whole is very much a part of the support system ... The friendliness of the congregation will do much to create a favorable first impression. We pastors can help our flocks to 'think friendly' ... It goes without saying that the whole enterprise must be supported constantly with prayer.''[429]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Dit gaan dus hier om 'n gemeentelike projek. Die seminaar self is dan 'n deeglike inleiding in die twee wesenlike sake van die model te wete "faith-sharing" en "service evangelism".[430] Armstrong nooi lidmate persoonlik om deel te neem.[431] In die situasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou dit beter wees om 'n uitnodiging tot alle jongmense te rig en om dan te kyk wie inskryf. Indien jongmense wat volgens die oordeel van die pastor geskikte medewerkers kan wees, nie ingeskryf het nie, kan hulle persoonlik genader en genooi word. Armstrong het gevind dat hy vir hierdie kursus drie en 'n halfuur op Donderdag en Vrydagaande nodig het en agt uur op Saterdag. Hy verskaf fynere besonderhede oor die inrigting en programmering van die kursus wat nie nou hier ter sake is nie.[432]

★8 Die verdienste van hierdie model is dat dit Bybelse perspektiewe in die normale en volhardende lewenstyl van die gemeente inbou. Lidmate word geleer dat evangelisasie allereers diensgewilligheid eis. Dit is meer as 'n aankondiging van 'n kort boodskap, dit vra 'n lewe van opregte belangstelling en diens. Die gemeente wat hierin slaag en wat die kerkjeug hierin opbou en inlei, belê in die toekoms van die koninkryk van God en evangelisasie. Tereg sê Armstrong: "Most evangelistic programs are not persistent enough to discover that persistence pays off. The hardest hearts are melted, not by your repetition of clever arguments, but by your being there and caring, 'fleshing out' the message — the incarnational approach!"[433]

Pastors en jeugleiers behoort 'n dieptestudie van diensevangelisasie te maak ten einde die kerkjeug in te lei in evangelisasie as diensgerigte lewenstyl. Evangelisasie en diens, diens en evangelisasie is interverweefd deel van die wese van die gemeente van Jesus Christus.[434] Lidmate en veral die doop- en jong belydende lidmate moet in hierdie lewenstyl ingelei word omdat dit die natuurlike, logiese bestaanswyse van die gemeente van Christus is — dienend evangeliserend en evangeliserend dienend.

### 4.1.5 PROJEKTE

#### 4.1.5.1 Jeug-tot-Jeugaksie

Streng gesproke is 'n jeug-tot-jeugaksie soos dit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskou word, nie 'n projek nie. Immers nie 'n korttermynprojek nie. Dit is 'n wesenlike deel van die lewensprojek van die kerk om op 'n persoon-tot-persoon-basis mense met die evangelie in kontak te bring.

##### 4.1.5.1.1 Die belangrikheid van hierdie benadering

★1 Effektiewe metode

Sweazey het in humoristiese sin geskryf: "the bell that brings people to the church is the doorbell".[435] Hy haal in verband met hierdie selfde waarheid vir Billy Graham aan waar laasgenoemde sê: "There are many methods of evangelism. But the most effective method of evangelism being used in America today, in my opinion, is visitation



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

evangelism''.[436] Hieroor stem die meeste teoloë saam. Biederwolf skryf: ''Normal evangelism is individual. It was so in the New Testament day. It's so today''.[437] Watson toon aan dat dit by uitstek Jesus se benaderingswyse was.[438] Armstrong skryf gewoon: ''Christianity is a person-to-person religion''.[439] In sy hele benadering van ''service evangelism'' gaan dit juis daarom ''to minister to people's needs, including, of course, their spiritual needs ... Service evangelism is concerned about persons; proselytizing is concerned about converts''.[440] Read skryf: ''Evangelism takes place where you and I are in contact with real people *as* real people. This is where the witness of the ordinary church member is of vital importance''.[441] Sweazey skryf in dieselfde verband: ''If a church is to be evangelistic, only the church members can give the personal attention that each individual must have''.[442]

Jauncey sien die gebrek aan hierdie persoon-tot-persoonbenadering as van die grootste gebreke in massagerigte evangelisasiemetodes — hoe evangeliste en predikers ook al probeer om met voorafbesoekspanne die probleem te oorbrug: ''None of this can begin to approach the effectiveness of the person-to-person cultivation over a long period of time''.[443] Ook vanuit die Gereformeerde kerke in Nederland se agtergrond skryf Hoekstra: ''Persoonlijk contact is de meest effectieve manier om buitenkerkelijken met het Evangelie in aanraking te brengen''.[444] In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is hierdie metode nog altyd as baie effektief gehandhaaf. Die groot klem op huisbesoek bewys dit. Ook wat jeugevangelisasie betref, word aan hierdie benadering voorkeur gegee. Die Jeug-tot-Jeugaksie in 1974 was daarop gemik om kinders en jongmense vir persoonlike evangelisasie (jeug-tot-jeug) op te lei[445] en die betrokke kursus dra nog die naam: Jeug-tot-Jeugkursus. Pieterse sê tereg dat in hierdie eeu met sy gedepersonaliseerde massamens het hierdie persoonlike ontmoeting tussen twee mense al meer inslag gevind.[446] Natuurlik geskied hierdie mens-tot-mens-ontmoeting met volle inagneming van die gemeentebinding. Die gemeente ondersteun die besoekende gelowige en laasgenoemde ondersteun weer die ander gelowiges in die gemeente.[447]

★2 Effektief vir die jeug en jeugevangelisasie

Dit gaan in hierdie wyse van evangelisasie om die mobilisering van elke gelowige kind en jongmens om persoonlik 'n ander kind en jongmens te bereik en na Christus te probeer lei.[448] Kennedy se program het oor die afgelope meer as twintig jaar bewys dat die jeug hierdie wyse van evangelisasie meesterlik kan inoefen en gebruik.[449] Naude en Strauss het aangetoon hoe verskillende kerke van die kerkjeug in belang van jeugevangelisasie gebruik maak. Ook hier is bevind ''persoonlike en herhaalde besoeke waarin egte belangstelling in die jongmense getoon word, bly die mees beproefde metode''.[450]

Little het duidelik aangetoon dat die jeugdiges die mees geskikte persone is om hul wêreld met die evangelie te deursuur. Die kerk het die kerkjeug hiervoor dringend nodig. Sy skryf byvoorbeeld ten opsigte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

van die skool: "Probably the school community stands at the top of the list of areas open to the teen-ager. The school is his world. He does not have to be 'sent', because he is *there* already. The question for us adults is whether — and how — we can help him know how to be the church in that world".[451]

Die jeug het 'n sekere "magnetism" vir ander jongmense en die kerk moet dit benut.[452] Hulle is "geskik" vir hierdie benadering ook ten opsigte van die vervreemde en buitekerklike, want "youth is aggressive, daring, adventurous" en wat meer is "evangelism is more natural, easier in earlier years of life".[453] Die Grand Rapids Board of Evangelism beklemtoon hierdie wyse van evangelisasie en doen "personal calling ... through other children" aan die hand as 'n manier om kinders vir Christus te bereik.[454]

Briscoe wat so intens geraak is deur die versuim van die kerk teenoor die vervreemde en buitekerklike jeug skryf dat hy basies twee probleme onderskei te wete: "The unreached kids outside" en "the bored kids inside". Volgens hom is dit eintlik twee helftes van een groot probleem: "The unreached kids are unreached because the bored kids are bored ... There is but one answer. Set the 'bored' kids to reach the 'unreached' and by doing that, not only will the 'unreached' be reached, but the 'bored' kids will have no time to be bored".[455]

Die jeug is in staat om hierdie effektiewe en Bybelse wyse van evangelisasie te beoefen. Daarom moet elke jong gelowige so gou moontlik werk gegee word en toerusting ontvang om van jeug-tot-jeug die evangelie te dra na die afgedwaalde bondeling. Grunzweig skryf dat dit nie net psigologies reg is om 'n jong bekeerde dadelik werk te gee nie, maar dit lê in die wese van Christenwees dat Jesus telkens weer mense dadelik in diens stel.[456] Verkuyl is reg wanneer hy skryf dat as meer diensmeisies, kinderoppassers (in Nederland) "eens in alle eenvoud spraken ... zouden er waarschijnlijk meer hooggeplaatsten op de wijze van Naäman ... komen tot het geloof".[457] God gebruik die jeug op 'n wonderlike wyse.[458]

4.1.5.1.2 Benaderingswyse

★1 'n Model: Vriendskapevangelisasie

Veel van wat in paragraaf 4.1.3.2 bespreek is, is hier ter sake. Per slot van rekening is hierdie jeug-tot-jeug-ontmoeting ook 'n pastorale, gespreksontmoeting. Hier gaan dit om slegs een basiese uitgangspunt wat vir die kerkjeug geleer moet word. Dit word gewoonlik omskryf met die begrip "vriendskapevangelisasie".[459] Mcphee gebruik die term as beskrywing van "the caring way to share your faith".[460] Hy sê voorts dat "the caring evangelist is concerned for persons: their backgrounds; their hurts; their needs ... His conception of his task is that of a servant-witness, not a salesman (and certainly not a high-pressure salesman)".[461] Soos Mcphee die term gebruik, kom dit baie naby aan Armstrong se "Service Evangelism" en het hierdie twee modelle minstens *baie* in gemeen. Soos dit in hierdie studie aanbeveel word, is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

albei wesenlik belangrik vir die gemeente en is dit inderdaad twee fasette van dieselfde benaderingswyse.

★2 Vriendskap en vertroue

Quere het eenmaal geskryf: "Witnessing is sharing good news, authenticating it within a relationship of love and concern".[462] Waar hierdie verhouding ontbreek, klink die mooiste oproep om terug te keer na Christus en die kerk meermale hard en genadeloos. "Many of the things said to inactive members simply increase their guilt and, hence, their resistance — even inability — to return to church".[463] Mcphee wat hierdie hele saak breedvoerig bespreek, skryf dat "our best opportunities for Christian witness come as a result of relationships of trust that have been built up over a period of time".[464] Daarom is dit 'n benadering wat aansluiting vind by die van Christus naamlik afhanklikstelling en aansluiting by die "bepaalde gegevens uit het dagelijkse leven van de mensen, die Hij gaat helpen".[465] Die jongmens wat gehelp moet word, moet as't ware eers deur die hart, gedagtes en hande van die gelowige gaan: "get them on you hearts" is die wagwoord.[466] "Friendship evangelism is still the answer to an impersonal society. Family and friends are much more easily influenced for Christ by intimates who are appreciated for their decision and life for Christ".[467]

Deur die vertroue van mense te wen en so van mens-tot-mens die evangelie te deel, vat die natuurlike weerstand teen die "verkoopsman-benadering" weg.[468] Veral by die jeug is "the primal ministry . . . the ministry of friendships".[469] Hierdie benadering is een van respek vir die persoon, die nood, die privaatheid van die lewe van die ander mens. In hierdie opsig ontbreek daar dikwels by organisasies met direktiewe metodes, 'n stuk begrip. Sulke organisasies sal waarskynlik almal toegee dat dit ook vir hulle om "vertroue wen" gaan, maar dit is amper iets van 'n "love people and hate persons"[470] —benadering. Organisasies wat die onderbou van die gemeente mis en wat dikwels nie na die bekering self die nasorg kan waarneem nie, laat by persone die indruk dat hulle net vir 'n doel naamlik hul bekering belangrik was. As mense was hulle nie werklik op sigself belangrik nie. Vollenhoven is daarom reg as hy pleit vir die wen van vertroue, die benutting van natuurlike kontakte waarin vertroue-win en vertroue skenk mekaar ontmoet.[471] Die Gereformeerde Kerke in Nederland se besware teen die "Missionary Year 1982" in Nederland (uitgaande van die Evangelical Alliance) is dus ten dele te verstaan. Die groot beswaar is juis dat "it is too much like one-way traffic, offering easy solutions for complex problems".[472] Die Alliantie self pleit vir 'n openheid ten opsigte van metodes.[473] Wat hier ter sake is, is nie dat daar nie omstandighede is waar die meer-direkte metode bruikbaar en selfs noodsaaklik is nie. Sulke geleenthede bestaan wel en miskien meer as wat gedink word, maar selfs dan moet die persoonlike werker in die kort tyd tot sy beskikking 'n atmosfeer van "love and concern" (Quere) skep. Die gee van vertroue, die opregte persoonsgerigte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belangstelling en vriendskap is wesenlik vir die mens-tot-mens-gesprek.

★3 Vriendskapevangelisasie neem dikwels tyd

Juis omdat die opbou van 'n vertrouensverhouding gewoonlik tyd neem is "personal evangelism ... necessarily slow. My own experience has been that it takes anywhere from six months to two years before a significant decision can be expected".[474] En dit is weer die geval omdat die persoon self gehelp moet word en nie maar net nog 'n bekeerde aangeteken word nie.[475]

Natuurlik neem dit nie altyd so lank nie. Die tyd is eintlik nie ter sake nie. Die gelowige jeug moet geleer word om doelgerig te bou aan hierdie verhouding, die evangelie oor te dra, te deel met die vervreemde en God te vertrou vir die opkom van die saad. Hoe meer natuurlik die kontak, soos byvoorbeeld met die vervreemde kollega, medestudent, inwoner in die blok of straat, hoe groter is die eis van geduld. "Haastige spoed is hier zelden goed ... Dus: niet te vlug willen beginnen."[476]

Die gelowige kind en jongmens moet as't ware deur opregte belangstelling probeer uitvind "what the Holy Spirit has already done among them and build on that".[477] Mcphee is reg wanneer hy skryf dat "once dialogue on matters of faith begins, repeated encounters are almost certain to follow. This is especially true if your friend senses that you are relating to him in just that way — as a friend — and are not trying to trap him".[478]

Vriendskap beteken nie hier dat elke vervreemde met wie die gelowige in 'n jeug-tot-jeug-kontak kom, 'n intieme persoonlike vriend moet word nie. Dit beteken egter wel die gee van vriendskap in terme van opregte belangstelling, diensgewilligheid, vriendelikheid en liefde.

★4 Vriendskapevangelisasie is persoonsgerig

Biederwolf noem as vereistes vir die Christen-persoon in hierdie persoon-tot-persoon-ontmoeting die volgende:

- "a Christian experience and a personal commitment to Jesus Christ"
- "a prayerful spirit"
- "the right motive"
- "courage"
- "tact"
- "perseverance"[479]

So 'n gelowige wat inderdaad die Bybelse beeld van groeiende volwassenheid en balans vertoon, vind dit makliker om die tweede persoon in die jeug-tot-jeug-ontmoeting as persoon, as hele mens te benader. "Reformed faith involves the whole man".[480] Dit gaan vir die Christen daarom om self 'n "heel mens" te wees gerig op die hele menswees van die ander — in hierdie geval die vervreemde of buite-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kerklike kind of jongmens. Om iemand tot geloof in Christus te lei "is to save the *whole* man. The whole personhood of man is involved in God's saving action. The whole being and the context of our total existence — private, social, and public — must be included in our personal decision to accept Jesus Christ as our Lord and Savior".[481]

Volgens die model van Mcphee is dit alleen moontlik deur na die persoon te luister (as't ware sy hele menswees op te neem MN); belangstelling te toon; vriendskap te ontwikkel ("by a continual demonstration that you really do care") en om vierdens jou geloof met hom te deel ("share your faith").[482]

4.1.5.1.3 Jeug-tot-jeug en persoonlike getuienis

★1 Hierdie saak is van groot belang en die kerkjeug moet hieroor duidelik ingelig word. Niemand kan "van buite af" vir Christus getuig nie. "Wie waag om te sê wie Jesus is, wat Hy doen, hoe ek Hom kan ken, moet self van ondervinding praat. Daar is leidende persone wat sover gaan om te sê dat elke getuienis vir Christus moet begin deur 'n *persoonlike getuienis* van wat Christus vir jou gedoen het. En daar sit veel waarheid in. Ons durf tog nie 'n verlossing aanbied waarin ons self nie deel nie".[483] Dit gaan om 'n objektiewe getuienis oor Jesus Christus en 'n subjektiewe bevestiging van hierdie getuienis deur en in die lewe van die gelowige. Jauncey skryf dat "whenever possible, the witness approach is best. If our contact's needs are similar to experiences we have been through or are going through, we can tell just how Christ and His message have helped us".[484] Syrdal skryf dat "this is excellent as a point of beginning, as it seems to break down inhibitions concerning speaking of spiritual things".[485]

★2 Bogenoemde is egter nie die probleem nie. Om te kan getuig van die werklike lewende teenwoordigheid van Christus, is wesenlik. Die vraag is juis of gelowiges nie hiervoor terugdeins omdat hulle nie kan vertel wat die Here daagliks vir hulle beteken nie. Hulle getuienis het iewers in die verlede vasgehaak en al wat oorgebly het, is 'n leë "datum-getuienis". Vandag gebeur daar niks meer om te vertel nie "en omdat ons dan 'n daaglikse ondervinding met die Here mis, werp ons 'n skynbeginsel-beswaar op teen die 'persoonlike' in ons getuienis vir Christus".[486] In drie van die jeugevangelisasiemodelle (diens-, belangegroep- en vriendskapevangelisasie) wat reeds in hierdie hoofstuk bespreek is, word hierdie saak sterk beklemtoon. Mcphee skryf byvoorbeeld: "If He is not an abiding reality to us, then there must always be something inauthentic about our message. Evangelism must be incarnational to be authentic".[487] Armstrong sê ten opsigte van sy "proof"-model in "service evangelism" dat "proof then, is the confirmation of my belief. All I can do is point to the evidence that confirms my faith assumptions — my experience of answered prayers, my sense of God's presence in my life, the feeling that my needs have been satisfied, the spiritual insights I have received, the testimonies of others who have had spiritual experiences, the historical witness of the church, the authority of the Bible, and so on".[488]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3 Die probleem is die *hoe* van hierdie waarheid. Persoonlike getuienis "is to bear credible, believable, evidence to the transforming power of Jesus Christ".[489] Daarom mag dit *nooit* 'n *selfvertoning* wees en word nie. Dit gaan nie daarom dat die gelowige as voorbeeld voor die vervreemde opgehou word nie. Die voorbeeld van die gelowige is alleen maar 'n outentieke heenwysing na God in Christus Jesus wat deur die Gees die mens vernuwe en sy diepste nood ontmoet: "We must get beyond 'us'. God can do so much more in us and through us than we have permitted him to do. We are always an imperfect illustration, for we have limited God by our own self-will and weakness".[490]

★4 Uiteindelik gaan dit nie daarom dat die vervreemde die gelowige beter leer ken nie. Wanneer nodig, moet die persoonlike getuienis maar net heenwys na "Wie *Hy* is, wat *Hy* doen, hoe ek *Hom* kan ken en dit het *Hy* ook vir my gedoen".[491]

Die kerkjeug moet daarom mense wees wat wel 'n lewensgetuienis het, wat dit effektief kan aanwend, maar wat eweneens begryp dat hierdie persoonlike getuienis altyd weer wys na Jesus Christus. Veranderde lewens hou die woord van die lewe voor, tree soos ligte tevoorskyn te midde van 'n krom en verdraaide geslag.[492] Sonder persoonlike lewensgetuienis kan dit nie, maar egte lewensgetuienis wys met al tien vingers na Hom.

4.1.5.1.4 Organisasie vir 'n Jeug-tot-Jeug-projek

★1 Jeug-tot-jeug-ontmoetings behoort vir die gemotiveerde kerkjeug so normaal soos asemhaal te wees. Die lewe van die Christen bestaan uit mens-tot-mens-ontmoetings. Hierdie ontmoetings moet deur vriendskap gekultiveer word tot ontmoetings waar daar oor Christus en sy verlossingswerk gepraat word. En tog is daar in elke gemeente van tyd tot tyd of voortdurend 'n noodsaak vir 'n georganiseerde jeug-tot-jeug-projek.[493] So baie gelowiges benut nie daaglikse mens-tot-mens-kontakte vir die evangelie nie. Daar woon daarom in gemeentes, vervreemde kinders en jongmense met wie daar nie op skoolterreine, kampusse, in kantore en elders spontaan oor die Evangelie gepraat word nie. Indien die gemeente ook niks in hierdie verband doen nie, kan dit maklik gebeur dat hierdie kinders en jongmense as't ware in die skaduwee van die kerk woon, sonder dat iemand hulle persoonlik met die evangelie konfronteer.

★2 Die leiding van die projek

In die organisasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort dit byna nie nodig te wees om te sê dat dit 'n kerkraads- en gemeenteprojek moet wees nie. Die kerkraad moet ten volle op die hoogte wees en die projek word met hul goedkeuring alleen van stapel gestuur. So is dit ook met die gemeente. Die jeug kan na goedkeuring van die projek deur die kerkraad, voor of na 'n erediens self die gemeente inlig oor wat hul projek behels. Die ondersteunende-gemeenskap, gebede en medewerking van die gemeente is hier onmisbaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die projek vind plaas onder leiding van die Kerkraadsjeugkommissie of 'n skakelkommissie uit die jeug, ampsbediening en evangelisasie-kommissies. Dit is vanselfsprekend dat die gemeentekomitees en die diensgroep vir jeugarbeid en evangelisasie van die betrokke kerkjeug-aksies baie prominent in die projek optree. Ook organisatories moet dit 'n gemeenteprojek wees.

★3 Name en adresse

Een van die eerste treë in evangelisasie is 'n erkenning dat vervreemdes en buitekerklikes nie maar noemname vir gesiglose mense is nie. Vervreemdes het name en adresse. Geen evangelisasieaksie kan slaag sonder die verkryging van hierdie name en adresse nie. Hierdie name en adresse kan op meer as een manier bekom word.

- Die jeug kan self 'n omgewingssensus onderneem en 'n lys kry van alle kinders en jongmense wat aan geen kerk behoort nie of wat vervreemd geraak het.[494] Hierdie werkwyse het voordele en nadele. Van die nadele is dat die sensus op sigself al 'n besoek is en dit kan 'n tweede besoek bemoeilik. Die voordeel is egter dat juis die opname reeds al as vriendskapskontak benut kan word.
- Die name en adresse kan van die wyksouderling, diaken en van ander lidmate verkry word. So byvoorbeeld verkry Kennedy die name reeds 'n maand voor die besoeknaweek of week van "members who knew of them as neighbors, friends, etc".[495] Hierdie metode is ook sterk aan te beveel.

Watter metode ook al gevolg word, die belangrike punt is dat 'n kaartsisteem voorberei word met die name en adresse van persone wat besoek kan word. Sweazey noem dit: "list the prospects".[496] Die leiers moet persone afsonder om hierdie afdeling van die projek deeglik te beplan en noukeurig te versorg.

★4 Vorige vriende en kennisse

In hierdie verband moet kortliks teruggekom word op 'n saak wat reeds aangeraak is. Die kerk evangeliseer soms mense uit hul bestaande vriendekring uit. Dikwels is dit ook nodig, maar daardeur word die getuienisgeleentheid van so 'n jong bekeerde dadelik weggeneem. Green praat in hierdie verband soos reeds opgemerk van "encirclement" as basiese probleem.[497] 'n Jeug-tot-jeug-projek bied die geleentheid vir 'n jong Christen om terug te gaan, met liefde en takt, na hulle wat jare sy vriende was. Sodoende word verseker dat 'n reeds bestaande vriendskapsverhouding (wat nie noodwendig deur die bekering van een van die vriende opgehef word nie) benut word vir die evangelie. Die getuienis van so 'n jeugdige teenoor sy ou vriende het geweldige appèl en waarde.[498]

'n Verjaarsdag of enige ander gebeurtenis in die lewe van die nog vervreemde vriend kan hier as belangrike aanknopingspunt dien. Sodoende word ook verseker dat vervreemdes nie verder vervreem van die godsdiens en kerk juis omdat laasgenoemde ook 'n goeie vriend van hom/haar vervreem het nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★5 Beplanning vir besoeke

Terwyl alle adresse verkry word, moet daar reeds aandag gegee word aan toerusting en die vasstel van 'n datum(s) waarop die besoekwerk gaan begin. Die toerusting (waarop later teruggekom word), moet voorsiening maak vir begeleiding ten opsigte van vriendskap- en diens-evangelisasie. Die kerkjeug moet ook leer hoe om die kort-kontak ten beste te benut. Die saak waarom dit hier gaan, is dat daar op 'n gegewe dag of naweek besoeke afgelê word. Indien die jeug huiwerig is, kan dit help as die pastor en ander volwasse jeugleiers of werkers aanvanklik 'n kind of jongmens op besoek saamneem.[499] Wanneer 'n jeug-tot-jeug-besoekprogram byvoorbeeld gekoppel word aan ander projekte soos 'n jeugsaamtrek op Saterdag- of Sondagaand, is hierdie eerste besoek makliker. Dit word 'n uitnodiging- en gaan-haal-besoek. Selfs dan behoort dit gesien te word as die eerste besoek in 'n te verwagte jeug-tot-jeug-langtermynkontak.

Elke besoekspan van twee persone elk, ontvang een of meer kaartjies met 'n naam en adres. Hierdie persoon wat besoek word, word so eintlik tot persoonlike verantwoordelikheid van die twee besoekers gemaak. Besoekspanne moet indien moontlik uit 'n man en dame bestaan. Wanneer 'n dame besoek word, is die damesbesoeker aan die woord en andersom. Sodra die kontak eers gelê is, behoort dit al meer te ontwikkel in 'n man-tot-man — en vrou-tot-vrou-kontak in belang van evangelisasie.

★6 Verslaggewing

Die kerkjeug moet op 'n sekere tyd by die kerkgebou of by 'n huis terugrapporteer. Hier word verslag gegee oor hoe dit gegaan het en hoe hulle dit ervaar het. Gebeure word op elkeen se kaart aangeteken en die kaarte word weer deur iemand wat net daarmee werk, geliasseer. Ondervindinge word bespreek sodat saam uit ervaring geleer word. Armstrong noem hierdie byeenkoms die "afterglow" en beskou dit as van die allergrootste belang.[500] So is dit inderdaad. Hierdeur word die werk op 'n vaste en diepgaande basis geplaas en gedoen. Dit word meer as maar net 'n lukraak besoekprogram. Dit is deel van 'n langtermyn, doelgerigte en volhardende liefdebemoeienis met die vervreemde kind en jongmens.

★7 Nasorgbesoeke

Indien enigsins moontlik, behoort dieselfde besoekspan ook die nasorgbesoeke af te lê. Dit sal baie afhang van die kontak wat aanvanklik gelê is. As dié jeug-tot-jeug kontak moet ontwikkel in egte vriendskap en diensevangelisasie is kontinuïteit in die besoeker belangrik. En dit bly tog die ideaal dat hierdie verhouding sodanig moet ontwikkel dat dit 'n "service" en "faith-sharing" verhouding word.

Indien die kontak slegs ter uitnodiging na 'n byeenkoms was, is dit nie so noodsaaklik dat dieselfde twee persone 'n volgende keer weer gaan nie. 'n Wenslike moontlikheid is dat, indien iemand geen belangstelling toon nie en 'n gesonde jeug-tot-jeug-kontak nie na die eerste of



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tweede besoek begin groei nie, daar na 'n maand weer twee persone (dieselfde of 'n ander paar) 'n vriendskaps- en belangstellingsbesoek aflê.

★8 Laastens moet weer gemeld word dat 'n jeug-tot-jeug-projek soos hierbo genoem, gekoppel kan word aan verskeie ander jeugevangelisasieprojekte soos 'n koffiekamer, filmvertonings, 'n reeks dienste, 'n saamtrek, die eredienste van elke Sondag, groepbesprekings oor aktuele sake en nog meer.

4.1.5.1.5 Samevattend

★1 Sonder om die betekenis van volwassenes in en in belang van jeugevangelisasie te verkleineer, kan dit met reg gestel word dat die kerkjeug by uitnemendheid geskik is vir 'n jeug-tot-jeug-benadering ten einde vervreemde en buitekerklike kinders en jongmense vir Christus en sy kerk te bereik.

★2 In hierdie benadering is die opbou van vertroue en vriendskap van groot belang. Dit sluit nie die gouer en meer direkte konfrontasie uit nie. In 'n gewone gemeentelike bediening waar langtermynkontak en evangelieoordrag die normale is, moet die kerkjeug leer om hul langsaam te haas. Vervreemdes se vertroue moet gewen word, diens gelewer word en in 'n vriendskapsituasie moet hulle met Christus en die eise van dissipelskap gekonfronteer word. Juis hierdie eis van volhardende geduld en liefde, maak hierdie benaderingswyse en projek so veeleisend. Dit is eie aan die jeug om vinnig op te tree en spoedige resultate te verwag. Ook hierin sal die kerkjeug hul andersheid, hul geduld, hul *lank*moedigheid moet verstaan en uitleef.

4.1.5.2 Diensreekse en jeugsaamtrekke

4.1.5.2.1 Waarde van sulke byeenkomste

★1 Die waarde van diensreekse en jeugsaamtrekke kan nie maklik oorskat word nie. Waarteen besware gevoel word is 'n sekere tipe diensreeks en saamtrekke met verkeerde aksente. Wanneer 'n gereformeerde kerk sy taak ten opsigte van die afgedwaalde bondeling wil afhandel met slegs 'n diensreeks, werk dit nie. De Klerk sê tereg: "Die kerk moet steeds onthou dat hy nie agter 'n reeks van dienste by geleentheid of oor 'n tydperk kan gaan skuil, as hy in gebreke gebly het om die tweede sleutel van die opsig en tug te hanteer nie".[501] Die taak van die gemeente is meer omvangryk en meer veeleisend as om net 'n diensreeks of 'n saamtrek te programmeer, 'n prediker te vra, die reeks te hou en daarmee is vanjaar se evangelisasieverantwoordelikheid nagekom. Wanneer dit gebeur, kom daar tereg reaksie teen diensreekse en saamtrekke. Geen diensreeks kan op die lang duur vergoed vir 'n verwaarlosing van die persoon-tot-persoon-benadering nie.[502]

★2 Diensreekse en saamtrekke mag nooit plaasvervangend vir persoonlike evangelisasiemetodes wees nie. Die gedagte is veel eerder dat dit aanvullend tot en as deel van 'n jeug-tot-jeug-projek plek kry in die gemeentelike bediening. Die tyd van 'n diensreeks of jeugsaamtrek as



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n alleen, opsigselfstaande metode is waarskynlik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk verby. As deel van 'n langtermynprojek, goed voorberei en beplan, het dit egter 'n waarde wat nie onderskat mag word nie.[503] De Klerk stem ook toe dat dit waarde gehad het en nog het, mits daar natuurlik gewaak word teen al die dinge wat rondom diensreekse skeef getrek kan word — sake soos dié waarna reeds verwys is.[504]

4.1.5.2.2 Eise vir en beplanning van diensreekse en jeugsaamtrekke

★1 Deel van 'n groter projek

Hierna is reeds verwys, maar dit moet hier nader omskryf word. 'n Diensreeks en saamtrek moet deel vorm van 'n groter, langtermyn, gemeentelike evangelisasieprojek. Hierdie feit moet vir die kerkjeug duidelik wees sodat daar nie reeds by die beplanning onbillike verwagtings of vanselfsprekende "suksesse" aan die diensreeks of saamtrek gekoppel word nie. In hierdie beplanning moet dit reeds duidelik wees dat dit steeds gaan om die bereiking van mense op 'n persoonlike wyse. Die reeks is net 'n ander wyse om deur middel van die prediking en in die allernouste aansluiting by die prediking van elke Sondag aan 'n groter groep die evangelie bekend te maak en persone tot die persoonlike aanvaarding daarvan op te roep. In hierdie verband is Green reg wanneer hy skryf: "Actually 'mass' evangelism is a misnomer. What happens is 'simultaneous soul winning' or 'multi-individual' decisions. Evangelism is actually personal in nature".[505]

★2 Deeglike voorbereiding

As deel van 'n gemeentelike projek behoort daar vir enige diensreeks of saamtrek minstens die volgende voorbereidings plaas te vind:

- 'n Sensus.
- Organisering van gebedsgroepe in die wyke van die gemeente; voorbidding in die gemeentebiduur, by die kategese en jeugaksies, in die erediens, by huisgodsdiens, in die binnekamer.
- Ampte-tot-jeug en jeug-tot-jeug-aksies vooraf.
- Reklame (hierop word weer teruggekom).
- Verwagting by en motivering van die gelowiges deur vooraf-beplande prediking in die gewone eredienste.
- Toerusting van persoonlike werkers vir optrede by 'n diensreeks en saamtrek.
- Programbeplanning: "Saalhuur", die tye van die dienste, die prediker, die tema, die sang (kore, soliste, groepe) en musiek, gespreksgetuienisse.[506]
- Nasorgbeplanning.

★3 Die plek

Die plek moet indien moontlik, ten einde buitekerklikes te bereik, nie 'n kerkgebou wees nie. Ben Hoekendijk skryf: "We adviseren: een zaal die voor de mensen so min mogelijk 'drempel' heeft. Niet te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

groot. Mischien is het goed eens een andere zaal te nemen dan men normaal gewend is''.[507] In die geval van kinders is hierdie saak miskien nie so relevant nie en mag 'n gesellige kerksaal ook die doel dien. In 'n onderneming in Amsterdam (Nederland) van die Gereformeerde, die Hervormde en die Vrye Gereformeerde Kerk word van 'n ou operasaal gebruik gemaak. Die ingang is direk op die straat en persone kom in soos hulle is. Die dienste word reeds vir byna 20 jaar elke Sondagaand gehou en die bywoning was al tot 2 400. Navorsing het getoon dat 'n groot aantal kerkvervreemdes die dienste bywoon — saam met belangstellende gelowiges wie se teenwoordigheid by so 'n diens noodsaaklik is.[508]

Vir 'n rings-, stadsreeks of saamtrek kan 'n stadsaal, 'n filmteater, 'n stadion of ander opelugbyeenkomsplek oorweeg word.

★4 Die prediker en prediking

Hierdie saak is in die beplanning van groot belang. Die volgende oorwegings geld hier:

- Die prediker moet die vertroue van die kerk en kerkjeug wegdra. Hy moet bekend wees as iemand wat die Woord van die waarheid reg sny.[509]
- Dit moet iemand wees wat met die jeug kan kommunikeer. Hier geld weer die eise van direktheid, duidelikheid, eenvoud en entoesiasme.[510] Die prediker vir vervreemde kinders sal byvoorbeeld oor die gawe van ''story-telling as an instrument of evangelism''[511] moet beskik.
- Die *prediking* verdien ook deeglike beplanning. Groot wêreldevangeliste begin al meer gebruik maak van metodes om die omgewing, die mense en hul behoeftes voor 'n diensreeks te leer ken. Billy Graham se personeel doen gereeld navorsing in 'n stad of gebied waar 'n reeks beplan is.[512] Alan Walker meen dat die massabyeenkomste van die verlede te min rekening gehou het met die nood van spesifieke gebiede en lande. Hy stel in sy byeenkomste 'n akute, aktuele probleem aan die orde ''op basis van een grondige studie van de lokale of nationale situatie''.[513] 'n Gemeentelike jeugkommissie behoort daarom 'n deeglike beplanning van die behoeftes te maak en dit met die prediker te deel. Indien enigsins moontlik, moet 'n ontmoeting lank voor die tyd met die prediker gereël word. Om die tema aan hom oor te laat, is nie billik nie en is dikwels nie effektief nie. Prediking tydens diensreekse en jeugsaamtrekke moet behoeftegerig wees. Sodoende kan verhoed word dat 'n diensreeks net beslissingsgerig is — hoewel laasgenoemde natuurlik en beslis ook ter sake is. Wat bedoel word, is min of meer wat Koyama geskryf het en soos deur Verkuyl aangehaal: ''Wij hebben niet een 'crusade spirit' (de mentaliteit van kruistochten) nodig om te evangeliseer, maar een 'crucified spirit', een geest die gekruisigd is met Christus om met Hem te leven zonder op wereldse wijze naar snel succes te jagen''.[514] Dit gaan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dus om 'n prediker en prediking wat ingaan in hierdie werklike nood van die wêreld soos dit in die Evangelie van die Gekruisigde deursigtig word.

- Die prediker moet daarin slaag om "in pastorale bewoënheid die geleentheid vir twyfelende en bekommerde persone te skep om na 'n diens of gedurende die week met hom te kom praat oor hulle probleem".[515]
- Die prediker moet iemand wees wat "rapport" kan bevorder en atmosfeer kan aanvoel. "Curiously enough, humor and especially laughter are most effective in getting an audience into a receptive mood".[516]
- "In a word the preacher must be imaginative in creating an evangelistic service. And when a creative, dynamic service is developed and the gospel is preached in the power of the Holy Spirit, I believe God will honour it."[517] Hiermee saam gaan die skep van die regte atmosfeer in die diens en saamtrek self. 'n Atmosfeer waar mense tuis is, wat gesellig is en waar 'n warme en hartlike gees heers, is belangrik. Vervreemdes en buitekerklikes moet iets aanvoel van die egte Christelike gees en gasvryheid. Onder die gelowiges moet 'n gees van verwagting wees; die prediker moet mense tuis laat voel en die musiek en sang moet die regte atmosfeer dien. Laasgenoemde moet sodanig wees dat dit die jeug aanspreek — sonder om vreemd te wees aan die erediensmusiek en sang van elke Sondag.
- Die prediker en die beplanners moet dit alles van God verwag. Dit is Hy wat deur die Woord heen mense wederbaar, die geloof wek en redding gee. Hy alleen is deur sy Gees reddend werksaam deur die gepredikte Woord.[518]

★5 Reklame

Diensreekse en saamtrekke het al dikwels platgeval vir sover dit die bereiking van vervreemdes en buitekerklikes betref omdat swak of verkeerde reklame gemaak is. Om dan die reeks, saak of prediker te blameer, is nie altyd billik nie. Stott sê tereg: "The outsiders are not reached because the insiders are not in sufficiently living and confident contact with them to bring them to the campaign. We Christians disengage ourselves too much from non-Christian society. We tend to barricade ourselves behind the closed doors of our own comfortable fellowship. We are like soldiers who have lost contact with the enemy".[519]

- Die gelowiges bly die belangrikste "reklame" vir enige diens — erediens, diensreeks of saamtrek. Van deur-tot-deur en meer as een keer moet mense genooi word. Strooibiljette en programme moet liefs persoonlik met 'n vriendelike uitnodiging deur die jeug self afgelewer word.
- Die reeks moet reg bekendgestel word: "Meetings that are advertised as 'evangelistic' tend to defeat their own purpose. Christians



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

unless they feel a sense of obligation to swell the crowd, stay away because the message is not for them. The unconverted stays away because he knows he will be singled out and become a target''.[520] So is dit ook kontraproduktief om die prediker bekend te stel as iemand wat 'n suksesvolle sielwenner is. ''Imagine yourself as a non-Christian being invited to listen to a preacher who has won '2 437 souls' in five years. The inference is that he now wants you in his bag of trophies.''[521]

Ook die onderwerp moet so gekies word dat dit trek eerder as om weerstande op te bou en argumente ter selfverdediging ontlok. E. Poppe noem as voorbeeld twee stadsaksies met die tema's: ''Ik heb't gevonden''.[522] Dit is 'n voorbeeld van 'n tema wat neutraal is en tog lok.

- Reklame deur middel van pamflette; 'n evangelisasiekoerant (wat tydelik verskyn); advertensies en berigte in die pers; oor die radio; plakkate met toestemming aanbring in winkels, op straat, langs die heinings van lidmate, by die saal.
- Deur die regte kanale spesifieke uitnodigings aan koshuise, jeugtuistes en ander personeelwonings (byvoorbeeld van die Suid-Afrikaanse Spoorweë) in die gemeente. As dit 'n ring of stadsreeks is, moet hierdie uitnodigings tot in detail beplan word.
- Afkondigings by skole en natuurlik by al die gemeentebyeenkomste. Elke kind en elke bejaarde moet op die hoogte wees. Almal se belangstelling, voorbidding en samewerking is van die uiterste belang.

★6 Nasorg

Die nasorg moet as wesenlike deel van die dienste beplan word. Die werkers moet presies weet wat van hulle verwag word, hoe om op te tree, hoe om die beskikbare nasorgkaart in te vul, waar om dit in te lewer. Na die dienste begin die eintlike werk. Die projekte gaan voort. Die reeks was geen hoogtepunt of afsluiting nie, maar 'n faset in die langtermynplan van God in en deur sy gemeente.

Nasorg direk na die diens kan verskillende vorme aanneem. Dit hang baie af van die soort uitnodiging wat gemaak word. Wat sterk aanbeveel word, is wat soms genoem word 'n ''speak-in''. Na die diens (waarna reeds verwys is) in die Spuikerk in Amsterdam, word gereeld na 'n koffiekamer beweeg — nogal 'n aansienlike afstand weg van die ''kerkgebou''. Daar word op informele wyse koffie gedrink. Elkeen wat inkom, kry vir homself koffie en gaan by een van die aantal tafels sit. 'n Groot aantal vrywillige gelowiges is onopgemerk tussen almal versprei. Aan hierdie tafels ontstaan dan gesprekke van allerlei aard. Dit duur gewoonlik tot 23h30. Die ervaring het in hierdie geval aangetoon dat ''geleerde'' vervreemdes en ''klinknaelbroekdraers'' hierdie byeenkomste bywoon. Die werkers moet dus goed toegerus wees. 'n Ouderling van die Gereformeerde Kerk is ook daar teenwoordig en soms word ook klein en groter groepbesprekings



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

onder sy leiding gehou.[523] Informele nasorgbyeenkomste trek waarskynlik meer kinders en jongmense as direktiewe nasorgkonfrontasie. Die werkers moet in 'n sekere sin beter toegerus wees om in hierdie informele atmosfeer wel tot 'n gesprek te geraak. Hulle moet voorkom dat nasorgbyeenkomste net 'n gesellige en selfs uitspattige onderonsie word.

★7 'n Gemeentewerk

Bisagna doen 'n werkwyse aan die hand waarvolgens 'n jaarlikse diensreeks by geleentheid afgewissel kan word. Hy noem dit 'n "departmental revival". Kortliks kom dit hierop neer:

- Bring al die juniors op Maandagaand byeen.
- Die tieners op Dinsdagaand.
- Die hele gemeente by Woensdagaand se biduur.
- Die jong belydende lidmate kry Donderdagaand 'n beurt.
- En die senior lidmate Vrydagaand.

Elke aand word afsonderlik beplan, byvoorbeeld 'n ete met 'n toepaslike program vir die ouderdomsgroep.[524]

So 'n gemeenteweek het beslis moontlikhede. Deeglike vooraf beplanning kan almal betrokke kry by die "sukses" van die ander se aande. Kerkvervreemde en buitekerklike gesinne kan op 'n besondere wyse as gesin ingeskakel word. By wyse van afwisseling kan daar vir Sondag 'n prediker van buite genooi word en word die week afgesluit met 'n "massa" waar die gesinne saam sit en deelneem.

Daar bestaan ook in Duitsland verskillende modelle vir die bearbeiding van die groot stad. Een daarvan is die sogenaamde "Gemeindekirchentage". Vir hierdie "gemeentekerkdae" bestaan daar vaste riglyne. Hierdie riglyne behels onder andere die volgende:

- Die besoeke aan mense word sistematies voortgesit.
- Daar vind Bybelstudie, eredienste en nagmaal plaas.
- Straatwerk word onderneem.
- Saakgerigte voordragte en diskussie.
- Die Christelike kuns word bekendgestel in teaters, met films en voorlesings.
- Middagetes.
- Saamtrekke.[525]

Daar is dus verskeie moontlikhede om deur die organisering van "gemeenteweke" vervreemde jeug en ouers met die evangelie te bereik en terug te win.

★8 Jeugdeelname

'n Laaste saak wat in hierdie verband belangrik is, is die deelname van die jeug aan jeugsaamtrekke en diensreekse in belang van evangelisasie. Hulle moet 'n groot aandeel aan die "liturgie" van die byeenkomste neem. Onder leiding van die leraar moet hulle die reeks en die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

verloop help beplan, liedere kies, gebede voorberei. Hulle moet voorberei word vir gespreksgetuienisse onder leiding van 'n leraar of ander jeugleier of jongmens. Die deelname van kore, sangpare, die keuse van musiek is wesenlik. As die gemeente 'n jeugevangelisasiereeks wil laat slaag, moet die jeug 'n aktiewe rol speel in die dienste. Selfs indien die prediker net preek, en die afsluiting hanteer terwyl een of meer van die kerkjeug die res van die diens lei, kan dit baie effektief wees.

Voorts moet dit juis ook die kerkjeug wees wat self in die voorbidding vir die reeks leiding gee en die gemeente daartoe lei en daarby inskakel. Hulle moet aktief by die besoekwerk ingeskakel word en wanneer hulle en hulle vervreemde en buitekerklike vriende eenmaal by die diens is, moet elkeen sy deel doen om deur vriendelikheid, samesang, stil gebed en verwagting van die byeenkoms iets moois te maak.

### 4.1.6 NASORG AS GEMEENTELIKE BEDIENING

#### 4.1.6.1 Die noodsaak van nasorg

● 1 Enige evangelisasie sonder nasorg is doodgebore. Talle evangelisasieaksies het al misluk omdat die nasorg nie as wesenlike deel van die aksie beplan en deurgevoer is nie. Dit gaan dus hier nie net om nasorg na afloop van diensreekse nie, maar om nasorg as algemene beginsel in jeugevangelisasie as voortgesette gemeentelike bediening. Hierdie gebrek is so dikwels 'n bewys van wanopvattings by gelowiges. McDill is reg wanneer hy skryf: "Our task is to begin to introduce a person to Jesus Christ with a realization that once he accepts Christ as his Savior, his relationship with God only begun. We must continue to introduce him to Jesus Christ in an evergrowing fashion".[526] Gebrek aan nasorg is dikwels ook 'n bewys dat die gelowiges nie eg omgee nie. Jauncey skryf dat die kerk se erns en opregtheid juis getoets word deur die optrede ná die bekering. "If we just drop them, then it means we have very little personal interest in them in the first place. If the love was real, then we would be just as interested in continuing with them afterwards as before."[527]

★2 'n Teologiese wanopvatting wat dikwels nasorg verkleineer, is wat McDill noem die "curse of conversionism".[528] Hoe noodsaaklik bekering van die vervreemde en buitekerklike ook al is, as dit doel op sigself en einddoel word, is dit 'n miskenning van die sondige natuur van die mens; dit misken die behoefte van die jong Christen aan groei in kennis van die Skrif; dit misken die doel van God met die gelowige. Tereg sê McDill dat "practical conversionism" (die toestand waar gesê word dissipelskap is belangrik, maar in die praktyk word heel tevrede by bekering gebly) "is the number one contributor to the large proportion of inactive and uninvolved church members among evangelical groups".[529] In so 'n situasie en gemeente is daar gewoonlik baie "bekeerdes" maar weinig werkers en getuies. Dit was 'n "bekering" tot die rus van die onaktiewes, eerder as 'n Bybelse redding deur geloof tot belydenis.[530] Hier is dan ter sake wat Kromminga noem: "without this confession there is no salvation".[531]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3 'n Gemeente het dikwels 'n bekering tot nasorg nodig. Baie entoesiaste pak programme aan, maar sien nie kans vir die veeleisende en lang pad van nasorg of voortdurende sorg nie. Dit vra veel van die gelowiges. Bisagna sê tereg dat dit een ding is om nuwe lede by die voordeur te ontvang, maar 'n ander "to keep them from going out the back door".[532] 'n Gemeente moet opgelei word tot die begrip dat evangelisasie nooit met 'n oorgawe afgehandel is nie. "Follow-up procedures are not completed until the convert has been taught to study God's Word, to pray, to live the Christian life, and to walk with Christ. Then he is encouraged to come into the evangelism program to learn how to win others to Christ." Selfs dan is dit nog nie afgehandel nie, want hy moet leer "not only *how to reproduce*, but also *how to disciple*" sodat elke nuwe gelowige weer groei tot volwasse Christenskap en dieselfde doen. Die doel is dus nie bekering alleen nie, maar geestelike groei en "spiritual multiplication".[533] Wanneer bogenoemde nie gebeur en deurgevoer word nie, word die nuwe bekeerde die swak skakel in die evangelisasieketting en van die gemeente as dienende en getuigende liggaam van Christus. Swak nasorg produseer swak lidmate — mense wat nie liefhet nie omdat hulle nie liefde ervaar nie, mense wat nie getuig nie omdat hulle by hul bekering in onmondigheid gelaat is.[534]

4.1.6.2 Nasorg en dissipelskap

★1 Hierdie waarheid word tereg al sterker beklemtoon. McDill sê tereg dat wat nasorg betref die verwaarlosing van dissipelbou die ernstigste oortreding van die laaste opdrag van Christus aan sy kerk is.[535] "Pastors and congregations are too often brainwashed into believing that church growth must be by addition only. No effort has been made to equip others to reproduce. The pastor or a visiting evangelist are seen as the only agents of addition growth. Multiplication growth takes more time. For new reproducers must be equipped. In the long run however, multiplication growth is far more productive."[536] Die feit dat bekeerdes nie dissipels gemaak word nie, is een van die redes waarom gemeentes kwyn en verklein.

Die eise van dissipelskap word so dikwels in bekeringsprediking verwaarloos. Wilson skryf in hierdie verband dat hy 'n krisis vir evangelisasie voorspel as die "moral collapse" voortgaan. Kerke en leiers sal al minder tevrede wees met 'n soort evangelisasie wat wel mense tot 'n besluit lei "but produces 'converts' who do not follow through by active membership in the churches, or if they join the churches, do not produce the fruit of the Spirit in their lives. There is the possibility that this might even lead to widespread rejection of evangelism altogether. This would be tragic".[537] Mcphee in sy model van "friendship evangelism" en Armstrong met sy model van "service evangelism" verkies beide om te praat van "follow-through" eerder as van "follow-up". Albei beklemtoon die begeleiding tot dissipelskap van Christus.[538]

Deel van hierdie begeleiding tot dissipelskap is ook die inbou in die gemeenskap van dissipels van Christus. Nasorg het tot doel die uiteindelike deelwording van die gemeente as diensgemeenskap. Alessi



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

noem dit "building persons into the life and ministry of the Church".[539] In hierdie geloofsgemeenskap word dissipelskap gevorm, verfyn en onderhou.[540] Jauncey noem tereg dat die rede vir die feit dat so baie bekeerdes na interkerklike saamtrekke "geestelike weeskinders" is hierin gesoek moet word. Hoewel organisasies alles in hul vermoë doen om terugkoppeling na die kerke te verseker, bly dit moeilik. "Such assistance helps, but at best it is a foster-home process. It is so much better if people can be born spiritually in a home where they are going to stay".[541] Juis ook om hierdie rede word gemeentelike evangelisasie hier so sterk bepleit.

Die gemeente self het in hierdie faset van nasorg 'n groot verantwoordelikheid. Die gemeente en al sy aksies moet inderdaad funksioneer as "receiving fellowship".[542] Kromminga bedoel hiermee dat die gemeente 'n liefdevolle en opregte gemeenskap moet wees wat as sodanig na ander uitgaan en "receiving in love those converted to Christ ... The congregation is to receive the convert in the way in which it has already received the 'partner', the fellow believer through whose agency the convert has been brought to faith in Christ".[543]

Hierdie inlei in die gemeenskap van dissipels is dus tegelyk die persoonlike werker, die ampte en die gemeente se verantwoordelikheid. Solank daar maar goed onthou word dat nasorg nooit verby is voordat die "lewende stene" nie opgebou is tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom wat geestelike offers bring nie.[544] Hierdie saak is te meer belangrik omdat die bekeerde kind en jongmens dikwels ernstige stryd ervaar op die pad na getroue dissipelskap. Hulle worstel dikwels met twyfel, hul portuurgroep (peer group) oefen groot druk op hulle uit (veral as dit 'n wêreldgesinde groep was waarin hy/sy voorheen geleef het) en as kind en jongmens stry hul dikwels teen mismoedigheid en wisselvallige gevoelens.[545]

4.1.6.3 Riglyne vir effektiewe nasorg

★1 Deeglike beheer en leiding

Die betrokke kommissies van die kerkraad en die ooreenstemmende diensgroepe van die kerkjeugaksies behoort oor nasorg te waak soos oor min ander fasette van jeugevangelisasie. Spesifieke persone behoort 'n nasorgkomitee te vorm. Hulle sorg dat die nasorgkaarte op datum bly; kontroleer dat nasorgbesoeke gereeld gebring word en verslag op die kaarte aangeteken word. Hulle is verantwoordelik vir vorderingsverslae aan die kommissies van die kerkraad en deur laasgenoemde aan die kerkraad. Ten alle koste moet gewaak word dat nasorg nie maar 'n allemanswerk is nie. Gelowiges wat byvoorbeeld in 'n jeug-tot-jeug-verhouding ander na Christus gelei het, bly vir daardie jong gelowige se nasorg verantwoordelik. Indien die werker dit nie self kan behartig nie, word die verantwoordelikheid aan iemand anders oorgedra.

★2 Gemeentetaak

Hiermee word kortliks ter wille van volledigheid weer vermeld dat die gemeente voortdurend gevorm en begelei moet word tot "receiving



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

fellowship" (Kromminga). Dit is ondenkbaar dat 'n vervreemde of buitekerklike teruggewin word en dan weer weggestoot word deur onsimpatieke lidmate en 'n ongevoelige gesindheid teenoor die teruggekeerde en, in die geval van die buitekerklike, toekomstige lidmaat. Hierin is Ellis volkome ter sake wanneer hy skryf: "if they're worth getting, they're worth keeping".[546]

★3 Begelei na die erediens

Terwyl die neiging is om jong bekeerde vervreemdes eers na klein groepe in die gemeente te begelei, word die standpunt hier gehandhaaf dat die erediens die plek is waar die hartklop van die gemeente die sterkste voelbaar is.[547] Natuurlik plaas dit groot klem op die hartlikheid en egtheid in die erediens. Vir hierdie eise moet nie teruggedeins en as't ware plaasvervangend in die klein groep vir byeenkomste voorsiening gemaak word nie. Dit gaan nie hier om 'n òf — òf nie. Albei is belangrik en daar behoort 'n stimulerende wisselwerking tussen die erediens en die klein groepe te wees.[548] In die erediens kan veel meer gemaak word van nuwelinge en nuwe intrekkers. Verwelkoming in die algemeen is nie genoeg nie.[549] 'n Persoon wat na die gemeente van Christus terugkeer, moet nie in die minste twyfel oor sy aanvaarding deur en in die gemeente se belangrikste byeenkoms nie.

★4 Inskakeling in 'n klein groepie

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar in hierdie verband talle moontlikhede. Kinders wat terugkeer na Christus en sy gemeente, kan by 'n kategeseklas[550] en by die Junior of Senior Kerkjeugaksies ingeskakel word. Dit is die persoon wat die kind na Christus gelei het se verantwoordelikheid om hiervoor sorg te dra. Naskoolse jongmense kan by die Belydende Kerkjeugaksie inskakel. Hierby kan gevoeg word die wyksbyeenkomste, Bybelstudie wat bestaan, of vir die doel van evangelisasie en nasorg georganiseer kan word. Barlow is reg in sy uitgangspunt dat "home groups can enrich congregational life" juis omdat daar "stronger cohesion and deeper loving fellowship" ontwikkel; mekaar se laaste gedra; skuld bely kan word en vir mekaar gebid word; volwassenheid en diepte deur groepdissipline toeneem en ook nog die gawes ontdek en ontwikkel word.[551] Chaney en Lewis sê dat "the principle of small groups is a basic principle of church growth".[552]

Die groot saak waarom dit hier gaan, is die inlei in sinvolle geloofsgemeenskap. Hierdie gemeenskap is wesenlik belangrik vir geloofsgroei tot volwasse dissipelskap: "Christianity without community is like an ocean without water or a library without books".[553] Indien hierdie faset van nasorg wil slaag, moet die leiers van die groepe — die kategete en ander jeugleiers en -werkers goed opgelei word. Nasorg is inderdaad só belangrik dat dit omvattende leiervorming op jeugterrein vereis. 'n Kategeet en jeugleier kan in een oomblik ongedaan maak wat oor maande opgebou is. Kilpatrick skryf dat die plan wat die toets deurstaan het *"is to arrange the young Christians in groups,* say of five or ten, *each group under the care of a trusted leader* who will be expected



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

to keep in close touch with each member of his or her group, studying, welcoming, cheering, warning, stimulating and leading in Christian service''.[554]

Deur persoonlike nasorg, maar ook en veral binne die gemeentegroepe, moet die jong gelowige gehelp word om 'n vaste geloofsvertroue te ontwikkel. Ellis noem dit as die eerste van twaalf wenke om jong gelowiges tot dissipelskap te lei.[555] Volgens Wilson het Jesus juis dissipels gebou deur hulle in 'n klein groepie in te skakel (twee tot vier, byvoorbeeld die uitsending volgens Lukas 10); deur hulle in 'n groter groep toe te rus (soos byvoorbeeld die twaalf vir meer as drie jaar); en die derde vlak is dan die gemeente — al sy volgelinge saam.[556] Hierdie waarhede word ook deur die geskiedenis bewys.[557] Tereg sê Bubna in die verband van sy skrywe oor ''building people through a caring sharing fellowship: When *koinonia* exists in the church, it allows the church to be the caring, loving community it was meant to be: the portrait of love God wants the world to see''.[558] In hierdie geloofsgemeenskap speel Bybelstudie 'n baie belangrike rol. Dit word deel van die essensie van nasorg om die jong gelowige die Skrif te leer verstaan (daarom is die eredienste so belangrik), die Skrif te leer hanteer en uit die Skrif te begin leef.[559]

★5 Skakel die ouers in

Jeugevangelisasie en nasorg aan hulle wat teruggekom het, kan en mag nie die ouers verbygaan nie. Hoe jonger die kind, hoe belangriker is hierdie waarheid. Ouers kan 'n baie positiewe rol speel indien hulle self gelowiges is. Indien nie, kan dit lei tot hul medewerking ter wille van hulle kind en sy/haar keuse. Dit kan ook lei tot die bekering van die ouers self. 'n Ouer-jeugaand kan beplan word waar ouers byvoorbeeld op die hoogte gebring word met die jeugaksie se doel en program. Hier kan ook die ouers se onvervangbare plek beklemtoon word en hulle medewerking verkry word. ''Parents are your best asset. You may win the entire family through the teen-agers. You can make faith a family affair.''[560]

★6 Inskakeling by toerustings- en diensaksies

Ellis noem dit: ''give them orientation and training''.[561] Hieroor bestaan daar min twyfel: die teruggekeerde jeug moet as't ware outomaties by toerusting en diens ingeskakel word. Dit is deel van die persoon se terugkeer dat hy/sy by die kategese en praktiese werk van die jeugaksie inskakel. Net so ook die naskoolse jongmens by die gemeentelike lidmaattoerustingsprogram en die Belydende Kerkjeugaksie. Dissipelskap eis toerusting en toerusting is met die oog op diens.[562]

Op hierdie punt is 'n gemeentelike nasorgtoerusting en -diens so wesenlik. As die verband tussen evangelisasie (as die wen van mense vir Christus) en dissipelskapvorming losgelaat word, is die resultate noodlottig vir die kerk en Christendom. Interkerklike jeugorganisasies mis juis so dikwels hierdie onlosmaaklike band tussen evangelisasie en dissipelbou. Selfs organisasies wat swaar klem lê op dissipelskap, kan dit moeilik verwerklik buite gemeenteverband. Hier ontstaan dan ook



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

meermale spanning tussen kerke en organisasies. Die een (die kerk) het nie die toerusting en evangelisasie gedoen nie en die ander (die organisasie) kan nie die nasorg na wense afhandel nie. Baie organisasies soos byvoorbeeld die Billy Graham-groep, probeer hierdie probleme uitskakel deur ten nouste met plaaslike kerke saam te werk.[563] Waar daar egter 'n negatiewe standpunt deur 'n kerk teenoor 'n organisasie ingeneem is (soos die Nederduitse Gereformeerde Kerk teenoor Campus Crusade for Christ ingeneem het)[564], en so 'n organisasie gaan nogtans binne gemeentegrense voort met sy werk, is dit logies dat spanning ontstaan. Baie mense wat deur die organisasie toegerus is, word nie in die gemeente gebruik nie en bekeerdes deur 'n aksie word nie in die gemeente in 'n nasorgprogram ingeskakel nie. Dit kan nie oorbeklemtoon word nie dat die gemeente self die toerusting en praktiese indiensstelling van die jong gelowige moet behartig.

In die gemeente kan die noue verband tussen evangelisasie en dissipelbou ten beste gehandhaaf word. Wilson praat in hierdie verband van die Nuwe-Testamentiese "balance and integration of evangelism with disciple building".[565]

Bisagna praat van 'n "new-members class" wat deur die pastor en ander gelowiges vir dertien weke — een uur "training hour" per week — gelei word. "Membership is automatic and attendance is expected."[566] Toerusting en *diens* is hier van belang. Jong gelowiges moet werk kry om te doen. Nasorg is die manier om hulle dit te leer en hulle na diens te begelei — getuienis, barmhartigheidsdiens, onderlinge sorg en nog veel meer. Ellis sê tereg: "Give them challenging tasks to do. Find out about their interests and skills. A new Christian won't go very far without having a chance to express his experience through service".[567]

★7 Behou 'n jeug-tot-jeug-nasorg

Beide Ellis en Kettner gee as wenke die koppeling van 'n jong gelowige aan 'n ander Christen.[568] Soos reeds vermeld, moet dit verkieslik die persoon wees wat die vervreemde of buitekerklike na Christus gelei het. Daar bestaan dan reeds 'n vertrouensverhouding wat in nasorg baie positief benut kan word. Dit maak dit makliker, maar in sekere opsigte ook moeiliker, want daar moet nou voortgegaan word op die pad van vertrouebou en die lang pad van dissipelbou.[569]

Terwyl bogenoemde onthou word, moet ook gewaarsku word teen 'n ongesonde persoonsbinding tussen jonger- en "ouer" gelowiges. Dit is die "ouer"-gelowige se verantwoordelikheid om die jong-gelowige deur die Woord aan die Vader, die Seun en die Heilige Gees te bind.

4.1.6.4 'n Nasorgmodel

★1 In die jeug-tot-jeugkursus van die Nederduitse Gereformeerde Kerk word 'n nasorgplan van een besoek per week ($\pm$ een uur) vir sewe weke voorgestel.[570] Dit kan ook meer wees, maar verkieslik nie minder nie. Riglyne vir elke besoek, sowel as gespreksmateriaal vir elke besoek is deel van die kursus. Dit gaan daarom om die jong gelowige te begelei —



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

oor 'n tydperk van sewe weke se persoonlike sorg — tot

- voller begrip van sy geloofsekerheid,
- die hantering van die probleem van sonde,
- oorwinning oor sonde,
- geestelike groei,
- Bybelstudie en gebed,
- diensbaarheid in die gemeente,
- 'n getuie vir Christus.[571]

★2 Terwyl hierdie persoonlike jeug-tot-jeug-nasorg oor sewe of meer weke verloop, word die gelowige ook teruggelei, saamgeneem na die eredienste en ander jeugbyeenkomste en aan ander gelowige kinders en jongmense bekendgestel. Die veronderstelling is om sodoende die jong gelowige deel te maak van die normale leefwyse van die gemeente. So word hy ingeskakel in 'n gemeente vir wie evangelisasie hopelik besig is om 'n "life-style"[572] te word. Of soos Barnard sê: " 'n lewende kerk (met) 'n missionêre blikpunt".[573]

★3 Indien die teruggekeerde nog nie 'n belydende lidmaat is nie, mag dit blyk dat die persoon na sewe weke se korttermynnasorg gereed is om by 'n kategeseklas in te skakel. Gewoonlik word ouer jongmense by 'n afsonderlike klas vir volwassenes ingeskakel.

4.1.6.5 Samevattend

- Nasorg behoort tot evangelisasie. Evangelisasie is onvolledig en onvolkome sonder nasorg. Daarom moet dit as deel van elke evangelisasiepoging beplan, deurgevoer en gekontroleer word.
- Nasorg begelei tot 'n vaste en groeiende geloofsverhouding met Christus binne sy gemeente en met inskakeling by die klein groepies. Nasorg begelei tot toerusting en diens.
- Nasorg vra volharding, geduld en liefde. Dit is per slot van rekening dissipelbou. Hier is die woord van Wilson weer ter sake: "The task of building disciples takes longer, is more demanding, and is harder to publicize and sell. People are more impressed with statistics on evangelism than with those on disciple building".[574]
- Persoonlike voorbidding bly in nasorg van die allergrootste belang. Hierin is die voorbeeld van Jesus Christus en Paulus 'n inspirasie. Jesus bid byvoorbeeld voor die aanstelling van die twaalf, spesifiek vir Petrus en sy dissipels.[575] Paulus het 'n omvattende gebedsbediening vir die gemeentes langs sy pad. Saam hiermee gaan ook sy ewe omvattende briewe-nasorg.[576]

4.1.7 GROEIENDE GEMEENTE

Samevattend kan hierdie aspek afgesluit word met 'n opsomming van 'n paar kenmerke wat algemeen is by gemeentes wat groei ervaar.

• 1 *Gebedsbyeenkomste* met die oog op die lewe van die gemeente en vir evangelisasie en sending.[577] Krass skryf in hierdie verband: "I would be willing to state categorically that no such program for the renewal



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

of the church in evangelism will be any stronger than the life of prayer which it generates at its center ... This is God's work, God's task, God's mission. He has called us to participate in it. But we cannot do that unless we commit it regularly, daily, to him in prayer''.[578]

- •2 *Getuienis* van enkelinge en klein groepies. Vanuit die gemeente is gelowiges besig om onopvallend hul getuienis te lewer.[579]
- •3 Die *aantrekkings*krag van telkens *nuwe lede* in die gemeente op te neem. Die hele gemeente raak hierby betrokke ... ''teams of laymen and young people were leading others to Christ''.[580] Hierdie nuwe lede maak altyd weer deure na nuwe werksplekke, families, woonstelblokke en so meer oop.[581]
- •4 *Vreugde* is kenmerkend en aansteeklik by gemeentes wat groei ''but it was more than a clubby atmosphere; people were talking about the Lord, telling about answers to prayer, praising God''.[582]
- •5 *Bybelstudie* is by groeiende gemeentes 'n prioriteit.[583] Hiermee gaan saam 'n ''strong commitment to edification of the saints'' ... ''Some call it discipleship, others call it Christian education, others have their own names. Whatever, it involves the basic provision of building the spiritual strength of the body of believers. Inward growth is the necessary complement of outward growth''.[584] Miller noem as die drie goue drade wat dwarsdeur alle programme en gemeentes wat groei, loop: ''doing the Word, saying the Word, and being the Word''.[585]
- •6 *Prediking*. Relevante prediking is 'n wesenlike karaktertrek in gemeentes wat groei. ''De predikers deden hun huiswerk grondig en bouwden hun preken op in levend contact *met de* Bijbel en de mensen.''[586]

  Saam hiermee kan genoem word 'n ''strong commitment to worship ... a church whose first thoughts are of their Lord''.[587]
- •7 *''Een netwerk van aktiwiteiten''*.[588]

  Gemeentes wat groei, is op allerlei wyses betrokke by die uitbreiding van die Koninkryk. Van die aantal kerke (17) wat ondersoek is, en waarvan Watson skryf ''all were budgeting up to and even beyond 50 per cent for missionary causes''.[589] Ken Parker noem hierdie selfde saak ''a strong commitment to outreach'' en ''to people''.[590] B. en M. Palmer wat ook elf groeiende gemeentes ondersoek het, noem ook hulle goed beplande progam as rede vir hulle groei.[591] Chaney en Lewis noem dit 'n ''growth atmosphere'' waar mense op hul gemak is, waar hulle diens lewer en *''in a growth atmosphere People — Think grow''*[592] Barnard bespreek baie van hierdie sake onder die opskrif: georganiseerde evangelisasie.[593]
- •8 *Familie-atmosfeer*. Watson skryf dat die groeiende gemeentes ''cultivated a warm church family atmosphere'' en selfs hoewel die gemeentes groei, ''the pastoral team managed to convey the impression of ministering to a small, intimate family''.[594]





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

• 9 *Leierskap*

"In de leiding van de gemeente was het niet één 'prima donna', die alleen domineerde, maar er was een rollenspel waaraan velen deelnamen, ook jongeren!"[595] Die Palmers skryf ook dat leierskap 'n noodsaaklikheid is vir gemeentegroei: "If you would have an exploding church, it is imperative that you become a leader".[596]

• 10 *Onderlinge liefde.* Watson skryf dat dit die belangrikste algemene kenmerk was in die gemeentes wat ondersoek is. Daar was 'n algemene "spirit of love that embraced everyone who walked through the church doors, regardless of background, status, skin-colour or life-style. There were no walls or false faces; people seemed eager to bear each other's burdens. The pastor's love for the people was expressed, accepted and returned".[597]

• 11 *Openheid tot evaluering*

Hierdie aspek sluit aan by al die voriges. Hiermee word bedoel 'n openheid om die gemeentelike lewe eg te evalueer en te verander waar en wanneer nodig. 'n Geslotenheid ten opsigte van foute en strukture is inderdaad anti-evangelisasie. Hierdie openheid het reeds in die uiters moeilike eerste "kerkvergadering" geblyk. Wat daar besluit is, kan alleen as 'n genadige ingrype van God in en ter wille van die evangelisering van die wêreld verklaar word.[598] Op grond van hulle ondersoek skryf B. en M. Palmer: "By being adaptable to the needs of the people in the community, the church is able to reach out to them with the gospel of Christ".[599] Om hiervoor bereid te wees vra dikwels na 'n diepteontleding van die werklike stand van sake. Dit word gewoonlik "gemeente-analyse"[600] genoem. So byvoorbeeld het D. P. Thompson gemeentes langs die weg van probleemidentifisering, behoeftebepaling, vermoë-ontdekking en oplossingsformulering gehelp om tot nuwe groei te kom: "Deze gemeenten beleefden in het leerproces der analyse iets wat ze nog nooit beleefd hadden. Ze hadden zichzelf leren zien door de ogen van anderen en ze hadden hun zituatie gezien in een nieuw perspectief".[601] Soortgelyk is ook die weg waarlangs Allan sy gemeente tot groei gelei het.[602]

• 12 *Offervaardige diens*

Hierdie karaktertrek word nie hier laaste genoem omdat dit minder belangrik is nie. Inteendeel, "a growing church is characterized by men and women who are freely giving of their time, their resources and their substance so that Christ might be honoured and His ministry advanced".[603] Hierdie betroubare offervaardigheid was kenmerkend van byvoorbeeld Paulus se eie bediening van die Nuwe-Testamentiese gemeentes.[603]

Tereg sê Chaney en Lewis dat daar geen volledige lys van beginsels vir gemeentegroei is nie. "All that can be said is, when these principles or some principles like them are applied to a church, growth takes place ... God wants churches to grow through the multiplica-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

tion of the number of its members. He likewise desires growth among its members as they link their lives to him, his Word and the members of the church.''[605]

## 4.2 JEUGEVANGELISASIE IN KERKVERBAND

### 4.2.1 GEMEENTE-EVANGELISASIE EN KERKVERBAND

★1 Die uiteensetting van die *wese* van kerkverband val buite die bestek van hierdie studie, maar die belang van die *saak* van die kerkverband raak evangelisasie ten seerste. Wat hier dus van belang is, is die groot waarheid dat evangelisasie dikwels 'n ''geheelaanpak'' verg. Solank evangelisasie slegs sporadies plaasvind, hier en daar in 'n besielde gemeente, ''dan het ons nog nie 'n kerk wat evangeliseer in die ware sin van die woord nie. Om daartoe te kom, moet die evangelisasie 'n geheelaanpak wees''.[606] In hierdie paragraaf gaan dit veral oor 'n aksie ''wat elke plaaslike gemeente, en die kerk in breër verband, insluit''.[607]

★2 Evangelisasie in kerkverband stuit soms op die weerstand van sommige leraars van plaaslike gemeentes. Die argument wat gewoonlik gebruik word, is dat evangelisasie die werk van die plaaslike gemeente is en dat die ring en sinode nie met die werk van die gemeente kan inmeng nie. Wat meermale agter hierdie argument sit, is nie soseer 'n beskerming van evangelisasie as werk van die plaaslike gemeente nie, maar juis 'n verbloeming van werk wat nie gedoen word nie. Gemeentes met 'n evangelisasievisie, kan onmoontlik nie skynbesware opbou teen 'n breër en meer intensiewe evangelisasie-aksie van gemeentes binne kerkverband nie. Sou dit gebeur, is dit waar wat Häring eenmaal geskryf het naamlik ''ecclesiocentrism would be the greatest obstacle to evangelization''.[608] In die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou dit 'n *''gemeentesisme''* beteken wat neerkom op die geringskatting van die kerkverband en die waarde van eenheidsoptrede binne ring, sinodale en selfs algemeen sinodale verband.

★3 Die eenheidsoptrede van die kerk van Christus is in evangelisasie (en sending) van die allergrootste belang. Dit is in 'n sekere opsig voorwaarde vir die geloof in Jesus Christus en die Vader.[609] Hierdie eenheid raak ook die werk in ekumeniese verband, maar te meer kan dit binne kerkverband verwag word. Sonder om vir een oomblik die wesenlike belang van evangelisasie as gemeentelike bediening, soos dit tot hiertoe bepleit is, te verkleineer, word dit eweneens gehandhaaf dat:

- Daar groot seën rus op gesamentlike en/of gelyktydige gemeentelike aksies binne kerkverband.[610]
- Daar sekere evangelisasie-aksies is wat meer effektief deur ringe en/of sinodes onderneem kan word — in samewerking met 'n plaaslike gemeente of gemeentes.

### 4.2.2 VEREISTES VIR EVANGELISASIE IN KERKVERBAND

★1 Gehoorsaamheid aan God se opdrag

Die ganse kerkverband behoort gekenmerk te word deur 'n gees van gehoorsaamheid aan God se bedoeling vir sy kerk op aarde. Hier geld in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

'n sekere sin alles wat in hoofstuk 2 as beginselstandpunte uitgewerk is. Nie alleen plaaslike gemeentes nie, maar die hele denominasie soos dit in sy meerdere vergaderings geken word, moet die gestalte van 'n dienende, gehoorsame, verkondigende kerk vertoon. Ook die strukture en "beheer-vergaderings" van die kerk moet dienend wees — slegs maar 'n weg tot 'n doel — die doel van God met sy kerk. Krass is reg wanneer hy skryf dat "the new structures we create are meant to be servant structures, but, because we lose the basic principle of theonomy — God-directedness — they often turn to be masters instead. Organization is just a means to an end — more effective ministry, but I'm afraid it often becomes the end (finis?) and the ministers it's means ... if the church is to be renewed in evangelism it will be because the church itself as a whole is being renewed in faith and obedience to God".[611]

Dit moet vir 'n land, 'n stad, 'n omgewing duidelik wees dat hier 'n denominasie, 'n kerk is wat totaal en al onder die heerskappy van die God van die Bybel staan en dien. Häring beklemtoon in hierdie verband veral die belydenis van die sondes van die denominasie "whether this concerns personal acts or the alienation of structures and institutions and centres of ecclesiastical power ... A Church in a perennial state of vigilant self-defence or a prevalently apologetic theology leads inevitably to ideology ... Only when she confesses with her whole life that God is sufficient for her and renounces the means used by the powers of the world, only then does she become an evangelizing agent".[612] Tereg vervolg hy deur te sê: "the church can preach the gospel when her only intention is to be faithful, and not to acquire importance in the world".[613]

Ook wat sy leiers betref, gaan dit nie soseer om persone wat evangelisasie-veldtogte kan lei nie, maar "we need people who will be able to enable us to be an evangelistic mission ... We need leaders with very small egos, leaders who have faith in the Holy Spirit working through the Church".[614]

'n Kerk/gemeente moet die karakter van 'n dienende kerk, " 'n lewende kerk met 'n missionêre blikpunt"[615] dra.

★2 Intergemeentelike ondersteuning

Binne 'n ring of sinode kan dit groot waarde hê as daar eenvormig en gelyktydig aan sekere fasette van evangelisasie aandag gegee word. Elke gemeente beplan en werk nog self binne sy eie grense, maar "ook kan die gemeentes mekaar help en inspireer en kan die kragte saamgesnoer word".[616] Kettner sê tereg dat so 'n gesamentlike aksie veral die kinders en jeug baat. "The advantage is that they work together and encourage one another. Many congregations which would not have made a special effort to locate the unchurched and invite them to services will do so when the rest of the congregations do."[617]

★3 Deeglike voorbereiding

As dit waar is dat gemeentelike evangelisasieprojekte deeglik voorberei moet word, is dit nog meer waar van evangelisasie in kerkverband. Indien 'n ring of sinode en hul kommissies en kerkjeugaksiekomitees nie hier-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

voor bereid is nie, moet so 'n onderneming liefs gelaat word. 'n Swak georganiseerde projek kan die grootste struikelblok op die toekomstige pad van evangelisasie word. Hierdie voorbereiding sluit letterlik elke detail in: soos gebedsbeplanning, werkers, lokale en so meer.[618]

★4 Studie en voorligting

Dit behoort in besonder tot die taak van die kerkverband om leiding te gee oor beginsels, strukture vir evangeliserende gemeentes en wyses waarop die vervreemde en buitekerklike jeug bereik kan word. In hierdie verband raak die totstandkoming (al is dit aanvanklik op 'n ad hoc-basis) van 'n skakelstudiekommissie tussen die bestaande diensterreinkommissies op sinodale en algemeen sinodale vlak dringend. Jeugevangelisasie (alle evangelisasie vir hierdie doel) raak die jeugkommissie, die kommissie vir ampsbediening en evangelisasie, die kommissie vir die diens van barmhartigheid en dikwels ook die beplanningskommissie vir sover dit geriewe raak.

Die punt hier is dat dit die kerkverband se verantwoordelikheid is om eenvormige leiding te voorsien. Hiervoor is dit nodig dat verskeie missionêre strukture bestudeer word.[619] Gemeentes kan ook genader word om sekere metodes en strukture te beproef en in 'n sekere sin as demonstrasiemodel op te tree. ''En vooral zal overwogen moeten worden welke *experimenten* voor missionaire structuren moeten worden gestimuleerd, versterkt en geëvalueerd.''[620]

Die kerkverband het dus nie slegs tot taak om van tyd tot tyd soos God sy kerk lei, met praktiese evangelisasie besig te wees nie. Dit het veral tot roeping om voortdurend strategie vir en mobilisering van alle gemeentes te beplan en die nodige motivering en leiding te voorsien. Tereg skryf Ruben Lores ''church strategy and planning is usually done at denominational level''. Hy noem dan as voorbeelde ''stewardship, Church education and evangelism programs, helping to set the goals and objectives, and by sponsoring denominational retreats to train the leaders ...'' Hy sê voorts: ''relating the program to the denominational level helps assure better coordination and greater continuity in the task of evangelism''.[621] Natuurlik beteken dit nie dat gemeentes eers vir kerkverbandprogramme en -leiding moet wag om met evangelisasie te begin nie. Hoegenaamd nie, maar die effek in 'n ring of sinode is groot as lidmate oor die grense heen weet en hoor van wat gelyktydig in die gemeentes gebeur.

### 4.2.3 PROJEKTE IN KERKVERBAND

#### 4.2.3.1 Verskeie moontlikhede

Binne ring- en sinodale verband is daar verskeie moontlikhede wat nie almal hier ter sprake kan kom nie.

- So byvoorbeeld kan 'n landwye evangelisasie- en sendingaksie binne al die sinodes van die kerk geloots word soos dié aksie waarop die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1970 besluit het.[622]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

- Vakansieoordbediening is nog so 'n projek waarin die kerkjeug byna uitsluitlik meewerk. Weliswaar word nie net kinders en jongmense bereik nie, maar die werkers is hoofsaaklik senior hoërskoolleerlinge en veral naskoolse jongmense.[623]
- Straatwerk en koffiekamers kan rings- of sinodale projekte wees waarin die kerkjeug vanuit verskillende gemeentes saamwerk.[624]
- 'n Ring of ringe binne 'n gegewe stad, kan ook gesamentlik en gelyktydig saamtrekke op verskeie plekke in die stad reël. So 'n evangelisasieaksie is in 1966 in al die ringe van Pretoria geloots. Die aksie is na verloop van maande met 'n paar opelugsaamtrekke in die middestad afgesluit.
- Die landwye jeug-tot-jeugaksie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende 1974 is een van die mooiste voorbeelde van 'n aksie binne kerkverband. Die span van 60 jongmense is uit al die sinodes gekies, die program is vir elke stad plaaslik gereël en die aksie het dwarsdeur die land die allerhartlikste ontvangs en samewerking geniet. Deur hierdie eenheidspoging is 23 000 hoërskooljeug en naskoolse jongmense beter toegerus vir hul getuienis en dienswerk; 310 hoërskole is met die evangelie bedien en meer as 220 000 kinders het hierdie byeenkomste bygewoon; met ongeveer 180 000 van hierdie kinders is groepsgesprekke oor die evangelie gevoer; meer as 200 000 persone is deur die 290 eredienste bereik; 260 000 persone is by die 140 saamtrekke met die evangelie bedien.[625]

4.2.3.2 Massamedia

★1 Deur hierdie projek binne die deel oor die kerkverband te bespreek, beteken nie dat 'n gemeente nie ook van massamedia in belang van jeugevangelisasie gebruik kan maak nie. Die hoofrede vir die keuse om dit hier te bespreek, is die feit dat die voorsiening van massamediamateriaal soos lektuur, kasette, oudiovisuele hulpmiddels soos skyfies, film en filmstroke, videobande makliker deur die kerkverband onderneem kan word.

★2 Massamediale en oudiovisuele middele is byna legio in hierdie tydvak van die eeu. Binne die Christian Reformed Church word vir sover dit oudiovisuele middele betref, onderskei tussen "display materials, projected media, recorded media, three dimensional media".[626] Minstens 25 verskillende hulpmiddele word genoem.[627] Voeg hierby nog die massamedia soos die radio, televisie, alle vorme van die gedrukte woord en die moontlikhede raak inderdaad oorweldigend. Oor die feit dat al hierdie middele in diens van die evangelie gebruik kan en mag word, bestaan daar tans weinig twyfel. Toe Macauley en Belton in 1956 oor hierdie hulpmiddele geskryf het, het hulle byvoorbeeld geskryf dat televisie nog in sy "infancy" is en hom nog moet bewys. Hulle het egter toe reeds opgemerk: "There is tremendous potential here for evangelism".[628] Sedertdien het die gebruik van massamedia steeds toegeneem sodat Walker tereg skryf: "There is simply no way of reaching people in a mass society except by using means of mass communication".[629]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Radio-evangelisasie het intussen nie (soos verwag nie) minder belangrik geword nie en die kerk leef waarskynlik tans in die gunstige tyd waar die waarde van alle media billik beoordeel word. Tereg word dikwels gewaarsku teen 'n oordrewe verwagting van hierdie media en ander hulpmiddele. Barnard se standpunt is gebalanseerd naamlik dat hierdie media en tegniese hulpmiddele goed aangewend kan word "maar dan altyd *saam met en in die allernouste aansluiting by* die gewone metodes en middele van die kerklike werk".[630]

★3 Algemene eis vir die gebruik van massamedia

Russ Reid, president van 'n groot Christelike advertensiemaatskappy in die Verenigde State van Amerika sê tereg dat die media nie die beeld van die kerk kan bou nie. Hy verwys na die waarheid dat die media alleen kan vertel wat gebeur. Wanneer dit duidelik is dat God inderdaad in 'n gemeente of in 'n kerkverband lewend teenwoordig is "so that something is happening in your ministry, *then* somebody can come along and tell that good news to other people".[631] Volgens hom maak kerke juis die fout om hulleself verkeerd bekend te stel. Hy merk byvoorbeeld op dat die $20 miljoen wat kerke jaarliks spandeer om in dagblaaie hul dienste en temas aan te kondig, waarskynlik die swakste belegging is. In die media gaan dit om wat gebeur. Om byvoorbeeld net te "adverteer" dat Christus die antwoord is, sê nie veel nie. Wat is die vrae waarop Hy die antwoord is.[632] Wat meer is, die berigte is gewoonlik gerig op en geskryf in 'n taal wat slegs vir kerkmense verstaanbaar en interessant is. As skakelbeampte is dit sy oortuiging dat die kerk in sy benutting van die media ten nouste moet aansluit by spesifieke behoeftes van spesifieke mense in hul omgewing.[633] Voorts moet die kerk gewoon meedeel wat in die gemeente *gebeur*.[634] Dit het waarde vir die vervreemde en buitekerklike. Waar daar iets gebeur en in mense se lewensnood voorsien word, daar gaan mense heen en daar gebeur nog meer.

Bogenoemde eis is van wesenlike belang. As die gemeente wil groei, moet die evangelie-aanbieding behoefte-georiënteer wees en moet die lewe van die kerk self bewys lewer van God se werking deur sy Gees, Woord en kinders. Juis hierin faal die kerk dikwels. Radio, televisie en gedrukte boodskappe word te adresloos gelewer en afgelewer. Dit tref verseker ook mense in die hart, maar 'n deeglike en voortdurende ontdekking van die behoeftes van die mens en voorsiening daarin, maak die oordra van die evangelie soveel meer effektief. Hier is inderdaad die eksegese van die hoorder as tweede teks[635] van dringende belang. Massamediabenutting is duur en die kerk moet dit op die mees effektiewe wyse benut. Koerante kan in vele opsigte gratis die evangelie uitdra as die gemeentes met wesenlike gebeure 'n koerant om beriggewing nader. Hierin is Reid reg wanneer hy sê dat dit byvoorbeeld in die koerantmedia gaan om aktuele gebeure en as daar so iets in 'n gemeente gebeur, sal enige goeie koerant dit weerspieël en sodoende ook die saak van die evangelie onder die oë van duisende nuuslesers bring.[636] Mense koop en lees koerante ter wille van die nuus en die gemeente wat 'n lewende be-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

diening het, het genoeg nuus om die massamedia, veral die koerante, te haal. So word 'n getuienis gelewer van die lewende God wat deur sy Gees sy werk voortsit.

Voeg hierby die beklemtoning dat die Christelike boodskap oor die media grootliks gerig moet wees op diegene wat nie Christus as Verlosser ken en bely nie. In 'n sekere sin is Walker reg wanneer hy skryf dat "to use mass media for the nurture of Christians is an exercise in futility, the wasting of an immense opportunity for evangelism".[637] In 'n land soos Suid-Afrika waar duisende lidmate wel na godsdiensuitsendings luister, is dit nie totaal futiel nie. Hierdie geleenthede moet egter benut word met die oog op die wêreld. Gemeentebou vind in gemeentes plaas. Die geleentheid van die massamedia moet veel meer effektief met die oog op diens, evangelisasie en sending benut word.

★4 Radio en televisie

★4.1 Wanneer radio en televisie in belang van jeugevangelisasie benut word, moet die boodskap van Jesus Christus as die lewende Here in duidelike, verstaanbare en konkrete taal oorgedra word. Beide media stel eiesoortige eise. Die radioprediker praat met 'n stem wat atmosfeer skep terwyl die televisieboodskapper in besonder met sy persoonlikheid kommunikeer. Walker praat van laasgenoemde as "the conveying of truth from mind to mind through the power of personality".[638] Wat die televisie betref, moet die situasie vanwaaruit met die jeug gekommunikeer word, so konkreet moontlik wees. Barnard noem dit: "die Evangelie uitgebeeld in die kleed van die alledaagse want wat die mens vandag baie sterk aanspreek, is waar hy geïllustreer kan sien hoe die geloof in die lewe van die Christene werk en hoe dit die lewe verander juis daar waar die stryd plaasvind".[639] Tereg sê Te Winkel in hierdie verband: "Evangelisatie is dan ook niet het doorgeven van een aantal Christelijke waarheden, die mensen uit het hoofd zouden kunnen leren. Mensen van nu willen vooral weten wat het geloof 'doet of niet doet', wat een mens 'ermee kan of niet kan' ".[640]

★4.2 Jager se beskouing is in hierdie verband goed deurdag en veral van belang sover dit die vervreemde en buitekerklike jeug betref. Hy gee toe dat daar plek is vir meer "direct — evangeliserende programma's" wanneer dit aan sekere voorwaardes voldoen.[641] Sy oortuiging is egter op grond van navorsing oor hierdie en ander tipe programme dat die direk-evangeliserende programme nie diegene as luisteraars en kykers trek op wie die programme gerig is nie.[642] Sy benadering kom daarop neer dat die evangelistiek ondersoek moet instel na wat die relevansie van die Bybelse waarhede vir die daaglikse informasie en gebeure is "en in hoeverre de heilsfeiten een nieuwe actualiteit kunnen krijgen als steunpunten bij het herinterpreteren van schijnbare losse feiten tot een verrassende totaliteit, zodat voor duizelige tv-kijkers kan blijken hoe het heil op een nieuwe manier alles te maken heeft met het héél-zijn van de werkelijkheid".[643] Hy noem dit 'n "totaalvisie op de eenheid en



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

de heling van de geschiedenis''.[644] In jeugevangelisasie is hierdie standpunt van groot belang. Die jeug word voor die radio en televisie groot. Hulle word met allerlei indrukke gekonfronteer en in 'n sekularistiese wêreld word God se plek vir hulle al kleiner en sien hulle God en sy heil al minder inpas. Jeugevangelisasieprogramme moet hiermee rekening hou. Dit kan op verskeie maniere gebeur soos byvoorbeeld:

- 1 'n Paneeldiskussie oor sake wat die plek van God in hierdie lewe raak.
- 2 Onderhoude met Christene wat in die lewe met al sy werklikhede staan en die transformerende krag van die evangelie ken.
- 3 'n Persoonlikheid wat kommunikeer en wat onderhoudend kan ''gesels'' oor die heil van God wat alles heelmaak.
- 4 Informatiewe programme wat op die regte wyse insig gee in wat God in en deur sy kerk doen. Barnard noem laasgenoemde ''informasie en nogmaals informasie . . . informasie is die grondleggende werk van evangelisering''.[645] Jager praat ook van ''verkondiging als informatie''.[646]

Bogenoemde kom in die Suid-Afrikaanse benutting van die radio en televisie nog hoegenaamd nie genoegsaam in belang van jeugevangelisasie tot sy reg nie.

★4.3 Radio- en televisieoptredes moet 'n duidelike boodskap dra. Dit sal uit die aard van die medium en uit die aard van wat hierbo genoem is, nie altyd 'n direktiewe boodskap wees nie. Niemand moet egter oor die duidelikheid, die verstaanbaarheid, die rigting van die boodskap kan twyfel nie. Walker sê die boodskap moet nie oor die evangelie gaan nie ''it must be the gospel itself''.[647]

★4.4 Radio- en televisie-evangelisasie moet voorsiening maak vir terugvoering. 'n Adres vir briewe is 'n noodsaaklikheid. Een van die nadele van die massamedia is juis dat dit die persoonlike kontak mis. Hierdie gebrek kan tot 'n mate uitgeskakel word as daar per brief of per telefoon gereageer kan word. Alleen só kan die mens-tot-mens-benadering tog tot sy reg kom en die persoon wat bereik is, ook in 'n gemeente van die Here sy tuiste en diensgeleentheid vind.

★4.5 Die kerk behoort in sy verband steeds te waak dat die massamedia wat tot sy beskikking is, ten beste vir evangelisasie benut word. Evangelisasieprogramme en -tyd moet deur die regte kanale beding word en die mees geskikte aanbieders moet gesoek word. Bo alles moet die kerk ernstig aandag skenk aan 'n begroting waaruit die geskikte programme vir televisie gemaak kan word. Laasgenoemde is nie die betrokke uitsaaikorporasies se verantwoordelikheid nie. Evangelisasie is ook wat hierdie diens betref, kerkwerk. Vanweë die invloed van hierdie media en vanweë die feit dat die media ''wel terdege een voor veranderingsprocessen gunstig klimaat scheppen'',[648] moet tyd, mannekrag en geld gevind word om vervreemde en buitekerklike jeug ook langs hierdie weg vir Christus en sy kerk te win. Hier is 'n uitdagende taak vir die kerkverband.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★5 Lektuur

★5.1 Dagblaaie en evangelisasietydskrifte

Ook hier geld as algemene vereiste "evangelisatie lectuur moet informatie geven en oriëntatie bieden".[649] Wanneer daar in die gemeente gebeur wat behoort te gebeur wanneer God in ooreenstemming met sy Woord gedien word, het die gemeente inderdaad veel om te rapporteer. Só word dit gelees en gehoor. Jonkers skryf: "Kortom, informatie die oriëntatie biedt, is informatie waar je iets mee kunt".[650] Wat Jager in hierdie verband skryf oor sekere groepe met baie missionêre ywer in die radio- en televisiewêreld, is hier ook waar: "Hij is bezeten met de boodschap, maar niet van de tv. Hij maakt dezelfde vergissing als de evangelisatie-commissie die gebruik wil maken van het wekelijks advertensieblad en daarom een predikant een meditatie laat schrijven. As mensen een krant lezen, willen zij geen meditatie, maar informatie. Als een journalist iemand interviewt die werkelijk iets te zeggen heeft over de vraag waarom hij een christen is, zullen zij het lezen. Het is dan geen preek meer. Het is nieuws".[651]

Te Winkel sê samevattend: "goede evangelisatielectuur is een poging om zowel het 'Wij hebben *een woord* voor de wereld', als het 'Wij hebben *een oor* voor de wereld', te verwoorden. En dat heeft ook met het taal- en woordgebruik te maken".[652]

★5.2 Traktaatjies of evangelisasiepamflette

★1 Dit gaan hier nie om 'n bespreking van die geskiedenis van traktaatjies en die effektiwiteit daarvan nie. Genoeg is gesê deur te beklemtoon dat hierdie metode baie oud is. Sommiges meen dat die gebruik van traktaatjies teruggaan tot die twaalfde eeu deur Peter Waldo.[653] Luther en Calvyn het ook veel van die geskrewe woord gebruik gemaak. 'n Historikus skryf van Luther: "It was not unusual for Luther to draw lighting by one tract from all points of the compass — Rome, Paris, Louvain, London".[654] Die geskrewe woord was nog altyd 'n wesenlike deel van die Nuwe-Testamentiese geloofsverbreiding. Die Evangelies en die briewe van die apostels is hiervan genoegsame voorbeeld. Sedertdien het dit so gebly. Die moderne metodes maak die beskikbaarstelling van pamflette soveel makliker. Hierdie kanaal is oop vir die kerk in gemeente-, ring- en sinodale verband. Aangesien daar egter baie spesifieke vereistes vir geskikte jeugevangelisasiepamflette is, moet die kerkverband liefs hiervoor verantwoordelikheid aanvaar, fondse daarvoor vind en die versorging op professionele wyse behartig.

★2 Vereistes vir evangelisasiepamflette

- 1 Die voorkoms van pamflette moet keurig en aantreklik wees.[655]
- 2 Die titels moet met oorleg gekies word. Evangelisasiepamflette moet op twee teikengroepe gerig wees, te wete: gelowiges wat vir evangelisasie gemotiveer en toegerus word en op die vervreemde en buitekerklike self. Wat laasgenoemde betref, is temas wat die lewende krag en werklikheid van die evangelie uiteensit, van groot



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belang. Voorts ook temas soos geloof en wetenskap, apologetiese stof, ander godsdienste en ideologieë en die Christendom se antwoord daarop. Hier geld ook deeglike ondersoeke ten einde "open plekken in het programma te vinden en hoe die gevuld kunnen worden".[656] Dis onnodig om in hierdie verband te beklemtoon dat temas vir kleiner en vir groter kinders en vir jongmense gekies moet word. Die inhoud moet spesifiek jeuggerig geskryf word.

- 3 Die inhoud moet gerig wees op die nuwe lewe in Christus.[657] Dit beteken nie dat pamflette gerig op buitekerklikes, altyd direk op bekering moet aandring nie. Tereg sê Te Winkel en Jonkers dat bekering só ingrypend is dat dit liefs nie net aan 'n pamflet oorgelaat moet word nie. Die pamflet het tot taak om begeleiding te gee op "die lange weg en niet alleen tijdens het laatste stukje van die weg. Bovendien is het nog de vraag of de laatste stap niet vraagt om persoonlijk contact en begeleiding".[658]
- 4 Evangelisasielektuur moet moeilike en sensitiewe onderwerpe bespreekbaar maak.
- 5 Pamflette moet aansluiting vind by die taal- en woordgebruik van die buitekerklike. Te Winkel sê dat die skrywer die groep vir wie hy skryf, van "binnenuit" moet ken.[659] Dit beteken meteens dat die vervreemde en buitekerklike ernstig geneem word. Sy leefwêreld, sy denkwyse is 'n werklikheid wat nie maar met vroom woorde weggeskryf kan word nie.
- 6 Evangelisasiepamflette moet met groot oorleg versprei word. Om dit maar net uit te deel, het beperkte waarde. Dit moet geplaas word (op 'n keurige wyse) waar vervreemdes en buitekerklikes ook kom. Wagkamers, ruskamers by industrieë en ander werksplekke, die voorportaal van 'n kerkgebou is sulke moontlikhede. Gebruikers van pamflette moet opgelei word om pamflette met groot takt en onderskeidingsvermoë te benut. Indien enigsins moontlik, moet die pamflet met 'n gesprek opgevolg word. Dit moet in elk geval so 'n duidelike adres bevat dat terugkoppeling maklik moontlik is.[660]
- 7 Die gebruik van pamflette kan ook gekoppel word aan ander vorme van evangelisasie soos 'n erediens, groepdiskussie, gespreksgroepe in werksverband of by die kerkjeugaksie.[661]

5.3 Samevattend

Evangelisasielektuur het onbeperkte moontlikhede en die kerk kan veel meer doen om geskikte jeugevangelisasielektuur vir gebruik deur gemeentes beskikbaar te stel. Talle pamflette wat tans beskikbaar is, is nie werklik vir die vervreemde en buitekerklike geskryf nie, maar is hoofsaaklik gerig op die kerkjeug en hulle vrae en probleme. Die kerkverband is in hierdie opsig nog nie genoegsaam gerig op evangelisering deur die geskrewe woord nie.

Aan die ander kant vra geskikte pamflette om geskikte verspreiders.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Besielde, doelgerigte, maar taktvolle verspreiders met onderskeidingsvermoë om hierdie "magtige wapen" (Barnard) reg te benut. Verspreiders wat nie hulle evangelisasietaak goedkoop afmaak met 'n pamflet in die posbus nie. Verspreiders wat gewillig is om die vervreemde ernstig te beluister, ernstig te neem en op sy nood te reageer met die heil wat heelmaak: "Een verspreider zal moeten weten waaraan de lezer behoefte heeft en hoe hij denkt".[662]

4.2.3.3 Industriële jeugevangelisasie

★1 In kerkverband

Die bedoeling is nie om hier die kerk se nywerheidsbediening te ontleed en riglyne ten opsigte van so 'n breë onderwerp aan te dui nie. In aansluiting by paragraaf 3.4 oor die oorsake van vervreemding en wat daar in verband met die nywerheidsmens geskryf is, word hier enkele moontlikhede genoem hoe die vervreemde en buitekerklike jongmens òf in kerk – òf in gemeenteverband bereik kan word. Aangesien dit selde gebeur dat 'n nywerheid se werksmense net uit een gemeente kom, is dit gewoonlik werk binne kerkverband — met volle inagneming van en skakeling met die plaaslike gemeente binne wie se grense die betrokke nywerheid of nywerhede geleë is. Hiermee word nie bedoel dat die plaaslike gemeente nie 'n eerste verpligting ten opsigte van die nywerheid binne sy grense het nie. In baie gevalle mag dit gebeur dat die gemeente self genoegsaam die werk kan behartig. Wat die werk buite die bedryf betref, is De Klerk reg wanneer hy skryf dat dit gemeentelik onderneem word.[663] Elke gemeente wat lidmate het wat in nywerhede werk (en daar is min wat nie het nie), het 'n roeping ten opsigte van nywerheidsbediening. In hierdie opsig is nywerheidsbediening inderdaad 'n gemeentelike bediening. Vir sover dit egter die bediening in die bedryf raak, is die kerkverband van groot belang. Die toesig vir sover dit moontlik is, kan van die plaaslike kerkraad uitgaan, maar die begeleiding raak hier meer as net die lidmate van 'n plaaslike gemeente. Die ring (en indien dit so omvangryk is, meer as een ring) en selfs die sinodale verband is hier betrokke. Hier word veral genoem dat dit die kerk in sy verband se roeping is om gemeentes met groot getalle lidmate in die nywerheid en wat dikwels finansieel swaar kry, te help ten einde meer intensiewe bediening moontlik te maak.[664] In die bediening van die mens in die nywerheid, is intensiewe sorg wesenlik nodig. Tereg sê De Vries "ouderlingen, predikanten en diakenen moeten regelmatig contact houden met de gezinnen van hen die midden in de dienst aan de industrie-arbeider staan ... Eén bezoek per jaar is absoluut onvoldoende".[665] Intensiewe gemeentelike bediening is nodig en hierin het die kerkverband 'n roeping.

★2 In gemeenteverband

★2.1 Binne die gemeente is dit in besonder die taak van die besondere ampte om langs die weg van die prediking, pastorale sorg en spesifiek gerigte toerustingsbyeenkomste en konferensies die kerkjeug en ouer gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk as gelowiges in die industrie —



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

met besondere verwysing na die bereiking van die jeug. Dat die gelowige 'n besondere roeping het om gemeente, liggaam van Christus te wees binne in die industrie, is hier nie ter sake nie. Hierdie beginsel is reeds in paragrawe 2.1, 2.3, 2.4 en 2.6 uitgebou. Die gelowige is verteenwoordiger van God ook daar waar tegniek en wetenskap die beheersing van die aarde dien.[666] "De arbeider vraagt om een mens-mens-ontmoeting en wie kan deze beter tot stand brengen dan zijn collega! Voorwaarde voor een ontmoeting is immers het samenzijn in één wereld".[667] Die bedryfsmens in die gemeente bly dus die belangrikste direkte toegang tot die bedryfsmens wat vervreemd en buitekerklik is. Jongmense wat nooit meer in 'n erediens kom nie, werk dikwels skof na skof skouer aan skouer met 'n gelowige jongmens of ouer Christen. 'n Evangelisasiegerigte gemeente kan en mag nie hierdie onvergelyklike toegang tot die vervreemde vergeet, geringskat en onbenut laat nie. Tereg sê Marais: "Dit is vanuit die kerk as lewende organisme, as amp van gelowige wat die industriële terrein beset word".[668] Gelowiges moet vir hierdie diens gemotiveer en toegerus word. Sake waarin hulle toegerus moet word is onder andere die volgende:

★2.2 'n Bybelse visie op arbeid

Juis die "ontmensliking" van die industriearbeid roep die kerk tot begeleiding van sy lidmate in 'n Bybelse beskouing van die arbeid. Gelowiges se sterkste getuienis in 'n arbeidsituasie is dikwels nie om direk oor God te praat nie "but talking about the situation from the point of view of faith in God".[669] Kane bedoel juis dit wanneer sy praat van die toerusting van lidmate "to do theology". Tereg sê sy dat "the problem with Christians is that they have separated faith and life so that they operate on two separate philosophies ... The revolution of the laity must involve bringing faith to bear on every part of life ... To 'do theology' is to try to understand a particular situation in the light of Christian faith ... What we must do is to find ways of doing theology in which the questions of life and the insights of the gospel come together".[670] Wie kan bereken wat in die bedryf sal gebeur wanneer gelowiges in die gewone gesprekke van elke dag die "teologiese insigte" in die bedryf indra; die Bybelse beskouing van die lewe uitdra. Dit is nie preek nie, maar dit is om dit gewoon met ander in gesprek te deel as deel van die lewensbeskouing van 'n Christen. Dit is sy/haar bydrae tot die gesprek om die lewe met sy vrae en probleme en die evangelie met sy lig en antwoorde daagliks bymekaar te bring.

Juis dít vra deursigtige prediking. Prediking met diep teologiese wortels, en helder antwoorde oor dit wat die Skrif sê. Dit vra meer as beslissingsgerigte prediking. Dit vra prediking en pastoraat wat gelowiges toerus om die Bybelse lig te laat val op die groot lewensbeslissings van elke dag. Wat 'n "rewolusie van die lidmate" sou dit nie wees as die ampte inderdaad hiermee besig raak nie. Juis dit is so eg gereformeerd dat die kerk 'n Bybelse arbeidsbeskouing het wat elke gereformeerde lidmaat moet ken en uitdra.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Tereg sê De Vries dat dit deel is van die kerugmatiese inhoud van die diens van die kerk aan die nywerheidsmens. Hulle moet leer dat die magte van demone verbreek is en dat Christus 'n kosmologiese Here is; hulle moet die ware wese van menswees onder heerskappy van hierdie Here verstaan en hulle moet die wese van die arbeid in koninkryksperspektief sien.[671] Om lidmate oppervlakkig met piëtistiese vroomheid vir hulle getuienis in die bedryf toe te rus, is te min. Die nood roep die kerk om dieper te grawe en om vroom mense op 'n Bybelse wyse toe te rus. Hulle moet in eenvoud 'n bydrae kan lewer wat meer is as 'n teks hier en daar, meer as 'n vermaning om nie te vloek nie, meer as 'n oproep tot 'n beter lewe — hulle moet medewerkers tot insig kan lei oor die plek van God in die arbeid en die plek van arbeid in die Koninkryk van God.

★2.3 Pastorale versorging

Lidmate wat in die industrie werk, en in hierdie geval veral die kerkjeug, roep om intensiewe pastorale sorg as deel van hulle "emosionele" toerusting vir hulle taak in die bedryf. "Die atmosfeer van die fabriekswerk en die heerskappy van die masjien, maak iets dood in die mens ... So iemand word ongevoelig teenoor die lewe en belangeloos; hy raak ongeïnteresseerd in geestelike en openbare sake".[672] Reeds in die prediking moet hierdie mensmoegheid en arbeidstamheid met die Woord ontmoet word. Hier is iets nodig wat Noordegraaf "pastorale prediking" noem, want "ook op de preekstoel is de prediker pastor. Want de prediking moet landen in de realiteit van het geloofsleven van de gemeente en voltrekt zich op het niveau, waar de enkeling en de gemeente voor de roepende en belovende God staan".[673]

Die gemeente het die roeping om vir hierdie dodelike eentonigheid van die bedryf te vergoed deur in die erediens, in die klein groepie, die kerkjeugaksie en die wyke die "verontpersoonliking, eensaamheid en alle ander vorme van aantasting" te deurbreek deur "solidêr met hierdie mens te word".[674] De Vries praat daarvan as die "koinoniale inhoud" van die diens van die kerk.[675] Die gemeente wat daarin slaag om die kerkjeug pastoraal só te bedien dat egte menswees beleef word, stuur goed toegeruste *mense* terug na die bedryf. Dan is daar hoop dat hulle as mense wat deur die heil in Christus telkens weer "heel"-mense word, die *heil* wat *heel*, sal deurgee aan ander wie se ontmensliking hulle, as kollegas, so goed behoort te begryp.

★2.4 Daar is verder die belangrike toerusting tot getuienis. Bogenoemde mag nooit beteken dat gelowiges se getuienis net indirek moet wees nie. Hoe belangrik bogenoemde ook al is, moet gelowiges ook leer hoe om met iemand oor terugkeer na God, aanvaarding van Christus, skuldbelydenis en so meer te praat. Hieroor later meer.

★2.5 Voeg hierby wat Zielhuis noem "de dienst van hulp voor hen, die tussen die wielen zijn geraakt" en "dienst aan de samenleving".[676] Hoewel die kerk nie maatskaplike werk in die industrie gaan doen nie, kan die gelowige ook nooit afsydig staan teenoor die hulpvraende



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

nood van medewerkers nie. Hier moet gelowiges toegerus word hoe om sulke situasies te hanteer en wat hul verwysingsbronne en die kanale daarheen is. Wat meer is, gelowiges mag nooit agter hulpgewende organisasies gaan skuil en sódoende die mens-tot-mens-hulp ontkom nie. Gelowiges moet veral in staat wees om geestelike sorg te bestee aan die vervreemde wat hom/haar vasgeloop het in 'n doodloopstraat. Aanvanklik is die hulpverlening, bemoediging, begeleiding totdat meer professionele hulp verleen kan word.[677]

★2.6 'n Laaste saak wat hier ten opsigte van die taak buite die bedryf genoem word, is die bereidheid van die gemeente en sy aksies om ruimte te skep vir hulle wat vanuit die bedryf die pad terugvind. Hierdie probleem het gelei tot die skep van die sogenaamde para-parogiale gemeentes wat in 'n sekere sin 'n tussenstadium op pad na die gemeente is.[678] Die redes hiervoor is meermale die onvermoë van die gemeente om vervreemdes uit die bedryf terug te ontvang. "de geëmigreerden (die vervreemde van die kerk MN), zo is de redenering, kan men niet zo weer naar de kerk terugbrengen, want zij zijn juist geëmigreerd, omdat de kerk hen niet aansprak. Daarom wil men een tussenvorm zoeken".[679] Hierdie vorm van bediening word tereg afgewys.[680] Dit vergroot egter die plig van die gemeente om soepelheid aan die dag te lê en nie vorme te verabsoluteer nie. Die vervreemde mens moet gehuisves kan word. Die wykstelsel en die kerkjeugaksie as klein groepie behoort in hierdie verband 'n onmisbare rol te speel om jongmense wat werklik ver weg van die kerk geleef het, tuis te maak.

★3 In bedryfsverband

★3.1 Bedryfskerngroepe of gespreksgroepe

De Vries praat van die spelreëls vir die diens as die wet van persoonlike aandag, die wet van die groepsbenadering en die wet van kommunikasie.[681] Wanneer dit kom by die organisering van die diens binne die industrie, pleit hy ook vir "bedrijfskernen".[682] Marais pleit vir "bedryfselle" en skryf dat "aangesien arbeid in die bedryf altyd in groepsverband geskied, is dit verkieslik dat 'n pastorale penetrering van die bedryf ook langs groepsverband geskied".[683] De Klerk skryf ook dat van die werk binne die bedryf gedoen kan word deur "etensuurbyeenkomste, gesprekke met bedryfsleiers en werkgewers in groepvorm".[684] Gespreksgroepe is waarskynlik die aangewese weg vir 'n groepie gelowiges vanuit 'n gemeente(s) of selfs uit meer as een denominasie om hulle gemeenskaplike taak uit te voer. Naas persoonlike dag-tot-dag-getuienis en -gesprekke is daar ruimte vir groepsgesprekke onder leiding van iemand "die de sympathie van zijn collega's en een goede naam in het bedrijf heeft door zijn mens-zijn en vakmanschap, maar bovendien ook tact en durf heeft".[685] 'n Gespreksgroep kan liewer nog wag vir funksionering as wat begin word onder verkeerde leiding. As so 'n groep een maal deur ontaktvolle optrede, of 'n te direktiewe konfrontasiemetode of om watter ander verkeerde reëling ook al, misluk, is dit daarna dubbel so moeilik om dit weer te begin.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Die bywoning van hierdie byeenkomste is vrywillig. Die gelowiges is by uitnemendheid die "werwers" vir die gespreksgroep.[686] Zielhuis is reg wanneer hy in hierdie verband skryf dat "als er gezegd wordt dat men in de fabriek in de eerste plaats is om te werken, is dit waar. We moeten trouwens als kerk ons er voor hoeden iemand tot luisteren te dwingen, omdat zijn directeur ons dit mogelijk heeft gemaakt".[687]

Hierdie groepe kan in Bybelstudiegroepe ontwikkel of daar kan oor sake van algemene belang in die lig van die Skrif 'n gesprek gevoer word. Hier is ook ruimte om van tyd-tot-tyd van 'n jeugwerker, 'n leraar of ander tersakekundige persone as gespreksleiers gebruik te maak. Indien daar in die gemeente of ring 'n "bedryfspastor" of "industriepredikant" werksaam is, is dit logies dat hy van tyd-tot-tyd die leiding sal neem. Sulke groepe kan egter net so goed funksioneer sonder die direkte leiding van 'n leraar. Leraars sal hul tyd veel beter benut, deur liewer in gemeente- of ringsverband die gespreksgroepleiers van tyd-tot-tyd te ontmoet en hulle beter en verder toe te rus vir hulle groot taak. Wat jeugevangelisasie betref, hoef daar nie noodwendig afsonderlike jeuggroepe te ontstaan nie en indien wel (wat in geval van groot getalle jongmense in 'n afdeling wel wenslik kan word), hoef die leiding nie in die hande van die jeug te wees nie. 'n Geskikte volwassene wat die vertroue van die werkers geniet, kan net so goed slaag. Die gelowige jeug vorm egter die kern en onderbou van so 'n groep.

Hier moet nog opgemerk word dat sulke groepe baie maklik in selfsugtige en geslote Christengroepe kan ontwikkel wat eerder afstand met die vervreemde en buitekerklike skep. Verkeerde leiers maak soms van hierdie groepe hulle "preekgeleentheid" en "kerk" waarheen sekere "tipe geestelike en evangeliese predikers" genooi word. Sommige groepe ontwikkel 'n "eiesoortige heiligheidsmentaliteit" wat vir die doel van die gespreksgroep presies kontraproduktief is.

Laastens kan in hierdie verband opgemerk word dat hierdie groepe "verticaal" georganiseer word. "Dit doorbreekt de sociale discriminatie die in de gedachte-wereld van de arbeider zo 'n belangrijke plaats inneemt."[688] Sodoende mag die kerk enigsins meewerk om die hiërargie te deurbreek tussen werkgewer en werknemer.[689]

★3.2 Gesamentlike besinning van kerk- en bedryfsleiers

Die kerk moet voortdurend tyd en ruimte skep om saam met bedryfsleiers oor die mens in die bedryf, die arbeid self en ander verbandhoudende sake te besin. Vir die bedryfsleiers is produksie gewoonlik van soveel belang dat daar groot openheid is om oor hierdie sake met die kerk te praat. Gelukkige werkers is produktief. Daarom het die kerk in hierdie land nog 'n oop oor. Baie bedryfsleiers sien die kerk in hierdie verband as produksievennoot. Dit mag egter nie die kerk verlei om aan die kant van die bedryfsleier teenoor die arbeider te gaan staan nie.[690] Die gesamentlike besinning moet in die eerste plek in



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belang van die arbeider wees. Daar is immers talle Christenbedryfsleiers vir wie die norme van die Skrif en die arbeider as mens baie belangrik is. Saam met hulle, moet besin word oor vrae soos die soeke na die geregtigheid van die Koninkryk, die solidariteit van die kerk met die mens in nood, gelykwaardigheid en menswaardigheid, die doelwitte van die produksie in die lig van die Skrif, die "interpreteren van het Evangelie te midden van de arbeidsproblematiek"[691] en nog meer. Vir sover dit die jeug betref, is die kerk geroep om ook in hierdie besinning jeuggerig te dink, hulle by te dink, in hulle belang te dink. Veral moet weë en metodes beding word waardeur die vervreemde en buitekerklike op 'n ongedwonge wyse, ook binne die bedryf vir Christus en sy kerk bereik kan word.

Veral is hier van belang dat daar ook samewerking gesoek word oor sinvolle bediening aan en in jeugtuistes. Verskeie industrieë het hul eie jeugtuistes waar ambagslui inwoon — tydens en/of na hul opleiding. Dit is selfs nie uitgesluit dat die industrie gewillig mag wees om 'n finansiële bydrae te maak in belang van die vermeerdering van predikantsposte of die aanstelling van 'n voltydse of deeltydse jeugwerker wat hoofsaaklik of uitsluitlik vir hierdie bediening verantwoordelik is nie.[692]

Samesprekings met bedryfsleiers behoort op gereelde grondslag plaas te vind binne gemeentelike, rings- en sinodale verband. Binne die plaaslike en ringsverband kan bedryfsleiers en arbeiders in kerkraadskommissies dien ten einde 'n lewende verband te voorsien. In sinodale verband, behoort die subkommissie vir nywerheidsbediening nie net spoorweglui in te sluit nie, maar ook ander bedryfsleiers. Die samestelling van die bestaande permanente Breë Kommissie vir Nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë, is hier 'n goeie voorbeeld.

★3.3 Voltydse werkers

In die buiteland en hier in Suid-Afrika (vir sover dit die nywerheidsbediening gerig op die Spoorweë betref), is voltydse geordende en ongeordende werkers niks vreemds nie. Die sogenaamde priesterarbeiders van die Rooms-Katolieke Kerk in Frankryk, Duitsland en Nederland en die bedryfspastors van die Protestantse kerke in Nederland is goed bekend.[693] Die sogenaamde "spoorwegleraar" is in Suid-Afrika reeds vir byna 'n eeu bekend.[694] Saam met hierdie leraars werk dikwels 'n span van ongeordende werkers binne die bedryf. Hulle het toegang tot die werkswinkels en kantore, lei etensuurdienste en voer persoonlike gesprekke.[695]

Tereg waarsku De Vries dat daar nie van bedryfspastors te veel verwag moet word nie.[696] Die onvervangbare en die sleutelfigure in nywerheidsbediening is "de werknemers, de managers, de directieleden, die zonder enig kerkelijk ambt midden in hun werk als discipelen van Messias Jezus werken en leven".[697]

En tog is daar ruimte vir sulke voltydse werkers — al is dit nie noodwendig vir sover dit jeugevangelisasie betref, 'n geordende



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

werker nie. 'n Jeugwerker wat die nodige indiensopleiding ontvang, kan hier waardevolle diens verrig — veral ten opsigte van bediening in personeelwonings, hulp by gespreksgroepe binne die bedryf en vir persoonlike gesprekke met vervreemdes tydens etensure of na werk.[698]

★4 Samevattend

Die nywerheid, die groot aantal jongmense in die nywerheid, die groot omvang van vervreemding as gevolg van die industrie en wat daarmee saamhang, plaas die plaaslike gemeente en die kerk in sy verband voor 'n geweldige uitdaging. 'n Uitdaging tot die mobilisering en toerusting van elke gelowige in die gemeente vir sy/haar diens binne die nywerheid.[699] Die sleutel tot die deurdringing van die nywerheid met 'n nuwe visie op God en sy plek in die arbeid; 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en kennis van die heil wat God in Christus skenk — dié sleutel lê in die hand van die gelowiges. Die gemeente en gemeentes in kerkverband moet alles in werking stel om deur middel van die prediking, die erediens, die pastoraat, die kategese, die diakonia lidmate buite en binne die bedryf toe te rus. Binne die bedryf moet gelowiges gehelp word om tot die vorming van gespreksgroepe te kom om saam met ongelowiges oor sake van wesenlike belang te praat. Etensuurbyeenkomste, spreekkamers binne die industrie,[700] lektuurverspreiding en nog meer metodes kan aangewend word om hulle wat weggeraak het, te soek en terug te lei na Hom wat deur sy kerk soek.

Die kerk moet saam met bogenoemde, soek na kleiner gemeente-eenhede waar industrie-mense in besielde verband hul menswees kan terugvind ten einde as "heel"-mense daagliks terug te gaan na 'n tipe arbeid wat ontmensliking in die hand werk. Om die gelowige werker en die ongelowige werker ten beste te dien, moet die kerk steeds in diepte-ondersoek instel na die eise van die nywerheid, die mens in die nywerheid en die beste wyses om hulle te bereik. Hiervoor is voortgaande oorlegpleging met bedryfsleiers belangrik. Die kerk moet in sy verband hom langs hierdie weg beywer vir die voortgaande herontdekking "van 'n meer dinamiese rol van die plaaslike gemeente in die bediening in die industriële stad".[701] In hierdie herontdekking mag dit beteken dat die gemeente op nuwe maniere in die industriële wêreld sal moet inbeweeg en inderdaad "congregation without walls" word.[702]

## 4.3 JEUGEVANGELISASIE IN EKUMENIESE VERBAND

### 4.3.1 EVANGELISASIE EN EKUMENIESE SAMEWERKING

★1 Uitgaande van die sleutelwoorde in die gebed van Christus en ander uitsprake in die Skrif,[703] word allerweë toegegee dat die eenheid van die kerk die geloof van die wêreld in die evangelie wesenlik raak. Die gebed van Christus vir die eenheid van sy dissipels bind die ekumene en evangelisasie onlosmaaklik aan mekaar. En "of course, the impact of a united witness before the unconverted world is tremendously impressive".[704] Die ekumeniese beweging was dan ook van die begin af sterk ingestel op die sendingtaak van die kerk en het eintlik as gevolg van groot sendingkonferensies sy beslag gekry.[705] Die eenheid van die kerk is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

belangrik sodat God verheerlik mag word, maar ook sodat evangelisasie en sending onverhinderd kan voortgaan. Volgens Margull het Hoekendijk reeds voor die Evanston-sendingkonferensie gepleit vïr die beklemtoning van die Nuwe-Testamentiese visie "that in the oikoumene it is not primarily a matter of the unity of the church, but rather of 'the whole Church bringing the Gospel to the whole world'... 'ecumenical' is exclusively and totally 'missionary'. The ecumenical movement must be radically and totally a missionary movement".[706] Snyder skryf in refleksie op die "Lausanne covenant" tereg dat "the primary purpose of the unity of the Church is that God may be glorified ... the secondary purpose ... is the authentic communication of the Good News".[707]

★2 Aan die een kant is dit dus waar dat kerke tot 'n sekere mate slegs rondom evangelisasie en sending sal verenig en saamwerk. Evangelisering van hierdie wêreld is 'n gemeenskaplike roeping tussen kerke. Dit beteken meteens aan die ander kant dat die erns van kerke met hul evangelisasietaak getoets kan word uit hulle bereidheid tot samewerking met mekaar. Hierin is Hoekendijk prinsipieel reg wanneer hy skryf: "Hoe waarachtig een kerk het apostolaat wenst te dienen, zal moeten blijken uit haar bereidheid om al datgene wat haar van andere kerken gescheiden houdt, prijs te geven, wanneer het geen apostolaire relevantie heeft".[708] Dit beteken nie afwatering van belydeniswaarhede nie, maar 'n toets van elke belydeniswaarheid wat skeiding met ander kerke veroorsaak aan die evangelisasie – relevansie daarvan.

Die waarheid waarom dit hier gaan, is 'n diepe besef, gedra deur die Skrif, dat die dringende evangelisasieroeping van die kerk van Christus alle kerke roep tot groot (en groter) erns met die eenheid van die kerk. Barnard skryf hieroor so: "In die evangelisasie-arbeid is dit gebiedend noodsaaklik dat die Christelike kerke, wat dit met mekaar in hoofsaak eens is oor die belydenis, ook met mekaar sal saamwerk".[709]

Die dringende roep om 'n eenvormige getuienis, die *voorleef* van die evangelie en die oordra en uitdra daarvan in die wêreld, maak die eenheid van die kerk so belangrik. 'n Verdeelde en mekaar weersprekende getuienis het min effek op 'n van-God-vervreemde wêreld.

★3 Bogenoemde standpunt mag nie verstaan word as sou die eenheid van die kerk op sigself nie belangrik wees nie. Die bedoeling is nie dat slegs evangelisasie en sending die eenheid van die kerk relevant maak nie. Die eenheid is volgens Ef. 4 vir kerkwees en gemeentebou in hierdie wêreld van wesenlike belang. Daarom is Snyder reg wanneer hy skryf dat dit sy oortuiging is dat die hele stryd rondom "evangelicalism" en "ecumenism" basies 'n probleem is "of our understanding of the Church ... any valid 'evangelical ecumenism' must be based not only on evangelistic pragmatism but, even more fundamentally, on a clear biblical understanding of the church ... Neither evangelism nor ecumenism are things in themselves. They are both aspects of the church's life in the world, and are both defined by the biblical mandate of the church and the Gospel".[710] In dieselfde trant stel die "Lausanne Covenant" waarop Snyder kommentaar lewer, dit ook. "We affirm that



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

the church's visible unity in truth is God's purpose. Evangelism also summons us to unity, because our oneness strengthens our witness, just as our disunity undermines our gospel of reconciliation.''[711]

★4 Die verdeelde wêreld maak die verdeeldheid in die kerk as die gemeenskap van versoendes al meer onverdedigbaar. Volgens Efesiërs 2:11-22 het Jesus Christus juis die twee uiterstes — Jode en heidene — in Hom met mekaar versoen ''een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek'' (vs. 14). Die gemeente is inderdaad 'n gemeenskap van versoende mense en kerke moet hierdie gesindheid ook in ekumeniese verband weerspieël. Krass is daarom reg wanneer hy sê dat ''the day has long since passed when evangelism can be mainly denominational in character''.[712] Howard Ellis skryf ook dat ''the newer evangelism is ecumenical rather than denominational in scope and spirit''.[713] In evangelisasie aan en in hierdie verdeelde en vervreemde wêreld moet die ''credibility gap''[714] oorbrug word. Dit kan alleen gedoen word deur die kwaliteit van die getuienis van die kerk, deur sy bestaan en woord as liggaam van Christus in hierdie wêreld. Hierin is Stowe reg wanneer hy sê dat nog 'n aspek van die ''character of the church which is requisite to credibility is unity''.[715]

Juis op hierdie punt het kerke soveel om te bely. ''We confess that our testimony has sometimes been marred by sinful individualism and needless duplication.''[716] Bjerno skryf tereg dat dit die nood en skande van die kerk is dat selfsugtige motiewe so dikwels maak dat dit in die kerk om 'n bose stryd gaan. Dit lei tot verdeling en kragverlies. Dit maak die negatiewe getuienis so oorweldigend dat die positiewe nie gehoor word nie.[717] Häring praat in hierdie verband van kerke ''which put the primary emphasis on the self-defence of their doctrinal formulations instead of uniting all their energy in the vital communication of the saving truth to humanity''.[718] Greinacker en Müller praat hiervan as ''institutionalism as a crisis of evangelization ... churches are giving more and more people the impression of being more concerned about themselves than the Gospel''.[719] In hierdie opsig roep die eenheid van die kerk van Christus kerke tot verootmoediging en wat meer is die ''evangelization of the world demands humility even at the institutional level, and poverty is its condition as is also the humility of Christians''.[720] Wanneer gelowiges en kerke ''truly become adorers of the one Father in the one Son through the one Spirit, then they would be united even in the diversity of cultures and of charisms''[721] — en daar kan bygevoeg word — dan sal kerke ophou om hulleself te soek.

★5 Hierdie paragraaf kan afgesluit word met die pleitrede van die Lausanne-konferensie naamlik: ''We pledge ourselves to seek a deeper unity in truth, worship, holiness and mission. We urge the development of regional and functional cooperation for the furtherance of the church's mission, for strategic planning, for mutual encouragement, and for the sharing of resources and experience''.[722]

### 4.3.2 TERREINE VAN SAMEWERKING

★1 Terreine van samewerking word tot 'n groot mate bepaal deur die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

dieptedimensie van samewerking. Kerke van gereformeerde belydenis sal meer terreine van samewerking hê as kerke wat in 'n losser ekumeniese verband staan vir sover dit verskille in belydenis raak. Wanneer kerke met dieselfde of byna dieselfde belydenis, in 'n evangelisasieaksie saamwerk, sou byvoorbeeld selfs die toerusting van lidmate gesamentlik aangepak kan word. Met ander kerke met wie radikaal verskil word ten opsigte van wesenlike belydeniswaarhede met evangelisasierelevansie, sal byvoorbeeld slegs wat die sensus betref, saamgewerk word.

★2 Terreine waarop ekumeniese samewerking inderdaad noodsaaklik is, is byvoorbeeld nywerheidsbediening. Tereg vra Zielhuis: "hoe zal men zich aan de industrie als afzonderlijke kerk kunnen presenteren?"[723] Hier is die kerkverband en in 'n steeds groeiende mate die ekumeniese verband van belang.[724] Die feit dat kerklike verdeeldheid 'n wesenlike oorsaak van kerkvervreemding[725] ook by die jeug is, maak 'n eenheidsaanpak van nywerheidsbediening aan die vervreemde en buitekerklike 'n absolute vereiste in belang van die geloofwaardigheid van die boodskap van die kerk.[726]

★3 'n Verdere terrein waarop veral in belang van jeugevangelisasie samewerking gesoek moet word, is vakansieoordbediening.[727] Ondervinding het geleer en bewys dat daar by vakansieoorde kontak gemaak word met kinders en jongmense uit 'n verskeidenheid van kerke en genootskappe. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet dit ernstig oorweeg om sy spanne minstens oop te maak vir werkers uit kerke met 'n gereformeerde belydenis — Engelssprekende kerke ingesluit.

★4 Jeugdienste en -saamtrekke is nog 'n terrein waar op ekumeniese wyse die samewerking van ander kerke gesoek kan word. So 'n poging kan byvoorbeeld in 'n stad eise stel "which far exceeds their (die kerke MN) individual capacities and resources".[728] Tereg waarsku Kilpatrick teen die "one plain defect" van hierdie groot saamtrekke naamlik dat die byeenkomste oorlaai word met gelowiges, wat dit hul (goeie) plig ag om te gaan, terwyl die vervreemde nie kom nie. Hierdie probleem vergroot namate die prediker bekend en gewild is. Sy oplossing is 'n verdeling van die stad in kleiner "streek"-saamtrekke.[729] Die moontlikheid van 'n verdeling van die veld "to the extent of avoiding encroachment upon territory already being worked by a Christian, although Arminian Church" word selfs as 'n moontlikheid genoem.[730] In groot industriestede wat byna sendingvelde geword het, is hierdie moontlikheid nie so vergesog nie.

★5 Die beskikbaarstel en verspreiding van Bybels en ander voorafgekeurde lektuur is 'n verdere omvattende en uitdagende terrein vir ekumeniese optrede.[731]

★6 Verdere terreine is die gesamentlike optrede in die opsporing van vervreemdes en buitekerklikes; radio-evangelisasie;[732] die vervaardiging van evangelisasiefilms, skyfiereekse, videobande; die aanpak van diensprojekte in minder-gegoede buurtes soos die sorg vir straatjeug, hulp deur die kerkjeug aan onderontwikkeldes; vakansieprogramme vir kinders van ouers wat miskien nooit met verlof weggaan nie; natuurkampe met evan-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gelisasiedoelwitte en nog meer.[733] So ook kan daar samewerking wees in verband met skakeling en gebruikmaking van die pers; skakeling met die owerheid, waar van toepassing; skakeling met die plaaslike skole in belang van die saak van die Koninkryk.

### 4.3.3 RIGLYNE VIR EKUMENIESE PROJEKTE

#### ★ 1 Deeglike skakeling en oorlegpleging

Kerke wat hul gemeenskaplike roeping tot die terugwin van vervreemde en buitekerklike jeug ernstig opneem en in ekumeniese verband 'n evangelisasieaksie of -projek aanpak, moet mekaar vooraf eerlik in die oë kyk. Daar moet deeglik oorleggepleeg word oor sake soos doel en doelwitbepaling, benaderingswyse, beplanning, nasorg en veral lidmaatwording van die buitekerklike. Paul Löffler skryf dat laasgenoemde dikwels die rede is waarom daar prakties so min in ekumeniese verband gebeur. Mense wat deur evangelisasie teruggewin word, moet uiteindelik by 'n kerk inskakel. "At this point, if not before, the common path divides."[734] Hoe groot hierdie probleem ook al is, en dit is inderdaad 'n probleem, mag dit nie die kerke weerhou om samewerking in belang van evangelisasie te soek nie. Hierin is Löffler reg wanneer hy samevattend sê dat "evangelization is the test of our ecclesiastical vocation. The crisis we are going through today is not so much a crisis of faith as a crisis of faithfulness of the whole people of God".[735]

Solank die eenheid nie ten koste van die waarheid gesoek word nie, moet kerke ook in hierdie opsig mekaar vind. 'n Ooreenkoms om persone wat terugkom, terug te verwys en in aanraking te bring met die kerk waarin hulle byvoorbeeld gedoop is, of waaraan hulle ouers behoort het, kan 'n leidraad tot 'n ooreenkoms wees. Aan die ander kant moet in eerlike evangelisasie ter wille van die eer van God en die redding van mense nie oordrewe klem op die win van lidmate gelê word nie. Hier is van toepassing dat "ignoring the divisions in order to unify is bootless, but needlessly emphasizing the division is often equally unnecessary and hurtful".[736]

'n Skakelkomitee tussen plaaslike gemeentes, ringe of sinodale kommissies (afhangende van die omvang van die projek), is waarskynlik die aangewese weg om hierdie vooraf-oorlegpleging af te handel. Helderheid moet hier oor elke faset van die aksie gekry word sodat elkeen wat saamwerk, met volle instemming op die pad kan meegaan. Kilpatrick is reg wanneer hy sê dat so 'n aksie "requires an administrative head and a strong executive".[737] Snyder se opmerking mag vir so 'n skakelkomitee en meewerkende kerke leiding gee, want hierin is hy reg: "if such a structure is *based on a clear understanding of the church* (kursief MN), it will succeed in giving some visible, organised expression of the church's unity without tending towards a 'super-church'. The structure will be seen as essentially *para-church* rather than *super-church*; as standing alongside of and serving the true body of Christ . . ."[738] Dis 'n feit dat alle pogings aangewend behoort te word om in 'n "unity of truth" (Lausanne) kerke tot medewerking te kry. Dit is een van die groot verdienstes van 'n bewe-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ging soos "Evangelism-in-depth", want dit "challenges and gives opportunity for the Church of an entire nation to present a coordinated witness to the nation".[739] Kerke wat in hierdie opsig saamwerk, moet tot in die fynste detail aan mekaar lojaal wees.[740] Eerlikheid en openhartigheid is hier van groot belang — evangelisasie-eerlikheid.

★2 Deeglike organisasie

Met inagneming van alle eise ten opsigte van normale jeugevangelisasie en besoekwerk sluit hierdie voorbereiding die beplanning van die finansies, die toerusting, organisering en kontrolering van die werkers, terugrapportering en nasorg in. "Haste and heedlessness would mean humiliating defeat in the present, and would render evangelism in the city more difficult for years after."[741] Selfs wanneer erkende kerke "op paralellopende basis, elk op eie terrein"[742] meewerk, is gesamentlike beplanning en koördinering van programme uiters gewens. Indien dit 'n gesamentlike aksie is, is dit nog meer noodsaaklik.

Die persone wat die organisasie beheer, moet trag om die vermoëns van die onderskeie kerke vir sover dit opleidingskursusse, lektuur, werkers, hulpmiddele en fasiliteite betref, ten beste in die aksie te benut. Wanneer die evangelisasienood eenmaal kerke tot 'n gesamentlike optrede laat kom, moet beskikbare bronne vrymoediglik en eerlik gedeel word. Net so moet die koste van so 'n aksie bereken, beplan en billik verdeel word. Evangelisasie in diepte, soos dit 'n gereformeerde kerk betaam, is duur en kerke "must be prepared to pay the price ... every matter of business connected with the campaign must be cared for with minute accuracy".[743] Die beplanning moet na afloop van 'n projek voortgaan. Kerke moet die nasorg met groot sorg beplan en in eerlikheid teenoor mekaar deurvoer op die wyse waarop ooreengekom is. "There must be faithful evangelism after it, (die "campaign" MN) else it will pass away and leave no result."[744]

Organisasie is in evangelisasie altyd belangrik, maar in ekumeniese verband is dit ter wille van evangelisasie én ter wille van die handhawing en bou van goeie bande tussen kerke dubbel belangrik. Goeie organisasie na deeglike oorlegpleging, kan onder die seënende hand van die Vader deurslaggewend wees vir die sukses van 'n ekumeniese jeugevangelisasie-projek. En tog moet onthou word dat die doel van organisasie in hierdie opsig "is to provide, with a minimum of red tape and bureaucracy, a workable framework within which to carry out each phase of the movement with the maximum participation of each local church and individual Christian".[745]

4.3.4 BUITEKERKLIKE ORGANISASIES EN JEUGEVANGELISASIE

★1 In ekumeniese verband gaan dit om erkende kerke wat òf gesamentlik òf op paralellopende basis, elk op eie terrein gelyktydig 'n evangelisasieaksie of -projek onderneem. In buitekerklike organisasies gaan dit egter om 'n onafhanklike, selfstandige organisasie of vereniging (soos die Afrikaanse Christen-Studentevereniging, Campus Crusade for Christ, Jeug vir Christus) wat òf los van die erkende kerke, òf in een of ander verband



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

met kerke, òf soms op sekere voorwaardes saam met kerke jeugevangelisasie onderneem.

★2 Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging

Sommige organisasies soos die Afrikaanse Christen-Studentevereniging staan in noue verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en stel hom op dieselfde belydenisgrondslag en onder toesig van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.[746] Ten opsigte van hierdie vereniging het die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook 'n sekere beginselstandpunt wat gebruikmaking van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging onder bepaalde omstandighede toestem — mits die kerkraad dit goedkeur.[747] Sonder om die evangelisasiewaarde van die jeugwerk in en deur die Afrikaanse Christen-Studentevereniging te beoordeel, word hier gemeld dat die vereniging sterk gerig is op persoonlike bekering en geloofsekerheid. Kampe en ander byeenkomste het 'n sterk evangeliese inslag. Die gevaar bestaan egter wesenlik dat die kinders van die kerk as evangelisasieobjekte beskou en benader word. Die "evangelisasie"-gerigtheid is dus telkens na binne en geskied nie altyd in ooreenstemming met die beleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk insake evangelisasie as arbeid na buite nie.[748] Hiermee word nie standpunt ingeneem teen die oproep van verbondskinders tot bekering en aanvaarding van hul verbondseie nie. Waarteen wel gewaarsku word, is 'n benadering van getroue verbondskinders wat gereeld in die kategese is asof hulle "heidene" is en asof evangelisasie 'n werk van die kerk na binne is.

Vanweë die interkerklike karakter word die noue aansluiting by die kategese en die inoefening van praktiese dienswerk in die kerkjeugaksies ook gemis. Sou die Afrikaanse Christen-Studentevereniging 'n deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk word, soos wat nou reeds jare al deur onderhandeling probeer word,[749] kan dit 'n uitmuntende jeugevangelisasie-instrument op die kampusse van hoërskole word. Dan kan dit funksioneer in die allernouste skakeling met die toerusting in die kategeseklas en die jeugevangelisasiewerk van die Senior Kerkjeugaksie.

★3 Ander buitekerklike organisasies

In Suid-Afrika is daar veral drie ander organisasies met jeugevangelisasie besig te wete: Jeug vir Christus, Campus Crusade for Christ en Youth with a Mission. Dit is nie hier die plek om die werk van hierdie organisasies in detail te bespreek en te ontleed nie. Hier gaan dit hoofsaaklik om 'n beoordeling van jeugevangelisasie deur sodanige organisasies.[750] Die standpunte van sinodes teenoor hierdie organisasies, was nog deurgaans negatief.[751]

Barnard se standpunt is gebalanseerd wanneer hy skryf dat God opreg gedank moet word "dat sy wonderlike Evangelie wel uitgedra word, al is dit deur swak mense en op 'n swak wyse. Te meer moet ons Hom dank vir elkeen wat deur die kennis van die Evangelie geraak en vir Hom gewin is, al is dit soms met eensydighede en met 'n stuk dwaling".[752] Natuurlik is alles nie hiermee gesê nie soos hieronder blyk. Wat wel van belang is, is dat geen kerk wat met evangelisasie erns maak, sonder meer negatief kan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

staan teenoor organisasies wat met groot ywer, toewyding, erns en opregtheid die evangelie na die vervreemdes en buitekerklikes uitdra nie. "Ons kan as kerk baie leer by wat gedoen word; ons kan soveel besieling en hulp kry vir die werk; ons kan met so baie nuwe gedagtes die werk veel beter doen."[753] Tereg vervolg Barnard dat daar grense is, foute gemaak word en dat die kerk ook (veral) leer wat om nie te doen nie.[754] Die groot waarheid hier, is dat die kerk nooit net negatief mag wees nie. Die afwysing van verkeerde benaderings, metodes, die aantoon van wesenlike gebreke in die jeugevangelisasie van inter- en buitekerklike organisasies, *verplig die kerk* tot ongekende en onvermoeide ywer om hierdie werk op 'n gereformeerd-verantwoorde wyse te doen. As en wanneer die kerk nee sê vir sy kerkjeug ten opsigte van inskakeling by buitekerklike organisasies, moet die geleenthede reeds geskep wees sodat hulle binne hulle eie gemeente, in kerkverband en in verantwoorde ekumeniese verband aktief met jeugevangelisasie besig kan wees.

## ★4 Enkele kritiese opmerkings

### ★4.1 Leer en belydenis

'n Groot probleem in hierdie verband is juis dat die grootste gemene deler so klein en skraal word dat die Bybelse boodskap aangetas word. Hierby aansluitend, is dit moontlik dat persone uit verskillende belydenisse, tog inskakel met aanvaarding van die gemeenskaplike, maar nogtans eie beskouinge oor sekere belydenissake in die organisasie indra. Dit is wel nie die organisasie se skuld nie, maar dit is gewoon een van die negatiewe newe-effekte van enige interkerklike organisasie.

Die moontlikheid bestaan ook dat een of ander kerk, groep of leier se stempel ook sterker op so 'n "geloofsbelydenis" afgedruk kan word. So kan die Arminianisme baie maklik in die belydenis, maar veral ook in die praktyk van 'n organisasie insluip.[755] Belangrike waarhede van die Skrif word ter wille van die algemene aanvaarbaarheid sagter gestel. Chantry skryf in hierdie verband dat "relevance. respectability (whether intellectual or social), and especially unity have become the aims of God's people with the hope that these will revitalize a weakened church".[756]

Omdat hierdie organisasies gewoonlik ter wille van 'n enkele doel bestaan, word laasgenoemde eensydig beklemtoon ten koste van ander ewe belangrike leerstukke. Dit lyk dan of evangelisasie al is wat belangrik is. In hierdie opsig vertoon buitekerklike organisasies 'n tipiese sektekenmerk te wete die verheffing van 'n deelwaarheid tot 'n hoofwaarheid, gewoonlik in navolging van 'n leier. Barnard noem hierdie saak: "die geheim van die kerk vergeet, die besondere werk tree in die plek van die normale, die gelowiges ten koste van die ampte en ook nog ander eensydighede".[757]

### ★4.2 Groei tot onaantasbare selfstandigheid

Die meeste van die organisasies het ontstaan ten dienste van die vernuwing van die Christendom "maar ook de vernieuwing van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

gevestigde kerkelijke genootschappen".[758] Jeugorganisasies het egter dikwels jeugkerke geword. Corbett en Johnson toon aan hoe dat die sestigerjare jeugorganisasies gedwing het "to admit that they had become selfserving".[759]

Die organisasies dreig om self kerke te word, hulle programme groei en word na ander lande oorgeplaas — lande waar die plaaslike kerke miskien wel hulle taak probeer vervul, maar dit lei tot spanning en opposisie. Die kerk se werk word gedupliseer, lidmate word uit hulle kerk uit "geëvangeliseer" en gelei om buite die kerk om te werk.[760] Die uitgesproke standpunt van leiers van organisasies dat hulle lidmate terugstuur na hulle kerke werk net nie altyd so uit nie. Lidmate bou sentimente en lojaliteite met die organisasies op en raak negatief teenoor hulle kerk. Dis veral die geval wanneer die organisasies die kerk van tyd-tot-tyd afbreek met negatiewe kritiek. Dan word die organisasie die "geestelike werkers" en die kerk die "paaiboelies" wat uit doodsheid teenoor die organisasies standpunt inneem. Smith skryf tereg dat "some of these groups defend themselves by saying that they are one of the 'arms of the church'. What good is an extra arm if it slaps the body now and then. Arms are to be a part of the body grown on to it, not casually sewn to the form. It might be better for them to determine to be a part of the heart. That would strengthen the body as a whole".[761]

Gatu skryf van hierdie organisasies wat "kerke" word en selfs in vreemde (vir hulle vreemde MN) lande gaan werk dat "in the context of a situation already bedevilled by denominational rivalries and competition, the coming of yet 'another label' onto the scene too often means further division and a weakening of our Christian witness ... Consequently the reaching of the unreached is delayed. The solution, therefore, must not be seen in inviting more groups to participate but rather in mobilising the potential that the Church already has".[762]

Hierdie moment van kritiek is van groot belang. Meermale is bewys dat wat aanvanklik bedoel is as hulp aan die plaaslike gemeente, uiteindelik so 'n selfstandige grootheid word dat plaaslike gemeentes gevra word om deur hul medewerking die organisasie te dien. Wanneer die kerk dan nie agterna hardloop nie, word laasgenoemde van evangeliese moegheid en lamheid beskuldig. Die huidige "spanning" tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Campus Crusade is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die reaksie binne in die kerk sit in baie gevalle die kerk se eie evangelisasieaksie en pogings in trurat.

### ★4.3 "Onvolledige" evangelisasie

Hier is veral twee sake ter sprake.

- 1 Praktiese fundamentalisme

Buitekerklike organisasies plaas groot klem op die leiding van die Heilige Gees en dit moet waardeer word. Daar word dikwels te min gemaak van die leiding en werking van die Gees in evangelisasiepogings.[763] Die probleem kom egter by die verstaan van die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

leiding en van die Woord. Die Woord word so dikwels sonder inagneming van die eksegetiese en teologiese aard gebruik.[764] Steggink noem dit ''praktische fundamentalisme''.[765]

Saam hiermee gaan 'n dikwelse apatie ten opsigte van die werklike probleme van die vervreemde en buitekerklike jeug. Biblisisme en fundamentalisme, loslating van die historiese raamwerk van die teks lei tot kunsmatige kitsoplossings — kort formules en 'n onbybelse klem op die ''redding van die siel'' — en 'n onrealistiese verwagting van laasgenoemde asof dit 'n vingerklapoplossing vir alle gekompliseerde verhoudings en persoonlike probleme is. Daar is soveel waarheid in Jager se opmerking in hierdie verband wanneer hy skryf: ''Als Youth for Christ reageert met de opmerking dat evangelisatiewerk vanzelf al de beste maatschappijkritiek is, omdat het altijd daadwerkelijk en hulpvaardig wordt, is dit een te simplistische verdediging tegenover het verwijt van simplisme''.[766]

•2 Voogdy-evangelisasie

Evangelisasie deur interkerklike organisasies bly op sy beste voogdy-evangelisasie. ''The spiritual child is brought into the heavenly world by an outsider who then hands him over to a stranger who tries to bring him into a fellowship which is unfamiliar. Thus, at the start, the odds are against successful integration.''[767] Tereg vervolg hy dat evangelisasie ten beste binne 'n beskermende groep plaasvind en hiervoor is die permanensie van die gemeente as liggaam van Christus wesenlik. ''This makes it tough for mass evangelistic efforts of the interdenominational variety.''[768] ''Instead of being born again in a church, he (die bekeerde MN) must go and find one. This has all the defects of an orphan in a foster home.''[769]

Smith, wat ernstige vrae stel oor die groot getalle beslissings wat dikwels deur hierdie organisasies aangegee word sonder dat die kerke 'n ooreenstemmende groei in lidmate kan verifieer, sê openlik: ''Here lies the problem. The para-church groups are not equipped to properly evangelize and disciple''.[770]

Dit is wel waar dat van die organisasies baie klem lê op nasorg en dissipelskap — die probleem is dat, tensy 'n gemeente hulle program oorneem en die organisasie inroep, ontbreek die dissipelruimte by enige buitekerklike organisasie. Lidmate word dan as't ware buite die plaaslike gemeente as die natuurlike dissipelbouruimte opgelei en dikwels, onbedoeld, teenoor die gemeente. Smith is daarom reg wanneer hy voortgaan en skryf: ''They are not even qualified to do the first thing a Christian needs done, baptism. That's the job of the church. Yes, I know that others evangelize because the church has failed to do it adequately. I've already said that the church has learned much from these groups. Maybe then this is the function of these groups — to awaken and benifit the church. If this is true, then more of their efforts need to



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

be expanded through the church, not just trying to get the church to support their programs''.[771]

Dit is uit die aard van hulle wese en samestelling vir buitekerklike organisasies moeilik (as hulle nie kerke wil word nie) om die drie dimensies van gemeentegroei vas te hou, te wete 1) ''quantitative growth'', (2) ''qualitative growth en (3) ''organic growth''. Hierdie drie ''should be kept in equilibrium and they should be continuous''.[772] Dit beteken dat hulle gelyktydig en voortdurend al drie geldend is. Daarom mag niemand net by bekering bly nie[773] en is Smith reg wanneer hy dit so saamvat: ''I thank God for any group or any person that wins others to Christ, but the church has the surest way of making certain the convert is not only won but also discipled into the likeness of our God''.[774]

#### 4.3.5 SAMEVATTEND

Elke ware kerk vir wie sy evangelisasietaak erns is, is geroep om in hierdie wêreld te soek na 'n eenheid in waarheid. Saam met ander kerke moet die evangelie van versoening gedra word deur die Woord van die versoening, maar ook deur die bewyslewering dat Christus se versoening ook en veral die eenheid van kerke raak. Die geloofwaardigheid van die evangelie en van die kerk as draer van die evangelie is hier op die spel. Wanneer die kerk in sy eie plaaslike roeping en gesamentlike roeping in ekumeniese verband, ontrou is, ontstaan gewoonlik allerlei interkerklike organisasies wat in hierdie leemte voorsien. Hierdie organisasies bemoeilik meermale die taak van die kerk wat graag sy eie roeping wil vervul. Daarom roep juis die bestaan van sodanige organisasies die kerk tot nuwe erns met sy eie wese en sy ekumeniese verantwoordelikheid. Laasgenoemde raak inderwaarheid die geloof van die wêreld.[775]

### 4.4 TOERUSTING VIR JEUGEVANGELISASIE

#### 4.4.1 DIE NOODSAAK VAN TOERUSTING

In aansluiting by dit wat reeds ten opsigte van die verband tussen ampte en ampsbediening, ampsbediening en gemeente, gemeente en diens geskryf is,[776] word hier kortliks nog teruggekom op die waarheid dat toerusting 'n Bybelse saak is. Reeds volgens die Ou Testament is God besig om mense vir hulle diens toe te rus. Hiervoor gebruik Hy verskillende metodes. Die verskyning van die Engel van die Here,[777] hulp van mense, priesters en profete is hiervan voorbeelde.[778] Na Jesus se toerustende bediening aan die twaalf, is reeds telkemale verwys. Wilson skryf dat Jesus sy dissipels deur sy voorbeeld onderrig het, en deur sy krag toegerus het. Hy het hulle ''personal evangelism, mass-evangelism'' en ''small-group evangelistic meetings'' geleer.[779] Met hierdie opdrag het die dissipels voortgegaan en nie baie lank na die Pinkstergebeure nie kan gewone gelowiges wat as gevolg van vervolging moes vlug, die land (Judea en Samaria) deurgaan ''en die woord van die evangelie verkondig''.[780]

Ook Paulus as die ''dertiende'' apostel leer dit onomwonde dat God die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

ampte gegee het sodat sy gemeente hul gegewe dienswerk kan verrig. "Die algemene noemer waaronder die ampte in die gemeente funksioneer, is dus dié van toerusting van die gemeente, van voorraadvoorsiening vir die behoefte van die gemeente, van geskikmaking om as geheel — waarby uiteraard ook die ampte self as *aphai* ingesluit is — die taak te verrig waarvoor dit toegerus word."[781] In hierdie taak is die "missionêre diens van die totale gemeente part en deel ... van haar bestaan in die eskatologiese interim waarin sy instrument is van God self wat sy volk bou".[782] Voeg hierby die bewys van Paulus se eie toerustingsaksie ten opsigte van die gemeentes deur gebed, deur brief, deur voorbeeld, deur vermaning, bemoediging — soos 'n vader en pleegmoeder.[783]

Dit is daarom nie alleen die taak van die hele gemeente, onder leiding van die besondere ampte, "to nurture new Christians in the faith" nie,[784] maar ook om medearbeiders toe te rus. Tereg skryf Schulte dat gewilligheid in hierdie verband nie maar genoeg is nie. Talle evangelisasiepogings het al misluk juis omdat daar ten spyte van gewilligheid, geen vaardigheid was nie.[785] Pickering praat ook met reg van "evangelism: the outreach of an instructed Church" en van "evangelism: the outreach of a Spirit-empowered Church"[786] en motiveer dit vanuit die Nuwe Testament. Dit is om bogenoemde redes dat die Algemene Sinode nou reeds vir etlike jare die voortgesette toerusting van predikante, ouderlinge, diakens en lidmate so dringend bepleit.[787] Die goedkeuring en loodsing van die lidmaattoerustingsprogram is maar net nog 'n poging om gemeentes te help "om met inagneming van die eise van die Skrif en die behoeftes en omstandighede van die persoon, elke belydende lidmaat deur 'n voortgesette toerustingsprogram verder toe te rus om as lewende lidmaat van die gemeente die amp van die gelowige volwaardig te beoefen."[788] Hiermee het die sinode nie die toerusting van dooplidmate vergeet nie. Bogenoemde program bou juis voort op en sluit aan by die toerusting en lering gedurende die twaalf jaar junior en senior kategese.

### 4.4.2 DIE DOEL VAN TOERUSTING

★1 Volgens Efesiërs 4:1-16 is die doel van toerusting die diens van die gemeente vir sy eie opbouing en getuienis in hierdie wêreld. Roberts sien hierdie twee doelwitte as wesenlik verbonde en interafhanklik. Hy skryf: "In beide gevalle is die gemeente as sodanig, die liggaam in al sy geledinge ingeskakel by die diens van die Woord van God. In die een geval is hierdie diens gerig op die opbou van die gemeente, deur hulle wat nog buite is, te roep en te oortuig en te beweeg om tot die unie van die geloof toe te tree. In die ander geval is die diens gerig op die opbou van die gemeente deur die vasmaking van wat bereik is, deur die konsolidering in die waarheid wat aangeneem en geglo is".[789] Feit is: *diens* is die doel van toerusting. Philips vertaal Efesiërs 4:12 so: "that Christians might be properly equipped for their service".[790] Hierdie diens is omvattend. Noordegraaf skryf tereg: "Een dienende gemeente is een wonder van de Heilige Geest, die ons bindt aan Christus, ons doet leven uit Hem en ons zo op elkaar betrekt. Zonder Pinksteren is er geen dienstbetoon.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Schort het aan dat laatste, dan moeten we ons zelf eerlijk afvragen: Weten we nog wat het is te leven door de Heilige Geest?"[791]

So wesenlik is toerusting. Dit het inderdaad met die geestelike wandel deur die Gees te doen. Dit is geen ongeestelike en administratiewe ekstra iets nie. Alleen deur die Gees leer 'n gemeente na die voorbeeld van sy Heer en Meester om te dien en dienend in struktuur en arbeid in hierdie wêreld teenwoordig te wees.[792]

★2 Hierby kan as doelwit gevoeg word wat Veldkamp "productiviteit en receptiviteit" noem.[793] Hy bedoel daarmee om die verband tussen *ontvang* en *diens* aan te toon. Terselfdertyd gaan dit om 'n beklemtoning van die vermoë van die gelowiges. Lewende, ontvangende lote kan vrug dra. Wie goed hoor, kan goed weggee wat hy gehoor het.[794]

★3 Toerusting het samevattend tot doel die gereedmaking van die leraar, ouderlinge, diakens en elke lidmaat vir die sewevoudige diens of arbeidswyse van die gemeente deur verkondiging (kerugma), getuienis (marturia), gemeenskap (koinonia), diens (diakonia), aanbidding (leiturgia), geestelike sorg (paraklese) en die onderrig (didache).[795] Die betrokke kommissie van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode se siening is dat die toerusting tot die apostolaat geskied deur: prediking, diensbetoon, tekens, "exemplarische existentie, sociale en politieke actie, participatie en indentificatie, dialoog".[796]

Dit gaan om toerusting tot 'n omvattende diensbetoon in woord en daad na die voorbeeld van Christus Jesus en in die krag en leiding van die Heilige Gees. Wie gedoop is en glo, *is* in diens gestel. Vir hierdie diens deel God sy gawes uit en is elke gawe na sy wese 'n diensgawe (1 Kor. 12:1 — 11).

### 4.4.3 WIE MOET VIR JEUGEVANGELISASIE TOEGERUS WORD

By wyse van opsomming word die volgende genoem:

★1 Die besondere ampte

Hierdie persone het tot roeping die toerusting van die gemeente[797] en het daarvoor self toerusting nodig. Tereg sê Barnard dat reeds die teologiese student toegerus moet word vir sy toerusting en evangelisasietaak "sodat die nuwe predikante die toerusting sal hê en met die regte ingesteldheid kan begin".[798]

Hierdie toerusting behoort opgevolg te word deur indiensopleidingskursusse aan leraars, desnoods op 'n gereelde en verpligte basis.[799] Dieselfde eis geld vir die voortdurende toerusting vir ouderlinge en diakens.[800]

★2 Ouertoerusting

Dit vind nie alleen plaas om vervreemding by kinders en jongmense te voorkom nie, maar "among those who are called to communicate and witness their faith, parents have a place of special importance . . . Christian *parents*, mothers and fathers alike, must take account of their vocation as messengers of the Gospel and must accept and fulfill it wholeheartedly".[801]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★3 Kategete en ander jeugleiers

In die terugwin van die vervreemde verbondskind (intensiewe jeugarbeid) is kategete en jeugleiers sleutelpersone. Hieroor is in hierdie studie genoegsaam uitgebrei.[802] Genoeg om hier te beklemtoon dat besondere erns gemaak moet word met leiertoerusting in belang van jeugevangelisasie.[803]

★4 Kerkjeug

In hierdie studie is gepoog om aan te toon dat die kerkjeug ideaal geskik is om vervreemde en buitekerklike jeug vir Christus en sy gemeente te bereik.[804] As hierdie potensiaal van die kerk van Christus ten volle benut moet word, moet die kerkjeug altyd intensief in fokus wees wanneer die gemeente vir sy diens toegerus word. Die kerk wat hierdie aspek verwaarloos, gaan in die jeugevangelisasiewedloop tweede kom.

4.4.4 WAARIN MOET DIE GEMEENTE TOEGERUS WORD

★1 Kennis van die wese van gemeentewees

Evangelisasie het ten diepste te doen met 'n goeie begrip van die wese van die kerk.[805] Daar is min hoop om 'n gemeente tot 'n omvattende evangelisasiebediening te begelei sonder om hulle te leer wat *die* wese van die kerk as dienende dissipelgemeenskap is.[806] Tereg sê Louw dat dit 'n verandering is "wat eerstens moet plaasvind in die hart van elke gelowige".[807] Die gemeente moet leer wie hulle is as mense in wie en onder wie Christus Jesus deur sy Gees, Woord en sakramente lewend teenwoordig is.[808] So 'n gemeente het op sigself evangelisasiewaarde en -trekkrag.

★2 Geloofskennis

Wat Hosea geskryf het oor die gebrek aan kennis by die volk, is vandag nog waar. Ook die kerkvolk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis.[809] Kennistoerusting is vir die gemeente se diensbaarheid wesenlik belangrik.[810] In die verband van hierdie studie gaan dit sentraal om die verstaan van wat geloof is, die rol wat geloof in die verlossing van 'n mens speel, die probleme rondom geloof, hoe om dit te deel met ander, hoe dit ontstaan en so meer.[811] Die kerkjeug moet hul eie geloof en geloofsbelydenis verstaan. Hulle moet ingelei word in die wese van die evangelie en die regverdigmaking deur die geloof: "To paraphrase Melanchton: faith in Christ is recognizing Christ's gifts. The gospel that announces the gift is itself a gift. Christ is a gift. Salvation is a gift. Even faith that accepts the gift is a gift. The biblical word for the gift-like 'given-ness' of the gospel is *grace*".[812]

Dit gaan daarom om 'n deeglike en voortdurende inlei in belydeniswaarhede soos in die Skrif geopenbaar. Evangelisasietoerusting is nie oppervlakkige tegniekbemeestering nie. Dit is ten diepste 'n indring in die Skrif self. Daarom moet Bybelstudie in hierdie toerustingsprogram so 'n sentrale plek inneem.[813] Uit die Skrif moet die kerkjeug leer wat die wesenlike dinge, wat in evangelisasie na vore kom, wesenlik is — sake soos geloof, bekering,[814] dissipelskap [815] en so meer. Reeds in die nasorgprogram vir die jong gelowige moet hierdie toerusting deur Bybelstudie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

begin sodat die gelowige kan groei in standvastige kennis.[816] Wat die belydende kerkjeug betref, is inskakeling by die lidmaattoerustingsprogram 'n voorwaarde tot medewerking in jeugevangelisasie.

★3 Kennis van die vervreemde mens

Volwassenes en die kerkjeug self moet geleer word om nie alleen die subjek van evangelisasie te ken nie, maar ook die objek. Die vervreemde en buitekerklike kind en jongmens moet eerstens as *kind* en *jongmens* geken word. Sy wêreld of die wêreld waarin hy/sy leef, moet egter ook geken word.[817] Relevante, effektiewe evangelisasie eis hierdie groei in kennis en geeneen wat met evangelisasie erns wil maak, moet hierdie "moeite" om te ken, ontsien nie. Dit beteken dat die leraar self die mens moet ken ten einde die gemeente hierin toe te rus. Wanneer dit gaan oor die werklike sielkunde van die mens, kan dit 'n wins wees om 'n tersakekundige by die toerustingsprogram in te skakel.[818]

★4 Geestelike toerusting

Pickering skryf tereg dat "while sound theology must not be neglected in our approach to evangelism it must be remembered that evangelism is the overflow of a broken heart".[819] Hy verwys dan na die besondere voorbeeld van Jeremia in sy gebrokenheid oor sy volk se afvalligheid en nood,[820] en na Jesus en sy gebroke hart oor Jerusalem se wederstrewigheid.[821] "God deliver us from our dry-eyed, superficial, and programmed evangelism which does not force us to our knees to wrestle with God over the souls of men."[822]

Die kerkjeug moet daarom vir 'n lewe deur gebed en 'n wandel deur die Gees, toegerus en daarin voorgegaan word.[823] Tereg skryf Hogue: "The question is often asked 'How do you really get ready to evangelize?' The usual answer is, 'Go to a clinic, do a study, learn some scriptures, use a tract'. These may prove useful. However, a major aspect deleted from preparation to witness proves they are ineffective without the power and presence of the Holy Spirit".[824]

★5 Persoonsvorming

In die allernouste aansluiting by bogenoemde, moet daar aandag gegee word aan persoonlikheidsvorming van die kerkjeug. Kinders en jongmense is nog op pad na volwassenheid en daarom is hierdie aspek by toerusting in belang van jeugevangelisasie nog belangriker as normaalweg. Dit sluit egter nie uit nie dat daar ook (en soms veral) gewerk moet word aan die persoonlikhede van volwassenes wat meehelp in jeugevangelisasie. Ywer in hierdie opsig gaan soms met ongebalanseerdheid en taktloosheid gepaard. Volwassenes dink soms dat *jeug*evangelisasie met 'n van-bo-af-sê afgehandel kan word. Sake wat in hierdie verband van groot belang is, is:

• 1 Die keuse van die arbeiders. Dit moet mense wees wat met groot sorg gekies en onderrig word. Dit geld as vanselfsprekend dat dit gelowiges moet wees wat aktief in die gemeente inskakel. Mense wat gewillig is om by 'n span in te skakel en saam te werk.[825]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

•2 Getrouheidsgroei hou met bogenoemde verband. Hofinger sê tereg dat die gelowige "transmits the message that he himself has received. This requires *great fidelity* on his part".[826] Dit gaan om die bou van werkers wat innerlik sterk is in ootmoed, geduld en moed.[827]

•3 Takt is in jeugevangelisasie van wesenlike belang en wie dit nie van nature het nie, moet dit leer. Hiermee saam gaan 'n openheid, 'n onderskeidingsvermoë, menslikheid en 'n "breedheid".[828]

•4 Liefde. "Christian workers will need to love the person and seek to become his friend because they honor and respect him as an individual and because they see something of the potential of what that person can become in Christ."[829] Tereg sê Wurth en Wiersinga dat daar mense is wat die liefde tot God en vir sy eer afspeel teenoor 'n liefde vir mense (en andersom seker ook MN). "Een dergelijke 'theocentrische' instelling verdient allerminst bijbels te heten. In bijbelse geest mag onze liefde tot God alleen dan waarachtig die naam dragen, als de liefde tot de medemens daar onafscheidelijk aan verbonden is."[830]

Gelowiges moet nie alleen weet dát hulle moet liefhê nie, maar moet in en vanuit die Skrif en gemeente leer hóe om lief te kry en lief te hê — hoe om die Gees daarvoor te vertrou.[831]

★6 Gespreksvoering en getuienislewering

Oor die wese en vereistes van gespreksvoering is reeds in paragraaf 4.3 gehandel. Tog is dit hier van belang om dit te stel dat 'n vrees om te praat en die omvermoë om 'n gesprek te voer, dikwels die rede is waarom toegewyde kerkjeug selde of nooit tot 'n gesprek oor Christus met ander geraak. Dit moet daarom langs die weg van geduldige toerusting vir hulle geleer word.[832]

Armstrong noem dit toerusting in "sharing your faith".[833] Jauncey skryf: "We must spell out just how our faith brings fulfillment".[834] Die kerkjeug sal hieroor breedvoerig onderrig moet word — wat getuienis is en hoe 'n persoonlike getuienis in 'n gesprek benut kan word.[835]

Hierby aansluitend, is die begeleiding tot onderskeidingsvermoë in die benaderingswyse van mense met verskillende agtergronde. "So, too, we initiate a witness to a new family in the community in a way that is different from confronting an inactive member".[836]

★7 Indiensopleiding

Sonder indiensopleiding werk toerusting selde of nooit deur na die praktyk. Vollenhoven het gepraat van die drie "polaire spanning" in die werk van die Jeug- en Evangeliebeweging.[837] Hy praat van die eerste as die spanning tussen die persoonlike omgang en gemeenskaplike kontakte; die tweede in die verhouding "contact-werk/kern-werk" en die derde polêre spanning is die verhouding tussen "het zelf-in-actie-zijn en de activering van de anderen".[838]

Die werker moet daarom toegerus word om self besig te wees met jeugevangelisasie, maar om terselfdertyd ook ander daartoe in-diens op





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

te lei. Little praat hiervan as "equipping *within* (kursief MN) mission".[839] Sodoende word die kennisopleiding relevant ("equipping is inseparable from learning"),[840] en "the learning that occurs is a kind of personal transformation — and this is the kind of learning with which the church is concerned".[841] Kennedy se standpunt in hierdie verband is reeds op grond van vorige verwysings daarna, bekend. Hy skryf: "the missing link of modern evangelistic training which was so thoroughly provided by Christ, is "on-the-job training".[842]

Elke toerustingsprogram moet ter wille van die geslaagdheid daarvan, indiensopleiding in die program self inbou.[843] Briscoe voel hieroor so sterk dat hy dink dat dit beter is om die kerkjeug iets te laat "proe" van die praktyk en om dan deeglike verdere toerusting te verskaf. "Then they will not need motivating to get prepared. They'll pull you to bits to get all the help they can."[844]

4.4.5 WYSES VAN TOERUSTING

★1 Die leraar en kerkraad wat 'n visie vir en wil tot jeugevangelisasie het, sal goed doen deur allereers saam met almal betrokke, 'n deeglike behoefte- en situasieontleding van die gemeente te maak.[845] Verkuyl praat hiervan as "gemeente-analyse" waar 'n konsultant gebruik word wat met behulp van lei-vrae die kerkraad help om tot 'n diepteontleding van die situasie te kom.[846] Hieruit behoort dan 'n plan van aksie voort te kom. Sonder 'n spesifieke plan werk dit selde of nooit. Almal se werk, word niemand se werk. "A planned program of evangelism motivated by love for Christ will get the job done ... There are many methods of evangelism. We can't employ all of them all of the time. Of all the things we could be doing to win the unchurched we choose one or two (Program). This is when we'll do it (Schedule). This is how we'll do it. (Training). This is who will do what (Delegation of responsibility). That kind of program and schedule will increase evangelism ..."[847]

★2 Die eerste toerustingstree bly prediking en gelyktydig daarmee "sharing the dream met die kerkraad en ander leiers.[848] Armstrong praat van "planning the preaching".[849] Dit geskied, sê hy tereg, nadat en terwyl die leraar met die gemeente openhartig uitpraat oor "the ground rules for the relationship between the pulpit and the pew".[850] Hieronder verstaan hy die skep van vertroue deur vir mekaar duidelik te maak wat mag wedersyds verwag word. Weer eens is dit nodig om die sleutelrol van die bedienaar van die Woord, die leraar-pastor te beklemtoon. Tereg sê Feucht: "The pastor holds the key! He can keep his people merely as members on a church roll, or he can make them member-ministers".[851] Uit 'n lewende, lerende preekbediening, vloei 'n lewende "training program".[852]

★3 Vanuit hierdie preektoerusting vloei verskeie ander moontlikhede tot verdere kennis- en vaardigheidstoerusting. Die byeenkomste van die kerkjeugaksie, hetsy Bybelstudie of andersoortige toerustingsbyeenkomste moet toerustend van aard wees. Daar moet 'n voortdurende gerigtheid op diens as ondertoon teenwoordig wees.[853] Uiteindelik moet daar egter doelgerigte toerustingskursusse of -konferensies wees. Hierdie kursus(se)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

kan gekonsentreerd (byvoorbeeld binne een week) of oor 'n langer tydperk ('n paar naweke) aangebied word. Die gedagte is nooit om mense net met een kursus "volledig" toe te rus nie. Dit sou ook nie moontlik wees nie. Daarom is Barnard reg wanneer hy skryf dat hierdie kursusse van die algemene na die besondere moet beweeg. Gelowiges moet uiteindelik nie net weet hoe om die weg tot saligheid te verduidelik nie, maar ook wat die oorsake van vervreemding is, watter lewensbeskouinge mense beïnvloed, etiese vrae en so meer.[854]

★4 'n Kort gekonsentreerde kursus(se) het waarskynlik groter waarde vanweë die aaneenlopende aanbieding. Dit voorsien soos Armstrong sê 'n "retreat atmosphere".[855] Die betrokke kursus soos hy dit ontwikkel en beproef het, duur van Donderdagaand (drie en 'n halfuur 19h00 — 22h30), Vrydagaand (19h00 — 22h30) en Saterdag (08h30 — 17h00). Tydens hierdie vyftien uur-seminaar word baie tyd aan groepsbespreking, oefening deur rollespel, selfwerksaamheid en onderlinge ondersteuning en motivering afgestaan.[856] Aan die einde van die seminaar word deelnemers gevra om hulleself vir een aand per maand beskikbaar te stel vir besoekwerk in die omgewing waarbinne die gemeente is.[857] Die indiensopleiding, wat ook vir Armstrong van groot belang is, tree dus nou in werking. Diegene wat pas 'n kursus deurloop het "will be teamed with an experienced lead caller".[858] In die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou dit ideaal wees as hierdie ervare besoeker 'n ouderling of diaken kan wees. Hierdie ampsdraers is egter reeds so besig dat hier goed van ander volwassenes of jongmense met ondervinding gebruik gemaak word. Die belangrike beginsel wat hier beklemtoon moet word, is in die woorde van Armstrong: "Any visitation evangelism training program must be: consistent or it won't be sustained, top priority or it won't be supported, and well organized or it won't be effective".[859]

★5 In 'n voorbeeld wat Kennedy vir 'n tieneraksie voorsien, word vir ongeveer drie en 'n half-uur leertoerusting vir vier praktiese besoekgeleenthede, vir 'n saamtrek Saterdagaand en 'n erediens Sondagaand voorsiening gemaak.[860] Volgens hom was die gevolge van so 'n poging nie net dat daar tieners tot geloof in Christus gekom het nie, maar uit die besoeke het werklike vriendskappe ontwikkel, die tieners het self vir verdere toerusting en werk gevra (een maal per week op 'n Woensdagaand) en dit het die gelowiges tot 'n groep saamgebind. Die jeug het self die krag van die Heilige Gees in getuienis vir Christus leer ken en getuies geword van hoe God sy eie werk voortsit.[861]

Die persoonlike werkkursus van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kan ook gemaklik oor 'n naweek aangebied word.[862] Vir die kursus word ongeveer 6 tot 7 lesingure benodig plus tyd vir groepwerk en praktiese indiensopleiding. In 'n gemeentesituasie kan die indiensopleiding ook gedurende die daaropvolgende week ingepas word. Die bedoeling van die nasorgprogram van die landwye aksie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is juis dat die nasorg die jong gelowige begelei tot inskakeling by 'n volgende toerustingskursus in die gemeente.[863]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

★6 Wie woon die kursus by?

Oor die wyse van uitnodiging tot 'n kursus word verskil. Armstrong nooi lidmate persoonlik, of per brief of per telefoonoproep.[864] So 'n uitnodiging verseker dat persone met potensiaal inskryf. Gewoonlik is dit ook sterk gemotiveerde lidmate. Die beginsel wat hier van belang is, is dat "begin word met diegene wat gewillig is".[865] Persoonlike uitnodiging kan egter in 'n gemeente spanning skep. 'n Moontlike wyse om aan almal 'n gelyke kans te bied, is miskien die volgende:

- 'n Oproep gedurende die voorbereidende reeks preke tot 'n spesifieke gemeentebyeenkoms op 'n sekere datum.
- Voorsiening van inligting aan hulle wat hul by hierdie byeenkoms aanmeld. Hierdie inligting raak die kursus, die praktiese werk, die tyd, die datums en wanneer besoeke na die kursus afgelê sal word.
- Die voorsiening van inskrywingsvorms en 'n reëling oor wanneer dit ingelewer moet word.
- 'n Persoonlike besoek of telefoonoproep aan hulle wat deur die pastor as goeie "kandidate" beskou word, maar wat nie ingeskryf het nie.

★7 Die kursusmateriaal

Daar is tans baie kursusmateriaal beskikbaar en 'n keuse in hierdie verband word al moeiliker. Waar die kerk sy eie materiaal voorsien, verdien dit sonder twyfel voorkeur. Die eenvormigheid in doel, leesstof en metode is hier van groot belang. Sodanige basiese materiaal word tans deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorsien. Voorbeelde hiervan is die kursus van sewe lesings: Getuies vir Christus; die Jeug-tot-jeugkursus met sy drie vakke persoonlike werk, dienswerkmetodiek en Bybelstudiemetodiek.[866] Elkeen van hierdie vakke het sewe lesings. So is daar ook nog die nasorgmateriaal van die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie en die kleiner nasorgpamflette as deel van die Jeug-tot-jeugkursus. 'n Nuwe alternatiewe kursus in persoonlike werk is tans in beplanning. Daar bestaan ook verskeie ander kursusse. So is daar Bybelkor se kursusse ouderling vir Christus, diaken vir Christus en lidmaat vir Christus.[867] Verskeie ander Bybelkorkursusse is ook geskik vir die voortdurende toerusting in kennis. In noue aansluiting hierby is die jaarlikse vier kursusse wat in die Lidmaattoerustingsprogram beskikbaar gestel word. Twee van hierdie kursusse van die tien lesse elk is leerstellig van aard, een is 'n Bybelstudiekursus en die vierde is 'n praktiese kursus soos byvoorbeeld in getuieslewering, menseverhoudings, die huwelik en so meer.[868]

In Suid-Afrika is daar tans ook nog die kursusse van Campus Crusade for Christ, Evangelism Explosion III en Dinamiese Gemeentebou beskikbaar. Al drie hierdie kursusse het verdienstelike elemente. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het hom reeds teen die gebruik van die materiaal van Campus Crusade for Christ uitgespreek.[869] Oor die materiaal van Evangelism Explosion III en Dinamiese Gemeentebou besin die betrokke kommissie van die Algemene Sinode hom tans.[870]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Hoewel elke leraar ook sy eie toerustingsmateriaal kan voorsien, is dit tog wenslik dat die kerkverband basiese stof voorsien. Elke leraar kan dit dan aanvul en aanpas soos dit die betrokke situasie en gemeente pas. Die verdienstelike elemente uit ander kursusse kan dan met die nodige erkenning bygewerk word.[871]

4.4.6 SAMEVATTEND

★1 Toerusting is Bybels-verantwoord en noodsaaklik. Gelowiges kan daarsonder nie hul dienswerk effektief vervul nie.[872]

★2 Die eise van die tyd en die vervreemde en buitekerklike roep die kerk tot deeglike toerusting van volwassenes en kerkjeug wat in jeugevangelisasie betrokke wil en moet raak.

★3 Toerusting op die langtermyn is omvattend. Evangelisasietoerusting roep om 'n duidelike begrip van die wese van die evangelie, die wese van die kerk en die oordrag van die evangelie deur gebalanseerde gelowiges.

★4 Toerusting vir jeugevangelisasie is wat Ellis noem:

- •1 "Make your mission a venture of faith. Youth-to-youth evangelism is the most intimate personal work you'll ever be called upon to do.
- •2 Select an experienced instructor.
- •3 Plan for at least two preliminary coaching sessions.
- •4 Plan for two in-training briefing sessions.
- •5 Learn through on-the-job experience".[873]

★5 Toerusting vra dat die kerk weer intensief sal naspeur hoe Jesus Christus sy dissipels geleer, gevorm, uitgestuur, opgebou, omgebou en gebruik het.[874]




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## 4.5 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN 'N GEMEENTELIKE TOERUSTING— EN EVANGELISASIEBEDIENING

### 4.5.1 SKEMA

**GEMEENTELIKE TOERUSTING - EN EVANGELISASIEBEDIENING**




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

4.5.2 VERDUIDELIKING VAN SKEMATIESE VOORSTELLING (Die nommers verwys na dié in die skematiese voorstelling)

1. In die praktyk is dit so dat die werkerskorps van aktiewe lidmate kleiner is as die totale aantal lidmate van die gemeente. Hierdie hele werkerskorps moet gemotiveer, gemobiliseer en toegerus word vir hulle omvattende dienswerk in die gemeente en in die wêreld. Hier geld die beginsel dat "the total church worshiping must become the total church militant in Christian witnessing and evangelism".[875]

2. 'n Aantal lidmate het om een of ander rede onaktief, onseker, ongelowig en vervreemd geraak, *maar is nog lidmate.* Hulle staan in 'n sekere sin "eenkant" en behoort deur die ampte en al die toegeruste gelowiges bereik te word.

3. Binne die gemeentegrense is ook buitekerklikes van wie die lidmaatskap beëindig is (òf deur hulself òf deur die kerk) of wat nooit belydende lidmate geword het nie. Hulle is egter òf self gedoop òf die kinders van gedoopte ouers of grootouers. Hulle leef dus nog in die skadu van die verbond.[876]

4. Binne die gemeentegrense woon ook aanhangers van sekere "Christus-lose" sektes. Dit is dikwels mense wat in erkende kerke gedoop is, lidmate was, maar wat in dwaalleer verstrik geraak het. Hulle is in 'n sekere sin buitekerklikes met 'n "verbondsagtergrond" en as sodanig objekte van evangelisasie.

5. Binne die geografiese gemeente soos in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk woon ook lidmate van ander erkende kerke wat deur hul eie kerke bedien word en teenoor wie die Nederduitse Gereformeerde gemeente nie 'n bearbeidingstaak het nie. Teenoor hierdie kerke het die gemeente wel 'n ekumeniese verantwoordelikheid.

6. Dit mag gebeur dat daar ook heidene, mense wat "vreemd zijn aan het Evangelie,"[877] binne die gemeentegrense woon.

7. Teenoor mekaar het die gelowiges onderling en die kerkraad in besonder 'n versorgings-, vermanings- en toerustingstaak. Dit vorm deel van die gewone ampsbediening. Wanneer onaktiewe lidmate tot geloofsekerheid kom en by die aktiewe werkerskorps inskakel (soos dit hulle as lidmate betaam) groei die gemeente tot sy werklike grootte in volwassenheid, maar ook in getalle.[878]

8. Kerkvervreemde lidmate vereis "geïntensiveerde ampsbediening".[879] Ook wanneer hulle terugkom na Christus en die gemeenskap van die gelowiges, groei die gemeente (7).

9. Intensiewe bediening aan kerkvervreemdes lei egter ook tot die beëindiging van lidmaatskap òf deur eie toedoen òf langs die weg van die tug en afsnyding. Wanneer dit gebeur word kerkvervreemde lidmate, buitekerklikes en "krimp" die gemeente tot sy werklike grootte.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

10. Deur 'n toegespitste evangelisasiebediening word getrag om buitekerklikes (3) en lede van ''Christus-lose'' sektes (4) terug te lei na Christus en sy kerk. (Dit hoef en sal nie altyd die Ned. Geref. Kerk wees nie.) Wanneer hulle by die plaaslike Nederduitse Gereformeerde gemeente inskakel groei die gemeente (7). Dan word ook hulle deel van die aktiewe gemeente (1) en weer op hulle beurt verder toegerus.

11. In ampsbediening, geïntensiveerde ampsbediening en evangelisasie gaan dit om dieselfde evangelie. In die terugwin van mense gaan dit om die evangelie van Jesus Christus en deur en in Hom word mense ook ingelyf, teruggelei na sy gemeente.[880]

12. Hierdie bediening staan gewoonlik as sending bekend.[881] In die Suid-Afrikaanse situasie sal dit beteken dat elkeen van hierdie mense wat vir Christus gewin word, sal inskakel by 'n gemeente waar hy/sy in hulle eie taal kan aanbid.

13. In die toerusting van die gemeente vir hul evangelisasiediens is daar meermale 'n ''vreesgrens'' waardeur lidmate moet breek. Alleen egte Bybelse motivering (die krag van die Heilige Gees en die liefde van Christus[882]), positiewe begeleiding deur in-diens-opleiding[883] laat lidmate hierdeur breek en tot volhardende onderlinge sorg, intensiewe ampsbediening, evangelisasie en sending kom. Wanneer dit gebeur behoort hierdie skema die normale ''kom-'' en ''gaan''-struktuur van die gemeente te wees. Dit voorsien die nodige ''circle evangelism''[884] en ''spiritual multiplication''.[885]

1 Vergelyk veral 2.1, 2.4, 3.2 en 3.3
2 Vergelyk 2.5, 2.6, 2.7 en 3.2
3 Booy, T., *Kerk en Jeugd,* p. 124. Vergelyk Jesus se besondere optrede met die vrou by die put van Sigar, Joh. 4 en ook Paulus se apologetieserede op die Areopagus, Hand. 17:15 – 34.
4 Te Winkel, J. D., *Kiezen en Delen,* p. 260, Vergelyk 2 Kor. 3:2, 3.
5 Norbert Mette in Greinacker, N en Müller, A., *Evangelization in the world today,* p. 56.
6 Van Haaren, J., *Jeugd Zielzorg,* p. 126; Vergelyk veral ook vir die geloofwaardigheid, die getuienis van die kerk Mat. 5:13 – 16; Kol. 4:5 – 6; 1 Thess; 4:12; 1 Tim. 3:7; 5:14; 6:1; Tit. 2:1 – 10; 1 Petr. 2:11 – 17; 3:1 – 2; 16; 4:4; Vergelyk ook Du Toit, A. B. in Crafford, D., *Sendingperspektiewe,* p. 3vv.
7 *Ibid.,* pp. 133, 4, 5.
8 Vergelyk byvoorbeeld Kol. 3:1 – 17; Gal. 5; Ef. 4:17vv.
9 Padilla, C. R., *The new face of evangelicalism,* p. 122.
10 Leighton Ford in Laney, J. T., *Evangelism Mandates for action,* p. 78.
11 Warren, M., *Youth Ministry,* p. 6.
12 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *Its happening with Youth,* p. 10 – 11.
13 Smith, L., *Family Ministry,* p. 131.
14 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *Kerk en Jongeren,* p. 159.
15 Greinacker, N. en Müller, A., *op. cit.,* pp. 55, 56.
16 Verkuyl, J., *Inleiding in ...,* p. 91.
17 Krass, A. C., *Beyond the either- or Church,* p. 90.
18 Vergelyk Read, D. H. C., *Go and make disciples,* pp. 85, 86; Vergelyk in hierdie verband veral 1 Thess. 1:5 – 10; Fil. 1:3 – 8; 2:14 – 18.
19 Booy, T., *op. cit.,* p. 124.
20 Vergelyk weer die Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 32 en Rom. 10:1 – 17.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

21 Vergelyk 1 Petr. 2:9, 10; Matt. 5:13 – 16; 28:18 – 20; Hand. 1:8; die pinkstergebeure Hand. 2:1 – 47; 1 Kor. 10:31 – 11:1; Gal. 2:7vv.; Ef. 2:11 – 22; 1 Tim. 1:15; Open. 7:9.
22 Vergelyk 1 Thess. 1:1 – 8; Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 56 – 7; Van Zyl, A. H. in Crafford, D., *op. cit.,* p. 13 – 24.
23 Goltermann, W. F., *Liturgiek,* p. 8. (vry weergegee).
24 Barnard, A. C., *Die Erediens,* pp. 387, -8, -9.
25 Jonker, H., *Liturgische Orientatie,* p. 45.
26 *Ibid.,* p. 35.
27 *Ibid.,* p. 34.
28 Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 389.
29 Kilpatrick, T. B., *New Testament Evangelism,* p. 171; Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 394.
30 Jonker. H., *Liturgische ...,* p. 45.
31 *Ibid.,* pp. 41, 34.
32 Hoffmann, K., *Gottesdienst für junge Leute,* pp. 11, 12.
33 *Ibid.,* pp. 13, 14.
34 Bisagna, J. R., *How to build an Evangelistic Church,* p. 69.
35 Walker, A., *The new Evangelism,* p. 66.
36 Botting, M. H., *Evangelistic Services,* p. 10vv.
37 Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 465 – 6. Vir die feit dat die jeug nog baie gereeld die eredienste bywoon vergelyk Swanepoel, F., *Die invloed van kerkvervreemding op die bediening aan ons jong belydende lidmate.* Volgens hierdie stuk wat tydens 'n predikantekonferensie in Noord-Transvaal, 1981 behandel is, het gemeentes oor die erediensbywoning van die jong belydende lidmate vir die jaar 1979/80 so geoordeel: 9 gemeentes rapporteer *baie goed,* 68 *goed,* 39 *gemiddeld* en slegs 1 sê dat dit *swak* is. Vergelyk ook Gous, A. G. S., *Die Jeug — 'n Godsdienssosiologiese studie van die Blanke jeugdiges in die RSA tussen die ouderdomme van 16 en 25 jaar,* p. 99 – 101.
38 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 171; Sweazey, G. E., *The Church ...,* pp. 95, 106.
39 Vergelyk Hoffman, K., *op. cit.,* p. 11vv; Beerekamp, J. W., *De Jeugddienst,* p. 65 – 74; Dijk, K., *De Dienst der prediking,* p. 137 – 140.
40 Vir 'n volledige opsomming van die besware teen afsonderlike eredienste vir die jeug: Dijk, K., *Ibid.; Verslag van die Jeugstudiekommissie van die Ned. Geref. Kerk,* p. 145 – 147.
41 Jeugbeleid van die Ned. Geref. Kerk punt 1.
42 Baxter, J. S., *Rethinking our Priorities,* p. 156 – 157.
43 Barnard, A. C., *Die Erediens,* pp. 443 – 4. Vergelyk ook dieselfde skrywer: "Aanbiddingskarakter van die Erediens", *Deo Gloria* 41:7 – 9, 1981.
44 Vergelyk in hierdie verband ook: Spurgeon, C. H., *Pastorale adviezen,* p. 63 – 78.
45 Ireson, G. W., *Church Worship and the non-churchgoer,* p. 22; Little, S., *Youth, World and Church,* p. 151; Irving, R. G. & Zuck, R. B., *Youth and the Church,* p. 196 – 198; Webber, G. W., *The Congregation in mission,* p. 92vv.
46 *Ibid.,* p. 37. Vergelyk ook sy hoofstuk: *Training in Worship,* p. 58 – 85.
47 Little, S., *op. cit.,* p. 152; Rodgers, J. B., *Liturgy and Communication,* p. 47.
48 Martin, J. en Bailey, B. J., *Worship with Youth,* p. 12; Barnard, A. C., *Die teenwoordigheid van Christus in die Erediens,* p. 21vv.
49 Little, S., *op. cit.,* p. 153.
50 Trent, J. S., *Evangelistic Entreaties,* p. 13.
51 *Ibid.*
52 Vir verdere inligting oor Calvary Chapel en die begin van die kerk vergelyk Enroth, R. M. *e.a., The Story of the Jesus People,* p. 84 – 101; Hay, E. J. in Nel, M. *e.a., Verslag ...,* p. 101 – 2.
53 Bisagna, J. R., *op. cit.,* p. 70.
54 Firet, J. en Van Riessen, I. H., *Een dozijn in meer dan twaalf.* p. 78 vv.
55 Verslag van die Jeugstudiekommissie van die Ned. Geref. Kerk, p. 147.
56 Van der Made, A. P., *Kerk en Jeugdzorgwerk,* p. 189; Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 444 – 52.
57 Vergelyk ook Sweazey, G. E., *The Church ...,* p. 96 – 8.
58 Hoffman, K., *op. cit.,* p. 13.
59 *Ibid.*
60 Vergelyk ook Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 52.
61 Le Du, J., *Is er nog plaats voor de Jongeren in de Kerk?* p. 74.
62 Strommen, M. P., *Bridging the gap,* p. 62 – 63.
63 Sweazey, G. E., *The church ...,* p. 106.
64 Van der Made, A. P., *op. cit.,* p. 222.
65 Trent, J. S., *op. cit.,* p. 13.
66 *Ibid.*
67 Walker, A., *op. cit.,* p. 69.
68 Van der Made, A. P., *op. cit.,* p. 221.
69 Ireson, G. W., *op. cit.,* p. 22.
70 Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 500.
71 *Ibid.,* p. 502. Vergelyk ook Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 30 – 31.
72 Le Du, J., *op. cit.,* p. 75; Cassels, L., *Forbid them not.,* p. 26.
73 *Agenda van die Vyfde Vergadering van die*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1978, p. 376, *Handelinge,* p. 866.
74 Bisagna, J. R., *op. cit.,* p. 71.
75 Botting, M. H., *op. cit.,* p. 10; Vergelyk ook Cilliers, P. J. in Loader, J. A., *'n Nuwe lied vir die Here,* p. 76vv. Vir 'n gedetailleerde bespreking van verskeie soorte liedere vergelyk Thust, K. C., *Das Kirchen-lied der Gegenwart,* p. 516vv; Vergelyk ook Preiser, G. in Schober, T. en Thimme, H., *Gemeinde in Diakonischer und missionarischer Verantwortung,* p. 71 vir *"Verkündigung durch Musik."*
76 Quere, R. W., *Evangelical Witness* p. 17.
77 Vergelyk weer Hoffman, K. *op. cit.,* p. 11 vv; Beerekamp, J. W., *op. cit.,* p. 65 – 74; Martin, J. en Bailey, B. J., *op. cit.,* p. 12.
78 Strommen, M. P., *Bridging* ..., p. 63.
79 Vergelyk Barnard, A. C., *Die Erediens,* p. 475 – 480.
80 Rom 10:17.
81 Quere, R. W., *op. cit.,* p. 17.
82 Friedrich, H. in Kittel, G. *Theological Dictionary of the New Testament,* Volume III, p. 703. Vergelyk ook 2 Kor. 4:5; Rom. 10:14 (kerussein); Joh. 20:24 (marturein) ook 1 Joh. 1:2; Hand. 8:35 (euangelizein).
83 Syrdal, R. A., *Go, make Disciples,* p. 72. Vergelyk ook Kittel, G., *op. cit.,* Volume IV, p. 500.
84 Joh. 20:31.
85 Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 73 en Cremer, H., *Biblico — Theological Lexicon of New Testament Greek,* p. 34; Vergelyk ook Luk. 3:18; Hand. 8:25; 14:21; 16:10; Gal. 1:9; 1 Petr.1:12.
86 Firet, J., *Het agogisch moment in het pastoraal optreden,* p. 115.
87 Jonker, W. D., *Die Woord as opdrag,* p. 79; Vergelyk ook Jonker, H., *Actuele prediking,* p. 36.
88 De Klerk, J. J., *Prediking,* p. 62.
89 Vergelyk Bohren, R., *Predigtlehre,* p. 89 – 94. Vergelyk ook Jonker, W. D. *Die Woord* ..., p. 30 – 37; Firet, J., *op. cit.,* p. 60vv.
90 De Klerk, J. J., *Prediking,* p. 63.
91 Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 70. Vir die eerste jeugevangelisasiedienste in Suid-Afrika vergelyk Terblanche, D. J. M., *op. cit.,* p. 33 vv. Vir die standpunt van die Ned. Geref. Kerk ten opsigte van kinderevangelisasiedienste vergelyk die *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* p. 449 – 52.
92 *Ibid.*
93 Kuiper, R. B., *God centered Evangelism,* p. 146; Vergelyk ook die definisie vir evangelisasie in paragraaf 2.6.1.2; Vergelyk ook Jesus se omvattende bediening aan die mens in sy nood byvoorbeeld Luk. 4:33 – 37; 5:17 – 26; 6:6 – 11; 7:36 – 50; 8:22 – 39; Joh. 5:1 – 15; 6:1 – 15; 9:1 – 41; 10:1 – 21; Vergelyk ook Van Ginkel, B. in Jonker, H., *Actuele* ..., p. 228.
94 Hoffmann, K., *op. cit.,* p. 17.
95 Hollenweger, W., *Evangelism Today,* p. 41.
96 Smith, M. H., *Reformed Evangelism,* pp. 23, 24. Vergelyk vir die Skriftuurplasing: 1 Kor. 1:23; 2:1 – 6; 3:10, 11; 15:1 – 11; 2 Kor. 4:4, 5; 5:11 – 21; Gal. 1:4, 6 – 12; 3:1; Rom. 10:8 – 10.
97 Kuiper, R. B., *op. cit.,* pp. 146, 147; Walker, A., *op. cit.,* p. 44 vv; Vir meer besonderhede oor die prediking van die apostels vergelyk Dodd, C. H., *The apostolic preaching and its developments,* p. 7 vv; Green, M., *Evangelism in the early Church,* p. 160.
98 Vergelyk Bohren, R., *op. cit.,* p. 453 vv en Pieterse, H. J. C., *Skrifverstaan en Prediking* p. 96 – 101.
99 Pieterse, H. J. C., *op. cit.,* p. 84.
100 Jonker, H., *Actuele* ..., p. 21. Vergelyk ook vir die saak waarom dit hierbo gaan: Jonker, W. D., *Die Woord* ..., p. 114; Kohnstamm, P., *Jeugd tussen God en Chaos,* p. 284.
101 Jonker, W. D., *Die Woord* ..., p. 63.
102 Vergelyk Luk. 15; 19:10; Joh. 14:16, 17, 25 – 27; 16:7 – 15; Vergelyk ook Bohren, R., *op. cit.*, p. 65 vv.
103 Otto Michel in Reuter, W., *und bis ans Ende der Welt*, p. 39; *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, 1966, p.145.
104 Syrdal, R. A., *op. cit.*, p. 31; Cassels. L. *op. cit.*, p.15.
105 Sweazey, G. E., *The Church* ..., pp. 106, 107.
106 Pace, D. K., *A Christians guide to effective jail and prison Ministries*, p.149.
107 De Klerk, J. J. *Prediking*, p.73; Vergelyk ook Deut. 6:1 vv; die oproepe van die profete aan die volk om na God en sy verbond terug te keer, Jes. 1; 28; 40; 42:18 – 43:18; 43:22 – 44:5; 45:17 – 25; 48; 49 – 53; 63:7 – 66:24; Jer. 2:1 – 4:4; 11:1 – 17. Vergelyk ook Jesus se vervulling van die verbond, die wet en die profete, Matt. 5:17 vv; sy optrede met kinders van die verbond, Matt. 19:13 – 15; Vergelyk ook Hebr. 3:1 – 10:18; 1 Kor 10:1 vv.
108 The Grand Rapids Board of Evangelism of the Christian Reformed Churches; *Reformed Evangelism*, p.78.
109 The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.*, p.79 – 80.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

110 Walters, D. H., *The Reformed Approach* p.79. Vergelyk ook vir die prioriteit van "educational evangelism", Kuiper, R. B., *op. cit.*, p. 187 vv.
111 Syrdal, R. A., *op. cit.*, p. 68.
112 Beerekamp, J. W., *op. cit.*, p. 226.
113 Drummond, L. A., *Evangelism — the counter revolution,* p. 109; Vergelyk veral vir Jesus se prediking Matt. 5 – 7; 9:35 – 38; 13:1 – 52; 15:1 – 20; 16:1 – 12; 18:1 – 35; Vergelyk ook die konkrete prediking van baie van die profete Jer. 16:1 – 17:18; 19:1 vv; 24:1 – 10; Eseg. 5:1 vv; Hos. 2; 4; Amos en andere.
114 Jonker, W. D., *Die Woord . . .*, pp. 111, 112.
115 Read, D. H. C., *op. cit.*, p. 82. Vergelyk ook Zielhuis, L., *De kerk zoekt een weg naar de industriële wereld,* p. 29.
116 Laney, J. T., *op. cit.*, p. 73.
117 Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *Het Evangelie in een ontkerstende wereld,* p. 156.
118 Vergelyk vir verdere studie in verband met prediking en kommunikasie: De Klerk, J. J., *Prediking,* p. 81 – 100, Jonker, W. D., *Die Woord . . .*, p. 78 – 89; Pieterse, H. J. C., *op. cit.*, p. 82 – 126; Jonker, H., *Actuele . . .*, p. 42 – 45; Vir 'n eenvoudige verduideliking van 'n kommunikasiemodel vergelyk De Hart, E. L. in Nel, M. en De Hart, E. L., *Dienswerkmetodiek,* p. 45. Vergelyk ook Trimp, C., *Communicatie en Ambtelijke Dienste,* p. 27 – 47.
119 Hy beskou wel evangelisasie breër naamlik ook die inwin van lidmate wat nog nooit geloofsekerheid gehad het nie.
120 Kilpatrick, T. B., *op. cit.*, p. 177.
121 Havlik, J. F., *People-centered evangelism,* p. 54.
122 Verkuyl, J. *Inleiding in . . .*, p. 130. Vergelyk veral ook 1 Kon. 18:21; Matt. 16:13 vv; 19:16 – 30; 25:1 vv; Luk. 11:23; Jak. 4:4; 1 Joh. 2:15 – 17. Vergelyk ook Dodd, C. H., *op. cit.*, pp. 49vv; 87vv.
123 Kilpatrick, T. B., *op. cit.*, p. 176; *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* 1966, p. 145.
124 Verkuyl, J., *Evangelisatie onder Hoogere standen en meer ontwikkelden.*, p. 30.
125 Green, M., *op. cit.*, p. 160 – 1; Vergelyk ook p. 144 – 165 vir 'n meer breedvoerige bespreking. Vergelyk ook veral Mark. 1:15; 2:14 – 17; 6:12; Luk. 9:23 vv; 13:3 – 5; 14:25 – 35; 15:7, 10; Hand. 2:38; 3:19, 26; 9:35; 11:21; 14:15; 17:30; 20:21; 26:18, 20; Vir die bekeringsroep in die Ou Testament vergelyk onder andere 1 Kon. 18; 2 Kon. 17:13; Jes. 31:6; 55:7; Jer. 4:1; 18:11; Eseg. 34:6; 33:28, 30, 32; Hos. 12:7; 14:2, 3; Sag. 1:4.
126 Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 128; Vergelyk vir die saak van die vryewil byvoorbeeld hoe McDill, W., *Evangelism in a Tangled World,* p. 108 dit stel.
127 McDill, W. *op. cit.*, p. 109. Vergelyk ook Trent, J. S., *op. cit.*, p. 116 – 120.
128 Barnard, A. C., *Kerk en vervreemding,* p. 4.
129 *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* 1966, p. 144.
130 *Ibid.*, p. 143.
131 Sweazey, G. E., *The Church . . .*, p. 73.
132 Vergelyk Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p.151 – 156;
133 Jonker, H., *Actuele . . .*, pp.39,46; Vergelyk ook De Klerk, J. J., *Prediking,* p. 90; Jonker W. D., *Die Woord . . .*, p. 90 vv.
134 Vergelyk ook die *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, 1966, p.143.
135 *Ibid.*, p.144.
136 De Klerk, J. J., *Prediking*, pp.90,91.
137 Vergelyk Fil. 1:9 – 11; 2:14 – 16; 1 Tim. 4:6 – 16; 6:3 – 16; 2 Tim 4:1 – 5
138 Fil. 2:16(a).
139 Ef. 2:1 – 10.
140 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, 1966, p.144.
141 De Klerk, J. J., *Prediking*, p.91.
142 Jonker, W. D., *Die Woord ...*, p.28.
143 *Ibid.*, p.29.
144 Adams J.E., *Competent to Counsel*, p.69; Vir die herderlike koms van God na die mens vergelyk onder andere Jes. 40:1; 57:14 – 21; 61:1 – 11; Eseg. 34; Hos. 11:14; Mark. 6:34; Joh. 10; Vergelyk ook Dreyer, T. F. J., *Poimeniek*, p. 16 – 17 vir die herder beeldspraak.
145 *Ibid.*, p.68.
146 *Ibid.*, p.70.
147 *Ibid.*, Vergelyk ook Firet, J., *op cit.*, p.96. Vergelyk ook Rom. 12:1; 15:30; 1 Kor. 1:10; 2 Kor. 5:20; 10:1.
148 Nieuwenhuis, J., *Volgend jaar misschien*, p.245.
149 De Klerk, J. J., *Die Onderlinge vermaning . . .*, p.257. De Klerk voeg self in sy boek *Herderkunde* "'n heel klein groep" aan die definisie toe. p. 28; Vergelyk ook Dreyer, T. F. J., *op. cit.*, p.46 vv vir "die pastoraat as gesprekmatige verkondiging.
150 Adams, J. E., *op. cit.*, p.41.
151 Richards, L.O., *Youth Ministry*, pp.158, 159. Rogers self praat van "client-centered therapy". Rogers, C. R., *Client-centered Therapy*, p.29; Fernhout, J. G.,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*Psychoterapeutische Zielsorg*, p.229.
152 Vergelyk vir breedvoeriger bespreking De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p.31 – 61; Hielema, J.S., *Pastoral or Christian Counseling* veral p.227 – 264;
153 Clinebell, H. J., *Basic types of Pastoral Counseling*, p.35; Vergelyk veral p.27 – 40.
154 Richards, L.O., *op. cit.*, p.160 – 167.
155 De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p.46 vv.
156 *Ibid.*, p.56.
157 Barnard, A. C., in De Klerk, J. J., *e.a.*, *Evangelistiek*, p. 98.
158 Vergelyk maar net Joh. 10. Volgens Schmitz, O. in Kittel, G., *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament*, p. 791 beteken *parakalein* 1 "das bittende Ersuchen", 2 "die ermahnende Zuspruch" en 3 "die trostende Hilfe". In al die betekenisse kom die herdershart van die Vader soos in Christus Jesus openbaar, duidelik na vore. Vergelyk ook weer Rom. 12:1; 15:30; Ef. 4:1; Fil. 2:1 vv; 1 Thess. 2:11; 4:1; 2 Tim. 4:2.
159 Dow, R. S., *Ministry with Single Adults*, p. 98 – 99.
160 De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p. 17.
161 Adams, J. E., *op. cit.*, p. 20. Vergelyk ook Joh. 14:16, 17; Vergelyk ook Smuts, A. J., *Die Pastorale Gespreksvoering*, (D.D., U.P., 1969) p. 384.
162 De Klerk, J. J. *Herderkunde*, p. 22; Smuts, A. J., *op. cit.*, p. 250 vv.
163 *Ibid.*
164 *Ibid.*, p. 22 – 24. Vergelyk ook Barnard, A. C. in De Klerk, J. J., *e.a. op. cit.*, p. 100.
165 Vergelyk paragrawe 2.1 en 2.3. Vergelyk ook weer Firet, J., *op. cit.*, p. 91 vv.
166 Vergelyk Gal. 6:1; 1 Thess. 5:14.
167 Ridderbos, H. N., *Galatians*, p. 212; Greijdanus, S., *Galaten*, p. 337.
168 De Klerk, J. J., *Die onderlinge vermaning ...*, p. 174.
169 Vergelyk ook De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p. 29.
170 Richards, L. O., *op. cit.*, p. 153.
171 *Ibid.*, p. 155.
172 Riday, G. E., in Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 404 – 406.
173 De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p. 22.
174 Du Toit, H. D. A., *Pas My skape op*, p. 130.
175 Bisschop, K., in Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 115.
176 Irwin, P. B., *The Care and Counseling of Youth in the Church*, p. 25.
177 Syrdal, R. A., *op. cit.*, p. 82.
178 Vergelyk Hand. 20:17 – 38. Aanhaling vs. 20, 21.
179 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 116.
180 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 97.
181 De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p. 23.
182 Vergelyk Ruthe, R., *Seelsorge*, p. 60.
183 Watson, S. J., *Youth work in the Church*, p. 41.
184 Drummond, L. A., *Evangelism — the counter Revolution*, p. 180.
185 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 100.
186 Hoekstra, F. E., *Evangelisatie en Rijpere Jeugd*, p. 18; Vergelyk ook Du Toit, H. D. A., *op. cit.*, p. 130.
187 Riday, G. E. in Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 409.
188 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J., *e.a.*, *op. cit.*, p. 108.
189 Van Haaren, J., *op. cit.*, p. 35.
190 *Ibid.*, p. 128.
191 Vergelyk weer Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 108.
192 De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p. 24. Vergelyk ook Nel, M. *e.a.*, *Handleiding vir die persoonlike werker*, p. 14 – 19; Du Toit, H. D. A., *op. cit.*, p. 132.
193 *Ibid.*
194 Richards, L. O., *op. cit.*, p. 146.
195 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 104.
196 Richards, L. O., *op. cit.*, p. 139.
197 *Ibid.*, p. 140.
198 *Ibid.*, p. 141.
199 *Ibid.*
200 *Ibid.*, p. 143.
201 Van Haaren, J., *op. cit.*, p. 128 – 9.
202 Christoff, N. B., *Saturday Night, Sunday Morning*, p. 108.
203 Little, S., *op. cit.*, p. 182.
204 Van Haaren, J., *op. cit.*, p. 129 – 30; Vergelyk ook vir 'n breedvoerige bespreking van die wese en waarde van "luister" — Smuts, A. J., *op. cit.*, p. 173 – 85.
205 Nieuwenhuis, J., *op. cit.*, p. 246.
206 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 101vv.
207 *Ibid.*
208 Vergelyk 1 Kor. 9:19 – 27; 2 Kor. 5:11 – 21; 6:1 – 10; Fil. 2:5 – 11; 17, 18; De Klerk, J. J., *Herderkunde*, p. 24 vir "liefde wat offer".
209 Harris, M., *Parish Religious Education*, p. 57; Smuts, A. J., *op. cit.*, p. 256.
210 *Ibid.*
211 *Ibid.*
212 *Ibid.*, p. 62. Vergelyk ook Reuter, W., *op. cit.*, pp. 160 – 1; Pace, D. K., *op. cit.*,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

p. 156; Harris, M., *op. cit.,* p. 62.
213 Zielhuis, L., *op. cit.,* p. 31.
214 *Ibid.*
215 McDill, W., *op. cit.,* p. 44; Jurgensen, J., in Schober, T. en Thimme, H., *op. cit.,* p. 80.
216 *Ibid.,* p. 45.
217 Pace, D. K., *op. cit.,* pp. 191 – 2; Sephton, A. C. in De Klerk, J. J., *e.a., op. cit.,* p. 209 – 18.
218 Vergelyk weer Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* pp. 102, 103, 109.
219 Watson, S. J., *op. cit.,* p. 42; Vergelyk ook Smuts, A. J., *op. cit.,* p. 329 – 380.
220 Potter, B., *The Church reaching out,* pp. 15vv, 35, 56, 76, 87, 97, 115.
221 Vergelyk ook Watson, S. J., *op. cit.,* pp. 41, 44; Smith, L., *op. cit.,* p.21.
222 *Ibid.,* p. 42vv.
223 Hoffman, H., *Nicht mehr im Abseits,* pp. 32, 36, 50, 57, 69.
224 Vergelyk Parzany, U., *Leiterakte,* Hoofstukke 14, 17, 21. (Bladsye nie genumereer).
225 Vergelyk ook kampspele Nel, M. *e.a., Verslag ...,* p. 70vv. Vir die jeugevangelisasiekampe van byvoorbeeld Young Life in die VSA, vergelyk *Ibid.,* pp. 96, 97.
226 Te Winkel, J. D., *Kiezen en ...,* p. 261.
227 *Ibid.,* p. 262.
228 *Ibid.*
229 *Ibid.*
230 *Ibid.,* pp. 265, 6.
231 So kan daar ook 'n taakgroep vir die erediens, informasie en publisiteit wees, vir kerk en bedryf, ontspanning ensomeer. *Ibid.,* p. 266 – 8.
232 Vergelyk weer paragrawe 2.2 en 2.3. Vergelyk ook weer Ef. 4:11 – 16.
233 Te Winkel, J. D., *Kiezen en ...,* p 266.
234 *Ibid.,* pp. 263, 267.
235 *Ibid.,* p. 267.
236 *Ibid.*
237 Potter, B., *op. cit.,* p. 31.
238 Te Winkel, J. D., *Kiezen en ...,* p. 267.
239 Neighbour, R. W. en Thomas, C., *Targetgroup Evangelism,* p. 22.
240 *Ibid.,* p.17.
241 TOUCH staan vir *T*ransforming *O*ther *U*nder *C*hrist's *H*and. *Ibid.,* p. 21.
242 *Ibid.,* p. 22.
243 Hy noem dit die "journey inward" en verstaan daaronder 'n deeglike geestelike en kennis opbou en motivering vir evangelisasie, p. 24vv.
244 *Ibid.,* p. 29vv.
245 *Ibid.,* p. 30.
246 *Ibid.*
247 *Ibid.,* pp. 31, 32.
248 *Ibid.,* p. 22.
249 *Ibid.,* pp. 11, 12.
250 *Ibid.,* p. 11.
251 *Ibid.,* p. 12.
252 *Ibid.*
253 *Ibid.,* p. 19. In 'n meer humoristiese sin noem hy dit "scratching people where they itch", p. 20.
254 *Ibid.,* p. 21.
255 *Ibid.,* p. 124.
256 Harris, M., *op. cit.,* p. 42.
257 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *Christian Youth — an in depth Study;* p. 161.
258 Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 28; Pieterse, J. E., *Jeug en Godsdiens,* p. 25.
259 Jauncey, J. H. *Psychology for successful evangelism,* p. 27.
260 Jauncey, J. H., *One-on-one evangelism,* p. 34; The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* p. 287vv.
261 Jauncey, J. H., *Psychology for ...,* p. 30.
262 *Ibid.,* pp. 31, 32.
263 *Ibid.,* p. 32; Minuchin, S., *Families and Family Therapy,* p. 47.
264 Strommen, M. P., *Bridging ...,* p. 28.
265 Hendrick, J. R., *Opening the door of Faith,* p. 55.
266 *Ibid.,* p. 56.
267 Irwin, P. B., *op. cit.,* p. 26.
268 Peters, G. W., *Saturation Evangelism,* p. 162.
269 Irwin, P. B., *op. cit.,* p. 26.
270 Peters, G. W., *op. cit.,* p. 150 – 155.
271 *Ibid.,* p. 153 – 155. Vergelyk ook Rom. 16:3 – 5; 1 Kor. 1:16; 16:19; Kol. 4:15; Filemon 2; Hand. 16.
272 *Ibid.,* p. 149.
273 *Ibid.,* p. 160.
274 *Ibid.*
275 *Ibid.,* p. 161.
276 *Ibid.*
277 Gereformeerde kerke het 'n sterk gesinsklem vanweë die verbondsteologie. Gemeentebou en sorg geskied al die jare nog gesinsgewys. In die evangelisasiearbeid is daar egter te dikwels 'n oordrewe klem op die individu asof hy/sy geen gesin het nie. Vergelyk ook Du Toit, H. D. A., *op. cit.,* p. 132 waar hy pleit vir ouderlinge met oop oë vir "kerkvervreemde gesinne en individue". Vergelyk ook The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* p. 234 waar ten opsigte van "child-reaching" gesê word: "The first way to reach them is right in their own houses by personal visits".
278 Peters, G. W., *op. cit.,* p. 167.
279 *Ibid.,* p. 145.
280 The Grand Rapids Board of Evangelism,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*op. cit.*, p. 249; Vergelyk ook Minuchin, S., *op. cit.*, pp. 1, 16, 67vv.
281 Harris, M., *op. cit.*, p. 67.
282 *Ibid.*
283 *Ibid.*
284 *Ibid.*, p. 68.
285 Vergelyk Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 408; Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 180vv.
286 Van Haaren, J., *op. cit.*, p. 57.
287 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, pp. 73, 74.
288 *Ibid.*, p. 70.
289 Vergelyk Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie*, p. 62.
290 Pickering, E. D., *The Theology of Evangelism*, p. 40. Vergelyk ook Hoekstra, F. E., *op. cit.*, p. 8.
291 Bommel, J. P., *Religie en de structuur van de Christelijke gemeente*, p. 20.
292 Kilpatrick, T. B., *op. cit.*, p. 33.
293 Kuiper, R. B., *op. cit.*, p. 161; Pickering, E. D., *op. cit.*, p. 41.
294 Vergelyk onder andere Kilpatrick, T. B., *op. cit.*, p. 33vv. Reuter, W., *op. cit.*, p. 153.
295 Stott, J. R. W., *Motives and Methods in Evangelism*, p. 13; Pickering, E. D., *op. cit.*, p. 47.
296 *Ibid.*, pp. 13, 14, 17.
297 *Ibid.*, p. 18.
298 Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p. 189; Little, S., *op. cit.*, p. 31; Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 155.
299 Briscoe, D. S. *Where was the Church when the Youth exploded*, p. 99.
300 Taylor, C. W. en Coggings, W. T., *Mobilizing for Saturation Evangelism*, p. 57 – 8.
301 Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 62 – 64; Bruce, A. B., *The Training of the Twelve*, p. 1vv.
302 Vergelyk Mark. 10:45; 12:37; Joh. 6:60 – 71; Luk. 9:53; 10:1vv; Matt. 9:35vv.
303 Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 64.
304 *Ibid.*, p. 76.
305 *Ibid.*, p. 87.
306 Walker, A., *op. cit.*, p. 83; Steinmeyer, F. in Schober, T., en Thimme, H., *op. cit.*, p. 306.
307 Jauncey, J. H., *One-on-one ...*, p. 57.
308 *Ibid.*
309 Vergelyk Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.*, p. 161.
310 Little, S., *op. cit.*, p. 101.
311 Vergelyk De Klerk, J. J., *Weldadigheid en Mededeelsaamheid*, p. 2 – 4.
312 Greenway, R. S., *Calling our cities to Christ*, p. 112.
313 Vergelyk John. 4; Luk. 15, 19; Matt. 9:9 – 13.
314 Kettner, E., *Evangelism in the Sunday School*, p. 26.
315 Hoekstra, F. E., *op. cit.*, p. 17.
316 Vergelyk Sweazey, G. E., *The Church ...*, p. 29.
317 Cassels, L., *op. cit.*, p. 43.
318 Skinner, T. in Laney, J. T., *op. cit.*, p. 105.
319 Alessi, V., *Evangelism in your Church School, p. 31.* Vergelyk ook Joh. 13:34, 35; 15:12, 17; 1 Joh. 3:23; Rom. 5:5.
320 *Ibid.*, p. 32. Vergelyk ook Hand. 2:42 – 47.
321 Van Haaren, J., *op. cit.*, p. 38.
322 Van Dongen, J. C., *Vervreemding en Dienst*, p. 37.
323 Parzany, U. in Reuter, W., *op. cit.*, p. 247.
324 Van der Made, A. P., *op. cit.*, p. 220.
325 *Ibid.*
326 Vollenhoven, H., *Evangelisch Commando*, II, p. 22.
327 Firet, J. en Van Riessen, I. H., *op. cit.*, p. 79.
328 *Ibid.*, p. 82.
329 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 55.
330 Foster, A. L., *The House Church Evolving*, p. 64.
331 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 56; Couwenberg, S. W., *De Vereenzaming van de Moderne Mens*, p. 35.
332 Couwenberg, S. W., *op. cit.*, p.40 – 41; Tournier, P., *A Place for You*, p. 25; Vergelyk vir die kwaliteit van liefde wat uithou Kol. 3:12; 1 Kor. 13:4 – 7; Gal. 5:22.
334 Strommen, M. P., *Profiles of Church Youth*, p. 241.
335 Feucht, O. E., *Everyone a Minister*, p. 139.
336 Miller, P. M., *Group Dynamics in Evangelism*, p. 50.
337 *Ibid.*
338 Te Winkel, J. D., *Kiezen en ...*, p. 264; Louw, D. J., *Die Stad in die mens*, pp. 137vv. 168vv; Wilson, C., *With Christ in the School of Disciple Building*, p. 184 – 192.
339 Vergelyk Chamberlin, J. G., *The Church and its Young Adults*, p. 80 – 81.
340 *Ibid.*, p. 81.
341 Fish, R. J. en Conant, J. E., *Every member Evangelism for today*, p. 44.
342 Green, H. L., *Why Churches Die*, p. 151.
343 Vergelyk Skinner, T. in Laney, J. T., *op. cit.*, p. 107.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

344 Christoff, N. B., *op. cit.,* p. 110.
345 Zuck, R. B. en Getz, G. A., *op. cit.,* p. 161.
346 Aultmann, D. S. in Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 152.
347 Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 103.
348 Green, H. L., *op. cit.,* pp. 152, 3.
349 Sweazey, G. E., *The Church ...,* p. 136.
350 Ellis, H. W., *Evangelism for Teen-agers,* p. 28.
351 Homrighausen, E. G., *Choose ye this day,* p. 50.
352 *Ibid.*
353 *Ibid.*
354 Beets, N., *Jeugd en Welvaart,* p. 212.
355 Kuiper, R. B., *op. cit.,* p. 163; Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 21; Read, D. H. C., *op. cit.,* p. 80 – 81; Löwe, R., *Evangelium und Evangelisation heute,* p. 52.
356 Read, D. H. C., *op. cit.,* p. 81.
357 Wilson, C., *op. cit.,* p. 72. Vergelyk ook p. 60 – 72; Vergelyk veral ook die eise vir dissipelskap o.a. Luk. 9:23vv; 14:25 – 35; Young, T., *The Church alive and growing,* p. 105vv; Bruce, A. B., *op. cit.,* pp. 1vv; 11vv; 29vv.
358 Lores, R. in Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.,* p. 46.
359 Dijk, K., *De strijd om de Jeugd,* p. 23.
360 Kennedy, D. J. in Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.,* p. 122.
361 Walter, D. H., *The Reformed approach,* p. 80.
362 Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.6
363 Vergelyk 2.5 en die *Verslag van die Jeugstudiekommissie,* 1966, p. 162vv; *The Grand Rapids Board of Evangelism, op. cit.,* p. 239vv.
364 Williams, D., *Call to the streets,* p. 92 – 93.
365 Heitink, G. en Hogenhuis, H., *op. cit.,* p. 158.
366 Booy, T., *op. cit.,* p. 104.
367 Dobbins, G. S., *Winning the Children,* p. 68 – 9.
368 Vergelyk ook Booy, T., *op. cit.,* p. 104.
369 Syrdal, R. A., *op. cit.,* p. 62; Renuter, W., *op. cit.,* p. 132; McGavran, D. A. en Arn, W. C., *How to grow a Church,* p. 163vv.
370 Vergelyk punt 4.1.4.2.
371 Lum, A., *How to begin an Evangelistic Bible Study,* p. 5.
372 Hofinger, J., *op. cit.,* p. 123.
373 Vergelyk ook Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 141 – 145.
374 Macauley, J. C. en Belton, R. H., *Personal Evangelism,* p. 41 – 42.
375 Lum, A., *op. cit.,* p. 8.
376 Jauncey, J. H., *Psychology for ...,* p. 31.
377 Vergelyk Nel, M. *e.a., Verslag ...,* 1972, p. 96 – 98.
378 Vergelyk. *Ibid.,* pp. 172 – 175. Vir 'n bespreking van Campus Crusade vergelyk *Ibid.,* p. 141 – 142.
379 Vergelyk vir verskillende spele *Ibid.,* p. 71 – 72.
380 Vollenhoven, H., *op. cit.,* II, p. 74.
381 *Ibid.*
382 *Ibid.,* p. 75.
383 Sweazey, G. E., *The Church ...,* p. 110.
384 Schambardt, H., *Handboekje voor het Jeugdwerk,* p. 24.
385 Vir volledige riglyne vir 'n gemeentelike koffiekamer en vir straatwerk vergelyk *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1978 p. 477 – 482; Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 302vv; Drummond, L. A., *op. cit.,* p. 95; Evangelism Department, Board of Home Missions, Idea Series No 32, *Coffee House Ministries.*
386 Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.,* p. 194 – 197.
387 Jauncey, J. H., *Psychology for ...,* p. 31; Macauley, J. C. en Belton, R. H., *op. cit.,* p. 33.
388 Smith, L., *op. cit.,* p. 131.
389 Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.,* p. 76 – 79.
390 *Ibid.,* p. 70.
391 *Ibid.,* p. 72.
392 Nel, M. *e.a., Verslag ...,* p. 174.
393 Vergelyk ook Macauley, J. C. en Belton, R. H., *op. cit.,* p. 31.
394 Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.,* p. 31 – 32.
395 Bommel, J. P., *op. cit.,* p. 173; Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 291vv.
396 Verkuyl, J., *Evangelisatie onder ...,* p. 19.
397 The Grand Rapids Board of Evangelism, op. cit., p. 237.
398 Vir 'n verskeidenheid binneshuise en buitemuurse programme vergelyk weer Potter, B., *op. cit.,* p. 35 – 96.
399 Dow, R. A., *op. cit.,* p. 129.
400 McGraven, D. A. en Arn, W. C., *op. cit.,* p. 90 – 95.
401 *Ibid.,* p. 90.
402 *Ibid.,* p. 94.
403 *Ibid.* Vergelyk ook p. 95; Wilson, C., *op. cit.,* p. 111 – 128.
404 Kettner, E., *op. cit.,* p. 27.
405 Watson, S. J., *op. cit.,* p. 15.
406 Aultman, D. S. in Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.,* p. 158.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

407 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.*, p. 8.
408 Dow, R. A., *op. cit.*, p. 129.
409 Irving, R. G. en Zuck, R. B., *op. cit.*, p. 158. Vergelyk ook Bisagna, J. R., *How to build an Evangelistic Church,* p. 65vv; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.*, p. 142 – 143.
410 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.*, p. 30 – 31.
411 Vergelyk weer die Verslag van die Jeugstudiekommissie, 1966, p. 204vv.
412 Watson, S. J., *op. cit.*, p. 15.
413 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.*, p. 156.
414 Armstrong, R. S., *Service Evangelism,* p. 17.
415 *Ibid.*
416 *Ibid.*, p. 22 – 37.
417 *Ibid.*, p. 33.
418 *Ibid.*, p. 40 – 41.
419 *Ibid.*, p. 42 – 44.
420 *Ibid.*, p. 53.
421 *Ibid.*, p. 47.
422 *Ibid.*, p. 66.
423 *Ibid.*, p. 79.
424 *Ibid.*, p. 81.
425 *Ibid.*, p. 82.
426 *Ibid.*
427 *Ibid.*, p. 81 – 2.
428 *Ibid.*, p. 166.
429 *Ibid.*, p. 161. Vergelyk ook vir die voorbereiding van die gemeente p. 149 – 161.
430 *Ibid.*, p. 128.
431 *Ibid.*, p. 128.
432 *Ibid.*, p. 133 – 145.
433 *Ibid.*, p. 113.
434 Vergelyk weer paragrawe 2.4 en 2.6. Vergelyk ook Beyreuther, E. in Schober, T. en Thimme, H., *op. cit.*, p. 115vv vir 'n bespreking van "Modelle gelebter Frömmigheit" in die geskiedenis; Parzany, U., *Zeugen gesucht,* p. 14 – 20 vir "Typen der jugendevangelisation Arbeit".
435 Sweazey, G. E., *The Church ...*, p. 111.
436 *Ibid.*, p. 138; Macauley, J. C. en Belton, R. H., *op. cit.*, p. 44vv.
437 Biederwolf, W. E., *Evangelism: Its justification, its operation and its value,* p. 154.
438 Watson, D., *I believe in Evangelism,* p. 98 – 113.
439 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 60.
440 *Ibid.*, p. 63.
441 Read, D. H. C., *op. cit.*, p. 103.
442 Sweazey, G. E., *The Church ...*, p. 143.
443 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 126.
444 Hoekstra, F. E., *op. cit.*, p. 20.
445 Vergelyk *Aanvullende verslag van die AKAE,* Verslag van die Jeug-tot-Jeugaksie aan die Algemene Sinode van die Ned. Geref. kerk, 1978, p. 7. Wat hierbo en hierna as 'n jeug-tot-jeugprojek bespreek word, is nie gelyk te stel aan die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 nie. Baie beginsels wat deur laasgenoemde Aksie in die kerk ingedra is, word hier gebruik, maar uit die aard van die saak was dit 'n landwye poging om die kerkjeug toe te rus vir hulle taak in die gemeente. Die werk van die span self was dus andersoortig — korttermynbesoeke en toerusting. Die Jeug-tot-Jeugaksie soos dit in 1974 plaasgevind het, regverdig 'n eie studie en evaluering.'
446 Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.*, p. 290 – 1. Vergelyk ook Sweazey, G. E., *The Church ...*, p. 141.
447 Vergelyk Margull, H. J., *op. cit.*, p. 109; Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.*, p. 291.
448 Vergelyk Kennedy, D. J., *Evangelism Explosion,* p. 5 – 9; Bradshaw, M. R., *Church Growth through Evangelism in Depth,* p. 38.
449 Kennedy, D. J., *op. cit.*, p. 117vv.
450 Naude, C. F. B. en Strauss, W. de W., *Kerk en Jeug in die buiteland en in S.A.*, p. 51.
451 Little, S., *op. cit.*, p. 81.
452 Cowan, J. F., *New Youth Evangelism,* p. 46.
453 *Ibid.*, pp. 142, 143.
454 The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.*, p. 237; Kee, F. R., *How to reach the Children for Jesus,* p. 11vv.
455 Briscoe, D. S., *op. cit.*, p. 89.
456 Grunzweig, F. in Reuter, W., *op. cit.*, p. 143.
457 Verkuyl, J., *Evangelisatie onder ...*, p. 16.
458 Vergelyk die voorbeelde van Josef, Samuel, Dawid, Jeremia, Daniël en sy vriende.
459 Armstrong meen wel dat sy "service evangelism" iets anders is as wat normaalweg "friendship evangelism" genoem word. Lg. is volgens hom nie altyd "need-oriented" nie. Vergelyk Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 81.
460 Mcphee, A. G., *Friendship Evangelism,* p. 9.
461 *Ibid.*, p. 51.
462 Quere, R. W., *op. cit.*, p. 19.
463 *Ibid.*, p. 125.
464 Mcphee, A. G., *op. cit.*, p. 9.
465 Van der Made, A. P., *op. cit.*, p. 217. Vergelyk ook Luk. 19; Joh. 4.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

466 Vergelyk Ellis, H. W., *op. cit.*, p. 45.
467 Green, H. L., *op. cit.*, p. 153.
468 Vergelyk Miller, P. M., *op. cit.*, p. 77.
469 Warren, M., *Youth Ministry*, p. 6.
470 Mcphee, A. G., *op. cit.*, p. 12.
471 Vollenhoven, H., *op. cit.*, I, p. 125.
472 Vergelyk *R. E. S. News Exchange*, Vol. XVIII; 8:1674, August 11, 1981. Vanuit die Geref. Kerk is daar ook kritiek op die negatiewe houding van die kerke o.a. deur prof. K. Runia en Dr. B. Rietveld. Albei meen dat daar groter rede vir samewerking as vir teenkanting is. *Ibid.*, p. 1674 – 5.
473 La Rivière, L., *Evangelisatie*, p. 17 – 19.
474 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 122.
475 *Ibid.*, p. 124.
476 Vollenhoven, H., *op. cit.*, II., p. 49.
477 Newbigin aangehaal deur Hollenweger, W., *Evangelism Today*, p. 19.
478 Mcphee, A. G., *op. cit.*, p. 109. Vergelyk ook Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.*, p. 21.
479 Biederwolf, W. E., *op. cit.*, p. 158 – 162.
480 Smith, M. H., *Reformed Evangelism*, p. 29. Vergelyk 2 Kor. 5:17; Rom. 12: 1 – 2.
481 Keucher, W. F., *Good news people in action*, p. 34.
482 Mcphee, A. G., *op. cit.*, p. 107 – 8.
483 Nel, M., *Getuies vir Christus*, p. 26.
484 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 125.
485 Syrdal, R. A., *op. cit.*, p. 91.
486 Nel, M., *Getuies ...*, p. 26.
487 Mcphee, A. G., *op. cit.*, p. 77.
488 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 33. Vergelyk ook Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.*, p. 24vv.
489 Havlik, J. F., *People-centered Evangelism*, p. 76.
490 Syrdal, R. A., *op. cit.*, p. 91.
491 Nel, M., *Getuies ...*, p. 27.
492 Vergelyk Fil. 2:14 – 16.
493 Vergelyk Kettner, E., *op. cit.*, p. 107.
494 *Ibid.*
495 Kennedy, D. J., *op. cit.*, p. 118. Volgens Kennedy verkry hulle hul naamlys op vier maniere:
   1) Besoekers aan hul dienste (hul vul 'n kaartjie in)
   2) Ouers van kinders wat hul "Sunday-school" bywoon
   3) 'n Naamlys van die persone wat nuwe huise in die area gekoop het
   4) 'n Huis-tot-huis-opname indien eersgenoemde drie nie genoeg name voorsien nie.
496 Sweazey, G. E., *The Church ...*, p. 147.
497 Green, H. L., *op. cit.*, p. 153.
498 Vergelyk *Ibid.*, p. 154.
499 Vergelyk Sweazey, G. E., *The Church ...*, p. 147; Kennedy, D. J., *op. cit.*, p. 7 vir sy gedagte van "on-the-job training".
500 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 170 – 172.
501 De Klerk, J. J., *Prediking*, p. 58 – 59.
502 Vergelyk weer Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 126; Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 123 – 125; Pieterse, H. J. C., in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 290 en De Klerk self in *Ibid.*, p. 25 – 31.
503 Vergelyk Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 123 – 130.
504 Vergelyk De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 31; De Klerk, J. J., *Prediking*, p. 59; Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, pp. 219 – 222, 229 – 231; Vergelyk ook De Klerk se evaluering van byv. straatprediking, De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 184 – 195.
505 Green, H. L., *op. cit.*, p. 43.
506 Vergelyk Hoekendijk, B. in La Rivière, L., *op. cit.*, p. 75 – 78; Watson, S. J., *op. cit.*, p. 37 – 38. Vir die noodsaak van voorbereiding vergelyk ook Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 126 – 130.
507 *Ibid.*, p. 75; Vergelyk ook Walker, A., *The New Evangelism*, p. 70; De Klerk, J. J., *Prediking*, p. 50vv.
509 Vergelyk De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 28 – 30.
510 Vergelyk weer paragraaf 4.1.2.
511 Cowan, J. F., *op. cit.*, p. 54. Vergelyk ook vir kinder evangelisasiedienste, *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1978, p. 449 – 452.
512 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 126.
513 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 150.
514 *Ibid.*
515 De Klerk, J. J., *Prediking*, p. 58.
516 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 79.
517 Drummond, L. A., *op. cit.*, p. 129.
518 Vergelyk Mark. 4:26 – 29; Rom. 10:13 – 17; Tit. 3:4 – 7; 1 Petr. 1:22 – 2:3; Hebr. 4:1 – 13; Vergelyk ook De Klerk, J. J., *Prediking*, p. 58.
519 Stott, J. R. W., *op. cit.*, p. 14.
520 Jauncey, J. H., *Psychology for ...*, p. 77.
521 *Ibid.*, p. 78.
522 Poppe, E. in La Rivière, L., *op. cit.*, p. 144.
523 Nel, M. *e.a.*, *Verslag ...*, p. 95.
524 Bisagna, J. R., *op. cit.*, p. 125.
525 Vergelyk Wilken, W., *Macht die Gemeinde Stark*, p. 235 – 247; Walz, H. H. in Beeg, H. *e.a.*, *Der Frieden ist Unter*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*Uns,* p. 4; Flender, H., *e.a., Der Glaube wagt ein neues Leben, Römer, 12* en Strobel, A., *Grund unter den Fussen, Markus-Evangelium.*
526 McDill, W., *op. cit.,* p. 132.
527 Jauncey, J. H., *Psychology for ...,* p. 124. Vergelyk ook Nel, M. *e.a., Handleiding ...,* p. 80–81; Vergelyk ook 1 Thes. 2:7, 11, 12; 3:8; Kol. 1:28, 29; Gal. 4:19; 3 Joh. 4.
528 McDill, W., *op. cit.,* p. 132.
529 *Ibid.,* p. 133–134.
530 Vergelyk Rom. 10:9, 10; 1 Petr. 2:9, 10.
531 Kromminga, C. G., *The Communication of the Gospel ...,* p. 44.
532 Bisagna, J. R., *op. cit.,* p. 115.
533 Kennedy, D. J. in Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.,* p. 129; Vergelyk ook Coleman, R. E., *op. cit.,* p. 55.
534 Vergelyk Green, H. L., *op. cit.,* p. 71vv; Young, J. T., *op. cit.,* p. 107; Hebr. 2:1vv; 5:12–6:9; 12:1vv.
535 McDill, W., *op. cit.,* p. 132. Vergelyk Matt. 28:18–20.
536 Chaney, C. L. en Lewis, R. S. *Design for Church Growth,* p. 182; Green, H. L., *op. cit.,* p. 81vv.
537 Wilson, C., *op. cit.,* p. 219; Green, H. L., *op. cit.,* p. 76–80.
538 Vergelyk Mcphee, A. G., *op. cit.,* pp. 118–120, 121vv. Armstrong, R. S., *op. cit.,* pp. 166vv, 175.
539 Alessi, V., *op. cit.,* p. 55.
540 Vergelyk Matt. 18:15–18; Hebr. 3:13; 10:25vv; Gal. 6:1; 1 Petr. 2:4, 5; 1 Thess. 5:14; Mcphee, A. G., *op. cit.,* p. 118–120.
541 Jauncey, J. H., *One-on-One ...,* p. 63.
542 Kromminga, C. G., *The Communication of the Gospel ...,* p. 247.
543 *Ibid.,* p. 252.
544 1 Petr. 2:5.
545 Mcphee, A. G., noem dit die "hazards of discipleship" *op. cit.,* p. 125–126.
546 Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 86.
547 Vergelyk weer paragraaf 4.1.1; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 365–6.
548 Vir 'n voorbeeld waar dit inderdaad gebeur, vergelyk 'n beskrywing van "The Community Church of the valley, Panorama city, Kalifornië. De Hart, E. L. in Nel, M. *e.a., Verslag ...,* p. 159–165.
549 Vergelyk Bisagna, J. R., *op. cit.,* p. 116.
550 *Ibid.,* Vergelyk ook Mcphee, A. G., *op. cit.,* pp. 117, 118.
551 Barlow, T. E., *Congregational House Churches,* p. 26–28.
552 Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.,* p. 57.
553 Mcphee, A. G., *op. cit.,* pp. 116; Louw, D. J., *op. cit.,* p. 168vv.
554 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 280; Kettner, E., *op. cit.,* p. 123; Palmer, B. en M., *op. cit.,* p. 165; Haney, D., *The idea of the Laity,* p. 53–63; Wilson C., *op. cit.,* p. 191; Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.,* p. 50–53.
555 Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 87.
556 Wilson, C., *op. cit.,* p. 189.
557 *Ibid.,* p. 189–191.
558 Bubna, D. L., *Building People,* p. 43; Vergelyk ook Joh. 13:34–35; 17:20–21.
559 Vergelyk Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.,* p. 45–50.
560 Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 87; Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 284; Wolf, T. in Arn, W., *The pastor's Church growth Handbook,* p. 115.
561 *Ibid.,* p. 89.
562 Vergelyk weer paragrawe 2.3, 2.4. Vergelyk ook Ef. 4:11vv; Wilson C., *op. cit.,* p. 100–110; Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 283.
563 Wilson, C., *op. cit.,* p. 222.
564 Vergelyk die *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1978, p. 641.
565 Vergelyk Wilson, C., *op. cit.,* p. 222.
566 Bisagna, J. R., *op. cit.,* p. 116.
567 Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 91.
568 *Ibid.,* p. 91–2; Kettner, E., *op. cit.,* p. 125.
569 Vergelyk Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 372.
570 Nel, M., *e.a. Handleiding ...,* p. 82.
571 *Ibid.,* pp. 82, 86vv; Vergelyk ook Evangelism Department, Board of Home Missions, Christian Reformed Church, Idea Series No 8: *Follow up Evangelism,* p. 19vv.
572 Hogue, C. B., *Love leaves no choice,* p. 151–155.
573 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 354.
574 Wilson, C., *op. cit.,* p. 218.
575 Vergelyk Luk. 6:12; 22:32; Joh. 17:15, 20.
576 Vergelyk Rom. 1:9, 10; Ef. 1:16; Fil. 1:3–5; Kol. 1:3; 1 Thess. 1:2. Vergelyk ook Evangelism Department, Board of Home Missions, C.R.C., Idea Series No. 8, *op. cit.,* p. 9–11.
577 Watson, D., *op. cit.,* p. 153; Verkuyl, J., *Inleiding in ...,* p. 113.
578 Krass, A. C., *op. cit.,* p. 101; Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 228.
579 Watson, D., *op. cit.,* p. 153 en Verkuyl, J., *Inleiding in ...,* p. 113.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

580 *Ibid.*, Vergelyk ook Hand. 2:42 – 47.
581 Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.*, p. 61 – 63.
582 Watson, D., *op. cit.*, p. 154. Vergelyk weer Hand. 2 en 4.
583 *Ibid.;* Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.*, p. 45 – 50; Palmer, B. en M., *op. cit.*, p. 161vv.
584 Arn, W., *op. cit.*, p. 64; Hand. 2:42; 11:2, 23, 26; 15:35; Ef. 4:11vv; 2 Tim. 2:2.
585 Miller, H., *Evangelism's open secrets,* pp. 14, 24vv; 44vv; 62vv.
586 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 113; Watson, D., *op. cit.*, p. 154.
587 Arn, W., *op. cit.*, p. 62.
588 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 113.
589 Watson, D., *op. cit.*, p. 154.
590 Parker, K. in Arn, W., *op. cit.*, pp. 62, 64.
591 Palmer, B. en M., *op. cit.*, p. 168 – 9.
592 Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.*, p. 55.
593 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 369vv; Vergelyk ook Kettner, E., *op. cit.*, p. 112 – 3.
594 Watson, D., *op. cit.*, p. 154; Arn, W., *op. cit.*, p. 112vv.
595 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 114; Watson, D., *op. cit.*, p. 154.
596 Palmer, B. en M., *op. cit.*, p. 166; McGravan, D. A. en Arn, W. C., *op. cit.*, p. 98vv; Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.*, p. 50 – 55.
597 Watson, D., *op. cit.*, p. 154; Palmer, B. en M., *op. cit.*, p. 163vv.
598 Vergelyk Hand. 11:1vv; 12:1vv; 15:1vv.
599 Palmer, B. en M., *op. cit.*, p. 168; Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.*, p. 59.
600 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 109.
601 *Ibid.*
602 Vergelyk Allan, T., *Er is werk aan de Kerk,* p. 10vv.
603 Arn, W., *op. cit.*, p. 67.
604 Vergelyk Fil. 2:17, 18; 4:10vv; 1 Thess. 1:5 – 10; 2 Kor. 8:1 – 9.
605 Chaney, C. L. en Lewis, R. S., *op. cit.*, p. 63 – 4.
606 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 375.
607 *Ibid.*
608 Häring, B., *op. cit.*, p. 34.
609 Vergelyk Joh. 17:21; Bjerno, A. in Reuter, W., *op. cit.*, p. 230.
610 Vergelyk ook Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 374.
611 Krass, A. C., *op. cit.*, p. 98.
612 Häring, B., *op. cit.*, p. 35.
613 *Ibid.*, p. 36.
614 Krass, A. C., *op. cit.*, p. 97.
615 Barnard, A. C., in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 354.
616 *Ibid.*, p. 374.
617 Kettner, E., *op. cit.*, p. 112.
618 Vergelyk weer 4.1.5.2 en ook 4.3.
619 Vergelyk in hierdie verband Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 96vv.
620 *Ibid.*, p. 106.
621 Lores, R. in Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.*, p. 50.
622 *Agenda,* p. 531 – 2; *Handelinge,* p. 843.
623 Vir riglyne vir hierdie arbeid vergelyk *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk, 1978,* pp. 634, 669 – 672.
624 Vergelyk *Ibid.*, p. 477 – 482. Vergelyk ook Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 300 – 314.
625 *Aanvullende verslag van die A.K.A.E. Verslag van die Jeug-tot-Jeugaksie aan die Algemene Sinode, 1978,* p. 23.
626 Evangelism Department, Board of Home Missions, Idea Series No. 27., *Audio-visuals in Evangelism,* p. I-1; Vergelyk ook No. 25, *Films and evangelism.*
627 *Ibid.*
628 Macauley, J. C. en Belton, R. H., *op. cit.*, p. 36.
629 Walker, A., *op. cit.*, p. 88.
630 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 148; Jager, O. in Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 138vv.
631 Reid, R, in Arn, W., *op. cit.*, p. 119.
632 *Ibid.*, p. 123.
633 *Ibid.*, p. 125.
634 *Ibid.*, p. 120 – 121.
635 Bohren, R., *op. cit.*, p. 453vv.
636 Reid, R. in Arn, W., *op. cit.*, p. 121 – 2.
637 Walker, A., *op. cit.*, p. 88; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 157.
638 Walker, A., *op. cit.*, p. 90.
639 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 158.
640 Te Winkel, J. D., *Wij hebben een woord voor de wereld,* p. 121.
641 Jager, O. in Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 142.
642 *Ibid.*, p. 143 – 4.
643 *Ibid.*, p. 141.
644 *Ibid.*
645 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 158.
646 Jager, O. in Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 141.
647 Walker, A., *op. cit.*, p. 89; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 158.
648 Jager, O. in Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 137; Vergelyk ook Wilken, W., *op. cit.*,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

p. 180vv.
649 Jonkers, J. B. G. aangehaal deur Te Winkel, J. D., *Wij hebben een ...*, p. 120.
650 *Ibid.*, p. 122.
651 Jager, O. in Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 144; Reid, R. in Arn, W., *op. cit.*, p. 122; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 150 – 1.
652 Te Winkel, J. D., *Wij hebben een ...*, p. 123.
653 Grand Rapids Board of Evangelism of the C.R.C., *op. cit.*, p. 318.
654 *Ibid.*, p. 319.
655 Vergelyk Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.*, p. 320 – 1.
656 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 154 – 157. Aanhaling p. 157.
657 Te Winkel, J. D., *Wij hebben een ...*, p. 122.
658 *Ibid.*, p. 121.
659 *Ibid.*
660 Vergelyk ook Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 149 – 150.
661 Vergelyk Te Winkel, J. D., *Wij hebben een ...*, p. 126vv.
662 *Ibid.*, p. 127. *Vergelyk ook The Grand Rapids Board of Evangelism, op. cit.*, p. 323vv.
663 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 177.
664 *Ibid.*, p. 180.
665 De Vries, E., *op. cit.*, p. 187.
666 Vergelyk Gen. 1:26; Sag. 14:20, 21; Kol. 3:9 – 17, 23.
667 De Vries, E., *op. cit.*, p. 155.
668 Marais, E. J., *Pastorale sorg aan die mens in die bedryf*, p. 235.
669 Kane, M., *Theology in an Industrial Society*, p. 104.
670 *Ibid.*, pp. 104, 105.
671 Vergelyk De Vries, E., *op. cit.*, p. 169 – 174; Kol. 1:15 – 23; 2:9, 10; 3:1 – 17; Marais, E. J., *op. cit.*, pp. 236, 239.
672 *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, 1966, p. 275.
673 Noordegraaf, A., *op. cit.*, p. 67. Hy haal ook vir Buskes, J.J. aan wat van "priesterlijke prediking" praat.
674 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 179; Zielhuis, L., *op. cit.*, p. 39; Marais, E. J., *op. cit.*, p. 244.
675 De Vries, E., *op. cit.*, p. 175vv; *Verslag van die Jeugstudiekommissie*, p. 277.
676 Zielhuis, L., *op. cit.*, p. 34.
677 Vergelyk Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 227 – 8.
678 Margull, H. J., *op. cit.*, p. 198.
679 De Vries, E., *op. cit.*, p. 161. Vergelyk ook Margull, H. J., *op. cit.*, p. 199.
680 *Ibid.*, p. 161 – 3; Vergelyk De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 176 – 177.
681 De Vries, E., *op. cit.*, pp. 178, 180, 183.
682 *Ibid.*, p. 188.
683 Marais, E. J., *op. cit.*, p. 246. Hy gee as wenk, groepe van 10 – 15, p. 247.
684 De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 181.
685 De Vries, E., *op. cit.*, p. 188.
686 Hier sou ook verskeie belangegroepe gevorm kan word op die wyse soos bespreek in die model van "Target-group evangelism" in paragraaf 4.1.3.4.
687 Zielhuis, L., *op. cit.*, p. 33.
688 De Vries, E., *op. cit.*, p. 189.
689 Vergelyk Van Riessen, I. H., *op. cit.*, p. 317vv, 350.
690 Vergelyk Verkuyl, J., *Inleiding in* pp. 78 – 80, 218 – 223; De Vries. E., *op. cit.*, p. 130vv.
691 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 230 – 231; De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 179 – 180.
692 De Koker, W. J. H., *Die Kerklike bediening aan die vakleerling in die personeelwoning binne Spoorwegverband*, pp. 100vv, 114vv.
693 Vergelyk Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 224vv.
694 Vergelyk weer De Koker, W. J. H., *op. cit.*, p. 19vv.
695 Vergelyk bv. die verslag aan die Algemene Sinode in 1970 en ander dergelike verslae. *Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1970, p. 523 – 4.
696 De Vries, E., *op. cit.*, p. 165.
697 Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 225.
698 Vir die meer omvattende diens van bv. 'n bedryfspastor vergelyk De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 181 – 2; Verkuyl, J., *Inleiding in ...*, p. 225 – 230; De Vries, E., *op. cit.*, p. 165 – 6; Marais, E. J., *op. cit.*, p. 241 – 245.
699 Vergelyk ook *Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1970, p. 520 – 523.
700 *Ibid.*, p. 521.
701 *Ibid.*, p. 522.
702 Symanowski, H., *The Christian Witness in an industrial Society*, p. 97 vv.
703 Joh. 17:21, 23; Ef. 4:1 – 16; Kol. 3:9 – 11; Fil. 2:1 – 18.
704 Lores, R. in Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.*, p. 50.
705 Vergelyk Margull, H. J., *op. cit.*, p. 217vv.
706 *Ibid.*, p. 235.
707 Snyder, H. A. in Padilla, C. R., *op. cit.*, p. 133.
708 Hoekendijk, J. C., *Getemperd Onge-*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*duld* . . ., p. 10.-

709 Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 45; dieselfde skrywer in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* pp. 339, 349 – 355.

710 Snyder, H. A. in Padilla, C. R., *op. cit.,* pp. 136, 137 – 8.

711 Douglas, J. D., *Let the earth hear His voice,* p. 5.

712 Krass, A. C., *op. cit.,* p. 98; Bradshaw, M. R., *Church Growth through Evangelism-in-Depth,* p. 40.

713 Ellis, H., *op. cit.,* p. 19.

714 Stowe, D. M., *Ecumenicity and Evangelism,* p. 39.

715 *Ibid.,* p. 40.

716 Douglas, J. D., *op. cit.,* p. 5.

717 Bjerno, A. in Reuter, W., *op. cit.,* p. 231.

718 Häring, B., *Evangelization Today,* p. 41.

719 Greinacker, N. en Müller, A., *op. cit.,* p. 55.

720 Häring, B., *op. cit.,* p. 42.

721 *Ibid.,* p. 41; veral Ef. 4:1 – 16.

722 Douglas, J. D., *op. cit.,* p. 5.

723 Zielhuis, L., *op. cit.,* p. 43.

724 Vergelyk ook Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 45.

725 Vergelyk weer Verkuyl, J., *Inleiding in* . . ., p. 83vv; Schrotenboer, P. G., *De roeping van de gemeente in een van het evangelie vervreemde wereld,* p. 17.

726 Vergelyk ook weer Du Toit, A. B. in Crafford, D., *Sendingperspektiewe,* p. 1 – 11.

727 Vergelyk Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 45.

728 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 230.

729 *Ibid.,* p. 231 – 2.

730 The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* p. 109.

731 *Ibid.,* Barnard, A. C., *Kerk en Evangelisasie,* p. 45.

732 *Ibid.*

733 Vergelyk weer paragraaf 4.1.4. Talle van die geprogrammeerde projekte wat daar genoem is, kan ook in ekumeniese verband aangepak word.

734 Löffler, P. in Greinacker, N. en Müller, A., *op. cit.,* p. 108.

735 *Ibid.,* p. 111.

736 The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* p. 109.

737 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 234.

738 Snyder, H. A. in Padilla, C. R., *op. cit.,* p. 140 – 1.

739 Bradshaw, M. R., *op. cit.,* p. 40; Peters, G. W., *op. cit.,* p. 42vv.

740 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 232.

741 *Ibid.,*

742 Soos die Ned. Geref. Kerk ten opsigte van sy landwye sending- en evangelisasieaksie besluit het. Vergelyk *Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1970, p. 532 en *Handelinge,* p. 843.

743 Kilpatrick, T. B., *op. cit.,* p. 233.

744 *Ibid.,* p. 236; Stowe, D. M., *op. cit.,* p. 64 – 66.

745 Lores, R. in Taylor, C. W. en Coggins, W. T., *op. cit.,* p. 57 – 8.

746 Vergelyk Artikel I – IV van die Grondwet van die ACSV in die *Agenda van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk;* 1970, p. 426 – 7.

747 Vergelyk *Handelinge van die Vierde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1974, pp. 339 – 40, 653.

748 Vergelyk weer die *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, pp. 299 – 301, 547 – 8.

749 Vergelyk die *Handelinge van die Derde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1970, pp. 702 – 08, 822 – 3.

750 Die Algemene Sinode het in 1978 'n breedvoerige verslag in sake Campus Crusade for Christ in behandeling geneem en sekere besluite geneem wat gemeentes ontmoedig om van hierdie organisasie en hulle materiaal gebruik te maak.*Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode,* 1978, pp. 639 – 41; *Handelinge,* p. 912 – 3. Vir 'n breedvoeriger bespreking van Campus Crusade for Christ vergelyk Nel, M., *e.a., Verslag* . . ., p. 141 – 2 en veral Buckle, J. P., *Campus Crusade for Christ* (B. D. Skripsie, U.P., 1978); Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 280 – 1.

751 Vergelyk byv. die sinode van Noord-Transvaal se besluit soos opgeneem in die *Kerkorde en aanvullende bepalings,* 1979, p. 251 – 3. Hier word spesifiek na Jeug vir Christus en Campus Crusade for Christ verwys. Vergelyk vir 'n bespreking van Jeug vir Christus Internasionaal, Nel, M. *e.a., Verslag* . . . . p. 172 – 5; Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 278 – 80. Vergelyk ook *Ibid.,* p. 281 – 4 vir 'n bespreking van Youth with a Mission.

752 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a., op. cit.,* p. 343; The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.,* p. 109.

753 *Ibid.,* p. 342 – 3.

754 *Ibid.,* p. 343.

755 Vergelyk Wells, T., "How should a Christian view Campus Crusade for Christ";



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

*Banner of Truth Trust Magazine* 170: p. 15vv. November 1977; Buckle, J. P., *op. cit.*, p. 22 – 29.
756 Chantry, W., *Today's Gospel*, p. 10; The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.*, p. 108 – 9; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 340.
757 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 338 – 9.
758 Steggink, O. in Van Iersel, B. *e.a.*, *Wie zeggen de mensen dat Ik ben?* p. 83.
759 Corbett, J. M. en Johnson, C. E., *op. cit.*, p. 4.
760 Vergelyk Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 341.
761 Smith, B. E., *Real Evangelism*, p. 126.
762 Gatu, J. in Padilla, C. R., *op. cit.*, p. 167; Pickering, E. D., *op. cit.*, p. 54 – 5.
763 Vergelyk ook Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 341 – 2.
764 Vergelyk Steggink, O. in Van Iersel, B. *e.a.*, *op. cit.*, p. 87.
765 *Ibid.*
766 Jager, O. in Verkuyl, J., *Inleiding in . . .*, p. 252; Van der Lans, J. M. in Mauritz, H. A. A. *e.a.* *En toch Kerk*, p. 83 – 89.
767 Jauncey, J. H., *Psychology for . . .*, p. 61.
768 *Ibid.*
769 *Ibid.*, p. 32.
770 Smith, B. E., *op. cit.*, p. 125; Vincent, J. J., *Alternative Church*, p. 13 vv.
771 *Ibid.*
772 Bradshaw, M. R., *op. cit.*, p. 94.
773 Vergelyk ook Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 342.
774 Smith, B. E., *op. cit.*, p. 126; Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 343.
775 Vergelyk weer Joh. 17; Ef. 4; Kol. 3; Fil. 1:27 – 2:18; 1 Kor. 12:1vv,
776 Vergelyk hiervoor weer paragrawe 2.2, 2.3 en 2.4.
777 Vergelyk Gen. 12; 28:12vv; 32; Rigters 6:11vv.
778 Vergelyk Ex. 18; die rol van Samuel in Saul en Dawid se lewens 1 Sam. 8:24; die toerustende, bemoedigende en waarskuwende optrede van die profete ten opsigte van bv. die konings en volk. 2 Kon. 18; Jes. 7; Amos, Hosea en soveel meer; Veldkamp, H., *Het ambt der gelovigen*, p. 20 – 1.
779 Wilson, C., *op. cit.*, p. 105 – 6; Mark. 2:14; Joh. 3:1vv; 4:1vv; Matt. 5:1vv; 9:9, 10; 11:19; Luk. 5:27 – 29; 19:5 – 7; Vergelyk ook vir sy indiensopleiding van die dissipels Matt. 10:1vv; Mark. 1:35 – 39; en ander verduidelikings van sy doel en metode soos bv. Mark. 4.
780 Vergelyk Hand. 8:1, 4; 2:42 – 47.
781 Roberts, J. H., *Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief*, p. 160.
782 *Ibid.*, p. 177.
783 Vergelyk bv. 1 Thess. 1:2vv; 2:9 – 16; 1 Kor. 10:23 – 11:1; Moore, W. B., *New Testament Follow-up*, p. 57.
784 Coleman, R. E., *Evangelism in Perspective*, p. 45.
785 Schulte, A. in Reuter, W., *op. cit.*, p. 156; Wilken, W., *Macht die Gemeinde stark*, p. 43vv.
786 Pickering, E. D., *op. cit.*, pp. 56, 62.
787 Vergelyk die *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk*, 1978, pp. 639, 641, 642; *Handelinge*, p. 912.
788 Die doel van die Lidmaattoerustingsprogram, *Ibid.*, p. 463.
789 Roberts, J. H., *op. cit.*, p. 183.
790 Aangehaal deur Fish, R. J. en Conant, J. E., p. 14.
791 Noordegraaf, A., *Gods Bouwwerk*, p. 229; Chamberlin, J. G., *The Church and its Young Adults*, p. 82.
792 Vergelyk die noue verband tussen Christus en die Gees, Joh. 14:25 – 31; 16:13 – 15; Joh. 13:1 – 20; 15:17 – 27; 1 Kor. 2:6 – 16; Rom. 6; 8:1 – 17; Fil. 2:1 – 11; Gal. 5:1 – 6:18;
793 Veldkamp, H., *Het ambt der . . .*, p. 23.
794 Vergelyk Joh. 15:1 – 7; Heidelbergse Kategismus Vraag en antwoord 32, 64; Mark. 4:21 – 25.
795 Vergelyk Barnard, A. C. en Pieterse, H. J. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, pp. 363 – 367. 291 onderskeidelik; Louw, D. J., *op. cit.*, p. 149 – 150.
796 Schrotenboer, P. G., *op. cit.*, p. 7 – 8.
797 Vergelyk weer Ef. 4:11, 12; Roberts, J. H., *op. cit.*, pp. 89vv, 147 – 163; Vergelyk ook weer paragrawe 2.2, 2.3.
798 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 376.
799 Vergelyk 'n besluit van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk met hierdie strekking, *Agenda*, 1978, p. 647; *Handelinge*, p. 915; Sunnus, S., *Bauplatz Gemeinde*, p. 64vv.
800 *Ibid.*, pp. 642, 913. Vergelyk ook die voorsiening van die Bybelkorkursusse: Ouderling vir Christus en Diaken vir Christus.
801 Hofinger, J., *op. cit.*, p. 104.
802 Vergelyk weer 3.2, 3.3, 3.4.
803 Vergelyk McGavran, D. A. en Arn, W. C., *How to grow . . .*, p. 89vv; Kee, F. R., *How to reach the Children for Jesus*, p. 13vv; Dobbins, G. S., *op. cit.*, p. 33vv; European Child Evangelism Fellowship, *The Biblical basis of Child evangelism*,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

pp. 7 – 13, 55vv, 99vv, 112.
805 Vergelyk paragraaf 2.1 vir die Skriftuurlike grondslae van die wese van die gemeente.
806 Vergelyk Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 38vv; Noordegraaf, A., *op. cit.*, pp. 7vv; 124vv en weer eens p. 206vv; Wilson, C., *op. cit.*, pp. 171vv.
807 Louw, D. J., *op. cit.*, p. 157; Vergelyk ook p. 148 – 153.
808 Vergelyk Miller, P. M., *op. cit.*, p. 175.
809 Hos. 4:6.
810 Vergelyk maar net Ef. 1:3vv; 4:13vv; Fil. 1:9 – 11; 3:7 – 11; Kol. 1:9vv.
811 Vergelyk veral Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 21 – 37 vir sy motivering waarom hierdie saak so belangrik is in sy PROOF model (*P*robe *R*esponsibly *O*ur *O*wn *F*aith).
812 Quere, R. W., *op. cit.*, p. 25
813 Vergelyk Maculey, J. C. en Belton, R. H., *Personal Evangelism*, p. 104vv.
814 Vergelyk bv. Wurth, G. B., *De bekering als evangelisatie-probleem*, p. 17 – 43.
815 Vergelyk weer Chantry, W., *op. cit.*, p. 19vv; Wilson, C., *op. cit.*, p. 171 – 231.
816 Vergelyk Evangelism Department, Board of Home Missions, Idea Series, No. 8., *op. cit.*, p. 35vv. vir 'n bespreking van nasorg deur Bybelstudiegroepe.
817 Vergelyk Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 347 – 8.
818 Vergelyk in hierdie verband Keucher, W. F., *Good news people in action*, p. 39.
819 Pickering, E. D., *op. cit.*, p. 65.
820 Klaagl. 1:12, 16.
821 Luk. 19:41.
822 Pickering, E. D., *op. cit.*, p. 65.
823 Vergelyk Sweazey, G. E., *The Church as* ..., p. 159vv; Fish, R. J. en Conant, J. E., *op. cit.*, p. 61.
824 Hogue, C. B., *Love leaves no choice*, p. 135. Vergelyk veral ook Ef. 4:17 – 6:4 vir die Geesvervulde lewe en die "evangelisasie"-waarde daarvan; Ook Gal. 5 + 6.
825 Vir die vereistes van werkers vergelyk Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p. 65 – 77; Overduin, J., *Die Evangelie vandag*, p. 47 – 80; Feucht, O. E., *Everyone a Minister*, p. 75 – 77.
826 Hofinger, J., *Evangelization and Cathechesis*, p. 109; Overduin, J., *op. cit.*, p. 76 – 80.
827 Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p. 70 – 73.
828 *Ibid.*, pp. 76, 75, 73; Vergelyk vir "takt" Overduin, J., *op. cit.*, p. 69 – 73 en vir humor p. 73 – 76.
829 Miller, P. M., *op. cit.*, p. 187; Wurth, G. B., *Gestalten der liefde*.
830 Wurth, G. B. en Wiersinga, W. A., *op. cit.*, p. 68.
831 Vergelyk Rom. 5:5; 13:8 – 14; Gal. 5:13 – 6:10; 1 Kor. 13; 1 Joh. 3; 4:7 – 21.
832 Vergelyk Wilken, W., *op. cit.*, p. 48vv.
833 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 31vv.
834 Jauncey, J. H., *One-on-One* ..., p. 45.
835 Vergelyk The Grand Rapids Board of Evangelism, *op. cit.*, p. 434 – 439; Nel, M., *Getuies vir* ..., p. 20 – 27; Nel, M. *e.a.*, *Handleiding vir* ..., p. 76 – 79.
836 Quere, R. W., *op. cit.*, p. 123; Sweazey, G. E., *The Church as* ..., p. 160 – 183.
837 Vollenhoven, H., *op. cit.*, *I*, p. 85.
838 *Ibid.*
839 Little, S., *op. cit.*, p. 106vv.
840 *Ibid.*, p. 106.
841 *Ibid.*, p. 109.
842 Kennedy, D. J., *op. cit.*, p. 7.
843 Vergelyk ook Nel, M., *Getuies vir* ..., p. VI.
844 Briscoe, D. S., *op. cit.*, p. 96.
845 Vergelyk Wright, M., *New ways for Christ*, p. 6.
846 Vergelyk *Ibid.*, p. 8 en Verkuyl, J., *Inleiding in* ..., p. 109 – 111.
847 Kettner, E., *op. cit.*, p. 113.
848 Vergelyk Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 149vv.; Vergelyk weer Jesus se toerusting van sy dissipels waarna nou reeds telkemale verwys is en die prediking in Handelinge: Hand. 2:14vv; 7:1vv; 18:24vv; 20:17vv.
849 *Ibid.*, p. 155.
850 *Ibid.*, p. 150vv.
851 Feucht, O. E., *op. cit.*, p. 99.
852 *Ibid.*, p. 101; Vergelyk ook weer Jesus se lering van sy dissipels deur gelykenisse en klein groepbespreking bv. Mark. 4:1vv veral vs 10.
853 Vergelyk Nel, M. in Nel, M. en De Hart, E. L., *Dienswerkmetodiek*, p. 35 – 43.
854 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 377 – 8.
855 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 130.
856 *Ibid.*, p. 130 – 145.
857 *Ibid.*, p. 162.
858 *Ibid.*
859 *Ibid.*, p. 163.
860 Kennedy, D. J., *op. cit.*, p. 118.
861 *Ibid.*, p. 119 – 120.
862 Vergelyk Algemene Jeugkommissie, *Dosentegids*, p. 73.
863 Vergelyk Nel, M. *e.a.*, *Handleiding vir* ..., p. 115 – 117.
864 Armstrong, R. S., *op. cit.*, p. 128.
865 Barnard, A. C. in De Klerk, J. J. *e.a.*, *op. cit.*, p. 377.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

866 Vergelyk die bekendstellingsbrief en bestelvorm: *Skolingsmateriaal* van die Algemene Jeugkommissie, Posbus 396, Bloemfontein, 9300.
867 Vergelyk Bybelkor: *Bestelvorm,* Posbus 5, Wellington.
868 Vergelyk die Notules: Ad Hoc Kommissie vir Lidmaattoerusting, 1979, 1980, 1981.
869 Vergelyk weer *Agenda van die Vyfde Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1978, p. 641, *Handelinge,*pp. 912, 1037 – 8. Vir meer besonderhede oor hulle kursus en materiaal vergelyk Buckle, J. P., *op. cit.,* pp. 12 – 15, 26vv, 34 – 36.
870 Vergelyk *Notule van die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie,* 1981, pp. 28, 29.
871 Vergelyk in hierdie verband ook die reeds aangehaalde kursus van die Christian Reformed Church en die daarmee verbandhoudende "Idea Series" van die Department of Evangelism, Board of Home Missions.
872 Vergelyk weer Ef. 4.
873 Ellis, H. W., *op. cit.,* p. 62 – 3.
874 Vergelyk Luk. 5:1 – 11; 27 – 32; 6:12 – 49; 8:4 – 39; 9:1 – 6; 23 – 27; 10:1vv. en nog baie ander geleenthede. Vergelyk ook weer Bruce, A. B., *op. cit.;* Wilson, C., *op. cit.,* pp. 57vv; 79vv.
875 Peters, G. W., *op. cit.,* p. 88.
876 *Vergelyk die Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, pp. 300, 548.
877 Verkuyl, J. *Inleiding in ...,* p. 69.
878 Vergelyk weer Ef. 4:1 – 16.
879 Vergelyk vir die term die *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk,* 1966, p. 300.
880 Vergelyk 1 Kor. 1:17 – 31; 2:1, 2; 12; 2 Kor. 4:5.
881 Vergelyk weer paragraaf 2.6.
882 2 Kor. 5:14vv; Hand. 1:8; 4; 8:1 – 4; Gal. 5:1 – 6:18; Ef. 4:17 – 5:20; 6:17, 18.
883 Vergelyk weer paragraaf 4.4.4.7.
884 Neighbour, R. W. en Thomas, C., *op. cit.,* p. 17.
885 Kennedy, D. J., *op. cit.,* p. 7.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## OPSOMMING

Die roeping van die kerk tot evangelisasie is meteens ook 'n roeping tot die verstaan en uitlewing van sy eie wese, doel en funksie in hierdie wêreld. Wanneer die ampte en die gemeente op 'n Bybelse wyse besig is met getroue roepingsvervulling, word die gemeente vir sy diens in hierdie wêreld toegerus en uitgestuur. Sodoende word nie alleen die ware gelowiges getrou aan hul roeping toegerus nie, maar word ook die verbondsbreker, die afvallige, vervreemde lidmaat en buitekerklike geïdentifiseer. Die gemeente as tweede subjek (naas God as eerste Subjek) word hiermee tot effektiewe diens toegerus. Aan die ander kant kry die objek van evangelisasie, naamlik die buitekerklike wat nog in die skadu van die verbond leef, 'n naam en adres.

Vir sover dit jeugevangelisasie betref, het elke gemeente die roeping om die kerkjeug vir hul diens voor te berei en toe te rus. Deeglike jeugarbeid is in hierdie opsig inderdaad vervreemding-voorkomend. Terselfdertyd is dit ook toerustend en evangelisasie-gerig. Juis om hierdie tweeledige rede is jeugarbeid nooit af te maak deur dit aan enkeles of aan verenigings of organisasies oor te laat nie. Jeugarbeid is van soveel belang dat alleen 'n totale gemeente-aanpak daarvan sukses verseker, vervreemding keer en vervreemdes terugwin. Op 'n omvattende, gedifferensieerde wyse kom God in die totale gemeentelike bediening tot die kinders en jongmense deur die prediking, in die erediens, deur die pastoraat, deur die lering (kategese en meer) en deur die diakonia van die georganiseerde diensaksies as wesenlike deel van die gemeente. In hierdie gemeentelike voorkoming van vervreemding, toerusting en benutting van die kerkjeug in die terugwin van vervreemdes en buitekerklikes, is die volwasse lidmate van die allergrootste belang. Hulle moet só leef, op só 'n wyse met die bediening van die evangelie besig wees dat die kinders en jongmense met entoesiasme met die gemeente wil en gaan identifiseer. Binne 'n gemeenskap van geloof en liefde, waar die onderlinge sorg as normaal en natuurlik (vanselfsprekend) funksioneer, waar die kerklike dissipline en tug, orde, veiligheid en groei bevorder, word die kerkjeug opgebou tot mense wat "behoort" en wat as deel van die dienende liggaam van Christus met die evangelie na die buitekerklike gaan ("reach out"). Vanuit die gemeente moet die potensiaal van die kerkjeug benut word. Dan word elke faset van die normale gemeentelike bediening ryk aan jeugevangelisasiepotensiaal — vanaf die erediens tot by spesifieke projekte wat as deel van die geprogrammeerde jeugwerk aangepak word. Jeugevangelisasie word meer as 'n program, 'n projek, 'n aksie — dit word 'n jeug-tot-jeug-leefwyse. Elke spontane kontak met vervreemdes en buitekerklikes word 'n geleentheid tot vriendskap-evangelisasie, diens-evangelisasie of gerigte belangegroep-evangelisasie. Meer nog, die bereiking van die vervreemde en buitekerklike jeug word 'n sleutel tot die gesin. Jeugevangelisasie word gesinsevangelisasie en andersom.

Gemeentelike jeugevangelisasie in 'n verskeurde wêreld roep ook na die eenheid van die liggaam van Christus in kerk- en ekumeniese verband. Ter wille van die evangelie en die geloofwaardigheid van die kerk as draer van die evangelie, word die gemeente geroep om ook saam met ander die vervreemde en buitekerklike jeug vir Christus en sy kerk te bereik.

Vir jeugevangelisasie is 'n lewende kerk noodsaaklik. Waar werklik met jeugevangelisasie erns gemaak word, word die kerk tot 'n lewende kerk vernuwe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

# SUMMARY

The vocation of the Church to evangelism is at once also a vocation to the understanding and realisation of its being, goal and function in this world. When the offices and the congregation engage, in 'n Biblical way, in devoted vocational realisation, the congregation is then equipped and sent forth for its ministry in this world. Thus, not only the true christians, but also the covenantbreaker, the unfaithful, the estranged member and the outsider are identified. The congregation as second subject (next to God as first subject) is hereby equipped to effective service. On the other hand, the object of evangelism, namely the outsider who still lives in the shadow of the covenant gets a name and an address.

With regard to youth evangelism, every congregation has a calling to prepare and equip its children and young people for their service. Thorough youth ministry will in this case indeed prevent alienation. On the one hand it equips and on the other it is aimed at evangelism itself. It is precisely because of this dual purpose that the youth ministry can never be passed off by leaving it to individuals, societies or organisations. The youth ministry is so important that only a total congregational attempt will ensure success, ward off alienation and win back the estranged. In a comprehensive, differentiated way, God comes by way of the total congregational ministry to the youth (children and young people), through preaching, in worship services, pastoral care, teaching (didache; catechesis, etc) and through the diakonia of the organised "diensaksie" as an essential part of the congregation. In this congregation prevention of estrangement, equipping and utilisation of the youth of the church and the reclaiming of the alienated and the outsider, the adult member is of the utmost importance. They must live and pursue the Gospel in such a way that the youth (children and young people) enthusiastically want to and eventually will identify with the congregation. Within a community of faith and love where the mutual concern functions normally, naturally (obviously), where the church's discipline furthers order, safety and growth, the youth are edified to become people who belong and who as part of the ministering Body of Christ reach out to the outsider. From within the congregation the potential of the youth must be utilised. Thus every facet of the normal congregational ministry is rich in youth evangelisation potential — from the church's worship service to specific projects that are part of the programmed youth ministry. Youth evangelism then becomes more than a program, more than a project, a campaign — it becomes a youth-to-youth way of living. Every spontaneous contact with the alienated and the outsiders becomes an opportunity for friendship evangelism, service evangelism of directed target-group evangelism. More so, the reaching of the estranged and the outsider youth becomes the key to reaching the family. Youth evangelism becomes family evangelism and vice versa.

Congregational youth evangelism in a torn world also cries out for the unity of the body of Christ in church and ecumenical context. For the sake of the gospel and the credibility of the church as exponent of the gospel, the congregation is called, together with other, to reach out to the alienated and the outsiders for the sake of Christ.

An active church is necessary for youth evangelism and where youth evangelism actually is sincerely undertaken, it will bring about renewal to the church.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

## VERKORTE LEKTUURLYS


Adams, J. E. *Competent to counsel.* Grand Rapids, Mich: Baker, 1970.
Alessi, V. *Evangelism in your church school.* Valley Forge: Judson, 1978.
Allan, T. *Er is werk aan de kerk.* Kampen: Kok, 1958.
Armstrong, R. S. *Service Evangelism.* Philadelphia: Westminster, 1979.
Arn, W. *The pastor's church growth handbook,* Pasadena, Calif: Church Growth, 1979.
Ascher, P. *Jugendarbeit in der Krise.* Paderborn: Schöningh, 1971.
Barlow, T. E. *Congregational house churches.* Independence, Missouri: Herald, 1978.
Barnard, A. C. *Die erediens.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 1981.
Barnard, A. C. *Kerk en evangelisasie.* Potchefstroom: "Die Evangelis", s.j.
Barnard, A. C. *Kerk en vervreemding.* Potchefstroom: "Die Evangelis", s.j.
Bavinck, J. H. *Inleiding in de zendingswetenschap.* Kampen: Kok, 1954.
Baxter, J. S. *Rethinking our priorities.* (The church: it's pastor and people) Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1974.
Beerekamp, J. W. *De jeugddienst.* Nijkerk: Callenbach, 1952.
Beets, N. *Jeugd en welvaart.* (1ste en 2de druk) Utrecht: Bijleveld, 1968 en 1973.
Beyer, K. *Gemeinde Jugendarbeit.* (Tips für die Praxis). Wuppertal: Brockhaus, 1978.
Biederwolf, W. E. *Evangelism: it's justification, it's operation and it's value.* New York: Revell, 1921.
Bisagna, J. R. *How to build an evangelistic church,* Nashville: Broadman, 1971.
Bleistein, R. *Die Kirche von gestern und die Jugend von heute.* Tyrolia: Verlagen Echter, 1972.
Bleistein, R. *Kirchliche Jugendarbeit.* Düsseldorf: Patmos, 1976.
Bommel, J. P. *Religie en de structuur van de christelijke gemeente.* Kampen: Kok, 1980.
Booy, T. *Kerk en jeugd.* Amsterdam: Ten Have, 1950.
Botting, M. H. *Evangelistic services.* Bramcote Notts: Grove, 1973.
Bradshaw, M. R. *Church growth through evangelism-in-depth.* South Pasadena, Calif: Carey, 1969.
Briscoe, D. S. *Where was the church when the youth exploded.* Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1972.
Bruce, A. B. *The training of the twelve.* Edinburgh: Clark, 1894.
Bubna, D. L. *Building people.* Wheaton, Ill: Tyndale, 1978.
Cassels, L. *Forbid them not.* Independence, Missouri: Independence, 1973.
Chamberlin, J. G. *The church and its young adults.* New York: Abingdon-Cokesbury, s.j.
Chaney, C. L. en R. S. Lewis. *Design for church growth.* Nashville, Tenn: Broadman, 1977.
Christoff, N. B. *Saturday night, Sunday morning.* New York: Harper and Row, 1978.
Coleman, R. E. *Evangelism in perspective.* Harrisburg, P.A: Christian Publ., 1975.
Collins, G. R. *It's O'K to be single.* Waco, Texas: Word Books, 1976.
Corbett, J. M. en C. E. Johnson. *It's happening with youth.* New York: Harper and Row, 1972.
Couwenburg, S. W. *De vereenzaming van de moderne mens.* 'S Gravenhage: N. V. Pax, 1957.
Cowan, J. F. *New youth evangelism.* Revell, 1928.
De Haan, H. en P van Brederode. *Feiten over jeugdseksualiteit.* 'S Gravenhage: Stichting, 1970.
Dekker, G. *Wat is er met de kerk aan de hand.* Kampen: Kok, 1971.
De Klerk, J. J. e.a. *Evangelistiek.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 1979.
De Vries, E. *De dienst van de kerk aan de industrie-arbeider.* Franeker: Wever, 1962.
Dienst, K. *Modernen Formen des Konfirmandenunterrichts.* Mohr: Gütersloh, 1973.
Dijk, K. *De dienst aan de kerkjeugd.* Kampen: Kok, 1954.
Dijk, K. *De dienst der prediking.* Kampen: Kok, 1955.
Dijk, K. *De strijd om de jeugd.* De Gereformeerde Jongelingsbond, 1941.
Dobbins, G. S. *Winning the children.* Nashville: Broadman, 1953.
Dodd, C.H. *The apostolic preaching and its developments.* London: Hodder & Stoughton, 1944.
Douglas, J. D. *Let the earth hear His voice.* Minneapolis, Minnesota: World Wide, 1975.
Dow, R. A. *Ministry with single adults.* Valley Forge, P.A: Judson, 1977.
Drummond, L. A. *Evangelism — the counter revolution.* London: Marshall, Morgan & Scott, 1972.
Dubose, F. M. *How churches grow in an urban world.* Nashville, Tenn: Broadman, 1978.
Ellis, H. W. *Evangelism for teenagers.* New York: Abingdon, 1958.
Enroth, R.M. e.a. *The story of the Jesus People.* UK: Paternoster, 1972.
European Child Evangelism Fellowship. *The Biblical basis of child evangelism.* Langenbruck:




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

CEF. Centre, 1981.
Evangelism Department, Board of Home Missions. *Congregational evangelism training.* Grand Rapids, Mich: s.j.
Evangelism Department, Board of Home Mission. *Audio-visuals in evangelism.* (Idea series No. 27) Grand Rapids, Mich: s.j.
Evangelism Department, Board of Home Missions. *Coffee house ministries.* (Idea series No. 32) Grand Rapids, Mich: s.j.
Evangelism Department, Board of Home Missions. *Films and evangelism.* (Idea series No. 25) Grand Rapids, Mich: s.j.
Evangelism Department, Board of Home Missions. *Follow up evangelism.* (Idea series No. 8) Grand Rapids, Mich: s.j.
Evangelism Department, Board of Home Missions. *Youth in evangelism* (Idea series No. 14) Grand Rapids, Mich: s.j.
Faber, H. *Geloof en ongeloof — in een industrieel tijdperk.* Assen: Van Gorcum, 1969.
Faber, H. en T. T. ten Have. *Ontkerkelijking en buitenkerkelijkheid in Nederland tot 1960.* Assen: Van Gorcum, 1970.
Feucht, O. E. *Everyone a minister.* London: Concordia, 1974.
Firet, J. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* (3de druk) Kampen: Kok, 1977.
Fish, R. J. en J. E. Conant. *Every member evangelism for today.* New York: Harper & Row, 1976.
Foster, A. L. *The house church evolving.* Chicago: Exploration, 1976.
Gilbert, W. K. *Confirmation and education.* USA: Fortress, 1969.
Grand Rapids Board of Evangelism. *Reformed evangelism.* Grand Rapids, Mich: Baker, 1948.
Green, H. L. *Why churches die.* Minneapolis, Minn: Bethany, 1972.
Green, M. *Evangelism in the early church.* (4th print) Grand Rapids, Mich: Eerdmans, 1977.
Greenway, R. S. *Calling our cities to Christ.* Nutley NJ: Presbiterian & Reformed, 1974.
Greinacker, N. en A. Müller. *Evangelization in the world today.* New York: Seabury, 1979.
Haney, D. *The idea of the laity.* (7th print) Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1979.
Häring, B. *Evangelization today.* England: St. Paul, 1974.
Harris, M. *Parish religious education.* New York: Paulist, 1978.
Havlik, J. F. *People-centered evangelism.* Nashville, Tenn: Broadman, 1971.
Heitink, G. en H. Hogenhuis. *Kerk en jongeren.* Kampen: Kok, s.j.
Hendrick, J. R. *Opening the door of faith.* (The why, when and where of evangelism) Atlanta, Georgia: John Knox, 1977.
Hoffmann, H. *Nicht mehr im Abseits.* München: Kaiser, 1980.
Hoffmann, K. *Göttesdienst für junge Leute.* Stuttgart: Ehrenfried Klotz, 1966.
Hofinger, J. Evangelization and catechesis. New York: Paulist, 1976.
Hogue, C. B. *Love leaves no choice.* (2nd print) Waco Texas: Word Books, 1977.
Hollenweger, W. *Evangelism today.* Belfast: Christian Journals, 1976.
Irving, R. G. en R. B. Zuck. *Youth and the Church.* (8th print) Chicago: Moody, 1977.
Irwin, P. B. *The care and counselling of youth in the Church.* Philadelphia: Fortress, 1975.
Jauncey, J. H. *One-on-one evangelism.* Chicago: Moody, 1978.
Jauncey, J. H. *Psychology for successful evangelism.* Chicago: Moody, 1972.
Jonker, W. D. *Om die regering van Christus in sy kerk.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1965.
Kane, M. *Theology in an industrial society.* London: SCM., 1975.
Kee, F. R. *How to reach the children for Jesus.* Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1950.
Keniston, K. *The uncommitted: Alienated youth in American society.* New York: Harcourt, Brace & World, 1965.
Kennedy, D. J. *Evangelism Explosion.* (7th Ed.) Wheaton, Ill.: Tyndale, 1971.
Kettner, E. *Evangelism in the Sunday school.* Saint Louis, Missouri: Concordia, 1959.
Keucher, W. F. *Good news people in action.* Valley Forge, P.A.: Judson, 1975.
Kilpatrick, T. B. *New Testament evangelism.* London: Hodder & Stoughton, s.j.
Kohnstamm, P. *Jeugd tussen God en chaos.* 'S-Gravenhage: Nijhoff, 1948.
Kraemer, H. *Het vergeten ambt in de kerk.* 'S-Gravenhage: Boekencentrum, 1962. (Uit Engels vertaal deur C. A. Schuurman)
Kraemer, H. *The Christian message in a non-christian world.* London: Edinburgh House, 1938.
Krass, A. C. *Beyond the either-or-church.* Nashville: Tidings, 1973.
Kromminga, C. G. *Bringing God's news to neighbors.* Grand Rapids, Mich: Baker, 1976.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Kuiper, R. B. *God-centered evangelism*. Grand Rapids, Mich: Baker, 1961.
Laney, J. T. *Evangelism mandates for action*. New York: Hawthorn, 1975.
La Riviere, L. *Evangelisatie*. Kampen: Kok, 1980.
Le du, J. *Is er nog plaats voor de jongeren in de kerk*. Antwerpen/Utrecht: Patmos, 1972.
Leschonski, H. *Evangelische Jugendarbeit: Emanzipation oder Versöhnung*. Berlin: Laduvig-Dissertationsdruck, 1974.
Little, S. *Youth, world and the Church*. Richmond, Virginia: John Knox, 1968.
Loen, A. E. *Secularization — science without God*. London: SCM, 1967. (Uit Duits vertaal deur M. Kohl).
Louw, D. J. *Die stad in die mens*. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel, 1980.
Löwe, R. *Evangelium und Evangelisation heute*. München: Kaiser, 1959.
Lum, A. *How to begin an evangelistic Bible study*. Downers Grove, Ill: Intervarsity, 1972.
Macauley, J. C. en R. H. Belton. *Personal evangelism*. Chicago: Moody, 1956.
Margull, H. J. *Hope in action*. Philadelphia: Muhlenberg, 1962. (Uit Duits vertaal deur E. Peters).
Martin, J. en B. J. Bailey. *Worship with youth*. Philadelphia: Christian Education, 1962.
McDill, W. *Evangelism in a tangled world*. Nashville, Tenn: Broadman, 1976.
McGavran, D. A. en W. C. Arn. *How to grow a church*. Glendale, Calif: Regal, s.j.
McGavran, D. A. en W. C. Arn. *Ten steps for church growth*. San Francisco, Calif: Harper & Row, 1977.
McPhee, A. G. *Friendship evangelism*. (3rd print) Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1979.
Mead, M. *Culture and commitment*. (A study of the generation gap) New York: Columbia, 1978.
Miller, H. *Evangelism's open secrets*. St. Louis, Missouri: Bethany, 1979.
Miller, P. M. *Group dynamics in evangelism*. Scottdale, Penn: Herald, 1958.
Minuchin, S. *Families and family therapy*. Londen: Tavistock, 1974.
Moore, W. B. *New Testament follow-up*. Grand Rapids, Mich: Eerdmans, 1963.
Ned. Geref. Kerk. *Die Ned. Geref. Kerk en sy evangelisasietaak vandag*. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers, 1959.
Neighbour, R. W. en C. Thomas. *Target-group evangelism*. Nashville, Tenn: Broadman, 1975.
Nieuwenhuis, J. *Volgend jaar mischien*. (2de druk) Baarn: Ambo, 1978.
Noordegraaf, A. *Gods bouwerk*. 'S-Gravenhage: Boekencentrum, 1980.
Pidilla, C. R. *The new face of evangelicalism*. Downers Grove, Ill: Intervarsity, 1976.
Palmer, B. en M. Palmer. *How the churches grow*. Minneapolis, Minn: Bethany, 1976.
Parzany, U. *Jugendevangelisation geht weiter*. Wuppertal: Aussaat, 1975.
Peters, G. W. *Saturation evangelism*. (6th print) Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1977.
Pickering, E. D. *The theology of evangelism*. Charles Summit, Penn: Baptist Bible College, 1974.
Potter, B. *The church reaching out*. Durham, N. Car: Moore, 1976.
Quere, R. W. *Evangelical witness*. Minneapolis, Minn: Augsburg, 1975.
Read, D. H. C. *Go and make disciples*. Nashville: Abingdon, 1978.
Reuter, W. *Und bis ans ende der Welt*. (Eine Festschrift zum 60 Geburtstag von G. Bergmann) Stuttgart: Häussler, 1974.
Rich, A. *Christliche existenz in der industriellen Welt*. (Zweite Ausgabe). Zürich/ Stuttgart: Zwingli, 1964.
Richards, L. O. *Youth ministry*. (10th print) Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1978.
Schambardt, H. *Handboekje voor het jeugdwerk*. 'S-Gravenhage: Boekencentrum, 1955.
Schober, T en H. Thimme. *Gemeinde in diakonischer und missionarischer Verantwortung*. Stuttgart: Quell, 1979.
Seydel, O. *Kirchliche Jugendarbeit, Freiraum und Konflikt*. Stuttgart: Kohlhammer, 1974.
Smith, B. E. *Real evangelism*. Nashville, Tenn: Broadman, 1978.
Smith, L. *Family ministry*. Nashville, Tenn: Discipleship Resources, 1975.
Smith, M. H. *Reformed evangelism*. Clinton, Mississippi: Multi-Communication Ministries, 1975.
Spölgen, J. *Jugend ohne Kirche*. Benziger, 1974
Stott, J. R. W. *Motives and methods in evangelism*. London: Intervarsity, 1962.
Stowe, D. M. *Ecumenicity and evangelism*. Grand Rapids, Mich: Eerdmans, 1970.
Strommen, M. P. *Bridging the gap*. Minneapolis, Minn: Augsburg, 1973.
Strommen, M. P. *Five cries of youth*. San Francisco Calif: Harper and Row, 1979.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023

Strommen, M. P. *Profiles of church youth*. Saint Louis, Missouri: Concordia, 1963.
Sunnus, S. *Bauplatz Gemeinde*. München: Chr. Kaiser, 1979.
Sweazey, G. E. *Effective evangelism*. New York, NY: Harper and Row, 1976.
Sweazey, G. E. *The church as evangelist*. San Francisco: Harper and Row, 1978.
Symanowski, H. *The christian witness in an industrial society*. London: Collins, 1966.
Syrdal, R. D. *Go, make disciples*. Minneapolis, Minn: Augsburg, 1977.
Taylor, C. W. en W. T. Coggins. *Mobilizing for saturation evangelism*. Wheaton, Ill: Evangelical Missions-information service, 1969.
Te Winkel, J. D. *Kiezen en delen*. Amsterdam: Rodopi, 1977.
Te Winkel, J. D. *Metterdaad en in der waarheid*. Kampen: Kok, s.j.
Te Winkel, J. D. *Wij hebben een woord voor de wereld*. 'S-Gravenhage: Boekencentrum, 1978.
Thomas, W. *An assessment of mass meetings as a method of evangelism*. Amsterdam: Rodopi, 1977.
Tournier, P. *A place for you*. London: SCM., 1968.
Trent, J. S. *Evangelistic entreaties*. Grand Rapids, Mich: Zondervan, s.j.
Van der Made, A. P. *Kerk en jeugdzorgwerk*. Nijkerk: Callenbach, 1963.
Van der Ven, J. A. en W. J. Berger. *Graven naar geloof*. (Analysen van gesprekken met jongeren) Assen: Van Gorcum, 1976.
Van Doornik, N. G. M. *De kerk buiten de muren*. (Beschouwingen over het hedendaagse apostolaat binnen Nederland) Utrecht/Antwerpen: Spectrum, 1956.
Van Haaren, J. *Jeugdzielzorg*. Hilversum-Antwerpen: Paul Brand, 1963.
Van Iersel, B. e.a. *Wie zeggen de mensen dat Ik ben*? Merksem: Westland, 1975.
Van Riessen, I. H. *De maatschappij der toekomst*. (5de druk) Franeker: Wever, s.j.
Van Swigchem, D. *Handboekje voor de Evangelistiek*. Kampen: Kok, 1950.
Veldkamp, H. *De ambt der gelovigen*. (2de druk) Franeker: Wever, s.j.
Verkuyl, J. *Inleiding in de evangelistiek*. Kampen: Kok, 1978.
Vincent, J. J. *Alternative church*. Belfast: Christian Journals, 1976.
Vollenhoven, H. *Evangelisch commando (I & II)* Kampen: Kok, 1956 & 1957 resp.
Walker, A. *The new evangelism*. New York: Abingdon, 1975.
Walters, D. H. *The reformed approach*. Grand Rapids, Mich: s.j.
Warren, M. *Youth ministry*. New York: Paulist, 1977.
Watson, D. *I Believe in evangelism*. (Reprint) Grand Rapids, Mich: Eerdmans, 1979.
Watson, S. J. *Youth work in the Church*. Nashville, Tenn: Broadman, 1972.
Webber, G. *The congregation in mission*. New York: Abingdon, 1964.
Wilken, W. *Macht die Gemeinde stark*. Stuttgart: Ehrenfried, Klotz, 1961.
Williams, D. *Call to the streets*. Minneapolis, Minn: Augsburg, 1972.
Wilson, C. *With Christ in the school of disciple building*. (4th print) Grand Rapids, Mich: Zondervan, 1979.
Winter, G. *Metropolis*. Hilversum-Antwerpen: Paul Brand, 1967.
Wright, M. *New ways for Christ*. London & Oxford: Mowbrays, 1975.
Wurth, G. B. *De Bekering als evangelisatie probleem*. Kampen: Kok, s.j.
Wurth, G. B. *Gestalten der liefde*. Kampen: Kok, 1953.
Wurth, G. B. en W. A. Wiersinga. *Het Evangelie in een ontkerstende wereld*. Kampen: Kok, 1953.
Young, J. T. *The church alive and growing*. Nashville, Tenn: Broadman, 1978.
Zielhuis, L. *De Kerkt zoekt een weg naar de industriële wereld*. Kampen: Kok, 1969.
Zuck, R. B. en G. A. Getz. *Christian youth, an in-depth study*. Chicago: Moody, 1968.

Geldelike bystand vir die oorspronklike proefskrif gelewer deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die publikasie van hierdie werk word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2023